

55ste SINODE

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12

AGENDA

7 – 10 JUNIE 2026 | NAMPOPARK BOTHAVILLE

55ste SINODE



NG Kerk Vrystaat

AGENDA

55STE SINODE

NG KERK VRYSTAAT | 'N STROOM LEWENDE WATER

VAN DIE BRON AF VLOEI DIT VERDER

7-10 JUNIE 2026

NAMPOPARK BOTHAVILLE



VOORWOORD



Welkom by die 55ste SINODE van die NG Kerk Vrystaat

In 2024/2025 was dit 160 jaar sedert die eerste sinodesitting van die Vrystaat plaasgevind het. In die afgelope 160 jaar het baie verander in ons land, die Vrystaat en ook die NG Kerk in die Vrystaat. Weens verskeie redes was die Moderamen en Sinodale Bedieninge die afgelope vierjaar-termyn genoop om diepgaande selfondersoek te doen oor wie ons is (veral ten opsigte van vrae oor Vrystaat-gemeentes en die Sinode se verband met die Algemene Sinode), waarheen die Here met ons op pad is (teologiese opleiding, kleiner wordende gemeentes) sowel as ons verstaan van kerkwees (ook ten opsigte van gemeentes wat nie meer leraars kan bekostig nie, finansiële- sowel as die materiële nood in ons gemeenskappe).

Die versoeking was daar om ons kop in die sand te druk en maar op die ou patroon voort te gaan; te "*copy and paste*" sonder om hierdie moeilike vrae trompop te loop. Dit het ons níé gedoen nie, maar daarmee saam het harde werk en vele uitdagings gekom. Twee Buitengewone Vrystaatse Sinode-sittings is gehou. Reglemente is hersien. 'n Nuwe Ring is gevorm (Teologiese Kategoriale Ring (TKR)). 'n Nuwe Sindodale Bediening (Diens van Barmhartigheid) is op die been gebring en visioneringsgesprekke is gevoer. Nuwe bane vir bedienaars en diensleraars is verder verfyn. 'n Retraite vir alle leraars in die Vrystaat is gehou – om maar net 'n paar voorbeelde te noem.

Hierdie onderneming was nie altyd maklik nie. Dit het groot druk op vergaderings, agendas en notules geplaas. Tog, in retrospek, glo ons dat dit die moeite werd was en dat die Vrystaat se kerk in die toekoms die vrugte daarvan sal pluk.

Hierdie agenda en sinodesitting sou nie moontlik gewees het sonder harde werk en toewyding nie.

Dankie aan almal wat verslae moes indien. Die Ontwerpspan en Sinodale Kantoor se harde werk en die Moderamen en Sinodale Bedieninge wat deurgaans die toutjies bymekaar gehou het om hier verslag te lewer. 'n Sinodesitting is natuurlik nie net daar om verslag te lewer nie, maar ook om moed te skep vir die toekoms en om die goeie werk wat die Here deur gemeentes gedoen het te vier. Daarom het ons sprekers wat ons kom inspireer sowel as verhale van hoop tydens die sinodesitting gaan deel. Vanuit die visioneringsgesprekke het die Ontwerpspan hierdie jaar besluit op die tema "Lewende Water" met die fokusteks, Esegiël 47. In Esegiël 47, na 'n lang fokus op die tempel (Esegiël 40-47) verskuif die aandag na die water wat vanuit die tempel wegvloei in 'n oostelike rigting. Daar waar dit vloei, bring dit lewe. Die stroom begin by die tempel, maar die fokus skuif na die lewende water wat vloei en dieper word om nuwe lewe te bring. Later in Johannes 7 sluit Jesus by hierdie lewende water aan as hy sê:

> *"... As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: "Strome lewende water sal uit sy binne vloei.""*
>
> **(Johannes 7:37b - 38, AFR 83)**

Mag God sy lewende water vanuit sy kerk laat vloei na die dors en dooie plekke in en om ons tot in die uithoeke van die wêreld.

Groete

Ds Hannes du Plessis

SKRIBA VAN DIE MODERAMEN

NG Kerk 160 JAAR VAN LIG & HOOP

GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

ESEGIËL 47:1-12

LEWENDE WATER

VAN DIE BRON AF VLOEI DIT VERDER

1 Die man het my teruggeneem na die ingang van die tempel. Kyk, water het onder die drumpel van die tempel uitgestroom aan die oostekant, die voorkant van die tempel was immers aan die oostekant. Die water het onder die tempel uit, aan die regterkant, suid van die altaar, afgevloei.

2 Hy het my deur die noordelike poort uitgeneem en my buite-om laat gaan na die buitepoort wat oos front. Kyk, water het uitgeborrel aan die regterkant.

3-5 Toe die man in 'n oostelike rigting wegstap, was daar 'n maatlyn in sy hand. Hy het duisend el afgemeet en my die water laat oorsteek – water wat enkeldiep was. Hy het nog 'n duisend afgemeet en my die water laat oorsteek – water wat kniediep was. Hy het duisend el afgemeet en my laat oorsteek – water wat heupdiep was. Hy het nog 'n duisend afgemeet – 'n stroom wat ek nie kon oorsteek nie.

6 Ja, die water het gestyg – water waarin 'n mens kon swem, 'n stroom wat nie oorgesteek kon word nie.

7 Hy het vir my gevra: "Sien jy dit, mensekind?" Hy het my weer na die stroom se wal laat terugkeer.


8 Toe ek weer terug is daar, kyk, toe is daar op die stroom se walle 'n groot aantal bome, aan albei kante.

9 Die man sê toe vir my: "Hierdie water vloei weg na die oostelike streek, en loop dan af na die Araba, en kom by die see uit. In die see waar dit uitvloei, word die water vars. Daar sal allerhande lewende wesens wees wat krioel – oral waar die stroom kom, sal hulle leef; en daar sal groot hoeevelhede vis wees. Want waar hierdie water kom, sal die soutwater vars word. Alles sal leef waar die stroom kom."

10 Daar sal vissers langs die see staan, van En-Gedi af tot by En-Eglajim. Daar sal droogmaakplekke vir sleepnette wees. Daar sal geweldig baie soorte vis wees, net soos die vis in die Groot See – "Sy moerrasse en kulle sal egtor nie vars word nie; vir soutontginning is dit bestem."

11 Aan weerskante van die stroom, op sy walle, sal allerhande vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verwelk nie, en hulle vrugte sal nie opraak nie. Elke maand sal hulle nuwe vrugte dra, want dit is uit die heiligdom wat hulle water vloei.

12 Hulle vrugte sal as voedsel dien en hulle blare tot genesing.



"WAAR HIERDIE WATER KOM, SAL DIE SOUTWATER VARS WORD. ALLES SAL LEEF waar die stroom kom.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD
OGGEND-, MIDDAG EN AANDWYDINGS

A VISIONERING

A1-1 VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN 14
A1-2 NAAMLYS VAN AFGEVAARDIGES 27
A2 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN 33
A2-1 VERSLAG VAN DIE VISIONERING 66
A2-2 DIE MENSE VAN DIE VRYSTAAT: DEMOGRAFIESE VERSLAG 75
A2-3 GRAFIEK | LIDMATE PER RING 89
A2-4 GRAFIEK | LERAARS VAN DIE VRYSTAAT (Nuutste by Bedieningsbegeleiding B1) 91
A2-5 AFRIKAANSE SKOLE 92
A2-6 EERSTE VERSLAG | *BRONZE BAOBAB* 93
A2-7 TWEEDE VERSLAG | *BRONZE BAOBAB* 97
A2-8 VRYSTAAT VLOEIDIAGRAM 102
A2-9 VERSLAG VAN BELYDENISGRONDSLAG 103
A2-10 VERKLARING VAN WELWILLENDE VOORNEME 111
A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN KERKORDE (STK) 114
A4 VERSLAG VAN DIE VROUEBEDIENING 121

B BEDIENINGSBEGELEIDING

B1 INLEIDENDE VERSLAG VAN BEDIENINGSBEGELEIDING 124
B1-1 HANDEVAT GEMEENTES 145
B1-2 IN PAS 163
B1-3 WANNEER KLEIN GEMEENTES DIEP SPORE BEGIN TRAP 164
B1-4 DIE WELWESE-PROGRAM 216
B1-5 VBO-HANDLEIDING 227
B1-6 DIE VRYSTAAT EN SY MENSE: 'N DEMOGRAFIESE VERKENNING VAN DIE PROVINSIE EN DIE NG KERK IN DIE VRYSTAAT 243
B1-7 NAVORSING OOR RINGE 257

C DIENS VAN BARMHARTIGHEID

C1 INLEIDENDE VERSLAG VAN DIENS VAN BARMHARTIGHEID 265
C1-1 HANDLEIDING VIR RINGSVERTEENWOORDIGERS 286
C1-2 OOREENKOMS TUSSEN ENGO EN NG WELSYN VRYSTAAT EN NG KERK VRYSTAAT 287
C1-3 FAMILIE VAN PASIËNTE | VERBLYF BLOEMFONTEIN 293

D VENNOTE IN GETUENIS

D1 DIE MISSIONALITEIT VAN DIE KERK 295
D1-1 DIE VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA 316
D1-2 *AN ECUMENICAL CALL FROM OUR REFORMED FAMILY* 319

E ONDERSTEUNING

E1 VERSLAG VAN DIE RAAD VAN ONDERSTEUNING 323

F BYKOMENDE VERSLAE

F1 VERSLAG VAN DIE TRANSORANJE-INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS 334
F2 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM ORANJE MEISIESKOOL 336

G BESKRYWINGSPUNTE 339

H REGLEMENTE 353

I LAATVERSLAE 432

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12

DOOP
SAKRAMENT

NG KERK VRYSTAAT



Ons word **gedoop** omdat die Here God ’n **verbond van genade** met ons en ons kinders gesluit het. Reeds vir Abraham die vader van alle gelowiges (Galasiërs 3:29; Romeine 4:11,16), het die Here gesê: "Ek bring ’n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is ’n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Genesis 17:7).

Oorgeneem uit kerkargief.co.za
Formulier vir die bediening van die doop aan die gelowiges









55ste SINODE

NG KERK VRYSTAAT

LITURGIE WYDINGS

Sinode 2026

ESEGIËL 47:1-12

MUSIEKBEGELEIER

LEWENDE WATER

Musikant | Komponis

Mnr Anton Esterhuyse

01 EERSTE BEWEGING

Esegïel 47:1–2

Bron van Lewende Water

Sondag | 7 Junie
Aanddiens, NG Gemeente Bothaville

Liturg
Ds Dylan Allen

Woordverkondiger
Ds Jan Lubbe

Maandag | 8 Junie
Oggendwyding, Nampopark

Liturge
Ds Deseré Meyer
Ds Ulrich Ohihoff

Woordverkondiger
Ds Dominic Basson

02 TWEEDE BEWEGING

Esegïel 47:3–11

Vloei van Lewende Water

Maandag | 8 Junie
Middagwyding, Nampopark

Liturg
Ds Francois van Tonder

Maandag | 8 Junie
Aandwyding, Nampopark

Liturge
Ds Cobus Hamman
Ds René Wessels

Dinsdag | 9 Junie
Oggendwyding, Nampopark

Liturge
Ds Charles James
Ds Stefan Conradie

Woordverkondiger
Ds Adrie Potgieter

Dinsdag | 9 Junie
Middagwyding, Nampopark

Liturg
Ds Santel Malan

03 DERDE BEWEGING

Esegïel 47:12

Lewende Water wat lei tot groei, vrug dra en genesing

Dinsdag | 9 Junie
Aandwyding, Nampopark

Liturge
Ds Louwrens Scheepers
Ds Nadine van Rooyen

Woensdag | 10 Junie
Oggendwyding, Nampopark

Liturge
Ds Jan Venter

Woordverkondiger
Ds Org van der Watt

Woensdag | 10 Junie
Nagmaaldiens, Nampopark

Liturg
(Liturgiespan Voorsitter)
Dr Suzanne van der Merwe

Woordverkondiger
Nuwe Voorsitter van die Moderamen

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12

NAGMAAL
SAKRAMENT

NG KERK VRYSTAAT



Die **nagmaal** is 'n uitnodiging om ons **aandeel aan die volle verlossing in Christus** feestelik te vier en opnuut daarvan verseker te word; dit is 'n geleentheid om deur die tafelgemeenskap ons gemeenskap met die lewende Here en met mekaar te verdiep en so versterk te word in ons geloof, in ons getuienis en in ons toekomsverwagting.

Oorgeneem uit kerkargief.co.za
Formulier vir die bediening van die nagmaal

LEWENDE WATER

Aanbied van VERSLAE







2026



*Die **Agenda** is ook op die webtuiste beskikbaar*



VRYSTAAT

Visionering
Moderamen

ngkerkvrystaat.co.za



a. Visionering

A1-1 ONTWERPSPAN

SAKE VIR KENNISNAME

Punte 1-7 handel oor inligting waarvan afgevaardigdes vooraf moet kennis neem.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van die inligting wat in Punte 1-7 verskaf is.

1 DATUM VAN DIE SINODE

Die Moderamen het besluit dat die datum van die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat vasgestel word vir Sondag 7 Junie tot Woensdag 10 Junie 2026 by Nampopark buite Bothaville. Kennis hiervan is ingevolge die toepaslike kerkordelike bepalinge aan alle gemeentes in die NG Kerk Vrystaat gegee.

2 AFVAARDIGING, GELOOFSBRIEWE EN REGISTRASIE

2.1 Kennis van die Sinodesitting is volgens die Kerkorde aan alle gemeentes en kerkrade gegee, en is hul versoek om geloofsbriewe in te dien vir alle afgevaardigdes teen nie later nie as 6 Maart 2026.
2.2 Die Moderamen het kennis geneem van alle geloofsbriewe wat ontvang is, en daar is ook uitgereik na gemeentes wat in dié verband uitdagings beleef of ondersteuning benodig het.
2.3 Aan die einde van die Verslag van die Ontwerpspan, verskyn ‘n addendum, Verslag AA – 2, waarin al die name van gemeentes en afgevaardigdes vir die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat aangedui is.
2.4 Registrasie van afgevaardigdes het deur middel van die skakel wat per e-pos aan afgevaardigdes gestuur is en wat ook op die webtuiste beskikbaar is, plaasgevind. Afgevaardigdes het geleentheid gehad om te registreer tot nie later as 10 dae voor die vergadering nie (28 Mei 2026).
2.5 Die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) sal gedurende die week voor die aanvang van die Sinode alle registrasies nagaan en waar daar probleme ondervind word, dit met die betrokke gemeentes uitstryk.
2.6 ‘n Volledige lys van geregistreerdes sal uitgedruk word om die afgevaardigdes by hul aankoms af te merk, waarna STK die finale getal afgevaardigdes sal aanteken, afwesighede tel, die kworum bereken en die getal wettige afgevaardigdes saam met die lys waarop dit aangetoon word, voor die aanvang van die Sinode aan die uittredende skriba beskikbaar stel.
2.7 Tydens konstituering hou die STK slegs die finale getalle aan die Sinode voor.
2.8 Afgevaardigdes ontvang ‘n kaartjie waarmee hulle by die vergadering en sittings aanmeld/aanteken, by die in- en uitgang van die vergadering. Teenwoordigheid tydens alle sessies word hiermee bepaal, en so ook die kworum wanneer daar gestem word.

3 VERBLYF, PARKERING, SITPLEKKE EN TAFELLEIERS

3.1 Alle verblyfreëlings is vooraf deur die sinodale kerkkantoor na gemeentes en afgevaardigdes deurgegee, en dit was hul verantwoordelikheid om verblyf te bespreek en te bevestig.
3.2 Veilige parkering is by Nampopark, Bothaville beskikbaar. Volg die aanwysingsborde.
3.3 Afgevaardigdes word in gemeentelike verband vanaf die oudste tot die jongste gemeente, by tafels ingedeel en geplaas, en vir elke tafel is ‘n tafelleier aangewys. ‘n Tafelplan sal beskikbaar wees by aanmelding wat duidelik aandui waar elke afgevaardigde sit. Personeellede sal afgevaardigdes in die verband behulpsaam wees, indien nodig.
3.4 Tafelleiers word vooraf deur die Ontwerpspan aangewys, met die doel om gesprekke tydens die sinodesitting te fasiliteer, die waardes waarmee gesprekke plaasvind te kontrakteer en algemene administratiewe leiding by elke tafel te neem.

3.5 Tafelleiers word versoek om reeds teen 14:45 op 7 Junie 2026 vir ‘n toerustingsgeleentheid in die groot saal aan te meld.

4 KOMMUNIKASIE

4.1 Die Moderamen en sinodale kerkkantoorpersoneel bestuur alle kommunikasie vooraf en ten tyde van die sinodesitting, en reëlings daarvoor sal aangekondig word.
4.2 Geen stukke betreffende sake in die agenda van die Sinode mag vooraf uitgedeel word, sonder toestemming van die skriba of ten tyde van die sinode, die Moderatuur nie.
4.3 ‘n Mediaspan is aangewys om die verkose leierskap (Moderatuur) voor, tydens en ná die sinodesitting in hul skakeling met die media by te staan - sien verder reëlings hieronder.
4.4 Die Moderamen sal ná afloop van die Sinode ‘n Herderlike Brief aan al die afgevaardigdes en gemeentes rig.
4.5 Selfone, skootrekenaars en tablette word in die vergadering toegelaat en onder andere vir deelname aan stemprosesse of ander kommunikasie in die vergadering (terugvoer vanaf tafels, bv) gebruik. Afgevaardigdes word uitdruklik versoek om hul kommunikasie-aktiwiteite na buite die vergadering te beperk sodat hul aandag by die verloop van die sitting en gesprekke sal wees, en om hul ook te weerhou van die lewering van kommentaar of deelname aan gesprekke in sosiale media tydens en oor die sinodesitting, om die integriteit van die vergadering as geheel, te beskerm.
4.6 Let asseblief daarop dat daar nie kragpunte in die saal beskikbaar is wat vir die laai van skootrekenaars of sekere tablette gebruik kan word nie. Sorg dat selfone en tablette vooraf gelaai is. Bring ‘n “*Powerbank*” saam. ‘n Beperkte aantal tweepunt-laaipunte is wel beskikbaar.
4.7 Daar is Wifi-Internet in die vergadersaal by NAMPO beskikbaar.
4.8 Skakel asseblief u selfoon se klank af vir die duur van ‘n sitting sodat dit nie ander afgevaardigdes of sprekers sal steur nie.

5 AGENDA

5.1 Die Agenda van die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat is vooraf deur die Ontwerpspan, Moderamen en onderskeie Bedieninge saamgestel, redaksioneel versorg en dit sluit alle verslae sowel as beskrywingspunte wat van gemeentes of ringe ontvang is, in.
5.2 Ná goedkeuring van die breë trekke en spesifieke dele van die Agenda, is dit teen 21 Mei 2026 elektronies na alle afgevaardigdes en gemeentes versprei – kragtens die bepalinge van die Kerkorde 2022 (Reglement van Orde), betyds vir die voorbereiding van almal vir die Sinode.
5.3 Met die verspreiding van die Agenda, is dit ook op die webblad van die NG Kerk Vrystaat beskikbaar gestel.
5.4 Die elektroniese formaat is maklik leesbaar op ‘n skootrekenaar, tablet of selfoon – let egter weereens daarop dat geen kragpunte vir almal beskikbaar is in die Nampovergadersaal nie.
5.5 Dit staan elke afgevaardigde of gemeente vry om die Agenda vir eie gebruik te druk en na die Sinode saam te bring, sodat u daarin sal kan werk en besprekings so kan volg.

6 OPENINGSEREDIENS, SPIRITUALITEIT EN AFSLUITINGSNAGMAAL

6.1 Die Sinode open Sondagmiddag, 7 Junie 2026 om 16:00 gepas met Skriflesing en gebed.
6.2 Alle afgevaardigdes en gemeentes in Bothaville of omstreke, woon die aand om 18:00 ‘n erediens in die NG Kerk Bothaville (Moedergemeente) by. By dié geleentheid word daar ook op gepaste wyse erkenning gegee aan alle nuwe leraars en bedienaars van die Woord wat sedert die vorige Sinode (Maart 2022) deel van die bedienig in die NG Kerk Vrystaat geword het, sowel as aan diegene wat uitgetree het of oorlede is, en aan hul geliefdes.
6.3 Elke sittingsdag van die Sinode word met ‘n oggend-, middag- en aandwyding in die gees van gebed en afhanklikheid van die leiding van Christus deur sy Woord en Gees, ingeklee.
6.4 Die Sinode sluit met ‘n liturgie en Nagmaalsviering af op Woensdag, 10 Junie om 12:30.

7 GASTE, WAARNEMERS EN UITSTALLERS

7.1 Die Ontwerpspan het op aanbeveling van die onderskeie sinodale bedieninge en met goedkeuring deur die Moderamen ‘n aantal gaste, sprekers en ekumeniese verteenwoordigers na die Sinode uitgenooi, en sal hul op verskillende dae en sittings by die vergadering aansluit.
7.2 Waarnemers wat dit vooraf versoek het, word toegelaat om die Sinode op eie koste by te woon, en neem sitting op die aangewese plekke (nie tussen die afgevaardigdes by tafels nie), en het ook nie stemreg nie.
7.3 ‘n Aantal uitstallers en instansies is ook genooi om van hul produkte by die vergadersaal uit te stal, soos onder andere die SA Bybelgenootskap; toestemming is deur die Ontwerpspan aan hul almal verleen.

SAKE VIR GOEDKEURING

8 KONSTITUERING EN OPENING

8.1 NAAMLYS EN VERKLARING

Sien Punt 2 van die Ontwerpspanverslag hierbo, en Verslag A1-2 vir die volledige lys van afgevaardigdes. Redaksionele wysigings aan geloofsbriewe wat van gemeentes ontvang is, moet deurgegee word aan die Notulekommissie vir opname in die Notule van die Sinode.

Geloofsbriewe wat ter elfder ure ontvang is of gewysig word as gevolg van verandering in die afvaardiging van 'n kerkraad, moet aan die STK oorhandig word vóór die aanvang van die Sinode (Sondagmiddag, 7 Junie 2026 om 16:00), en word dan nagegaan volgens die betrokke kerkordelike bepalinge.

Aanbeveling:

1. Die Voorsitter/Skriba van die STK lig die vergadering in oor die aantal lede teenwoordig.
2. Die waarnemende Voorsitter wat die opening, konstituering en eerste sessie lei, verklaar kragtens die Kerkorde (2022), Reglement van Orde, Bepaling 1.3 die vergadering van hierdie 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat as wettig gekonstitueer en verwelkom die afgevaardigdes en ander aanwesiges.

8.2 OPENING VAN SINODE

Kragtens Kerkorde NG Kerk Vrystaat 2022, Reglement van Orde, Bepaling 1.1, open die bedienaar van die Woord met die langste diens wat die oudste in jare is en nog nie emeriteer het nie, hierdie 55ste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat, op 7 Junie 2026 om 16:00 by Bothaville.

Die Ontwerpspan het vasgestel dat dr LM (Leon) Foot van die gemeente Welkom-Suid die primarius vir hierdie openingsgeleentheid is, met dr DJ (Danie) Kleynhans as sekundus. Dr Leon Foot is daarom deur die Ontwerpspan versoek om as waarnemende voorsitter, die Agenda te lei vir die konstituering, opening en eerste sessie van die Sinode.

Die waarnemende voorsitter word bygestaan deur die Liturgiese Span vir die openingsgeleentheid.

Aanbeveling:

Die Sinode keur die reëlings van die Ontwerpspan in verband met die opening van die Sinode goed.

8.3 IN MEMORIAM

Aanbeveling:

Geleentheid word gegee om tydens die opening van die Sinode (by die erediens) meegevoel te betuig met die afsterwe van leraars, hul eggenote en ander sinodale personeel wat in die NG Kerk Vrystaat gedien het:

Oorledene	Datum	Opmerking
2021		
Me. DE Bosman	24/12/2021	Sinodale Kantoor
2022		
Ds HJ Griesel	04/03/2022	NG Gem Hertzogville
Dr CHJ van Schalkwyk	07/03/2022	NG Gem Philippolis
Mev M Lourens	19/03/2022	Eggenote: Ds MJ Lourens (Ladybrand)
Mev GS Moller	01/04/2022	Eggenote: Ds JP Moller (Rouxville Kontrakpos)
Mev BM Schoonees	01/05/2022	Eggenote: Ds SE Schoonees (Bloemfontein-Noord)
Mev SM Venter	07/06/2022	Eggenote: Ds JG Venter (Onze Rust)
2023		
Mev PM Kemp	23/02/2023	Weduwee: Ds RCH Kemp Snr (Meyerhof)
Mev MW Steenkamp	01/04/2023	Weduwee: Ds WJ Steenkamp (Wesselsbron-Noord)
Ds AM Herholdt	14/04/2023	NG Gem Parys
Mej EL Zahn	24/04/2023	Sendeling: Zambië
Mev M Basson	02/05/2023	Weduwee: Ds NW Basson (NGKA Witsieshoek)

Mev M Esterhuizen	19/05/2023	Eggenote: Mnr JA Esterhuizen (Sinodale Kantoor)
Ds PJ Taljaard	30/05/2023	NG Gem Arlington (Tentmaker)
Mev SE de Kock	01/07/2023	Eggenote: Ds MGW de Kock (Odendaalsrus)
Ds JHJ Oosthuizen	06/07/2023	NG Gem Brandfort-Oos
Mev JC Scheepers	22/07/2023	Weduwee: Ds JJ Scheepers (Heilbron)
Mev DM Brits	22/07/2023	Weduwee: Ds W Brits (Kerkenberg)
Mev AMC van der Merwe	13/08/2023	Weduwee: Ds HCS van der Merwe (Welkom)
Ds GDJ Potgieter	14/09/2023	NG Gem Bloemfontein

2024

Ds SO Skeen	25/02/2024	Merafong
Mev C le Roux	07/03/2024	Eggenote: Ds DLHV le Roux (Sinodale Kerkkantoor)
Mev SJ Gertenbach	15/03/2024	Weduwee: Dr MP Gertenbach (Brandfort)
Ds S Spamer	05/04/2024	Emeritus werksaam by NG Gem Reddersburg
Mev AE Swart	20/05/2024	Weduwee: Ds JJ Swart (Viljoenskroon-Oos)
Ds E Erlank	01/07/2024	NG Gem Koppies
Mev JE Botes	15/07/2024	Weduwee: Ds DH Botes (Odendaalsrus-Oos)
Mev CJ Delport	17/07/2024	Weduwee: Ds MJDV Delport(Virginia-Wes)
Mev E Burger	25/07/2024	Weduwee: Ds F Burger (Bloemfontein-Noord)
Dr BDUT Jackson	20/11/2024	NG Gem Hugenoot

2025

Mev CMJ Potgieter	04/02/2025	Weduwee: Ds GDJ Potgieter (Bloemfontein)
Mev AG Herholdt	10/04/2025	Weduwee: Ds AM Herholdt (Parys)
Ds PS Conradie	17/05/2025	NG Gem Theunissen
Ds C Olivier	12/07/2025	Merafong
Dr MGW de Kock	02/09/2025	NG Gem Odendaalsrus

2026

Mnr HM Coertzen	21/02/2026	Eggenoot: Ds Coertzen (NG Gem Fouriesburg)
Ds JG Venter	18/03/2026	NG Gem Universitas-Wes
Dr JC van Wyk	09/03/2026	NG Gem Odendaalrus-Oos
Mev W Strauss	21/03/2026	Eggenote: Prof SA Strauss
Mnr HJP de Lange	08/04/2026	Sinodale Kantoor – Mooigenoeg Kampterrein
Prop R (Charlie) J van Rensburg	20/05/2026	Fakulteit Teologie en student Seminarium

9 TEKS, TEMA EN SPIRITUALITEIT VAN DIE SINODE

Die oorhoofse tema van hierdie 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat is deur die afgelope maande in ‘n proses van geloofsonderskeiding deur die Moderamen, Ontwerp- en Visioneringspan, geformuleer as “Lewende Water” na aanleiding van die profetiese visioen uit Esegiël 47. Die gees waarin afgevaardigdes byeenkom, die wyse waarop daar in hierdie dae met mekaar meegeleef word, die spiritualiteit van die vergadering, die vloei van die sinodesitting opsigself en die aanbieding van verslae staan in die teken van hierdie teks en tema. Dit is ook die bede van die Ontwerpspan dat hierdie woorde en beelde oor “lewende water” alle afgevaardigdes sal inspireer en huiswaarts sal laat keer met die versekering dat God Hom oor ons Vrystaat ontferm en in Christus sy Kerk sal versorg, sodat die gemeenskappe waarin Hy ons laat leef en bedien, se dors geles en hul hoop versterk mag word.

Die Ontwerpspan het ‘n Liturgiese Span saamgestel, onder leiding van dr Suzanne van der Merwe (Kroonstad) en met lede uit elk van die 16 ringe in die NG Kerk Vrystaat. Hierdie span, saam met mnr Anton Esterhuizen (Universitas Geloofsentrum) vir die musiekbegeleiding, neem verantwoordelikheid vir die eredienste, oggend-, middag- en aandwydings tydens die Sinode.

Aanbeveling:

1. Die Sinode keur die tema en teks – “Lewende Water” uit Esegiël 47 – soos deur die Moderamen en Ontwerpspan voorgestel, goed.
2. Die Sinode keur dit goed dat die Liturgiese span, onder leiding van dr Suzanne van der Merwe, die erediens, die oggend- en aandwydings van 7 tot 10 Junie 2026 hanteer.
3. Die Sinode versoek afgevaardigdes om hul Bybels saam te bring na die Sinode en elke dag se sitting, en

om hulself deur gebed en voorbereiding in te stel op die leiding van die Gees van God.
4. Die Sinode versoek dat alle afgevaardigdes elke oggend reeds om 07:50 hulle sitplekke in die Fanie Ferreira-saal moet inneem – in stilte – met die oog op die dagwyding wat stiptelik om 08:00 begin.

10 PROGRAM EN SITTINGSTYE

Die Ontwerpspan het in oorleg met al die sinodale bedieninge en rolspelers die program vir die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat saamgestel, en dit is so deur die Moderamen goedgekeur.

Die program maak daarvoor voorsiening dat alle verslae en werksaamhede van die Sinode Vrystaat, oorsigtelik én diepgaande deur die betrokke bedieninge aangebied en deur afgevaardigdes bespreek sal kan word. Dit geskied in inspirerende gesamentlike sessies in die groot saal, ingelei deur teoloë en kundiges vanuit die Vrystaatse samelewing; daarná in kleiner werkswinkels waar afgevaardigdes kan kies van watter bedieninge se verslae hul in meer detail kennis sou wou neem of vrae sou wou vra; uiteindelik in oop besprekingsessies en waar die Sinode goed ingeligte besluite sal kan neem om die NG Kerk Vrystaat in die volgende vier jaar – en op 'n langer termyn – in staat te stel om haar roeping te vervul, gemeentes te laat leef en gemeenskappe te help floreer.

Aanbeveling:
Die Sinode keur die volgende sittingstye as riglyn goed:

SONDAG 7 JUNIE 2026

14:00 Vanaf 14:00, aankoms en registrasie; foto's van leraars word geneem
14:45 Toerustingsgeleentheid: Tafelleiers, Voorsitters van Werkswinkels & Luisterspan
16:00 Konstituering
Opening: Dr Leon Foot
Sessie 1: Verslag Ontwerpspan & Eerste Verslag Sinodale Taakspan Kerkorde (STK): Ordereëlings
17:20 Vertrek na Bothaville
18:00 Erediens in NG Moedergemeente Bothaville
19:15 *Aandete* | Sosiale program en retreat

MAANDAG 8 JUNIE 2026

08:00 Oggendwyding: Liturgiese Span
08:35 Sessie 2: Oor Wie God is/Visionering – Dr Coenie Burger en tafelgesprek
Toeligting van Verslag oor Visionering
09:20 Sessie 3: Algemene inleiding tot alle verslae – Moderamen en bedieningsvoorsitters kry geleentheid
09:50 Werkswinkels: 1) Moderamen, 2) Begeleiding, 3) STK en 4) Ondersteuning
10:45 *Brunch*
11:30 Sessie 4: Oor wie ons is, NGK Vrystaat/Ekklesiologie – Dr Nioma Venter, prof Kobus Schoeman, tafelgesprek
12:20 Verkiesing van Moderatuur: Toeligting van proses, nominasies bekendstel en eerste stemming (voorsitter, ondervoorsitter, skriba en addisionele lid)
12:45 Werkswinkels herhaal: 1) Moderamen, 2) Begeleiding, 3) STK en 4) Ondersteuning
13:35 Sessie 5: Verhale van Hoop & Groeteboodskappe
14:05 Verkiesing van Moderatuur: Voorsitter, ondervoorsitter, skriba en addisionele lid
14:15 Middaggebed
14:30 *Koffie en tee*
15:00 Sessie 6: Verslag van die Moderamen – Oop bespreking, beskrywingspunte en besluitneming
17:15 Ringswerkswinkel 1: Reflektering en reëlings
18:00 *Aandete*
18:45 Sessie 7: Verslag van die STK – Oop bespreking en besluitneming
19:45 Verkiesing van Moderamen: Voorsitter, ondervoorsitter, skriba en addisionele lid
19:55 Aandgodsdiens
20:15 Retreat en rus

DINSDAG 9 JUNIE 2026

08:00 Oggendwyding: Liturgiese Span
08:35 Sessie 8: Oor wie ons is, Gemeentes/Ekklesiologie – Ds Jaco Strydom en tafelgesprek
Toeligting van Verslag van Bedieningsbegeleiding
09:30 Werkswinkels: 5) Kuratorium, 6) Barmhartigheid, 7) Getuienis en 8) Beter dorpe
10:20 Sessie 9: Administrasie, sake wat oorstaan, afhandeling van verkiesing, oorhandiging
10:45 *Brunch*
11:30 Sessie 10: Oor waar ons is/Konteks – Inleiers dr Jack Armour, dr Martie Bloem en dr Jaco Deacon en tafelgesprek
Toeligting van Verslae van Barmhartigheid en Getuienis
12:45 Werkswinkels herhaal: 5) Kuratorium, 6) Barmhartigheid, 7) Getuienis en 8) Beter dorpe
13:30 Sessie 11: Verhale van Hoop & Groeteboodskappe
14:15 Middaggebed
14:30 *Koffie en tee*
15:00 Sessie 12: Verslag van Bedieningsbegeleiding – Oop bespreking, beskrywingspunt, besluitneming
16:15 Ringswerkswinkel 2: Reflektering, ringskommissies en aanwysing van verteenwoordigers
16:50 Sessie 13: Verslag van die Kuratorium – Oop bespreking en besluitneming
18:00 *Aandete*
18:45 Sessie 14: Verslag van Ondersteuning – Oop bespreking, beskrywingspunte en besluitneming
19:45 Aandgodsdiens
20:05 Retreat en rus
Konstituering van die nuwe Moderamen

WOENSDAG, 10 JUNIE 2026

08:00 Oggendwyding: Liturgiese Span
08:20 Sessie 15: Oor ons Missionale Roeping – Dr Marinda van Niekerk en tafelgesprek
09:00 Sessie 16: Verslag van Barmhartigheid – Oop bespreking en besluitneming
09:45 Sessie 17: Verslag van Vennote in Getuienis – Oop bespreking en besluitneming
10:30 *Brunch*
11:15 Sessie 18: Afhandeling van laaste sake
12:30 Slotliturgie en Nagmaalsviering

(Onthou jou kospakkie!)

11 LOGISTIEKE REËLINGS VIR SITTING

11.1 BEGROTING EN KOSTES

Die Ontwerpspan het in oorleg met die Raad vir Ondersteuning ‘n begroting vir die Sinode van 2026 opgestel, en verskillende moontlikhede is ondersoek om die plek, fasiliteite, reis- en ander kostes so verantwoordelik moontlik en bekostigbaar vas te stel. Die Moderamen het ‘n voorlegging hieroor ontvang en goedgekeur, en die kantoor van die Uitvoerende Beampte: Ondersteuning is versoek om ‘n beraming te doen van wat die bydraes van elke gemeente per afgevaardigde sou moet wees. Ná verdere besnoeiings en ‘n addisionele subsidie uit die fondse van die NG Kerk Vrystaat, is die bedrag per afgevaardigde op R2 350 vasgestel en is dit so na gemeentes deurgegee.

11.2 REISKOSTE

Reiskoste vir al die afgevaardigdes na die vergadering word teen die tarief van R2.50 per km betaal. Die koste van slegs een voertuig per vier afgevaardigdes per gemeente, sal vergoed word en afgevaardigdes kan self besluit aan watter lid van die afvaardiging die reiskoste betaal moet word.

11.3 VERBLYF

Die verblyfkoste is ingesluit by die koste per afgevaardigde welke rekening deur die Sinodale Kantoor vereffen sal word. Dit bly die gemeente se verantwoordelikheid om die besprekings te doen. Die Raad van Ondersteuning het besluit om ‘n maksimum van R500 per afgevaardigde te betaal. Hierdie tarief is gebaseer op twee persone wat ‘n kamer deel. Sou ‘n afgevaardigde verkies om alleen in ‘n kamer te bly, sal hulle die addisionele koste van R150 per nag self moet betaal.

11.4 DAGGELDE
Geen daggelde word uitbetaal nie.

Aanbeveling:
Die Sinode bekragtig die begrotingsreëlings ten opsigte van reiskoste, verblyf- en daggelde soos getref deur die Hoof Uitvoerende Beampte: Ondersteuning, en die bydrae van R2 350 per afgevaardigde wat deur gemeentes betaalbaar is.

12 ETES EN VERVERSINGS

Afgevaardiges kan moontlik net tee, koffie en beskuit by gastehuis nuttig. Twee maaltye per dag sal by NAMPO aan afgevaardigdes verskaf word ('n brunch en aandete), asook een koffie/teebeurt.

Neem asseblief kennis dat daar ongelukkig nie vir spesiale ete-voorkeure voorsiening gemaak kan word nie. Spyskaarte is so saamgestel dat dit goed gebalanseerd is en deur almal geniet sal kan word.

Daar is 'n snoepie wat skyfies, koeldrank en soetgoed verskaf. 'n Koffiewaentjie met goeie koffie te koop, is ook gereël.

Aanbeveling:
Die Sinode keur die reëlings met betrekking tot die etes goed.

13 ORDEREËLINGS, BEHANDELING VAN VERSLAE, BESKRYWINGSPUNTE EN HANTERING VAN ANDER SAKE

13.1 ALGEMENE ORDEREËLINGS

1. Nadat die waarnemende voorsitter die konstituering, opening en eerste sessie van die Sinode hanteer het, neem die lede van die huidige Interimkomitee (2022-2026) vanaf die tweede sessie (Maandagoggend) hul plekke voor in die vergadersaal in en lei die huidige voorsitter van die Moderamen/Interimkomitee die vergadering totdat die nuwe Moderatuur aangewys en gereed is (geskedueleer vir op die laatste, Dinsdag 9 Junie met Sessie 9, dit wil sê voor "Brunch").
2. Die waardes eie aan geloofsonderskeiding en in 'n gees van Christelike liefde, wedersydse respek, bedagsaamheid, billikheid, deursigtigheid, opregtheid, leerbaarheid en verantwoordbaarheid word deur die Sinode as geheel onderskryf, en sal deur die leiding van die vergadering nagestreef word.
3. Afgevaardigdes word uitgenooi om op verskillende wyses aan besprekings, tafelgesprekke, die hantering van verslae en in besluitneming van die Sinode deel te neem, en om wanneer daar onduidelikheid oor 'n proses of spesifieke punte bestaan, hul tafelleiers vir advies te raadpleeg of die voorsitter om opheldering te vra.
4. Dit is daarom belangrik dat alle afgevaardigdes die werkswinkels van hul keuse na gelang van hul belangstelling in spesifieke verslae sal bywoon, en dit as die primêre geleentheid beskou om inligting in te win, vrae te stel en/of voorstelle te maak.
5. Spreekbeurte vanaf die mikrofone in die groot saal en ope sessies (maar ook in die werkswinkels) is vir alle afgevaardigdes beskore, en beloop vyf (5) minute vir die voorsteller van 'n bepaalde punt en drie (3) minute per spreker wat aan 'n gesprek oor daardie punt wil deelneem. Hierdie reëling sal stiptelik deur die voorsitter bestuur word. Afgevaardigdes wat 'n spreekbeurt vanaf 'n mikrofoon in die saal wil benut, word versoek om betyds (voordat hy/sy wil praat) reeds hul plek by die mikrofoon in te neem.

Aanbeveling:
Die Sinode keur die algemene ordereëlings vir die hantering van die vergadering, en spreekbeurte goed.

13.2 ALGEMENE BEHANDELING VAN VERSLAE

1. Al die sinodale bedieninge en taakspanne van die NG Kerk Vrystaat het verslae vir hierdie 55ste Sinode voorberei, en dit is in die Agenda opgeneem, onder die volgende alfabetiese nommers:

A	MODERAMEN
B	BEDIENINGSBEGELEIDING
C	DIENS VAN BARMHARTIGHEID
D	VENNOTE IN GETUIENIS
E	ONDERSTEUNING
F	ANDER VERSLAE
G	BESKRYWINGSPUNTE
H	REGLEMENTE
I	LAAT VERSLAE

2. Alle verslae en bylaes van die betrokke bediening of taakspan word deurgaans gemerk met dieselfde alfabetiese nommer. Elke bediening besluit self of daar afsonderlike verslae, of net 'n saamgestelde verslag vir hul bediening is. Die eerste bediening is A (Moderamen) en die eerste verslag wat in die groep val is A1, die tweede verslag is A2 ensovoorts. Die eerste letter verwys na die bediening, die tweede letter verwys na die spesifieke verslag wat onder die bediening val. Indien daar slegs 'n saamgestelde verslag is, word die verskillende sake net as 1, 2, 3, ensovoorts, genommer.
3. Vaste, permanente bedieninge van die Sinode se verslagnommer is aanduidend van hoe die opeenvolgende verslae genommer gaan word. Die "hoofver-

slag" se nommer sal byvoorbeeld A1 wees, 'n moontlike aanvullende verslag sal A1-1 wees en elke volgende verslag (tydelike kommissie verslae), sal die bediening se letterkode met opvolgende nommers byvoorbeeld A1-3, A1-4, A1-5, ensovoorts, wees.
4. Tydelike taakspan/kommissieverslae word so ver moontlik direk na afhandeling van die betrokke permanente bediening se verslag in behandeling geneem.
5. Alle verslae, asook alle bylaes in die Agenda ingebind, word as gelese deur die afgevaardigdes beskou, en gaan dit nie weer in detail tydens die vergadering deurgegaan of gestel word nie. Die voorsitter pas hierdie reëling stiptelik toe.
6. Afgevaardigdes word na die program en sittingstye hierbo goedgekeur verwys, om die verloop van die Sinode te volg en te weet watter verslae op watter dae in die werkswinkels behandel en in die oop besprekings in die groot saal hanteer sal word. Hierdie reëlings sal ook by wyse van aanwysingsborde en aankondigings deur die voorsitter deurgegee word.
7. Die wyse waarop 'n sinodale bediening of taakspan hul verslag in 'n werkswinkel of in die groot saal gaan aanbied, berus by die bediening self, wie hul as inleiers vir hul sessies wil aanwys of dit op oudiovisuele wyses wil toelig.
8. Wanneer die verslag van 'n bediening in die oop besprekings aan die orde gaan kom, neem die verteenwoordigers van daardie bediening hul plekke betyds by die mikrofone voor of soos deur hul beplan, in.
9. Bedieninge is vesoek om hul verslae só saam te stel, en aan te bied:
- Sake vir inligting en kennisname
- Sake vir goedkeuring
- Bylaes
10. By die behandeling van verslae in die betrokke bediening se oop sessie in die groot saal, word van sake vir inligting en kennisname, hoofsaaklik slegs kennis geneem, so-ook van bylaes; en word sake vir goedkeuring en aanbevelings aan die vergadering voorgehou en vir bespreking oopgestel.
11. Dit word van alle bedieninge of persone met voorstelle wat finansiële implikasies het, verwag om vroegtydig 'n duidelike uiteensetting van die begrote bedrae ter sprake aan die Tydelike Raad van Ondersteuning voor te lê (RO).
12. 'n Bediening moet hul verslag binne die goedgekeurde tydgleuf (of sessie) afhandel – die program soos in die Verslag van die Ontwerpspan uiteengesit en deur die Sinode goedgekeur, word die riglyn aan die hand waarvan die voorsitter die vergadering sal lei sodat dit binne die goedgekeurde aantal sittings alle werksaamhede kan hanteer.

13.3 VOORSTELLE EN AMENDEMENTE

1. Afgevaardigdes word versoek om tydens die werkwinkels van elke bediening, 'n aanduiding te gee sou daar sake wees waaroor hul voorstelle oor dié betrokke bedieningsveld wou maak, of amendemente op aanbevelings wat alreeds in die Agenda opgeneem is, ten einde te verseker dat voorstelle van goeie inligting, helderheid en koördinering met verbandhoudende sake sal spreek.
2. Slegs voorstelle en amendemente wat op die amptelike vorms daarvoor beskikbaargestel uitgeskryf is, en betyds by die Notulekommissie ingedien is – ruim voor die betrokke oop besprekingsessie van daardie bediening – sal as ontvanklik geag word.
3. Die Notulekommissie ontvang elke voorstel of amendement, ken 'n nommer daaraan toe sodat dit geordend in die rekenaar ingesleutel kan word, met die oog op projeksie op die digitale skerms sodat alle afgevaardigdes dit sal kan lees. 'n Skriftelike kopie van die voorstel of amendement word aan die voorsteller daarvan oorhandig vir sy/haar toeligting daarvan, asook aan die voorsitter/skriba van die Moderatuur wat dit aan die orde moet stel.

13.4 PUNTE WAT VERWYS WORD

1. Die Notulekommissie het die taak om noukeurig aantekening te hou van elke punt wat deur die vergadering vir verdere werk daaraan of latere hantering verwys word, sowel as van waarheen – na watter tydelike taakspan – dit verwys word.
2. Die Notulekommissie sien toe dat alle punte wat verwys is, of sake wat uit vorige sessies oorstaan, in die enkele laaste sessie(s) daarvoor toegewys, weer aan die orde kom sodat besluite daaroor geneem kan word.

13.5 BESKRYWINGSPUNTE

1. Beskrywingspunte is van die volgende gemeentes of ringe ontvang. Kyk **Verslag G**.
NG Gem Berg-en-Dal: "Einde van Lewe"
NG Gem Harrismith: "Artikel 37"
Ring van Fauresmith: "Ringsleraars"
Teologiese Kategoriale Ring (TKR): "Artikel 37"
Teologiese Kategoriale Ring (TKR): "Losmakingsproses"
Teologiese Kategoriale Ring (TKR): "Verdeling van die Vrystaat Sinode"
2. Die beskrywingspunte wat betyds ontvang is, is deur die Moderamen na die STK verwys om die ontvanklikheid daarvan na te gaan, en is dit daarna deur die onderskeie bedieninge of taakspanne verwys vir aandag en moontlike aanbevelings oor die beskrywingspunt aan die Sinode.

3. Wanneer ‘n bediening sou oordeel dat daar bepaalde aanbevelings rakende die beskrywingspunt wat na hulle verwys is, aan die Sinode gemaak moet word, kom dit aan die einde van hul verslag aan die orde, en bly die insender van daardie beskrywingspunt die inleier daarop en ontvang hy/sy daarvoor vyf (5) minute om dit toe te lig. Hy/sy het ook die reg op repliek, sou dit nodig wees ná die bespreking van die beskrywingspunt.

13.6 LAATSTUKKE

1. Volgens die Reglement van Orde: NG Kerk Vrystaat 2022, punt 4.5, kan laatstukke óf direk aan die sinode voorgelê word óf kan dit as verantwoordelikheid van die Tydelike Taakspan Kerkorde hanteer word. “Bedieninge/Taakspanne wat laat verslae oor beskrywingspunte indien, het die diskresie om ‘n aanbeveling te maak dat die beskrywingspunte wat dit behandel, direk deur die Sinode behandel word, of dat dit verwys word na ‘n tydelike Taakspan van die Sinode.”
2. Die Sinode bevestig die reëling dat alle laatstukke wat ontvang word ná die voltooiing en versending van die Agenda, deur die Tydelike Taakspan Kerkorde na die betrokke bediening verwys word om verslag aan die Sinode te doen.
3. Laatstukke wat nie deur die Tydelike Taakspan Kerkorde ontvang is nie en eers tydens die Sinode voorgelê word, word vir beslissing oor ontvanklikheid en hantering, aan die vergadering voorgelê.

13.7 AANVULLENDE VERSLAE

1. Bedieninge of tydelike taakspanne kan aanvullende verslae oor hul werksaamhede voor die Sinode bring, wat dit ontvang en dan as deel van die betrokke verslag en/of punt waar van toepassing, behandel.

Aanbeveling:

Die Sinode keur die ordereëlings soos deur die Ontwerpspan en Moderamen getref rakende die behandeling van alle verslae en beskrywingspunte wat voor die vergadering gebring word, goed.

14 STEMPROSES IN DIE ALGEMEEN, EN VERKIESING VAN DIE MODERATUUR

Daar word by die 2026-Sinode van die NG Kerk Vrystaat in twee opsigte “anders” as gebruiklik gestem:
1. In plaas van die gebruiklike “groen en rooi”-kaarte waarmee afgevaardigdes hul mening of goedkeuring by punte vir besluitneming aangedui het, word daar vanjaar van “blou en oranje”-kaarte gebruik gemaak. “**Blou**” sou die watermotief van die Sinode beklemtoon, naamlik “vloei” en dat die afgevaardigde daarmee aandui dat hy/sy ‘n voorstel goedkeur of gereed is om die punt af te handel, instemming daarmee te gee en/of aan te beweeg met die Agenda. “**Oranje**” dui aan dat die afgevaardigde nog nie gereed is daarvoor dat die Sinode ‘n besluit oor die punt kan neem nie, of nie saamstem of die punt steun nie, en dus vir verdere besinning daaroor vra.
2. Die voorsitter, bygestaan deur die moderatuurslede en die stemopnemers, moet tydens so ‘n stemming met die kleurkaarte bepaal wat die oorwegende standpunt onder afgevaardigdes is: Blou beteken “ja”; oranje “nee”. Omdat hierdie wyse van stemming ‘n poging is om die Sinode nader aan konsensus oor ‘n spesifieke saak te help, word die Moderatuur en Luisterspan versoek om deurgaans sensitief te bly en onderskeidend te luister na wat die Sinode oor so ‘n saak as oorwegende standpunt huldig.
3. Indien dit nie duidelik is wat die uitslag van ‘n algemene stemming met kleurkaarte was nie of dit nodig mag wees om ‘n stemming geslote te laat geskied (geheime stemming), kan die voorsitter die vergadering lei na ‘n elektroniese stemming en/of selfs stembriewe vir dié doel laat gebruik.
4. Die voorsitter van die vergadering moet telkens aandui op watter genommerde stembrief gestem sal word (in geslote stemming), selfs al gaan dit om ‘n elektroniese stem wat uitgebring moet word (per selfoon).
5. Geleentheid word aan die begin van die Sinode gegee, sodat die skriba die proses van ‘n elektroniese stemming vir afgevaardigdes kan uiteensit, motiveer en verduidelik, en sodat daar seker gemaak word dat alle afgevaardigdes aan die stemming sal kan deelneem.
6. As stemopnemers tydens die Sinode òf wanneer nominasiebriewe ingelewer moet word òf wanneer elektroniese stemme nagegaan moet word, neem mnr Adriaan de Ruiter die leiding, bygestaan deur personeel van die sinodale kerkkantoor en teologiestudente hiervoor aangewys.

14.1 VERKIESING VAN DIE MODERATUUR: VOORSITTER, ONDERVOORSITTER, SKRIBA EN ADDISIONELE LID

1. Die voorsitter, ondervoorsitter, skriba en addisionele lid van die Moderatuur, word verkies onder leiding van die huidige voorsitter van die Moderamen tydens die eerste dag van die Sinode.
2. Nominasies vir enige van hierdie vier lede van die Moderatuur, geskied volgens die goedgekeurde praktyk en op ‘n amptelike nominasiebrief van die Sinode, wat ook korrek voltooi en onderteken moet wees.
3. Die voorsitter en ondervoorsitter van die huidige Moderamen kan nie weer vir ‘n tweede termyn in

dieselfde posisie aangewys word nie.
4. Geleentheid word voor die verkiesing van die portefeuljes ondervoorsitter, skriba en addisionele lid nogeens gegee sou daar 'n nominasie vanaf die vloer gemaak word, maar dan wel op die goedgekeure nominasievorm én met instemming deur die genomineerde afgevaardigde.

14.2 VERKIESING VAN DIE MODERAMEN

1. By die Moderatuur word ook 'n aktuarius gevoeg, wat die voorsitter van die Sinodale Taakspan Kerkorde sal wees en deur die STK genomineer is. Soos in die geval van die skriba, verg hierdie portefeulje besondere vermoëns en kundigheid.
2. Die res van die Moderamen word aangewys deur ringe (elk 'n verteenwoordiger), die verkiesing van nog 8 kerkraadslede uit die Vrystaat, die voorsitters en predikante in sinodale diens van elke bediening, en 'n lid vir die Sinodale Diens Navorsing.
3. Die nuwe Moderamen soos aangewys, konstitueer ten tyde van die Sinode (laaste aand van die sitting).

Aanbeveling:
Die Sinode neem kennis van alle reëlings wat deur die Ontwerpspan en STK getref is om alle stemminge tydens die vergadering billik, deursigtig en effektief te laat verloop, en gaan onder leiding van die huidige voorsitter daartoe oor om op die tyd daarvoor toegewys, 'n nuwe Moderatuur te laat verkies.

15 KOMMISSIES VAN DIE SINODE

15.1 ALGEMENE REËLINGS EN KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

1. Die ondervoorsitter van die Moderatuur (ondervoorsitter van die Sinode) en die uitvoerende amptenare van die sinodale bedieninge vorm saam die Kommissie vir Kommissies, wat verantwoordelik is vir die aanwysing van tydelike kommissies of taakspanne vir opdragte en werksaamhede tydens die Sinodesitting.
2. Sinodale amptenare wat nie afgevaardigdes na die Sinode is nie, het slegs 'n adviserende stem in die betrokke tydelike kommissie.
3. Elke tydelike kommissie kies sy eie voorsitter en skriba.
4. Verslae van tydelike kommissies moet so spoedig en so kort as moontlik opgestel word, 'n aanbeveling bevat en waar nodig 'n kort motivering.
5. Sodra 'n tydelike kommissie 'n redelike deel van sy agenda afgehandel het, word die betrokke deel van sy verslag aan die Notulekommissie oorhandig wat dit nasien ten opsigte van die regte vorm en numering en wat sorg vir die tik en duplisering daarvan. Proefleeswerk word deur die Notulekommissie en die skriba van die betrokke tydelike kommissie gedoen.
6. Die skriba voorsien elke punt in sy/haar verslag van 'n duidelike opskrif en dui noukeurig aan op watter punt in die agenda dit betrekking het.
7. Aanbevelings moet volledig uitgeskryf word, soos dit deur die Sinode goedgekeur word.
8. Aangeleenthede met finansiële- en regsimplikasies word desnoods persoonlik met die betrokke kommissie bespreek.
9. Insenders van beskrywingspunte moet die betrokke saak, indien so verkies, tydens die vergadering van die tydelike kommissie persoonlik toelig.
10. 'n Tydelike kommissie se verslag dra dieselfde alfabetiese kode as die van die permanente bediening met byvoeging van die opeenvolgende nommer van die verslag.
11. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat bekragtig die aanwysing van die volgende afgevaardigdes of lede, as lede van tydelike kommissies vir bedieninge:

15.2 BEDIENINGSBEGELEIDING

Dr LM (Leon) Foot
Ds C (Christo) Nel
Ds J (Cobus) Hamman
Dr R (Roelf) Pienaar

15.3 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Ds R (René Wessels) (NG Gem Virginia)
Ds JL (Jors) Reynders (NG Gem Bloemheuwel)
Ds HHM (Mias) Nortier (NG Gem Jacobsdal)
Ds A (André) Botha (NG Gem Bethlehem-Oos)
Oudl AT (Andreas) Nieuwoudt (NG Gem Bloemfontein)
Ds GJ (Gerrit) Strydom (NG Gem Reitz)
Ds HJ (Hendrik) Conradie (NG Gem Riebeeckstad)
Ds SW (Werner) Burger (NG Gem Zastron)

15.4 VENNOTE IN GETUIENIS
Dr NJ (Nico) Mostert
Ds JH (Rikus) Hattingh
Mnr WM (Willem) Ellis
Ds J (Joe) Müller

15.5 ONDERSTEUNING
Ds AP (Riaan) van Zyl
Ds JL (Jannie) Smith
Mnr AJ (Adriaan) de Ruiter
Mnr J (Johan) Coetzer

15.6 TYDELIKE TAAKSPAN KERKORDE
Ds C (Christo) Weideman (NG Gem Kroonheuwel-Noord)
Ds SW (Werner) Burger (NG Gem Zastron)
Dr L (Leon) Oosthuizen (NG Gem Langenhovenpark)
Ds GJ (Gerrit) Strydom (NG Gem Reitz)
Ds SH (Stephan) Swart (NG Gem Bethlehem-Efrata)
Ds DN (Domonic) Basson (NG Gem St Helena)

15.7 VERKIESINGSKOMMISSIE EN STEMOPNEMERS
Mnr AJ (Adriaan) de Ruiter
Mnr J (Johan) Coetzer
Teologiestudente
Verteenwoordiger van die STK

15.8 NOTULEKOMMISSIE
Ds JS (Hannes) du Plessis (NG Gem Fichardtkruin)
Ds JT (Johann) Kemp (NG Gem Cornelia)
Dr LM Foot (Sinodale Kantoor)
Ds M (Marthiens) Heymans (NG Gem Bloemvallei)
Ds G (Gerrit) Strydom (NG Gem Reitz)
Mev AE (Lisma) Liebenberg
Mev A (Anelia) van den Blink
Mev D (Danielle) van Heerden
Mev H (Helena) Smit

15.9 AANKONDIGINGSKOMMISSIE
Dr NJ (Nico) Mostert (NG Gem Hugenoot)
Ds W (Wouter) van Velden (NG Gem Bloemfontein-Wes)
Mej R (Ronzelle) van Vuuren
Die Aankondigingskommissie doen in oorleg met die skriba en Moderatuur alle tersaaklike aankondigings wanneer dit nodig sou wees.

15.10 KOMMISSIE VIR MEDIA EN KOMMUNIKASIE
Nuwe Moderatuur
Ds JS (Hannes) du Plessis (NG Gem Fichardtkruin)
Ds DN (Domonic) Basson (NG Gem St. Helena)
Me M (Mariette) Odendaal
Me C (Celicia) McLean

Die Kommissie vir Media en Kommunikasie moet namens en ter ondersteuning van die Sinode alle skakeling met die publieke- en kerklike media behartig, ten einde te verseker dat beriggewing feitelik korrek, professioneel en effektief is. Die kommissie reël op versoek van die media, onderhoude met individuele afgevaardigdes, verteenwoordigers van kerklike instansies, lede van die moderatuur en ander. Die kommissie sien toe dat die nodige geriewe tot beskikking van die media gestel word, byvoorbeeld 'n lokaal vir onderhoude, sitplek, plek vir opnames, ensovoorts. Die kommissie monitor alle beriggewing in die pers en oor die radio en televisie met die oog op moontlike opheldering en/of regstelling, indien nodig. Die kommissie sien ook toe dat die "storie van die sinode" deur middel van sosiale media (Facebook) vertel word.

15.11 VERLOFKOMMISSIE

Dr J (Johan) Nel
Oudl A (Andreas) Nieuwoudt (NG Gem Bloemfontein)
Mev N (Nicolene) Gouws

15.12 LUISTERSPAN

Ds C (Christo) Nel (NG Gem Wesselsbron)
Dr J (Johan) Nel
Ds S (Shaun) Darker (NG Gem Welkom-Suid)
Prof K (Kobus) Schoeman
Ds D (Deseré) Meyer (NG Gem Hoopstad)
Ds NG (Gerhard) Wessels (NG Gem Kroonstad-Suid)
Ds F (Fred) Wilson (NG Gem Bothaville-Noord)
Ds A (Antoinette) Wilson (NG Gem Bothaville-Noord)

Aanbeveling:
Die Sinode keur die onderskeie tydelike kommissie en taakspanne soos deur die Kommissie vir Kommissies voorgehou, vir die duur van die sitting goed.

16 GROETEBOODSKAPPE

Aanbeveling:
Die Sinode keur die oordra van groeteboodskappe deur kerklike verteenwoordigers en ander wat na hierdie sitting genooi is, goed, soos aangedui in die Agenda.

17 SITTINGSREG MET ADVISERENDE STEM

Aanbeveling:
1. Die Sinode keur goed dat aan voorsitters en skribas van die bedieninge, predikante in sinodale diens en senior amptenare wat nie afgevaardigdes is nie, reg van sitting met adviserende stem verleen word wanneer die betrokke verslag en sake wat hulle werk raak, behandel word.
2. Die Sinode keur dit goed dat aan voorsitters en skribas van die bedieninge wat nie afgevaardigdes is nie, reiskoste betaal word teen die vasgestelde sinodetarief van R2.50 per km.

18 VERLOF VIR AFWESIGHEID EN PERSONEELVERANDERINGS

Aanbeveling:
Die Sinode keur die volgende reëlings en riglyne ten opsigte van verlof goed:
1. 'n Afgevaardigde se primêre doel is effektiewe deelname tydens die hele sinodesitting. Lede moet hulle reëlings betyds en sodanig tref dat, sover moontlik, persoonlike, gemeentelike en ander sake nie met sittingstye bots nie.
2. Geen lid mag die vergadering sonder die nodige toestemming verlaat nie.
3. Waar afwesigheid uit die vergadering vir 'n korter of langer tyd onvermydelik is, geld die volgende:
3.1 'n Aansoekvorm om verlof (wat deur die Sinode voorsien word), moet by die Verlofkommissie verkry en voltooi word;
3.2 Die Verlofkommissie oorweeg elke aansoek;
3.3 'n Afgevaardigde mag nie die vergadering verlaat voordat hy/sy weet of sy/haar aansoek goedgekeur is nie.
3.4 Alle goedgekeurde verlof word in die notule opgeneem.
3.5 Die Verlofkommissie oordeel self oor die meriete van elke aansoek om verlof.

3.6 Die Verlofkommissie kontroleer gereeld of daar ‘n kworum in die sinode teenwoordig is.
3.7 Die Verlofkommissie moet alle veranderings aan die personeel van die Sinode, aan die Notulekommissie deurgee vir plasing in die notule. Die lede van die Verlofkommissie dr J (Johan) Nel, ouderling A (Andreas) Nieuwoudt en Nicolene Gouws

19 AFGEVAARDIGDES WAT LATER TER VERGADERING VERSKYN

Aanbeveling:
Die Sinode besluit dat afgevaardigdes, wat later ter vergadering verskyn, hulle by die Kommissie- vir Verlof en Aankondigings moet aanmeld. Die kommissie moet die name van sodanige persone in die notule laat opneem.

20 BENOEMING VAN AFGEVAARDIGDES NA DIE ALGEMENE SINODE

Die Kerkorde van die Algemene Sinode (2019) Artikel 38 lui soos volg:

36.1 SAMESTELLING EN FREKWENSIE VAN VERGADERINGS
36.1.1 Die Algemene Sinode vergader elke vier jaar.
36.1.2 Besluite by Artikel 35 in die VS Kerkorde 2022 moes hersien word aangesien die samestelling van die Algemene Sinode verander het na die besluit in 2017 geneem is. Die Vrystaat kan nou ’n groter afvaardiging saamstel. Volgens die formule wat gebruik word om die aantal afgevaardigdes per sinode saam te stel, kan die Vrystaat 37 persone afvaardig. Met Namibië wat nie meer deel van die AS uitmaak nie, moet die ASM nog die besluit neem of die getal afgevaardigdes net dienooreenkomstig verminder gaan word, of pro rata tussen die oorblywende 9 sinodes verdeel gaan word. Die STK in oorleg met die moderamen beveel aan die afvaardiging vir die 2027 Algemene Sinode soos volg saamgestel word:
1. Die 5 lede van die Dagbestuur van die Moderamen (5)
2. Twee lede uit elke ring. Elke ring vaardig vier lede af: twee primarii lede en twee sekundi wat bestaan uit twee leraars en twee kerkraadslede.
3. Indien daar nog persone afgevaardig kan word, wys die Moderamen die lede uit leraars en kerkraadslede aan.
4. Vir elke afgevaardigde moet ’n sekundus ook aangewys word.
5. Ringe sal vroeg in 2027 by wyse van ’n vooropgestelde vorm, hulle afgevaardigdes kan kies en aan die kantoor kan deurgee.

21 NOTULE

Aanbeveling:
Die Sinode keur goed:
1. dat die notule daagliks behandel word en na afhandeling van die Sinode in sy geheel na die Moderamen verwys word vir goedkeuring.
2. dat dit die verantwoordelikheid van die skriba van elke bediening is om enige foute in sy verslag in die Agenda onder die aandag van die Notulekommissie te bring.

22 DIE BESLUITEREGISTER

Aanbeveling:
1. Die Sinode besluit dat elke bediening van die Sinode self die besluite wat op sy terrein val, en onder die aandag van kerkrade gebring moet word, moet aanstip en dit aan die skriba van die Sinode moet besorg om dit aan die gemeentes deur te stuur.
2. Die Sinode besluit dat elke bediening die opdrag wat uit sy verslag voortvloei en deur die skriba van die Sinode uitgevoer moet word, na afloop van die Sinode aan die skriba moet besorg vir afhandeling.

23 DIE HANDELINGE VAN DIE SINODE

Aanbeveling:
Die Sinode besluit om na afloop van die Sinodesitting die notule en alle tersaaklike stukke in die Handelinge van die Sinode, op die webwerf beskikbaar te stel. Besluite van die sinode tree in werking wanneer die finale notule deur die Moderamen goedgekeur is en daarna op die Vrystaat Sinode se webwerf gepubliseer is.

24 PERSONEEL VAN DIE ONTWERPSPAN

Interimkomitee: Ds Jan Lubbe, dr Dawie Botes, di Hannes du Plessis, Adrie Potgieter, Charles James, Christo Weideman.
Sinodale Bedieninge: Ds C (Christo) Nel en dr LM (Leon) Foot, di A (André) van Staden en DV (De la Harpe) le Roux, drr Juppi Steurer (later vervang met ds JH (Rikus) Hattingh, dr NJ (Nico) Mostert, en ds AP (Riaan) van Zyl.
Jongleraars: Dr S (Suzanne) van der Merwe en ds LH (Lé-Roy) Wentink.
Sinodale Kerkkantoor: Mnre AJ (Adriaan) de Ruiter en T (Tertius) Botha, mevv AE (Lisma) Liebenberg en C (Celicia) McClean.

Aanbeveling:
Die Sinode neem kennis van die samestelling van die Ontwerpspan.

Geteken:

Ds JH du Plessis (Hannes) (Voorsitter)
Mev AE (Lisma) Liebenberg (Skriba)



a.

Visionering

A1-2 LYS VAN DIE AFGEVAARDIGES

A1-2 **NAAMLYS VAN AFGEVAARDIGDES**

RING VAN BETHLEHEM

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Arlington	A Jacobs		
	M Jacobs		
Bethlehem-Efrata	DE Bubb	AJ Beukes	A von Caues
	SH Swart	DJ Eichstädt	JG van Niekerk
			JC Steyn
			JC de Wet
Bethlehem-Eureka	RCH Kemp	C Symington	
Bethlehem-Noord (+ Môrelig)	E Cornelissen	AJ Muller	RP Kohler
			TE Shannon
Bethlehem-Oos	A Botha	JA Kriek	AWJ Kühn
	M Bakker	AS Hamer	AH Cilliers
			MJ Cilliers
			L Wessels
Bethlehem-Panorama	G Lamprecht	R Harris	M de Villiers
			M Walker
Bethlehem-Wes	AP van Zyl	HJ du Preez	JvN Wiid
Clarens	JAN Venter	BJ Willemse	LWF de Wet
Kestell	Afwesig		
Lindley		HJJ Theron	B Botha
		DJ Trenam	JJW van den Berg
Paul Roux		WJ Watson	D Bruwer
		JM Watson	WC van der Walt
Witteberge	L van den Haer		

RING VAN BLOEMFONTEIN-NOORD

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Berg-en-Dal	JJ Lubbe	E-A Swart	M de Jager
	J Marais	MJ Swart	JJ van Niekerk
	JC Hurter	JMG Potgieter	J-P Joubert
Bloemfontein	DV le Roux	AT Nieuwoudt	DJ Wepener
			F Babu
Bloemfontein-Noord (+ Andrew Murray)		AL Krüger	JJ van Tonder
Brandfort	Verskoning		
Brandfort-Oos	C Grobler	JFJ Loots	
De Bloem	JL Smith	J Smith	R Swiegelaar
			MJ Jacobs
Hugenoot	NJ Mostert	W Ellis	H Binding
	N Muller van Velden	C du Toit	
Noordhoek		F Retief	M Venter
		PE Peters	JD van Zyl
Soutpan	Verskoning		

RING VAN BLOEMHEUWEL

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Aandbloem	C Mitchell	HvH Groenewald	M de Vos
		JC Louw	HM Bolleurs
		MD Potgieter	
Bloemheuwel	JL Reynders	FB Fourie	FJ Richter
	LOK Lategan	J Myburgh	C Steinhöbel
			C Klinck
			WJ Wessels
Boshof		A Roberts	L van Niekerk
		M Janse van Rensburg	F Matthee
Gardeniapark	Verskoning		
Heuwelkruin	ST Malan	JC Kruger	J Conradie
	SE Malan	LJ van Bijon	C Spies
			MC Olivier
			DA Foster
Heuwelsig	EF Engelbrecht	WJA Fourie	
	CA Salzmann		
	JP Matthews		
Woodland Hills	IH Scholtz	MS Oosthuysen	CS Esterhuysen
			P Harmse

RING VAN BULTFONTEIN

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Bultfontein	AW Smit	IRJ Smith	NJJ Grobler
			T Vorster
Bultfontein-Oos	PG Garbers	GJ van der Merwe	JI Cronjé
			AM Janse v Rensburg
Dealesville	B Wilken	JL Badenhorst	AJ Ackermann
Hertzogville		HM Linde	HJ Linde
		JA Bornman	
Hoopstad	V Cloete	M de Wet	HL van Zyl
	FP du Toit	PJ Wolfaardt	C van Schalkwyk
	D Meyer	R Rautenbach	M van Zyl
Rietfontein	PG Nel	GL Venter	
Theunissen	SJL Schoeman	S Pienaar	JD Mostert
Theunissen-Wes	GA Basson	ME Hamman	L Jordaan
Wesselsbron	C Nel	WH van Zyl	HA Vosloo
			L Botha
Winburg		PJ Pienaar	
		SC Ferreira	

RING VAN FAURESMITH

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Fauresmith	AMS Heymans	SLA le Roux	AM Smit
			JD Loggenberg
Jacobsdal	HHS Nortier	C Grobbelaar	WPJL Steenkamp
			AJJ du Toit
Jagersfontein		WJJ Botha	C Potgieter
Koffiefontein	Verskoning		
Luckhoff		EJ Dalton	L Grobbelaar
		EJH Dalron	FJ Jacobs
Petrusburg	CJvdL Fourie	JD van Niekerk	CM Kotzé
Phillippolis	LJ Scheepers	AE de Beer	GC Pienaar
Springfontein	Verskoning		
Trompsburg	M Vorster	A Kotzé	R Grobbelaar

RING VAN GOUDVELD

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Harmonie		JJ Labuschagne	S Cloete
		JG Diederiks	BL Gilbert
Hennenman	CF van der Linde	WHC Fryer	MSC Nel
			CD Brönner
Odendaalsrus-Oos		FJ Barnard	
		CJD Barnard	
Riebeeckstad	HJ Conradie	HJ van Zyl	D Munro
			PJ Labuschagne
Riebeeckstad-Erfdeel	LH Wentink	JC de Bruin	JJ van der Merwe
			EJ Pienaar
Ventersburg	NS Dicks	CPJ Els	HB Swart
Virginia	R Wessels	PJJ Kruger	GT Pienaar
Virginia-Wes		NS Beneke	HP van der Walt
		J Frederik	SS du Toit

RING VAN HARRISMITH

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Cornelia	JT Kemp	CM Cockcroft	
Frankfort	JT Jackson	HE Lombard	RN Herselman
			EMM Oosthuizen
Kerkenberg	HH Williams	WA Lombard	FH Badenhorst
			DN Blake
Memel		JH Claasen	GE van Schalkwyk
		PH van Niekerk	
Tweeling		TJ Lessing	
		G van der Watt	
Villiers	A Kemp	AG Odendaal	PJW Fourie
Vrede	Afwesig		
Vrede-Wes	JG van der Watt	ID Bosman	R Linde
Warden	FL Steenkamp	RJvR Pieters	JJH Muller

RING VAN HEILBRON

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Heilbron	Verskoning		
Heilbron-Suid	Afwesig		
Koppies		JH Hattingh	LE Zitzke
		HE Weiss	DD Smalberger
Koppies-Weltevrede		LK Jonker	M van Rooyen
		J van Zyl	N Schmidt
Oranjeville		CJS Wolmarans	MR Marais
Petrus Steyn	CJ du Raan	EC Buckler	PR Wepener
			FW le Roux
Reitz	GJ Strydom	D Slabbert	JC van Schalkwyk
Reitz-Wes	SB Conradie	JM Wessels	HJ Zandberg
			HP Matthee

SENTRAAL RING

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Clocolan	J van Staden		GB Zerwick
Excelsior	JC Marais	PJ van Zyl	
Ficksburg		R Monk	N Bester
		S Groenewald	
Fouriesburg	HP Coertzen	CC van Zyl	GJ van der Merwe
Ladybrand	DJB Kleynhans	HW van der Westhuizen	AC Foord

Ladybrand-Noord	W Klindt	AC van den Berg	
Rosendal	Verskoning		
Senekal	SFCoetzee	JJ van Niekerk	P Marthinus
Senekal-Noord	A Potgieter	R McLean	EM Heyns
			DJ Heyns
Steynsrus	AW Grobler	CW Möller	SM Deacon

RING VAN SMITHFIELD

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Bethulie	Afwesig		
Dewetsdorp	HE van Coller	JJ Swanepoel	HP Pienaar
			HJ Theron
Edenburg	WH van Zyl	PJ Borrington	JM Linström
			HCJ Blignaut
Hobhouse		JJ van Zyl	JJ Wessels
		GE Wium	ET van Zyl
Rouxville	N van Rooyen	FJ van Rooyen	JD Swart
			PJ Swanepoel
Smithfield		HW Blomerus	JA Neethling
Wepener		JW van Tonder	SWW Jacobs
		HLJL van Tonder	M Jacobs
Zastron	SW Burger	J Swart	PAJ Goosen
			WJ Goosen

SUIDOOS-BLOEMFONTEIN RING

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Bloemvallei	MJ Heymans	HB van der Walt	KJ de Beer
Estoire	JC Else	D Coetzee	C Jooste
Fauna	HJ Swart	JM Strauss	CJ Lewis
			GE Randall
Fichardtkruin	JS du Plessis	L Dixon	G Judeel
Fichardtpark	E Casaleggio	DCJ Taljaard	FJ Joubert
Hospitaalpark	E Senekal-van der Berg	M Pretorius	EMM Marais
			HL Maritz
Leeuwberg	Verskoning		
Onze Rust	CP Hellmuth	JP Maree	B Saayman
			FH Jamneck
Ooshoek	S Maritz	HM van Zyl	CJ Groenewald
Pellissier	CM James	DF Langenhoven	J Vermeulen
	FH Lamprecht	A Mostert	HJ Botha
	JH Hattingh	N Snyman	FJ van Wyk
Reddersburg		SJ Marais	WS du Plessis
		HM Hagemann	IJ Jacobs

TEOLOGIES KATEGORIALE RING

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Allanridge		A Maree	ASM Venter
		H de Jager	
Harrismith	FUO Ohlhoff	JJ de Jager	PJJ Geel
		JJ Kriek	AA Potgieter
			WJ Zietsman
Kroonstad	J Müller	JDM Minnaar	RD van Wyk
			WJ Botha
Marquard	J Rossouw	WJ Wessels	DJ Coetzee
			JC Brandt

Odendaalrus	WM Beets	GJ Jansen van Vuuren	BJC Steyn
			LN van Rooyen
Parys-Suid		WSB Bunser	AGH Kotzé
		TC Dunn	HH Louw
Vanstadensrus	AP Coetzee	G Jordaan	FJ Fouché

RING VAN VAALRIVIER

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Deneysville	DM du Preez	SJK Kühn	FA Erasmus
			JJ du Preez
Parys	Geen geloofsbrief ontvang nie		
Parys-Oos	F van Tonder	F Prinsloo	F Smith
		AC Reynard	C van der Westhuizen
Parys-Wes	WJ Griesel	CM Pretorius	GD Haasbroek
Sasolburg Vier Ankers (+ Sasolburg-Sentraal)			
	RJ Pienaar	CF Bester	HJ Kleynhans
			WJ Lombard
Sasolburg-Fakkel	Afwesig		
Sasolburg-Fontein		JG Potgieter	A van As
		CJ Bruys	
Sasolburg-Tuinedal	Afwesig		
Schonkenville		N Mangwane	E Thokgoane
		P Slemmerts	
Taaibosspruit	JA de Man	T Luddick	A du Plooy
Vaalpark	GJ Serfontein	MC van Tonder	DS Visser
	F Kotzé	ASS Potgieter	AD van Wyk
Viljoensdrif		PJ de Bruyn	R Bredenhann
Vredefort	JS Haggard	W Wilken	G Oosthuizen

RING VAN VALSRIVIER

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Bothaville	D Allan	WC Nell	WJ Nel
Bothaville-Noord	FJ Wilson	JE Grobler	MC Claassens
	A Wilson	JA Mey	M Olivier
Edenville	D Groenewald	T Janse van Rensburg	P de Beer
Kroonheuwel-Noord	C Weideman	MA de Vries	S Rautenbach
	PM van Niekerk	MS Prinsloo	DR Steenekamp
Kroonstad-Noord	SC van der Merwe	BJ Steyn	OW Keeve
			GJP Olivier
Kroonstad-Oos	MC Barnard	DJ Smit	HWS Willemse
Kroonstad-Suid	NG Wessels	MG Wessels	C Joubert
			JE Parkin
Kroonstad-Wes		N de Bruyn	AJC Viljoen
		WRJ Britz	WJ Burger
Meyerhof	LLB Naudé	JI Potgieter	HL Janeke
		S Jacobs	
Vierfontein	OPJ Olivier	H Denner	FA Swart
Viljoenskroon	AP Cronjé	LFTaljaard	AJ Kleynhans
			JJ Luwes

RING VAN WATERBRON

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Bainsvlei	J Hamman	D Boraine	JJ Deetlefs
Bloemfontein-Wes	PJ David	HJ Fouché	MJD Hurter
	W van Velden	E Fouché	CN Buitendag

Geloofsentrum Universitas	RC Botha L Smith		
Langenhovenpark	L Oosthuizen PG Meyer	W Fourie PG Miles	EA Taylor A Smit
Uitsig-Bloemfontein		MC Buitendag EM Olivier	ME Scholtz HJ van Heerden
Universitasrif	NJ Labuschagne L Hoffman	A van Wyk	
Universitas-Wes	CM Rautenbach	J Pietersen	PA Coetzee C de Reuck
Verkeerdevlei		L van Vuuren	MC Human
Waterbron	WA Badenhorst	CP Bartlett	CJI Verwey
Wilgehof	WB Müller	EL Müller	JA Pelser RE Viljoen

RING VAN WELKOM

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID	SEKUNDI
Bedelia	PJ McLaren	H McLaren	P Delport
Dagbreek		TC du Toit JHJ du Raan	MM Botha SF van Tonder
St Helena	DN Basson	JH Botha	EC Elliott
Welkom		W Pretorius H Human	P Fourie P van Niekerk
Welkom-Noord	RL Oliver	DW Broodryk	DNC Engelbrecht ET Demmer
Welkom-Suid	SR Darker LM Foot	MPJ Dannhauser JH Britz	CM de Jonge IJ Coetzee
Welkom-Wes	DH Botes	PN van der Merwe	NPJ Steyn



a.

Visionering

A2 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN

SAKE VIR KENNISNAME

1 INLEIDING

"Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem.
Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig,
almagtig, volkome wys, regverdig, goed,
en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is."
(Guido de Bres, Doornik, 1561)

Met dié woorde uit Artikel 1 van ons **Nederlandse Geloofsbelydenis** – "ons glo almal" – is die laaste vergadering van die Moderamen vir hierdie termyn, op 7 Mei 2026 geopen. Woorde wat ook berym en getoonset is deur wyle ds Schutte Venter van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Wes, as Lied 265 in ons **Liedboek van die Kerk**:

"Enigste Here, enkele Wese,
ons glo in U met ons hele hart ...
U is almagtig, wys en regverdig –
U is die bron van alle goed."

Sowel die Lied as die Geloofsbelydenis, neem ons terug na daardie eeue-oue Psalm, vir die musiekleier, van Dawid, "die dienskneg van die Here" – **Psalm 36:10** ...

"Hoe kosbaar is u troue liefde, o God!
Mense skuil in die skadu van u vlerke.
Hulle drink hulle versadig aan die oorvloed van u huis, ...
Ja, by U is die fontein van lewe,
***in U lig, sien ons die lig**."*

En daarmee kom die leuse van ons NG Kerk in die Vrystaat, eenhonderd-een-en-sestig jaar ná 1865 se eerste Sinode – "Lig in die Duisternis" – en hierdie 55ste Sinode in 2026, bymekaar. Die afgelope paar maande het die Moderamen en die Visionering- en Ontwerpspanne onder andere by Menuha en met die teks van Esegiël 47 voor ons, ontdek dat "Lig" en "Water" – die Son van Geregtigheid en die Bron van Lewende Water – Eén is. Soos ons nie sonder lig, warmte en energie, en nie sonder water kan lewe nie, só nie sonder Hóm, ons Skepper en Vader. Só nie sonder Christus Jesus, wat gesê het dat Hý die "Lig vir die Wêreld" is (Johannes 8:12); die Een wat lewende water aan dorstige siele gee (Johannes 37-38). En só ook nie sonder sy Gees wat heel aan die begin oor die oerwaters gesweef het (Genesis 1:), en heel aan die einde in die hemelstad Jerusalem sal wees, waar die Lam die lamp is en kristalhelder water uit die troon van God sal stroom (Openbaring 21:23 en 22:1) – dáár sal die Gees en die Kerk uitroep: "Kom, Here Jesus ..."

As Moderamen van die NG Kerk Vrystaat se 54ste Sinode (2022-2026) het ons ontdek dat ons in dié groot gang van God se heilsdade deel, vir 'n kort tydjie maar. Elkeen persoonlik, in tye van beproewing én in tye van vreugdevolle dank wat ons met mekaar kon deel, maar ook in ons saamwees in vergaderinge, op retreats en aanlyn. Dit was nie 'n maklike termyn nie; ons opdrag was groot, ons uitdagings veel, ons voorkeure en perspektiewe dikwels uiteenlopend, ons gesprekke robuust ... maar ónder dit, en daarom ook verbind aan mekaar, het dié oortuiging bly leef dat dit Christus is wat steeds sy Liggaam op aarde deur sy Woord en Gees versorg, lei en beskerm (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21).

Dat Hy dít ook beloof vir ons, die Vrystaatse Kerk, op haar weg deur hierdie wye landskap en onsekere, komplekse tyd.

Hiervan wil ons vervolgens in ons verslag aan die 55ste Sinode, meer vertel.

2 SAMESTELLING VAN DIE MODERAMEN 2022-2026

Die Moderamen van die 54ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat was as volg deur die Sinode saamgestel, en het die volgende wysiging van lede beleef:

Interimkomitee:

Voorsitter	Ds Jan Lubbe (Berg-en-Dal)
Ondervoorsitter	Dr Dawie Botes (Welkom-Wes)
Skriba	Dr Leon Foot (Welkom-Suid)
Addisionele Lid	Ds Adrie Potgieter (Senekal-Noord)
Voorsitter STK	Ds Christo Weideman (Kroonheuwel-Noord)

In Julie 2024 is dr Foot aangewys as die nuwe uitvoerende beampte van Bedieningsbegeleiding en in Januarie 2025 het hy as skriba van die Moderamen uitgetree; in sy plek het die Moderamen ds Hannes du Plessis (Universitas-Wes) as nuwe skriba aangewys (Notule, 12-13 Januarie 2025).

Tydens die moederskapsverlof van ds Potgieter, het ds Charles James (Pellissier) as sekundus vergaderinge van die Interimkomitee (IK), Moderamen en Algemene Sinode se Moderamen (ASM) bygewoon.

Ringsverteenwoordigers:

Kerkraadslede (8):

Betlehem	Oudl AP Rall (ná uittrede, in Augustus 2024 deur oudl A Kriek vervang)
Bloemfontein-Noord	Oudl WF Ellis
Bloemheuwel	Oudl PJB Coetzer
Bultfontein	Oudl JH Stander (ná siekbed en uittrede in Januarie 2026, nie vervang)
Fauresmith	Oudl MD Nel (ná uittrede deur L Kotzé vervang en dié deur ds M Vorster as waarnemer)
Goudveld	Oudl L-R Wentink (ná legitimasie deur oudle D Munroe en H van Zyl vervang)
Harrismith	Oudl PJJ Geel (ná vorming van TKR, in Augustus 2025 deur oudl W Lombaard vervang)
Suidoos-Bloemfontein	Oudl Annamarie Mostert

Leraars (8):

Heilbron	Ds G Oosthuizen (ná emeritaat in Januarie 2026, deur ds AS van Zyl vervang)
Sentraal	Ds E Nolte (ná uittrede in Februarie 2024, deur ds SF Coetzee vervang)
Smithfield	Ds SW Burger
Vaalrivier	Dr JA de Man
Valsrivier	Ds AP Cronjé
Waterbron	Ds JS du Plessis (ná aanwysing as skriba, vervang deur dr L Oosthuizen
Welkom:	Ds NG Wessels (ná beroep uit ring, deur ds D Basson vervang)
TKR:	Ds Ulrich Ohlhoff (ná konstituering van Teologies Kategoriale Ring in Junie 2025)

Verteenwoordigers van Taakspanne van die Moderamen:

Sinodale Taakspan Kerkorde:	Ds C Weideman (voorsitter)
Sinodale Taakspan Aktuele- en Leersake:	Nie gekonstitueer

Verteenwoordigers van Bedieninge van die Sinode:

Bedieningsbegeleiding:	Ds C Nel (voorsitter)
	Ds BIC Steyn (uitvoerende amptenaar; ná beroeping in Mei 2024, vervang deur dr L Foot)
Vennote in Getuienis:	Dr AJJ Stander (voorsitter; ná uittrede vervang deur ds J Steurer)
	Dr NJ Mostert (uitvoerende amptenaar)
Barmhartigheid:	Ds JS du Plessis (voorsitter; ná uittrede Mei 2024 vervang deur ds A van Staden)
	Ds De la Harpe le Roux (uitvoerende amptenaar aangewys in Februarie 2023)
Ondersteuning:	Ds AP van Zyl (voorsitter)
	Mnr A de Ruiter (hoofuitvoerende amptenaar)

Verteenwoordiger van Vrouebediening:

Mev Beneli Pretorius (voorsitter) is as verteenwoordiger van die Vrouebediening van die NG Kerk Vrystaat uitgenooi om vergaderings van die Moderamen by te woon (sekundus: Mev Karen Kersop).

Daar was ‘n wisseling van lede in die Moderamen, naamlik 4 uit die 13 leraars, 5 uit 8 kerkraadslede en vier nuwe lede uit die agt verteenwoordigers van sinodale bedieninge. Hierdie wisseling van lede is telkens by die konstituering van die Moderamen vir vergaderings van kennis geneem en goedgekeur. In totaal beteken dit dat bykans 40% van die Moderamen soos aangewys in 2022, in die loop van die termyn deur nuwe lede vervang is.

Die uitdagings wat beleef is om by elke vergadering voltallig te wees en goed voorbereid, het die Moderamen ook ondersoekend en visionerend laat nadink oor sy rol, samestelling en funksionering – sien daaroor die **Verslag oor Visionering**, hierby aangeheg as **Bylaag A2-1** en die nuwe **Reglement vir die Moderamen (sien H Reglemente)**. Die Ring van Fauresmith, byvoorbeeld, wat ‘n kerkraadslid as verteenwoordiger in die Moderamen gehad het, het weens werks- en boerderyomstandighede gesukkel om vergaderings en ander werkswinkels by te woon, en dit hét ‘n impak op kommunikasie, inspraak, ondersteuning aan ringe en gemeentes, en die versterking van ons verband.

Die Vrystaatse Sinode van 2022 het dit aan die Moderamen opgedra om te besin oor die portefeulje STALS en die funksionering van daardie Taakspan, sowel as die verteenwoordiging van vroue in sinodale strukture, en dit – sowel as verskillende belewenisse van die strukturering en funksionering van die Moderamen self – het uiteindelik gelei tot ‘n uitgebreide visioneringsproses onder leiding van die Moderamen, waaroor ook hieronder verslag gelewer word (sien punt 6).

Aanbeveling: Die Sinode
(1) neem kennis van die samestelling van die Moderamen vir die termyn Maart 2022 tot Junie 2026, en van wysigings wat daarin voorgekom het;
(2) spreek sy dank uit teenoor alle lede wat in die afgelope termyn in die Moderamen gedien het, met waardering vir hul tyd en aandag aan hierdie opdrag gewy en vir die leiding wat daardeur aan die NG Kerk Vrystaat gegee is;
(3) verwys aanbevelings oor die samestelling van die Moderamen en die voorgestelde nuwe **Reglement vir die Moderamen**, vir hantering ná die **Verslag oor Visionering**; en
(4) hanteer die aanwysing van lede vir en konstituering van die Moderamen vir die termyn 2026-2030 tydens ‘n sessie soos deur die Ontwerpspan bepaal.

3 VERGADERINGS VAN DIE MODERAMEN EN INTERIMKOMITEE

Die Moderamen het in die afgelope termyn 21 vergaderings gehad, waarvan 3 aanlyn was (zoom), en die res behalwe in Bloemfontein by Mooigenoeg, Kopano Nokeng, Mizpah Lodge, Menuha en die gemeentes Aandbloem, Bloemfontein-Wes en Pellissier, ook by, die NG Gemeentes Dagbreek (Welkom), Rietfontein, (Winburg), Kroonheuwel-Noord en Meyershof (Bothaville) plaasgevind het. By die vergadering van Mei 2023 is daar ook ‘n afvaardiging van die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) ontvang, vir ‘n gesprek oor ons kerkverband en besluite van die 2019-Algemene Sinode. Twee strategiese gespreksgeleenthede vir die Moderamen met verteenwoordigers uit die familie van NG Kerke, is by die St Johannes Paulus II-retreatsentrum buite Betlehem gehou.

Vir die vergadering in Mei 2023 het die Moderamen ook sewe jongleraars uit die Vrystaat uitgenooi om dit by te woon en aan die ontmoeting met die ASM-verteenwoordigers deel te neem, en vir die vergadering op 10 Maart 2025 is alle ringsvoorsitters na die vergadering by Pellissier uitgenooi; 13 uit die 15 ringe het positief hierop gereageer en opgedaag.

Die Interimkomitee (IK) het 30 keer vergader, waarvan sewe vergaderings aanlyn (zoom) plaasgevind het. Die IK het die NG Kerk Vrystaat ook by agt vergaderings van die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) verteenwoordig.

Notules van al die vergaderings van die Moderamen en IK is by eersvolgende vergaderings goedgekeur en geliasseer.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

4 OPDRAGTE VAN DIE VRYSTAATSE SINODE 2022 AAN DIE MODERAMEN

Die 54ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat het die volgende sake vir verdere hantering aan die Moderamen opgedra, en word daar as volg daaroor aan die 55ste Sinode terugvoer gegee:

4.1 NOTULE VAN DIE SINODE 2022

Die notule van die 2022-Sinode is deur die notulekommissie onder leiding van die skriba versorg en gefinaliseer, en in April 2022 deur die Moderamen goedgekeur, waarna dit afgerond en gepubliseer was (die besluite van krag). In opdrag van die Moderamen het die voorsitter ‘n Herderlike Brief aan alle gemeentes in die NG Kerk Vrystaat gerig, waarin die

belangrikste besluite van die Sinode deurgegee was.

'n Belangrike kwessie wat met die goedkeuring van die notule gepaardgegaan het, was die aantal gemeentes wat nie die Sinodesitting bygewoon het nie (19). Die Interimkomitee het dit met hierdie gemeentes opgevolg, waarvan 12 praktiese redes aangevoer het, drie 'n teologiese rede (dolering), en vier nie op navrae gereageer het nie.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

4.2 TWEE KERKREGTELIKE KWESSIES VOORTSPRUITEND UIT DIE TERMYN 2017-2022

Twee sake wat vóór die 2022-Sinode reeds die aandag van die Moderamen geniet het, naamlik oor die termyn en herkiesbaarheid van 'n voorsitter en ondervoorsitter, en dan die afvaardiging vanuit die NG Kerk Vrystaat na die Algemene Sinode, is vir hantering na die Moderamen en die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) verwys.

Wat die eerste saak betref, is advies van die STK ontvang en het die Moderamen dit op 1 September 2022 so goedgekeur, dat Reglement van Orde 1.5 van die nuwe Kerkorde wysig om te lui:

"By elke gewone vergadering van die Sinode word twee lede van die vergadering onderskeidelik tot voorsitter en ondervoorsitter verkies. Die persoon wat deur die sinode in die posisie van voorsitter of ondervoorsitter van die sinode en die moderamen verkies is, kan nie weer in die daaropvolgende termyn deur die sinode in dieselfde posisie verkies word nie, ongeag of die persoon sy/haar termyn in daardie posisie voltooi het of nie."

Wat die afvaardiging na die Algemene Sinode betref (Art. 35 van die Kerkorde), het die STK advies gelewer en het die Moderamen in Mei 2023 'n afvaardiging van 37 lede vir die 2023 Algemene Sinode goedgekeur: Benewens die Interimkomitee (vyf), is 'n verdere 13 leraars uit agt Ringe en 19 kerkraadslede uit sewe Ringe deur daardie vergaderings aangewys. 'n Inligtingsgeleentheid is vir hierdie afvaardiging op 16 September 2023 by The Willows aangebied, sodat lede goed voorbereid na die sitting van die Algemene Sinode kon vertrek.

Uit hierdie ervaring, is die kwessie van afvaardiging uit die Vrystaat na die Algemene Sinode wéér onder die loep geneem, met wysigings wat deur die STK voorgestel word – sien hul verslag.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

4.3 NG WELSYN, ENGO EN BARMHARTIGHEID

Die Moderamen van die vorige termyn (2017-2022) het 'n taakspan onder leiding van dr PJ van Jaarsveld aangewys om oor die verhouding tussen die NG Kerk Vrystaat, NG Welsyn en ENGO te besin en aan die Sinode verslag te doen. Kwessies rondom NG Welsyn het nie betyds tot klaarheid gekom nie en daar was ook 'n ondersoek na beweringe oor die rol van ds W Botha en verbandhoudende bestuursaangeleenthede by ENGO. In Julie 2023 het die Moderamen kennis geneem dat die gesprek rondom NG Welsyn bevredigend afgehandel was.

Wat Barmhartigheid betref, het die Moderamen in Januarie 2023 van die volgende kennis geneem:

- Dat Sinode 2022 'n vierde bedieningsgroep vir die NG Kerk Vrystaat in die lewe geroep het, naamlik vir Barmhartigheidswerk (Diakonaat), en dat ds JS du Plessis as voorsitter van die Raad vir Barmhartigheid aangewys is;
- Dat Vennote in Getuienis en Barmhartigheid in 'n gelyke mate en in oorleg met mekaar, uitdrukking gee aan die missionale karakter van die NG Kerk Vrystaat, en dat elk daarvoor 27,7% van die toedeling in die sinodale begroting sal ontvang;
- Dat 'n reglement vir Diens van Barmhartigheid in proses van ontwikkeling is, waarin die verhouding met Vennote in Getuienis beskryf sal word, sowel as met ENGO as primêre diensverskaffer aan die NG Kerk Vrystaat;
- Dat dit nodig is dat Barmhartigheid 'n eie uitvoerende amptenaar sal hê, en dat in die lig van vorige besluite van die Sinode daar nie 'n nuwe aanstelling gemaak sal word nie, maar dat ds De la Harpe le Roux vanuit Vennote in Getuienis (Arbeidsbediening en Torings van Hoop) na hierdie pos herontplooi sal word;
- Dat 'n nuwe ooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat en ENGO ontwikkel en goedgekeur moet word, om uitdrukking te gee aan nuwe bedieningswerklikhede; en
- Dat die kommunikasie met en ondersteuning van gemeentes in die NG Kerk Vrystaat ten opsigte van barmhartigheidswerk ontwikkel sal word, sodat daar met beskikbare bronne optimaal diens ter verligting van alle vorme van nood in die Vrystaat gelewer sal kan word.

In die loop van 2023 was die IK op versoek van die Moderamen, Barmhartigheid en ENGO betrokke by

'n aantal gesprekke oor 'n nuwe ooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat en ENGO, onder leiding van die skriba en mnr Paul Colditz. 'n Onderhandelde ooreenkoms wat deur alle partye goedgekeur is, is op 29 November 2023 onderteken en het sedertdien as basis van die verhouding en samewerking tussen Barmhartigheid en ENGO gedien – dit het onder andere 'n ander basis vir finansiële ondersteuning deur die NG Kerk Vrystaat aan ENGO daargestel. Onduidelikheid oor die presiese praktiese implikasies van die nuwe ooreenkoms vir die barmhartigheids-/maatskaplike werk en -verhoudinge op grondvlak in gemeentes (en Ringe) het egter voortgeduur en het in die loop van 2025 tot versoeke uit Ringe en van Barmhartigheid self, oor verheldering in kommunikasie met gemeentes hieroor, gelei. Dit is aan die IK opgedra, en 'n poging is aangewend om 'n gesamentlike skrywe onder leiding van di C James, J Smith en D le Roux hieroor aan gemeentes te rig – dit staan oor tot die Sinode van 2026.

Sedert Januarie 2023 was Diens van Barmhartigheid soos die ander bedieninge volledig verteenwoordig in die Moderamen en is daar by elke vergadering 'n verslag en oorsig van hul werksaamhede ontvang.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis, en verwys enige verdere vrae of gesprek oor die NG Kerk Vrystaat se Diens van Barmhartigheid na die verslag van daardie bediening.

4.4 SKRIFGESAG

In die lig van verskeie diskussies in die Sinode, het die NG Kerk Vrystaat in Maart 2022 die volgende besluit oor "Skrifgesag" geneem (Notule, p 22 e.v.):

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat:
1. Neem kennis van die verslag van die Taakspan oor Skrifgesag;
2. Erken dat die problematiek wat die Taakspan oor Skrifgesag in hul motivering uiteensit, inderdaad deur hierdie Sinode hanteer moet word;
3. Bely daarom dat die Skrif die geskrewe Woord van God is, wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word en daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol (NGB Art. 3, 5, 7);
4. Bely voorts dat ons die geskrewe Woord van God lees in samehang met hoe God Homself bekendmaak in die skepping en onderhouding van alle dinge (NGB Art. 2), in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes 1:1-14, NGB Art. 10), en omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan (Johannes 16:13-14, NGB Art. 5), inderdaad "van God is";
5. Bevestig dat vanweë 'n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd van tyd nie net een vertolking van 'n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar na die lig van die Skrif en die boodskap van God aan ons, sy Kerk, te soek;
6. Versoek daarom dat 'n tydelike studiegroep uit die geledere van die NG Kerk Vrystaat saamgestel word om in oorleg met die Moderamen,
i) Vorige- en staande besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk oor Skrifgesag, Skrifvertolking en Skrifhantering (soos in die verslag van die Taakspan vermeld) te herbesoek en opnuut daaroor te besin;
ii) In hul besinning as gelowiges 'n verantwoorde omgang met die Skrif en 'n verantwoorde hermeneutiek na te streef;
iii) 'n kort samevatting daarvan wat toeganklik en bevatlik is vir leraars, lidmate en ander lesers in en rondom die NG Kerk Vrystaat, saam te stel;
iv) So 'n samevatting vir goedkeuring aan die Moderamen voor te lê, en indien aanvaar, dit in kerkverband vir gesprek in gemeentes te versprei;
7. Verwys die samestelling van genoemde Studiegroep na die Kommissie vir Kommissies.
8. Versoek die Studiegroep en Moderamen om hierdie opdrag en dokument teen nie later as September 2022 te voltooi en aan gemeentes van die NG Kerk Vrystaat vir bespreking beskikbaar te stel nie.

Voorsteller: Ds CM James
Sekondant: Oudl E-A Swart

Die Moderamen het hierdie besluit by sy eerste vergadering in April 2022 in behandeling geneem, 'n kort gesprek oor veral punte 3, 4 en 5 daarin gevoer, en toe 'n verteenwoordigende studiegroep bestaande uit dosente, leraars en kerkraadslede uit die hele Vrystaat saamgestel, onder leiding van dr L Foot. Aan die einde van Oktober 2022 het die Studiegroep 'n omvattende Gespreksdokument afgerond, waarin onder andere verwys is na vorige besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgesag, Skrifvertolking en Skrifhantering, soos wat ook in die Kerkorde van die NG Kerk Vrystaat (2022) opgeneem was. Hierdie dokument

is gebundel as deel van die inligting wat voorgelê is aan die drie Streekskonferensies in November 2022. Uiteindelik is dit ook aan die Buitengewone Sinode van April 2023 voorgelê, en word daar by punt 4.7 hieronder verder hieroor gehandel.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

4.5 BELYDENISGRONDSLAG

Die 54ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat het ook in die lig van 'n aantal beskrywingspunte sowel as die verslag van STALS in hierdie verband, in Maart 2022 die volgende besluit oor haar belydenisgrondslag geneem (Notule, pp 18-19):

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat,
1. Neem kennis van die verslag van die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake;
2. Bevestig dat die opdrag wat deur die Sinode van die NG Kerk Vrystaat in 2017 aan die taakspan gegee is, sake van belang vir ons kerkverband en gemeentes aanspreek;
3. Bevestig ook dat die NG Kerk Vrystaat haar in sake van teologiese- en etiese belang, wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;
4. Bevestig ook dat soos daar in ons lees en vertolking van die Skrif behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, so ook in ons lees en vertolking van die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie in ons omstandighede vandag;
5. Is bewus daarvan dat daar by leraars en lidmate 'n behoefte is aan sekerheid en 'n bondige en bevatlike uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons Verlosser in sy persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose;
6. Besluit daarom dat die oorspronklike opdrag en die verslag van die Taakspan vir Aktuele en Leerstellige Sake verwys word na 'n tydelike studiegroep uit die geledere van die NG Kerk Vrystaat saamgestel, om in oorleg met die Moderamen,
i. 'n kort uitleg aan die hand van die Apostoliese Geloofsbelydenis en ons belydenisskrifte oor die aspekte hierbo genoem, voor te berei;
ii. Dit vir goedkeuring aan die Moderamen voor te lê, en indien aanvaar, dit in die kerkverband vir gesprek in gemeentes versprei;
7. Verwys na die Moderamen vir die samestelling van die groep.
8. Versoek die studiegroep en Moderamen om hierdie opdrag en dokument teen nie later as September 2022 te voltooi en aan gemeentes van die NG Kerk Vrystaat vir bespreking beskikbaar te stel nie.
Voorsteller: Ds FH Lamprecht
Sekondant: Dr A Mostert

By sy eerste vergadering in April 2022 het die Moderamen die besluit van die Sinode bespreek, en bevestig dat hierdie aangeleentheid in samehang met die temas van Skrifgesag, kerkverband, die 2019-besluite van die Algemene Sinode en teologiese opleiding hanteer behoort te word. Die Moderamen het ook hiervoor 'n Studiegroep onder leiding van ds C James aangewys, en in Oktober 2022 is insgelyks van hulle 'n gespreksdokument ontvang; vanweë die belang hiervan, word dit as **Bylaag A2-9** by hierdie verslag van die Moderamen aan die Sinode van 2026 aangeheg. Die verslag is in die bundel met die oog op die drie Streekskonferensies van November 2022 opgeneem, en het gelei tot van die aanbevelings wat in April 2023 voor die Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat gedien het en aanvaar is. Dit word daarom onder daardie punt (4.7) verder hanteer.

Aan een aspek van die besluit deur die 2022-Sinode geneem, is nie uitvoering gegee nie, hoofsaaklik vanweë die druk wat met die res van hierdie kwessies gepaardgegaan het, naamlik punte 5 en 6 hierbo: Die behoefte by leraars en lidmate aan sekerheid en 'n bondige en bevatlike uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-enig, en sy genadewerk in ons lewens, teenoor die Bose; en dat daarom oorweging geskenk sou word aan 'n kort uitleg van die Apostoliese Geloofsbelydenis oor hierdie kernwaarhede in ons Christelike geloof.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis, en hanteer die versoek om 'n eietydse uitleg van die Apostolicum as deel van die groter gesprek oor die teologiese identiteit van die NG Kerk Vrystaat, tydens die 2026-Sinode.

4.6 TERUGVOER UIT DIE TAFELGESPREK OOR SELFDEGESLAGVERBINTENISSE TYDENS DIE 2022-SINODE

Tydens die Vrystaatse Sinode van 2022 is daar na aanleiding van die verslag van STALS 'n tafelgesprek oor selfdegeslagverbintenisse (SGV) en die 2019-besluit van die Algemene Sinode daaroor, gevoer. Die Luisterspan het 'n kort samevattende verslag hieroor aan die Moderamen deurgegee, waaruit die volgende uittreksel gemaak word, as aanduiding van wat ander sinodegangers geleef het:

"Ons kan die tafelgesprekke eintlik in een sin opsom: Daar is 'n baie duidelike verdeling tussen twee Hermeneutiese interpretasies van die Bybel oor SGV. Daar is ook twee kante oor die Algemene Sinode besluit van 2019. Mense wat die besluit verwelkom en mense wat glad nie saam met die besluit gaan nie.
As ons bietjie dieper in die terugvoer delf:
• Aan die een kant 'n groepering wat die Bybel tekste letterlik opneem en dit duidelik maak dat SGV sonde is en nie toegelaat kan word nie.
• Aan die ander kant is daar 'n groepering wat ruimte skep in die interpretasie van die teks …
• Uit die terugvoer ook duidelik dat daar 'n groot groep is wat hulself nie aan een van die twee (uiterste) kante bevind nie, maar soek vir middelgrond. Luister oor 'n paar koppies koffie het veral uitgewys dat baie afgevaardigdes nie aan een van die twee kante tuis is nie. Maar dalk juis vra dat die konteks heeltyd verreken moet word …
• SGV is nie 'n belydenis saak nie. Vir ander wel.
• Daar is 'n definitiewe vraag na hulp vanaf die kerk se kant vir duideliker riglyne en antwoorde … (soos een tafel dit verwoord het: "Daar word geen definitiewe besluite geneem nie. Alles hang in die lug.")

Die Moderamen het hierdie terugvoer in April 2022 kortliks bespreek en besluit om dit as deel van die groter gesprek oor Skrifgesag, die belydenis verstaan van die NG Kerk Vrystaat, en kerkverband te hanteer. Dit het daarom by al drie Streekkonferensies van November 2022 aan die orde gekom en is dit ook in aanbevelings aan die Buitengewone Sinode van April 2023 opgeneem.

Hier moet daar wel in ag geneem word dat die Vrystaatse Sinode in 2017 nie selfdegeslagverbintenisse goedgekeur het nie (ná die besluit van die Algemene Sinode 2015 en die omkering daarvan in 2016), en besluit het om 'n taakspan aan te wys wat 'n verdere geloofsonderskeidende proses in die Vrystaat sou fasiliteer om tot groter helderheid oor menslike seksualiteit – ook homoseksualiteit en SGV – te kom. Hierdie taakspan het nie op die been gekom, en is die gesprek onder andere vanweë die ontwrigting van die Covid-pandemie nooit voortgesit nie.

Sien verder by punt 4.7, en punte 5.1 en 5.2 hieronder.
Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

4.7 KERKVERBAND EN ARTIKEL 37 VAN DIE KERKORDE

Die Sinode van 2022 het ná die ontvangs van 'n hele aantal beskrywingspunte in dié verband (van die Ringe van Smithfield en Heilbron, asook gemeentes Marquard, Kestell, Petrus Steyn, Bloemvallei, Leeuwberg), die volgende besluit geneem:

1. Die Sinode besluit dat al bogenoemde beskrywingspunte voldoen aan die kerkordelike vereistes soos vervat in die Vrystaat se Reglement van Orde en gevolglik ontvanklik is vir die vergadering.
2. Die Sinode neem kennis dat, ten spyte van verskillende motiverings, die kern-aanbeveling by al die beskrywingspunte is dat die Vrystaat Sinode 'n Art 37 besluit moet neem. Sommige stel ook voor dat die Vrystaat Sinode met onmiddellike effek uit die verband met die AS tree.
3. Die Sinode is bekommerd dat ons tans nie voldoende inligting rakende gemeentesienings, prosedures asook implikasies het om onmiddellik so 'n besluit te neem nie.
4. Die Sinode versoek die Moderamen om alle inligting ter tafel, en alle besluite deur die Sinode geneem wat daarop betrekking het, in oorleg met die Taakspan, en die reg tot koöpsie, 'n inligtingstuk oor Artikel 37 en kerkverband saam te stel en dit na gemeentes en Ringe vir bespreking te verwys, met terugvoer na die Moderamen voor September 2022.
5. Op grond van die terugvoer, word die Moderamen dan versoek om te besluit oor die noodsaak om voor die volgende sitting van die Algemene Sinode, 'n buitengewone sitting van die Vrystaatse Sinode saam te roep.

Voorsteller: Ds AJJ Stander
Sekondant: Dr GP Botha

By sy eerste vergadering in April 2022 het die Moderamen hierdie besluit bespreek, en 'n inklusiewe Studiegroep Kerkverband uit alle groeperinge saamgestel om die verdere inligting hieroor in te samel en die Moderamen dan te adviseer – die Studiegroep het bestaan uit:

• Interimkomitee (IK): Ds JJ Lubbe, drr D Botes en L Foot, di A Potgieter en C Weideman
• STK: Dr B Celliers en ds G Roux
• Tydelike Taakspan 2021: Di P Prinsloo en D du Toit
• Moderamenlede: Di G Oosthuizen en E Nolte, en oudl W Ellis

Hierdie studiegroep het deur die loop van 2022 en 2023 verskeie vergaderings gehad en uiteindelik die kernspan geword wat die besluite van die 2022-Sinode oor Skrifgesag en -vertolking, ons belydenisgrondslag, teologiese opleiding en SGV, en die studieverslae wat daaroor uitgebring is (sien hierbo 4.4, 4.5 en 4.6)

byeengetrek en reëlings vir die Streekskonferensies in November 2022 (in Kroonstad, Bloemfontein en Betlehem) getref het. Die program en inligtingsbundel vir die konferensies is deur hierdie span saamgestel, en is die volgende temas hanteer:

• "Hoe behoort ons met mekaar te praat in tye van meningsverskil?" (Willem Ellis)
• "Hoe moet ons verskille in ons lees van die Skrif en belydenis verstaan? (Leon Foot)
• "Waarom voel sommige gemeentes so sterk om uit die verband te tree?" (Pieter Prinsloo)
• "Wat beteken Artikel 37 en uittrede uit die Algemene Sinode?" (Christo Weideman)
• "Oop Gesprek: Is alle weë uitgeput/wat van 'n welwillende weg?"

'n Artikel oor hierdie Streekskonferensies het onder die titel "Nie van hoorsê, Here" in die Vrypos van 11 November 2022 verskyn, te lese by:

https://drive.google.com/file/d/1b5JKJjzwAaxyAi-uusQXzEwfuFjy-Yk8L/view
In essensie het die toeligting oor Artikel 37 op die volgende hoofpunte neergekom:

Artikel 37 van die Kerkorde van die NG Kerk *lui: "Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig."*

• Dat die "samestellende kerke" ter sprake nie afsonderlike gemeentes is nie, maar "sinodes" of dan "kerke" soos die NG Kerk Vrystaat (NGK VS);
• Dat "behoud van regte en voorregte" verwys na wat in Artikel 35 in die Kerkorde uiteengesit is, maar ook 'n gesprek oor eiendomme en fondse sou moes insluit;
• Dat die frase "so 'n stap voor God en in die lig van sy Woord kan regverdig", 'n teologiese vereiste aan 'n Artikel 37-besluit stel, en nie bloot geografiese- of prakties/organisatoriese kategorieë of net 'n kerkregtelike proses nie; dit lê dus op die vlak van Artikel 1 van ons Kerkorde oor die Skrif en ons gereformeerde belydenisgrondslag; en
• Dat daar 'n verskeidenheid van standpunte onder gemeentes, leraars en lidmate in die NG Kerk Vrystaat oor die noodsaak, wenslikheid en implikasies van 'n Artikel 37-besluit leef.

Die Moderamen het tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n verskeidenheid van standpunte onder gemeentes, leraars en lidmate van die NG Kerk Vrystaat oor 'n Artikel 37-besluit leef, wat as volg saamgevat sou kon word:
• Daar is gemeentes wat kennis gegee het dat hul doleer ("treur" oor sinodale besluite) en vra vir 'n uittrede van die NG Kerk Vrystaat uit die verband met die Algemene Sinode;
• daar is gemeentes wat doleer, uit verband met die Algemene Sinode wil tree of indien nodig, dan ook uit verband met die NG Kerk Vrystaat;
• daar is gemeentes wat doleer, maar wat nie noodwendig uit verband met die Algemene Sinode wil tree nie;
• daar is gemeentes wat nie doleer nie, maar ook nie met die 2019-besluite van die Algemene Sinode oor gay-verbintenisse saamstem nie;
• daar is gemeentes wat nie doleer nie en vir hulself ruimte vind binne die Algemene Sinode se 2019-besluit hetsy of hul daarmee saamstem of nie;
• daar is wel lidmate in hierdie nie-dolerende gemeentes, wat nie met 2019-besluit saamstem nie;
• daar is ook lidmate in dolerende gemeentes wat hulself weer binne die ruimte deur 2019-besluit gegee is, kan vind en leef; en
• dan is daar lidmate in dolerende- en nie-dolerende gemeentes wat hulself nie genoeg ingelig ag òf genoodsaak om gewetensbesluite oor die 2019-besluit van die Algemene Sinode en/of 'n Artikel 37-uittrede te neem nie.

In die lig van hierdie sieninge, het die Studiegroep Kerkverband toe 'n moontlike agenda vir die Buitengewone Sinode van 2023 voorberei, en dit vir goedkeuring aan die Moderamen voorgelê (Maart 2023).

Sien verder hieronder, punte 5.1, 5.2 en 5.3.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

4.8 WEERHOUDING VAN BYDRAES VIR GESAMENTLIKE WERKSAAMHEDE DEUR GEMEENTES WAT DOLEER

Die Sinode van 2022 het kennis geneem dat teen die boekjaar 202/21 meer as 'n R1 miljoen in sinodale bydraes deur gemeentes wat doleer, teruggehou is, en dat dit druk op die begroting van die NG Kerk Vrystaat plaas. Die Sinode het gevolglik 'n besluit in dié verband goedgekeur:

Die Sinode besluit dat leraars en kerkraadslede van gemeentes wat nie hul sinodale bydraes betaal nie en wat op taakspanne of kommissies dien, nie vir reiskoste of vergoeding vir ander uitgawes kwalifiseer nie. Aangesien hul kerkrade nie bydra tot die Sinodale begroting nie, word diegene aangemoedig om hul reis-en verblyfkoste by hul kerkrade te eis. Hierdie voorstel benadeel nie gemeentes wat weens finansiële oorweging spesiale reëlings met die Sinode getref het nie.

Voorsteller: Ds A Meiring
Sekondant: Dr LM Foot

Die Moderamen het hierdie besluit vir verdere besinning en implementering aan die IK en Raad vir Ondersteuning opgedra, en dit is met individuele gemeente- of ringsbesoeke ook bespreek. Dit is op verskeie stadiums in die afgelope termyn van die Moderamen weer ter sprake gebring, maar aan die einde van die boekjaar 2025 was daar steeds 18 gemeentes wat doleer en om daardie rede nie 'n pro rata-bydrae aan die Vrystaatse Sinode oorbetaal nie.

Vir meer besonderhede hieroor, sien die **Verslag van die Raad vir Ondersteuning.**

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

4.9 BESLUITE OOR TEOLOGIESE OPLEIDING

Die 54ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat het in Maart 2022 ná die **Verslag van die Kuratorium**, 'n uitgebreide tafelgesprek oor teologiese opleiding gevoer, en die uitkoms daarvan is na die Kuratorium vir verdere besinning oor deurgegee.

Die Sinode het drie addisionele besluite oor teologiese opleiding geneem:

Eerstens is besluit om 'n tydelike taakspan saam te stel, bestaande uit di. PGJ Prinsloo, D du Toit, RCH Kemp, AP van Zyl en G Roux om in samewerking met die Seminarium en die Algemene Kuratorium 'n verslag op te stel waarin alle aspekte verbonde aan 'n (nuwe) ooreenkoms met teologiese instansies vir opleiding vervat sou wees. Ander instellings as (net) die UV sou uitgenooi word om ook inligting oor hul opleiding aan hierdie taakspan voor te lê. Alhoewel daar nie van hierdie taakspan verdere terugvoer ontvang is nie, het die gemeente Welkom-Wes in Mei 2025 'n soortgelyke versoek aan die Moderamen gerig, wat goedgekeur is en het 'n nuwe tydelike taakspan onder leiding van dr D Botes inligting oor teologiese opleiding van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en spesifiek die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) bekom. In Januarie 2026 het hierdie taakspan hul bevindinge onder sewe punte aan die Moderamen voorgelê, en is dit na die Kuratorium vir opname in hul verslag aan die Sinode deurgegee.

Tweedens het die Sinode van 2022 besluit om aan 'n groep besorgde lidmate onder leiding van ds PGJ Prinsloo geleentheid te gee om 'n vraelys vir teologie dosente saam te stel, en aan die Algemene Kuratorium deur te gee vir verspreiding onder dosente, en "waarvan die antwoorde in die openbare domein beskikbaar sal wees." In September 2022 is die vraelys van ds Prinsloo ontvang en na die Algemene Kuratorium deurgegee, wat dit in April 2023 by hul gewone vergadering hanteer het, maar besluit het dat dít nie die wyse is waarop navrae aan dosente hanteer behoort te word nie; klem is gelê op persoonlike ontmoetings op die basis van 'n vertrouensverhouding, of dan handelinge volgens die goedgekeurde Protokol vir gesprekke met dosente sou daar 'n klagte oor die opleiding ontstaan of ontvang word. Hierdie kwessie is ook verwys na die Buitengewone Sinode van April 2023.

Derdens het die Sinode van 2022 'n voorstel ter afkeuring van die "Queering the Prophet"-konferensie by die Fakulteit Teologie in Stellenbosch ontvang en dit na die Algemene Kuratorium met verslag aan die Moderamen, verwys. Dit is by die Algemene Kuratorium saam met bogenoemde punt oor gesprek met spesifieke dosente hanteer, en is besluit om te volstaan met die verklaring van die Wes-Kaapse Kuratorium op 18 Februarie 2022. Die Vrystaatse Kuratorium het die unieke rol en integriteit van akademiese rolspelers erken, maar ook gestel dat hierdie konferensie en die reaksie daarop, die noodsaak van tydige en openhartige kommunikasie tussen die kerk en akademiese vennote onderstreep het.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

Hiermee is verslag gedoen oor al die direkte opdragte wat deur die 54ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat aan die Moderamen vir die termyn 2022-2026 gegee is. Van daardie sake het verder ontwikkel in die afgelope termyn, en daaroor word vervolgens terugvoer gegee.

5 BESINNING OOR EN PROSESSE RAKENDE DIE VERBAND VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

Die proses waardeur die Moderamen die opdragte van die 2022 Sinode rakende Skrifgesag (4.4 hierbo), belydenisgrondslag (4.5), SGV (4.6) en Artikel 37 (4.7) hanteer het, het uitgeloop op twee opeenvolgende buitengewone sinodesittings, asook 'n breër besinningsgesprek in die NG Kerk Vrystaat die afgelope termyn, en word die volgende momente en besluite daaruit genoem:

5.1 BUITENGEWONE SINODE 2023

Die Moderamen het in Januarie 2023 besluit om in die lig van die werk wat deur die onderskeie studiegroepe gedoen is en die uitkomste van die Streekskonferensies in November 2022, 'n Buitengewone Sinode vir 18 April 2023 by die Universitas Geloofsentrum te belê. Alle reëlings is soos gebruiklik getref, alle gemeentes is uitgenooi en die agenda soos deur die Studiegroep Kerkverband en die Moderamen voorberei, is betyds aan alle afgevaardigdes deurgegee.

Uit die ervaring sedert Maart 2022 opgedoen, het die Moderamen die volgende merkers vir hierdie besluitnemingsproses aangedui, en as deel van die agenda na gemeentes gekommunikeer:

a) 'n Besluit van die NGK VS by die buitengewone sinodesitting in April 2023 moet aan al hierdie groeperinge in en tussen gemeentes in die Vrystaat, 'n welwillende weg vorentoe bied; 'n weg waarop nie gewetensdwang nie, maar geloofsonderskeiding die deurslag vir elkeen en ons kerkverband sal gee.
b) Die weg waarna ons soek, is in die eerste instansie 'n Vrystaatse weg, dit wil sê ons wil hiermee die konteks waarin ons as Vrystaatse gemeentes ons bevind en hoe dit met ons gemeentes en hul bedie- ning gesteld is, ernstig en in die lig van God se Woord opneem.
c) Ons is dit met mekaar eens dat hierdie hele proses gepas en ordelik moet verloop (1 Korintiërs 14:40), en daarom nie uitgelewer moet word aan individuele voorkeure of druk of dreigemente van enige kant af nie, maar op 'n ooreengekome kerklike wyse na die welwese van die NG Kerk in die Vrystaat moet soek, en juis daardeur ook 'n getuienis sal lewer na die konteks en tyd waarin ons ons bevind.
d) Dit is ook duidelik dat gegewe die grondwetlike- en juridiese bestel waarin ons as NGK VS ons bevind, sodanige besluitnemingsproses oor Artikel 37 en die uitvoering daarvan van meet af aan getrou sal moet bly aan die aard en wese van die kerk as instelling, die nakoming van haar eie reëls en die sogenaamde universitas-beginsel wanneer dit oor eiendomme, fondse, voorregte en verpligtinge gaan.
e) Bogenoemde oorwegings het ons des te meer laat besef dat hierdie proses egte geloofsonderskeiding vra en daarom in die gees van gebed moet verloop; die Kerk is nie ons s'n nie; ons behoort aan Christus, wie se liggaam hier gestalte aanneem en ons moet in afhanklikheid na Sy leiding soek; waar ons nie seker is nie, moet ons verder wag, bid en luister.
f) Gegewe die uitdagings wat die soeke na so 'n welwillende weg aan ons stel, maar ook die tyd tot ons beskikking en veral onsekerheid oor al die implikasies ánderkant 'n Artikel 37-besluit, voorsien die moderamen dat die buitengewone sinodesitting in April hoofsaaklik 'n prosesbesluit sal kan neem en dat daar 'n "grasietydperk" ná 18 April 2023 voorsien moet word vir verdere uitklaring van besonderhede en prosedures asook die implikasies van nuwe besluite van die AS ná Oktober 2023, sodat gemeentes in die loop van 2024 en die NGK VS in 2025, goed ingeligte en verantwoordelike besluite oor hul toekoms sal kan neem.

Op 18 April 2023 het 306 afgevaardigdes uit 142 gemeentes vir hierdie Buitengewone Sinode byeengekom; nege gemeentes het weens praktiese omstandighede nie 'n afgevaardigde gestuur nie, en een gemeente omdat hulle doleer. Die vergadering is met 'n liturgie en oordenking uit Eksodus 40 oor die teenwoordigheid en leiding van die Here by sy volk geopen, en hoe hulle geleer het om met 'n ingesteldheid van afwagting op die beweging van die "die wolk" hul weg deur die woestyn te vind. In die agenda was al die beskrywingspunte wat in Maart 2022 voor die Sinode gedien het, weer gebundel, asook die verslag van STALS, die aanbevelings van die Studiegroepe en advies van die STK oor al die opsies wat voor die Sinode was.

Teen hierdie agtergrond, is daar ses opsies aan die Sinode voorgehou, elk kortliks verduidelik en met kerkregtelike advies deur die STK toegelig:

A. Dat die Sinode van die NG Kerk Vrystaat nie (nou) 'n besluit in terme van Artikel 37 neem nie (maar wag tot ná die volgende Algemene Sinode, 2023).
B. Dat die Sinode nie 'n besluit in terme van Artikel 37 neem nie, maar die Algemene Sinode versoek om Artikel 32 van die Kerkorde te wysig sodat dit voorsiening sou kon maak vir die stigting van 'n afsonderlike teologies-kategoriale (elfde) sinode van die NG Kerk òf vir die omskepping van een van die bestaande (tien) sinodes in 'n teologies-kategoriale sinode.
C. Die Sinode besluit om in geheel uit algemene sino-

dale verband te tree op grond van beskrywingspunte wat in Maart 2022 uit gemeentes en ringe ontvang is en kragtens Artikel 37, en begin daarmee 'n proses om kerklike eenheid in die Vrystaat te herstel.
D. Die Sinode besluit om in beginsel tydelik òf ten dele kragtens Artikel 37 uit algemene sinodale verband te tree, die Algemene Sinode te versoek om Artikel 32 te wysig sodat 'n teologies-kategoriale sinode tot stand kan kom, en die Vrystaatse Sinode dan in twee verdeel waarvan een as NG Kerk Vrystaat weer terug in verband met die Algemene Sinode sou kon tree en die ander Vrystaatse Sinode as selfstandige, teologies-kategoriale sinode sou kon voortgaan.
E. Die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 uit algemene sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode van Oktober 23 in gesprek te tree (en haar standpunte oor 'n aantal sake aan dié AS voor te lê).
F. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie.

Nadat al die opsies in ringsgesprekke tydens die sitting én in 'n oop debat bespreek is, en daar opnuut geleentheid vir gebed gegee was, het die Sinode **Opsie E verkies**, en het die volledige besluit van die Sinode as volg gelui:

Die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 in gesprek te tree, en
1. haar standpunt ten opsigte van die Skrif en ons belydenisgrondslag as 'n gereformeerde kerkverband (soos gestel in besluite van die Sinode in Maart 2022 geneem) aan die Algemene Sinode deur te gee;
2. haar standpunt ten opsigte van sake soos in die genoemde beskrywingspunte van Maart 2022 geopper – ten opsigte van die huwelik, selfdegeslagverbintenisse en menslike seksualiteit; ten opsigte van die Bose; en ten opsigte van teologiese opleiding – by wyse van 'n beskrywingspunt(e) soos in BYLAAG 19 uiteengesit, aan die Algemene Sinode oor te dra;
3. in die lig van hierdie standpunte van die NG Kerk Vrystaat (punt 1 en 2 hierbo), die Algemene Sinode te versoek om genoemde ter saaklike besluite van 2019 en vroeër in heroorweging te neem;
4. binne die ruimte van die Kerkorde (Artikels 23 en 35) opnuut haar verhouding met die Algemene Sinode uit te klaar en dié in Oktober 2023 te versoek om oor die toekomstige funksionering van ons algemeen sinodale kerkverband te herbesin;
5. verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oop sien om verder met die teologiese standpuntstelling van die Algemene Sinode geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo uitgespel (punte 1 tot 4) nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul binne 'n afsienbare grasietydperk en op kerkordelike wyse toe te laat om dan "met die behoud van regte, voorregte, besittings, naam" (sou alle lidmate daartoe toestem), uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree.

Hierna het die Sinode voortgegaan en kortliks twee bylaes bespreek waarin die bogenoemde teologiese standpunte uiteengesit is, en het die Sinode toe Bylaag 19 (2023) verkies, wat as volg gelui het:

Die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode van Oktober 2023 in gesprek te tree en dit aan die Moderamen op te dra om by sy vergadering in Mei 2023, 'n uitgebreide beskrywingspunt aan die komende Algemene Sinode te finaliseer en deur te gee, met die volgende strekking:

1. Die NG Kerk Vrystaat bely dat die Bybel die Skrifgeworde Woord van God is, wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word en daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol (NGB Art. 3, 5, 7);
2. bely voorts dat ons die geskrewe Woord van God lees in samehang met hoe God Homself bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge (NGB Art. 2); in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes 1:1-14, NGB Art. 10); en omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan inderdaad "van God is (Johannes 16:13-14, NGB Art. 5); en
3. bevestig dat vanweë 'n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd tot tyd nie net een vertolking van 'n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar na die lig van die Skrif en die boodskap van God daarin aan ons, sy Kerk, te soek.
4. Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil

laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;

5. bevestig dat daar in ons lees en vertolking van die Skrif behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, soos ook in ons lees en vertolking van die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie in ons omstandighede vandag; en

6. is bewus daarvan dat daar by leraars en lidmate 'n behoefte is aan sekerheid en 'n bondige en bevatlike uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons Verlosser in sy persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose.

7. Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat ten opsigte van sake wat in die beskrywingspunte en verslae voor die Sinode in Maart 2022 gedien het, as volg:

8.Dat insake menslike seksualiteit en kwessies rakende seksuele oriëntasie, die huwelik volgens ons vertolking van die Skrif, die Godgegewe veilige ruimte is waarin 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom, en dat ons daarom alle vorme van losbandigheid en promiskuïteit afkeur;

9. dat ons met die lig tot ons beskikking nie selfdegeslagverbintenisse as 'n alternatief vir die huwelik kan aanvaar nie;

10. dat ons diep onder die indruk is van die vernedering en vervreemding wat in die afgelope dekades deur kerklike debatte oor hierdie aangeleentheid meegebring is, en versoek daarom dat dit nie bloot as 'n etiese- of kerkregtelike aangeleentheid hanteer sal word nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God saam wil dien; en

11. versoek daarom die Algemene Sinode van 2023 om die besluit van 2019 oor selfdegeslag-verbintenisse in die lig van bogenoemde (punte 8 tot 10) te vertolk en daarmee te volstaan.

12. Dat insake die inhoud van ons geloofsbelydenis soos uitgedruk in die Apostolicum en spesifiek aangaande God as Skepper, Christus as ons Verlosser – in Sy ontvangenis, verkondiging, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms – en die Heilige Gees as ons Trooster, ons as Sinode dit verstaan in die gees en strekking van hoe die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie dit uitlê en dit in ons gereformeerde tradisie vertolk en in ons eredienste verkondig word;

13. dat wat die Bose en boosheid betref, ons die verskeidenheid van spreke daaroor in die Skrif én in ons belydenisskrifte erken, soos wat dit steeds ook in ons tyd en konteks in verskillende gestaltes manifesteer;

14. dat ons daarom gelowiges wil oproep om te leef as getuies "van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig" (1 Petrus 2:9), en in die woorde van die "Onse Vader" te bly bid dat God ons van die Bose sal verlos – van "ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 52);

15. versoek daarom die Algemene Sinode van 2023 om in besluite oor sake rakende die inhoud van ons geloofsbelydenis en ander aktuele sake, geloofsonderskeidend met die Skrif en ons belydenisgrondslag om te gaan en te waak teen standpunte en uitsprake wat lidmate en leraars hieroor mag verwar; en

16. om daarom die besluite van 2011, 2013 en 2015 oor die Bediening van Bevryding en die Bose in die lig van bogenoemde (punte 13 en 14) te vertolk en daarmee te volstaan.

17. Dat insake teologiese opleiding, ons die kompleksiteite van 'n nuwe konteks vir Hoër Onderwys aan publieke universiteite en in ekumeniese fakulteite vir teologie erken, en óók die besorgdhede wat daar in gemeentes hieroor bestaan met die oog op die opleiding van leraars en bedienaars van die Woord vir ons gemeentes;

18. dat ons opnuut die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat versoek om met groot verantwoordelikheid en getrou aan ons gereformeerde belydenisgrondslag, die vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat so te bestuur dat sowel die akademiese opleiding van teologie studente uit die NG Kerk asook hul kerklike vorming en begeleiding in ons Seminarium, tot volle ontplooiing kan kom;

19. dat ons die Kuratorium versoek om deurlopend by die ontwikkeling van kurrikula en die assessering van studente en die opleiding in geheel, betrokke te bly en aan die kerkverband hieroor verslag te lewer; en

20. dat hoewel legitimasie en akkreditasie van opleiding 'n funksie van die Algemene Sinode is soos deur ons Kerkorde bepaal, ons die Algemene Sinode van 2023 versoek om sinodes soos dié van die NG Kerk Vrystaat as die primêre verantwoordelike liggaam te ondersteun vir die ontwikkeling, plaaslike aanbieding en kerklike begeleiding van teologiese opleiding en -studente vanaf hul eerste jaar van opleiding en in al die diverse bane van opleiding.

21. Dat in sake die toekoms van ons kerkverband, ons vashou aan die belydenis van wat ons glo oor die "een, heilige, algemene Christelike kerk, die ge-

meenskap van die heiliges" soos onder andere uitgelê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21, en dat ons daarom in ons nadenke oor die wese en roeping van die NG Kerk, oor haar bediening in gemeentes en gemeenskappe en haar funksionering in vergaderings én ten opsigte van beplanning vir 'n onsekere toekoms, ons onsself aan dié belydenis sal bly oriënteer en daardeur laat lei; en
22. dat ons daarom die Algemene Sinode van 2023 versoek om haar uitgangspunte, onderliggende kerkbegrip, formuleringe en doelwitte van 'n "toekomsscenario" vir ons kerkverband, in die lig van die Skrif en ons belydenis te heroorweeg.

Die Moderamen het hierdie inhoudelike teologiese standpuntstelling van die Sinode verdeel in ses beskrywingspunte, wat volledig gemotiveer is en na die Algemene Sinode van 2023 deurgegee is:

1) Oor Artikel 37, ons verstaan van kerkverband en om nie uit algemeen sinodale verband te tree nie.
Die Algemene Sinode het soos versoek, van hierdie besluit van die Vrystaat kennis geneem.
2) Oor ons belydenis aangaande die Bybel as Skrifgeworde Woord van God, hoe ons dit in samehang met die volle openbaring van God lees en waarom daar van tyd tot tyd verskille in ons verstaan van die Skrif mag ontstaan, en dat ons daarom geroep is om in die Gees van Christus met mekaar geduldig op weg te gaan (punte 1-3 in besluit hierbo).
Die Algemene Sinode het hierdie beskrywingspunt, met 'n geringe wysiging aanvaar.
3) Oor menslike seksualiteit; die huwelik as veilige ruimte vir 'n lewenslange verbintenis van liefde en trou, respek en versorging; dat alle promiskuïteit en losbandigheid verwerp word; dat selfdegeslagverbintenissie nie vir ons 'n alternatief vir die huwelik is nie; en dat in plaas van vervreemding en vernedering, hierdie kwessie veral pastoraal in gemeentes hanteer sal word (punte 8-11 hierbo).
Die Algemene Sinode het hierdie beskrywingspunt opgeneem in hul hersiening van die 2019-besluit, en tot 'n groot mate die formulering soos deur die Vrystaat voorgestel, aanvaar.
4) Oor ons gereformeerde belydenisgrondslag, en spesifiek ten opsigte van Christus en die Bose, en dat ons die Algemene Sinode versoek om oor aktuele teologiese kwessies wat hiermee verband hou, geloofsonderskeidend in die lig van die Skrif en ons belydenis te handel (punte 4-6 hierbo).
Die Algemene Sinode het hierdie beskrywingspunt aanvaar.
5) Oor teologiese opleiding, wat ons studente/voornemende predikante getrou aan ons sieninge rakende Skrif en belydenis vir die bediening voorberei, gegewe al die komplekse uitdagings van Hoër Onderwys sowel as die vennootskap met die Fakulteit Teologie en Religie as 'n ekumeniese instelling aan 'n publieke universiteit (punte 17-20 hierbo).
Die Algemene Sinode het van hierdie beskrywingspunt kennis geneem en dit na die Algemene Kuratorium vir verdere gesprek verwys.
6) Oor ons kerkbegrip, kerkverband en die toekoms van bediening (sg. "Droomscenario"), en ons keuse vir 'n gereformeerde oriëntasie daarin, soos onder andere deur ons belydenis uiteengesit (punte 21-22 hierbo).
Die Algemene Sinode het hierdie beskrywingspunt aanvaar.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van die Moderamen se verslag oor die aanloop tot en verloop van die Buitengewone Sinode van 2023, die besluite wat daar geneem is en die verdere hantering daarvan.

5.2 BUITENGEWONE SINODE 2024

By sy vergadering van November 2023 – ná afloop van die Algemene Sinode dus – het die Moderamen oor die uitkoms van die Algemene Sinode besin, en vir dié doel ook 10 afgevaardigdes wat die Algemene Sinode bygewoon het, in die gesprek ingenooi (van oral uit die Vrystaat) en na geluister. Terugvoer oor die algemene verloop van die Algemene Sinode was positief, maar het oor die uitkoms van die besluite en beskrywingspunte gewissel. Verder het elf gemeentes skrywes oor die Algemene Sinode aan die Moderamen gerig, en vir verdere duidelikheid gevra oor 'n welwillende weg vorentoe en opnuut vir 'n opvolg Buitengewone Sinode.

Die Moderamen het hieraan uitvoering gegee deur te besluit om 'n tweede Buitengewone Sinode vir 3 Oktober 2024 te belê. In die aanloop daartoe, is weereens met 'n aantal leraars wat vrae oor die Algemene Sinode gehad het, in gesprek getree en is insette van hulle verkry oor die weg vorentoe. In Maart 2024 het die Moderamen ook 'n **"Verklaring van Welwillende Voorneme"** opgestel en dit na alle gemeentes uitgestuur. Dit word by hierdie verslag van die Moderamen aangeheg as **Bylaag A2-10**. Voorbereidings vir die Buitengewone Sinode is deur die Interimkomitee en sinodale kantoor getref, die STK het gehelp met voorbereiding van die Agenda, drie gemeentes het beskrywingspunte ingestuur en die Moderamen het uiteindelik alles goedgekeur.
Op 3 Oktober 2024 het 318 afgevaardigdes uit 140

gemeentes by Kopano Nokeng vir hierdie Buitengewone Sinode opgedaag. Die Sinode is met 'n kort liturgie en Jakobus 1:5 geopen:

"Skenk ons dié wysheid van bó, Here"

Hierna is die verslag van die Moderamen kortliks gestel, waarin 'n tydlyn van die hele proses wat gevolg is sedert Maart 2022 geskets is. Die drie beskrywingspunte wat deur die gemeentes Vrede, Sasolburg-Tuinedal en Pellissier ingestuur is, is een ná die ander toegelig en bespreking daaroor gevoer; dit was alreeds in die agenda ingebind, met advies van die STK oor elk, asook inligting oor die implikasie van die besluit, sou dit deur die Moderamen uitgevoer moes word (die weg vorentoe met elke voorstel). Ná geleentheid vir gebed, is daar oor die beskrywingspunte gestem:

Eerste Beskrywingspunt: NG Gemeente Vrede
'n Voorstel dat die NG Kerk Vrystaat as sinode uit algemeen sinodale verband sal tree kragtens Artikel 37.
Hierdie beskrywingspunt is deur die NG Gemeente Vrede-Wes geamendeer, wat die beginsel van die oorspronklike voorstel behou het, maar dit uitgebrei het om 'n proses vir die uitvoering van 'n uittrede en 'n grasietydperk daarvoor aan gemeentes, in te sluit.
Besluit van die Sinode: Nie aanvaar.

Tweede Beskrywingspunt: NG Gemeente Sasolburg-Tuinedal
'n Voorstel dat die NG Kerk Vrystaat in twee selfstandige sinodes verdeel, en dat gemeentes die geleentheid kry om te kies by watter een van die twee sinodes hulle hulself sou wou voeg – die een in algemeen sinodale verband en die ander daarbuite.
Besluit van die Sinode: Nie aanvaar.

Derde Beskrywingspunt: NG Pellissier
'n Voorstel dat die NG Kerk Vrystaat kies vir die herstel van haar eenheid en getuienis as 'n gereformeerde kerk, deur haar standpunte oor 'n aantal sleutel-kwessies duidelik te stel en haar verhouding met die Algemene Sinode in die lig daarvan te herdefinieer.
Hierdie beskrywingspunt is deur 'n voorstel geamendeer, wat die twee dele van Pellissier se beskrywingspunt gekombineer en die inhoud daarvan behou het, maar die volgorde van punte ná die samevoeging, gewysig het.
Besluit van die Sinode: Aanvaar.
Die besluit van die Buitengewone Sinode 2024 was dus as volg:

Kragtens die oortuiging dat die Kerk van die Here een is, soos begrond vanuit Johannes 17 en Efesiërs 4, en uitgedruk in die Apostoliese Geloofsbelydenis en Geloofsbelydenis van Nicea, asook dat kerkverband 'n uitdrukking van hierdie eenheid tot welwese van die kerk is, herbevestig die NG Kerk Vrystaat sy besluit deur die Buitengewone Sinode van 18 April 2023 geneem om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie en as een sinode te bly groepeer.

Oor die volgende sake wat die afgelope paar jaar in die brandpunt van ons kerklike gesprekke staan, bely en bevestig ons as volg:

1. Rakende die Skrif, ons belydenis en bediening
Die NG Kerk Vrystaat:
1.1 bely dat die Bybel die Skrifgeworde Woord van God is, wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word en daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol (NGB Art. 3, 5, 7);
1.2 bely voorts dat ons die geskrewe Woord van God lees in samehang met hoe God Homself bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge (NGB Art. 2); in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes 1:1-14, NGB Art. 10); en omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan inderdaad "van God is" (Johannes 16:13 -14, NGB Art. 5);
1.3 bevestig dat vanweë 'n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd tot tyd nie net een vertolking van 'n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar te soek na die lig van die Skrif en die boodskap van God daarin aan ons, sy Kerk;
1.4 bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;
1.5 bevestig dat insake die inhoud van ons geloofsbelydenis soos uitgedruk in die Apostolicum en spesifiek aangaande God as Skepper, Christus as ons Verlosser – in sy ontvangenis, verkondiging, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms – en die Heilige Gees as ons Trooster, ons as Sinode dit verstaan

in die gees en strekking van hoe die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie dit uitlê en dit in ons gereformeerde tradisie vertolk en in ons eredienste verkondig word;
1.6 is bewus daarvan dat daar steeds by leraars en lidmate 'n behoefte is aan groter sekerheid en 'n bondige, verstaanbare uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons Verlosser in sy Persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose; en dra dit daarom aan die Moderamen op om moontlikhede te ondersoek waardeur leraars en lidmate in hul persoonlike geloofslewe en bediening in gemeentes, hieroor ondersteun en begelei kan word; en
1.7 bevestig dat daar in ons lees en vertolking van die Skrif en ons belydenisskrifte behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, en, hoewel ons op 'n verantwoordelike wyse hermeneuties van mekaar mag verskil, doen die Sinode 'n beroep op alle leraars om hulle opnuut te verbind aan die Bybel as die gesagvolle Woord van God, ons gereformeerde belydenis, hul legitimasie-eed en die leiding van die Heilige Gees in dit alles (soos ook hierbo in punte 1.1-1.6 uiteengesit), en bevestig die Sinode dat diegene wat hulle nie hou aan hierdie belydenis of aan ons ooreengekome kerkordelike reëlings vir die bediening daarvan nie, hulself blootstel aan prosesse van onderlinge opsig en tug soos in die Kerkorde uiteengesit.

Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat soos in April 2023, ten opsigte van sake wat in die beskrywingspunte en verslae voor die Sinode van die NG Kerk Vrystaat in Maart 2022 gedien het, as volg:

2. Rakende menslike seksualiteit
Die NG Kerk Vrystaat
2.1 getuig dat ons diep onder die indruk is van verwarring, vervreemding en vernedering wat in die afgelope dekades deur kerklike debatte oor menslike seksualiteit meegebring is, en versoek ons daarom dat in ons verdere besinning en bediening hier rondom, dit nie bloot as 'n etiese- of kerkregtelike aangeleentheid hanteer sal word nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, leer ken, respekteer, bemoedig en God saam wil dien;
2.2 getuig dat die Bybel as Woord van God slegs twee geslagte of seksuele identiteite beskryf (naamlik dié van "man" en "vrou" as mekaar se gelykes en geskep tot hulp vir mekaar); dat daar wel ook blyke is van uitsonderings op hierdie reël (wat met groot omsigtigheid, sensitiwiteit en pastorale bewoënheid hanteer moet word); en dat alle mense opgeroep word om ten opsigte van hul seksualiteit rein en verantwoordelik voor God te leef. Uitsonderings bevestig juis die reël, naamlik dat die mens normaalweg óf manlik óf vroulik is.
2.3 bevestig dat die huwelik volgens ons vertolking van die Skrif, die Godgegewe veilige ruimte is waarin 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom, en dat ons daarom alle vorme van losbandigheid en promiskuïteit afkeur; en
2.4 erken dat daar onder ons verskillende sieninge oor selfdegeslagverbintenisse as 'n alternatiewe vorm van 'n permanente verbintenis tussen twee persone bestaan, en versoek ons daarom ter wille van die eenheid van die NG Kerk in die Vrystaat, leraars om nie self hierdie verbintenisse te bevestig nie.

3. Rakende die Bose
Die NG Kerk Vrystaat
3.1 getuig dat wat die Bose en boosheid betref, ons die verskeidenheid van spreke daaroor in die Skrif én in ons belydenisskrifte erken, soos wat dit steeds ook in ons tyd en konteks in verskillende gestaltes manifesteer; en
3.2 roep daarom gelowiges op om te leef as getuies "van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig" (1 Petrus 2:9), en in die woorde van die "Onse Vader" te bly bid dat God ons van die Bose sal verlos – van "ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 52).

4. Rakende teologiese opleiding
Die NG Kerk Vrystaat
4.1 bevestig dat ons die kompleksiteite van 'n nuwe konteks vir Hoër Onderwys aan publieke universiteite en in ekumeniese fakulteite vir teologie erken, asook die besorgdhede wat daar in gemeentes hieroor bestaan met die oog op die opleiding van leraars en bedienaars van die Woord vir ons gemeentes;
4.2 versoek opnuut die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat om met groot verantwoordelikheid en getrou aan ons gereformeerde belydenisgrondslag, die vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat so te bestuur dat sowel die akademiese opleiding van teologie studente uit die NG Kerk, asook hul kerklike vorming en begeleiding in ons Seminarium, tot volle ontplooiing kan kom;
4.3 versoek die Kuratorium om deurlopend by die ontwikkeling van kurrikula, die assessering van stu-

dente en die opleiding in geheel, betrokke te bly en aan die kerkverband hieroor verslag te lewer; en
4.4 bevestig dat die verantwoordelikheid en reg om self te besluit oor die nodige opleiding en ontwikkeling van voornemende bedienaars van die Woord, by die Sinode as sodanig berus en dat, sou dit in die toekoms nodig blyk te wees, die NG Kerk Vrystaat hierdie vennootskaps-ooreenkoms met die Fakulteit Teologie en Religie mag heroorweeg.

5. Rakende ons eenheid en kerkverband
Die NG Kerk Vrystaat
5.1 verbind onsself as leraars en lidmate opnuut aan die belydenis van wat ons glo oor die "een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges" soos onder andere uitgelê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21, en dat ons daarom in ons nadenke oor die wese en roeping van die NG Kerk, oor haar bediening in gemeentes en gemeenskappe en haar funksionering in vergaderings én ten opsigte van beplanning vir 'n onsekere toekoms, onsself aan dié belydenis bly oriënteer en daardeur laat lei;
5.2 verbind ons ons daarmee ook, in die lig van al die voorafgaande paragrawe,
• tot ons onderlinge geloofsgemeenskap met mekaar, as lede van die liggaam van Christus;
• tot ons voorneme om verskilpunte op 'n kerklike wyse in die lig van die Woord van God te hanteer;
• tot ons gesamentlike roeping en werksaamhede van die Sinode Vrystaat; en
• aan al die voorregte, verantwoordelikhede en verpligtinge wat deel is van ons gesamentlike kerkwees hier;
5.3 besluit om
op grond van Artikel 1 van ons Kerkorde, oor die belydenis, aard en orde van die NG Kerk in Suider-Afrika; en
op grond van Artikels 35 en 43 van ons Kerkorde, oor die aard en bevoegdhede van 'n sinode en spesifiek die taak van die Algemene Sinode; en
in lyn met die Verslag van die Taakspan Kerkverband wat in 2019 deur die Algemene Sinode aanvaar is (spesifiek Bepaling 2.3 in die Reglement vir die Funksionering van die Algemene Sinode – Reglement 1, 2023) dat die Algemene Sinode nie 'n voorskriftelike sinode is nie; en
in die lig van 'n geneigdheid by tye of in sekere sake die afgelope dekades om nie deurgaans in die gees van hierdie onderlinge ooreenkoms met mekaar te handel nie;
die Algemene Sinode te versoek om
5.3.1 haar gesag in gevolge Artikel 43 af te baken om slegs bindende besluite te kan neem oor sake wat vir die kerkverband in geheel van belang is, naamlik die belydenisgrondslag; Kerkorde-artikels en reglemente (waar van toepassing); vereistes vir die opleiding en bevoegdheid van die predikante, diens- en standplaasleraars en bedienaars; liturgiese grondlyne; amptelike Bybelvertalings en sake wat sy nasionale en internasionale ekumeniese opdrag raak, en die Kerkorde sodanig te amendeer;
5.3.2 in enige ander saak as dit wat onder punt 1 sorteer en wat ingevolge artikel 43 op sy agenda hoort, slegs adviserende besluite kan neem vir oorweging deur sinodes en die uitgangspunt altyd sal wees om kontensieuse sake in deeglike en tydige oorleg met sinodes en mindere kerkvergaderings te hanteer alvorens tot enige adviese of besluite daaroor gekom word;
5.3.3 in die samestelling en afvaardiging na 'n Algemene Sinode sowel as in die samestelling en funksionering van die Algemene Sinode Moderamen (ASM) en ander algemeen sinodale taakspanne, die beginsel van gelyke en kundige verteenwoordiging uit al die samestellende kerke nagestreef sal word; en
5.4 bevestig die NG Kerk Vrystaat dat sy haar posisie en rol in algemeen sinodale verband in Suider-Afrika, kragtens Artikel 37 van ons Kerkorde sal heroorweeg ("om met behoud van alle regte, voorregte, besittings en naam" uit algemeen sinodale verband te tree), indien die Algemene Sinode nie instem tot die vertolking van ons Kerkorde soos hierbo in 5.1 en 5.3 uiteengesit en versoek is nie; en
5.5 versoek die Sinode die Moderamen om amptelik met die Algemene Sinode Moderamen (ASM) in gesprek te tree oor die verdere implementering van die Verslag oor Kerkverband (2019) en oorweging te skenk aan 'n meer federale uitdrukking van ons kerkverband in ons soeke na eietydse, relevante en roepingsbewuste gestaltes van ons eenheid as familie van gereformeerde kerke in Suider-Afrika.

Met hierdie besluit geneem, was die teologiese posisie van die NG Kerk Vrystaat rakende ál die sake wat reeds van vóór die Covid-pandemie en sedert die 54ste Sinode van die Vrystaat in Maart 2022 in diskussie was, duidelik uitgespel. Skrif, belydenis, getuienis en etiek, sowel as die basiese uitgangspunte vir ons teologiese opleiding, is met mekaar in verband gebring.

Wat oorgebly het, was twee sake:

Wat van gemeentes wat hul ná die Oktober 2024 Buitengewone Sinode "in die minderheid" van die sinode se besluit bevind het?

En, wat van die implikasies van hierdie besluit vir die breër, algemeen sinodale verband en veral ons verhouding met die Algemene Sinode?

Wat die eerste vraag betref, het die Buitengewone Sinode van 2024 besluit om die volgende voorsienings te maak vir gemeentes wat steeds met die sinodebesluite verskil:
1) 'n Appèl, beswaarskrif of versoek om revisie sou deur so 'n gemeente ingedien kon word (reeds bestaande opsie in die Kerkorde; sien Notule van die Sinode, 12.1).
Een gemeente het 'n appèl ingedien (NG Gemeente Bethulie); dit is deur die Moderamen ontvang en in Oktober en November vir hantering na die Algemene Sinode (en ATR) verwys, maar die gemeente kon nie die nodige dokumentasie ter stawing van hul versoek verskaf nie en die aansoek het verval.
2) Die Sinode het 'n opdrag aan die Moderamen gegee om die moontlikhede en werkbaarheid van 'n teologies-kategoriale ring te ondersoek, vir gemeentes wat uit innerlike oortuiging eerder saam met ander eendersdenkende gemeentes in 'n nie-geografiese ring gegroepeer sou wou word (Notule, 12.2). Hierdie moontlikheid is na die STK verwys, en in Januarie 2025 verder hanteer – sien hieronder terugvoer daaroor.
Een gemeente – Kroonstad Moedergemeente – het direk ná die Sinode 'n skrywe aan die Moderamen gerig en versoek dat hierdie ruimte in 'n teologies-kategoriale ring vir hulle geskep sou word.
3) Die moontlikheid dat 'n gemeente by 'n ander sinode sou kon inskakel, aangesien Artikel 32 van die Kerkorde deur die Algemene Sinode gewysig was, is ook deur die Buitengewone Sinode goedgekeur en reëlings oor daardie proses is deur die ATR en ASM uitgewerk (Notule, 12.3).
Geen aansoeke hiervoor is uit die Vrystaat ontvang nie, maar een gemeente uit die Wes-Kaap – Porterville – het die Moderamen genader met 'n versoek om by die Vrystaatse Sinode in te skakel. Daardie proses is deur die Moderamen begelei – sien hieronder meer besonderhede.
4) Die moontlikheid dat – omdat die Sinode/NG Kerk Vrystaat geen gewetensdwang op enige lidmaat, kerkraad of leraar wil uitoefen nie – die Moderamen & STK 'n weg sou uitwerk waarop 'n minderheidsgroep of -gemeente uit verband met die NG Kerk Vrystaat sou kon tree, deur –

• 'n gemeentevergadering waar die Moderamen geleentheid kry om vrae aan te hoor en inligting te gee (vooraf, skriftelik, mondeling, in gees van "Welwillende Voorneme");
• ná so 'n gemeentevergadering en onder begeleiding van die Ring, kry lidmate in 'n geslote stemming geleentheid om hul voorkeure hieroor uit te druk (sou hul dus die NG Kerk wou verlaat of nie);
• sou 'n tweederde meerderheid van lidmate besluit om uit te tree, kry die res van die gemeente (33% of minder) geleentheid vir ses maande om by òf 'n buurgemeente in die dorp of stad aan te sluit, òf word daar dan op grond van hul getal, 'n pro rata-aandeel uit die fondse en eiendomswaarde van die gemeente aan hul besorg ten einde hul in staat te stel om weer met 'n eie bediening voort te kan gaan;
• en word daar dus langs hierdie weg ooreengekom om die universitas-beginsel op 'n billike en bedagsame wyse te honoreer teenoor alle lidmate, ook dié in die minderheid in die gemeente;
• die uittrede sou dan kon geskied met behoud van regte en voorregte ens, maar nie met die naam "Ned Gereformeerd" (NG) nie, en word die uittredende gemeente versoek om so spoedig moontlik ooreenkomstig Art. 28 van die NGB by 'n ander kerkverband van oortuiging aan te sluit;
• en dat hierdie hele proses deur die Ring begelei sal word, met kennisgewing uiteindelik aan die Moderamen en 'n volgende Vrystaatse Sinode.

Die Sinode het ook hierdie opsie goedgekeur, en die Moderamen en STK het dit ondersoek, maar in Maart 2025 tot die gevolgtrekking gekom – ook ná advies van die ATR – dat dit nie wenslik en uitvoerbaar sou wees nie. Gevolglik is daar van so 'n moontlikheid afgestap.

Wat die hervertolking van die verband van die NG Kerk Vrystaat met die Algemene Sinode betref, het die Moderamen die STK versoek om opsies hieroor ("hervertolking") te ondersoek en met moontlike voorstelle terug te kom. Sien hieronder by punt 5.5 verder.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van die Moderamen se verslag oor die aanloop tot en verloop van die Buitengewone Sinode van 2024, die besluite wat daar geneem is en die verdere hantering daarvan.

5.3. VOORTGAANDE GESPREK MET GEMEENTES EN RINGE, 2023-2026

Die Moderamen het aan die IK opdrag gegee om in die loop van die prosesse rondom ons kerkverband – op versoek van gemeentes, na aanleiding van skrywes aan die Moderamen, tussen die Buitengewone Sinodes ens.

– soveel as moontlik na gemeentes waar daar vrae was, uit te reik.

Gemeentes wat deur die IK of -lede besoek is (22), sluit in Bainsvlei, Berg-en-Dal, Brandfort,Bultfontein-Oos, Clocolan, Deneysville, Heuwelkruin, Hoopstad, Kroonheuwel-Noord, Meyerhof, Oranjeville, Parys, Parys-Oos, Petrusburg, Petrus Steyn, Philippolis, Reitz, Theunissen, Vanstadensrus, Vierfontein, Wepener en Winburg.

Pogings om ook die gemeentes Heilbron-Suid en Betlehem-Noord te besoek, het nie gerealiseer nie, en daar was ook nie konstruktiewe vordering in 'n gesprek met die gemeente Gardeniapark deur die Ring van Bloemheuwel nie. Drie gemeentes wat ten tyde van die 2022 Sinode doleer het, het die Moderamen deur die afgelope termyn ingelig dat hul besluit het om dit te beëindig en weer voluit by hul ringe en die kerkverband in te skakel.

In Januarie 2024 het 'n "Getuienis van 45 Predikante" onder leiding van dr L Foot (toe skriba van die Moderamen) waarin hulle in hul persoonlike hoedanigheid Christelike oortuigings stel en 'n pleidooi vir 'n respekvolle gesprek daaroor in die NG Kerk Vrystaat gelug het, in die media verskyn. Dit was duidelik dat daar 'n verdeling onder predikante hieroor bestaan, frustrasies is uitgespreek en navrae uit vier gemeentes en uit die Ring van Heilbron hieroor, is deur die Moderamen hanteer.

Benewens die gewone besoeke aan Ringsittings elke jaar deur lede van die sinodale kerkkantoor (en IK) waarby van hierdie sake ook ter sprake gekom het, het die IK in 2025 al 16 ringsittings in die NG Kerk Vrystaat bygewoon en is alle vrae wat daar oor ons kerkverband geopper is, hanteer.

Die IK se belewenis van hierdie besoeke en gesprekke by gemeentes en Ringe was positief, verhelderend en opbouend, en verslag daaroor is telkens aan die Moderamen deurgegee.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

5.4 TEOLOGIES-KATEGORIALE RING (TKR)

Die Moderamen het aan die begin van 2025 versoeke van drie gemeentes – Kroonstad, Harrismith en Parys-Suid – ontvang om by 'n moontlike teologies-kategoriale ring in te skakel. Op 11 Februarie 2025 is 'n werkswinkel deur die IK en STK met hierdie en enkele ander belangstellende gemeentes gehou, en is die moontlikhede, bedoeling en prosesse deurgepraat. Uiteindelik is 'n beleidsdokument hieroor op 10 Maart deur die Moderamen goedgekeur, met die volgende hoofpunte daarin:

Die Moderamen

1. Bevestig dat daar van drie gemeentes 'n amptelike, skriftelike versoek ontvang is – Kroonstad, Harrismith en Parys-Suid – om by 'n moontlike teologies-kategoriale ring in die NG Kerk Vrystaat in te skakel;

2. besluit dat daar voortgegaan word om hierdie drie gemeentes by te staan in die byeenroep en konstituering van 'n teologies-kategoriale ring waarin hulle hulself geestelik sou kon tuis vind, binne die NG Kerk Vrystaat en ingevolge alle bepalinge van die Kerkorde oor ringe (Artikels 29 tot 31);

3. besluit dat die byeenroep, samestelling en konstituering van so 'n teologies-kategoriale ring, aan die hand van die prinsipiële en praktiese advies van die STK sal geskied, naamlik –

3.1 dat geeneen van die bestaande vyftien geografies-saamgestelde ringe in die NG Kerk Vrystaat nou in 'n teologies-kategoriale ring verander nie, maar dat 'n nuwe ring vir dié doel byeengeroep en gekonstitueer word;

3.2 dat gemeentes wat by so 'n teologies-kategoriale ring (wil) inskakel en die ring self, hulself teologies sal identifiseer of definieer, ten einde duidelik te stel waarom en hoe hulle van ander geografies-saamgestelde ringe onderskei wil word;

3.3 dat die inskakeling van 'n gemeente by so 'n nuwe teologies-kategoriale ring, volledig is (dus kan 'n gemeente nie tegelykertyd met amptelike verteenwoordiging aan twee ringe behoort nie) en dat die gemeente dus in hul nuwe ring in die amptelike werksaamhede van 'n ring soos in Artikel 31 beskryf (31.1, 2, 3, 5, 8, 9, 10 en 11) deel, maar dat sake van 'n meer "gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede" (31.4, 6 en 7) nog in oorleg met die oorspronklike geografiese ring bespreek en onderneem/voortgesit kan word;

3.4 dat dieselfde riglyne wat geld vir die hantering van 'n gemeente wat by 'n ander sinode as hul eie wil inskakel (Kerkorde Artikel 32 ens.), ook in die geval van gemeentes wat by so 'n teologies-kategoriale ring wil inskakel, gevolg sal word, naamlik:

3.4.1 dat die kerkraad van daardie gemeente hul standpunt beredeneer en dit met die gemeente bespreek ('n afkondiging vooraf, uitnodiging na 'n inligtingsgeleentheid, hantering van vrae of terugvoer uit die gemeente), sodat daar verkieslik geen besware daarteen en/of volledige instemming met die voorstel en die implikasies daarvan, by die gemeente sal wees;

3.4.2 dat hierdie bespreking van die kwessie met die

gemeente, die kerkraad sal lei in hul besluitneming hieroor, wat a) met 'n gewone volstrekte meerderheid van stemme in 'n kerkraadsvergadering geneem word, en b) vir approbasie weer aan die gemeente deurgegee word;
3.4.3 dat die kerkraad daarna 'n skrywe aan hul huidige ring rig om dié in te lig oor hul versoek, die motivering daarvoor en hul voorneme om alle praktiese implikasies hiervan, met die ring uit te klaar;
3.4.4 dat die kerkraad dieselfde skrywe aan die nuwe teologies-kategoriale ring deurstuur, sowel as na die moderamen vir kennisname van die versoek en die proses;
3.4.5 dat die kerkraad en die huidige ring of sy gevolmagtigde mekaar ontmoet om die besluit van die kerkraad te bespreek, hul motivering aan te hoor en om oor praktiese kwessies soos gesamentlike projekte, ringsfondse en samewerking in plaaslike verband uitklaring te kry (sien Art. 31.4, 6 en 7);
3.4.6 dat na afloop van sodanige ontmoeting tussen die kerkraad en hul huidige ring, en indien instemming oor alle aspekte verkry is, die ringskommissie dan 'n skrywe aan die moderamen rig waarin kennis gegee word dat aan alle vereistes voldoen is en die ring instem dat die betrokke gemeente oorgaan na die teologies-kategoriale ring;
3.4.7 dat die ringskommissie van die huidige ring, 'n soortgelyke skrywe aan die teologies-kategoriale ring rig met die mededeling dat die betrokke gemeente se aansoek deur die ring goedgekeur is, en 'n versoek dat die teologies-kategoriale ring die gemeente onder hul sorg sal neem;
3.4.8 dat die moderamen by 'n eersvolgende vergadering ná die aansoek ontvang is en alle prosesse afgehandel, die gemeente se oorgang na 'n nuwe teologies-kategoriale ring goedkeur, en daarvan in die kerkverband kennis gee; en
3.4.9 dat eers hierná, die gemeente volledig deel is van die nuwe teologies-kategoriale ring.
4. onderneem om sodra hierdie besluit oor die byeenroep en konstituering van 'n teologies-kategoriale ring goedgekeur is, dit in die Vrystaatse kerkverband bekendgemaak sal word, en dat ander gemeentes wat tot so 'n teologies-kategoriale ring sou wou toetree, dit skriftelik aan die Moderamen moet kommunikeer en hul amptelike aansoek dan volgens die prosedure in par. 3 hierbo, aan die betrokke kerkvergaderinge sal gerig en hanteer sal word;
5. bevestig dat aangesien hierdie 'n nuwe weg vir gemeentes in ons kerkverband open, ter wille van die welwese van ons NG Kerk in die Vrystaat as geheel, dit deur almal met die nodige welwillendheid hanteer sal word en daar nie sprake kan wees van werwing onderling vir of teen bestaande ringe of vir/teen 'n te stigte teologies-kategoriale ring nie;
6. besluit dat die byeenroeping en konstituering van 'n nuwe teologies-kategoriale ring met wedersydse kommunikasie tussen die betrokke gemeentes en ring self, en die Moderamen (namens die Sinode van die NG Kerk Vrystaat) sal verloop, wat insluit die monitering van en verslaglewering oor die verloop van prosesse, ten einde ook behoeftes of uitdagings wat mag ontstaan, gesamentlik aan te spreek (dit sluit die moontlikheid in dat so 'n ring later mag verdeel);
7. bevestig daarmee ook dat hierdie 'n dinamiese proses is, wat van tyd tot tyd geëvalueer sal moet word, en dat die moontlikheid steeds bestaan dat gemeentes ná 'n proeftydperk mag besluit om na hul oorspronklike geografies-gebaseerde ring terug te keer, in welke geval dieselfde prosedure as hierbo by punt 3 uitgespel, gevolg sal moet word; en
8. onderneem om by die volgende Sinode van die NG Kerk Vrystaat in 2026, volledig verslag te lewer oor die verloop van hierdie proses rakende 'n teologies-kategoriale ring(e), die invloed daarvan op die funksionering van ringe in die algemeen in die Vrystaat en in watter mate dit geslaag het om gemeentes langs 'n welwillende weg te help om hul bediening in vryheid, verantwoordelikheid en vrede binne die NG Kerk Vrystaat en ons landstreek te vervul.

Ná die besluit van die Moderamen, is dit in die kerkverband gekommunikeer – ook na die ASM, twee ander sinodes wat advies hieroor verlang het, en gepubliseer in VRYPOS en Kerkbode – en het die drie gemeentes Kroonstad, Harrismith en Parys-Suid ingevolge die goedgekeurde prosedure by hul vorige ringe die nodige gesprekke gevoer en op 13 Junie as die 16e ring in die NG Kerk Vrystaat gekonstitueer. In die IK-vergadering van 27 Junie is daar oor die ringsitting verslag gelewer, en het die IK die volgende punte bevestig, en is dit ook so deur die Moderamen bekragtig:

- dat die doel van die TKR en die prosedures daar rondom onverkort bly soos wat die Moderamen dit goedgekeur het;
- dat 'n gemeente van buite die Vrystaat Sinode nie by die TKR sal kan aansluit alvorens daar nie aan die vereistes en prosedures van Artikel 32 voldoen is nie;
- dat die TKR soos alle ander ringe, 'n verteenwoordiger (leraar) in die Moderamen en in ander sinodale bedieningsrade/taakspanne (soos in die Kuratorium) kan aanwys. Ds Ulrich Uhlhoff het in Augustus 2025 as verteenwoordiger van die TKR by die Moderamen aangesluit.

Twee ander gemeentes het intussen ook deur die prosesse gegaan – Vanstadensrus en Marquard – en is hul by die TKR gevoeg, en is die aansoek van Odendaalsrus in proses (wat beteken dat die TKR uit ses gemeentes bestaan).

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van terugvoer oor die totstandkoming van die Teologies-kategoriale Ring (TKR) en die prosedure soos deur die Moderamen daarvoor goedgekeur, en gee geleentheid vir enige vrae of bespreking rondom die TKR.

5.5 GEMEENTES MET KERKREGTELIKE UITDAGINGS

Nog vóór die Algemene Sinode van Oktober 2023, en in die jaar daarná, het 'n aantal dolerende gemeentes besluit om 'n verdere treë te gee en hul "verband met hul ringe, die NG Kerk Vrystaat en die Algemene Sinode op te skort", en is gelykluidende "Aktes van Opskorting" van hulle ontvang. Uiteindelik was dit die volgende gemeentes:

- Leeuwberg
- Vanstadensrus
- Kestell
- Heilbron-Suid
- Heilbron

Die Moderamen het van hierdie gemeentes se besluite kennis geneem, gepoog om deur die betrokke Ringe met hul in gesprek te tree en advies van die ATR en STK oor die hantering van sulke besluite ingewin. Dit het nie gehelp nie. Teen Augustus 2024 (ná 'n jaar) was daar 21 gemeentes landswyd wat hul "verband met die Algemene Sinode opgeskort" het. 'n "Begeleidende Brief" is in Mei daardie jaar deur die Moderamen aan die betrokke vyf (5) Vrystaatse gemeentes gestuur, waarin basies die volgende uitgangspunte gestel is:

1. Kerklike hantering

1.1 Kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse (Kerkorde Artikel 21). Die Kerkorde maak gevolglik nie voorsiening vir enige afdwingbare mag op lidmate, gemeentes en kerkvergaderings nie. Binne die kerk speel oorreding, oortuiging en konsensus die beslissende rol en word kerklike sake altyd pastoraal hanteer.

1.2 Terwyl die burgerlike hof hierteenoor wel afdwingbare mag het waaraan gehoor gegee moet word, is die verkryging van die regsmenings, die ATR se verslag daaroor aan die ASM en die advies van die ASM aan sinodes, ringe en gemeentes nie bedoel as 'n dreigement tot regsoptrede teen enige iemand nie (sien 1.1 hierbo).

2. Opskorting van die kerkverband

2.1Die Kerkorde is die onderlinge ooreenkoms of kontrak tussen kerkvergaderings wat hulle interne funksionering en verhoudings met mekaar reël. 'n Kerkraad het kragtens hierdie onderlinge ooreenkoms nie die bevoegdheid om die Kerkorde te verander, te ignoreer of bepaalde artikels op te skort nie.

2.2 Implikasies

2.2.1 Opskorting van die kerkverband deur 'n "Akte van Opskorting" (of 'n dergelike optrede) het kerkordelik én gemeenregtelik geen regskrag nie.

2.2.2 Sou 'n gemeente volhard met die narratief dat hulle die kerkverband opskort, doen hulle dit met die wete dat hulle steeds verantwoordelik bly vir al die verantwoordelikhede en verpligting wat hulle (kontraktueel) as deel van die kerkverband het, dat hulle steeds onder die opsig van die ring val, dat al die artikels van die Kerkorde, reglemente en besluite van die Algemene Sinode, sinode en ring steeds op hulle van toepassing is. Die gemeente geniet ook steeds al die voorregte van deel wees van die kerkverband.

2.2.3 Sou 'n gemeente volhard met die narratief dat hulle die kerkverband opskort én terselfdertyd hulleself beskou as 'n onafhanklike gemeente (vgl. die "Aktes van Opskorting" van Leeuwberg, Kestell en Van Stadensrus), beteken dit dat hulle dit doen met die wete dat hulle hulleself buite die NG Kerkverband plaas en dus die NG Kerkverband verlaat, nie verder die naam van NG Kerk kan gebruik nie, geen aanspraak het op die eiendom (roerend en onroerend) wat aan die oorblywende/oorspronklike gemeente (die "universitas") behoort nie, 'n nuwe denominasie tot stand bring of by 'n ander bestaande denominasie aansluit wat die gevolge het dat die predikant sy bevoegdheid in die NG Kerk verloor, nie meer beroepbaar is in die NG Kerk nie, die predikant nie meer deel kan wees van die pensioenfonds nie en lidmaatskap van die NG Kerk verbeur word.

2.2.7 Die ampsdraers in sodanige groep behoort deur die betrokke ring/sinode tot orde geroep te word om binne die kerkordelike bepalings op te tree. Sou die predikant en/of die kerkraad wat so 'n opskorting orkestreer, nie gehoor gee aan die oproep om binne die kerkordelike bepalings op te tree nie, stel hy/sy/hulle, hulle bloot aan optredes soos beskryf in die Kerkorde en reglemente. Diesulkes kan hulle skuldig maak aan onder andere: verbreking van legitimasie eed, oortreding van die gedragskode vir predikante, skeurmakery, haatspraak, laster ens. (vgl. reglement 22:5.1)

2.2.8 In geval waar 'n kerkraad 'n onvermoë toon om binne die kerkordelike bepalings te funksioneer, behoort die ring die toepassing van artikel 22.3 te oorweeg.

2.2.9 In geval waar 'n ring 'n onvermoë toon om binne die kerkordelike bepalings te funksioneer, behoort die sinode die toepassing van artikel 22.3 te oorweeg.

3. Uittreding uit kerkverband

3.1 Die Kerkorde maak geensins voorsiening – uitdruklik of geïmpliseer – vir 'n individuele gemeente om uit die kerkverband te tree nie.

3.2 Uit 'n gemeenregtelike perspektief kan 'n gemeente slegs uit die kerkverband tree indien dit 'n eenparige besluit van al die lidmate van daardie gemeente is.

3.3 Indien 'n groep lidmate wel sou besluit om uit 'n gemeente of die kerkverband te tree - sonder eenparige instemming van al die lidmate - sal die oorblywende lidmate steeds as die oorspronklike gemeente bly voortbestaan, onderhewig daaraan dat hulle wel in staat is om as gemeente voort te gaan (bv. die minimum wat voorgeskryf word of prakties werkbaar is om 'n kerkraad te vorm).

3.4 Implikasies indien 'n gemeente eenparig besluit om uit te tree (wettig)

3.4.1 'n Nuwe gemeente (of denominasie) word gevorm of daar word by 'n ander denominasie aangesluit; die eiendom (roerend en onroerend) word oorgedra in die naam van die nuwe gemeente; die nuwe gemeente/denominasie kan nie verder die naam NG Kerk gebruik nie; Die predikant verloor sy/haar bevoegdheid en beroepbaarheid in die NG Kerk; die gemeente is nie meer 'n deelhebber van die NG Kerk se pensioenfonds nie (die predikant kan wel sy opgeboude fondse in die fonds hou, maar geen nuwe inbetalings kan gemaak word nie, en die predikant kan wanneer hy verkies sy fondse onttrek sonder enige benadeling, en hou dan op om enige bande met die pensioenfonds te hê); die gemeente en predikant geniet nie meer die voordeel om as deel van 'n groep by die mediese fonds ingeskakel te wees nie en sal 'n eie reëling moet tref; alle lidmate wat deel is van hierdie uitgetrede gemeente verloor hulle lidmaatskap van die NG Kerk.

Die ringskommissies van Suid-oos Bloemfontein, Smithfield en Betlehem het met hierdie gemeentes probeer kommunikeer, sonder enige konstruktiewe gevolge – behalwe, die gemeente Vanstadensrus wat in Mei 2025 besluit het om hul "opskorting" om te keer, gesprekke met die Ring van Smithfield weer op te neem en uiteindelik deur die proses gegaan het om by die TKR aan te sluit.

In September 2024, en in die maande daarná, het drie van hierdie genoemde gemeentes – en uiteindelik nog drie ander – verdere besluite geneem, wat hulle verwoord het as dat ná 'n "gemeentestemming", die kerkrade besluit het om "alle kerkverbintenisse en regsverbintenisse met die Ring, Sinode Vrystaat en die Algemene Sinode finaal en volledig te beëindig"; of, "dat (hulle) uit verband tree"; dat hul name verander het (die "NG" is geskrap); en dat hul leraars uit die NG Kerk bedank het:

- Leeuwberg (ds E Botha)
- Kestell (ds D du Toit)
- Sasolburg-Tuinedal (ds P Prinsloo)
- Sasolburg-Fakkel (ds W Burger)
- Heilbron-Suid (ds P Fouché)
- Bethulie (ds R Nel, ná verlies van bevoegdheid)

Die betrokke Ringskommissies, met ondersteuning van die Moderamen en STK, het steeds na hierdie gemeentes probeer uitreik, maar kommunikasie is nie beantwoord nie of afgewys. Mettertyd het dit ook duidelik geword dat in die geval van vier van hierdie gemeentes, daar groepe lidmate was wat nie met die besluite van hul kerkrade en leraars saamgestem het nie, en daarop aangedring het dat hul steeds bediening van die Woord en sakramente ín hul oorspronklike NG Gemeentes wou ontvang – hulle het met die Ringskommissies kontak gemaak, ondersteuning is gebied, regsadvies ingewin en prosesse in dié verband geloods om sake te orden. In die geval van die gemeente Bethulie, is daar ook met litigasie begin – vir meer besonderhede hieroor, sien die **Verslag van die STK.**

Aanbeveling: Die Sinode

1) neem met opregte leedwese kennis van die besluite wat deur die kerkrade van die gemeentes Leeuwberg, Kestell, Sasolburg-Tuinedal en Sasolburg-Fakkel, Heilbron-Suid en Bethulie geneem is, om hulself onkerkordelik uit die verband van die NG Kerk Vrystaat los te maak;

2) betreur die aanloop en omstandighede wat tot sulke besluite gelei het, en erken dat daar nóg meer gedoen sou kon word om met daardie gemeentes oor hul belewenisse en standpunte in gesprek te tree, sou die geleentheid aan die betrokke Ringe en/of die Moderamen gegee gewees het;

3) bevestig dat daar geen druk deur die kerkverband op hierdie gemeentes of kerkrade uitgeoefen was om 'n bepaalde standpunt of posisie in die NG Kerk Vrystaat te aanvaar nie, maar dat hul ruimte gegun was om hul bediening uit te leef en in hul betrokke Ringe tuis te wees òf om dan by die TKR aan te kon sluit;

4) spreek sy teleurstelling uit oor die bedanking van die leraars van die genoemde gemeentes uit die NG Kerk, met die implikasie dat hul daarmee hul bevoegdheid in dié kerkverband verloor het;

5) bevestig nietemin dat besluite wat deur die kerkrade van daardie gemeentes geneem is en wat nie aan die vereistes van die Kerkorde van die NG Kerk voldoen nie, nie wettig is nie en dat hul daarom de jure (regtens) steeds deel is van die NG Kerk Vrystaat, behalwe dat die situasie van daardie gemeentes, hul voorregte en verpligtinge in

die kerkverband geproblematiseer is en dat diegene wat daarvoor verantwoordelik was of daarmee handel, hulself buite die ooreengekome en veilige ruimte van die Kerkorde begeef;
6) bevestig ook dat 'n individuele gelowige in die eerste instansie 'n doop- of belydende lidmaat van die bepaalde plaaslike (NG) gemeente is, en dat sy/haar lidmaatskap 'n bewustelike keuse, belydenis en verbintenis veronderstel waaroor 'n kerkraad nie besluite kan neem namens die betrokke lidmaat anders as deur prosesse soos in die Kerkorde beskryf (bv. deur 'n tughandeling) nie; dat 'n kerkraad dus nie namens 'n lidmaat "uit verband" met die NG Kerk kan tree of bedank, en nog minder so indien daardie lidmaat uitdruklik 'n aanduiding gegee het dat hy/sy nie met die handelinge van die kerkraad hieroor saamstem nie;
7) verklaar dat die identiteit, belydenisgrondslag (Artikel 1 van die Kerkorde) en posisie van die NG Kerk Vrystaat binne breër verband, deur die besluite van die Buitengewone Sinodes van 2023 en 2024 duideliker gestel is, ten opsigte van die Skrif en ons gereformeerde belydenis (hermeneutiek), kerkbegrip en -verband, en etiese kwessies rakende menslike seksualiteit, die huwelik en selfdegeslagverbintenisse, en roep daarom alle leraars, lidmate en kerkrade op om hul bediening binne die ruimte deur hierdie standpunte geskep, met hernieude toewyding en in gehoorsaamheid aan Christus deur sy Woord en Gees, voort te sit;
8) verklaar hiermee opreg dat die eenheid en welwese van al die gemeentes in die NG Kerk Vrystaat van die allergrootste belang is, as 'n kosbare gawe om te koester én as 'n rigsnoer vir ons optrede in woord en daad, omdat dit gaan oor die Liggaam van Christus wat hier onder ons gestalte aanneem, en deur die bediening van sy Woord en Gees vergader, beskerm en onderhou word;
9) verklaar ook dat waar daar verskille in die presiese vertolking van hierdie standpunte mag bestaan, die NG Kerk Vrystaat as sinode, in haar vergaderinge en onderlinge verhoudinge tussen lidmate en leraars kies vir 'n welwillende weg – welwillend teenoor álmal in die gemeentes en kerkverband – waarop ons die versoening in Christus, die eenheid van sy Kerk en onderlinge vrede en liefde geduldig teenoor mekaar moet nastreef;
10) doen daarom 'n beroep op die lidmate en kerkrade van die genoemde gemeentes om terug te keer na 'n ordelike weg vir almal in daardie gemeentes, sodat daar onderlinge versoening en vrede bewerkstellig kan word, en hul weer hul regmatige plek binne die verband en roeping van die NG Kerk Vrystaat kan opneem;
11) onderneem om indien daar enige aanduiding is van die lidmate en kerkrade van daardie gemeentes dat hul die verband sou wou herstel, die betrokke Ringskommissies en die Moderamen bona fide uit hul pad sal gaan om sulke lidmate en daardie gemeentes in so 'n proses te ondersteun en te begelei; en
12) bid daarom dat die Sinode self, alle betrokkenes in watter ander kerkvergaderinge ook, en spesifiek hierdie gemeentes en hul kerkrade die nodige lig, liefde en wysheid van God mag ontvang, om 'n weg terug na mekaar, na die herstel van ons verband en na die gesamentlike vervulling van ons roeping in die Vrystaat, te vind.

5.6 'N HERVERTOLKING VAN DIE "ALGEMEEN SINODALE VERBAND" IN DIE NG KERK

Sentraal in die kerklike debatte van die afgelope tien jaar het die kwessie van kerkverband gestaan. Reeds in 2019 het die Algemene Sinode 'n nuwe "Kerkverbandverslag" aanvaar, waarin sekere wysigings voorgestel en aanvaar was om aan die samestellende sinodes 'n sterker uitdrukking van hul selfstandigheid én ons onderlinge verbondenheid te gee. Twee besluite van 2019 en 2023 se Algemene Sinodes bevestig dit, naamlik dat daar 'n groter mate van verteenwoordiging uit al die sinodes in vergaderinge en taakspanne van die Algemene Sinode moet wees, en dat beleidsaangeleenthede (tipies leer- en aktuele kwessies) wat tot omstredenheid mag lei, eers na die samestellende sinodes vir verdere oorleg verwys sal word. Hierdie 2019-Kerkverbandverslag is intussen deur die ASM in hersiening geneem en word daar vir later vanjaar 'n konferensie oor die tema gereël, met die oog op 'n nuwe verslag wat in 2027 voor die Algemene Sinode sal dien.

Intussen het die NG Kerk in Namibië (NGKN) in Maart 2025 kragtens Artikel 37 uit algemeen sinodale verband getree, en is daar tans onderhandelinge onderweg oor die implikasies hiervan vir lidmate en leraars van die NGKN en die NG Kerk(e) in Suid-Afrika (oor bevoegdheid van leraars, lidmaatskap en sakramentsbediening, wedersydse erkenning ens.). Verteenwoordigers van die Moderamen van die NGKN het reeds in 2023 ook hieroor met die Interimkomitee van ons Moderamen gesprek gevoer.

Dit was daarom nie onverwags dat die Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat in Oktober 2024 twee besluite oor ons kerkverband en die hervertolking van ons verhouding met die Algemene Sinode as vergadering geneem het nie. Die beskrywingspunt van Pellissier (wat so geamendeer en aanvaar is), het hieroor gelui:

5.3 Die Sinode besluit om,
op grond van Artikel 1 van ons Kerkorde, oor die belydenis, aard en orde van die NG Kerk in Suider Afrika;
en op grond van Artikels 35 en 43 van ons Kerkorde, oor die aard en bevoegdhede van 'n sinode en spesifiek die taak van die Algemene Sinode;
en in lyn met die Verslag van die Taakspan Kerkverband wat in 2019 deur die Algemene Sinode aanvaar is (spesifiek Bepaling 2.3 in die Reglement vir die Funksionering van die Algemene Sinode – Reglement 1, 2023) dat die Algemene Sinode nie 'n voorskriftelike sinode is nie;
en in die lig van 'n geneigdheid by tye of in sekere sake die afgelope dekades om nie deurgaans in die gees van hierdie onderlinge ooreenkoms met mekaar te handel nie;
die Algemene Sinode te versoek om
5.3.1 haar gesag in gevolge Artikel 43 af te baken om slegs bindende besluite te kan neem oor sake wat vir die kerkverband in geheel van belang is, naamlik die belydenisgrondslag; Kerkorde-artikels en reglemente (waar van toepassing); vereistes vir die opleiding en bevoegdheid van die predikante, diens- en standplaasleraars en bedienaars; liturgiese grondlyne; amptelike Bybelvertalings en sake wat sy
nasionale en internasionale ekumeniese opdrag raak, en die Kerkorde sodanig te amendeer;
5.3.2 in enige ander saak as dit wat onder punt 1 sorteer en wat ingevolge Artikel 43 op sy agenda hoort, slegs adviserende besluite kan neem vir oorweging deur sinodes en die uitgangspunt altyd sal wees om kontensieuse sake in deeglike en tydige oorleg met sinodes en mindere kerkvergaderings te hanteer alvorens tot enige adviese of besluite daaroor gekom word;
5.3.3 in die samestelling en afvaardiging na 'n Algemene Sinode sowel as in die samestelling en funksionering van die Algemene Sinode Moderamen (ASM) en ander algemeen sinodale taakspanne, die beginsel van gelyke en kundige verteenwoordiging uit al die samestellende kerke nagestreef sal word; en
5.4 bevestig die NG Kerk Vrystaat dat sy haar posisie en rol in algemeen sinodale verband in Suider-Afrika, kragtens Artikel 37 van ons Kerkorde sal heroorweeg ("om met behoud van alle regte, voorregte, besittings en naam" uit algemeen sinodale verband te tree), indien die Algemene Sinode nie instem tot die vertolking van ons Kerkorde soos hierbo in 5.1 en 5.3 uiteengesit en versoek is nie; en
5.5 versoek die Sinode die Moderamen om amptelik met die Algemene Sinode Moderamen (ASM) in gesprek te tree oor die verdere implementering van die Verslag oor Kerkverband (2019) en oorweging te skenk aan 'n meer federale uitdrukking van ons kerkverband in ons soeke na eietydse, relevante en roepingsbewuste gestaltes van ons eenheid as familie van gereformeerde kerke in Suider-Afrika.

In die agenda vir die Buitengewone Sinode het die Moderamen ook reeds 'n gelykluidende voorstel gehad, wat basies daarop neergekom het dat die "verband met die Algemene Sinode hervertolk" moes word, sodat dit moontlik 'n sterker federale karakter sou kon hê. Die IK het in die loop van 2025 – in opdrag van die Sinode – twee keer hieroor met die STK vergader, waartydens 'n aantal kritiese vrae gestel was: "Wat presies is die probleem waarop 'n antwoord gesoek word / waarvan presies wil ons by wyse van spreke 'wegkom'?"

- Is dit 'n vergadering van ± 380 afgevaardigde lede (leraars en lidmate v NGK'e), sy samestelling, bevoegdheid en funksionering?
- Is dit 'n spesifieke besluit (soos oor SGV, 2023/2019) of groep besluite van die AS?
- Is dit ander sinodes (of gemeentes) in die NG Kerk in Suid-Afrika?
- Is dit 'n teologiese rigting(s) in die NG Kerk, waaroor daar 'n ongemak/onbehae leef?
- Is dit ander stemme/kollegas/lidmate in die NG Kerk, elders in die land?

In Augustus 2025 is daar ook 'n aantal briewe van die gemeentes ontvang, om dié versoek om 'n "hervertolking van die verband met die Algemene Sinode" te versterk, van die gemeentes Welkom-Wes, Senekal, Winburg en Kroonstad, en van die Ring van Heilbron en die TKR ontvang; algar het gelui dat daar 'n "stemming onder kerkrade" vóór die komende Sinode van Junie 2026 oor Artikel 37 gehou moes word ("oor of hulle deel wil wees van die Algemene Sinode"). Die Moderamen het dit weer bespreek, maar nie dié versoek goedgekeur nie in die lig van die lang en omvattende proses wat reeds die afgelope drie jaar hieroor gevolg is. 'n Taakspan om verder hieroor te besin, is onder leiding van oudl. Willem Ellis aangewys, en het 'n uitgebreide zoom-gesprek tussen die IK, STK en ander moderamenlede gefasiliteer. In November 2025 is hul verslag ontvang, met vier punte van belang:

a) Dat die implementering van Artikel 37 herondersoek sou kon word, inligtingstukke opgestel en versprei sou kon word en kerkrade dan daaroor sou kon stem, maar dat die tyd hiervoor beskikbaar voor Junie 2026, kostes en die kompleksiteit van die kwessie nie 'n spoedige afhandeling tot gevolg sou hê nie en in elk geval net weer konflikpotensiaal sou verhoog;

b) Dat die besluite van die Buitengewone Sinode van 2024 oor ons kerkverband (en met die Algemene Sinode) rigtinggewend in hierdie kwessie is, en aan uitvoering gegee moet word;

c) Dat die kern van só 'n "hervertolking" op Kerkorde Artikels 42 tot 44 neerkom, wat kundigheid vereis, en

dat die STK en Moderamen daarom hieroor moet besin met die oog op voorstelle aan die Vrystaatse Sinode in Junie 2026 en die Algemene Sinode in 2027; en
d) Dat teen die agtergrond van 'n reeks besluite deur die NG Kerk Vrystaat se jongste aantal sinodes (2022, 2023, 2024) en al die werk wat reeds rondom Artikel 37 gedoen was (al die tyd, energie, debatte, geld en goedgesindheid), dit tyd geword het vir die NG Kerk Vrystaat om af te stap van hierdie tema en dat vrede en groei nou eerder 'n prioriteit moet wees.

Die Moderamen het kennis geneem van die advies van die Taakspan en voortgegaan om die besluit van die 2024-Sinode en 'n versoek om gesprek daaroor na die ASM deur te gee. Dit is in Februarie 2026 daar ontvang, en opgeneem in die beplanning van 'n genoemde konferensie hieroor. Dit is duidelik dat die 2019-Kerkverbandverslag deur die Algemene Sinode van 2027 hersien gaan word.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van terugvoer oor die Moderamen se hantering van 'n besluit oor die "hervertolking van ons kerkverband", asook van die feit dat daar by die ASM 'n soortgelyke proses onderweg is met die oog op die Algemene Sinode van 2027, en gee in die lig daarvan geleentheid vir 'n voorstel hieroor deur die IK en STK (Laatstuk ter Sinode).

5.7 BESKRYWINGSPUNTE OOR KERKVERBAND ONTVANG

Vier beskrywingspunte vir hierdie Sinode is uit die TKR en die gemeente Harrismith oor Artikel 37 en ons kerkverband ontvang, en na die STK vir advies oor die hantering daarvan verwys.

Sien daaroor die **Verslag van die STK**.

Aanbeveling: Die Sinode
1) neem kennis dat die Moderamen na die beste van sy vermoë, uitvoering gegee het aan die besluite en opdragte van die 2022-Sinode oor Artikel 37 en ons kerkverband, en aan die begeleiding van alle prosesse wat daaruit voortgevloei het, sowel as die besinning hieroor met alle lidmate en leraars, gemeentes en kerkrade wat die Moderamen hieroor genader het; en
2) ondersteun daarom die gebed van die Moderamen dat daar nou oor hierdie sake, onderlinge welwillendheid, vrede en 'n nuwe visie vir die NG Kerk in die Vrystaat op haar pad voor die aangesig van die Here, sal aanbreek.

6 VISIONERING

Een van die take wat deur die Sinode en in die Kerkorde aan die Moderamen opgedra word, is visionering, dit wil sê 'n deurlopende proses van geloofsonderskeiding waarin na die Woord en wil van God vir ons lewe, roeping en bediening as NG Kerk in die Vrystaat gesoek word. Dit het in die afgelope termyn van die Moderamen 2022-2026 algaande al meer aandag geniet, en word daarom in 'n afsonderlike Verslag oor Visionering hierby aangeheg – sien **Bylaag A2-1 met bybehorende stukke (A2-2 tot A2-8)**

7 ALGEMENE OPDRAGTE EN WERKSAAMHEDE, EN NUWE SAKE

Die Moderamen het in die termyn van 2022-2026 'n verskeidenheid ander sake hanteer; sommige daarvan voortspruitend uit sy gewone werksaamhede en ander wat nuut op die tafel van die Moderamen beland het.

Vervolgens word kortliks daarvan 'n oorsig gegee.

7.1 IDENTITEIT VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

As verteenwoordigende vergadering wat die belange en identiteit van die NG Kerk Vrystaat tússen sinodesittings elke vier jaar, dra en beskerm, het die Moderamen in die afgelope termyn inisiatief geneem in 'n aantal aksies om die verlede van ons kerkverband te gedenk en vir 'n huidige- en toekomstige generasies te aktualiseer. Hieronder tel die volgende:

- Die herdenking van die Eerste Algemene Kerkvergadering (Sinode) in 1824, twee eeue gelede. Dit is in artikels in VRYPOS toegelig, en die voorsitter van die Moderamen het op 2 November 2024 die Gedenkdiens in die Groote Kerk in Kaapstad gelei (met dieselfde teks as in 1824, ds Meent Borcherds van Stellenbosch).
- In 2025 is die Belydenis van Nicea wêreldwyd in Christelike kerke gedenk, ook hier in Suid-Afrika. By die moderamenvergadering van 10 Maart was dit deel van die openingsliturgie, by die Predikante Saamtrek by Amanzi is daarop gefokus en in artikels in VRYPOS is ook op die teologiese betekenis van hierdie belydenis vir ons dag en tyd ingegaan.
- Dit was in 2024/2025 ook 160 jaar sedert die eerste Sinode van die NG Kerk Vrystaat plaasgevind het, en dit is op verskillende maniere gedenk. Die Moderamen het 'n musiek- en gespreksaand, "*Reflections*" ('n komposisie van die Vrystaats-Kanadese orrelis Jacobus Kloppers) saam met die Odeion Skool vir Musiek (UV) in die Planetarium aangebied. Die Kerkargief het vir 'n uitstalling van ons historiese kosbaarhede

en dokumente uit 1865 gesorg, wat op vier verskillende plekke met predikante en die publiek gedeel was. In samewerking met die Afdeling Kommunikasie in die Kerkkantoor is ‘n reeks video-onderhoude met die ses nog lewende moderators van die Vrystaatse Sinode sedert 1990 opgeneem en versprei (Proff Pieter Potgieter, Piet Strauss, dr Lourens Erasmus, dr Pieter van Jaarsveld, di Helgard Janse van Rensburg en Jan Lubbe). Op Hervormingsondag 2025 het die Ring van Smithfield ook ‘n historiese gedenkdiens in Smithfield gehou, ter herdenking van die besluit in November 1864 om ‘n eie Sinode in die Transgariep te stig.

Uit sulke gedenkgeleenthede groei daar telkens weer ‘n nuwe besef van die identiteit van die NG Kerk Vrystaat as ‘n Christelik-gereformeerde kerkverband, wat ons ook in staat stel om onsself teologies in die hede en ten opsigte van ons roeping te posisioneer. Wie ons is, rig ons in wat ons doen. Dit is byvoorbeeld ook sterk aan die afgevaardigdes uit die Vrystaat na die Algemene Sinode in 2023 beklemtoon, toe die Moderamen hierdie afvaardiging by The Willows voorberei en klem gelê is op ons eie “Vrystaatse” stem. Dieselfde het gebeur waar daar individuele predikante wat hulself met die “Kairos/Koinonia”-beweging geassosieer het, ontmoet en mee in gesprek getree is.

Sien verder oor die identiteit en roeping van die NG Kerk Vrystaat, die **Verslag oor Visionering (A2-1)** en die **Verslag van die Argiefkomitee (I2).**

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

7.2 PUBLIEKE GETUIENIS, EKUMENE EN VERTEENWOORDIGING VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

Die lewe van ons gemeentes en gemeenskappe in die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing en spesifiek die Vrystaat, is by elke vergadering van die Moderamen in oënskou geneem. Die Moderamen het bewustelik gekies om die konteks waarin ons ‘n roeping te vervul het as kerkverband, maar ook as leraars en lidmate ernstig te neem en geloofsonderskeidend te vra na wat God besig is om in hierdie omstandighede te doen.

Voorbeelde hiervan, was in 2022 die uitroep van ‘n Gebedsdag (8 Mei), in die lig van spanninge in ons land post-Covid en die Natalse onrus, ook die vloed in Natal en die groter geo-politieke onsekerheid met die oorlog van Rusland teen Oekraïne, wat net ‘n week voor die 2022-Sinode uitgebreek het. Later daardie jaar het die misbruik van God se Naam in die media ook ter sprake gekom, en is ‘n brief daaroor deur die ondervoorsitter van die Moderamen in die Volksblad gepubliseer. Op Kersdag 2022 was daar ‘n ernstige rassevoorval by Maselspoort vakansieterrein en het die Interimkomitee ‘n kort verklaring daaroor uitgereik, waarin gevra is vir beter begrip van mekaar, onderlinge verdraagsaamheid en ‘n verbintenis aan vrede; dit het breër aandag in Netwerk24, Volksblad en Die Burger ontvang.

Aan die begin van 2023 en 2024 het die Moderamen twee retreats by Betlehem bygewoon (*#BetlehemFamilyMeeting*), waar daar saam met die leierskappe/moderature van die VGK, NGKA en RCA besin is oor die Vrystaat en al haar mense. Kundiges uit verskillende velde – soos Barend la Grange, Madelein Bakker, Leon Foot, Moeletsi Mbeki, Ina Gouws, Willem Ellis, Theo Neethling, Cobus van Coller en Eleanor Bernard (sosio-politieke konteks, ekonomie, onderwys en opvoeding, jongmense, vredesinisiatiewe van vroeër en in Rwanda, landbou-omstandighede) – het ons nadenke hieroor ingelei. Vier fokusareas is saam met ons broers en susters uit die NG-familiekerke geïdentifiseer: Sosiale kohesie in die Vrystaat; jongmense en spesifiek ons teologie studente in opleiding; en ons eenheid as kerkfamilie en die beskikbare bronne wat ons vir bediening kan deel.

Ander sake wat in 2023 hiermee saamgehang het, was ‘n besoek aan die Reformed Church in Zambia vir hul Sinodesitting en die herdenking van hul 125ste bestaansjaar (uit die NG Kerk Vrystaat gestig, in 1899), sowel as gesprekke oor ‘n burgerlike vredesinisiatief in aanloop na die 2024 Algemene Verkiesing. Vir die Sondag vóór die Verkiesing in Mei 2024 is ‘n Sondag afgesonder vir voorbidding en is liturgiese materiaal aan gemeentes voorsien, en op verkiesingsdag het verskeie predikante van die NG Kerk Vrystaat saam met die SARK as verkiesingsmonitors opgetree (gekoördineer deur ds De la Harpe le Roux). Ná die verkiesing het verteenwoordigers van die NG Kerk Vrystaat ook Landbouweekblad se “77 Stories van Hoop vir die Platteland”-konferensie by NAMPO bygewoon, waar die voorsitter van die Moderamen ook as spreker opgetree het. Daar was weer ‘n besoek uit die NG Kerk-familie aan die Reformed Church in Zambia, Malawi en Mosambiek, waar intensiewe gesprekke oor gemeenskaplike sake soos teologiese opleiding, onderwys, die impak van klimaatsveranderinge en politieke onstabiliteit en die getuienis van die Kerk gevoer is. Die 200-jarige vieringe van die Lesotho Evangelical Church is ook deur die NG Kerk Vrystaat se verteenwoordigers bygewoon.

In 2025 was van die aktuele sake wat die aandag van die Moderamen gevra het, die vervolging van Christene in die Demokratiese Republiek van die Kongo (gegewe ook die teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse soldate daar), die onstabiliteit in Mosambiek ná hul algemene verkiesing, besoeke van die SARK aan die Vrystaat, aktuele vrae rondom die verspreiding van Islam in die Vrystaat teen die agtergrond ook van die oorloë in die Midde-Ooste, en die omstrede film "Khaki Fever". Teen die einde van daardie jaar, en begin 2026 het die bek-en-klouseer epidemie wat ook die Vrystaatse landbougemeenskap getref het, gelei tot 'n persverklaring van die Moderamen – 'n besluit wat as volg gelui het:

Besluit oor Bek-en-Klouseer, 5 Februarie 2026:

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat,
1. neem met groot besorgdheid kennis van die beproewende omstandighede waarin lidmate en leraars, en spesifiek die boederygemeenskap, hulself tans in ons provinsie bevind;
2. spreek ons kommer uit oor enersyds droogtetoestande wat gesaaides in verskillende distrikte bedreig, en andersyds die uitkringende impak van bek-en-klouseer op veekuddes in die Vrystaat;
3. wil daarom 'n beroep op leraars en kerkrade van NG-gemeentes in die Vrystaat doen, maar ook in ander kerkverbande, om pastoraal uit te reik na boere, hul gesinne en plaaswerkers wat onder hierdie beproewing gebuk gaan, en bied ons daarom ook aan om vanuit ons sinodale bedieninge sulke pastorale ondersteuning moontlik te maak, indien en waar nodig, ook deur professionele beradingsdienste te bied;
4. bewillig ons noodfondse wat vir sulke ramptoestande goedgekeur is, en sal ons dit in oorleg met kerkrade en ringe, georganiseerde landbou en die privaatsektor beskikbaarstel sodat dit effektief daar waar die nood akuut is, kan help;
5. doen ons terselfdertyd 'n beroep op alle rolspelers, en spesifiek georganiseerde landbou in die Vrystaat, die betrokke plaaslike- en nasionale owerhede, en betrokkenes uit die privaatsektor om hande te vat en dringend 'n effektiewe bestryding van hierdie siekte moontlik te maak; en
6. wend ons ons as kerkverband in gebed na die Here, die Gewer van alle lewe, reën, sonskyn, gesondheid en seën op ons landerye, weivelde en kuddes, en versoek ons kerkrade en leraars om op ***Sondag, 15 Februarie 2026****, hulle in eredienste en/of ander byeenkomste, te verenig in gebed tot God, dat Hy Hom oor ons en hierdie deel van sy Skepping sal ontferm.*

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

7.3 GEMEENTES, RINGE, PREDIKANTE EN OPLEIDING
By elke vergadering van die Moderamen en Interimkomitee, is daar verneem na die wel en weë van gemeentes en leraars regdeur die Vrystaat. Die waarde daarvan dat daar uit elk van die 16 ringe in die NG Kerk Vrystaat 'n verteenwoordiger in die Moderamen dien, is hierdeur onderstreep. Meelewing kon betuig word, voorbidding gedoen, ondersteuning gebied en 'n gesamentlike verkenning van hoe dit met die bediening in gemeentes gesteld is, en visionering gedoen word.

Inligting oor die hoeveelheid doop- en belydende lidmate in die NG Kerk Vrystaat (per ring), is ook gedeel, wat daartoe bygedra het om meer en meer 'n duideliker beeld oor die werklikhede van ons gemeentes te kry, en om met daardie inligting te besin oor ons bediening nou en in die afsienbare toekoms. Ander navrae wat van gemeentes ontvang is, oor die bediening, het onder andere van die gemeente Bloemfontein-Wes en Uitsig gekom oor 'n deelleraarspos (2023), en later ook rakende die situasie by Tweetoringkerk in Bloemfontein (2025). Klarigheid was nodig oor biddae en deurkollektes op die jaarlikse kalender wat van die Sinodale Kerkkantoor ontvang word. Petrusburg se kerkraad is ontmoet en geadviseer oor hul voorstel om van hul fondse in plaas van na die Sinode oor te betaal, dit eerder self plaaslik te herallokeer. Van Petrus Steyn en enkele ander, is navrae oor die Bybel-Media-publikasies "Roetemerkers" en "Ongekaart" ontvang. Probleme van huweliksbevestigers is met Departement Binnelandse Sake opgevolg, ook met behulp van die kantoor van die Algemene Sinode, en 'n "konstitusie" vir gemeentes in Afrikaans, is gefinaliseer en versprei (met die oog op FICA-vereistes by banke, bv.) – alles sake wat beleidsbesluite van die Moderamen geverg het. Verder het verskillende lede van die Moderamen saam met die sinodale kerkkantoor by die gewilde Vrouekonferensies by Amanzi opgetree, inligting verskaf en terugvoer daaroor uit gemeentes ontvang. Steun is ook elke jaar aan #Imagine gegee.
In die afgelope termyn het ...

- 29 predikante in die Vrystaat geëmeriteer (waarvan 5 weer in kontrakposte aangestel is)
- 4 senior dosente in teologie het afgetree en demissie van die Kuratorium ontvang
- 2 predikante het gesterf
- 19 predikante is uit die Vrystaat na elders in die land beroep en bevestig
- 5 predikante het uit die bediening van die NG Kerk bedank.
- 62 diensleraars, predikante en proponente is beroep en in gemeentes bevestig ...

Dit beteken dat bykans **50% van die predikantekorps in die NG Kerk Vrystaat,** deur die termyn sedert 2022 een of ander verwisseling ondergaan het!

Hiervan het die Moderamen kennis geneem, en verder óók dat verskeie predikante in die Vrystaat in die afgelope vier jaar moeilike persoonlike omstandighede beleef het, verlies in hul nabye familiekring, gesondheidsuitdagings en in ‘n aantal gevalle ook die ongelukkige beëindiging van kontrakte in gemeentes. Die Moderamen was onder die indruk daarvan dat predikante onder baie druk hul bediening probeer volhou, terwyl hul eie gemoed nie altyd lig en vry van sorge kon bly nie. Dit was een van die redes waarom onder leiding van die IK, die Predikante Saamtrek in Junie 2025 by Amanzi gehou is. ‘n Driedaagse program met tyd vir retreat en rus is aangebied; die spiritualiteitsgeleenthede aan die hand van Elia by die Berg Horeb (1 Konings 18) onder leiding van Adri Potgieter; herontdekking van roeping (Tom Smith); teologiese verdieping oor die Belydenis van Nicea en ons geloofsidentiteit (Gideon van der Watt, Mzwandile Molo, Sanré Benade en Schalk van Heerden); roeping in ons konteks (die boere Cobus van Coller en Willie Nel) en vaardigheidswerkswinkels oor deernisvolle kommunikasie (Louwrens Scheepers) en selfinsig & emosionele gesondheid (Marelé Venter); en ‘n vermaaklikheidsprogram met Christof van den Berg en Frank Opperman (Reünie). Die 111 dominees, dosente, studente en enkele ander betrokke lidmate wat die Saamtrek bygewoon het, het dit positief en opbouend beleef; vir baie was dit die begin van wat moontlik ‘n nuwe ontwikkeling in die NG Kerk Vrystaat mag bring.

Op ‘n soortgelyke wyse, is daar ook deur Bedieningsbegeleiding met insluiting van lede van die Moderamen, twee kuiergeleenthede vir emeriti aangebied, wat ook met groot waardering bygewoon is.

Wanneer dit oor die bevoegdheid van predikante gaan, kan die Moderamen vermeld dat die *colloquium* prosesse van vier aansoekers suksesvol hanteer is, in oorleg met die Algemene Taakspan Predikantsake (ATP) en die Kuratorium (di. Izanne Ellis, Zak Scholtz, Flippie Kotze en Stefan Coetzee), asook die legitimasie van Lé-Roy Wentink as diensleraar. Die Moderamen het ook in oorleg met die Kuratorium aandag gegee aan die hersiening van die kerkordelike reëlings rondom ‘n *colloquium doctum*, ten einde dit te vereenvoudig en af te stem op die spesifieke aansoeker, sy/haar roepingsverhaal en spesifieke omstandighede (méér as dus slegs ‘n generiese “akademiese evaluering”).

In hierdie opsig vermeld die Moderamen ook die aansoek om herstel van bevoegdheid van br Chris Erasmus, ‘n aangeleentheid wat sedert Mei 2022 die aandag van die Moderamen gevra het. Br Erasmus het sy bevoegdheid aan die begin van 2019 in die Ring van Bultfontein verloor (nadat hy as leraar van die Gemeente Dealesville bedank het). ‘n Skikking tussen hom en die kerkraad is by die KVBA bereik, en was hy deur die loop van 2019 en in Covid-tyd in uitgebreide korrespondensie met die ATP oor die behoud van sy bevoegdheid. Die ATP se terugvoer was dat hy ‘n *colloquium doctum* daarvoor sou moes doen. Aan die begin van 2022 het hy ‘n aansoek by die hof in Bloemfontein gebring, om sy bevoegdheid terug te kry, maar dit is as “nie dringend” van die hand gewys. ‘n Reëling oor die terugbetaling van regskoste is goedgunstiglik deur die Moderamen met hom getref. Ná ontmoetings met die Interimkomitee en ‘n hernieude aanbeveling deur sowel die ATP as die Moderamen dat hy met ‘n *colloquium*-proses kon begin, het dit twee keer skipbreuk gelei (in September 2022 by die Akademiese Steunspan van die Kuratorium en in Mei 2024 by die Ringskommissie van Burgersdorp). Intussen het br Erasmus met die goedkeuring van die kerkraad van Lady Grey (‘n vorige gemeente van hom), met erediensbediening en pastorale sorg in daardie gemeente voortgegaan. Die Moderamen het hiervan kennis geneem en ‘n pro-ses probeer begelei deur voorsiening te maak vir ‘n mentor (dr DF van Tonder), asook ‘n nuwe sielkundige vir ‘n evaluering van br Erasmus (soos nodig vir ‘n colloquium, en nadat die vorige pastorale sielkundige onttrek het). ‘n Gunstige verslag oor sy bedieningsbevoegdheid is van die sielkundige ontvang. In November 2023 het br Erasmus ‘n klag van onbillike diensbeëindiging teen die NG Kerk Vrystaat by die KVBA gelê, maar na ‘n ontmoeting met die IK dit teruggetrek. Briewe oor die aangeleentheid het in die media verskyn (ook in sosiale media) en het die Moderamen in November 2024 met ‘n kort persverklaring daarop gereageer. Br Erasmus, bygestaan deur kerkraadslede van Lady Grey en ‘n kerkregkundige, het op daardie stadium laat blyk dat hy nie meer te vinde is vir ‘n *colloquium doctum*-proses nie; dat hy nie die verlies van sy bevoegdheid in 2019 aanvaar nie en dat hy litigasie teen die NG Kerk Vrystaat oorweeg. In Januarie 2025 het die Moderamen ‘n taakspan onder leiding van oudl Willem Ellis aangewys om te kyk of ‘n persoonlike ontmoeting met br Erasmus gefasiliteer kon word, òf om dan ander moontlikhede soos mediasie te oorweeg. Daar is gepoog om die ATP by die proses te betrek en twee lede van hulle is aan die proses toegewys. Die Moderamen het ook ‘n regs-

mening oor die kerklike hantering van die hele proses ingewin. Die basiese punt van verskil is dat br Erasmus ontken dat hy sy bevoegdheid (deur 'n bedanking) verloor het, maar dat dit hom onregmatig deur die optrede van die Ring ontneem is; die amptelike posisie van die NG Kerk, ATP en Moderamen daarteenoor is dat hy wél sy bevoegdheid deur bedanking verloor het en dat dit slegs deur die slaag van 'n *colloquium doctum* herstel kan word. Die taakspan onder leiding van oudl Ellis kon uiteindelik nie daarin slaag om 'n ontmoeting en gesprek in persoon met br Erasmus, sy verteenwoordigers en lede van die ATP te bewerkstellig nie; verskeie ander rolspelers het na vore getree en die situasie is gekompliseer; wedersydse frustrasie is beleef. By die vergadering van die Interimkomitee op 17 April 2026 is oudl Ellis opuut versoek om 'n laaste poging aan te wend om die gesprek met br Erasmus weer oop te probeer kry. Terugvoer is ontvang, en het die Moderamen op 7 Mei kennis geneem dat hierdie poging ook nie geslaag het nie; is aanvaar dat die taakspan weens 'n verskeidenheid van faktore nie hul opdrag geslaagd kon volvoer nie; is hul vir hul pogings bedank en het die taakspan ontbind. Die Moderamen het voorts besluit:

Besluit, 7 Mei 2026: Die Moderamen ...
1) bevestig dat aangesien br Erasmus nie die enigste weg wat deur die Kerkorde voorsien en deur die ATP aanbeveel was vir die herstel van sy bevoegdheid – naamlik 'n colloquium doctum – in 2023 of 2024 voltooi het en sedert 2025 aangedui het dat hy ook nie meer vir daardie roete te vinde is nie, die Moderamen geen ander opsie het as om die aangeleentheid vir verdere hantering deur die nuwe sinodale diens gemoeid met kerkreg ná die Vrystaatse Sinode van 2026, te verwys; en
2) spreek die vergadering sy teleurstelling uit dat hierdie aangeleentheid ten spyte van bona fide pogings deur die Moderamen, nie in die afgelope termyn afgehandel kon word nie.

'n Tweede geval van verlies van bevoegdheid wat ongelukkig ook in die publieke media aandag geniet het, raak br Rheinier Nel, wat leraar van die NG Kerk in Bethulie was. Kort nadat hy in Bethulie bevestig is in 2024, is daar uit die Oos-Kaap klagtes by die Ring van Smithfield rakende vroeëre gebeure in Barkley-Oos waar br Nel die leraar was, ontvang. Die Ringskommissie het advies van die STK versoek en 'n onafhanklike ondersoekliggaam is volgens kerkordelike bepalinge aangewys. Die kerkraad van Bethulie het egter 'n "dispuut" daaroor by die Ring van Smithfield verklaar, en aangedui dat br Nel hom nie aan 'n tugondersoek sou onderwerp nie. Die ondersoek het voortgegaan, br Nel is skuldig bevind en het hy in Mei 2025 sy bevoegdheid as leraar van die NG Kerk verloor. Hy het hieroor 'n klag van diskriminasie en onbillike ontslag deur die NG Kerk Vrystaat, by die KVBA gelê, maar dit is van die hand gewys aangesien die Sinode of kerkverband nie sy werkgewer is nie; dit is die kerkraad van Bethulie. Br Nel het ook nie die kerklike opsie uitgeoefen om appèl teen sy skuldigbevinding aan te teken nie. Uitgebreide skrywes van br Nel teen die Moderamen, die Ringskommissie van Smithfield, die ATP en betrokke funksionarisse het in die tweede helfte van 2025 gevolg, en gesprek ís daaroor met hom gevoer om dit te staak en 'n moontlike vergelyk te probeer vind, sonder sukses. Uiteindelik het dit daartoe gelei dat die Moderamen in November 2025 op regsoptrede besluit het, en is 'n klag van teistering teen br Nel by die hof in Kroonstad ingedien en 'n tydelike interdik verkry; die saak is tans *sub judice* ("onder die reg"). Die Moderamen wys daarop dat die inhoud van tugondersoeke vertroulik is, en dat dit ook in hierdie geval gehandhaaf word. Sien die **Verslag van die STK** hieroor.

'n Derde saak was ook tydens hierdie termyn op die agenda van vergaderings van die Moderamen. In September 2024 is klagtes van leerdwaling deur emeritus-professor Johan Janse van Rensburg teen ds JJ Lubbe, voorsitter van die Moderamen, by die Ring van Bloemfontein-Noord ingedien, op grond van 'n radio-onderhoud (RSG: "Land en sand") in Julie daardie jaar. Die klagtes was drieërlei: Dat ds Lubbe die uniekheid van Christus as enigste Verlosser én die uniekheid van die Christelike geloof ontken; dat hy die onderskeid tussen die ware en valse kerk in die NGB ontken of dat Christus die kerk gestig het; en dat hy die gereformeerde kerkbegrip en ekklesiologie aantas. Die Ring het 'n ondersoekliggaam aangewys, wat die klagtes in Desember 2024 in teenwoordigheid van die klaer en beskuldigde aangehoor en ondersoek het. Die bevinding was dat ds Lubbe onskuldig is aan hierdie beweringe teen hom gemaak. In Januarie 2025 het prof Janse van Rensburg teen die bevinding geappèlleer en is sy appèl op prosedurele gronde toegestaan. Dit het tot berigte en 'n debat in die media gelei. Die Ringskommissie het die STK om advies genader, en die Moderamen het die Noordelike Sinode versoek om 'n (tweede) ondersoekliggaam aan te wys. Ds Lubbe was nie deel van vergaderinge van die Moderamen waar besluite oor hierdie saak geneem moes word nie; die ondervoorsitter van die Moderamen en addisionele lid, dr Botes en ds Potgieter, het daardie vergaderings gelei. In April 2025 het die genoemde ondersoekliggaam die klagtes in

teenwoordigheid van sowel prof Janse van Rensburg en ds Lubbe ondersoek, op grond van geskrewe dokumentasie deur die klaer en verweerder, asook mondelinge getuienis van twee Nuwe Testamentici, 'n kerkhistorikus en 'n regskundige. Hul bevinding was dat ds Lubbe onskuldig is, en dat die heftige beskuldiging van leerdwaling teen hom onvanpas was in die konteks van die betrokke radio-onderhoud. Die klaer het kennis van appèl by die Algemene Sinode ingedien, dit is na die ATR verwys, maar prof Janse van Rensburg het besluit om dit te laat vaar. Daarmee was die saak teen die einde van 2025 amptelik afgehandel, en het die Moderamen in Januarie 2026 hiervan kennis geneem. Prof Janse van Rensburg het voortgegaan en 'n boek oor die saak gepubliseer, asook *YouTube*-onderhoude en nog briewe in die publieke media daaroor geplaas.

Uit hierdie sake, spruit 'n besef wat by die Moderamen gegroei het, naamlik dat Ringe en Ringskommissies beter toegerus en bemagtig sal moet word, om aangeleenthede rakende predikante en hul bediening te kan hanteer. Die IK het daarom saam met die STK en Bedieningsbegeleiding by beide werkswinkels wat vir Ringskommissies in Clarens en Moolmanshoek (2023 en 2024) aangebied is, aan gesprekke hieroor deelgeneem. Dit het ook duidelik geword dat die STK van sinodale kant en met ringsverteenwoordigers versterk sal moet word, namate die bedieningsnood en uitdagings veral op die platteland en in ringe meer kompleks raak. Dit is veral nodig dat daar opnuut geloofsonderskeidend gedink sal word oor die teologie en uitgangspunte wat ons verstaan van en reglemente vir die Christelike tug in die Kerkorde onderlê. Die behoefte aan 'n verdieping en verantwoording van ons kerkregering in die Vrystaat – as teologie en pastoraat – het nóg groter geword ná die aftrede van dr Bertus Celliers, wat vir jare leiding in die STK en ons Sinode geneem het; hier is meer kapasiteit nodig.
In aansluiting hierby – die bevoegdhede van predikante en toerusting vir bediening in 'n nuwe omgewing – het kwessies wat met teologiese opleiding saamhang, ook op die agenda van die Moderamen verskyn. Die bevoegdhede en registrasie van agt dosente in die Fakulteit Teologie, verbonde aan die NG Kerk, by die ABR is nagegaan en opdateer. Navrae van leraars en gemeentes na aanleiding van die "*Ancestors Conference"* wat in die Dept. Religiekunde aan die Fakulteit Teologie en Religie aangebied is (8 Mei 2025), is hanteer, met die Kuratorium opgeneem en uiteindelik ook in besluite van die Moderamen hieroor na die Dekaan gekommunikeer. Daar is reeds hierbo verwys na die Taakspan wat na alternatiewe opleidingsinstansies gekyk het. Die Moderamen het ook klagtes van ds E Nolte oor die deelname van dr Fanie Cronjé aan die VBO-kursus in 2024, "Neem, lees ..." (oor die hermeneutiek) hanteer. Aan die begin van 2026 is daar met dank kennis geneem dat 36 studente vir opleiding by die Seminarium ingeskryf het.

Dit is teen hierdie breër agtergrond dat die Moderamen dit ook goedgekeur het dat predikante uit die Vrystaat aangemoedig en ondersteun word om die nasionale PredikanteSAAMkoms in Augustus 2026 te Goudini by te woon. Subsidie vir inskrywings is deur Ondersteuningsbediening goedgekeur, en teen einde April was daar reeds 65% van die Vrystaatse dominees vir die SAAMkoms ingeskryf. Reisreëlings word verder deur die Sinode getref.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van die verslag van die Moderamen oor die uitreiking na gemeentes en predikante deur die afgelope vier jaar, bevestig dat die welwese van gemeentelike bediening en die versorging van predikante vir die NG Kerk Vrystaat 'n groot prioriteit is, en dra dit daarom met nuwe oortuiging aan Bedieningsbegeleiding en die nuwe bediening vir Opleiding op.

7.4 KOMMUNIKASIE

Verskeie momente en gebeure – positief én negatief – het gedurende die termyn van die Moderamen 2022-2026 die behoefte aan 'n behoorlike kommunikasiebeleid vir die NG Kerk Vrystaat uitgewys.

Tans beskik ons as sinode oor 'n uitstekende kommunikasiespan met groot vaardighede en entoesiasme, in die sinodale kerkkantoor, en lewer hulle ook wyer in die NG-kerkverband diens. Die bestaande beleid is egter verouderd en vra om hersiening ten opsigte van 'n eie plek in die herstrukturering van bedieninge wat uit die visioneringsproses spruit, sowel as riglyne om ons kommunikasiespan in 'n snelveranderende (sosiale) mediawêreld te kan posisioneer met die oog op die beste dienslewering aan die NG Kerk Vrystaat, haar gemeentes en lidmate. Een van die belangrikste vrae wat in so 'n kommunikasiebeleid aangespreek sou moes word, is wie in die algemeen amptelik namens die NG Kerk Vrystaat (vir die Sinode) met die publiek, leraars en lidmate, en die breër publieke media kommunikeer. Hier gaan dit veral oor amptelike standpunte, besluite van die Moderamen en die publieke getuienis van die NG Kerk Vrystaat oor aktuele kwessies soos wat van tyd tot tyd mag opduik. Dit gaan ook oor die vraag hoe daar op beriggewing in

die media oor die NG Kerk (Vrystaat) gereageer behoort te word, ten einde aan die kerk 'n eie stem te bied en om die vals narratiewe wat dikwels oor die NG Kerk geskep word, te kan weerlê. Hoe dra ons ons boodskap van hoop en heil vir almal, uit?

Een van die bekendste produkte uit ons kommunikasiekantoor is die tweeweeklikse VRYPOS, en het daar in die afgelope termyn 27 artikels deur die voorsitter van die Moderamen in dié e-nuusbrief verskyn, wat oor besluite van die Moderamen of prosesse in die Sinode gehandel het.

Aanbeveling: Die Sinode neem met groot dank kennis.

7.5 VISIONERING EN GESPREKKE OOR FASILITEITE EN EIENDOMME VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

Dit was 'n navraag uit die media rakende die Bergprag-eiendom en ENGO, wat vroeg in hierdie afgelope termyn 'n gesprek in die Moderamen van stapel gestuur het, rakende die eiendomme van die NG Kerk Vrystaat en hoe dit die bediening van die verband, gemeentes en leraars nog meer kan ondersteun. In Mei 2023 het 'n eerste omvattende oorsig hieroor voor die Moderamen gedien, en was die volgende eiendomme of opsies ter sprake:

- **Floradale Haven, langs die Bultfonteinpad:**

'n Kampterrein geleë op die plaas Floradale, 20 km buite Bloemfontein en geregistreer in naam van die RCID (NGK, VGK, NGKA). Instandhouding is 'n uitdaging, en gebruik het baie laag geword. Hoewel besluit is om die terrein te verkoop, kon geen billike koper gevind word nie.

- **Mooigenoeg Kampterrein, buite Bloemfontein:**

Geleë aan die buitewyke van die stad, is hierdie terrein in die 1950's aangekoop en ontwikkel deur die destydse "Ampsbediening en Evangelisasie Kommissie" van die Sinode, met die oog op kampe en byeenkomste wat die bediening van gemeentes, jeugaksies en kursusse vir predikante kon verryk. Bied huisvesting vir 149 kampgangers in slaapsale en 24 mense in effens luukser slaapeenhede versprei oor die terrein. Daar is 'n saal en twee kombuise, 'n huis vir die opsigter en drie vir werkers; 'n ander woonhuis word permanent verhuur. Mooigenoeg is steeds gewild as kampterrein en vergaderplek veral vir die NGKA en VGK, maar ook vir skoolgroepe vanaf die platteland en Departement Onderwys. Tariewe is bekostigbaar en Mooigenoeg is selfonderhoudend. In 2025 is groot opknappingswerk gedoen.

- **Kestell Gedenksaal in Bloemfontein:**

Voorheen verhuur aan Andrew Murray-gemeente, en toe aan Torings van Hoop vir gesamentlike projekte en stoorruimtes (rampbestuur).

- **Sinodale Kerkkantoor en Kerkargief by Van Heerdenweg, Bloemfontein:**

Sedert 2014 is die Sinodale Kerkkantoor in hierdie geboue van NG Welsyn (vroeër SKDB) gehuisves, en het die NG Kerk Vrystaat gebruikreg gekoop met verantwoordelikheid om die geboue in stand te hou. Alle kantore vir die sinodale personeel is doelmatig ingerig, ook 'n raadsaal as vergaderruimte en eetkamer, en gasteverblyf. Die Kerkargief is op hierdie terrein gebou en in 2016 ingewy. Tot 'n groot mate is ruimte tans hier voldoende, maar wel beperk.

- **Barend Wessels Gedenksentrum, Langenhovenpark:**

Gebou op 'n erf wat aan die Sinodale Pensioenfonds behoort en met finansiering uit die Holfontein Gronde, bied 50 wooneenhede hier gerieflike verblyf aan emeriti en ander huurders; al die eenhede is tans ten volle verhuur.

- **Bybelhuis:**

Die grond waarop die Bybelhuis van die SA Bybelgenootskap gebou is, is in die tagtigerjare deur die NG Kerk Vrystaat aan die Bybelgenootskap geskenk, met 'n klousule in die titelakte wat bepaal dat die grond/eiendom slegs weer aan die kerk terugverkoop mag word. In 2013 was daar redelik ernstige onderhandelinge in dié verband, toe die Sinodale Sentrum in St Andrewstraat verkoop is en daar onder andere na 'n ruimte vir die Kerkargief gesoek is. Sedertdien het die Bybelgenootskap se eie gebruik van die gebou baie gekrimp en word 'n aantal huurders ook in die gebou gehuisves. Daar is ook 'n woonhuis op die terrein. In 2024 het die Raad van Ondersteuning weer met die Bybelgenootskap in gesprek getree en 'n koopaanbod gemaak, wat deur die Bybelgenootskap van die hand gewys is as te laag vir hul om te oorweeg.

- **Dam van Trane/Bron van Herinnering-Konsentrasiekampterrein:**

Rondom die terrein waarop die Bybelhuis geleë is, lê die groot oop erfenisgebied met aan die westekant teen die N1 die "Dam van Trane" en aan die oostekant teen Tempe, die "Bron van Herinnering" – die terrein waarop die Bloemfonteinse Konsentrasiekamp uit die oorlog van 1899-1902 was. Hierdie terrein is in die veertigerjare van die vorige eeu deur die Stad Bloemfontein aan die NG Kerk (in trust) geskenk. Ongeveer 'n dekade gelede is 'n ooreenkoms met 'n ontwikkelaar aangegaan, wat 'n winkelsentrum, wooneenhede en 'n mediese sentrum hier sou bou, met 'n deurpad vanaf Heuwelsig na Nelson Mandelaweg. Die bedoeling was dat uit hierdie ontwikkeling daar 'n groot en standhoudende beleggingsopbrengs vir die NG Kerk Vrystaat sou kom. Daar is egter baie

lank gewag vir ‘n hersonering van die perseel deur Mangaung Munisipaliteit, en is dit uiteindelik in Maart 2026 verkry. Die ooreenkoms met die spesifieke ontwikkelaar het aan die einde van 2024 verval, maar daar is grasie gegee gegewe die uitdagings met die stadsraad. ‘n Gesprek met die ontwikkelaar moet nou heropen word, met die oog op die verdere proses.

Raad vir Ondersteuning het ‘n “roetekaart” vir ‘n strategiese besinning oor die beste ontwikkelingsmoontlikhede van die infrastruktuur, fasiliteite en eiendomme van die NG Kerk Vrystaat aan die Moderamen voorgelê. Hierin was die behoeftes wat vanuit die sinodale bedieninge vir ontwikkeling geopper was, bespreek, naamlik fasiliteite wat die teologiese opleiding van die NG Kerk sou kon huisves, vir ‘n Seminarium met selfs residensiële verblyf aan studente; ruimtes waar VBO-kursusse aangebied sou kon word; ‘n eie retreatsentrum vir lidmate, gemeentes, leraars en die publiek; ‘n navorsingsfasiliteit wat ook die Kerkargief beter vir die publiek sou kon ontsluit en ‘n groter en meer effektiewe vergaderruimte of konferensiesaal vir die NG Kerk as wat tans beskikbaar is. Advies van argitekte is ook ingewin met die oog op die moontlike ontwikkeling en uitbreiding van Mooigenoeg vir hierdie doel, maar uiteindelik het die Moderamen besluit om nie daarmee voort te gaan nie, en slegs vir ‘n opknapping van Mooigenoeg te kies. Raad vir Ondersteuning het as kriteria vir enige ontwikkelingsplanne die huidige finansiële realiteite van die NG Kerk Vrystaat en gemeentes gestel, asook ‘n optimale en koste-effektiewe benutting van bestaande fasiliteite, en dan die lewensvatbare- en volhoubare bedryf van enige nuwe ontwikkelinge. Die moontlikheid om weer ‘n aanbod aan die Bybelgenootskap te maak vir die Bybelhuis, om dan daar ‘n oorkoepelende sentrum vir die NG Kerk te kon vestig met ook ‘n goeie huurinkomste, is deur Ondersteuning as een van die scenarios gestel.

Uiteindelik het die Moderamen nie in 2024 en 2025 verder hiermee gevorder nie. Die kwessie kom ook in die **Verslag van Visionering, die Kuratorium, Ondersteuning en die Argiefkomitee** aan die orde.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

7.6 VERSLAE VAN SINODALE BEDIENINGE, EN ONDERSTEUNING AAN HUL WERKSAAMHEDE

Die Moderamen het by feitlik elke vergadering deur die afgelope termyn, verslae van al die sinodale bedieninge en taakspanne oor hul werksaamhede ontvang.

Dit het die Moderamen in staat gestel om ‘n goeie oorsig te hê van die vordering met sinodebesluite wat aan bedieninge opgedra was, sowel as van nuwe ontwikkelinge en programme, én die verhoudinge tussen die NG Kerk en ‘n verskeidenheid rolspelers in die samelewing en instellings wat vennote in ons bediening geword het. Dit het die Moderamen in staat gestel om ondersteuning aan bedieninge te bied, waar daar van tyd tot tyd uitdagings beleef is of bedieninge se hande gesterk is. Daar was ook ooreenkomste wat die Moderamen namens die Sinode moes onderteken, in belang van ons sinodale werksaamhede (soos met ENGO en die Universiteit van die Vrystaat).

In hierdie hoedanigheid was die Moderamen ook genoodsaak om in belang van die NG Kerk Vrystaat die Uitvoerende Amptenaar van die Sinode (in Ondersteuningsbediening en die Sinodale Kerkkantoor) aan te wys as die amptelike verteenwoordiger van die NG Kerk Vrystaat in algemene hofsake (waar die kerk moes respondeer). In alle sodanige regsaksies, berus die verteenwoordiging van die kerk wel op ‘n deeglike konsultasie tussen die STK, IK van die Moderamen en die betrokke bediening. Teen Maart 2026 het die STK egter hier ‘n diskrepansie tussen reglemente uitgewys, en moes dit uitgeklaar word, met ‘n aanbeveling aan die Sinode dat die Reglement van die Moderamen dienooreenkomstig gewysig word: Dat die aktuarius as voorsitter van die STK, die NG Kerk Vrystaat in ‘n hofgeding verteenwoordig. Die Moderamen het versoek dat daar advies gelewer sal word deur Ondersteuning, oor of daar versekering vir die kerk is met die oog op sulke aksies.

Verder was lede van die Moderamen en IK, bevoorreg om ekumeniese geleenthede namens die NG Kerk Vrystaat en saam met Vennote in Getuienis mee te maak, en die nuwe Dekaan van die Fakulteit Teologie en Religie te ontmoet, prof John Klaassen. Die Moderamen is ook ingelig oor die proses vir die aanstelling van ‘n nuwe uitvoerende amptenaar by Bedieningsbegeleiding. Wat Barmhartigheid betref, was die Moderamen op hoogte van ons ramp response vanuit die geledere van die NG Kerk Vrystaat en gemeentes by verskillende gebeure in ons streek sedert 2022.

Hierdie interaksie tussen die Moderamen en die vier bedieninge van die NG Kerk Vrystaat, belyn nie net ons sinodale roeping en die wyses waarop ons gemeentes in húlle bedieninge begelei en ondersteun nie, maar versterk ook die onderlinge kohesie in ons kerkverband en vestig die ervaring dat daar met

deursigtigheid, verantwoordelikheid en volhoubaarheid deur die Sinode gewerk word. Dít bou vertroue, en versterk ons getuienis na buite.

Oor ál die werksaamhede van die sinodale bedieninge word daar in hul onderskeie verslae aan hierdie Sinode van 2026 verslag gedoen, en is dit vir die Moderamen uiteindelik 'n groot voorreg om sy steun uit te spreek vir die aanbevelings in die verslae van daardie bedieninge: Ons kon vooraf deeglik met mekaar besin oor wat ons nou in ons sinodale roeping benodig en te doen staan, in belang van die gemeentes, tot opbou van die Kerk van Christus hier in die Vrystaat, en tot uitbreiding van die Koninkryk van die God. Dit is óók vir die Moderamen 'n groot voorreg om sy dank teenoor alle personeel en medewerkers in daardie bedieninge uit te spreek – van die Kerkkantoor af, dwarsdeur die Vrystaat en tot in Lesotho, Namibië, Zambië en Japan. Ons bid as Moderamen saam met jul almal, die Here se seën op jul bedieninge toe.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

8 BESKRYWINGSPUNT: NG KERK BERG-EN-DAL

Een van die beskrywingspunte aan hierdie Sinode van die NG Kerk Vrystaat, kom van die gemeente Berg-en-Dal en is na die Moderamen verwys, aangesien daar nie (meer) 'n kommissie vir Leer- en Aktuele Sake vir die sinode funksioneer nie. Die beskrywingspunt lui:

4.3 Beskrywingspunt aan Vrystaat Sinode:

Die aktualiteit van die vraag oor menslike lewe en die einde daarvan, hang saam met 'n verskeidenheid van faktore in die mediese- en sosiale veld waar lidmate van ons kerke en mense in die 21ste eeu leef. Dit het te doen met lyding, maar ook die vermoë van die mediese wetenskap en -tegnologie om lewe te verleng – en dikwels word hieruit vir ons lidmate verskeie etiese vrae gebore; dit maak ook pastorale sorg in so 'n tyd kompleks.
Die Kerkraad van die gemeente Berg-en-Dal besluit om die Sinode van die NG Kerk Vrystaat te versoek om:
1) 'n teologies-etiese ondersoek te laat doen na die einde van menslike lewe, waarin perspektiewe en adviese vanuit mediese- en psigo-sosiale hoek en juridiese oorwegings in die lig van die Skrif, en met die oog op pastorale begeleiding verreken word;
2) 'n studiegroep hiervoor aan te wys, waartoe onder andere proff. Lodewyk Sutton, Laetus Lategan en Jan-Albert van den Berg (teoloë), drr. Marius Swart en Johan de Beer (medici), dr. Jamie Faber en advokate Seef Hefer en Jacques Potgieter (regslui), en dr Dalene van Jaarsveld en me Hanneke Lubbe (Hospice Vrystaat) uitgenooi sal word om deel van te vorm;
3) 'n eerste verslag van die taakspan teen Maart 2027 by die Moderamen te ontvang en te oorweeg, moontlik ook met die oog op voorlegging aan die Algemene Sinode in Oktober 2027; en
4) 'n kort gespreksgids vir leraars en lidmate hieruit beskikbaar te stel, vir gebruik in gemeentes en pastorale gesprekke oor die einde van lewe.

Die Moderamen het in sy vergadering van 7 Mei 2026 kennis geneem van die beskrywingspunt, en besluit om dit by die Sinode aan te beveel, en dan te verwys na die nuwe Sinodale Diens vir Navorsing (SDN) vir hantering ooreenkomstig die inhoud en voorstel in die beskrywingspunt self.

Aanbeveling: Die Sinode ontvang die beskrywingspunt van die gemeente Berg-en-Dal, gee geleentheid aan die afgevaardigdes van Berg-en-Dal om hul versoek te motiveer, gee geleentheid vir bespreking indien nodig, en verwys die beskrywingspunt dan na die Sinodale Diens vir Navorsing.

9 SLOT

Hiermee kom die Moderamen aan die einde van die termyn 2022-2026, en lê sy verslag aan die 55ste Sinode van die NG Kerk voor, in ootmoed en dankbaarheid.

Op 25 April 2022 het ons ons eerste vergadering as Moderamen vir hierdie hoofstuk in die lewe van die NG Kerk Vrystaat, met die lees en oordenking van Lukas 12:35-48 begin – oor "die gelykenis van die waaksame slaaf"; 'n gelykenis wat met 'n seënspreuk van Jesus begin:

"Gelukkig is daardie slawe vir wie die eienaar wakker aantref wanneer hy terugkom."
(Lukas 12:37)

Jesus het dit opgevolg met 'n tweede seënspreuk in die gelykenis:

"Gelukkig is die betroubare en verstandige bestuurder wie se eienaar hom so aan die werk sal vind wanneer hy kom."
(Lukas 12:42)

Die Eienaar is Christus, die huishouding Syne – ook van die NG Kerk in die Vrystaat. Sy opdrag aan die bestuurders van sy huishouding is, en was nog altyd, om getrou die huis te beskerm en met verstandigheid en in liefde almal wat daar woon en werk, te versorg. Almal. As Moderamen van die 54ste Sinode het ons dít probeer doen, so goed ons kon gegewe die tyd en omstandighede waarin Hy ons geroep het, én met ons gewoon beperkte menslike vermoë. Ons sou dit graag beter wou doen, en waar ons tekortgeskiet het of ons advies nie die beste was nie, bely ons dit met dié bede dat Sý genade ook vir ons genoeg sal wees. Waar ons verder ook getuies kon wees van hoe Hý nietemin sy huishouding versorg, waar ons seën in die bediening van gemeentes kon beleef, waar ons die afgelope vier jaar in die vreugdes van lidmate en kollegas kon deel, vieringe – oor dít alles is ons bly.

Ons is bly en dankbaar oor medewerkers, en wil die Moderamen hiermee die personeel van die Sinodale Kerkkantoor noem vir hul ondersteuning en toewyding deur die termyn; in besonder Adriaan de Ruiter, Lisma Liebenberg en Celicia McClean, wat ten nouste met die logistiek, administrasie en kommunikasie van die Moderamen gemoeid was.

As lede van die Moderamen, is ons waardering baie groot vir gemeentes, kollegas, lewensmaats en ons familielede wat deur die afgelope vier jaar veel opgeoffer het en soveel begrip en bystand gegee het, sodat hierdie werk gedoen kon word.

Uiteindelik was en is ons sáám, net “die mense ... die slawe wat vir hul Eienaar wag” en verlang ons daarna om “wanneer Hy tuiskom en klop, dadelik vir Hom te kan oopmaak, vir ete te mag aanleun en deur Hom versorg te word” (Lukas 12:36-37). Daarom, soos met ons heel eerste vergadering as Moderamen in April 2022, sing ons steeds – en roep hiermee ook die NG Kerk Vrystaat op om dié lied te blý sing; bemoedig ons die nuwe Moderamen vir die termyn tot 2030 DV, sing dit sáám:

“Op vaste fondamente, het God sy kerk gebou.
Apostels en profete het ons dít toevertrou:
Die Koning van die hemel herskep
deur Woord en Gees
verlorenes op aarde, dat hul sy volk kan wees.

Hy roep uit alle volke ‘n volk vir Hom tesaam –
één in geloof en werke, één in sy heil’ge Naam!
Hy gee die brood en beker, Hy gee die heil’ge doop
om hulle te verseker: Ek het jul duur gekoop!”
(Lied 478:1 en 2)

Goedgekeur deur die Moderamen: Maandag, 18 Mei 2026

Interimkomitee:	Ds Jan Lubbe (Voorsitter) Dr Dawie Botes (Ondervoorsitter) Ds Hannes du Plessis (Skriba) Ds Christo Weideman (Aktuarius) Ds Adrie Potgieter (Addisionele Lid)
Verkose Ringsverteenwoordigers:	Ds Werner Burger (Ring van Smithfield) Ds Dries Cronjé (Ring van Valsrivier) Dr Leon Oosthuizen (Ring van Waterbron) Oudl Albert Kriek (Ring van Betlehem) Oudl Pieter Coetzer (Ring van Bloemheuwel) Ds Matteus Vorster (Ring van Fauresmith: Waarnemer) Oudl Hendrik van Zyl (Ring van Goudveld) Oudl Annamarie Mostert
Bedieningsverteenwoordigers:	Ds Christo Nel en dr Leon Foot (Bedieningsbegeleiding) Ds Andre van Staden en ds DelaHarpe le Roux (Barmhartigheid) Ds Rikus Hattingh en dr Nico Mostert (Vennote in Getuienis) Ds Riaan van Zyl en mnr Adriaa de Ruiter (Ondersteuning)

(Verskonings: Di Braam van Zyl, Fanus Coetzee, Jan de Man, Domonic Basson, Uhlrich Ohlhoff; oudle. Willem Ellis, Willem Lombaard en me Beneli Pretorius).



a.

Visionering

A2-1 VERSLAG VAN DIE VISIONERING

"Die man het my teruggeneem na die ingang van die tempel. Kyk ..."
(Esegiël 47:1)

Met dié woorde begin een van die laaste visioene uit die profeteboek Esegiël – 'n blik op die toekoms, beloftes van terugkeer en herstel, en 'n nuwe belewenis van God se teenwoordigheid by sy volk laat in die 6e eeu voor Christus. Lewende water in 'n dorstige land. Dit val mens op – in die tyd en land waarin ons ons bevind – hoeveel keer lidmate en leraars deesdae terugblaai na dié beloftes van God; visioene oor 'n toekoms wat net Hý kan gee. Jesaja en Jeremia in die Ou Testament; Johannes op die eiland Patmos aan die einde van die Nuwe Testament. Visioene vir mense wat hoop kortgekom het, moed om te doen wat hul daagliks moet.

Dít was ook die verlange in die hart van 'n visioneringspan wat in 2024 deur die Moderamen aangewys was, om te besin oor 'n volhoubare bediening van die Woord deur die NG Kerk Vrystaat – in al haar gemeentes, en sodat daar lewe in die gemeenskappe van hierdie landstreek sou kon wees.

Hiermee word verslag aan die Sinode van 2026 gedoen, oor die uitkomste van hierdie visioneringsproses.

1 VERSLAG VAN VISIONERING 2019

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat het in 2017 'n opdrag aan die Moderamen gegee om deur 'n proses van visionering vas te stel wat die basiese prioriteite van die kerkverband behoort te wees, met die oog op die welwese van gemeentes en gemeenskappe in die Vrystaat. Vier basiese onderskeidingsvrae is gevra: Wat is aan die gebeur in die Vrystaat? Wat behoort hier te gebeur? Hoe moet ons teologies dink oor wat gebeur? En, hoe moet ons kommunikeer oor wat ons sien gebeur? Vraelyste hieroor is aan gemeentes en leraars gegee, die inligting is verwerk en in bestuursvergaderings van die Sinode bespreek. 'n Retreat by Amanzi vir Ringskommissies is gehou, en daar is geluister na wat gemeentes en kollegas beleef en oor die toekoms sê. Teen 2019 was die verslag voltooi en het die Moderamen die volgende kernsake geïdentifiseer:

• **Identiteit**: Dat die NG Kerk Vrystaat getrou aan haar wese en roeping, "*Lig in die Duisternis*" wil wees (Jesaja 60). Daaraan herinner die veelkleurige fakkel, eie aan die Vrystaatse landskap en lewe, ons. "*Hier vir God, mekaar en die wêreld*" – ons visie uit die Sinode van 2003. Vir gemeentes sou dit beteken dat daar opnuut 'n verbintenis kom: Ons wil onbeskaamd kerk van die Here wees, in ons vertroue, belydenis en aanbidding; ons wil dankbaar en met vreugde die teenwoordigheid van God vier, in ons liturgieë, in ons vergaderings, in die loop van die kerkjaar; en ons wil 'n verskil maak deur ons bediening ín die konteks waar God ons roep, deur gasvryheid te beoefen, randfigure op te soek en multikultureel te bedien.

• **Konteks**: Gemeentes en ringe is dit eens dat dienslewering, ekologie (droogte, aardverwarming en water) en politieke onstabiliteit (grondhervorming, verkiesings), hard en duidelik aan die deur klop. Swak dienslewering en 'n tekort aan water word groterwordende krisisse. Hierdie sake is van só 'n omvang dat dit nie net deur die ringe en/of plaaslike gemeentes hanteer kan word nie, en daarom is die vestiging van ekumeniese netwerke in dorpe, die leer ken van mekaar en die handevat om uitdagings aan te spreek, 'n prioriteit.

• **Die rol en taak van predikante**: Dit was duidelik dat predikante swaarkry, en dat dit wat van hul verwag word, buite hul opleidingsveld val, dat hul beleef sekere vaardighede tekort skiet en dat dit meebring dat basiese bedieningstake agterweë bly. Die verdere bedieningsontwikkeling van predikante (VBO) is geprioritiseer, asook lidmaatbemagtiging en die gesprek oor voltydse/deeltydse bedieninge – gemeentes het steeds die versugting bly uitspreek om 'n "eie dominee" te hê.

• **Betekenisvolle afskaling van Sinodale strukture:** Die finansiële realiteite van gemeentes is gesien, en die doelwit om die sinodale begroting met 30% af te bestuur om teen 2021 'n pro rata-bydraebegroting van R9 miljoen te kon bereik, is geprioritiseer. Een stap wat sou kon help, was 'n uitgebreide professionele organisasie-oudit in die sinodale kerkkantoor.

• **Deelnemende prosesse aan die bestuur van Sinodale werksaamhede:** Daar is gehoor dat Ringe sê hulle voel nie deel van sinodale besluitneming- en bestuursprosesse nie, en daarom is eienaarskap en deelname laag. Dit is veral ook uit die geledere van vroue- en jonger lidmate gehoor, vandaar die prioriteit om 'n kultuurskuif in verteenwoordiging, besluitneming en bestuur te bewerkstellig. Een aksie sou meer streeksbyeenkomste oor kernsake kon wees.

• **Kommunikasie**: Hoewel die weeklikse nuusbrief VRYPOS goed doen en van elders gekomplimenteer word, is dit 'n hindernis dat predikante en kerkraadslede nie amptelike kommunikasie wat per e-pos aangestuur word, lees nie. Daar is voorgestel dat whatsapp-groepe vir Ringe gestig word, en dat die webwerf van die Sinode opgegradeer word.

Halfpad deur die termyn van die 2017-2021 Moderamen het twee onvoorsiene faktore egter 'n vroeë einde aan die deurvoering van hierdie strategiese prioriteite gebring: Die koms van die Covid-pandemie, wat soos in gemeentes, ook in die sinodale kerkverband groot ontwrigting gebring het, 'n nuwe werklikheid; vir baie, die digitale wêreld en aanlyn-bediening. Tweedens, die ernstige siekbed en uiteindelike heengaan van die skriba van die Moderamen, dr Carin van Schalkwyk.

Wie vandag, sewe jaar later na die prioriteite van die 2019-verslag kyk, sal erken dat dit steeds, indien nie selfs méér relevant is vir die NG Kerk in die Vrystaat as toe nie.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van die Verslag en voorstelle oor Visionering van 2019.

2 OPDRAG TOT VISIONERING AAN DIE 2022-2026 MODERAMEN

Weens die Covid-pandemie, het die 54ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat eers in Maart 2022 byeengekom, nege maande later as beplan. En, onder 'n paar donker wolke: Die skriba wat die Sinode help voorberei het, dr Carin van Schalkwyk, is twee dae vóór die opening van die Sinode oorlede; twee weke tevore het Rusland Oekraïne binnegeval en in Europa, maar ook wêreldwyd 'n nuwe seisoen van ernstige geo-politieke onsekerheid ingelui; en twee jaar al was daar gemeentes wat teologiese besware in beskrywingspunte aan hierdie Sinode wou voorlê, rakende homoseksualiteit en selfdegeslagverbintenisse, die bestaan van die duiwel, en oor teologiese opleiding – debatte wat uiteindelik ook die sinodesitting self oorheers het. Gevolglik het die 2022-Sinode net 'n beperkte besluit oor visionering geneem: Dat die Moderamen versoek word om oor sy eie rol, samestelling en funksionering sal besin, en oor die rol en verteenwoordiging van Vrouebediening in sinodale werksaamhede en spesifiek in die Moderamen, asook oor die rol en toekomstige strukturering van die Sinodale Taakspan Leer- en Aktuele Sake (STALS). Die 2022-Sinode het wel 'n aantal ander besluite geneem, wat strategiese implikasies vir die sinodale werksaamhede ingehou het, en waarvan die totstandbringing van 'n nuwe Diens van Barmhartigheid waarskynlik die ingrypendste skuif was.

Vir die eerste twee jaar van die 2022-Moderamen se termyn, sou hierdie visioneringsopdrag nie werklik op dreef kom nie. Wat STALS betref, het die debat oor selfdegeslagverbintenisse en kerkverband alle aandag, deelname en prosesse oorskadu, wat uitgeloop het op twee buitengewone sinodesittings en die besluite dáár oor die Skrif en gereformeerde belydenis – 'n tyd en uiteindelik besluite, wat wél duidelikheid help bring het oor die identiteit van die NG Kerk Vrystaat (sien die eerste prioriteit van die 2019-visionering). STALS het hierná nie weer gekonstitueer nie; 'n behoefte wat later deur die Moderamen uitgewys is. Wat Vrouebediening betref, is 'n verteenwoordiger uit hul geledere vroeg in die termyn in die Moderamen opgeneem en het dit bygedra tot die breër visioneringsgesprek wat tussen 2024 en 2026 gevoer sou word.

Twee keer – in Januarie 2023 en 2024 het die Moderamen by die St Johannes Paulus II-Retreatsentrum by Bethlehem byeengekom, ook saam met die moderature van die VGK Vrystaat en die NGKA Vrystaat. 'n Reeks kundige inleiers is vir hierdie gesprekke genooi en plaaslike leraars soos Gideon Lamprecht en Richi Kemp het die spiritualiteitsgeleenthede gelei. Vier fokusareas vir ons kerklike bediening is uit hierdie #Betlehemfamilymeetings aangedui:

• Eenheid in ons NG-familieverband in die Vrystaat en beskikbare bronne in terme van bedieningskragte en -middele;
• Jeug- en studentebediening, oral in die platteland

en woonbuurte, en veral ook by opleidingsentra soos in die Goudvelde en Bloemfontein;
• Teologiese opleiding vir die familiekerke, en allerweë die behoefte aan meer predikante; en
• Sosiale kohesie in ons samelewing.

Oor hierdie #Betlehemfamilymeetings is daar in VRYPOS berig:

https://www.ngkerkvrystaat.co.za/nag-na-nag-dag-na-dag/

https://www.ngkerkvrystaat.co.za/vier-moderatuure-van-vrystaat-kerke-vergader/

Terselfdertyd is daar binne die NG Kerk Vrystaat ook breër oorleg gepleeg: Twee werkswinkels vir Ringskommissies is te Clarens gehou (2022 en 2023), waarin gesaghebbende navorsing onder leiding van prof Kobus Schoeman met ringsverteenwoordigers gedeel is, en in diepte oor die uitdagings en moontlike antwoorde vir Ringe besin is. Twee groot Vroue-konferensies by Amanzi (2024 en 2026) het oop gesprekke oor die uitdagings in gemeentes en dorpe gevoer, en is die volgende perspektiewe gedeel:

• **Die grootste uitdagings in gemeentes**, volgens hierdie vrouelidmate, is die demografie en ouerwordende profiel van lidmate in NG-gemeentes; eredienste en die bywoning daarvan wat gekwyn en nie oral ná Covid herstel het nie (die koms van aanlyn-bedieninge); gemeentes se finansiële posisie; leraars en hul werk wat weens verskeie faktore nie voldoende is nie; die onbetrokkenheid van lidmate en gebrekkige onderlinge meelewing; ‘n neerdrukkendheid rakende die toekoms en bediening van kinders en jongmense, ‘n groepering wat aan’t krimp is in die NG Kerk; ‘n diep verlange na kennis van die Woord van God en dieper geestelike groei; en die opdrag tot evangelisasie en bediening van die Evangelie aan alle mense in ons streek.

• **Die grootste uitdagings in gemeenskappe**, volgens hierdie vrouelidmate, is die demografie van die plattelandse dorpe, klein én groot, en stedelike omgewings wat ingrypend verander en “vreemd” geword het; die onttrekking van tradisioneel Afrikaanse lidmate uit dorpsgemeenskappe na kleiner, geïsoleerde “veilige omgewings”; die verval in of gebrekkige/geen dienslewering; agteruitgang in skole en die gevolge vir indiensneming, werkloosheid en armoede; maatskaplike probleme wat toeneem, soos dwelmverslawing, drankmisbruik, losbandigheid en huislike geweld; onderlinge verhoudinge en versoening wat deur verskillende faktore agteruitgaan; en die almomteenwoordige vrees vir misdaad.

Waarom daar op hierdie menings en perspektiewe uit geledere van vrouelidmate in die NG Kerk Vrystaat ag geslaan behoort te word, is die feit dat op grond van navorsing uit ons eie geledere en statistieke soos na vore gebring, die mees tipiese (gemiddelde / meerderheidsgroep) lidmaat van die NG Kerk Vrystaat ...

“Sy is ‘n vrou van 55 jaar oud, professioneel geskool en werkend, getroud en met kinders, en ‘n gereelde erediensganger en aktief betrokke in haar gemeente.”

Uiteindelik het die Moderamen in Julie 2024 ‘n eerste van drie visioneringsgesprekke vir ‘n groter verteenwoordigende groep op Menuha byeengeroep; opgevolg in September 2025 en Februarie 2026. Hierdie groepering het bestaan uit die Interimkomitee van die Moderamen (IK), die voorsitters en amptenare van die vier sinodale bedieninge, lede uit die sinodale kerkkantoor en vrouebediening, vyf jong leraars en twee teologie studente. Belangrike inligting oor die werklikhede van die NG Kerk in die Vrystaat, en haar konteks, is vooraf aan almal deurgegee, en het ‘n invloed op die gang van gesprekke gehad – hiervan, word die volgende ook as bylaes by hierdie Verslag oor Visionering aangeheg:
• ‘n Navorsingsverslag van prof Kobus Schoeman oor die demografie van die Vrystaatse bevolking (A2-2)
• ‘n Grafiek oor lidmate van die NG Kerk Vrystaat per Ring (A2-3)
• ‘n Grafiek oor predikante van die NG Kerk Vrystaat (A2-4)
• ‘n Berig oor die stand van Afrikaanse Skole in Suid-Afrika (A2-5)

Die 2025 en 2026-gesprekke van hierdie visioneringspan het onder leiding van dr Roelf Opperman van Bronze Boabab plaasgevind. Twee verslae van hom is ná die tyd ontvang en deur die Moderamen bespreek, en word ook vir volledigheidshalwe hierby aangeheg:
• Bronze Boabab 1e Verslag September 2025 (A2-7)
• Bronze Boabab 2e Verslag Februarie 2026 (A2-8)

Ná elk van hierdie drie retreats op Menuha, het daar verdere onderskeidende kleingroepgesprekke in die sinodale bedieninge plaasgevind en is hul terugvoer aan die Moderamen voorgelê soos wat met die proses gevorder is. Drie metafore is hiervoor gebruik,

wat ook uit die groepbesprekings na vore gekom het: 'n "Tafel", as beeld vir die lewe van gemeentes (in Bedieningsbegeleiding en Opleiding); "Water", as beeld van die dors én versorging van gemeenskappe en daarom die roeping van die kerk (Barmhartigheid en Vennote in Getuienis); en "Ratwerk", as beeld vir die binnewerkinge van ons sinodale strukture (die Moderamen, STK en Ondersteuningsbediening). Uit hierdie intensiewe gesprekke is verbande tussen die metafore ontdek en uitgebrei; dokumentasie is bygehou en onderling verder verwerk.

Uiteindelik, tydens die Februarie 2026-retreat by Menuha en die daaropvolgende vergaderings van die Moderamen einde Maart 2026, het daar benewens die Jesaja 60 en 61-tekste wat so eie is aan ons selfverstaan as NG Kerk Vrystaat – "Lig in die Duisternis" – ook **die profetiese visioen van Esegiël 47** oopgegaan, en het dít uiteindelik beslag gegee aan die teks en tema vir die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat. Hieroor het daar ook 'n artikel in VRYPOS verskyn, waarin inligting oor die visioneringsproses met gemeentes gedeel is:

https://www.ngkerkvrystaat.co.za/in-plaas-van-die-dors-lewende-water/

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank teenoor almal betrokke, kennis van die verslag oor die verloop van die visioneringsproses soos deur die Moderamen sedert 2022 begelei.

Vervolgens word daar op die insigte wat uit hierdie visioneringsproses gekristalliseer het, gewys.

3 INSIGTE RAKENDE DIE KONTEKS VAN DIE VRYSTAAT, EN DIE NG KERK VRYSTAAT DAARBINNE

3.1 'n Duideliker beeld van die Vrystaatse konteks waarbinne die NG Kerk haar bevind, is verkry, en word die volgende uitgewys:

- Vrystaat bevolking = ± 3 miljoen
- Wit = 240 000 (8%)
- Bruin = 78 000 (2,6%)
- Swart = 2,6 milj (89%)
- Sothosprekend = 72% (moedertaal)
- Afrikaans = 10%
- Engels = 1,5%
- Dorpe en stede = 78

3.2 Uit die besprekings van hoe dit in die groot streke van die Vrystaat gaan – die Suid-Vrystaat, Bloemfontein, Goudvelde, Noordwes-Vrystaat, Kroonstad-area, Oos-Vrystaat en Noord-Vrystaat – het dit duidelik geword dat daar kennis geneem moet word van wat in twee sektore wat ten nouste met die kerk (gemeentes) verband hou, gebeur, naamlik in die landbou die opkoms van megaboerderye as die weg vir stabiele en voldoende voedselproduksie vorentoe, en die sentralisering van goeie onderwys in groter, maar minder (nog Afrikaanse) skole. Daar bestaan ernstige kommer oor wat in mediese sorg in die Vrystaat aan't gebeur is (op die rand van ineenstorting); oor die komende verkiesings van 2027 (plaaslik) en 2029 (nasionaal) en hernieude onstabiliteit wat dit mag bring; en oor die veiligheidsituasie aan die Lesotho-grens. Die vraag is uiteindelik: Groei daar 'n bestaansonsekerheid in die Vrystaat, en hoe gaan die NG Kerk in haar bediening hiermee om?

3.3 Teen hierdie agtergrond is daar ook aan die hand van statistieke en verslae 'n duideliker prentjie verkry van die NG Kerk Vrystaat soos wat sy in kleiner-, rand- of gemarginaliseerde gemeentes in groter dorpe en stede en deur haar predikante, bedien:

- Gemeentes = 149
- Lidmaattal = ± 60 000
- Leraars = 120 (volle bevoegdheid, voltyds, deeltyds, hulpleraars, dosente)
- Ringe = 16

Daar is in sekere kringe 'n groter beweeglikheid en vasberadenheid om 'n verskil te maak; daar is egter ook plekke waar kerkpolitiek of gebrek aan leierskap mense moeg en moedeloos laat word en bring dit dan versplintering en verswakking van netwerke mee. Daar is ernstige druk op leraars en vrae oor onderlinge vertroue/wantroue (ook in strukture). Daarteenoor, wanneer lidmate of vrywilligers betrokke raak by kerkstrukture kom daar dikwels insig en gaan oë oop, en groei entoesiasme om 'n verskil binne en deur kerk te maak. 'n Belangrike geleentheid hier, was die Amanzi-predikantesaamtrek van Junie 2025. Moet die uitgangspunt nie méér wees: "*Reinforce success*" – ook in die aanwending van leraars (jonges én diegene by aftrede 65-70 jaar) nie?

3.4 Waar dit oor die identiteit van die NG Kerk Vrystaat en haar primêre roeping gegaan het – in haar ekklesiologie – is die pleidooi gehoor dat die kerk eerstens die Woord moet bedien, onverkort; dat die hart van die Evangelie die oproep tot bekering is en lewe in die koninkryk van God; dat daarom die moraliteitskrisis in ons gemeenskappe aangespreek moet word, veral ook om aan jongmense duidelike rigting te bied. God gee steeds gawes en middele in

ons NG Kerk Vrystaat; ons het baie voorregte; daar is kundigheid in gemeentes; ook baie fasiliteite tot ons beskikking – die spreekwoordelike kerktorings in die hart van elke dorp as metafoor vir die hoop.

3.5 Op die vraag, "Wat doen die Sinode vir gemeentes/hoe help die Sinode gemeentes?", is in die visioneringsgesprekke onder ander gehoor:
• Hulp met groeiende bedieningsnood, aan die Woord, sakramente en pastorale sorg
• Toerusting van leierskap in gemeentes, kerkrade en onder lidmate in die algemeen
• Bestuurskapasiteite: Kerkraad/skoling, kantooradmin, ouditfunksies, kommunikasie
• Inligting oor en infrastruktuur wat beskikbaar is om bedieninge in/deur gemeentes te ondersteun
• Advies en verlening van steun wanneer gemeentes "te klein" word (visionering, handevat, saam-op-weg)
• Advies en verlening van steun vir klein/randgemeentes ten opsigte van eiendomme en fasiliteite

Die bediening deur en versorging van gemeentes in die NG Kerk Vrystaat, lê in die fokus van die sinodale bedieninge vir Begeleiding en Opleiding, en word daar in hulle verslae aan die Sinode van 2026, in detail en konstruktiewe voorstelle vir die toekoms gemaak.

3.6 Behalwe dat dit duidelik geword het uit die visioneringsproses dat gemeentes en gemeentelike bediening vir die Vrystaat Sinode 'n prioriteit moet wees, is daar ook 'n duidelike roep gehoor dat 'n nuwe groeistrategie vir die NG Kerk Vrystaat nodig is. Klem is gelê op 'n positiewe benadering: Wanneer na die bevolkingsyfers van die Vrystaat gekyk word (demografie hierbo), is daar genoeg ruimte vir 'n gereformeerde bediening van die Woord, ín Afrikaans en ín nuwe- of andersoortige geloofsgemeenskappe waar 'n tradisionele gemeentelike bediening nie noodwendig ingang sou vind nie. Het die NG Kerk Vrystaat hiervoor 'n doelbewuste strategie? Hoe dink ons oor die hervitalisering van gemeentes? Is daar hieroor dalk wél reeds goeie verhale te vertel?

Aanbeveling: Die Sinode

1) neem kennis van inligting en perspektiewe wat deur die visioneringspan oor die konteks vir ons kerkwees in die Vrystaat uitgewys is;
2) neem kennis dat daar ook ander sake is waaroor die NG Kerk Vrystaat verder sal moet dink, rakende haar konteks, en verwys dit daarom na tafelgesprekke tydens hierdie sinodesitting en as 'n opdrag aan die Moderamen in die algemeen en sinodale bedieninge in besonder, vir die nuwe termyn, te wete –
• die impak van klimaatsveranderinge in die Vrystaat op voedselproduksie, drinkwater vir mens en dier, en volhoubare lewenskwaliteit in hierdie streek;
• die impak van gebrekkige tot geen dienslewering deur plaaslike- en provinsiale regering in die Vrystaat, en die verwoestende gevolge van endemiese korrupsie vir die lewens van gewone Vrystaters;
• die ineenstorting van mediese sorg in die Vrystaat, veral in die publieke sektor, en hoe die gevolge daarvan uitkring en die welsyn van alle inwoners van die Vrystaat raak;
• die nood van jongmense in die Vrystaat, in onderwys én opvoeding, én ten opsigte van 'n stygende jeugwerkloosheid onder alle bevolkingsgroepe in die provinsie, en die gevolglike migrasie van (geskoolde) jongmense uit die Vrystaat; en
• die onbekende, onvoorsiene gevolge van kunsmatige intelligensie in onderwys en opleiding (ook in die teologie), die bediening van gemeentes en in ons kerkverband, én in die breër sosiale kohesie en welsyn van Vrystaatse gemeenskappe;
3) bevestig dat die Sinode self, 'n uitdrukking is van die verband tussen gemeentes, en dus ter wille van gemeentes en ter wille van gemeentes se getuienis in hul kontekste bestaan – en nie andersom – en daarom behoort gemeentelike bediening 'n prioriteit van die NG Kerk Vrystaat te wees en te bly.

4 INSIGTE RAKENDE RINGE IN DIE NG KERK VRYSTAAT

4.1 Uit die visioneringsproses, en veral ook tydens die byeenkomste vir Ringskommissies die afgelope vier jaar en uit gesprekke binne Bedieningsbegeleiding het die profiel van Ringe in die NG Kerk Vrystaat duideliker geword:
• Getal Ringe = 16
• Aantal gemeentes per ring = Wissel van 7 (en baie klein) tot 14
• Samestelling nie oral geografies- en/of bedieningsmatig effektief
• Kontekste wissel deur die Vrystaat, en beïnvloed die kohesie en funksionering van Ringe
4.2 Namate die kerklike landskap in die Vrystaat vir die NG Kerk verander, sal Ringe 'n al groter rol moet speel as eerste uitdrukking/"linie" vir kerkverband en om hulp aan gemeentes te bied vir hul bediening.
4.3 In so 'n konteks, sal Ringskommissies 'n sterker rol moet speel, en is die volgende gedagtes geopper:
• Ringe as 'n ruimte vir die versterking van verhoudinge en versorging van leraars en bedienaars;

• Ringe as voertuig om opleiding en bemagtiging van lidmate te help dra;
• Ringe as vangnet/netwerk tussen gemeentes, en daarom die ruimte waarbinne 'n "ringsdominee" beroep en bevestig kan word met die oog op 'n tussen-gemeentelike bediening in die ringsgebied;
• Ringe as verbindings- en kommunikasielyn tussen gemeentes en die sinodale verband/bedieninge, en daarom die aanwysing van ringsverteenwoordigers op 'n meer gestruktureerde en deurlopende basis in die Moderamen en sinodale bedieninge;
• Ringskommissies as ruimte wat kontinuïteit en leierskap help bevorder, en daarom die verlenging van die termyn van ringskommissies na vier jaar (saam met die termyn tussen Sinodes).

4.4 Met die oog op 'n verdere bespreking van die rol, samestelling en funksionering van Ringe in die NG Kerk Vrystaat en die uitrol van moontlikhede in dié verband, is voorgestel dat daar tydens die komende sinodesitting twee ringswerkswinkels gehou sal word –

• 'n Eerste Ringswerkswinkel om oor die algemene rol en samestelling van Ringe in die Vrystaat te besin, hersamestelling te oorweeg, en moontlike eie strategieë in die verband (vir die tyd ná die Sinode), en
• 'n Tweede Ringswerkswinkel om oor die verkiesing van Ringskommissies en die aanwysing van verteenwoordigers in die Moderamen en sinodale bedieninge te besin en te besluit.

Aanbeveling: Die Sinode

1) neem kennis van inligting en perspektiewe wat deur die visioneringspan oor Ringe in die NG Kerk Vrystaat gedeel is, en van voorstelle oor die toekomstige funksionering van Ringe;
2) bevestig die strategiese belang van Ringe en ringskommissies in leierskap en die versorging van kerklike bediening veral waar dit vir gemeentes 'n uitdaging geword het;
3) skep daarom ruimte tydens die sinodesitting, vir twee ringswerkswinkels en in die bespreking van die Verslag van Bedieningsbegeleiding om oor die rol, samestelling en funksionering van Ringe gesprek te voer, en om strategiese besluite oor die weg vorentoe te kan neem.

5 INSIGTE RAKENDE DIE MODERAMEN VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

5.1 Die Moderamen van 2022-2026 het in die afgelope termyn die opdrag aan hom gegee, soos in die Reglement beskryf en deur spesifieke besluite van die Sinode, vervul: sake rakende belydenisvorming in ons kerkverband (die opwegwees met lidmate en gemeentes), visionering, publieke getuienis, kerkeenheid, eksterne kommunikasie en spoedeisende sake.

5.2 Die visioneringsproses het egter uitgewys dat daar 'n spanningslyn in die sinodale struktuur van die NG Kerk Vrystaat lê, wat nie noodwendig organisatories ongesond is nie, maar wat wel presies omskryf en deursigtig bestuur moet word in belang van die hele kerkverband en haar roeping. In die geskiedenis van ons verband die afgelope kwarteeu, het dit by tye tot ernstige konflik gelei en is dit daarom nodig om uitgeklaar te word en behoorlik omskryf te word in reglemente wat deur die Sinode goedgekeur is. Dié spanningslyn is die noodsaaklike onderskeid en sensitiewe ewewig wat daar moet wees tussen beleid ("*governance*") en bestuur ("*management*"), tussen verteenwoordiging (verkose leierskap) en kundigheid (kontinuïteit en spesialisasie), tussen die samehang van die geheel van ons kerkverband en die toegespitste fokus in sinodale bedieninge. Dit lê in die kreatiewe spanningsveld van opdragte wat deur die Sinode gegee is enersyds (mandaat) en die onderskeiding en innovasie wat andersyds genoodsaak word deur veranderende omstandighede op weg na 'n volgende Sinode – waar die finale verslaglewering, verantwoording en besluitneming uiteindelik altyd bly berus.

5.3 Om hierdie onderskeid en ewewig ten beste te bestuur, was ons in die Visioneringspan oortuig dat daar teen twee organisatoriese uiterstes gewaak moet word. Aan die een kant, 'n hiërargie van die sinode "daarbo" (en ander vergaderinge namens die Sinode), en waarin bevoegdhede en besluitneming in 'n klein groepie gekonsentreer word en dit dikwels tot lae vertroue en 'n magstryd in die sisteem lei – 'n situasie ongelukkig nie onbekend aan ons Vrystaatse verhaal nie. Aan die ander kant, 'n losse struktuur van vergaderinge en bedieninge waarin sake van gemeenskaplike en strategiese belang nie oorsigtelik en verteenwoordigend deurgepraat en belyn word nie, en wat kan lei tot 'n funksionering in silo's, duplisering in werksaamhede, die bou van eie koninkryke en 'n verwarring in kommunikasielyne. Nie een van die twee uiterstes sal die NG Kerk Vrystaat op haar pad vorentoe help in die versorging van haar verband en die vervulling van haar roeping nie. Inteendeel.

5.4 Sentraal in ons visioneringsgesprekke het daarom die plek en rol van die Moderamen in die sinodale struktuur van die NG Kerk Vrystaat gestaan; 'n opdrag van die 2022-Sinode om groter duidelikheid oor te kry. Die funksie van 'n Moderamen lê opgesluit in die woord "modereer" (sien die Woordeboek vir die Afrikaanse Taal), naamlik om in die interim tussen twee Sinodes, op 'n verteenwoordigende en geloofsonderskeidende wyse om te sien na die lewe

van en leidinggewing in die NG Kerk Vrystaat in die algemeen. Die Moderamen is in daardie opsig nie 'n bediening van die Sinode soos die vyf spesifieke bedieninge (elk met hul eie fokus en bedieningsterrein) nie, maar funksioneer as 'n ontmoetingsruimte tussen ringe, gemeentes en bedieninge, waar daar deur 'n termyn oor die lewe van die NG Kerk Vrystaat in geheel gesprek gevoer en besin kan word. In hierdie ruimte word strategiese funksies en besluite belyn, word finale aanspreeklikheid namens die NG Kerk Vrystaat aanvaar, en word die bewussyn en belewenis van ons (kerk)verband met mekaar versterk en gevier. Dit beteken op geen oomblik dat die Moderamen inmeng òf beheer uitoefen oor die taak, fokus en funksionering van sinodale bedieninge in die uitvoering van dit wat deur die Sinode aan húlle en hul bedieningsterrein opgedra is nie.

5.5 Die Moderamen verteenwoordig die NG Kerk Vrystaat as verband, na ringe en gemeentes, in algemeen sinodale verband, en in die breër publiek. Hierdie verteenwoordiging word om praktiese oorwegings veral aan die Dagbestuur opgedra, maar gebeur deurlopend in oorleg met en verslagdoening aan die Moderamen as geheel en bedieninge in die besonder, ter wille van goeie inligting en deursigtigheid. Weereens, uiteindelik ook met verantwoording aan die volgende Sinode.

5.6 Uit die visioneringsproses het daarom aanbevelings gekom om die samestelling en funksionering van die Moderamen te herstruktureer, om hierdie ewewig tussen verteenwoordiging en kundigheid ("governance" en "management") te versterk. Die volgende voorstelle is gemaak:

• Die Sinode wys tydens die sitting 'n Moderatuur aan, bestaande uit vyf lede (voorsitter, ondervoorsitter, skriba, aktuarius en addisionele lid), wat dan die Dagbestuur van die Moderamen vir die komende termyn word (vervang die benaming "Interimkomitee", vir meer duidelikheid en 'n bekende struktuur ook in kerkrade/gemeentes);

• Aan elkeen van hierdie lede word 'n spesifieke rol en funksie opgedra, met die oog op 'n gesonde verdeling van werksaamhede en verteenwoordiging in die res van die sinodale struktuur;

• Die opdrag en werksaamhede van die skriba en aktuarius is opnuut in oënskou geneem; beide hierdie is spesialisportefeuljes in die Moderamen en verg daarom besondere vaardighede in terme van helder onderskeiding, goeie kennis van en ervaring in die kerkverband (en van die Kerkorde), stiptelike administrasie, en goeie skryf- en kommunikasievermoëns;

• Wat die opdrag/diens van die skriba betref, is die volgende as essensieel gelys –

a) agendas, dokumentasie, reëlings vir en notule van vergaderings;

b) alle kommunikasie en administrasie daarvanuit naamlik korrespondensies, navrae en skakeling met gemeentes uit/oor Moderamen;

c) amptelike kommunikasie en skakeling met ander kerke of instansies met wie die NGK VS in verhouding is ens.;

d) strategiese funksies soos deur Moderamen opgedra; en

e) reëlings vir en skribaat (agenda, notule) van sinodesittings;

• Aangesien die portefeuljes van veral voorsitter en skriba verantwoordelikhede dra wat 'n groot impak op die beskikbare tyd en energie van die betrokke ampsbekleër (en sy/haar familie en gemeente) het, is dit raadsaam dat daar vooraf nominasies uit die Sinode vir hierdie portefeuljes (en die ander dagbestuurslede) gevra word, ten einde die genomineerdes tyd te gun vir goeie oorweging daarvan, gesprek met families en gemeentes, en voorbereiding vir die komende sinodesitting;

• Om verteenwoordiging, inspraak, kommunikasie en leierskap in die Moderamen te versterk, word daar uit elke Ring 'n verteenwoordiger in die Moderamen aangewys (16), verkieslik die voorsitter/ondervoorsitter van die Ringskommissie sodat dit lede sal wees wat op hoogte is van wat sowel in die Ringe as in die breër Vrystaatse kerkverband leef en wedersyds daaroor sal kan skakel;

• Om verteenwoordiging, inspraak en kundigheid verder te versterk, wys die Sinode in sitting ook agt (8) kerkraadslede aan (nie-gelegitimeerdes) om in die Moderamen te dien, om vanuit hul sektore van kundigheid en ervaring, 'n groter verskeidenheid van stemme in die Moderamen te verseker;

• Om verteenwoordiging en onderskeiding nóg verder te verbreed, besluit die Moderamen om ook 'n verteenwoordiger van vrouelidmate in die Moderamen in te sluit, soos deur Vrouebediening aangewys;

• Kundigheid in die Moderamen, veral wat sinodale bedieninge en werksaamhede betref, word verseker deur twee verteenwoordigers uit elke bediening, te wete die voorsitter en die predikant in sinodale diens, uit elke bediening (5 x 2);

• Twee ander velde van kundigheid en vaardighede, word in die Moderamen verteenwoordig en ontvang ook so hul opdragte, naamlik die Sinodale Diens Regte (SDR) en die Sinodale Diens Navorsing (SDN);

• Die SDR neem die opdrag en funksies van die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) oor, wys self hul voorsitter aan wat dan as aktuarius vir die Sinode sal dien, deeltyds in sinodale verband en opdrag sal werk en in

die Moderamen ook dien (as lid van die Dagbestuur); hierdie aktuarius verteenwoordig die kerkverband in regsaksies;

• Die SDN neem die opdrag en funksies van die Sinodale Taakspan Aktuele- en Leersake (STALS) oor, maar ook ander navorsingsbehoeftes wat daar van tyd tot tyd in die Sinode mag bestaan/ontstaan, en word daar dan in oorleg met die Moderamen en betrokke bedieninge, 'n span vir 'n spesifieke tema aangewys, met al die prosesse van konsultasie en studie en verslaglewering daarby ingesluit;

• Ten einde die portefeuljes van skriba en aktuarius van die Sinode/Moderamen/Dagbestuur effektief en optimaal te laat funksioneer, is dit nodig dat aan hierdie twee funksionarisse 'n (gedeelde) sekretariële steundiens te voorsien (kantoor, persoon, ondersteuningsisteem) .

Aanbeveling: Die Sinode

1) neem kennis van inligting en perspektiewe wat deur die visioneringspan oor die Moderamen, sy rol, samestelling en funksionering gedeel is, sowel as van die feit dat daar nie in die beskikbare tyd tot 'n finale konsensus oor alle aspekte hiervan gekom kon word nie;

2)aanvaar dat die beredenering oor die rol en samestelling van die Moderamen, as motivering dien vir voorstelle ter wysiging van die Reglement van die Moderamen, en óók die bedoeling, raamwerk en riglyne vir die funksionering van die Moderamen uitspel;

3)verwys voorstelle oor 'n nuwe Reglement vir die Moderamen en aanbevelings van die (huidige) STK daaroor, na die hantering van die STK se verslag oor reglemente, wat tydens die eerste sessie en later weer, deur die Sinode oorweeg sal word;

4) en voorsien die Sinode dat daar ná die goedkeuring van hierdie beginsels, 'n verdere proses van oorleg en praktiese implementering in die nuwe Moderamen sal plaasvind, waarin al die bedieninge en dienste van die Sinode, volledige inspraak sal hê ten einde die toekomstige fokus en funksionering van ons sinodale struktuur en die NG Kerk Vrystaat as verband en in geheel, deursigtig en effektief te kan bestuur.

6 INSIGTE RAKENDE DIE SINODALE BEDIENINGE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

6.1 Die gevestigde bedieninge van die NG Kerk Vrystaat (Bedieningsbegeleiding, Diens van Barmhartigheid, Vennote in Getuienis en Ondersteuningsbediening) het oor die afgelope termyn voortgegaan om uitvoering te gee aan hul opdragte soos deur die Sinode van 2022 gegee, en het daaroor verslag aan die Moderamen gedoen.

6.2 'n Verskeidenheid van insigte wat die afgelope jaar uit die visioneringsproses na vore gekom en bespreek is, is reeds na die sinodale bedieninge verwys en het daar ook uit hul geledere verdere voorstelle gekom; dit is opgeneem in die verslae van daardie bedieninge en word sodoende aan die Sinode van 2026 voorgelê.

6.3 Uit gesprekke in die visioneringsproses, maar veral ook uit die geledere van Bedieningsbegeleiding het voorstelle gegroei om daardie bediening in twee te verdeel, en sodoende 'n vyfde sinodale bediening in die lewe te roep, naamlik Teologiese Opleiding, met opdrag en fokus alles wat met die werwing, opleiding, begeleiding en keuring van voornemende predikante, hulpleraars, jongdominees en bedienaars te doen het.

6.4 Gesprekke in die visioneringsproses het ook oor Ondersteuningsbediening gehandel (die "ratwerk" van die Sinode), en die wye verskeidenheid van verantwoordelikhede wat daarin gesetel is. Die oortuiging het gegroei dat dit hier oor meer as net 'n diens ter ondersteuning aan ander bedieninge gaan, maar inderdaad oor die roeping van rentmeesterskap; dit wil sê om alles wat aan die NG Kerk Vrystaat geskenk en vergun is in terme van fondse, fasiliteite en personeel sodanig te ontwikkel en te bestuur dat die Sinode, ringe, gemeentes en bedieninge kan floreer en 'n getuienis oor welsyn en volhoubaarheid in die breër gemeenskap van die Vrystaat sal kan lewer.

6.5 Om al hierdie bedieninge struktureel en in hul funksionering te belyn, en eienaarskap vir hul werksaamhede in sinodale verband te versterk, is die volgende voorstelle gemaak:

• Elke bediening beskik oor 'n raad, wat deur die Sinode saamgestel word en waarin die balans tussen verteenwoordiging (uit elke Ring) en kundigheid (uit netwerke in daardie bediening) nagestreef word, en kies die raad 'n eie voorsitter wat ook in die Moderamen sal dien;

• Elke bediening se raad wys 'n dagbestuur vir hul aan, wat in die interim tussen raadsvergaderings alle opdragte wat na hulle verwys is en spoedeisende sake hanteer;

• Elke bediening beskik oor die diens van 'n predikant/persoon in sinodale diens ('n PSD – tans die "uitvoerende amptenaar"), wat volgens 'n goedgekeurde proses deur die bediening aangewys en beroep word, die beroep deur die Moderamen goedgekeur (soos wat 'n Ring die beroep van 'n leraar deur 'n kerkraad goedkeur; sien Regl. 12.2.1, 2.2, 2.3, 2.4, 3.1 en 3.2), en dan as "Predikant in

Sinodale Diens" deur die bediening bevestig word, en wat saam met die voorsitter van die bediening ook in die Moderamen dien (met adviserende stem).
6.6 Die Sinodale Kerkkantoor dien as "Sinodehuis" vir die NG Kerk Vrystaat, waar alle sinodale bedieninge en dienste gehuisves word, en vorm 'n sleutelbelangrike deel van die Bediening vir Ondersteuning. Hier neem die "Persoon in Sinodale Diens" (PSD) deur 'n reëlmatige kantoorvergadering leiding met die oog op gesonde bestuur, goeie onderlinge kommunikasie, administratiewe koördinering en effektiewe dienslewering, en met verslaglewering aan die Bediening vir Ondersteuning.

Aanbeveling: Die Sinode
1) neem kennis van inligting en perspektiewe wat deur die visioneringspan oor die onderskeie sinodale bedieninge gedeel is; en
2) gee goedkeuring daaraan dat aanbevelings rakende die sinodale bedieninge van die NG Kerk Vrystaat, vir implementering na die onderskeie bedieningsrade, die Sinodale Kerkkantoor en die nuwe Moderamen verwys word.

7 VISUALISERING EN PROSES, 2026 EN VERDER

Die Visioneringspan, Moderamen en Ontwerpspan vir die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat het sedert 2025 al meer hul gesprekke en besinning laat saamvloei, en is dit wat in die Agenda vir hierdie Sinode verskyn en ook die verloop van die sinodesitting, 'n uitdrukking van hierdie proses van onderskeiding. Daarom moet die Sinode van 2026 in die teken staan van geloofsonderskeiding met die oog op 'n gehoorsame volg van waarheen en hoe die Here deur sy Woord en Gees, die NG Kerk Vrystaat wil lei op weg na 'n volhoubare bediening in al die gemeentes en gemeenskappe in hierdie provinsie. Hierdie verslag of die Sinode self, is nie die eindpunt of bestemming van die proses nie; visionering is en behoort 'n staande opdrag aan die Moderamen en al die bedieninge te bly, elk met 'n eie bydrae daartoe. Dit rus ook op visionering wat in ringe en uiteraard in kerkrade en gemeentes self, gebeur. Daar sal deurgaans 'n sensitiwiteit moet bly vir onverwagse wendinge in die wel en weë van die Vrystaatse samelewing, vir dit wat in gemeentes van die NG Kerk Vrystaat mag gebeur en vir die altyd onderliggende vraag na rentmeesterskap, bekostigbaarheid en deursigtige, verantwoordelike leidinggewing.

Met die oog op só 'n dinamiese proses en vloei na waarheen God ons as gemeentes, ringe, sinode en bedieninge mag lei – 'n bediening van water in die gemeenskappe waarin ons geplant en tot lewe geroep is – word 'n "Vrystaat Vloeidiagram" aan die hand gedoen (aangeheg), waarmee die Moderamen in 'n nuwe termyn en saam met die hele sinodale struktuur te werk kan gaan; dit is nie 'n finale konsep nie. Verband, samehang, oorleg, handevat en diens tipeer hierin op 'n eenvoudige wyse, die visie van die NG Kerk Vrystaat. Stroomaf, en lewegewend.

Aanbeveling: Die Sinode aanvaar hiermee die Verslag van die Visioneringspan, en dra dit aan die Moderamen 2026-2030 op om verder met die insigte en uitkomste van hierdie proses, te handel.



a.

Visionering

A2-2 DIE MENSE VAN DIE VRYSTAAT

Die Vrystaat en sy mense: ‘n Demografiese verkenning van die provinsie en die NG Kerk in die Vrystaat.

Kobus Schoeman (15 September 2025)

Die doel van die konsep verslag is om ‘n verkenning te doen van die demografie van die Vrystaat, maar om ook gemeentes en lidmate van die NG Kerk binne hierdie konteks te posisioneer. Die verslag is nie finaal nie, maar wil dien as ‘n gesprek dokument in die ontwikkeling van ‘n strategie vir die sinode. Die volgende drie afdelings kom aan die orde:

- Vrystaat bevolking en sosio-ekonomiese konteks
- Lidmate in die Vrystaat sinode en NG Kerk
- Demografie en gemeente bediening

Elke afdeling bestaan uit ‘n kort bespreking van enkele tendense wat opval. Die empiriese data aan die einde van die verslag gee ‘n meer feitelike en volledige beskrywing van die situasie. Dit bly ‘n subjektiewe interpretasie en enige gesprek in die verband sal verwelkom word.

1. Vrystaat bevolking en sosio-ekonomiese konteks

Die afdeling gee ‘n kort oorsig oor die demografie en sosio-ekonomiese konteks van die Vrystaat. Die ekologiese konteks en tendense vorm ‘n belangrike raamwerk waarbinne enige kerk of gemeente funksioneer en haar roeping nakom. Dit is daarom nodig om so ‘n oorsig te gee. Die inligting uit die afdeling is verkry van verslae van StatsSA, SARS en die sentrum vir Ontwikkeling Ondersteuning (UV).

1.1 Bevolking en vestiging tendense

Ongeveer drie miljoen mense bly in die Vrystaat. Die ruimtelike ordening en migrasie

die vestiging van “townships” rondom dorpe. Droogtes afgelope dekade versnel ook die platteland na stad migrasie. Boerdery praktyke beïnvloed migrasie patrone waar groter meganisering en die beweging van arbeid-intensief na kapitaal-intensief die arbeidsmag verklein.

Die Vrystaat bevolking groei van 2.63m in 1996 tot 2.83m in 2016 en 2.92m in 2022 (T01). Die groeikoers van 0.64% per jaar is laer as nasionale gemiddeld (1,46% p.j.) (T02). Die proposionele deel van die Vrystaat in die nasionale bevolking neem af as gevolg van migrasie na ander provinsies. Redes: lae ekonomiese groei, afname in mynbou ekonomie en persone met skaars vaardighede verlaat die provinsie.

Persone wat op kommersiële plase werk neem af: 1991 bly 630 000 mense op die plase en in 2011 is dit minder as 200 000. Die stedelike bevolking groei van 1.7m in 1991 tot 2.3m in 2011 en 2.5m in 2022 (T03). Dit geskied in twee gebiede: Mangaung en Metsimaholo.

1.2 Ekonomie

Drie streke is van belang:

- Mangaung is die provinsiale hoofstad en trek voordeel uit groei in die dienste sektor (staatsdiens, onderwys en medies).
- Matjhabeng het gegroei as gevolg van die goudmyne maar word nou deur ‘n sterk afname in die bedryf gekenmerk.
- Metsimaholo is teen Gauteng geleë en kan voordeel trek uit die ontwikkel van die Gauteng provinsie se ekonomie.

Die Vrystaat groei ekonomies sedert 2008 teen ‘n laer koers as die land se gemiddeld. Die herstel na Covid-19 is in die Vrystaat ook laer as die land se gemiddeld. Drie munisipaliteite het die hoogste groei: Letsemeng (landbou), Mangaung (provinsiale hoofstad) en Metsimaholo (nabyheid van Gauteng en Sasol). Twee sektore wat hulle aandeel verhoog het is finansies en gemeenskap dienste (staat).

1.3 Indiensneming en werkloosheid (T04)

Die mense wat tussen 1996 en 2011 formeel in die Vrystaat in diens geneem is daal van 650 000 in 1996 tot 590 000 in 2021 (635 000 in 2016). Die mynbou sektor speel ‘n belangrike rol in die afname in indiensneming. Meer as 400 000 mense is in die Vrystaat werkloos. Die werkloosheidskoers is konstant hoër as die res van SA. Dit is veral hoog onder swart jongmense. Die jongste amptelike werkloosheidsyfer vir die Vrystaat is 37,9% in 2025 (Januarie tot Maart), die uitgebreide koers is 44,8%.

1.4 Opsommende opmerking

Sekere omstandighede waarbinne mense in die Vrystaat woon het van 2011 tot 2022 effens verbeter (sien T05). Enkele voorbeelde: Toegang tot elektrisiteit verbeter maar weeklikse vullis verwydering daal; formele huisvesting styg maar die gemiddelde huishouding word groter. Die Vrystaatse bevolking beleef in vele opsigte nie dieselfde groei en verbeteringe as ander provinsies nie. Dit is die konteks waarbinne die kerk haarself bevind.

2. Lidmate in die Vrystaat sinode en NG Kerk

Die doel van hierdie afdeling is om ‘n beskrywing te gee van die lidmaatbevolking van die NG Kerk in die Vrystaat. Dit word vergelyk teen die agtergrond van die NG Kerk se lidmaat profiel. Daar word gekyk na verskuiwings in die profiel en migrasies in die samestelling van die lidmate.

Die data en verwerkings wat in die volgende twee afdelings gebruik word kom van die gemeente opname wat deel van Kerkspieël is. Die opname word elke vier jaar deur die gemeente leierskap en -kantoor voltooi. Die fokus is op die afgelope drie opnames en die responskoers van die opname lyk so:

Jaar	Vrystaat			NG Kerk		
	N	Voltooi	%	N	Voltooi	%
2022	153	125	81,7	1062	811	76,4
2018	155	138	89,0	1096	836	76,3
2014	157	103	65,6	1127	704	62,5

Die laaste twee opnames is aanlyn voltooi. Die responskoers is voldoende om betroubare afleidings vir die Vrystaat en die NG Kerk in geheel te doen.

2.1 Lidmate in die verskillende streke (T06 en T07)

Dit is duidelik dat daar ‘n konstante daling in die lidmate van die Vrystaat en NG Kerk is. Die Vrystaat het waarskynlik in 2022 ongeveer 88 000 lidmate gehad. Die meeste lidmate woon in stedelike gemeentes (45%) terwyl in die NG Kerk ongeveer 55% van die lidmate in stedelike gemeentes woon. In die Vrystaat woon 42% van die lidmate in klein plattelandse of plattelandse gemeentes (NG Kerk 27%). Dit wil voorkom of daar ‘n effense migrasie na plattelandse en groot dorp gemeentes is. Die proporsie van lidmate in klein plattelandse gemeente en stedelike gemeentes in die Vrystaat het effens gedaal.

2.2 Doop en belydende lidmate (T08 en T09)

Die aantal dooplidmate daal effens meer as die belydende lidmate, hoewel dit op ongeveer 20% dooplidmate en 80% belydende lidmate staan. Kleiner gemeentes mag baie min dooplidmate hê, maar die bediening aan die lidmate bly belangrik. Die reële aantal dooplidmate halveer ongeveer van 2007 tot 2025 (T10).

2.3 Senior lidmate (T11 en T12)

Die beduidendste demografiese verandering in die samestelling van die lidmaat profiel is die proses van veroudering wat beide in die Vrystaat en die NG Kerk plaasvind. ‘n Derde van die lidmate in die Vrystaat is ouer as 60 jaar, effens meer as

vir die NG Kerk (32%). Dit is nodig om kennis te neem van die groep 60 tot 80 jaar wat van 23% in 2014 tot 27% in 2022 styg.

2.4 Gemeente grootte (T13)

Daar is reeds gewys op die migrasie tussen plattelandse en stedelike gemeentes. Die belangrikste is om kennis te neem in die veranderinge in die grootte van gemeentes. Dit is meer beduidend en wesenlik as die stad-platteland migrasie. De tipologie van gemeente grootte kan so beskryf word:

- Familie-gemeentes is klein gemeentes (minder as 300 lidmate): een groep hegte families in die kern en die predikant funksioneer as “kapelaan”.
- Pastorale-gemeentes is groter (301-800 lidmate) en het 'n groot groep wat sentreer rondom die predikant met vriendskapskringe (herder-kudde).
- Program-gemeentes (801-1500 lidmate) 'n derde van hul ledetal in klein groepe en sentreer rondom vaardige en bemagtigde personeel of leke leiers (gemeente as ‘n liggaam). Programme en komitees speel 'n belangrike rol in die organisasie van die gemeente.
- Makro-gemeentes is groot gemeentes wat uit 'n groot verskeidenheid groepe bestaan (meer as 1500 lidmate). Die predikant funksioneer as 'n hoof uitvoerende beampte en die voltydse personeel is in beheer van die verskillende programme.

Die onderlinge verhoudinge en leierskaprolle verskil tussen die verskillende gemeente tipologieë. Die verskuiwings in gemeente grootte verander, as voorbeeld, die verhoudings tussen lidmate en ook die leierskap in die gemeente. Ongeveer 80% (NG Kerk 71%) van die gemeentes in die Vrystaat is of familie of pastorale gemeentes. Kennis moet geneem word van die verskuiwing tussen die tipologieë en die effek daarvan op die gemeentelike bediening.

3. Demografie en gemeente bediening

Die demografiese verskuiwings wat in die lidmaat samestelling en -grootte plaasvind, het ‘n beduidende invloed op die bediening van die gemeente. Die volgende vier aspekte verdien kortliks aandag.

3.1 Gemeente rigting (T14)

Gemeentes word minder en daar is ‘n effense toename in gemeentes wat krimpend en/of sterwend is. Die meeste gemeentes (56%) is besig met instandhouding of oorlewing. Dit wil voorkom of meer gemeentes in die Vrystaat rapporteer dat hulle groeiend is as in die NG Kerk in geheel.

3.2 Finansies (T15)

Die meeste gemeentes se inkomste groei in 2022 met minder as inflasie (47%), wat meer as die 36% in 2018. Gemeentes in die Vrystaat rapporteer ‘n swakker posisie in 2022 teenoor 2018, hoewel effens beter as vir die NG Kerk in geheel.

3.3 Gemeente en missionale roeping (T16, T17 en T18)

Gemeentes bevind hulleself binne ‘n bepaalde konteks en het ‘n spesifieke roeping teenoor wêreld waarbinne hulle lewe en werk. Sonder om die drie tabelle in detail te bespreek is dit duidelik dat daar ‘n daling in die missionale verstaanimpak van 2018 na 2022 ten opsigte van Vrystaat gemeentes is (hoewel effens beter as vir die NG Kerk in geheel). Het die demografiese inkrimping van gemeentes hulle fokus en roeping teenoor die konteks verminder?

3.4 Gemeente en gemeenskap (T19 en T20)

Gemeentes is meesal in die gemeenskap betrokke deur die aksies van lidmate (64% in 2018 en 50% in 2022). Die afname van 2018 na 2022 is kommerwekkend.

Gemeentes werk in netwerke saam, maar die samewerking daal ook van 2018 na 2022.

3.5 Slotopmerking

Lidmate is belangrike boustene in elke gemeente. Wie is die lidmate? Die CLS-SA opname gee ‘n beskrywing van die profiel van die lidmate wat gewoonlik op ‘n Sondag in die erediens is (sien T21). Dit is hierdie lidmate wat die kern van gemeentes en die kerk vorm, en wat beide die gemeente en kerk se roeping ten uitvoer moet bring.

Tabelle

1. Demografie van die Vrystaat

Vrystaat bevolking: 1996 tot 2022 (T01)

Population group	1996		2001		2011		2016		2022	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Black African	2 223 940	84.4	2 381 073	88.0	2 405 533	87.6	2 514 990	88.7	2,608,999	89.3
Coloured	79 038	3.0	83 193	3.1	83 844	3.1	72 095	2.5	67,197	2.3
Indian or Asian	2 805	0.1	3 719	0.1	10 398	0.4	7 296	0.3	87,648	0.3
White	316 459	12.0	238 791	8.8	239 026	8.7	240 333	8.5	236,650	8.1
Total	**2 633 504**	**100**	**2 706 775**	**100**	**2 745 590**	**100**	**2 834 714**	**100**	**2 921 611**	**100**


Vergelykende groeikoers (T02)

Region	1996–2001 (%)	2001–2011 (%)	2011–2016 (%)	2016-2022 (%)[13]
Free State	0.55	0.14	0.64	0.8
South Africa	2.01	1.45	1.46	1.4

Migrasie in die Vrystaat: 1991 tot 2022 (T03)

Year	Urban		Rural					
			Total		Commercial farms		Former homeland farms	
	N	%	N	%	N	%	N	%
1991	1 655 566	63.7	942 857	36.3	630 537	24.3	312 320	12.0
1996	1 902 007	70.5	794 243	29.5	520 465	19.3	273 778	10.2
2001	2 048 846	75.7	657 926	24.3	399 177	14.7	258 809	9.6
2011	2 303 215	83.8	442 374	16.2	196 444	7.2	245 930	9.0
2022[15]	2 502 000	86.2	400 000	13.8	150 000	5.2	235 000	8.1
% Annual change 1991 – 1996		2.8		–3.4		–3.8		–2.6
% Annual change 1996 – 2001		1.5		–3.7		–5.1		–1.1
% Annual change 2001 – 2011		1.2		–3.9		–6.8		–0.5

Werkloosheid in die Vrystaat: 2020 tot 2022 (T04)



Kenmerke van die Vrystaat bevolking: 2022 en 2011 (T05)

	2022	2011
Total population	2964412	2745590
Young children (0-14 years)	26,60%	29,10%
Working age population (15-64 years)	66,40%	65,40%
Elderly (65+ years)	7,00%	5,50%
Dependency ratio	50,70	52,90
Sex ratio	90,40	93,80
No schooling (20+ years)	5,00%	7,10%
Higer education (20+years)	10,20%	9,40%
Number of households	845250	823285
Average household size	3,5	3,3
Formal dwellings	88,50%	81,10%
Flush toilets connected to sewerage	76,30%	67,10%
Weekly refuse disposal service	63,50%	71,00%
Access to piped water in the dwelling	49,00%	44,80%
Electricity for lighting	94,60%	89,90%

2. Lidmaat beramings van die NG Kerk in die Vrystaat

T06:Raming Lidmaatgetalle (N)						
Jaar	**Sinode**	**Klein Plat**	**Platteland**	**Groot Dorp**	**Stedelik**	**Totaal**
2014	Vrystaat	16018	28809	13007	54165	111999
	NG Kerk	106441	161809	169391	574574	1012215
2018	Vrystaat	13785	25282	11891	44475	95434
	NG Kerk	96728	118459	158876	492373	866436
2022	Vrystaat	13460	24047	10874	39936	88317
	NG Kerk	85592	135613	142069	442501	805775

T07: Raming Lidmaatgetalle %						
Jaar	**Sinode**	**Klein Plat**	**Plat**	**Groot Dorp**	**Stedelik**	**Totaal**
2014	Vrystaat	14,3	25,7	11,6	48,4	100,0
	NG Kerk	10,5	16,0	16,7	56,8	100,0
2018	Vrystaat	14,4	26,5	12,5	46,6	100,0
	NG Kerk	11,2	13,7	18,3	56,8	100,0
2022	Vrystaat	15,2	27,2	12,3	45,2	100,0
	NG Kerk	10,6	16,8	17,6	54,9	100,0

T08: Raming lidmate Vrystaat en NG Kerk (N)					
Jaar	**Sinode**	**Bely**	**Doop**	**Ongedoop**	**Totaal**
2014	Vrystaat	89201	21541	1257	111999
	NG Kerk	781426	219454	11336	1012215
2018	Vrystaat	76444	18005	985	95434
	NG Kerk	668211	187415	10809	866436
2022	Vrystaat	70177	17066	1074	88317
	NG Kerk	623082	173300	9393	805775

T09: Raming lidmate Vrystaat en NG Kerk (%)				
Jaar	**Sinode**	**Doop+**	**Bely**	**Totaal**
2014	Vrystaat	20,4	79,6	100,0
	NG Kerk	22,8	77,2	100,0
2018	Vrystaat	19,9	80,1	100,0
	NG Kerk	22,9	77,1	100,0
2022	Vrystaat	20,5	79,5	100,0
	NG Kerk	22,7	77,3	100,0

T10: Lidmate in die Vrystaat (Jaarboek)					
Jaar	**Doop**	**Bely**	**Totaal**	**Doop %**	**Bely %**
2007	27514	98750	126264	21,8	78,2
2012	22125	91173	113298	19,5	80,5
2016	19312	81321	100633	19,2	80,8
2019	17871	73465	91336	19,6	80,4
2025	14584	59386	73970	19,7	80,3

T11: Senior lidmate (N)				
Jaar	**Sinode**	**60-80jr**	**80+jr**	**Totaal**
2014	Vrystaat	25508	6762	32270
	NG Kerk	231371	43992	275363
2018	Vrystaat	25614	5033	30647
	NG Kerk	228041	46902	274943
2022	Vrystaat	23943	5243	29185
	NG Kerk	209117	48040	257156

T12: Senior lidmate (%)				
Jaar	**Sinode**	**60-80jr**	**80+jr**	**Totaal**
2014	Vrystaat	22,8	6,0	28,8
	NG Kerk	22,9	4,3	27,2
2018	Vrystaat	26,8	5,3	32,1
	NG Kerk	26,3	5,4	31,7
2022	Vrystaat	27,1	5,9	33,0
	NG Kerk	26,0	6,0	31,9

T13: Gemeente grootte						
Tipologie	**2018**			**2022**		
	Vrystaat		**NG**	**Vrystaat**		**NG**
	N	%	%	N	%	%
Familie (<300)	39	28,9	28,9	39	31,7	35,8
Pastoraal (301-800)	70	51,9	38,5	60	48,8	35,5
Program (801-1500)	20	14,8	19,7	20	16,3	17
Makro (1501+)	6	4,4	12,8	4	3,3	11,7
Totaal	135	100	100	123	100	100

3. Demografie en gemeente bediening

T14: Gemeente rigting. Hoe sou u gemeente se huidige rigting tipeer?						
	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Krimpend en / of sterwend	9	6,6	9	7,2	84	10.4
Besig met instandhouding/oorlewing	70	51,1	70	56,0	452	56.0
Groeiend	48	35,0	42	33,6	242	30.0
Dinamies groeiend	10	7,3	4	3,2	29	3.6
Totaal	137	100,0	125	100.0	807	100.0

T15: Watter van die volgende beskryf die gemeente se finansiële posisie die beste?						
	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Ons inkomste groei bo die inflasiekoers	10	7,5	9	7,2	60	7.4
Ons inkomste hou tred met inflasie	47	35,1	38	30,4	207	25.5
Ons inkomste groei is minder as inflasie	48	35,8	59	47,2	389	48.0
Ons finansiële situasie is ’n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die gemeente	29	21,6	19	15,2	155	19.1
Totaal	134	100,0	125	100.0	811	100.0

T16: Die kultuur en ouderdom van die gemeente reflekteer die demografie van die gemeenskap waarbinne die gemeente geleë is.						
	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Stem beslis saam	62	45,3	39	31,5	221	27,5
Stem saam	47	34,3	53	42,7	328	40,8
Neutraal of onseker	9	6,6	11	8,9	78	9,7
Stem tot ’n mate saam	10	7,3	15	12,1	128	15,9
Stem beslis nie saam nie	9	6,6	6	4,8	48	6,0
Totaal	137	100,0	124	100.0	803	100.0

T17: Ons gemeente is 'n gemeente met sendingprojekte wat deel is van die gewone gemeente-aktiwiteite.

	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Stem beslis saam	48	35,0	24	19,2	140	17,4
Stem saam	35	25,5	39	31,2	249	30,9
Neutraal of onseker	16	11,7	21	16,8	104	12,9
Stem tot 'n mate saam	27	19,7	23	18,4	166	20,6
Stem beslis nie saam nie	11	8,0	18	14,4	146	18,1
Totaal	137	100,0	125	100.0	805	100.0

T18: Ons gemeente is 'n missionale gemeente wat haar bestaan sien as deel van God se sending na hierdie wêreld.

	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Stem beslis saam	52	38,0	44	35,8	255	31,8
Stem saam	49	35,8	43	35,0	318	39,7
Neutraal of onseker	13	9,5	18	14,6	90	11,2
Stem tot 'n mate saam	16	11,7	14	11,4	100	12,5
Stem beslis nie saam nie	7	5,1	4	3,3	38	4,7
Totaal	137	100,0	123	100.0	801	100.0

T19: Watter van die volgende stellings beskryf die gemeente se betrokkenheid by gemeenskapsorganisasies en -aktiwiteite (soos markte, optogte, skoonmaak projekte, konserte, ens.) die beste?

	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Die gemeente raak nie betrokke by gemeenskapsorganisasies of aktiwiteite nie	5	4,1	7	5,6	52	6,5
Lidmate neem as individue deel, nie gesamentlik as gemeente nie	77	63,6	62	49,6	477	59,2
Die gemeente neem gewoonlik deel of ondersteun sulke organisasies of aktiwiteite	31	25,6	52	41,6	247	30,6
Die gemeente neem leiding in sulke organisasies of aktiwiteite	8	6,6	4	3,2	30	3,7
Totaal	121	100,0	125	100.0	806	100.0

T20: Hoe sien julle die rol van die gemeente t.o.v. krisisse en kwessies in die gemeenskap?						
	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Die gemeente speel 'n leidende rol in gemeenskapskwessies en krisisse	15	13,6	17	13,6	81	10,0
Die gemeente vat hande met ander gemeenskapsorganisasies	45	40,9	47	37,6	342	42,4
Leiers van die gemeente speel 'n rol	13	11,8	20	16,0	117	14,5
Lidmate as individue neem deel, maar nie deur hulle verbintenis aan die gemeente nie	31	28,2	37	29,6	233	28,9
Die gemeenskap hanteer die krisis sonder die gemeente	6	5,5	4	3,2	33	4,1
Totaal	110	100.0	125	100.0	806	100.0


NG CLS erediens bywoon profiel (2023-2024) (T21)

Biografies

20% is jonger as 40 jaar, 32% tussen 40 en 60, 48% ouer as 60 jaar
57% vrouens
97% wit en 96% Afrikaans
62% het naskoolse kwalifikasie
55% is in eerste huwelik
52% werk voltyds en 36% is afgetree
37% is langer as 20 jaar in die gemeente en 19% tussen 10 en 20 jaar in die gemeente

Verbintenis en betrokkenheid by gemeente


84% hou weekliks stiltetyd
51% het 'n groeiende verbintenis met die gemeente
60% woon weekliks eredienste by en 30% woon maandeliks 'n erediens by
50% is by 'n kleingroep of sosiale groep in gemeente betrokke
24% is by aksies in die gemeenskap betrokke




a.

Visionering

A2-3 GRAFIEK | LIDMATE PER RING





Belydende lidmate per ring
WELKOM (7)
1652
2660
WATERBRON (10)
5860
6500
VALSRIVIER (12)
4693
5732
VAALRIVIER (15)
6110
7869
SMITHFIELD (9)
1843
2032
SENTRAAL (12)
2878
4120
SUIDOOS-BLFT (11)
9929
10240
HEILBRON (8)
2323
2597
HARRISMITH (10)
2649
3098
GOUDVELD (10)
3572
4920
FAURESMITH (9)
1817
2059
BULTFONTEIN (10)
3122
3382
BLOEMHEUWEL (7)
4222
5334
BLFT-NOORD (10)
3786
5662
BETHLEHEM (12)
3722
4714
2025
2020
0
2000
4000
6000
8000
10000
12000



a.


Visionering

A2-4 GRAFIEK | LERAARS VAN DIE VRYSTAAT (NUUTSTE SYFERS BY BEDIENINGSBEGELEIDING (B1))



Opmerking:

Van die huidige ongeveer 136 leraars in die Vrystaat is 24 reeds ouer as 65. Tien is reeds ouer as 70 jaar. Een-en-twintig word in die volgende vyf jaar 65, en nog 23 in die vyf jaar daarna.



a.

Visionering

A2-5 AFRIKAANSE SKOLE



Afrikaanse skole in 'n wurggreep

289 sluit hul deure landwyd in sewe jaar

Marelize Barnard

Honderde Afrikaanse openbare skole het die laaste paar jaar hul deure gesluit. In 2016 was daar landwyd 1 274 Afrikaansenkelmediumskole en teen 2023 net 985.

Die slegte nuus vir die voortbestaan van Afrikaans op skoolvlak is dat die aanbod al hoe kleiner word.

Daan Potgieter, uitvoerende hoof van die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON), het Saterdag in 'n werksessie oor die stand van Afrikaans gesê statistieke wys 289 Afrikaansenkelmediumskole het in die afgelope sewe jaar landwyd verdwyn. Die werksessie is buite die Paarl deur die Afrikaanse Taalraad gehou.



Daan Potgieter, uitvoerende hoof van die AON.

" 'n Mens sou verwag dat ander skole waar Afrikaans in onderrig gebruik word, soos dubbelmedium- of parallelmediumskole, sou gegroei het, maar hulle het nie, hulle het ook minder geword," sê Potgieter.

Hy sê in die Oos-Kaap het die Afrikaansmediumskole van 2016 tot 2023 afgeneem van 173 tot 107; in die Vrystaat van 78 tot 44; in Gauteng van 137 tot 97; in KwaZulu-Natal van 10 tot drie; in Limpopo van 15 tot 12; in Mpumalanga van 17 tot 10; in die Noord-Kaap van 184 tot 142; in Noordwes van 51 tot 50; en in die Wes-Kaap van 609 tot 520.

"Die vraag na Afrikaansmediumskole is kommerwekkend as 'n mens kyk in watter provinsies ons skole verloor het," waarsku Potgieter.

"Veral die Afrikaansmediumskole op die platteland sukkel om te oorleef. Ons is bekommerd oor die plattelandse omgewing."

Potgieter sê in stedelike gebiede lyk dit of daar nog 'n sterk aanbod vir Afrikaans in skole is as 'n mens kyk na plekke soos Pretoria en dele van die Wes-Kaap.

"Maar in ander streke is ouers geneig om hul kinders in Engels te laat onderrig. En interessant genoeg is een van die grootste redes daarvoor, 'n mens kan dit selfs 'n wanpersepsie noem, dat die kind 'n beter toekoms het in tersiêre opleiding met onderrig in Engels," sê Potgieter.

Hy sê die belangrikste ding is die handelswaarde van 'n taal waar daar nie die bedoeling of plan is om op tersiêre vlak te studeer nie. Dis waar 'n ouer wil hê die kind moet net 'n werk kry en die aanbod, die werkmag daarbuite, is oorwegend Engels.

"Dis waar ouers sê my kind gaan in 'n winkel werk en daar moet hulle Engels praat. Dis een van ons knelpunte," sê Potgieter.

"Die ander knelpunt het ons weer vandeesweek opgetel – dat daar selfs Afrikaansonderwysers is wat by 'n laerskool aan kinders sê vergeet daarvan, daar is nie genoeg Afrikaanse universiteite nie, jy moet eintlik in 'n Engelse skool kom, want dis waar jy gaan oorleef."

Dit alles dra by tot die getal Afrikaanse skole wat sluit en bied 'n kommerwekkende prentjie dat nog minder Afrikaansenkelmediumskole elke jaar of twee gaan voortbestaan.

"Die vooruitskatting is dat daar teen 2040 tussen 200 en 300 minder openbare Afrikaansenkelmediumskole sal wees met nog 'n afplatting teen 2050. Die verwagting is dus dat as ons op dié trajek voortgaan, daar 25 jaar van nou af 'n minimale aanbod van Afrikaanse openbare skole gaan wees," sê Potgieter.

Die AON se jongste statistieke wys van die getal skole waar Afrikaans as enkel-, parallel-, of dubbelmedium in 2024 aangebied is, is die oorgrote meerderheid in die Wes-Kaap (64%), gevolg deur Gauteng (14%) en dan die ander provinsies wat wissel tussen 1% en 4% van die totale landwye syfer.

Oor die bekostigbaarheid van onafhanklike skole sê Potgieter 'n skuif het in die afgelope ses maande gekom.

Die afplatting van die ekonomie het 'n impak op ouers se vermoë om hul kinders se skoolgeld te kan bekostig en die model van onafhanklike skole is nie bekostigbaar nie.

Potgieter sê 'n bydrae word nou uit die korporatiewe wêreld gelewer net om te verseker dat daar 'n Afrikaanse aanbod in onafhanklike skole is.


In 2024 was daar oor Suid-Afrika heen 2 469 onafhanklike skole met 191 Afrikaanse skole (7,74%). Hierin was 23 866 Afrikaanse leerlinge, oftewel 3,22% van die totale getal leerlinge wat landwyd in onafhanklike skole was.

Hoewel daar uitnemende private-skool-modelle is, is dit nie noodwendig so dat almal 'n beter aanbod bied as van jou topprestererende openbare skole nie.

Die organisasies in die AON sal die verslag volgens Potgieter gebruik om strategiese beplanning te doen vir die beskerming en behoud van Afrikaanse skole.

– mbarnard1@24.com

So daal Afrikaansenkelmediumskole sedert 2016



Bron: Afrikaanse Onderwysnetwerk

Netwerk24-grafika



Walmart is van plan om voor die einde van die jaar takke in Suid-Afrika te open. Foto: GETTY

Amerika se Walmart open binnekort winkels in SA

Stefani Terblanche

Die Amerikaanse winkelgroep Walmart is van plan om voor die einde van die jaar winkels in Suid-Afrika te open.

Kath McLay, Walmart Internasionaal se president en uitvoerende hoof, het gister in 'n verklaring gesê die winkels sal 'n omvattende reeks handelsware bied, waaronder vars kruideniersware, huishoudelike noodsaaklikhede, klere en tegnologie, met 'n mengsel van plaaslike en internasionale handelsmerke wat te koop sal wees.

Die betrokke persele word reeds ontwikkel en die amptelike openingsdatums sal glo in Oktober aangekondig word.

"Ons is verheug om die reis te begin om die ikoniese Walmart-handelsmerk aan Suid-Afrikaanse klante en gemeenskappe bekend te stel," sê Miles van Rensburg, uitvoerende hoof en president van Massmart.

"Deur te luister en saam te werk streef ons daarna om blywende verhoudings te bou en 'n heerlike inkopie-ervaring te lewer wat die behoeftes van Suid-Afrikaners weerspieël."

Walmart het Massmart, wat Makro, Game, Builders, Shield en Jumbo besit, in 2022 uitgekoop en van die JSE gedenoteer.

Walmart is reeds in 19 lande bedrywig, met 270 miljoen klante wat weekliks die 10 750 winkels besoek, en is luidens die verklaring bekend om sy lae pryse en goeie gehalte.

– stefani.terblanche@media24.com

Heerengracht 40, Kaapstad
110de jaargang



a.

Visionering

A2.6 EERSTE VERSLAG | BRONZE BAOBAB

BRONZE BAOBAB

NG Kerk Vrystaat – Visioneringsverslag

22–23 September 2025 | Menuha

Opsomming

*Hierdie verslag is die vrug van twee dae se intensiewe gesprekke oor die NG Kerk in die Vrystaat. Dit bevat **waarnemings, insigte en aanbevelings** – nie formele besluite nie – wat kan help om vorentoe rigting te vind.*

Ons kernboodskap:

As ons weet WIE ons is, sal ons weet WAT om te doen – en dan kan ons besluit HOE om dit te doen.

Hoofinsigte:

- *Ons identiteit voel onseker, maar ons lidmate is ernstig oor God en die kerk.*
- *Ons beleef 'n skuif van vol kerke en hoë energie na kleiner getalle en laer energie.*
- *Ons droom oor 'n kerk wat hoop bring, eenheid uitleef en mense toerus.*
- *Die metafore van Water, Tafel en Ratte help ons om ons roeping te verstaan.*
- *Ons moet wegbeweeg van interne konflik na gefokusde roeping en praktiese aksie.*

1. Inleiding

Op 22 en 23 September 2025 het 28 lede van die NG Kerk Vrystaat se visioneringsgroep by Menuha saamgedink. Jesaja 60 het die gesprekke geanker.

Hierdie verslag deel die belangrikste gesprekspunte en bied aanbevelings vir die pad vorentoe.

2. Identiteit – Wie is ons?

Die gesprekke oor identiteit was eerlik en diepgaande. Ons het die volgende ontdek:

Ons sterkpunte:

- Elke gemeente is ’n **baken van hoop**.
- Ons is die **Liggaam van Christus** en word deur geloof gedra.
- Ons is bekend vir **gasvryheid** en **deursettingsvermoë**.
- Ons lidmate is **begaafd** en ernstig oor hulle geloof.

Ons uitdagings:

- Soms voel ons **vasgekeer** en sukkel om aan te pas.
- Daar is ’n **etiese stilte** waar verkeerde sake nie aangespreek word nie.
- Ons diversiteit veroorsaak soms ’n gevoel van **versplintering** – die “olifant in die kamer”.

Verskuiwings wat ons identiteit beïnvloed:

Vroeër	Nou
Vol eredienste	Leër banke
Groot lidmaattalle	Dalende getalle
Baie predikantsposte	Afnemende poste
Hoë energie	Lae energie
Korporatiewe stabiliteit	Trauma en verlies (Aftredes, bedankings, dolering, finansies)

Hierdie werklikhede vra dat ons weer ontdek wie ons is – en waartoe ons geroep is.

3. Roeping – Waartoe is ons geroep?

Ons het ’n droom gedeel oor hoe die NG Kerk in die Vrystaat moet lyk. Drie sterk metafore het na vore gekom:

💧 Water

- Water bring lewe en hoop.
- Soos ’n windpomp water uit die diepte trek, is ons geroep om **lewenswater** vir mense te bring.

- Ons dra ons kruis soos die vroue wat kruike dra – ons dien mekaar en die wêreld.

🍽️ **Tafel**

- Die tafel simboliseer **eenheid in verskeidenheid** en **gasvryheid**.
- Dit herinner ons aan die Nagmaal – om te versoen, te vergewe en saam te eet.
- Ons word geroep om sulke tafels in gemeenskappe te skep.

⚙️ **Ratte**

- Ratte herinner ons aan ons **strukture en gawes**.
- As die ratte inmekaar gryp, kan ons nood hanteer en potensiaal ontsluit.
- Leierskap en mentorskap is sleutels tot hierdie roeping.

4. Eenheid – Ons Groot Roepstem

Ons het mekaar gevra: **Wat is die een ding wat ons kan doen om eenheid in die kerk te beliggaam?**

Die antwoorde het saamgeval:

- **Liefde:** Ons moet mekaar werklik liefhê.
- **Gestuurdheid:** Ons moet ons roeping aanvaar en uitleef (Lukas 10).
- **Volg Christus:** Ons moet oor onsself kom, ons kruis opneem en Hom volg – soos dissipels wat so naby agter hulle Rabbi aanstap dat sy stof op hulle voete val.

5. Pad Vorentoe – Van Woorde na Aksie

Die groep het gevoel dat konflikgesprekke baie energie geneem het en dat ons nou moet **herfokus op roeping**.

Die groep het ter wille van die gesprek die volgende bedieninge saamgevoeg om oor die pad vorentoe te praat:

- Barmhartigheid + Getuienis = 💧 Water
- Gemeentebegeleiding + Opleiding = 🍽️ Tafel
- IM + STK = ⚙️ Ratte (ondersteuning, fondse, personeel)

Die volgende sake het ook in die twee dae se gesprekke na vore gekom om verder ondersoek te word:

1. **Ontwikkel ("fast track") leierskap** – moontlik deur 'n proses soortgelyk aan Stefan Joubert se "Gang-proses".
2. Gee weer aandag aan **mentorskap**
3. **Bou in predikante** – skep ruimtes vir die bou van verhoudings en vertroue sodat predikante mekaar as gelykwaardig kan sien (Arbinger-konflikmodel).

Sommer los voorstelle waaraan ek gedink het:

1. Wat van die skep van 'n **Vrystaat kerklied** wat iets van die eenheid en verskeidenheid van die kerk omarm wat in al die gemeentes gesing kan word. Kyk ook na Vonkk 284 of Lied 254.
2. Ontwikkel 'n proses om gemeentes **in te lig** oor hierdie visie en nooi hulle om daarvoor te **bid**.

6. Slot

Dankie dat ek saam met julle hierdie pad kon stap en dat julle my vertrou het met julle "binnewerke". Mag die Sinode groot wysheid ontvang vir die besluite wat voorlê en nuwe energie vind om God se roeping uit te leef.



27 September 2025



a.

Visionering

A2-7 TWEEDE VERSLAG | BRONZE BAOBAB

BRONZE BAOBAB

Tweede Visioneringsproses: NG Kerk Vrystaat

Geïntegreerde Verslag en Strategiese Raamwerk

4 Februarie 2026 | Menuha

Samevatting

Op 4 Februarie 2026 het 21 lede van die deur die Moderamen aangewese groep weer by Menuha byeengekom om voort te bou op die eerste visioneringsgesprek van September 2025.

Waar die eerste gesprek sterk gefokus het op **identiteit**, het hierdie tweede byeenkoms beweeg na **implementering**:
Hoe word ons roeping konkreet sigbaar in gemeentes, ringe en sinodale strukture?

Die drie kernmetafore – **Water, Tafel en Ratte** – is verder uitgewerk as geïntegreerde strategie vir die NG Kerk Vrystaat.

Sleutelbewegings:

- Van identiteit na implementering
- Van dominee-gesentreerde bediening na gedeelde leierskap
- Van afsonderlike bedieninge na geïntegreerde funksionering
- Van strukture wat energie tap na strukture wat roeping ondersteun

Hierdie dokument bied:

1. 'n Samevatting van die gesprekke
2. 'n Geïntegreerde visie
3. 'n Voorgestelde strategiese implementeringsraamwerk (2026–2028)

1. Geestelike Anker

Jesaja 60 en 61 het weer as Skrifanker gedien: "Lig in die duisternis." Die "in plaas van" tekste in die twee hoofstukke het aan die Woord gekom.

Die vraag is nie óf die NG Kerk Vrystaat geroep is nie.
Die vraag is hoe ons ons roeping nou konkreet en sigbaar uitleef.

2. Geïntegreerde Visie: Water – Tafel – Ratte

Die drie metafore vorm nie drie aparte programme nie.
Hulle is drie dimensies van een roeping.

TAFEL

Gemeentebegeleiding en Opleiding

Die Tafel simboliseer gasvryheid, toerusting en verbondenheid.

Kerninsigte

1. **Dit is nie "ons" tafel nie.**
   Daar moet altyd ekstra stoele wees. Soms moet die tafel op die sypaadjie gedek word – waar mense leef.
2. **Toerusting volgens Efesiërs 4.**
   Die gesprek het 'n duidelike skuif aangedui:
   - Van versorging na toerusting.
   - Van dominee-sentriese model na leierskap in die gemeentes.

Die vraag het sterker na vore gekom:

Wat is die verantwoordelikheid van die lidmaat?

3. **Ringe as verbindingsruimtes.**
   Gemeentes kan nie in silo's funksioneer nie.
   Ringe moet ruimtes wees waar gemeentes mekaar se hande vat en saam leer.

Strategiese Fokus (2026–2028)

- Ontwikkel leierskapstoerusting vir gemeentes.
- Versterk ringe as samewerkingsruimtes.
- Help gemeentes om hul identiteit en roeping duidelik te formuleer.
- Ontwikkel wegbreekgeleenthede vir Predikante waar verhoudings gebou en teologie gepraat word.

WATER

Barmhartigheid en Getuienis

Water simboliseer lewe, hoop en missionale teenwoordigheid.

Kerninsigte

- Barmhartigheid en getuienis kan nie los funksioneer nie.
- Die Vrystaat bevat baie "dor plekke" – sosiaal, ekonomies en geestelik.
- Gemeentes moet saam water dra eerder as geïsoleerd optree.

Water vra:

- Sigbare teenwoordigheid.
- Konkrete betrokkenheid.
- Gemeenskaplike aksie.

Strategiese Fokus (2026–2028)

- Identifiseer prioriteitsgebiede van nood, byvoorbeeld skole, hospitale, landbougemeenskap (Bek- en Klouseer).
- Skep sinodale samewerkingsinisiatiewe.
- Integreer getuienis en diens in plaaslike projekte byvoorbeeld die ineenstorting van sisteme (water, paaie, ens) in dorpe.
- Deel suksesverhale om energie te bou.

RATTE

IM en STK – Ondersteuning, Fondse en Personeel

Ratte simboliseer strukture wat soos 'n ge-oliede masjien moet loop. Die vrees is uitgespreek dat die kar voor die perde gespan word (structure follows strategy) en dat die gesprek oor die struktuur voortydig is.

Kerninsigte

- Strukture moet roeping ondersteun – nie energie tap nie.
- Administrasie moet dienend wees.
- Wanneer ratte inmekaar gryp, vloei energie.

Die vraag wat na vore gekom het:
Is ons huidige strukture ingestel op die nuwe werklikheid van kleiner gemeentes en veranderende kapasiteit?

Strategiese Fokus (2026–2028)

- Vereenvoudig administratiewe prosesse.
- Belyn begrotings met missionale prioriteite.
- Evalueer rolverdeling en ondersteuning: Daar moet duidelike roluitklarings wees om die rolle van die Moderamen, die IK en die verskillende bedieninge tussen Sinodes uit te spel. Hoewel die voorsitters van die vier bedieninge (Gemeentebegeleiding, Opleiding, Barmhartigheid en Getuienis) sitting op die Moderamen het, wil dit voorkom of die bedieninge redelik outonoom funksioneer. Die rol van die Moderamen is ook nog nie duidelik uitgespel nie. Dit alles bring spanning in die sisteem.
- Skep duidelike kommunikasiekanale.

3. Strategiese Integrasie

Die drie metafore is interafhanklik:

- Sonder Tafel is daar geen toerusting nie.
- Sonder Water is daar geen missionale geloofwaardigheid nie.
- Sonder Ratte is daar geen volhoubare ondersteuning nie.

Kernbeginsel:

Strukture bestaan om roeping moontlik te maak – nie om dit te vervang nie.

4. Operasionele Prioriteite

Vir die volgende drie jaar word voorgestel:

1. Leierskapontwikkeling

- Ontwikkel ’n gestruktureerde toerustingsproses.
- Bemagtig ringe om aktief saam te werk.
- Bevorder gedeelde verantwoordelikheid.

2. Missionale Samewerking

- Begin gesamentlike projekte.

- Skep netwerkvorming tussen gemeentes.
- Ontwikkel ’n gedeelde taal vir missionale teenwoordigheid.

3. Strukturele Belyning

- Hersien bestaande kommissies.
- Vereenvoudig administrasie.
- Rig begrotings volgens roepingprioriteite.

5. Waarnemings oor die Proses

Die tweede gesprek het gewys:

- Die groep beweeg van droom na daad.
- Daar is groter realisme oor kapasiteit.
- Die behoefte aan energie, vertroue en samewerking is sterk.

Daar is ’n groeiende besef dat eenheid nie deur strukture alleen geskep word nie, maar deur gedeelde roeping.

6. Slot

Die NG Kerk Vrystaat staan nie voor ’n administratiewe uitdaging alleen nie.
Julle staan ook voor ’n roepingsmoment.

Water.
Tafel.
Ratte.


Drie beelde.
Een roeping.

Mag julle die moed hê om op te staan en lig te wees – nie net in woorde nie, maar in strukture, leierskap en sigbare teenwoordigheid.

Dr. Roelf Opperman
Ds. Fritz Snyman
16.02.2026

a. Visionering

A2-8 VRYSTAAT VLOEI DIAGRAM





a.

Visionering

A2-9 VERSLAG OOR BELYDENISGRONDSLAG 2022

"My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort –
dis my anker, my vaste hoop.
Ek behoort aan die Here."

(Lied 292, na die *Heidelbergse Kategismus*, Sondag 1)

OOR ONS GEREFORMEERDE BELYDENIS IN DIE NG KERK VRYSTAAT.

'n Gespreksdokument op versoek van die Vrystaatse Sinode,
Oktober 2022.

1. INLEIDING

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat het in Maart 2022 die volgende besluit geneem:

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat,

1. Neem kennis van die verslag van die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake;
2. Bevestig dat die opdrag wat deur die Sinode van die NG Kerk Vrystaat in 2017 aan die taakspan gegee is, sake van belang vir ons kerkverband en gemeentes aanspreek;
3. Bevestig ook dat die NG Kerk Vrystaat haar in sake van teologiese- en etiese belang, wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;
4. Bevestig ook dat soos daar in ons lees en vertolking van die Skrif behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, so ook in ons lees en vertolking van die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie in ons omstandighede vandag;
5. Is bewus daarvan dat daar by leraars en lidmate 'n behoefte is aan sekerheid en 'n bondige en bevatlike uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons

Verlosser in sy persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose;

6. Besluit daarom dat die oorspronklike opdrag en die verslag van die Taakspan vir Aktuele en Leerstellige Sake verwys word na 'n tydelike studiegroep uit die geledere van die NG Kerk Vrystaat saamgestel, om in oorleg met die Moderamen,

i. 'n kort uitleg aan die hand van die Apostoliese Geloofsbelydenis en ons belydenisskrifte oor die aspekte hierbo genoem, voor te berei;
ii. Dit vir goedkeuring aan die Moderamen voor te lê, en indien aanvaar, dit in die kerkverband vir gesprek in gemeentes versprei;

7. Versoek die studiegroep en Moderamen om hierdie opdrag en dokument teen nie later as September 2022 te voltooi en aan gemeentes van die NG Kerk Vrystaat vir bespreking beskikbaar te stel nie.

Voorsteller: Ds FH Lamprecht
Sekondant: Dr A Mostert

By sy eerste vergadering in April het die Moderamen hierdie opdrag bespreek en bevestig dat so 'n verslag oor ons belydenisgrondslag in samehang met die ander besluite van die Sinode oor Skrifgesag en -hantering, kerkverband, teologiese opleiding en kwessies rakende die 2019-besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverbintenisse gelees en hanteer moet word. 'n Studiegroep onder leiding van ds Charles James is hiervoor saamgestel (ander lede: di JH Venter, A van Rooyen, D de Beer, C Viljoen, J Venter, F Lamprecht, dr M Laubscher en prof LOK Lategan). Die studiegroep kon weens 'n verskeidenheid van faktore waaronder ook die omvang van die opdrag en tydsdrukte, nog nie voldoende vorder om 'n afgeronde verslag hieroor te voltooi nie en volstaan voorlopig deur enkele bronne en perspektiewe met die oog op 'n breër gesprek in die NG Kerk Vrystaat voor te lê.

2. ENKELE HISTORIESE AANTEKENINGE: ONS KOM 'N LANG PAD, EN STEEDS...

In 1865, toe die eerste sinode van die NG Kerk in die Vrystaat byeengekom het, is 'n kerkorde saamgestel waarvan die eerste artikel gelui het:

"De Nederduitsche Gereformeerden Kerk van den Oranje-Vrijstaat grond zich op de leer en tucht, vastgesteld door de Synode van Dordrecht in 1618-1619, en uitgedrukt in de belijdenisschriften en formulieren van Eenigheid onzer Kerk, welke zij aanneemt als overeenkomstig met Gods Woord."
(Wetten en Bepalingen van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in den Oranjevrijstaat, 186: Artikel 1).

Deur die eeu-en-'n-half sedert daardie eerste sinode, het die NG Kerk in die Vrystaat meermale en in verskillende kontekste hierdie formulering van haar belydenisgrondslag herlees en bedink – soos tans weer in 'n aktuele gesprek oor wie ons is en wat ons roeping hier behels. In die dertigerjare van die vorige eeu, byvoorbeeld, te midde van 'n felle teologiese stryd rondom prof. Johannes du Plessis, het die Vrystaatse sinode bepaal dat voornemende predikante by hul bevestiging hier 'n aanvullende verklaring sou moes aflê: Nie net die belydenisskrifte nie, maar óók...

"Ek verklaar en bely opregtelik en met goeie gewete voor die Here:

1) dat die Bybel die Woord van God is; (en nie dat die Woord van God ín die Bybel is nie);
2) dat die Bybel in al sy dele van God ingegee en daarom in al sy dele onfeilbaar is;
3) dat die wondere van die Bybel nie deur menslike rede verklaar kan word nie, maar alleen met kinderlike geloof aanvaar moet word;
4) dat die verhaal van die Skepping en van die sondeval, soos in Genesis vervat, onfeilbaar geïnspireerde heilsgeskiedenis is;
5) dat die geskiedenis soos die Ou Testament self ons dit voorhou tot ons heil gehandhaaf moet word teenoor die ewolusionistiese rekonstruksie-teorie van die Hoër Kritiek;
6) dat Jesus Christus in sy aardse omwandeling nie alleen in etiese sin heilig en sonder sonde was nie, maar dat Hy ook intellektueel sonder dwaling, leuen of bedrog was;
7) dat die leer van Jesus Christus oor Moses as skrywer van die Pentateug, oor Jona in die vis, oor Dawid as skrywer van Psalm 110, oor die ganse Skrif onfeilbaar is; en
8) dat Jesus Christus altyd die Waarheid is.

(*Wette en Verordeninge vir die bestuur van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1948; Artikel 10/Bepaling 6 1972).*

Uit dieselfde geledere waar op hierdie hermeneutiese uitgangspunte aangedring is vir ons lees van die Skrif en belydenis, het ongelukkig ook ‘n tipiese standpuntstelling soos dié van ds. CR Kotzé gekom: “Ons leer van die Bybel, die geskiedenis en praktiese ondervinding dat nie vermenging nie, maar apartheid waarlik Christelik is” (“Uit die Vrystaat”, *Kerkbode*, 22 September 1948). Ironies genoeg is sulke standpunte nie in die lig van ons belydenisskrifte – soos die Heidelbergse Kategismus Sondag 21 oor die kerk, Sondag 40 oor respek vir die lewe van my naaste sowel as die Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 oor die waardigheid van alle mense voor God – verantwoord nie. Die historikus MCE van Schoor, sou nietemin in die Vrystaatse Gedenkboek van 1964 met klarigheid stel:

> *“... moontlik die allervernaamste kenmerk van die NG Kerk in die Vrystaat (is) dat sy predikante, ouderlinge, diakens en lidmate altoos daarop bedag was om die gereformeerde kerkleer suiwer te bewaar en vanuit hierdie suiwer leer te leef en te wandel. Nie met die dowwe flikkerende lig van mense nie, maar met die suiwer Lig van God...”*[1]

Kort daarná het die moderator van die 39ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat dit as volg beaam:

> *“... Oor al die jare heen bewys Sinodale besluite dat daar koersvastheid was en dat daar steeds behoudendheid beoefen is. Die Bybel was steeds die norm en van die belydenisskrifte moes nie afgewyk word nie.”*

Dít was die voedingsbodem waaruit besluite gekom het om ‘n eie teologiese opleiding in Bloemfontein aan die Universiteit van die Vrystaat te begin, in 1978. Twee dekades later, is daar egter juis uit dié Fakulteit gevra of “die NG Kerk nog die NG Kerk is?” Ten opsigte van ons belydenisgrondslag skryf die kerkhistorikus RM Britz dan:

> *“Hierdie belydenisskrifte wil derhalwe niks anders wees nie as woorde onder die Woord... Hulle put uit die Skrif, maar vervang nie die Skrif nie... In pas met die Skrif, gaan dit in die gereformeerde belydenis oor die soewereine genade van God... Die vraag is waarom die belydenisskrifte, ten spyte van hulle aktualiteit, tog in ‘n gereformeerde kerk in die*

vergeethoekie beland? Allereers gebeur dit as die kerk die Skrif en sy gesag as openbaring van die Vader ter syde stel. Sonder die Skrif kan die gereformeerde belydenis hom nie handhaaf nie."[2]

Teen die einde van die 20ste eeu wás daar dus in die NG Kerk Vrystaat 'n gesprek oor haar gereformeerde identiteit aan die gang, sodat die 50ste Sinode van dié kerk in 2005 hieroor 'n spesifieke besluit sou neem:

1 Ons glo dat die Bybel God se skrifgeworde openbaring is. Ons bely daarom dat die Bybel God se woord in mensetaal is wat deur die Heilige Gees geinspireer is en God se norm vir ons lewe is. Die Bybel moet na sy aard en bedoeling vertolk en verklaar word, met dien verstande dat die Bybel sy eie uitlegger is en dat elke gedeelte in sy verband uitgelê moet word. Ons glo dat 'n lewende, persoonlike verhouding met God belangrik is vir die verstaan van die bedoeling van die Skrif.

2 Ons erken dat die post-moderne tydsgees daartoe lei dat waarhede gerelativeer word. Ons het begrip dat dit tot identiteitskrisisse en tot onsekerheid kan lei. Daarom verklaar ons opnuut ons gehegtheid aan ons gereformeerde belydenisskrifte: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leereëls. Ons aanvaar hierdie belydenisskrifte as bindend omdat dit ooreenstem met die Bybel as die Woord van God. Die inhoud van die belydenisskrifte moet in ons harte leef. Ons vra leraars om die inhoud van die Belydenisskrifte weer op 'n nuwe, vars manier in gemeentes bekend te stel.

3 Ons sien ons eredienste as ontmoetings met die lewende God waar Hy deur sy Woord en Gees teenwoordig is. Hierdie waarheid maak dat elke byeenkoms gekenmerk word deur 'n diepe respek vir God. Ons erken dat daar verskillende spiritualiteite in ons kerk is wat in die diversiteit van ons aanbidding sigbaar geword het. Ons verklaar egter dat daar geen plaasvervangers kan wees vir deeglik voorbereide eredienste waar Skrifgefundeerde prediking, die wet van God en die belydenis sy plek kry nie. Ons staan daarby dat daar sekere hoekstene is wat ons eredienste kenmerk maar erken dat daar op Skrifgetroue, verantwoordelike en stylvolle wyse met die boustene op daardie hoekstene gebou kan word.

4 Ons verstaan ons roeping dat ons "Lig in die duistemis" is: "Hier vir God, vir mekaar en vir die wêreld'. Ons glo dat die waarhede van die Bybel in ons konteks moet tuiskom. Daarom aanvaar ons die uitdaging om gestuurde gemeentes te wees; mense wat diep onder die indruk is dat ons uit genade gered is en nou uit dankbaarheid 'n verskil wil gaan maak in die gebroke wêreld rondom ons. Die besinning oor gereformeerde identiteit is 'n noodsaaklike en voortgaande gesprek. Daarom ondemeem ons om voortdurend hieraan aandag te gee.

In 2014 en 2015 sou dié "noodsaaklike gesprek" in die Vrystaat voortgaan toe gemeentes en die sinode oor 'n moontlike wysiging van Artikel 1 oor die belydenisgrondslag van die NG Kerk om die Belydenis van Belhar daarin te akkommodeer, moes besluit. Verskillende standpunte en perspektiewe oor die interpretasie van ons belydenisgrondslag is gestel. Daar is gewys op die onderskeid tussen die vroeë ekumeniese credo's (Nicea, Apostolicum en Athanasius) en die 16e eeuse Reformatoriese belydenisskrifte, en hoe laasgenoemde telkens weer in 'n ander konteks, wou getuig van die waarheid in die oorspronklike credo's opgesluit. Soos wat WD Jonker tewens ook in sy nadenke oor die "Gereformeerde belydenis vandag", die Belydenis van Belhar toegelig het en dan stel:

"Die hoofkenmerke van die Belhar-belydenis is die eenvoud en doksologiese styl daarvan, die opneem van 'n groot aantal Bybelse uitdrukkings, frases en sinspelings in

die teks, die akkurate en vloeiende woordgebruik en die aansluiting by die tradisionele gereformeerde konfessionele styl."[3]

Die vraag na hoe die NG Kerk in die Vrystaat vandag haar belydenisgrondslag verstaan en in watter mate dit in haar teologiese besinning en -opleiding, eredienste en kategese, haar kerkorde en getuienis in 'n gesekulariseerde land funksioneer, is dus wesenlik en aktueel. Dit is teen daardie agtergrond dat ons die versoek van die Sinode in Maart 2022 verstaan en verdere riglyne sou wou ontwikkel.

3. 'n HERMENEUTIEK VIR SKRIF éN BELYDENIS

Uit die kort historiese oorsig en enkele aantekeninge hierbo, is dit duidelik dat die lees van die Skrif en ons gereformeerde belydenisskrifte onlosmaaklik saamhang. Anders gesê: Ons lees sowel die Bybel as die Kategismus deur dieselfde bril, en die keuse vir daardie spesifieke bril word weer bepaal deur 'n dieper oortuiging oor beide – wat ís die Bybel vir jou, en die belydenis?

Hieroor word daar tans wyd in die NG Kerk nagedink. Verskillende studieprojekte is in die Wes-Kaap en Namibië aan die gang oor die hermeneutiek en eksegese van ons belydenisskrfite, soos waartoe trouens ook die gesprek in die Vrystaatse NG Kerk kan bydra. Die "herontdekking" van ons gereformeerde belydenis in die afgelope twee dekades in die breëre NG Kerk spreek boekdele. Dit het duidelik geword uit die besinning oor die Nagmaal aan dooplidmate en die verband tussen die twee sakramente van Doop en Nagmaal (1998 en daarná); uit die groter gesprek rondom die Belydenis van Belhar (1990 tot 2015) en in die voortgaande besinning oor die gesag van die Skrif (verskeie verslae sedert 2004). Vir hierdie studiegroep en sy opdrag deur die Vrystaatse Sinode gegee, lê daar nog 'n hele weg voor.

Ons is wel dankbaar om op hierdie stadium, 'n gespreksdokument van ATLAS uit 2017 vir ons plaaslike gesprekke in ringe, gemeentes en kerkrade beskikaar te hê en vir verdere gesprek aan te beveel – ons sluit dit daarom as **BYLAAG 1** by ons verslag in.

4. 'n KORT VERKENNING VAN DIE WEG VORENTOE

Die Vrystaatse Sinode van 2022 se opdrag rondom ons belydenisgrondslag het met drie hoofsake verband gehou: 'n Versoek van die vorige sinode (2017) dat die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake (STALS) 'n ondersoek sal doen na hoe ons ons belydenisskrifte verstaan in die lig van algemene sinodale besluite oor die Bose (2011) en selfdegeslag-verbintenisse (2015 en 2016), en dan ook 'n behoefte dat daar weer 'n keer duidelik gesê sal word hoe ons in die NG Kerk die kern van ons geloofsbelydenis oor God Drie-Enig verstaan, spesifiek veral rondom Christus in sy Persoon en werking, vleeswording en opstanding. Hierdie is omvangryke sake.

Oor laasgenoemde – ons Credo, nl. die Geloofsbelydenis van Nicea en Apostolicum – het daar in die onlangse verlede verskeie publikasies verskyn waarna ons belangstellende lidmate sou kon verwys.[4] Ons sal graag verder hierop wil ingaan. Voorlopig herinner ons mekaar daaraan dat dít wat Sondae in ons eredienste uit hierdie ekumeniese belydenisse gehoor en deur die gemeente bevestig word, ook by die doopvont en Nagmaalstafel, inderdaad die essensie van ons Christelike geloof is. Korter en duideliker kan ons dit nie bely nie.

Oor die kwessie van selfdegeslag-verbintenisse is die verslag van STALS – wat vir verdere bestudering na onder andere hierdie studiegroep verwys is – 'n illustrasie van die noue verband tussen ons vertaling en vertolking van die Skrif en hoe dit inderdaad ons vertaling en vertolking van die belydenisskrifte sal beïnvloed. Nadat die STALS-verslag tereg uiteensit wat die breër strekking van die belydenisskrifte se boodskap is oor die natuur van die mens, God se genadeverbond, liefde en die wet van God en die oproep tot bekering, gaan dit uitgebreid in op die "parafrase" van 1 Korintiërs 6:9 en 10 wat in Sondag 32 Vraag 87 van die Heidelbergse Kategismus gegee is: Wie in 'n "goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie" – "sulkes" – sal die koninkryk van God nie beërwe nie. Die interpretasie van die Skrifteks – wat volgens die verslag oor "die sonde van homoseksualiteit" handel – voed gevolglik ook die verstaan van wat die Kategismus op hierdie punt bedoel; dit kan nie anders nie. Dit lê op die dieper vlak van die hermeneutiek – "die bril" – waarmee die leser Skrif én belydenis vanuit sy of haar eietydse konteks en oorwegings benader en moet soek na die oorspronklike bedoeling van 'n Paulus of 'n Ursinus, alvorens dit na ons 21ste eeu oorgebring kan word. Ons meen dat wanneer die NG Kerk in die Vrystaat oor haar belydenisgrondslag besin, sy haarself ook sal moet verantwoord oor Skrifgebruik in die 16e eeuse belydenisskrifte. Daarvoor het ons studiegroep nog meer tyd nodig.

Dieselfde uitdaging word duidelik wanneer ons oor die derde kwessie – dit wat ons as gelowiges oor die Bose glo en bely – moet sê. Dit is 'n belangrike vraag waarom daar nie in enige van die drie vroeë Credo's van die Christelike Kerk enige verwysing na die Bose is nie: Nóg Nicea, nóg die Apostolicum òf die Geloofsbelydenis van Athanasius nie. Dit, terwyl daar wél sterk uitsprake in die Vroeë Kerk oor die duiwel en die oorsprong van sonde en boosheid gemaak is. Geloof het egter met Gód te doen; gelowiges word deur profete en apostels opgeroep om hul oog gerig te hou op Christus en in die ligkring van sý teenwoordigheid en oorwinning te leef – en oor dáárdie "Lig uit Lig" gaan dit in ons oudste Christelike geloofsbelydenisse, nié oor die duisternis nie. Dit is van die Skrif ook waar: Ons vind min tussen Genesis en Openbaring oor die identiteit, herkoms of wese van die Bose self – 'n "uiterste soberheid" (JA Heyns).[5] En boonop is daar 'n "duidelike ontwikkeling" in die Bybelse sieninge rakende Satan "tussen Job en Jesus", dit wil sê vanuit die Ou- na die Nuwe Testament anderkant die Ballingskap.[6] Wat ons veel meer en dringender teëkom in veral die Nuwe Testamentiese briewe, is waarskuwings teen die werkinge van die Bose in die werklikheid waarin ons leef en in ons onderlinge verhoudinge. Daar ís "teenspraak en weerstand teen God se heerskappy"; Karl Barth noem dit "das Nichtige" – die "nee" wat uitgeroep word téénoor God se "ja" in sy goeie Skepping, in Christus en in sy verlossing en herskepping van mense.[7] In hierdie verband bied die verslag van ATLAS wat in 2011 voor die Algemene Sinode gedien het oor 'n "Bediening van Bevryding", 'n lesenswaardige oorsig van Skrifgegewens oor die Bose en die sieninge van teoloë uit die geskiedenis van die Christelike Kerk tot in die 20e eeu.[8] Dit was 'n ondersoek na aanleiding van vrae uit gemeentes oor praktyke om "demone en bose geeste uit mense te dryf"; praktyke waaroor daar ook kommer by pastorale terapeute bestaan het. Wat wel opval, is dat die verslag van ATLAS in hul beredenering nie na die gereformeerde belydenisskrifte uit die 16e eeu verwys het nie, met één uitsondering – Sondag 1 van die *Heidelbergse Kategismus* oor ons enigste troos in Jesus Christus. In 'n volgende verslag aan die Algemene Sinode van 2015 het dit egter wél gebeur, moontlik ook in reaksie op kritiek wat teen die vorige verslag ingebring is; hierdie keer spesifiek ten opsigte van Artikel 12 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* oor die bestaan van die Bose en demoniese magte.[9] In hierdie verslag word 'n belangrike hermeneutiese perspektief gestel:

> *"... die teks van die NGB kan nie as rasionele bewys (in die wetenskaplike sin van die woord) dien vir die bestaan van allerhande geestelike en hemelse wesens nie. Dit is ook nie die bedoeling van die teks om dit te doen nie. Die bedoeling van die teks is om die geloof in die werklikheid en destruktiewe aard van die boosheid op aarde sonder twyfel te bely..."*

Ons is daarom oortuig dat dit wat die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls wél oor die Bose, "geeste en engele", "die duiwels" en en ons "drie doodsvyande" getuig, ons verdere aandag verg en sal graag daaroor meer aan die Sinode wil voorlê.

Daar is laaste aspek aan ons opdrag verbonde en wat ook in die verslag van STALS aangespreek is, en dit is die vraag òf besluite van die Algemene Sinode soos dié van 2011 en 2019 ons verband as kerke met mekaar op grond van Artikel 1 van ons Kerkorde – oor die Bybel en ons belydenisgrondslag – verbreek? Hierdie vraag is essensieel vir ons besinning oor die pad van die NG Kerk Vrystaat vorentoe, dit hang saam met ons Skrifbeskouing en -hantering én moet sonder twyfel ook vanuit 'n kerkregtelike perspektief (ekklesiologies) beantwoord word. Verskillende stemme sal in so 'n gesprek gehoor moet word, en daarvoor het ons nog tyd nodig.

5. TOT SLOT, VOORLOPIG

Wanneer die *Heidelbergse Kategismus* op Sondag 7 vra "Wat moet 'n Christen glo?", wil dit deurdring na die essensiële, die kern van ons geloof – en volg die antwoord dan:

> *"Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer."*

Miskien kan dit ons help om in hierdie gesprekke wat nou in die NG Kerk Vrystaat gevoer word, óók met mekaar te praat oor wat dáárdie "in hoofsaak" beteken. Ons bedien in gemeentes en tussen lidmate wat daagliks 'n stryd te voer het, om oorlewing, maar ook om hul getuienis van die Lig wat nie deur die duisternis oorwin kon word nie, vol te hou. Ons landstreek vra na 'n boodskap van hoop. Laat ons mekaar dan herinner aan Hóm oor Wie dit ter aanvang en ten slotte altyd weer in ons belydenis gaan:

"Enigste Here, enkele Wese,
ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:
U is vir ewig God en Heer.

U, onbegryplik, U is onsienlik,
altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig –
U is die bron van alle goed."

(Lied 265, na die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 1)

[1] "Die NG Kerk in die Vrystaatse Republiek, 1862-1902", in Oberholzer, JJ. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*, Bloemfontein: NG Kerk in die OVS, 1964:109.

[2] "Vergeetboeke? Die aktualiteit van die gereformeerde belydenisskrifte", in Snyman, SD. *Is die NG Kerk nog die NG Kerk*, Wellington: Hugenote Uitgewers, 1998:89-96. Sien 'n soortgelyke stelling in die bekende publikasie van WD Jonker uit 1994, *Bevrydende Waarheid. Die karakter van die gereformeerde belydenis*: "Hoewel die gesprek oor die betekenis van die belydenisskrifte in ons land nog nie op die voorgrond getree het nie, is mens daarvan bewus dat die belydenisse nie altyd in die kerklike lewe funksioneer soos dit die geval behoort te wees nie. Onbekendheid met die belydenisskrifte en 'n bepaalde bevooroordeeldheid daarteen kom by baie lidmate voor" (pp 152-153).

[3] *Bevrydende Waarheid...*, 1994:169.

[4] Sien o.a. die drieluik van DJ Smit, *Vernuwe! Na die beeld van ons Skepper* (2003), *Lig uit Lig. Wat Christene bely oor Jesus Christus* (2001) en *Wat Here is en lewend maak. Wat Christene bely oor die Heilige Gees* (2001) – aldrie by Lux Verbi uitgegee; asook *So glo ons. Gelowig nagedink oor God, die Bybel en ons leefwêreld* (Piet Meiring, red. e.a., 2001) en *The Apostle's Creed for Today* (Justo L Gonzalez, 2007).

5 In sy "Dogmatiek" (1978:166-174).

6 Aldus prof A König in sy meer populêre hantering van die tema in *Fokus op die 300 Geloofsvrae wat mense die meeste vra* (2001:202-203, 208-209, 246-247, 255-257 en 372-373).

7 Barth, aangehaal in die diepgaande beredenering oor die Bose deur JJF Durand, *Die Sonde*, 1978:64-94.

8 Te lees by https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2011.pdf ; dit is pp 174-189 in die Agenda van die Algemene Sinode en bied ook 'n omvattende bronnelys van teologiese werke oor hierdie tema.

9 Te lees by https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2015.pdf ; dit is pp 283-292 in die Agenda van die Algemene Sinode, aangedui as Bylaag 4 in die verslag van ATLAS.



a.

Visionering

A2-10 VERKLARING VAN WELWILLENDE VOORNEME

NG Kerk Vrystaat

Verklaring van Welwillende Voorneme

Moderamen van die NG Kerk Vrystaat
11 Maart 2024

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat, saamgestel uit verkose verteenwoordigers uit elke Ring van die NG Kerk Vrystaat, het in sy vergadering op 11 Maart 2024 in Winburg, …

1. BEVESTIG

a) dat die NG Kerk Vrystaat, in haar bedieninge in gemeentes, vergaderings en roeping **die Bybel as Skrifgeworde Woord van God** lees, glo en daarom as gesagvol vir ons lewens aanvaar en streef om onder leiding van sy Gees, God se stem daarin te gehoorsaam, soos wat ons beskrywingspunt aan die Algemene Sinode 2023 gelui het en dit daar aanvaar is;

b) dat die NG Kerk Vrystaat **ons gereformeerde belydenis** soos uitgedruk in die vroeë ekumeniese credo's en drie Formuliere van Eenheid uit die Reformasie onderskryf, koester en in ons bediening blý vertolk met die oog op ons tyd en konteks, spesifiek ten opsigte van Jesus Christus (Sy ontvangenis en geboorte, lewe en lyding, sterwe en opstanding en ewige heerskappy) en dit téénoor die werklikheid van ons eie gebrokenheid en van duisternis en verslawing deur die Bose, soos wat ons beskrywingspunt aan die Algemene Sinode 2023 gelui het en dit daar aanvaar is;

c) dat die NG Kerk Vrystaat op grond van die Skrif en ons gereformeerde erfenis, die **eenheid van die Liggaam van Christus** – sy Kerk – in waarheid en liefde bely en in ons bediening, vergaderings en roeping nederig blý soek, tot Sý eer alleen, sodat ons saam met die ganse gemeenskap van gelowiges opgebou mag word "as lewende stene tot 'n geestelike huis" (1 Petrus 2:5-6; Heidelbergse Kategismus Sondag 21);

d) dat die NG Kerk Vrystaat as gereformeerde kerkverband, die **ruimte in ons Kerkorde vir sinodes, ringe en gemeentes respekteer** om in hul bediening, vergaderings en roeping onder leiding van die Woord en Gees, in vryheid en vrede, selfstandig én gesamentlik te handel, en dit daarom ook só aan die Algemene Sinode 2023 betuig het en dit daar aanvaar is;

e) dat die standpunt van die NG Kerk Vrystaat oor **menslike seksualiteit, die huwelik en selfdegeslag-verbintenisse** – dat die huwelik vir ons 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is, 'n Godgegewe veilige ruimte waarin die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kan kom; dat dit nie vir ons dieselfde is as 'n selfdegeslagverbintenis nie; dat alle vorme van losbandigheid en promiskuïteit verwerp word; en dat ons hierdie aangeleentheid pastoraal in gemeentes wil hanteer waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God saam dien – aan die Algemene Sinode 2023 deurgegee is en tot 'n groot mate daar aanvaar is;

f) dat die NG Kerk Vrystaat haarself verbind het tot **teologiese opleiding** in haar vennootskap met die Fakulteit Teologie en Religie (UV) en in haar eie Seminarium, waarin die bestudering van die Bybel, ons belydenis en erfenis as kerkverband, én die gemeentelike bediening (eredienste, kategese, pastoraat, barmhartigheid en sending) op 'n akademiese vlak én in die kerklike vorming van hul geloofsidentiteit, geloofslewe, persoonsvaardighede en praktykblootstelling, aan studente van ons NG Kerk-familie gebied word;

g) en dat daar deur die afgelope twee jaar sedert ons sinodesitting in Maart 2022, op 'n inklusiewe en geloofsonderskeidende wyse in 'n verskeidenheid van rings- en sinodale vergaderings, studiegroepe en konferensies, die Buitengewone Sinode van April 2023 en in ontmoetings met kerkrade, gemeentes en lidmate oor bogenoemde sake goed **na mekaar geluister is** in ons soeke na 'n welwillende weg vir ons kerkverband vorentoe.

2. ROEP

a) ons alle gemeentes, leraars, kerkrade én onsself as vergadering op – spesifiek nou in Lydenstyd, Pase en Pinkster – om ons harte, motiewe, gedagtes, woorde en handelinge voor God en in die lig van sy Woord te ondersoek; ons ongehoorsaamheid en onderlinge vervreemding en verdeeldheid te bely; en ons oop te stel vir die helende en vernuwende werking van sy Gees in en tussen ons;

b) ons alle leraars, lidmate én onsself op om ons te weerhou van gevolgtrekkings of veralgemenings oor kollegas, medegelowiges en vergaderinge in ons kerkverband van wie ons mag verskil, alvorens ons nie die volledige waarheid oor hul standpunte of besluite of handelinge by hul persoonlik en/of aan die hand van die amptelike bronne daarvoor, vasgestel en verantwoord het nie;

c) ons alle leraars, lidmate én onsself op om ons te weerhou van kwetsende woorde, tiperings, benaminge en handelinge waarmee ons mekaar se diepste hartsoortuigings en persoonlike verbintenis aan Christus beoordeel, betwyfel of bespotlik maak en allermins optree ooreenkomstig die vrugte van die Gees van God;

d) roep ons diegene op wat ons as NG Kerk Vrystaat in haar verband, ringe en bediening daarvan beskuldig dat ons nie die Bybel as Gods Woord erken of glo nie; nie ons gereformeerde belydenis onderskryf en daarvolgens probeer leef nie; nie volgens ons ooreengekome Kerkorde handel nie; maar “wêreldsgesinde navolgers of goedkeurders van die leuens volgens die tydsgees geword het”; “as bondgenote optree van ideologies-gedrewe groepe wat die kerk en kerklike vergaderinge binnegedring en vir ‘n eie agenda gekaap het”; “aan (ons)self meer gesag toeken as wat die sinodaal-presbiteriale kerkregeringstelsel toelaat en sodoende ‘n magsorgaan geword het” en daarom “die valse kerk” is (Artikels 27-29, Nederlandse Geloofsbelydenis), om sulke en dergelike beskuldigings terug te trek;

e) en roep ons daarom ook alle gemeentes, leraars en lidmate wat oor sinodebesluite van die verlede of gebeure in ons kerkverband treur, ‘n geskil verklaar of ‘n “akte van opskorting” aan ons gestuur het, op om dit in die lig van ons getuienis hierbo, te heroorweeg en in die gees van Christus en sy groot genade vir ons almal, weer jul volle plek in ons gemeenskap van gelowiges in te neem, dat ons band met mekaar kan herstel en ons weer eensgesind – al is ons nie in alles eenstemmig nie – ons gedeelde roeping met vreugde en tot eer van God kan vervul; die Vrystaat het ons almal en ons genadegawes nodig.

3. VERBIND

a) ons onsself as Moderamen opnuut daaraan om **‘n welwillende weg te soek** vir alle lidmate, alle leraars en elke gemeente in die verband van ons NG Kerk in die Vrystaat vorentoe, sodat ons die Here in gees en waarheid kan aanbid en dien;

b) ons onsself opnuut daaraan om met alle gemeentes, lidmate, leraars, kerkrade en ringe oor so ‘n welwillende weg **in gesprek te bly of opnuut te tree**, en versoek ons almal in ons kerkverband om dit as ‘n ope en opregte uitnodiging te beskou en te benut;

c) ons onsself en ons kerkverband daaraan om op ‘n verantwoordelike en veilige wyse **binne ons ooreengekome Kerkorde** ruimtes te vind vir die lewe en bediening van elke gemeente vorentoe, moontlik ook binne unieke ringsverbande;

d) ons onsself daartoe om **in ons algemeen sinodale verband**, die selfstandigheid en unieke karakter, besluite, bediening en roeping van die NG Kerk Vrystaat en haar gemeentes te koester, uit te leef en indien nodig ook daardie verband te herdefinieer;

e) ons onsself daartoe om in ‘n gees van welwillendheid dit vir gemeentes wat sou wou, dit moontlik te maak om aan die hand van ‘n prosedure soos deur die gewysigde Artikel 32 van ons Kerkorde voorgestel, by ‘n **ander geografiese sinode** waarin hul hulself beter sou kon tuisvind en uitleef, in te skakel;

f) en verbind ons onsself daartoe om nie in die weg te staan van lidmate of leraars wat uiteindelik sou besluit dat in die lig van God se Woord en ons belydenis hul nie meer die NG Kerk Vrystaat as deel van die ware Kerk van Christus kan erken nie en daarom **uit ons kerkverband wil tree**, hoewel dit vir ons 'n hartseer dag sal wees en ons dit daarom uit oortuiging en onderlinge verbondenheid aan mekaar, sover moontlik wil voorkom.

4. BESLUIT

a) ons as Moderamen om hierdie "Verklaring van Welwillende Voorneme" as **vertrekpunt en raamwerk** vir ons verdere gesprekke oor die NG Kerk Vrystaat as kerkverband te neem en só te kommunikeer;

b) gee ons die **advies van ons Sinodale Taakspan Kerkorde (STK)** oor die "aktes van opskorting" wat ons ontvang het, deur na daardie ringe waarvan die betrokke gemeentes deel is en ondersteun ons die STK en daardie ringe in hul beplande gesprekke met die betrokke gemeentes ten einde die bande te herstel;

c) versoek ons die Interimkomitee en STK om met inagneming van voorstelle wat ons reeds oor 'n verdere welwillende weg ontvang het en met die reg tot koöpsie van ander leraars en lidmate, 'n raamwerk en **moontlike opsies vir ons Vrystaatse kerkverband** vorentoe uit te werk en dit by ons vergadering van die Moderamen op 27 Mei 2024 voor te lê;

d) beplan ons om bogenoemde inligting en opsies in **'n reeks ontmoetings** daarná met leraars, kerkrade, gemeentes en ringe (bv. in in streekskonferensies) te bespreek;

e) en dra ons dit aan die Interimkomitee op om so spoedig moontlik 'n **datum vir 'n Buitengewone Sinodesitting** van die NG Kerk Vrystaat vas te stel vir finale besluitneming hieroor, verkieslik nie later as in Augustus of September 2024 nie, en dit op 27 Mei 2024 deur die Moderamen te laat goedkeur.

In nederige afhanklikheid van God.

"Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê."

(**Johannes 8:12**)

NG Kerk Vrystaat

*Lig in die duisternis, **hier vir God, mekaar en die wêreld***



a.

Visionering

A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN KERKORDE

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

1 PERSONEEL

Die STK is deur die Sinode 2022 as volg saamgestel:
Ds C Weideman *Voorsitter*
Mnr DR Samuel *Ondervoorsitter*
Ds W Burger Skriba
Dr A Celliers
Ds A van Rooyen
Ds G Roux
Ds RL Oliver
Ds D Bubb
Ds E Cornelissen

Ds A Van Rooyen het ’n beroep na ’n gemeente in ’n ander sinode aanvaar, di Cornelissen, Bubb en Roux het as lede bedank om persoonlike redes en Dr A Celliers en ds RL Oliver het geëmeriteer. Dr L Oosthuizen en di D Basson, S Swart en G Strydom is gedurende die termyn gekoöpteer en deur die moderamen goedgekeur as lede van die STK.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

2 VERGADERINGS

Die STK het vanweë ’n toename in tugsake en ander belangrike sake ter voorbereiding vir die buitengewone sinodesitting in Oktober 2024, asook hierdie sitting in Junie 2026, meer as normale kere vergader. Meestal in persoon, maar etlike vergaderings is ook aanlyn gedoen.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

3 WERKSAAMHEDE

3.1 ‘n Aantal sake wat deur die Sinode na die STK verwys is, asook nuwe sake wat op die STK se tafel gekom het, is hanteer. Sien verdere bespreking ondertoe.
3.2 Daarmee saam het die STK die laaste paar jaar op ’n jaarlikse basis ’n opleidingsgeleentheid vir Ringskommissies oor die Kerkorde – en in die besonder oor die beroepingsproses en tugreglement aangebied.
3.3 Die STK was by verskeie tug en appèlsake betrokke. Weens die vertroulike aard van tugsake, word daarmee volstaan om net kennis te gee dat die STK by 5 sake en 2 appèlle betrokke was.
3.4 Die STK was betrokke by voorbereiding van beskrywingspunte wat die Vrystaat Sinode deurgestuur het na die Algemene Sinode in Oktober 2023, asook om toe te sien dat alle kerkordelike bepalings nagekom is in die afvaardiging, geloofsbriewe en dergelike ander sake.
3.5 Die STK het ’n studiestuk oor Artikel 37 voorberei met die oog op ’n buitengewone Sinodesitting in Oktober 2024.
3.6 Die VS Kerkorde 2022 is hersien en in lyn gebring met al die besluite en veranderinge nadat die AS kerkorde van 2023 gepubliseer is. Al die besluite by artikels en reglemente (deur bedieninge en die kantoor) is ook hersien. Sien die afdeling “Reglemente” vir al die veranderinge.

Aanbeveling: Die sinode neem kennis.

4 NAVRAE EN ADVIES

Die voorsitter van die STK het in die 4 jaar 'n magdom navrae hanteer en adviese gegee. Dit het in 'n stadium nie meer sin gemaak om getalle by te hou nie. Meestal is die navrae per epos of *WhatsApp* ontvang, maar daar was ook talle telefoniese navrae.

Verreweg die meeste het in hierdie tyd gehandel oor gemeentes wat hulle verhouding met die verband verbreek het, beroeping, leraars bo 70 en artikel 37, emeritaat, vastetermynposte, diensleraars.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

5 SPESIFIEKE TAKE DEUR DIE STK GEDOEN EN AFGEHANDEL

5.1 KERKORDELIKE WYSIGINGS

Reglementêre wysigings soos deur die Sinode in 2022 goedgekeur is bygewerk en die Vrystaat Kerkorde is op die webbladsy van die NG Kerk Vrystaat gepubliseer.

Die STK het voor hierdie sinode weer deur die VS Kerkorde 2022 gewerk, sekere besluite van die sinode moes hersien word en rade en bedieninge het aan hulle eie reglemente veranderinge aangebring wat nou voor die Sinode dien vir goedkeuring. Sien afdeling "Reglemente".

Aanbeveling: Die sinode keur die veranderinge soos wanneer dit ter tafel gelê word, goed.

5.2 VERTEENWOORDIGER OP DIE ATR

Die STK het die voorsitter aangewys om die Vrystaat op die ATR te verteenwoordig. Hy is deur aktuarii van die sinodes verkies as ondervoorsitter van die ATR en maak op die wyse deel van die dagbestuur van die ATR uit. Uit hoofde van hierdie posisie het die voorsitter baie tyd ook op Algemene Sinode vlak spandeer, onder ander in die hersiening van die AS kerkorde vir die Algemene Sinodesitting in Oktober 2023, asook die uitklaring van alles met betrekking tot artikel 37 en die uittreding van gemeentes uit die verband.

Aanbeveling: Die sinode neem kennis.

5.3 ARTIKEL 37, MET DIE OOG OP DIE BUITENGEWONE SINODESITTING OKTOBER 2024

'n Aantal beskrywingspunte is na die 2023 Algemene Sinode ontvang waarin versoek is dat 'n buitengewone Sinodesitting gehou moet word ten einde 'n besluit te neem of die Vrystaat Sinode uit die verband met die AS gaan tree. In voorbereiding hiervoor het die STK in nou samewerking met die ATR 'n studiestuk opgestel oor presies wat die konsekwensies van so 'n besluit sou wees. Verder is daar 'n paar "roadshows" op verskillende dorpe in die Vrystaat gehou waartydens gemeentes insette kon lewer. Tallose vergaderings en ure is op hierdie saak bestee ten einde alles gereed te kry vir Oktober 2024. Tydens die buitengewone sinodesitting was daar verskeie opsies op die tafel, maar die Sinode het gekies teen uittrede en om verder met die AS in gesprek te bly. Hierdie gesprekke is steeds aan die gang.

Aanbeveling: Die sinode neem kennis

5.4 BESKRYWINGSPUNT NA DIE AS OOR DIE HERVERTOLKING VAN DIE VRYSTAAT SINODE MET DIE AS

Die STK in samewerking met die IK het uitvoering gegee aan 5.5 van die 3 Oktober 2024 besluit waarin die ASM versoek is om in gesprek met die moderamen te tree. Die besluit lui soos volg:

5.5 versoek die Sinode die Moderamen om amptelik met die Algemene Sinode Moderamen (ASM) in gesprek te tree oor die verdere implementering van die Verslag oor Kerkverband (2019) en oorweging te skenk aan 'n meer federale uitdrukking van ons kerkverband in ons soeke na eietydse, relevante en roepingsbewuste gestaltes van ons eenheid as familie van gereformeerde kerke in Suider-Afrika."

Die STK is wel van mening dat in die voorbereiding van so 'n beskrywingspunt die Moderamen saam moet besin oor presies wat hulle van die AS wil vra. Sake soos vryheid/reg om eie besluite te kan neem – selfs al is dit in botsing met die besluite van die AS (soos byvoorbeeld oor SGV) en na aanleiding van die AS wat in Regl 1.2.3 dit duidelik stel dat die AS nie 'n voorskriftelike sinode is nie. Waar stop die vryheid van 'n sinode om sy eie besluite oor bepaalde sake te neem? Verder moet die besprekingspunt die saak van gelyke verteenwoordiging aanspreek, aangesien die sinode sterk van oortuiging is dat die AS 'n sinode van sinodes is – waarin daar juis nie plek vir oorheersing is nie. Die volledige beskrywingspunt is onder "beskrywingspunte".

Aanbeveling: Die sinode dra dit aan die nuwe moderatuur op om die beskrywingspunt te finaliseer en aan die AS deur te stuur in ooreenstemming met die bepalings van die AS Kerkorde.

5.5 BESKRYWINGSPUNT LERAARS BO 70

Die STK het in samewerking met die regskommissie van Noord-Kaap Sinode aan ’n beskrywingspunt gewerk. Die STK het geoordeel dat dit onnodig is en ’n blote duplisering sal wees indien die Vrystaat sinode ’n eie beskrywingspunt ook nou voorberei.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.

5.6 AFVAARDIGING NA DIE AS 2027

Besluite by Artikel 35 in die VS Kerkorde 2022 moes hersien word aangesien die samestelling van die AS verander het na die besluit in 2017 geneem is. Die Vrystaat kan nou ’n groter afvaardiging saamstel. Volgens die formule wat gebruik word om die aantal afgevaardigdes per sinode saam te stel, kan die Vrystaat 37 persone afvaardig. Met Namibië wat nie meer deel van die AS uitmaak nie, moet die ASM nog die besluit neem of die getal afgevaardigdes net dienooreenkomstig verminder gaan word, of pro rata tussen die oorblywende 9 sinodes verdeel gaan word. Die STK in oorleg met die moderamen beveel aan dat die afvaardiging vir die 2027 Algemene Sinode soos volg saamgestel word:

1. Die 5 lede van die Dagbestuur van die Moderamen (5)
2. Twee lede uit elke ring. Elke ring vaardig vier lede af: twee primarii lede en twee sekundi lede wat bestaan uit twee leraars en twee kerkraadslede. (32)
3. Indien daar nog persone afgevaardig kan word, wys die Moderamen die lede uit leraars en kerkraads-lede aan.
4. Vir elke afgevaardigde moet ’n sekundus ook aangewys word.
5. Ringe sal vroeg in 2027 by wyse van ’n vooropgestelde vorm, hulle afgevaardigdes kan kies en aan die kantoor kan deurgee.

Aanbeveling: Die sinode keur die samestelling van die afvaardiging goed.

5.7 NUWE REGLEMENT VIR RINGE

Die STK is in 2023 versoek om ’n reglement vir ringe saam te stel om die besluite by Artikels 29-33 duideliker te stel en te reglementeer. Die STK het uitvoering hieraan gegee en ’n nuwe reglement geskryf wat by verskeie moderamen vergaderings gedien het vir insette en veranderinge. Tydens die moderamen vergadering van Februarie 2026 is die finale konsep deur die moderamen aanvaar. Sien reglement onder “Reglemente”

Aanbeveling: Die Sinode keur die nuwe reglement van ringe (Reglement 4) goed.

5.8 NUWE TERMINOLOGIE IN DIE WYSIGINGS VAN REGLEMENTE

In die STK se opdrag om na die samestelling van die Moderamen te kyk en al die ander reglemente te hersien is daar saam met die moderamen oor sekere begrip/terminologie veranderinge besluit:

1. Daar is baie lank debatteer oor die woord interimkomitee. Een van die hoofredes vir ’n verandering hier is omdat daar nie ’n geskikte Engelse woord is waarmee dit vertaal kan word nie. Die afgelope paar jaar was dit by meer as een geleentheid nodig dat die KO in Engels weergegee moes word. Dan is die term wat in Afrikaans “dagbestuur” is, telkens in Engels gebruik. Meer nog, in die STK se verslag aan die Sinode in 2022 was die vraag ook op die tafel en die STK het die sinode met die volgende antwoord en verduideliking bedien:

4.1 Is die Interimkomitee die dagbestuur van die Moderamen?
4.1.1 JA: punt 3.13 van die Reglement vir die Moderamen omskryf vir die Interimkomitee take wat tipies by ‘n dagbestuur hoort. In die grondwet van die Vereniging van Landbouskrywers SA staan daar byvoorbeeld:

10.2 ‘n DAGBESTUUR, bestaande uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris/ Tesourier, met regte om te koöpteer, sal gedurig aandag aan dringende daaglikse aangeleenthede van die Vereniging skenk, met dié voorsorg dat alle beslissings van die Dagbestuur na die volgende vergadering van die Uitvoerende Bestuur vir bekragtiging verwys word.

In die bepalings in die Reglement van die Moderamen staan in beginsel niks anders nie.

Kyk ook na die volgende aanhaling uit die Handleiding kantoorpersoneel Noord-Kaapland:

Die funksies van ’n dagbestuur moet duidelik omskryf word. Die dagbestuur moet uiters beperkte magte ontvang. In hoofsaak kom dit neer op 3 sake:
i. Dringende sake waaroor die kerkraad self nie byeengeroep kan word nie of wat nie kan wag vir die volgende kerkraadsvergadering nie en wat nie deur een van die ander kommissies hanteer kan word nie.
ii. Take opgedra deur die kerkraad spesifiek vir die dagbestuur.

iii. Koördinering van kommissies se werksaamhede.

Die Interimkomitee vervul hierdie rol.

Die algemene beskouing in die Vrystaatse NG Kerk is dat die Interimkomitee nog altyd as die dagbestuur van die Moderamen gefunksioneer het.

Na aanleiding van bogenoemde behoort dit dus geen probleem te wees om voortaan nie meer van die interimkomitee te praat nie, maar die term "dagbestuur van die Moderamen" te gebruik.

Die STK versoek die Sinode om ook die volgende begrip veranderinge aan te bring om in lyn te kom met die nuwe samestelling van die moderamen:

1. Dat die benaming Uitvoerende Amptenaar verander na PSD (wat vir *Predikant*, sowel as *Persoon* in Sinodale diens kan staan).
2. Dat die benaming Voorsitter van die STK verander na Aktuarius.
3. Dat die benaming taakspanne verander na bedieninge en dat dit geld vir die 4 rade met hulle onderskeie bedieninge: Ondersteuning (Rentmeesterskap), Vennote, Begeleiding, Diens van Barmhartigheid en Opleiding.
4. Die STK verander na Sinode Diens Regte (SDR).
5. Die Vrouelidmate verander na Sinodale Bediening Vrouelidmate (SBV) en word deel van Begeleiding se netwerke.
6. Die nuwe diens vir Navorsing sal heet die Sinodale Diens Navorsing (SDN) en vervang die Leer en Aktuele taakspan van die verlede en sal daarop gefokus wees om die sinode te bedien met navorsing oor onder ander leer en aktuele sake, asook sake wat nou vir die kerk belangrik is om van kennis te neem.
7. Die Taakspan Kommunikasie (Regl 15) verander na net Kommunikasie en is deel van Ondersteuning (Rentmeesterskap).
8. Al die plekke in die Vorms (afd C in die VS kerkrorde) waar nog van eenheid en uitvoerende amptenaar gepraat word, verander sal word na bediening en PSD.

Aanbeveling: Die sinode keur die veranderinge goed.

5.9 NUWE REGLEMENT VIR OPNAMES

Die STK is versoek om in die lig van vertroulikheid van vergaderings 'n reglement of riglyne saam te stel oor die wetlike vereistes ten opsigte van opnames wat van enige kerklike vergaderinge gemaak word. Mnr Dave Samuels (prokureur) was instrumentaal in die opstel van hierdie reglement. Die reglement is deur die moderamen aanvaar en moet nou deur die Sinode goedgekeur word as 'n nuwe reglement. Sien afdeling "reglemente".

Aanbeveling: Die Sinode keur die reglement goed.

5.10 ADVIES INSAKE POPIA EN PAIA

Die Argief het die STK genader om advies te gee oor die vertroulikheid van vergaderings, notules en ander stukke wat in die argief is. Wie mag toegang tot kerkraadsnotules aanvra, ens. Die STK het weer van mnr. Dave Samuels as regskundige op die gebied gebruik gemaak en die volgende riglyne word aan die sinode voorgehou:

RIGLYNE AAN NGK VRYSTAAT ARGIEF: POPIA & PAIA

Die STK is versoek om die Argief te adviseer oor (onder andere) die vraag wie geregtig is op toegang tot kerkraadsnotules in besit van die Argief, vir doeleindes van raadpleging en navorsing.

Een van die aspekte wat ter sake is vir die beantwoording van die bogenoemde vraag, is die moontlike toepassing van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting nr 4 van 2023 (POPI-Wet) en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting nr 2 van 2000 (PAI-Wet). Dit is 'n aspek wat apart staan van die kerkordelike bepaling oor die vertroulikheid van kerkraadsnotules.

POPI-Wet

Die POPI-Wet het ten doel om persone se persoonlike inligting te beskerm. Die begrip "persoon" sluit individue sowel as regspersone in en is ook op die kerk van toepassing – gemeentes, ringe en sinodes. Die gemeente is 'n regspersoon en daarom sal die gemeente se persoonlike inligting ook deur die Wet beskerm word.

'n Volledige handleiding ("POPIA Handleiding") oor die toepassing van die Wet op die NG Kerk is op die Webblad van die NG Kerk Suid-Afrika (ngkerk.net) beskikbaar. Dit bevat volledige aanwysings aan gemeentes oor die korrekte insameling, gebruik en berging van lidmate se persoonlike inligting. Lidmate moet skriftelik toestemming gee hiervoor, welke toestemming die doel waarvoor die inligting ingesamel word, moet insluit.

Die definisie van "persoonlike inligting" in die Wet is baie wyd. Baie van die spesifieke tipes inligting wat genoem word, word deur 'n gemeente benodig om behoorlik te kan funksioneer en word dus vanaf die lidmate ingevorder. Die gemeente (as regspersoon) se persoonlike inligting sal bv. insluit bankbesonderhede en werknemers se persoonlike inligting.

Gevolglik sal die vraag of toegang tot kerkraadsnotules ook deel vorm van persoonlike inligting soos bedoel in die Wet, direk afhang van die inhoud van sodanige notules. Met ander woorde, tensy 'n notule persoonlike inligting van 'n lidmaat of van die gemeente bevat, sal die notule as sodanig nie beskou word as persoonlike inligting in terme van die Wet nie.

Wanneer iemand insae in 'n reeks kerkraadsnotules versoek, sal dit onprakties wees om eers elke afsonderlike notule na te gaan om te bepaal of dit persoonlike inligting bevat. Daarom sal dit goed wees om in die toestemming wat lidmate gee vir die insameling, gebruik en berging van persoonlike inligting, in te sluit dat die kerkraad die inligting aan die Argief mag voorsien en namens die lidmaat toestemming mag verleen dat dit vir raadpleging en navorsing gebruik mag word.

Die Wet bepaal in artikel 14(1) dat rekords van persoonlike inligting "nie enigsins langer gehou (moet) word nie as wat noodsaaklik is om die oogmerk waarvoor die inligting ingesamel of verder geprosesseer is te bereik nie, tensy ... (b) die verantwoordelike party (die kerk in ons geval) die rekord redelikerwys benodig vir regmatige oogmerke wat met daardie verantwoordelike party se werksaamhede of aktiwiteite verband hou".

Verder bepaal artikel 14(2) van die Wet as volg: "Rekords van persoonlike inligting kan vir historiese, statistiese of navorsingsoogmerke vir langer tydperke as dié waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, gehou word indien die verantwoordelike party geskikte voorsorgmaatreëls teen die gebruik van die rekords vir enige ander oogmerke ingestel het".

Ek kry nie 'n bepaling in die Wet wat handel met die vraag aan wie persoonlike inligting voorsien mag word nie. Ek meen egter dat ons interne voorskrifte hier gevolg moet word en ek stem saam dat 'n persoon wat insae in kerkraadsnotules met die oog op navorsing of studie verlang, bewys van sodanige navorsing of studie moet voorsien. Ek stem ook saam dat die betrokke kerkraad se vooraf toestemming ook verkry moet word.

PAIA-Wet

Die oogmerk van die PAIA-Wet is om gevolg te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat deur die Staat gehou word; en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.

Die instansie wat oor die inligting beskik waartoe insae versoek word is óf die Staat óf 'n privaatliggaam en die kerk (gemeentes, ringe en sinodes) val onder die definisie van "privaatliggaam", synde 'n bestaande regspersoon.

'n Inligtingsreguleerder is in terme van die Wet aangestel en een van sy pligte is om 'n gids op te stel en by te hou, wat o.a. die prosedure voorskryf vir die versoek om toegang tot die rekord van 'n privaatliggaam. Artikel 50 bepaal dat 'n versoeker toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam verleen móét word indien (i) daardie rekord vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word; (ii) die versoeker aan al die prosedurele vereistes van die Wet voldoen het; en (iii) toegang tot daardie rekord nie geweier is ingevolge enige geldige grond genoem in artikels 63 tot 70 van die Wet nie. Een voorbeeld van 'n geldige grond vir weiering is indien die openbaarmaking van die rekord die onredelike openbaarmaking van persoonlike inligting oor 'n derde party, insluitende 'n oorlede individu, sal meebring.

Vir doeleindes van die punt waarmee ons handel, is dit nie nodig dat enige vooraf prosedures in plek gestel word nie. Wanneer iemand insae in kerkraadsnotules versoek in terme van die PAIA-Wet sal die persoon gewoon na die Wet verwys word om die versoek ingevolge die voorgeskrewe prosedure te rig. Die Argiefkomitee sal dan ooreenkomstig die bepalings van die Wet die versoek oorweeg.

Dave Samuel
16 Oktober 2023

Aanbeveling: Die sinode keur die riglyne goed.

5.11 DIE GEBRUIK VAN DIE TERMINOLOGIE DOOPLIDMAAT EN BELYDENDE LIDMAAT

Die AS het in 2023 besluit om weg te doen met die term doop en belydende lidmate en slegs van lidmate te praat, na aanleiding van die taakspan roetemerkers se verslag. Die ATR en die taakspan jeug (na die ontbinding van die taakspan roetemerkers) is in "erge konflik" met mekaar oor die praktiese uitvoerbaarheid van die besluit, aangesien 'n totale Argief en gemeente stelsel verander sal moet word.

Die STK het in oorleg met die moderamen besluit om die VS Kerkorde nie in die verband te verander nie en alle plekke waar daar van doop en belydende lidmate gepraat word, is net so in die reglement gelaat.

Dieselfde geld vir belydenisaflegging. Die voorstel tydens AS 2023 dat daar voortaan van "roetemerkers" gepraat moet word en nie meer van "belydenisaflegging" nie, skep verwarring en praktiese probleme. Die voorsitter van die STK was die sameroeper van 'n taakspan wat hierdie saak moet ondersoek met die oog op 'n verslag van die ATR aan die ASM en wat deel van 2027 se agenda van die Algemene Sinode moet uitmaak. Etlike belangrike punte uit die verslag word voorgehou:

Enige kontrakterende party jonger as 18 jaar is 'n minderjarige in terme van Artikel 17 van die Kinderwet 38 van 2005 en 'n minderjarige onder die ouderdom van sewe jaar kan slegs regsgeldig kontrakteer deurdat die minderjarige se ouer of regsvoog namens die minderjarige optree.

Die ASM het in Oktober 2024 die volgende ter tafel geneem:

Fokusgroep vir Gemeentes en Geloofsgemeenskappe

Die besluit van die ASM rondom Roetemerkers, naamlik om die 'status quo van 2019' ten opsigte van lidmaatskap te handhaaf tot en met 2027, veroorsaak verwarring ten spyte van 'n skrywe wat deur die algemene sekretaris aan sinodes gerig is om te verduidelik wat presies met die status quo bedoel word. Die status quo geld vir niks anders t.o.v. Roetemerkers nie, behalwe dit wat te make het met die stadium in 'n jongmens se lewe waar hy of sy op 'n kerkraad kan dien. Die suggestie van 18 jaar is gemaak en vergelyk met handelingsbevoegdheid in die reg. Die dagbestuur oorweeg 'n revisie/herformulering in lyn met laasgenoemde van die voorlaaste punt van die besluit wat op 31 Oktober 2024 geneem is:

BESLUIT (na aanleiding van die ATR-verslag wat gedien het by die ASM van 29-31 Oktober 2024)

- Dat daar tot en met die 2027 Algemene Sinode 'n bewusmakingsprojek geloods behoort te word sodat predikante, kerkrade en lidmate die rasionaal van die roetemerker-besluit goed verstaan ten einde heelhartig in te koop daarop.
- Dat al die sinodes gevra word om aktief met die hulpmiddels te gaan werk, met terugvoer aan die ASM.
- Dat die ATR opdrag kry om in oorleg met die Taakspan vir Roetemerkers, riglyne op te stel om al die kerkordelike haakplekke, praktiese knelpunte en struikelblokke wat met die implementering van die besluit gepaard kan gaan uit te skakel.
- Die status quo ten opsigte van lidmaatskap en belydenisaflegging gehandhaaf word, totdat daar 'n plaasvervangende reëling in plek is. Dit beteken dat Besluit 24.10 (Kerkorde 2019 p. 188) steeds van krag is.
- Die ASM versoek die Taakspan Jeug om 'n werkgroep vir Roetemerkers te vorm.

7.1.1BESLUIT

7.1.1.1 Die beginsel soos gestel in Besluit 24.10 (Kerkorde, 2019, p 188) word gehandhaaf dat slegs lidmate wat reeds belydenis van geloof afgelê het, as kerkraadslid verkies mag word. (vir volledigheidshalwe word besluit 24.10 aangehaal:

"Omdat die ontwikkeling na belydende lidmaatskap gepaard gaan met die gereedheid om meerdere verantwoordelikheid tot diens leiding in die gemeente te aanvaar, besluit die Algemene Sinode dat slegs belydende lidmate tot die ampte (diens, leierskap) gekies word."

In die lig van bogenoemde waarin dit eintlik gestel word dat die enigste kwessie waaroor dit hier gaan, die vraag is na wie op 'n kerkraad kan dien en dat die besluit van 2019 dan as die status quo dien, naamlik dat slegs belydende lidmate tot die ampte verkies kan word.

Geen veranderinge is daarom in die opsig aan die reglement aangebring nie.

Aanbeveling: Die Sinode keur die handelinge van die STK goed en laat die Kerkorde onveranderd in die opsig.

5.12 NUWE SAMESTELLING VAN DIE MODERAMEN


Die STK het oor ’n tydperk van etlike maande aan hierdie saak gewerk en het alle veranderinge nou in ’n nuwe Reglement 2 verreken. Saam met hierdie reglementêre veranderinge is daar ook etlike sake waarna die STK moes kyk ten opsigte van die samestelling van die moderamen. Hierdie veranderinge, nuwe vloeidiagram en ander sake is ook in die verslag van die moderamen opgeneem. Sien “Reglemente” vir die veranderinge aan die reglement vir die moderamen.

Aanbeveling: Die sinode keur die reglement goed.

6 SLOT

Die STK vertrou dat hy al die opdragte na die beste van sy vermoë uitgevoer het en bid die sinode die Here se ryke seën toe.

Ds C Weideman Voorsitter
Ds SW Burger - Skriba



a.

Visionering

A4 VERSLAG VAN DIE VROUEBEDIENING

1 Inleiding en agtergrond

Die Vrouebediening in die Vrystaat het van Februarie 2023 krag tot krag gegaan. Die mening van vroue het ‘n groter rol begin speel in die NG Kerk Vrystaat.

Vrouelidmate is verteenwoordig op verskeie vlakke van bestuur in die kerk. Vroue speel ‘n groot rol in die funksionering van gemeentes op grondvlak. In die plattelandse gemeentes vervul die vroue ‘n wesenlike rol in die werksaamhede van die gemeentes.

Voorsitter Vrouelidmate Vrystaat: Béneli Pretorius
Ondervoorsitter: Hannetjie Nel
Sekretaresse: Marietjie van der Merwe
Addisionele lid: Karin Kersop
Verteenwoordiger: Moderamen Vrystaat Sinode: Béneli Pretorius

Hierdie vroue se passie vir vrouebediening is duidelik, veral as in ag geneem word dat hulle in voltydse beroepe buite die kerk staan.

2 Toerustingsgeleentheid vir vrouelidmate te Amanzi

Hierdie toerustingsgeleentheid wat jaarliks plaasvind die - afgelope 10 jaar by Amanzi - is van wesenlike belang vir die bediening aan vrouens in die Vrystaat. Die bywoning van die geleentheid wissel van 130 – 200 vrouens per geleentheid. Die afgelope twee geleenthede het selfs vrouens uit ander sinodale gebiede die geleenthede bygewoon. Dit is by hierdie geleentheid waar vroue gekonfronteer word met die vraag “Waarom is ons kerk?” – wil ons kerk laat voortbestaan sodat ons lekker gemaklik daarbinne sal voel, of wil ons die kerk so bestuur dat ons kinders en kleinkinders en die wêreld, Jesus se liefdevolle, genadige redding kan beleef.

Die taakspan doen moeite om gerespekteerde sprekers te nooi na die geleentheid. Die vrouens word ook tydens die geleentheid blootgestel aan die verskillende werksaamhede van die NG Kerk Vrystaat.

Ons het ook die afgelope vier jaar die voorreg gehad dat ds Jan Lubbe – die moderator - die geleenthede bygewoon het en sodoende waardevolle inligting kon bekom van die vrouens. Hierdie inligting het ‘n rigtinggewende rol begin speel in die kerk in die Vrystaat.

3 Retreat

‘n Vroueretreat was ‘n groot droom van die taakspan wat verwesenlik kon word. Die afgelope drie jaar is ‘n retreat aangebied gedurende Augustusmaand. By hierdie geleentheid is daarop gefokus om vrouens te begelei in die stil word tegnieke en om ‘n dieper geestelike ervaring te beleef.

4 Poppieprojek

Sedert 2014 brei die vroue van die NG Kerk Vrystaat poppies wat beskikbaar gestel word aan ENGO en die Pregnancy Centre of Hope. Hierdie instansies gebruik die poppies vir meisies wat aborsies oorweeg, asook by skole. Die poppies vertel die storie van ‘n meisie se liggaam en hoe uniek sy is en dat sy haar liggaam moet oppas.

5 Finansies

Die Taakspan Vrouelidmate is baie dankbaar vir die pro-rata bydraes asook die sinodale kollekte op Moedersdag vir die werksaamhede van die taakspan. In die lig van die feit dat die gemiddelde NG Kerklidmaat – Afrikaans, werkende vroue is wat weekliks die eredienste bywoon, versoek die Taakspan die sinode om dit gunstig te oorweeg om die toerus- tingsgeleenthede vir vroue finansieel te ondersteun sodat dit vir meer vrouens bekostigbaar sal wees om die geleenthede by te woon.

Aanbeveling: Die taakspan vra die Moderamen om die pro-rata en kollekte vir Moedersdag steeds toe te ken aan die Taakspan Vrouebediening sowel as finansieel ondersteuning om toerustingsgeleenthede bekostigbaar te maak vir die vrouens.

Geteken:

Beneli Pretorius (Voorsitter)
Hannetjie Nel (Ondervoorsitter)



VRYSTAAT

Bedienings-begeleiding

ngkerkvrystaat.co.za



b.

Bedieningsbegeleiding

B1 INLEIDENDE VERSLAG VAN BEDIENINGSBEGELEIDING

SAKE VIR KENNISNAME

1 INLEIDING: DIE NG KERK VRYSTAAT – ANDERS


1.1 ANDERS – HIER VANWAAR DIE WATER MOET STROOM

Die NG Kerk Vrystaat lyk in 2026 anders as die kerk van jou ouma – ten spyte van al die oumas wat in die kerk sit! Baie van ons lidmate het grootgeword in vol kerke – hulle praat met heimwee van die tyd toe daar nog stoele ingedra is omdat die sitplekke te min was. In die meeste van ons gemeentes[1] is daardie dae verby. Ons staan voor ’n groot uitdaging om in ’n veranderde en veranderende omgewing kerk van Jesus Christus te wees. Ons getalle neem af, ons lidmate word ouer en armer. Daarmee saam leef ons in ’n gesekulariseerde, post-Christelike, post-Covid wêreld waar georganiseerde godsdiens vir baie onbelangrik geword het.

Om ’n enkele oorsaak vir die huidige situasie te soek, is ’n fout, ’n oorvereenvoudiging van ’n komplekse saak. Om bloot te sê dat as die dominee net meer huisbesoek doen dit alles sal regkom, is nie waar nie. Die kerk lyk en is anders as jare gelede, selfs so min as ’n dekade gelede.

1.1.1 Lidmaatgetalle

Die NG Kerk Vrystaat het tans 57 857 belydende lidmate en 14 090 dooplidmate. Wanneer die getalle met dié van 2016 (tien jaar gelede) vergelyk word, sien ons ’n afname van meer as 18 000 belydende lidmate en meer as 4 000 dooplidmate. In 2016 was die getalle 75 886 en 18 461 onderskeidelik.



1 Hier word veralgemeen; nie alle gemeentes is dieselfde nie. Die NG Kerk Vrystaat het 149 gemeentes wat strek van klein gemeentes met 38 lidmate tot gemeentes met duisende lidmate. Ons het finansieel-welvarende gemeentes en daar is ander wat sukkel om kop bo water te hou.

1.1.2 Ouderdom van lidmate

Die mees tipiese lidmaat van die NG Kerk in die Vrystaat is ’n wit, Afrikaanse vrou in haar vyftigs, getroud en met kinders, met naskoolse opleiding en voltyds werkend, vir haarself of in ’n buitenshuise professie (gegrond op demografiese statistiek)[2] .


Die kerngroep in die meeste gemeentes, is die sogenaamde *Baby Boomers*. Dit is mense gebore tussen 1946 en 1964 – tans tussen 62 en 80 jaar oud. Hulle verteenwoordig ongeveer ’n kwart van ons lidmate. Tel ons die ouer lidmate by, sien ons dat bykans 35% van ons lidmate ouer as 60 jaar is!

Groep	Gebore		Oud	Aantal	%
	Vanaf	Tot			
Grootste generasie		1927	> 99	491	0,72
Stil generasie	1928	1945	81 - 98	4 421	6,46
Baby Boomers	1946	1964	62 - 80	16 849	24,60
Gen X	1965	1980	46 - 61	14 213	20,75
Millenniërs	1981	1996	30 - 45	13 064	19,07
Gen Z	1997	2012	14 - 29	12 079	17,64
Gen A	2013	2025	< 13	7 371	10,76
				68 488	100,00

1.1.3 Groottes van gemeentes

Daar is tans 149 gemeentes in die NG Kerk Vrystaat – en nie twee van hulle is dieselfde nie. Die kleinste gemeentes het minder as 40 lidmate. En dan is daar gemeentes wat duisende lidmate het. Tradisioneel word gemeentes in vier groepe ingedeel volgens lidmaatgetalle[3]: klein familie-grootte gemeentes met minder as 300 lidmate, pastorale-grootte gemeentes met tot 800 lidmate, die groter program-gedrewe gemeentes met tot 1 500 lidmate, en dan die nóg groter korporatiewe gemeentes met meer as 1 500 lidmate.

Die huidige verdeling in die Vrystaat is 82 familie-grootte (55%), 55 pastorale-grootte (37%), nege program-gedrewe gemeentes (6%) en drie korporatiewe gemeentes (2%). Elke grootte gemeente vereis ’n eie tipe bediening.



2 Alle statistiek is by benadering. Die waarde van die data is afhanklik van die akkuraatheid van syfers wat verskaf word. Die datum waarop die data bepaal is, speel ook ’n rol. Daarom mag daar verskille wees in verskillende verslae.


3 Erediensbywoning ’n beter aanduider wees, maar daardie getalle is nie geredelik beskikbaar nie. Aan die hand van Alice Mann: *The in-between church: Navigating size transitions in congregations*. An Alban Institute Publication, 1998.

1.1.4 Predikante

Die NG Kerk Vrystaat het 145 predikante in die 149 gemeentes. Van hulle is 90 in voltydse poste (ABR kode A01) aangestel. Die 145 sluit ook ’n aantal dosente, sinodale amptenare en twee tentmakers in.

Predikante in die Vrystaat	
A01 - Predikant (Voltyds)	90
A02 - Predikant (Tentmaker)	2
A03 - Predikant (Vastetermynpos)	10
A06 - Dosent (Ander)	1
A07 - Predikant (Kerklike Pos)	2
A08 - Predikant (Deeltyds)	2
B01 - Proponent (Voltyds)	2
C01 - Emeritus (Werksaam)	19
C02 - Emeritus (Uitgetree)	1
C03 - Emeritus (Ouer as 70 jaar)	9
D03 - Diensleraar (Beroep)	7
Totaal	145


’n Duidelike tendens oor die afgelope dekade is dat die aantal voltydse leraars (A01) stelselmatig minder word en dat al meer “ander” leraars hulle plekke inneem. Hierdie “ander” groep sluit hoofsaaklik emeriti in wat nog in gemeentes help – sommige in vol poste, ander net deeltyds. Die groep is tans een derde van die leraars in die Vrystaat. Die aantal voltydse leraars het afgeneem van 143 tot die huidige 90.




’n Kommerwekkende tendens waarmee die kerk al byna ’n dekade stoei, is die groot aantal leraars wat die aftree-ouderdom van 65 jaar bereik[4]. Leraars tree vinniger af as wat hulle plekke gevul kan word. Volgens die jongste statistieke het ons elke jaar gemiddeld twee meer vakatures as die vorige jaar.

Die grafiek hieronder illustreer die uitdaging wat vir die kerk voorlê. Tans is daar 29 emeriti wat nog in gemeentes werk. Agtien van hulle is reeds ouer as 70 jaar. Daarby is die grootste twee vyfjaar-groepe diegene tussen 60 en 65, en dié tussen 55 tot 60 jaar. Dit is hierdie groep wat die bediening oor die volgende aantal jaar gaan verlaat. En daar is nie genoeg proponente om hulle plekke te vul nie.

4 Hierdie tendens is die nagevolg van die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974. Dit was ’n Christelike jeugbediening van die NG Kerk wat jongmense van dwarsoor Suider-Afrika, insluitend die destydse Rhodesië en Suidwes-Afrika, betrek en bedien het. In die daaropvolgende jare het baie jongmense (sommige wat self deel van die Jeug-tot-Jeugaksie was) teologie gaan studeer. Dit het gelei tot ’n reuse toename in die aantal proponente in die vroeë 1980’s. Die meeste van hulle het reeds ge-emeriteer.



'n Ander tendens rondom leraars is die toenemende aantal vroue wat tot die bediening toetree. Tans is daar twintig vrouepredikante in Vrystaatse gemeentes. (Sien ook die Kuratorium se verslag verderaan). Wat aanvanklik druppels was, het 'n konstante stroom geword.



Dit is die huidige konteks van die kerk in die Vrystaat vanwaar 'n stroom water moet vloei om lewe te gee aan 'n dor wêreld, van waar die hoop van die opstanding en die krag van die nuwe lewe 'n verskil moet maak. Dit vra onder andere dat ons opnuut na ons Identiteit en Roeping moet kyk. Ons is anders as twintig jaar terug en moet dit verreken in gemeentes en bediening in die gemeentes.

1.2 ANDERS – DAAR WAARHEEN DIE WATER VLOEI

Kyk, water het onder die drumpel van die tempel uitgestroom ... water het uitgeborrel ... aan die regterkant ... toe is daar op die stroom se walle 'n groot aantal bome, aan albei kante ... In die see waar dit uitvloei, word die water vars ... allerhande lewende wesens wees wat krioel... oral waar die stroom kom, sal hulle leef ... daar sal groot hoeveelhede vis wees ... waar hierdie water kom, sal die soutwater vars word ... alles sal leef waar die stroom kom ... weerskante van die stroom, op sy walle, sal allerhande vrugtebome groei ... hulle blare sal nie verwelk nie, en hulle vrugte sal nie opraak nie ... hulle vrugte sal as voedsel dien en hulle blare tot genesing (Esegiël 47).

Die stroom loop nie uit die wêreld nie – dit loop uit die tempel! Vergelyk Handelinge 2 waar die Gees uitgestort word: Die direkte gevolg hiervan is die eerste gemeente. Net so met Kolossense 1:18 waar Christus die *oorsprong* en *hoof* van die kerk is. Dis die identiteit wat ons as kerk, as gemeentes moet raaksien: Ons is deur die Drie-enige God op aarde geplaas. Ons is Syne!

Ons is deel van die *missio Dei*, God se plan met die wêreld. Die Gees neem ons mee met die stroom lewende water. Die Gees lei die kerk om 'n stroom water te wees wat – waar dit ook al kom – lewe en genesing te bring! (Jesaja 58:11, Johannes 4:14, Johannes 7:38).

Waar vloei hierdie water van goeie nuus? Hoe lyk die wêreld wat natgelei moet word?

1.2.1 'N SEKULÊRE WÊRELD?

Die vorige sitting van die sinode het plaasgevind kort na die Covid-19 pandemie. Die samelewing was nog besig om na ekwilibrium terug te keer. Lidmate het stelselmatig weer die eredienste begin bywoon – maar nie almal nie. Die meeste gemeentes rapporteer 'n afname in bywoning, sommige meer, ander minder. Internasionaal wissel dit tussen 20% en 30% wat nie terugkeer nie[5] .

Die kerk praat al dekades lank oor die impak van sekularisasie op die kerk. In 2025 publiseer die Amerikaanse godsdiens-sosioloog sy boek: *Why religion went obsolete*[6]. Hierin toon hy aan dat mense wat hulself as nie-godsdienstig beskou, van 1970 se 5 - 8% gestyg het na 2020 se ongeveer 29%. Al meer mense beskou hulself as spiritueel, maar nie godsdienstig nie.

Sy uitgangspunt is dat godsdiens vir baie uitgedien geraak het. Nie sonder waarde nie, maar vir die meeste mense nie langer nuttig of relevant nie. Dit is veral onder die jongeres soos Gen-Z (14 – 29 jaar) waar die persentasies so hoog as 40% kan wees. Dit hang saam met 'n groter klem op individualisme, minder gesag aan instellings en sosiale norme oor godsdiens wat dramaties verander het. Plaaslik word dieselfde tendense waargeneem. Tydens die Covid-pandemie het baie mense agtergekom hulle lewe het nie verander omdat hulle nie meer deelgeneem het aan georganiseerde godsdiens nie. Na Covid het hulle net nie weer teruggekom nie. Godsdienstigheid (ekstern, leë rituele, reëls) simboliseer eerder dood as lewe. Mense soek na verhoudings, nie na godsdiens nie – *relations, not religion.*

1.2.2 KERK OF KONINKRYK?

Die kerk is in sy wese anders as alle ander instellings. Die kerk is die plaaslike beliggaming van die Koninkryk van God. Al maak ons dikwels daarvan iets soos die tennisklub of die boekklub, is die kerk veronderstel om as die liggaam van Christus op aarde iets *heeltemal anders* te wees – die bruid, gereed vir die Bruidegom se koms.

Die beeld wat Jesus in die Bergrede kom teken van sy Koninkryk, lyk heel anders as die gestalte van die godsdiens van sy tyd: *Julle het gehoor ... maar Ek sê vir julle ...* (Matteus 5 – 7).

1.2.3 TER WILLE VAN SY NIE-LEDE

Die Bybel (Esegiël 47, Johannes 4, Johannes 7) gebruik die beeld van lewegewende water wat vanuit die kerk lewe bring in 'n dor en droë wêreld. Dietrich Bonhoeffer[7] skryf *The Church is the Church only when it exists for others.* Die grondslag hiervoor kom uit Jesus se woorde: *Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves* ...(Matteus 25).

Wat maak ons as kerk met ons opdrag wat saam met die genade gaan? Wat maak ons met die kosbare skat wat ons as breekbare kruike vashou? Wat maak ons met die stroom water? Gee dit lewe in die woestyn, of maak ons daarvan 'n grag rondom die kasteel (kerk) wat ons beskerm teen die heidense hordes daarbuite?

Aanbeveling 1: Die sinode neem kennis van pt 1 hierbo en gaan oor tot die hantering van die besprekingsvrae.

Besprekingsvrae: Kan ons lidmate bely dat Jesus Here is?
Staan ons met Vader, Seun (Jesus) en die Heilige Gees in 'n lewende liefdevolle verhouding?
Hoe verstaan lidmate hulle verhouding met God in terme van *vandag* en nie net in terme van 'n *eendag* in die hemel nie?
Slaag die NG Kerk Vrystaat daarin om daar te wees vir sy nie-lede?
Beweeg ons saam met die stroom lewende en lewegewende water vir die wêreld buite die kerk?

5 Tom Rainer: https://churchanswers.com/blog/five-types-of-church-members-who-will-not-return-after-the-quarantine
6 Christian Smith: Why Religion Went Obsolete: The Demise of Traditional Faith in America. Oxford University Press, 2025
7 Dietrich Bonhoeffer: Letters and Papers from Prison, 1951.

2 PERSONEEL

Die vorige Uitvoerende Amptenaar, ds Barnard Steyn het in 2024 ’n benoeming na die NG Kerk Wes-Kaapland Sinode aanvaar. Dr Leon M Foot is toe aangewys as sy opvolger vir ’n twee jaar termyn.

Op daardie stadium was hy ook nog die Skriba van die Moderamen. Hierdie pos het hy in Februarie 2025 bedank om sy aandag voltyds aan Bedieningsbegeleiding te gee. Die twee jaar-termyn eindig aan die einde van Junie 2026 wanneer hy emeriteer na die bereiking van die ouderdom van 65 jaar. Die pos is reeds gead-verteer.

Die Seminarium-bestuurder, dr Johan Nel, het ook 65 jaar oud geword. Sy dienskontrak is vir ’n verdere twee jaar verleng.

Die administratiewe beampte is mev. Anelia van den Blink.

3 RAAD

Die Raad het die afgelope vier jaar bestaan uit die volgende persone. Sommige was net gedeeltes van die afgelope vier jaar op die Raad:

Christo Nel (Fasilitering) (Voorsitter)
Barnard Steyn (Uitvoerende Amptenaar)
Leon M Foot (Uitvoerende Amptenaar)
Anelia van den Blink (Administratiewe beampte)
André Barlow (Predikante)
Magdaleen du Toit (Spiritualiteit)
Louwrens Scheepers (Spiritualiteit)
Cobus Hamman (VBO)
Martin Laubscher (Erediens)
Suzanne van der Merwe (Erediens)
Jan Lubbe (Kuratorium)
Johan Nel (Seminarium)
Fanie Spamer (Meervoudige Standplaas Bediening)
Roelf Pienaar (Klein Gemeentes)
Rikus van Zyl (Klein Gemeentes)
Kruger du Preez (Gerontologie)
Jors Reynders (Gerontologie)
Francois Lambrecht (JONK)
Tano Bongers (JONK)
Gerhard Meyer (JONK)
Kobus Schoeman (Navorsing)
Ellen-Anne Swart (Gemeentes)
Henco van der Westhuizen (Digitale Bediening)
Waldemar Stumpfe (Ekologie)
Lunette Basson (Ekologie)
Jan Venter (Leierskap)
Marthiens Heymans (Geregtigheid)
Adriaan de Ruiter (Ondersteuning)
Hannes du Plessis (Visionering)
De la Harpe le Roux (Diens van Barmhartigheid)
Nico Mostert (Vennote in Getuienis)

Die Raad en Dagbestuur het vergader soos voorgeskryf – twee volle Raadsvergaderings en twee Dagbestuur-vergaderings is elke jaar gehou. Volledige notules is van elke vergadering gehou en by ’n volgende vergadering goedgekeur. Die Raad het ook die Moderamen op hoogte gehou van sy werksaamhede.

Die name van die nuwe Raad sal aan die sinode voorgelê word.

4 BEGROTING

Die huidige begroting vir Bedieningsbegeleiding beloop R5,45 miljoen. Hiervan is R2,2 miljoen begroot vir die Kuratorium en R1,26 miljoen vir GOUF. Die res is verdeel tussen die verskillende netwerke en ander werksaamhede. Die inkomste bestaan uit R2 miljoen uit sinodale bydraes. Die res van die inkomste kom uit eie fondse en rente-opbrengste.

5 NETWERKE

Bedieningsbegeleiding se werk word hoofsaaklik in netwerke verrig. Netwerke word volgens behoefte geskep en weer ontbind wanneer die behoeftes verander. Sommige netwerke is meer permanent as ander. Sommige is ook baie meer prominent as ander.

5.1 KLEIN GEMEENTES

Onder leiding van Roelf Pienaar en Rikus van Zyl

Hierdie netwerk se naam mag *Klein gemeentes wees,* maar die fokus is op alle gemeentes omdat almal soortgelyke uitdagings het.

Voordat ds Steyn die pos verlaat het, is ’n proses aan die gang gesit wat uitgeloop het op die konsep van Handevat-gemeentes (sien Bylaag 1). Onder leiding van dr Frederik Marais van Hugenote Kollege se Sentrum vir Innovasie is formele gestalte gegee aan ’n proses wat spontaan onder gemeentes ontstaan het: in verskillende situasies het twee gemeentes hande gevat om die bediening in beide te verbeter. Elke gemeente het onafhanklik bly voortbestaan, maar hulle gawes met mekaar gedeel tot voordeel van die bediening in beide gemeentes.

Ds Fanie Spamer was tot met sy ontydige dood by die proses betrokke. Hierna is ds Rikus van Zyl betrek met die oog op die Suid-Vrystaat. In die noorde het ds Roelf Pienaar (ring van Vaalrivier) leiding geneem.

Die netwerk het die afgelope twee jaar gefokus op die twee ringe in die Suid-Vrystaat, naamlik Fauresmith en Smithfield.

By drie geleenthede is verteenwoordigers van al die gemeentes uitgenooi na ’n gesprek oor die toekoms van hulle bediening. Prof Kobus Schoeman het die CLS vraelyste as vertrekpunt gebruik om die verteenwoordigers te help om nuut te dink oor gemeente-wees. Elke gemeente het die vraelys ingevul, die data is verwerk en elke gemeente het ’n eie verslag gekry. Prof Schoeman het ook die afgevaardigdes geleer hoe om met hierdie verslae beplanning in die gemeente te gaan doen. Die beskrywingspunt oor ’n sogenaamde *ringsleraar* kom vanuit hierdie gesprekke.

Die uitdaging vir gemeentes is nie om net ’n dominee te kry om Sondag te preek nie! Die uitdaging is baie meer fundamenteel. Die heel belangrikste is dat ons ons siening van gemeente-wees sal moet herbesoek – en dit moet alreeds in die sogenaamde *groot gemeentes* gebeur. Gemeentes se fokus moet skuif vanaf ’n instandhoudings-perspektief na ’n gemeente wie se rol dit is om te fokus op die koms van die koninkryk van God in die konteks van hulle plaaslike gemeenskap. In vandag se kerktaal noem ons dit “missionale kerkwees.” Anders gesê: die fokus van die gesprekke in die gemeente moet skuif vanaf *“die bediening áán lidmate”* na *“bediening déúr die lidmate.”*

Gelukkig is daar baie hulpmiddels beskikbaar om gemeentes hiermee te help. Baie leraars is reeds vertroud met *In Pas* (sien Bylaag 2) wat met 5 ritmes, 15 gewoontes en 45 praktyke gemeentes help om *In Pas met die lewende God* te kom. Meer inligting is op die webblad www.inpas.co.za beskikbaar. Kontak vir ds Christo Nel vir verdere inligting.

Vanuit die praktyk het ’n werksgroep vir gemeentes tot stand gekom. Hier het mense van al die sinodes byeengekom om by mekaar te leer. Een van die lede, ds Francois Retief van die Oostelike Sinode, het hulle ervaring met klein gemeentes neergepen in ’n handige hulpmiddel met die mooi naam *Wanneer klein gemeentes diep spore trap*. Dit word aangeheg as Bylaag 3. Gemeentes word genooi om dit te gebruik in hulle strategiese beplanning.

’n Baie belangrike boek het in 2024 verskyn: *Bakengemeentes: nagedink oor roeping en getrouheid* onder redaksie van dr Lourens Bosman en andere. Hierin word die verhale van 26 gemeentes vertel. *Dit is ’n boek vol hoop en rigting vir gemeentes wat bereid is om verder te kyk as die grenswag van tradisie, en wat verstaan dat die evangelie ons oproep om werklik te bid en leef: “Laat U Koninkryk kom.”* (Prof Jurgens Hendriks). Die boek is in die mediateek beskikbaar.

Aanbeveling 2: Die Sinode gee opdrag aan Bedieningsbegeleiding om gemeentes in die volgende vier jaar by te staan in hulle nadenke oor gemeente-wees.
Aanbeveling 3: Die sinode moedig leraars en gemeentes aan om in te skakel by *In Pas*.
Aanbeveling 4: Die sinode moedig gemeentes en ringe aan om die dokumente *Handevat-gemeentes* te gebruik vir beplanning oor moontlike samewerking tussen gemeentes.
Aanbeveling 5: Die sinode moedig klein gemeentes om deeglik kennis te neem van die dokument *Wanneer klein gemeentes diep spore trap*.
Aanbeveling 6: Die sinode gaan oor tot bespreking van die vrae hieronder.

Besprekingsvrae:
Gesels oor ons identiteit en roeping as kerk en plaaslike gemeentes. (Vergelyk: Handelinge 1:8, Matteus 28: 18-20; Kolossense 1:18). Wat gebeur as ‘n gemeente haar roeping en identiteit as skepping van die Drie-Enige God versaak? (Openbaring 2:5). Wat is die implikasie van ons identiteit en roeping op die tekort aan leraars en hoe ons as plaaslike gemeente daarmee moet handel?

5.2 PREDIKANTE
Onder leiding van André Barlow

Bedieningsbegeleiding se werk lê op drie hoofterreine: gemeentes, predikante en ringe.

5.2.1 Sentrum vir Predikantebegeleiding
By die Sentrum vir Predikantebegeleiding bied die Predikante Netwerk vir die afgelope tien jaar reeds in meer as een opsig vir predikante ’n unieke geleentheid tot persoonlike groei.

Dit kos leraars of hulle gemeentes nie ’n sent vir drie dae by Menuha of Mooigenoeg nie. Bedieningsbegeleiding dra die koste vir vervoer, verblyf, etes en opleidingsmateriaal. Daar word vier sulke geleenthede per jaar aangebied.

Sentrum: Fase 1 fokus op die volgende agt gedragsbekwaamhede van predikante wat nodig is vir leraars om effektief in die bediening te funksioneer:
1. ***Afrigting en mentorskap/begeleiding.*** ’n Goeie mentor verskaf gestruktureerde en tydige leiding; is ingestel op die ontwikkeling van mense; gee terugvoer en ondersteuning aan ander om hul bekwaamhede te versterk sodat hulle meer effektief en selfversekerd sal wees; is ’n positiewe rolmodel en maak ander gereed vir toekomstige uitdagings en geleenthede
2. ***Besluitneming (insluitend probleemoplossing).*** Dit behels die vermoë en moed om moeilike besluite te neem. Toon goeie begrip vir vraagstukke en probleme. Analiseer, ontwikkel en evalueer die gevolge van al-

ternatiewe oplossings. Evalueer die risiko's van alternatiewe moontlikhede en kies die beste opsie. Is ingestel op die implementering van besluite.
3. ***Effektiewe kommunikasie (insluitend konflikhantering).*** Effektiewe kommunikasie is die bekwaamheid om in 'n ontmoeting met mens(e) aktief te luister, goeie rapport te vestig en empatie en begrip te toon. Om inligting duidelik oor te dra op 'n wyse wat betekenisvolle begrip en insig moontlik maak. Bestuur en ontlont konflik konstruktief deur goeie kommunikasie.
4. ***Emosionele selfbestuur.*** Om bewus te wees van jou eie emosies, in beheer te wees daarvan en konstruktief uitdrukking te kan gee daaraan; om ander se emosies en emosionele behoeftes te kan herken en daarby te kan aanpas; om soepel te wees in jou interaksie met ander en met die nodige sosiale vaardighede op te tree. Om te leef met 'n positiewe selfwaarde.
5. ***Leierskap (insluitend verantwoordbaarheid).*** Openbaar die nodige moed, bereidheid en vermoëns om 'n visie, rigting en plan daar te stel. Inspireer mense en kommunikeer op deursigtige wyse om hul begrip en verbintenis te verkry. Ondersteun en ontwikkel mense met die oog op die bereiking van 'n visie of doelwitte; hou self en ander verantwoordbaar vir die handhawing van hoë standaarde in optrede en uitvoering; aanvaar verantwoordelikheid geredelik; tree met integriteit, onderskeiding en begrip op.
6. ***Denkvermoë.*** Die vaardigheid om analities te dink, patrone raak te sien, verbande te lê, inligting te integreer en effektief oplossings te vind.
7. ***Beplanning en Implementering.*** Die vaardigheid om 'n besluit of doelwit wat gestel word te kan beplan, koördineer, te skeduleer, die nodige bronne te gebruik en effektief te kan implementeer sodat die spesifieke doel of uitkoms konkreet bereik sal word.
8. ***Geloofsvolwassenheid (insluitend geloofsonderskeiding).*** 'n Noue verhouding met God word veronderstel. Dit is hoorbaar in 'n taal wat getuig van 'n bewuste identiteit in Christus en 'n intieme op-weg-wees met dié God wat elke dag in die lewe teenwoordig is; dit is sigbaar in 'n lewe van kongruensie tussen geloof, woorde (prediking!) en gedrag; dit getuig van 'n groeiende bewuswording van hoe God aktief teenwoordig is in die lewe van elke dag. Dit is 'n persoonlike sowel as 'n gesamentlike reis met medegelowiges. Dit veronderstel die deurlopende beoefening van persoonlike en gesamentlike geloofsdissiplines met die oog op die vervulling van ons persoonlike en gesamentlike roeping en bediening in God se wêreld. Geloofsonderskeiding is om aktief na God se wil te soek in ons persoonlike lewe en deurlopend ook gesamentlike besluite te neem wat God se wil deurentyd in ag neem.

Sentrum: Fase 2 fokus op emosionele intelligensie. Steven Howard sê *Jy hoef nie siek te wees om beter te word nie.* By 'n byeenkoms waar daar 'n aantal predikante toevallig teenwoordig was, is 'n impromptu meningsopname gedoen. Onder andere is die vraag na lewensvreugde en lewenskwaliteit gevra. Die response was onverwags skokkend negatief. Die meerderheid kollegas het nie bedieningsvreugde ervaar nie, en selfs aan hulle roeping getwyfel.

Vir baie lank is daar uitgegaan van die beginsel dat predikante oor bogemiddelde intellek beskik (hulle móét, gedagtig aan die studie van grondtale en meer). Dienaars van die Woord moet krities met leerstof kan omgaan, moet kreatief wees ten einde 'n suksesvolle preek te kan lewer, en dit word allerweë vanselfsprekend aanvaar dat hulle oor buitengewone insig en wysheid beskik. Hulle woon dikwels in die ruim pastorie neffens die kerkgebou, en selfs in die "mondige" tyd waarin ons leef, ag Jan Alleman hulle en word hulle in gemeenskappe gerespekteer.

Maar waarom raak hulle dan futloos en depressief? Waarom ly so baie van hulle aan die gevreesde uitbranding sindroom? Waarom voel hulle soms om op te gee?

Daar kan baie redes wees, en mens kan redelik filosofies raak oor hierdie onderwerp. Die Sentrum vir Predikantebegeleiding, is goed op dreef, en bied aan leraars die geleentheid om in 'n veilige omgewing die gedragsbekwaamhede wat van 'n predikant veronderstel word, te evalueer, te ontmasker en uit te pak.

Die volgende stap is die tree na sogenaamde "emosionele intelligensie". Nie almal beskik hieroor nie. En niemand is te oud om te leer nie. Fase 2 fokus op die ontwikkeling van die sogenaamde "sagte" vaardighede wat van predikante verwag word, maar waaroor hulle nie noodwendig beskik nie.

Emosionele intelligensie het niks te make met die individu se verstandsvermoë (IK) nie. Die IK is vas en staties. Jy is gewoon slim en snap konsepte maklik, kan leerstof bemeester, en kan daarmee ’n redelike suksesvolle loopbaan uitkerf.

Maar IK sonder die nodige emosionele intelligensie, beperk die kapasiteit en potensiaal van baie mense. As jy dan so slim is, waarom is jy nie ryk nie? Natuurlik is ons geroepenes, en ons oogmerk is nie om finansieel ryk te word nie, maar die vraag is tog geldig?

Emosionele intelligensie help dat jy sien wie jy werklik is (self persepsie). Dit is belangrik, want jou sukses as eggenoot, ouer, kollega, en ja, ook as predikant is baie nou verweef met hoe jy jouself sien, met dien gepaardgaande selfaktualisering (bereik jy wat jy behoort te bereik?). Verder help dit jou om jouself duidelik en verstaanbaar uit te druk. Ons kry dikwels nie wat ons nodig het nie, omdat ons nie weet hoe om daarvoor te vra nie. Ons het soms ander se ondersteuning en empatie nodig, maar kry dit nie, omdat ons nie die vermoë het om in woorde uit te druk wat ons nodig het nie.

Dikwels gaan ons verhoudings – beide intiem én publiek – mank aan betekenis en vervulling. Emosioneel raak ons afgestomp en verstaan nie waarom ander ons nie verstaan nie. En soms sukkel ons om besluite te neem. Ons het nie die vermoë om ons gevoelens te verstaan en gevolglik te beheer nie (daardie onverwagse uitbarsting of reaksie op iets of iemand wat jou laat wonder: wie is hierdie monster wat ek “ek” noem?). Hierdie is slegs ’n paar attribute van die mynveld van emosionele intelligensie.

Mense is in ’n groot mate vir hulle eie sukses en geluk verantwoordelik. Jy is meer as die verwagtings wat ander mense van jou het. En nie een van ons is te oud om te leer nie.

Aanbeveling 7: Die Sinode besluit dat gemeentes dit vir hulle leraar(s) moontlik moet maak, en hulle aan te moedig, om ’n Sentrum vir Predikantebegeleiding by te woon.

5.2.2 Tekort aan predikante

Elders in hierdie verslag word deeglik aangetoon dat gemeentes binne die afsienbare tyd ’n nog groter tekort aan predikante gaan ervaar. Een van die voorgestelde oplossings vir hierdie probleem, is om kerkraadslede te nomineer vir opleiding as *Bedienaars met preekbevoegdheid.* (Sien die verslag B2 vir meer inligting hieroor).

Hierdie opleiding vind hoofsaaklik aanlyn plaas vanaf die Hugenote Kollege op Wellington. Die plaaslike seminarium hanteer die kerkeie opleiding.

Aanbeveling 8: Die Sinode besluit dat alle gemeentes lidmate met die nodige gawes moet identifiseer vir opleiding as *Bedienaars met preekbevoegdheid.* Gemeentes word ook gevra om, saam met die ring, ’n finansiële bydrae te maak tot hierdie opleiding.

5.2.3 Brugleraars

Die idee van brugleraars kom al enkele jare saam. Die aanvanklike bedoeling was dat ’n brugleraar vir ’n vaste tydperk van ses of nege maande in ’n gemeente sal werk, maar nie beroep kan word na die gemeente nie. Sy/haar taak is om die gemeente te begelei in die oorgang van een leraar na ’n volgende. Veral in situasies waar daar konflik of spanning in die gemeente is, kan ’n brugleraars ’n groot rol speel.

Die Vrystaat het meer opgeleide brugleraars nodig. Opleiding vind plaas in Pretoria en op Stellenbosch. Leraars wat die nodige vaardighede en ervaring het, en opgelei wil word, kan die kantoor kontak.

5.2.4 Welweseprogram vir leraars

Die ATP het gevra dat ’n welweseprogram vir predikante ontwikkel moet word. Dit kom na aanleiding van 2025 se GDN byeenkoms waar dr Frikkie Labuschagne kom vertel het van die Hervormde Kerk se program. Hierdie opdrag in aan ds Siegfried Louw (PSD: Predikantebegeleiding Wes-Kaap) gegee. Hierdie opdrag is nog in sy kinderskoene en ’n eerste konsep word aangeheg (sien Bylaag 4) vir insette en kommentaar.

5.2.5 Dissipelskap

'n Inherente taak van die kerk is om dissipels te maak. Alle gelowiges is dissipels. Etheredge[8] stel dit so: *In the New Testament the term "disciple" becomes synonymous with a "believer" in Jesus Christ. When you look at the Gospels the term disciple is the primary term used to describe a follower of Jesus. The term was used 261 times in the Gospels and the book of Acts.*

Emeritus professor Malan Nel het onlangs 'n boek gepubliseer met die titel *Dissipels maak dissipels: Uitnodiging tot die lewe wat in Jesus Christus is.*

Bedieningsbegeleiding en Vennote in Getuienis het elk leraars gestuur om die eerste opleidingskursus hieroor te gaan bywoon. Die idee is dan dat hulle ook weer ander sal oplei.

Die uitgangspunt in hierdie opleiding, is dat lidmate dissipels is. *Indien dit nie so is dat lidmate as dissipels beskou en gevorm word nie, het baie meer verkeerd geloop as wat met 'n kursus reggestel kan word. Indien dit so is dat lidmate nie dissipels is nie, kan kursusse selfs die krisis verdiep en die verskil tussen "gewone" lidmate en dissipels vestig - 'n A en 'n B klas lidmaat skep en onderhou. Baie meer is nodig om hierdie identiteitsverwarring reg te stel. Die proses van die opbou van 'n missionale gemeente is dan ter tafel – 'n proses van identiteitsvinding wat nie oornag of met enige kursus reggestel word nie. Omdat so 'n proses van intensiewe reformasie veronderstel word, gaan dit in hierdie opleiding om 'n verstaan van die gemeente as "een groot skool van Jesus volgelinge" (Van Aarde 2006:114). Dit gaan om 'n identiteitsverstaan waar die gemeente die oefenplek van hierdie Jesus-volgelinge is.* (Uittreksel uit die Inleiding).

'n Verdere uitgangspunt is dat dissipels/lidmate, getroue getuies is. Verder uit die Inleiding: *Ons sal met vrymoedigheid kan bely: getroue getuies is dissipels wat dissipels maak – en omgekeerd: dissipels wat dissipels maak, is getroue getuies van Hom vir Wie ons volg en in Wie se Naam ons ander, met daad en woord, uitnooi tot die lewe wat in Hom is. Die bedoeling agter hierdie opleiding is nie die begin van 'n nuwe beweging of program nie, maar 'n gemeentelike herontdekking van wat al die tyd veronderstel was om te wees.*

Aanbeveling 9: Die sinode neem kennis van *Dissipels maak dissipels* en moedig predikante aan om die opleiding by te woon en te gebruik in hul bediening.

5.3 SPIRITUALITEITSNETWERK

Onder leiding van Louwrens Scheepers. (Magdaleen du Toit was die sameroeper tot ongeveer Mei 2025)

5.3.1 Retraites en ander

Vir baie van ons in die Gereformeerde tradisie is bediening 'n plek van erns, gereedheid en verantwoordelikheid. Maar juis in hierdie toewyding verloor ons maklik kontak met ons eie innerlike lewe. Ons weet hoe om vir ander te bid, te preek en te sorg — maar wie help ons om eerlik na ons eie siel te luister?

Die spiritualiteitsnetwerk wil seker maak dat ons ruimtes skep waar predikante die kans kry om te kan rus: ruimtes van stilword, van stadige, gebedsvolle onderskeiding waar die Gees die ware Begeleier is. Ons het geakkrediteerde spirituele begeleiers wat vir predikante begeleiding kan aanbied. Geestelike begeleiding is 'n eenvoudige maar diepgaande ruimte van luister. Dis 'n een-tot-een gesprek waar 'n begeleier jou help om te onderskei wat God in jou lewe doen — sonder oordeel, sonder vinnige oplossings.

Daar is vyf stil retraites in Philippolis (*Stillepolis*) aangebied. Tien predikante en vyf lidmate van die NG kerk van buite Philippolis het die retraites bygewoon. Vanuit Philippolis se gemeente en breër gemeenskap was daar nog 25 deelnemers.

Waarom is hierdie netwerk se werk nodig vir predikante?
• Omdat predikante dikwels almal versorg — behalwe hulleself.

8 Craig Etheredge: *Bold Moves*, 2016.

• Ons preek dat Christus leef en lei, maar hoeveel ruimte laat ons vir daardie leiding in ons eie lewe?
• Ons leer ander van selfondersoek en 'n verbintenis met Christus, maar ons eie praktyk van stilword is dikwels vergete tussen vergaderings, e-posse, *WhatsApp*-boodskappe en voorbereiding.

Aanbeveling 10: Die sinode moedig leraars aan om van die dienste van die Spiritualiteitsnetwerk gebruik te maak.
Aanbeveling 11: Die sinode nooi leraars om hulleself aan te meld vir opleiding as geestelike begeleiers.

5.3.2 Ontmoeting met Heiliges

Een van die projekte waarmee ds Steyn destyds begin het voor hy weg is, is die gespreksreeks *Ontmoeting met Heiliges* in samewerking met Dr Lisel Joubert 'n dosent in kerkgeskiedenis by die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch. Na sy verhuising het hy die reeks voortgesit en dit gaan steeds aan. Die *YouTube*-opnames kan afgelaai of gekyk word by https://dgtn.org.za/vbo/hulpbronne/

5.4 VBO

Onder leiding van Cobus Hamman

Die NG Kerk het gekies vir 'n sisteem van voortgesette opleiding en ontwikkeling van leraars. Dit het destyds saamgeval met die verkorting van die aanvanklike opleiding na net ses jaar. Dit het egter ook die doel om leraars gereeld op te skerp en toe te rus met die nuutste navorsing. VBO is nie 'n opsionele ekstra nie. Soos alle ander beroepsliggame van hulle lede verwag om deurlopend te groei en te leer, verwag die kerk dit ook van alle leraars.

5.4.1 Voortgaande ontwikkeling van VBO

Die VBO Taakspan van die Algemene Sinode het die afgelope jaar 'n gestandaardiseerde, geakkrediteerde en deurlopende program vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) ontwikkel. Die fokus is om VBO verder te vestig as 'n geïntegreerde ekosisteem van lewenslange leer wat die volle bedieningstrajek van gelegitimeerdes ondersteun. 'n Prospektus is ontwikkel wat 'n gedeelde taal, raamwerk en leerroetes vir VBO in die NG Kerk bied. Die prospektus fokus op die integrasie van Etos, Logos en Patos, asook fases in die bediening.

Verder het die taakspan 'n prototipe ontwikkel wat VBO sterker op ringsvlak wil vestig. Die ringe van Waterbron en Bethlehem het reeds verteenwoordigers afgevaardig wat opleiding ontvang het om hul ringe tot ware leergemeenskappe te ontwikkel. Opleiding van ander ringe sal in die toekoms aandag geniet.

Wat betref die riglyne vir die verwerwing van VBO-punte, word 'n totaal van 150 punte oor 'n drie-jaar siklus as standaard gestel. Ringe behoort 'n sleutelrol te speel in die fasilitering van VBO, en kerkrade word opgeroep om meer aktief betrokke te wees by die ondersteuning en verantwoordbaarheid van hul predikante se VBO.

VBO-nakoming en verantwoordbaarheid bly steeds 'n netelige kwessie wat deur die taakspan bespreek word. Toekomstige oorwegings sluit die rol van ringe in, sowel as moontlike prosesse rondom bevoegdheid.

Laastens word daar toenemend aandag gegee aan die ontwikkeling van VBO-roetes vir intreeleraars, diensleraars en bedienaars. Daar is erkenning dat hierdie groepe unieke uitdagings ervaar en dat aangepaste leergeleenthede en duidelike ontwikkelingspakkette nodig is.

Gedurende die afgelope drie jaar (tot April 2026) het 121 van die 145 leraars VBO punte verwerf. Daar is dus 24 leraars wat geen enkele VBO punt verwerf het nie en net 29 leraars het die vereiste 150 punte oor die drie jaar verwerf. Die persoon met die meeste punte het 358 punte verdien deur middel van 34 kursusse. Een leraar het slegs agt kursusse bygewoon, en tog 300 punte verdien!

5.4.2 Didasko

Naas *Excelsus* (in Pretoria) en *Communitas* (op Stellenbosch), is *Didasko* in die Vrystaat gevestig as handelsmerk vir die primêre diensverskaffer vir VBO. Die woord *didasko* – van die Grieks – beteken om te leer. En dit is wat Bedieningsbegeleiding wil doen: Om leraars te kry om self te leer en om ander te leer – daarom ook die woorde *'n Lerende gemeenskap.*

Enkele ontwikkelings sluit in:

- die aanbieding van veelsoortige aanlyn-leergeleenthede onder die vaandel van Didasko Dinsdae;
- verskeie retraites wat op Philippolis aangebied is;
- enkele in-persoon werkswinkels wat in onderskeie ringsgebiede gehou is.

Selfleer (deur die lees van godsdienstige boeke en teologiese artikels) is ook onder leraars aanbeveel.

Alles wat jy oor VBO wil weet, kan gesien word by https://www.ngkerkvrystaat.co.za/bedieningsbegeleiding/didasko/ Opnames van vorige aanbiedings is ook hier te sien. Onthou dat jy steeds VBO punte kan verdien deur na die opnames te kyk.

Aanbeveling 12: Die sinode spreek sy diepe kommer uit oor die min leraars wat oor die afgelope drie jaar voldoende VBO punte verwerf het soos deur die Kerkorde bepaal. Omdat ons lief is vir die Here en vir die Kerk en graag die heel beste toegeruste leraars in gemeentes wil sien werk, besluit die sinode dat leraars jaarliks teenoor hulle ring verantwoording moet doen oor hulle VBO punte. Kerkrade moet ook toesien dat leraars in hulle diens, jaarliks voldoende VBO geleenthede bywoon.

Aanbeveling 13: Die Sinode doen weer 'n beroep op gemeentes om te begroot vir hulle leraar(s) vir VBO geleenthede. Ringe moet toesien dat gemeentes hulle verantwoordelikheid nakom tov hul leraar se VBO geleenthede.

Aanbeveling 14: Die Sinode wens ds Cobus Hamman geluk met sy aanwysing as ondervoorsitter van die Algemene Sinodale Taakspan vir VBO.

Besprekingsvraag:
Hoe belangrik is VBO vir ons as kerkraad en gemeente?

5.5 GERONTOLOGIE

Onder leiding van Jors Reynders

Die Gerontologie-netwerk se visie is die bevordering van betekenisvolle veroudering onder senior-volwassenes in die samelewing. In opdrag van die NG Kerk Vrystaat bedien die Netwerk die samelewing met holistiese gerontologiese inligting en praktyke sodat ons, saam met ander vennote, seniorvolwassenes optimaal kan ondersteun in die proses van betekenisvolle veroudering.

Werkswyse: Die Netwerk bied een keer per kwartaal 'n byeenkoms in Bloemfontein aan wat op *YouTube* direk uitgesaai word of agterna op die Webwerf van die NG Kerk Vrystaat gekyk kan word. Enige iemand (landswyd) kan inskakel by die direkte aanbieding indien so iemand die skakel (*link*) het. Die skakel word vooraf op die webblad van NGK Vrystaat geplaas asook vanuit die Sinodale kantoor na Gemeentes en Ringe gestuur. Die Netwerk-komitee bestaan tans uit ds. Jors Reynders; dr. Pieter van Jaarsveld; ds. Andre Barlow; dr. Charles Mitchell en ds. Craig Saltzman.

Die Netwerk is in die 4de jaar van bestaan en die vorige aanbiedings is steeds op die NG Kerk Vrystaat se webblad beskikbaar. Gaan kyk by https://www.ngkerkvrystaat.co.za/bedieningsbegeleiding/gerontologie-seniors/. Ons het ’n holistiese benadering en probeer sprekers so reël om alle aspekte van seniors se menswees aan te spreek. Besigtig gerus weer na die afgelope drie jaar se aanbiedings op die webblad om ’n kykie te kry na die inhoudelike verskeidenheid. Bv.:

1. **Prof. Jaco Hoffman:** Statistiese gegewens oor die verouderingstendens in ons kerk, ons land en wêreldwyd en die uitdagings wat dit gaan bied in die toekoms.
2. **Dr. Rayne Stroebel:** Die al groter uitdagings wat die insidensie van Demensie aan samelewings bied aangesien mense hoër ouderdomme bereik.
3. **Prof. Jan-Albert vd Berg:** Die verwerking van verlies en trauma’s van die verlede .
4. **Annie Coetzee** van “Super Seniors”-faam met ’n teoretiese en praktiese advies om as senior jou DENKE, HART en LIGGAAM gesond te laat oud word.
5. **Prof. Jan-Albert vd Berg:** Sug en Hoop voor die verkiesing;
6. **Dr. Hennie Louw (Sielkundige) en sy vrou Engela (Mediese dokter):** *“O, die pyngedagte: my kind is dood”. (Die hantering van die verlies van ‘n kind deur afsterwe of/en emigrasie).*
7. **Me. Lize Vermeulen** (Prokureur): Kry jou boedeldokumente in orde .
8. **Dr. Flip Loots:** Die gebruik van die media in diens van die Evangelie.
9. **Dr. Petrus Moolman en prof Kobus Schoeman:** Gemeente, bedien en benut jou seniors.
10. **Me. Ansu Steyn:** Bestuurder van Ons Tuiste Sentrum vir Bejaardes: “Ek is bejaard. Hoe beskerm die grondwet my? Deernis is ons passie.”
11. **Me. Hanneke Lubbe en ds. Stefan Malan:** “Terminaal siek en sterwend: Versorging en Pastoraat”
12. Die Netwerk het die bestuurders van 18 Ouetehuise en Aftree-Oorde in Bloemfontein uitgenooi na ’n bekendstellingsfunksie van ons werksaamhede op Vrydag 14 Nov `25.

5.6 EREDIENS

Onder leiding van Martin Laubscher

Die Erediens Netwerk het ten doel om predikante en gemeentes in die Vrystaat te bedien aangaande erediensbeplanning en -inkleding deur middel van liturgiese voorstelle, VDM artikels in die Vrypos, VBO’s, en akademiese navorsing.

Saam met ’n aantal Vrypos-artikels, het die netwerk onlangs onder leiding van dr Dieter de Bruin ’n werkswinkel aangebied met die tema: *Kom (her)ontdek die hart van die sakrametele erediens.*

5.7 JONK VRYSTAAT

Onder leiding van Tano Bongers

JONK Vrystaat se fokus is:

1. Om jongmense te help om hul geestelike identiteit as God se kinders te ontdek
2. Om gemeentes te help om ’n huis te wees vir jongmense
3. Om jongmense te bemagtig tot bediening

5.7.1 Kategese

Gedurende die afgelope termyn het JONK aanvanklik aandag gegee aan die ontwikkeling van kategese materiaal. In samewerking met die *kerkmuise* van die kommunikasie-afdeling is Projek Blêr geloods. Die kinderboek *Die verlore skapie* deur Martin Schwella is verwerk vir gebruik in kinderbediening.

5.7.2 #Imagine

#Imagine (Sentraal) is GROOT! Die Imagine-beweging hou elke jaar groot saamtrekke van jongmense oor die hele land. Die afgelope paar jaar is die sentrale streek se saamtrek by NAMPO-park gehou. Dit was weereens ’n baie geseënde geleentheid en dra by tot ’n nuwe generasie wat Suid Afrika help verander!


Hieronder is ’n Google drive-dokument met video’s asook fotos:
https://drive.google.com/drive/folders/10nF2dZ0e5qGM5wVAsVQLfs-JdvpswngL?usp=share_link








Hiermee is die volgende statistieke:











5.8 LEIERSKAP
Onder leiding van Charles James. Voorheen Jan Venter)

Hierdie netwerk het in 2021 begin met die idee om leierskap onder leraars te bevorder.
5.8.1 VLOEI – Vrystaatse Leiers: Opleiding En Integrasie
Tydens die Moderamen se visioneringsproses het die Here ons opnuut stilgemaak by die kragtige beeld van Esegiël 47 — water wat uit die tempel vloei, al hoe dieper word, en uiteindelik lewe bring waar daar voorheen net dorheid en dood was. Waar hierdie stroom kom, verander alles.

Uit hierdie geloofsreis het 'n droom begin groei: om doelbewus in jong leraars van die Vrystaat te belê – nie net in hulle bediening nie, maar in hulle hele menswees en roeping. As proeflopie is tien jong leraars wat reeds besig is om hulle merk te maak, genooi om saam 'n tweejaar-reis aan te pak – 'n pad van verdieping, ontdekking en vernuwing. Hierdie eerste groep sluit ook leraars in wat al effe ouer is om as mentors in die groep op te tree. Die ideaal is om alle jong leraars binne die eerste tien jaar van hulle bediening deel te maak van hierdie proses.

Saam met Stephan Joubert en 'n span van e-Kerk stap ons hierdie pad – 'n unieke ruimte waar ons saam kan VLOEI: saam leer, saam groei, saam luister na waar God besig is om nuwe lewe te bring.

Hierdie reis neem ons na verskillende plekke en ruimtes: kontaksessies in Bloemfontein (Augustus 2026), Pretoria (Oktober 2026), Kaapstad (2027), en moontlik selfs verder – 'n ontdekkingsreis na Turkye. Maar meer as die plekke, gaan dit oor wat God in en deur elke deelnemer doen. Riaan van Zyl en Charles James sal die reis in samewerking met Bedieningsbegeleiding fasiliteer. Die koste van die reis word om die helfte deur e-Kerk en Bedieningsbegeleiding se begroting vir leierskap gedra en die deelnemers is verantwoordelik vir die koste vir 'n moontlike reis na Turkye.

Ons droom is dat **VLOEI** nie 'n eenmalige inisiatief sal wees nie, maar 'n lewende stroom – iets wat elke twee jaar weer nuwe leraars sal insluit, sodat God se lewe al wyer en dieper kan vloei … deur ons, na ander.

Die deelnemers aan die eerste rondte is:
Francois van Tonder – Parys-Oos
Fritz Kotzé – Vaalpark
Hendrik Conradie – Riebeeckstad
Stefan Swart – Betlehem-Efrata
Stefan Conradie – Reitz
Ulrich Ohlhoff – Harrismith
Gerber Roux – Hospitaalpark
René Wessels – Virginia
Dougy Bubb – Betlehem-Efrata

Aanbeveling 15: Die Sinode spreek sy hartlike steun uit vir die VLOEI-projek wat die leierskap van jong leraars ontwikkel.

5.9 DIGITALE BEDIENING
Onder leiding van Henco van der Westhuizen

Die Digitale Bediening is 'n bron van onontbeerlike en betroubare hulpmiddels wat ons kan help om dieper en wyer oor die inhoud van die Christelike geloof na te dink. Een van dié netwerk se belangrikste hulpbronne tot ons beskikking is die *Joernaal vir Sistematiese Teologie (JST)* – 'n tydskrif wat akademiese artikels oor sistematiese teologie en die verbande wat dit met filosofie, hermeneutiek, letterkunde en die kunste het, publiseer. Gaan kyk gerus op die webblad vir meer inligting: https://www.ngkerkvrystaat.co.za/bedienings-begeleiding/netwerke/digitale-bediening/

5.10 NAVORSING

Onder leiding van Kobus Schoeman

Onderliggend aan baie van die werk wat die kerk doen, is daar omvattende en indringende navorsing. Die meeste lidmate is bekend met die Kerkspieël-navorsing, asook die CLS-vraelyste (vergelyk in hierdie verband 5.1 hierbo). Aan die hand hiervan het prof Schoeman onlangs 'n verslag gepubliseer oor die demografie van die Vrystaat waarin ons kerk is. Aangeheg as Bylaag 6.

Die Navorsing-netwerk het die afgelope jaar gehelp met navorsing oor die funksionering van ringe en ringsittings – vergelyk 8.1 hieronder.

5.11 GDN

Die Gemeente Dienste Netwerk het ontstaan as 'n forum vir mense en organisasies wat dienste lewer aan gemeentes. Dit is 'n interkerklike aksie waarby die Hervormers, die Lutherane, die VGKSA en ander kerke inskakel. Die vertrekpunt vir werksaamhede word gevind in 1 Korintiërs 9:19 – 23 wat by elke byeenkoms weer indringend ondersoek word: *Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red. Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.*

GDN hou jaarliks 'n groot byeenkoms wat om die beurt in die noorde en dan in die suide van die land aangebied word. Die Uitvoerende Amptenaar is deel van GDN se beplanningskomitee. Vanjaar se byeenkoms is in Augustus by die Andrew Murray Spiritualiteitsentrum by Hugenote Kollege.

5.12 MEDIATEEK

Die Sinodale Kantoor beskik oor 'n biblioteek van byna 500 boeke wat soos in 'n gewone biblioteek gratis uitgeneem kan word. Enige navrae hieroor kan by die kantoor gedoen word.

6 GOUF

GOUF is die Gemeente Ondersteuning en Uitbreidingsfonds. Die fonds bied finansiële bystand aan gemeentes in die NG Kerk Vrystaat.

GOUF word deur die GOUF-Komitee bestuur. Die lede aan die begin van die termyn was:
Sameroeper / Fasilitering – Christo Nel
Skriba – Anelia van den Blink
Gemeentes – Ellen-Anne Swart
Uitvoerende Beampte – Barnard Steyn
Ondersteuning – Adriaan de Ruiter, Leon Foot
Finansiële Administrasie – Johan Coetzer, Danielle van Heerden

Die fonds is in die afgelope jare versterk met 'n kapitaalinspuiting. Saam met ander inkomste het GOUF vanjaar ongeveer R770 000 om gemeentes mee te help. Een gemeente het ook 'n bedrag van R60 000 geskenk om te gebruik vir gemeentes wat finansieel swaarkry.

GOUF het aanvanklik maandelikse finansiële bystand gebied aan gemeentes in die NG Kerk Vrystaat waarvan die dravermoë die meeste onder druk verkeer. Hierdie gemeentes is deur Ondersteuning se Departement Finansiële Administrasie aan die hand van spesifieke riglyne bepaal en aan die GOUF-Komitee beskikbaar deurgegee. Hierdie gemeentes ontvang ook fasilitering om hulle te help om nuut te dink oor hulle uitdagings en om hulle roeping weer duidelik te omskryf. Dikwels gaan finansiële en kontekstuele uitdagings hand aan hand.

In 2023 is 'n werkswinkel oor GOUF se werksaamhede gehou. Die mening is gelug dat fasilitering die simptome van 'n gemeente se probleme hanteer, maar dat die uitdaging in gemeentes is dat die kultuur in gemeenskappe heeltemal verander het en dat denkskuiwe in gemeentes sal moet kom om die Koninkryksvisie (missionale identiteit en God se hart vir die kerk) te verskerp.

Sekere gemeentes aanvaar die fasilitering omdat dit voorgeskryf word, eerder as om dit as 'n hulpmiddel te sien om vorentoe te beweeg. Gemeentes se energie is ook laag, wat baie keer 'n uitvloei van die predikant se energie is, en 'n tekort aan kundigheid om positief vorentoe te beweeg.

Die vraag word gevra of dit die beste manier is waarop GOUF gemeentes kan help.

Die komitee besluit om die beskikbare fondse van GOUF-Ondersteuning in die 2023/24 boekjaar as 'n loodsprojek vir die bevordering van Meervoudige Standplaas Bediening (tans bekend as Handevat-gemeentes) in plaas van die huidige GOUF-fasilitering aan te wend. Daar is reeds gemeentes wat in onderlinge verhoudings staan en/of bedienaars deel en/of 'n vorm van Meervoudige Standplaas Bediening beoefen, oa:
Bethlehem-Panorama – Arlington en Lindley
Odendaalsrus – Allanridge
Universitas Geloofsentrum – Verkeerdevlei.

Dr F Marais van Hugenote Kollege (vroeër van Communitas) is versoek om navorsing en begeleiding vir Meervoudige Standplaas Bediening te doen. 'n Aantal werkswinkels is aangebied om gemeentes te begelei in MSB. Dit het uitgeloop op die konsep van Handevat-gemeentes (sien Bylaag 1). Hierdie handleiding word ook reeds in ander sinodale streke met groot vrug gebruik.

GOUF (Uitbreiding) stel sedert die boekjaar 2021/22 fondse aan ringe beskikbaar om na behoefte aan te wend. In die boekjaar 2022/23 word saam met Vennote in Getuienis 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 ringe beskikbaar gestel om ten bate van uitbreiding, diakonaat en getuienis aan te wend. Die bestuur hiervan setel tans by die Uitvoerende Amptenaar van Diens van Barmhartigheid, ds DV le Roux.

Dié projek het ten doel om jaarliks fondse van die drie bedienings beskikbaar te stel vir ringe om óf as sogenaamde "saadkapitaal" te dien vir 'n nuwe inisiatief in die ring of 'n ringsgemeente(s), óf 'n eenmalige projek waarvoor daar nie op die oomblik finansies beskikbaar is nie. Dié inisiatief moet ook tot voordeel wees van die breër plaaslike gemeenskap met aktiewe deelname van ander kerke en/of vennote. Tydens die 2023/24 finansiële jaar het 13 uit die 15 ringe fondse ontvang (R50 000 per ring) omdat daar oor die vorige jaar se projek verslag gedoen is en 'n berig daaroor in die Vrypos verskyn het.

Wat die huidige boekjaar (2026/27) aanbetref, is daar ooreengekom dat Bedieningsbegeleiding se bydrae tot hierdie ringsprojekte aangewend sal word om leraars wat die Nasionale Predikante Saamtrek (25 – 28 Augustus te Goudini, Wes-Kaap) gaan bywoon se verblyf te subsidieer met R1 500 per persoon.

Aanbeveling 16: Die Sinode versoek Bedieningsbegeleiding om saam met die GOUF-komitee die wyse van befondsing van gemeentes te herondersoek in die lig van veranderende omstandighede.

7 Kuratorium

'n Volledige verslag oor die NG Kerk Vrystaat se kerkeie teologiese opleiding word vervat in die verslag van die Kuratorium (B2). Uit die verslag is dit duidelik dat die omvang van opleiding oor die afgelope aantal jaar aansienlik uitgebrei en gediversifiseer het.

Die Raad vir Bedieningsbegeleiding het oor 'n lang tyd besin oor die plek van opleiding in die sinodale struktuur. Tans word die Seminarium wat verantwoordelik is vir die opleiding van studente gesien as 'n onderafdeling van Bedieningsbegeleiding. Die Kuratorium is deel van die Raad en die totale begroting vir opleiding is deel van Bedieningsbegeleiding se begroting.

In die praktyk opereer die Seminarium eintlik as 'n aparte entiteit. Die onderskeid is nie waterdig nie en daar is aspekte wat by beide tuiskom (soos VBO), maar die Seminarium fokus op studente en Bedieningsbegeleiding fokus op predikante wat reeds opgelei is. Die omvang van die werk van die Seminarium is net so veel as al die ander werksaamhede van Bedieningsbegeleiding saam.

Ook as na die begroting gekyk word – veral as GOUF buite rekening gelaat word, is dit duidelik dat opleiding die grootste deel van die begroting gebruik.

	Bedrag	% Totaal	% Sonder GOUF
Kuratorium	2 212 600	40,60	52,88
Bedieningsbegeleiding	1 042 200	19,12	24,91
Netwerke	706 200	12,96	16,88
GOUF	1 266 000	23,23	
JONK	223 000	4,09	5,33
Totaal	5 450 000	100,00	100,00

In die lig hiervan en die strategiese beplanning van die afgelope maande, het die Raad vir Bedieningsbegeleiding besluit dat Opleiding ‘n eie Bediening moet word, en om dit so deur te gee aan die sinode. Dit beteken dat die werk en begroting bloot verdeel word. Geen ekstra geld of personeel is ter sprake as gevolg van hierdie verdeling nie.

Aanbeveling 17: Die sinode besluit dat Opleiding as ‘n aparte Bediening van die NG Kerk Vrystaat moet funksioneer.

8 Ringe

8.1 NAVORSING

In 2025 het Bedieningsbegeleiding ‘n navorsingsprojek geloods om vas te stel hoe ringsittings funksioneer. Uit persoonlike waarneming en ander getuienis is dit duidelik dat ringe baie verskillend opereer. Sommige ringe vergader een volle dag, ander vergader oor ‘n paar aande, sommige slegs een aand en ander slegs een uur. Al hierdie sittings kan nie ewe effektief wees nie!

Die verslag van die navorsing is aangeheg as Bylaag 7 en die volledige data is beskikbaar by die kantoor.

Altesaam 196 afgevaardigdes uit 13 ringe het deelgeneem. Van hulle was 82% mans en net 18% vroue. Die grootste enkele groep (ongeveer 25%) was tussen 50 en 60 jaar oud. ‘n Hele driekwart was bo 50 jaar en slegs 16% was onder 40! Die meeste afgevaardigdes (56%) het vier of minder sittings onder die knie.

Die ringsittings is oorweldigend (86%) positief beleef met net 4% wat negatief daaroor gevoel het. Bykans drie-kwart glo dit bevorder die bediening en dat die ring goed funksioneer. Dit is egter onduidelik watter maatstaf gebruik word om te bepaal of ‘n ring goed funksioneer. Volgens 59% maak die ring wel ‘n verskil in die bediening en daarom is dit noodsaaklik (79%).

Oor die rol van die meerdere verband oordeel die meeste dat dit belangrik of self baie belangrik is: Algemene Sinode (61%), streeksinode (75%) en ring (64%).

Alhoewel die deelnemers aangedui het dat aktuele sake genoeg aandag gekry het (69%) en dat die verhoudings tussen gemeentes (70%) en tussen leraars (76%) goed is, is dit die sake wat baie sterk na vore gekom het in antwoord op die oop vrae.

Afgevaardigdes wil hê dat die ringe meer tyd sal spandeer aan strategiese kwessies soos die voortbestaan van die bediening in die ring en die kerk se missionale rol in die gemeenskap. Die verhouding tussen ringsleraars moet ook doelbewus bevorder word.

8.2 FONDSE VIR RINGSPROJEKTE

Saam met Barmhartigheid en Vennote in Getuienis, stel Bedieningsbegeleiding elke jaar geld beskikbaar vir projekte in ringe. Aanvanklik is ‘n bedrag geld jaarliks aan die ringe oorbetaal met hoop dat dit gebruik sou word as saadkapitaal vir nuwe projekte. Dit het egter nie oral so gerealiseer nie. Tans word gemeentes versoek om by een van die bedienings aansoek te doen vir fondse vir nuwe projekte.

Aanbeveling 18: Die Sinode bring hierdie projek weer onder die aandag van die afgevaardigdes en nooi hulle om hiervan gebruik te maak.

8.3 INDELING

Die NG Kerk Vrystaat is tans verdeel in 16 ringe (sien Bylaag 8). Sommige ringe is geografies klein, soos die ring van Welkom en dié in Bloemfontein. Ander is geweldig uitgesprei soos die Sentrale ring. Dan is daar ook enkele gemeentes wat by ringe ingedeel is wat nie geografies naby is, of soortgelyk in samestelling is nie. Sommige is so klein as sewe en ander so groot as dertien. 'n Groter uitdaging is dat sommige ringe bitter min voltydse leraars het. Dit maak die samestelling en werk van ringskommissies baie moeilik.

Aanbeveling 19: Die Sinode versoek ringskommissies om in gesprek te tree met aangrensende ringe om weer te kyk na die indeling van die gemeentes. Die sinode dra dit aan die Moderamen op om hierdie versoeke vir herindeling te hanteer en af te handel voor die einde van 2027.

8.4 OPLEIDING VAN RINGSKOMMISSIES

Oor die afgelope paar jaar is 'n mooi tradisie geskep met die opleiding van Ringskommissies. Jaarliks word so 'n werkswinkel gratis aangebied waarheen alle ringskommissielede uitgenooi word. Die eerstes was in Clarens, toe in Moolmanshoek (*Neem, lees* ... met Lindie Koorts en Frans Cronje) en toe buite Bloemfontein met dr Pieter van Jaarsveld (*Dink jouself gelukkig*). Later vanjaar word daar weer so 'n opleidingsgeleentheid aangebied in Bloemfontein.

Besprekingsvrae:

Wat is, in die lig van die verslag, die drie of vier dinge wat die ring die volgende vier jaar moet doen wat die grootste impak op ringsgemeentes en die ring gaan hê?

Aanbevelings:

20. Die sinode formuleer 'n opdrag aan die nuwe Ringskommissies in die lig van die antwoord op die besprekingsvraag hierbo.
21. Die sinode versoek ringe om jaarliks die PSD's te nooi om die afgevaardigdes te kom inlig oor die werk wat gedoen word, en om genoeg tyd vir hulle toe te staan.
22. Die sinode versoek ringe om moeite te doen om geleenthede te reël om onderlinge verhoudings tussen leraars te bevorder.
23. Die sinode versoek ringe om daadwerklik te besin oor die toekoms van die bediening in die ringsresort.
24. Die sinode besluit dat alle ringsittings voor die einde van die tweede kwartaal gehou moet word. (Wysiging van Artikel 29)
25. Die sinode besluit dat Ringskommissies vir 'n tydperk van vier jaar aangewys word. (Wysiging van Artikel 31.10)
26. Die sinode wys ringe daarop dat hulle jaarliks moet toesien dat die ringsleraars hulle vereiste VBO punte moet kry. (Artikel 31)
27. Die sinode besluit dat 'n beskrywingspunt vir die Algemene Sinode voorberei moet word wat vra dat die pligte van die predikant uitgebrei word om aan te dui dat die predikant ook verantwoordelikheid moet neem vir die mentorskap aan diensleraars en bedienaars in die gemeente en in die ring. (Artikel 9.5)
28. Die sinode besluit dat die NG Kerk Vrystaat voortaan die term "hulpleraar" sal gebruik, eerder as "diensleraar". (Artikel 4.1.1)

SAKE VIR GOEDKEURING

Aanbeveling 29: Die sinode keur die samestelling van die Raad vir Bedieningsbegeleiding goed. (Die name sal aan die vergadering voorgelê word.)

Bylaes

1. Handevat-handleiding
2. *In Pas met die lewende God* se 1 bladsy
3. Francois Retief: *Wanneer klein gemeentes diep spore trap*
4. Welweseprogram vir leraars
5. VBO-handleiding
6. Die Vrystaat en sy mense: ’n Demografiese verkenning van die provinsie en die NG Kerk van die Vrystaat
7. Navorsing oor ringe
8. Ringsindeling



b.

Bedieningsbegeleiding

B1-1 HANDEVAT GEMEENTES

NG Kerk Vrystaat

HANDEVAT GEMEENTES

→ PROTOTIPE (2)

© 2025 | NG Kerk Vrystaat



NETWERK
KLEIN GEMEENTES

BLOEMFONTEIN

5 - 6 NOVEMBER 2024

Dr Leon M Foot
leon@ngkvs.co.za

Dr Frederick Marais
frederick@hugenote.ac.za

NG Kerk Vrystaat

Prototipe (2)



Hierdie prototipe is ontwerp met terugvoer oor prosesse aan die hand van Handevat-prototipe (1)

Dit verteenwoordig 'n "mental model" - skuif van amptebediening na volhoubare missionale gemeentes as die fokus van die proses

Ons onderskei tussen die Handevat-proses en Handevat-scenario's

Ons het die stasies na nege (9) uitgebrei en ontwerp bo-op die innovasie *motherboard* van missionale innovasie

Handevat (2) is dus 'n innovasie-proses waarin ons gemeentes begelei om hulle eie planne te maak


Leer momente



- Her-ontwerp is ’n belangrike aspek van innovasie
- Wederkerigheid is belangrik in die Handevat-konsep - alle partye het ’n bydrae om te maak
- Die ontwikkeling van netwerke is ’n onderliggende konsep in die ontwerp
- Handevat is ’n geestelike dissipline van onderskeiding waarin ons almal se menings inneem in ’n onderskeidingsproses
- Gemeente- en dorpsidentiteit is ’n realiteit waarmee ons moet saamwerk en nie moet beveg nie
- Ons sal reëls soms moet suspendeer om die proses te laat werk

NG Kerk Vrystaat

Handevat-scenario's



01 Konsolidasie van 'n gemeente of gemeentes bv samesmelting

02 Ontwikkel bedienings-kapasiteit deur die opleiding van lidmate as diensleraars en bedienaars met erediensbevoegdheid

03 Ontwikkel ekumeniese Handevat-bedieninge

04 Tweeling of gemeentes in kombinasie

05 Kontrakteer leraars en/of tentmakers

06 Al die scenario's ondersteun die skuif van ampsbediening na missionale roeping


Sosiale Innovasie
Moederbord



NG Kerk Vrystaat

HANDEVAT-PROSES

NEGE (9) STASIES
op die Innovasie Moederbord



Handevat-proses

9 STASIES



1. **Bewusmaking**
2. **Inligting oor Handevat**
3. **Ontwikkel kernkonsep vir prototipe**
4. **Bemagtig eerste stuurgroep**
5. **Ontdek nuwe vennote en bou verhoudings**
6. **Onderskei patrone**
7. **Verbeter konsep**
8. **Bemagtig meer groepe om deel te neem**
9. **Ontwikkel bedieningsmodel en keur goed deur KR en Ring**

NG Kerk Vrystaat

STASIE 1
Bewusmaking



- Die gemeente word bewus dat die huidige bediening nie volhoubaar is nie, en onderskei of hulle gereed is om die huidige bedieningsmodel te laat gaan en 'n nuwe model te ontvang.
- Is daar historiese trauma in die gemeente en gemeenskap wat nog deurgewerk moet word.
- Prosesvoorstel - doen die *roller coaster* oor die verwerking van verlies.
- Doen 'n storiemuur en skep ruimtes waar die konflik of trauma van die verlede deurgepraat kan word totdat daar genoegsame genesing gekom het om die nuwe te kan ontvang.

Gereed vir STASIE 2 wanneer die trauma van die verlede, en verlies verwerk is.

NG Kerk Vrystaat

STASIE 2

Ontvang inligting oor Handevat-proses en onderskei in terme van roeping

Leiers ontvang inligting oor die Handevat-scenario's en –proses en bepaal wat hulle **bereid is om te laat gaan** (nie roeping nie) en **wat hulle wil behou** (roeping).

Gereed vir STASIE 3 indien hulle weet wat hulle bereid is om te laat gaan.



NG Kerk Vrystaat

STASIE 3

Ontwikkel eerste konsep vir prototipe



- Onderskei 'n konsep vir Handevat-bediening wat belyn met die roeping van die gemeente.
- Nooi die innoveerders en gerespekteerde leiers.
- Konsep moet 'n klein groepie gewilligers betrek.
- Dit moet volhoubaarheid en missionaliteit bevorder.
- En dit moet maklik gedoen kan word.

Gereed vir STASIE 4 indien hulle 'n konsep het wat aan die volgende voldoen: Een stap - wat die grootste verskil maak na 'n volhoubare missionale bediening en die minste kos.

(Everett Rogers: Diffusion of Innovation Theory (1962))

NG Kerk Vrystaat

STASIE 4

Pioniers wat gewilig is om te waag



- Nooi pioniers om met die prototipe te eksperimenteer.
- Wat inkoop in die konsep se waarde en bereid is om te waag.
- Die groepie is klein maar inklusief en sluit pioniers in van al die vennote wat ons met die prototipe wil betrek.
- Die pioniers ontvang goedkeuring van die Kerkraad om te eksperimenteer binne ’n afgesproke tyd.
- Innovasie het altyd ’n voorkeur tot aksie en ’n afkeur aan eindelose gesprekke.

Gereed vir STASIE 5 indien die pioniers gewaag het om die konsep genoeg te toets om nuwe mense te kan innooi.

NG Kerk Vrystaat

STASIE 5

Ontdek en verwelkom nuwe vennote



- Die pioniers waag met die prototipe met 'n oop houding om "nuwe vennote" in te nooi.
- Wees op die uitkyk vir randfigure wat skielik opdaag.
- Vroue.
- Jongmense en kinders.

Gereed vir STASIE 6 indien die aanvanklike pioniers aangevul is met nuwe vennote met wie hulle 'n vertrouensverhouding ontwikkel het.

STASIE 6

Onderskei nuwe patrone



- Evalueer deurlopend en aan die einde van die periode van eksperimentering.
- Wat het die Here gedoen tydens die eksperiment - die vraag is nie of ons geslaag het nie, maar hoe en waar ons God se teenwoordigheid ervaar het?
- Is daar patrone van deelname wat ons kan onderskei? Wat maak dit vir mense makliker om deel te neem en wat bemoeilik deelname?

Gereed vir STASIE 7 indien daar duidelike patrone is wat hulle kan onderskei en wat bevestiging ontvang uit die onderskeie pogings.

NG Kerk Vrystaat

STASIE 7

Her-ontwerp prototipe



Op grond van ons evaluering by STASIE 6, herontwerp ons die prototipe en herhaal STASIES 4-6.

Konseptualiseer:

- Nooi mense tot deelname.
- Ontdek nuwe vennote (STASIE 7).
- Evalueer totdat ons gereed is om die prototipe te standardiseer in ’n “bloudruk” of model.


NG Kerk Vrystaat

STASIE 8

Nooi meer mense in



Die bedieningsmodel word nou bekendgestel aan die vroeë en laat meerderheid van Rogers se model en hulle terugvoer word in die model verwerk.



NG Kerk Vrystaat

STASIE 9

Die nuwe volhoubare missionale model

9

'n Verslag word aan die Kerkraad en Ring voorgelê vir goedkeuring en implementering.

HANDEVAT GEMEENTES



NG Kerk Vrystaat

LAAT ONS **HANDEVAT**



Dr Leon M Foot
BEDIENINGSBEGELEIDING
Uitvoerende Amptenaar
leon@ngkvs.co.za



Dr Frederick Marais
HUGENOTE KOLLEGE
Direkteur: Sentrum vir Innovasie
frederick@hugenote.ac.za



Dr Roelf Pienaar
KLEIN GEMEENTES NETWERK
Sameroeper
roelfjpienaar@gmail.com

BEDIENINGSBEGELEIDING

NG Kerk
Vrystaat



HANDEVAT

PROTOTIPE (2)

Baie **dankie**

KONTAK ONS
VIR ENIGE NAVRAE



b.

Bedieningsbegeleiding

B1-2 *IN PAS*

IN PAS MET DIE LEWENDE GOD

RITMES EN GEWOONTES VIR ROEPINGSGETROUE GEMEENTES

ONTDEK & VIER	RITME I	1 Sigbaar vier	2 Ontdek God se reis met ons	3 Ontdek mede reisgenote
LUISTER & ONDERSKEI	RITME II	4 Word stil en ontvang God se teenwoordigheid	5 Lees die Woord luisterend	6 Onderskei God se wil vir ons
WAAG & EKSPERIMENTEER	RITME III	7 Betree die vreemde	8 Bou vennootskappe	9 Eksperimenteer
VERHELDER & FOKUS	RITME IV	10 Ons kyk in die spieël	11 Ons leer ons gemeenskap ken	12 Onderskei roeping en fokus
IMPLEMENTEER & INOEFEN	RITME V	13 Leiers wat deur voorbeeld lei	14 Skep konkrete aksies	15 Begelei

b.

Bedieningsbegeleiding

B1-3 WANNEER KLEIN GEMEENTES DIEP SPORE BEGIN TRAP



OOSTELIKE SINODE

"Wanneer klein gemeentes diep spore begin trap..."

Francois Retief

2025

VOORAF

Dis nie vanselfsprekend dat 'n uittredende Uitvoerende Amptenaar 'n geleentheid soos hierdie kry nie. Dat kollegas my passie vir ons kleiner gemeentes opgetel het in die vergaderings en gesprekke wat ons oor jare gehad het, is 'n getuigskrif vir hulle fyn aanvoeling oor dít wat my na aan die hart lê. My groot waardering teenoor die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode.

My wens is dat hierdie dokument as 'n hulpmiddel sal dien vir gesprekke in ons gemeentes wat wel klein mag wees – maar wat diep spore kan trap in God se koninkryk. Eintlik is ons klein gemeentes die pioniers: groter gemeentes vra reeds – of gaan vorentoe wel – dieselfde vrae moet hanteer…

Baie dankie aan kollegas, kerkraadslede, lidmate en kerkkantoorpersoneel wat insette gelewer het.

Francois Retief

2025

INHOUDSOPGAWE

1. AANLOOP TOT DIE PROJEK 2
2. DATA VAN DIE KLEINER GEMEENTES 4
3. WERKSWYSE 6
4. TEOLOGIESE BESINNING OOR GEMEENTE-WEES 8
4.1 Identiteitsvraag 8
4.2 Roepingsvraag 10
4.3 Bedieningsvraag 11
5. WERKSWINKELS 13
5.1 Struktuur 13
5.2 Resultaat van ons werkswinkels 13
6. UIT DIE DAGBOEK VAN 'N KLEIN GEMEENTE 15
7. ROL VAN DIE KERKVERBAND 17
7.1 Rol van die kerkraad 17
7.2 Die rol van die ring 19
7.3 Rol van Oostelike Sinode 20
7.4 Die Algemene Sinode en bedienings-modelle 21
7.5 Reglement 18 22
7.6 Riglyn 4 25
8. WAARDERENDE ONDERSOEK (Appreciative Inquiry) 27
8.1 Agtergrond 27
8.2 Enkele opmerkings: 27
8.3 Hoe lyk die proses? 29
8.4 Hoe kan ons waarderende ondersoek teologies verpak? 29
8.5 Aanloop tot die proses 30
8.6 Rolspelers 31
8.7 Die proses verloop in 4 fases 31

8.8 Hoekom werk waarderende ondersoek? 32
8.9 Moontlike slaggate 33
8.10 Integreer waarderende ondersoek in die DNS van die gemeente 33
9. Die Waarderende Ondersoek-proses 34
9.1 Wie is God? Wie is ons? 34
9.2 Waartoe word ons geroep vir die volgende jaar? 35
9.3 Watter bedieninge, strukture en prosesse sal ons help 36
9.4 Wow! Ons vier ons roeping! 37
10. HOOP EN VISIE VIR KLEIN GEMEENTES 39
11. PREEKSKETS JOHANNES 21 42
12. HULPMIDDELS IN DIE GROTER KERKVERBAND 45
13. 'N GEMEENTE SE GESPREK oor finansies 46
13.1 Gemeente-statistiek 46
13.2 Fondsinsamelings 46
13.3 Die gesprek in die kerkraad oor finansies 46
14. SLOTWOORD 48

1. AANLOOP TOT DIE PROJEK

Die Sinodale Diensraad van die NG Kerk Oostelike Sinode het nog altyd die belangrikheid van ons kleiner gemeentes onderskryf. Daar was vorige projekte wat die weg gebaan het vir waar ons vandag is.

Met die emeritaat van Francois Retief in 2023 het die Sinodale Diensraad besluit om gefokusde aandag aan die belange van hierdie gemeentes te gee. Carl Louwrens, emeritus-leraar vroeër van Krugerwildtuin-gemeente - asook Tielman Roux, leraar van Hendrina – het deel gevorm van die span.

'n Belangrike uitgangspunt was dat kleiner gemeentes se fokus moet skuif vanaf 'n instandhoudings-perspektief na 'n gemeente wie se rol dit is om te fokus op die koms van die koninkryk van God in die konteks van hulle plaaslike gemeenskap. In vandag se taal noem ons dit "missionale kerkwees."

Anders gesê: die fokus van die gesprekke in die gemeente moet skuif vanaf "die bediening áán lidmate" na "bediening déúr die lidmate."

Hierdie dokument vertel van die pad wat saam met die kleiner gemeentes geloop is, hulle unieke omstandighede, die rol van die Ring in hulle bestaan, die rol van die Sinodale Diensraad en sy taakspanne as ondersteuning vir die gemeentes asook die insette wat deur die Sinode in die lewens van gemeentes en leraars gelewer is sedert 2023.

Verder is hier hulp-dokumente om 'n nuwe soort gesprek mee te begin in ons kleiner gemeentes. Ons wil nuwe taal aanleer. Ons wil met moontlikhede en impak en God se koninkryk werk.

"Aan Hom, wat deur sy krag wat in ons werk, oneindig meer kan doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe…"

2. DATA VAN DIE KLEINER GEMEENTES

Die eerste keuse wat gemaak moes word, was die definisie van 'n klein gemeente. Dit is nie 'n eenvoudige saak nie. Wat in Oostelike Sinode as 'n klein gemeente beskou kan word, is byvoorbeeld in Namibië 'n medium of selfs groot gemeente. In 'n gesprek met Andrew Katay, Uitvoerende Hoof van City to City Australia, het hy gesê dat volgens my definisie alle gemeentes in sy land as klein gemeentes gesien sou moes word!

Ek het die keuse gemaak om klein gemeentes te omskryf as gemeentes met minder as 200 belydende lidmate volgens die data wat die gemeente se kerkkantoor aan Oostelike Sinode stuur vir opname in die Jaarboek van die NG Kerke. Ek is deeglik bewus van die "wollerigheid" van hierdie syfer. Dis waarskynlik nie 'n presiese weerspieëling van die lidmate "op die grond" nie. Dis nog minder 'n aanduiding van die lidmate wat betrokke is in die gemeente.

Lidmaatgetalle het eintlik drie moontlike definisies: (a) die aantal name op die lidmaatregister van die gemeente; (b) die aantal lidmate wat aktief betrokke is in die gemeente, en (c) die aantal lidmate wat gereeld finansieel bydrae tot die bediening van die gemeente. Dikwels is dit die laaste kategorie wat eintlik die oorlewing van die gemeente bepaal.

	Gemeente	Lidmate Belydend	Leraar	Tipe bediening	Ring
1	Gravelotte	26	Vakant	Leraar EG Kerk	Laeveld
2	Graskop	27	Vakant	Aflosleraars	Lydenburg
3	Kragveld	28	Vakant	Vakant	Middelburg
4	Breyten	29	Marius Smit	Deeltyds	Ermelo
5	Blinkpan	34	Vakant	Proponent	Witbank
6	Badplaas	40	Vakant	Aflosleraars	Ermelo
7	Olifantsfontein	40	Vakant	Aflosleraars	Lyttelton
8	Krugerwildtuin	47	Juanita Greyvenstein	Deeltyds	Barberton
9	Goedgegun	48	Vakant	Onbekend	Barberton
10	Paardekop	51	Samuel Louw	Deeltyds	Wakkerstroom
11	Machado-Boven	66	Vakant	Aflosleraars	Lydenburg
12	Rietkuil	74	Hennie de Vos	Deeltyds	Middelburg

	Gemeente	Lidmate	Leraar	Tipe bediening	Ring
		Belydend			
13	Kloofsig	76	Vakant	Aflosleraars	Lyttelton
14	Roossenekal	89	Vakant	Sendeling	Middelburg
15	Sabie	99	Uli Trumpelmann	Deeltyds	Lydenburg
16	Amsterdam	101	Ruan du Plooy	Deeltyds	Wakkerstroom
17	Chrissiesmeer	105	Dawie Nieuwoudt	Deeltyds	Ermelo
18	Hendrina	117	Tielman Roux	Voltyds	Ermelo
19	Krielpark	117	Vakant	Vakant	Witbank
20	Carolina	126	Dawie Nieuwoudt	Deeltyds	Ermelo
21	Ohrigstad	127	Vakant	Voltyds	Lydenburg
22	Wakkerstroom	127	Johan Bezuidenhout	Voltyds	Wakkerstroom
23	Laeveld	130	Francois Schwalb	Deeltyds	Laeveld
24	Morgenzon	132	Stephan Weyers	Deeltyds	Ermelo
25	Amersfoort	194	Hannes Reinecke	Voltyds	Wakkerstroom
26	Premiermyn	200	Vakant	Aflosleraars	Silverpark

Opmerkings:

- 13 van die gemeentes is vakant. Slegs 3 het die vooruitsig om weer 'n leraar te beroep.
- Premiermyn gebruik aflosleraars vanuit Pretoria – en het 'n ooreenkoms met 'n emeritusleraar, dr Christo de Klerk, om die pastoraat te behartig.
- Leraarbediening neem verskillende vorms aan: voltydse en deeltydse poste, aflos-predikers vir eredienste, diensleraars, bedienaars met preekbevoegdheid en ook leraars uit ander kerkgenootskappe.

3. WERKSWYSE

As eerste gesprekke is daar twee werkswinkels gereël: in Ermelo en in Dullstroom. Die fasiliteerders was Carl Lourens, Tielman Roux en Francois Retief.

Die leraars en kerkraadslede asook ander leiers in die gemeentes is in Ringsverband genooi. By vakante gemeentes het dit gebeur dat van die kerkkantoorpersoneel ook gekom het.

Die leierskap van die bepaalde Ring – dit wil sê die Ringsdiensraad – is ook na hierdie werkswinkels genooi. Die rede hiervoor is dat die volhoubaarheid van 'n fokus op die belange van klein gemeentes deur die Ringe se betrokkenheid by hierdie gemeentes bepaal sal word. Die Ring is immers die naaste familie van die klein gemeente.

Verderaan in hierdie dokument word daar uitvoerig aandag gegee aan die inhoud van hierdie werkswinkels.

By die vergaderings van die Sinodale Diensraad is daar telkens beklemtoon dat ons Sinodale Taakspanne hulle fokus sal moet verbreed om ook die unieke behoeftes van die klein gemeentes in die oog te hou.

Ter wille van 'n wyer gesprek oor klein gemeentes, het ek 'n maandelikse Zoom-gesprek begin met die 10 Sinodes van die Algemene Sinode. Die persoon wat in elke Sinode op kleiner gemeentes fokus, het deel van hierdie groep gevorm. Uit die akademie het professore Hannes Knoetze en Kobus Schoeman ingeskakel terwyl Nioma Venter vanuit die kantoor van die Algemene Sinode ook deel van die gesprek was. Die gespreksgenote het later ook leraars vanuit die Hervomde Kerk ingesluit. Hierdie is verrykende gesprekke wat handel oor bedieningsmodelle, strategiese gesprekke met klein gemeentes, opleidings-moontlikhede wat deur die Algemene Sinode "oopgemaak" is asook die suksesverhale binne sinodes. Dit het duidelik geword dat alle sinodes tot 'n mate hierdie saak op hulle agendas het.

Ek het geleentheid gehad om op RSG op die programme "Binnekamer" en "Wat het jy in jou hand?" 'n paar gedagtes oor klein gemeentes te kon lewer. 'n Transkripsie hiervan deur Danie Mouton is verderaan in hierdie dokument.

Carl Louwrens en ek het ook die fasilitering-sessie oor die Handevat-dokument wat deur die Vrystaat Sinode saam met Frederick Marais opgestel is, bygewoon. Dit het op Marken tydens die Ring van Piet Potgietersrus se sitting plaasgevind.

Ek het die geleentheid gehad om tydens die Ringsitting van die Ring van Witbank 'n aanbieding te kon doen - spesifiek oor die klein gemeente-konteks.

Die kerkraad van Krielpark het gevra dat ek tydens 'n erediens en 'n Kerkraadsvergadering met hulle praat oor die onderwerpe wat in ons werkswinkels aangeraak is.

Ek het moeite gedoen om met die leraars van die klein gemeentes te skakel. Waar daar nie 'n leraar in die gemeente is nie, kon ek soms met die kerkkantoor skakel. Die rol wat kerkkantoor- personeel speel in 'n klein gemeente is iets wat maklik ongesiens verbygaan. Die kerkkantoor word die spil waarom die hele gemeente draai. Ringe sal goed doen om hierdie personeel – of ander leiers van die gemeente – na Predikant-byeenkomste te nooi.

Ek het 'n zoom-gesprek gehad met die Ringsdiensraad-lede van die Ringe waarin daar wel klein gemeentes is. Tydens hierdie geleentheid is daar weer klem gelê op die belangrike rol wat ons Ringe sal moet speel in die bediening aan en deur ons kleiner gemeentes.

Die pad hiervandaan verder?

Die Sinodale Diensraad wil saam met ons klein gemeentes 'n naby-pad loop. Die Taakspanne van die Sinodale Diensraad het onderneem om die uniekheid van ons klein gemeentes voortdurend in die oog te hou wanneer daar beplanning gedoen word.

Die praktiese sake soos die beste bedieningstruktuur waardeur hierdie fokus behoue sal bly asook die persone wat hiermee leiding gaan neem is op die tafel van die Sinodale Diensraad.

4. TEOLOGIESE BESINNING OOR GEMEENTE-WEES

Enige goeie strategiese gesprek begin met drie vrae. **Wie is ons? Wat maak ons hier? Hoe gaan ons 'n verskil maak?** Dit is waar of jy 'n slaghuis bedryf, 'n skool bestuur of 'n leier in 'n gemeente is.

In die kerkomgewing vertaal ons dit as die drie strategiese vrae: Identiteitsvraag, Roepingsvraag, Bedieningsvraag.

4.1 IDENTITEITSVRAAG

Die gesprekke het bevestig dat identiteit 'n wesenlike saak is vir die gemeentes. Vir sommige was dit die eerste keer wat hulle ernstig oor die unieke identiteit van hulle gemeente nagedink het. Die gesprekke in kleiner gemeentes word dikwels oorheers deur finansies, oorlewing en 'n gevoel van moedeloosheid en minderwaardigheid.

Wie is God?

Ons begin by die vraag oor God. Dis nie vanselfsprekend dat hierdie die vertrekpunt vir 'n gemeente is nie. Dikwels is die gemeente so vasgevang in oorlewing en moedeloosheid dat die gesprek oor God eintlik na die kant van die tafel geskuif word. Dis 'n fout. Hierdie fout verlei gemeentes om met gesprekke besig te raak wat die uniekheid van die kerk mis.

Daarom: Hy is die Skepper. Hy begin alles. Hy begin ook die verhouding wat ons met Hom het. Dis 'n verhouding gevul met liefde, vertroue, aanbidding en sorg. Ons sien dit in die lewe en sterwe en opstanding van sy Seun, Jesus Christus. Hy gee sy Heilige Gees. Op Pinksterdag word die Gees van God uitgestort sodat eenvoudige visserman-dissipels die kerk van Jesus Christus kan plant.

'n Belangrike teologiese perspektief is dat die opgestane Jesus sy dissipels leer dat sy Vader Hom gestuur het, en só stuur Hy hulle ook. (Joh 20:21) Sy volgelinge is gestuurdes. Hy gee sy Gees aan die kerk sodat hulle die wye wêreld kon gaan vertel van die Goeie Nuus van Jesus Christus. (Hand 1:8) Hulle leefwyse moes dit bewys. En wat 'n kragtige getuienis lewer hulle... Die vroeë Christene het met hulle lewens gewys wat dit is om as volgeling van Jesus te lewe. Hulle versorg die siekes wat deur hulle families buite die stad gesit is om dood te gaan. Hoekom? Want dit is wat Jesus

sou doen. Hulle help armes, versorg die randfigure in die gemeenskap, getuig openlik dat Jesus die Here is – die boek Handelinge vertel hierdie verhale.

Wat is die implikasies hiervan vir 'n klein gemeente? Leraars en lidmate sal baie meer en dieper moet besin oor die Godsvraag. Daar moet nie vinnig gespring word na allerlei praktiese kwessies nie. Daar moet 'n diep oortuiging groei oor God: sy liefde, sy droom vir die wêreld, sy plan met die kerk... Dis ons verhouding met God wat ons moet stuur na die gemeenskap om die koninkryk van God te laat gebeur in die wêreld rondom ons.

God se droom vir gemeentes is nie dat hulle bloot ter wille van hulleself sal bestaan nie. Gemeentes is gestuurdes! Waarskynlik het ons gemeentes nog nie genoeg hieroor nagedink nie. Die gesprek in gemeentes is te dikwels een van "ons en ons belange.."

Hierdie is net so waar van ons kleiner gemeentes. Daar lê geen energie in 'n gesprek oor "ons en ons plek en ons finansies" nie. Energie kom vanaf 'n roeping wat groter is as onsself, 'n droom wat ons opgewonde maak, 'n visie van watter rol ons in die breë gemeenskap kan speel. Klein én groot gemeentes se werkplek is die koninkryk van God!

Wie is ons?

Die gemeente is nie mense se uitvindsel nie. Gemeentes word gebore in die hart van die Vader. Efesiërs 3:14 verwys na God as "die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges hulle bestaan te danke het." Hierdie geloofswaarheid – ons gemeente kom van God af – is seker die kragtigste waarheid om 'n klein gemeente mee te inspireer. Nou kyk ons op 'n nuwe manier na mekaar as ons Sondag by die erediens ontmoet. Ons is nou méér as boere en skoliere en onderwysers en oumas en oupas. Ons het 'n nuwe identiteit ontvang.

***Identiteit versus Selfbeeld**: tydens ons Tien Sinodes-zoomgesprekke het Kobus Schoeman die belangrikheid daarvan uitgelig om te onderskei tussen identiteit en selfbeeld. Ons gemeentes dink, praat en leef dikwels vanuit hulle selfbeeld. In 'n klein of kleiner-wordende gemeente is hierdie gewoonlik negatiewe gesprekke. Ons praat dan van "toe ons nog groot was...'of "ons is nie meer soos voorheen nie..."of "ons kan nie doen wat die groot gemeentes kan doen nie." Om vanuit 'n gemeente se identiteit te dink en praat maak moontlikhede oop, gee energie en sien nuwe geleenthede in veranderende omstandighede raak.*

4.2 ROEPINGSVRAAG

Roeping is 'n kragtige woord. God roep mense: Moses, Abraham, Jona, dissipels, Paulus... Dit is elke keer 'n geloofservaring vir die geroepene. Dis nie maar net 'n plan wat hyself uitgedink het nie.

Om 'n gemeente se roeping te onderskei, vra 'n diep stuk geloofsonderskeiding.
1 Kronieke 12:32 verwys na persone uit die stam van Isasskar "wat die tekens van die tye verstaan het en geweet het wat Israel te doen staan."

Geloofsonderskeiding vra 'n dieper kyk, 'n bietjie langer stilstaan om regtig in te neem, die internalisering van wat ons sien en hoor – dit moet deur ons harte gaan...

God gee die insig aan ons wanneer ons onsself daarvoor oopstel: nuwe perspektief, nuwe sensitiwiteit, nuwe geleenthede, nuwe moontlikhede...

Ons moet twee keer eksegese doen: eers van wat die Woord ons sê - en dan van wat die gemeenskap vir ons sê...

Ons raak besig met die Woord. Ons kyk na die pad wat die Here met die gemeente tot hier geloop het. Wat is die temas van gesprekke wat gereeld op die tafel kom? Wat is die DNS van die gemeente? Wat was nog altyd baie belangrik vir die gemeente in hulle bediening? Waar lê die nood van die gemeenskap waarvan die gemeente deel is? Watter verskil kan die gemeente maak in mense se lewens?

'n Gemeente vertel dat hulle op 'n Saterdag deur hulle klein gemeenskap geloop het - straat op en straat af. Hulle het hulleself doelbewus blootgestel aan die werklikhede van hulle omgewing. Hulle terugvoer het ongemaklike woorde ingesluit soos vuil, armoede, bang, bedelaars, stukkend, riool, veiligheidsheinings, sypaadjieslapers, moedeloosheid – maar ook mooi tuine, motors, laggende kinders, vol winkeltrollies, roomys, ander kerke, skole, besighede, CMR, ouetehuis... Hulle reaksie? "Ons het vir die eerste keer 'n geheel-prentjie van hoe ons gemeenskap regtig lyk."

En toe begin hulle die stem van die Here hoor: sensitief vir sy Woord én sensitief vir die omgewing waarbinne Hy hulle geplaas het in hierdie tyd.

As roeping bloot oor instandhouding gaan en op onsself gefokus is, kan ons maar weet dat ons nog nie die Here mooi gehoor het nie. Ons is gestuurdes, sy kerk is die draer van die Evangelie na die wêreld. Ons roeping het 'n sterk komponent van buitentoe gaan...

Onthou hoe dit aan die begin van hierdie dokument staan: "'n bediening déúr die lidmate – nie 'n bediening aan die lidmate nie."

Hoe reageer ons op ons roeping? Die Hebreeuse woord "hineni" speel 'n groot rol in die Joodse geloofstaal. In Afrikaans vertaal, sê dit "Hier is ek." Dit gaan nie oor die plek waar ek is nie. Dit gaan oor 'n volledige oorgawe aan die Here. Om tot God se beskikking te wees. Om bereid te wees om aan te meld vir diens.

Ons het gevind dat hierdie begrip ons lidmate en gemeenteleiers help om op 'n nuwe manier te dink oor gemeente-wees. Dit gaan nie oor "iets doen vir die kerk" nie. Dit gaan oor die bereidheid om God se roeping vir die gemeente te soek in 'n geloofsonderskeidende proses.

Gemeenteleiers moet nie haastig wees om hieroor klaar te praat nie. Hierdie deel van die proses vra 'n deeglike kyk na "hoe het die Here ons in die verlede gebruik om 'n impak in die gemeenskap te maak?"

In hierdie proses kom daar 'n saak of twee na vore wat die gemeente se harte diep raak. Oor tyd word dit die roeping van die gemeente. Dit fokus die doelwitte van die gemeente. Dit word die goeie rede vir die gemeente se voortbestaan. "Ons kan nog 'n verskil maak in die koninkryk van God hier in ons plek."

Dis belangrik om te weet dat roeping nie dieselfde is as "ontdek jou gawes" nie. Moses moes gaan praat – alhoewel hy nie daarmee gemaklik was nie. Jona moes 'n stuk innerlike weerstand teen die Here se genade oor sondaarmense, oorkom. Die eerste Christene het – met groot risiko vir hulleself – die melaatses buite die stad gaan versorg – op voetspoor van wat hulle by Jesus gesien het. Dalk moet ons 'n grens of twee oorsteek. Miskien moet ons begin praat met mense wat radikaal van ons verskil. Soms is roeping ongemaklik. Roeping daag ons uit om te groei.

En dan antwoord ons met diep oortuiging: "Hier is ons."

4.3 BEDIENINGSVRAAG

Hier begin ons nou struktuur gee aan ons roeping: ons preek en doen Bybelstudie oor ons roeping, ons groei na ons roeping toe, ons kry leiers, ons kommunikeer met die

lidmate, ons stel begroting op, ons bepaal hoe ons ons uitsette gaan meet, ons stel tydlyne saam.

Die bedieninge moet direk belyn wees met die roeping van die gemeente. Dit word die deurlopende narratief in die gemeente. Dit bepaal die agenda van die kerkraad. Dit bepaal die rolle van die leraar en ander leiers in die gemeente.

Roeping moet voortdurend opgeskerp word. Dis 'n lewende proses. Daar kan ook 'n tyd wees wees dat dit verander. Die omgewing verander, die lidmate verander. Maar: nooit sal dit kan wees dat ons net vir onsself sorg en na binne leef nie.

Roeping daag ons altyd uit. Soos ons in die lewe van Jesus kan sien, word ons uitgedaag om die eerste tree na ander mense te gee. Wie is hierdie mense? Dalk sommer net almal wat nie deel is van ons gewone lewe nie? Mense met wie ons nie gewoonlik gesels nie? Dalk is dit mense wat ons baie goed ken? Iemand wie se nood en behoeftes ons kan aanspreek? Mense wat sonder die Here lewe? Iemand wat ons kan skakel? 'n Naam op die voorbiddingslys van die gemeente? Die ouetehuis? Die polisiestasie? Die onderwysers?

Dit word die verantwoordelikheid van die kerkraad om duidelike leiding te neem vir die bedieningstruktuur wat die roeping van die gemeente gaan rig. Sonder die kerkraad se sigbare leiding neem en voorloop gaan die roeping geen impak hê of 'n verskil maak in die lewe van die gemeenskap waarvan die gemeente deel is nie.

Die gevaar van nostalgie is dat jy jouself lewendig begrawe...

"Vroeër was die kerk vol..." is nostalgie. Die feite is dat die kerk net met nagmaal vol was...

Vier die seëninge van 'n vorige era, maar dis nou verby. Dit is byvoorbeeld 'n hartseer feit dat baie van ons se kinders in die buiteland leef en werk – en waarskynlik nooit weer gaan terugkom nie.

Kerkwees in ons klein gemeente gaan nooit weer lyk soos dit voorheen was nie. Kom ons bou iets nuuts. Dalk moet kleingroepe 'n belangriker deel van ons gemeentelike lewe word?

Frederick Marais

5. WERKSWINKELS

5.1 STRUKTUUR

Die werkswinkels te Ermelo en Dullstroom het die volgende struktuur gevolg:

TEKS VAN DIE DAG EFESIËRS 3:14 - 21

IDENTITEITSVRAAG – Wie is God? Wie is ons?

- Efesiërs 3:14 Wat sê hierdie teks vir ons oor God?
- Wie is God? Wie is ons? Ons deel met mekaar die storie van ons gemeentes – waar pas God in hierdie storie in?

ROEPINGSVRAAG – Wat is ons roeping as gemeente?

- Hoe bepaal ons God se roeping vir ons?
- Hoe lyk ons lidmate, ons omgewing, die "ander" mense?
- Waar kan ons gemeente 'n verskil maak soos wat Jesus 'n verskil in sy wêreld kom maak het?
- Wat sou die "hoof-fokus" van die gemeente kon wees?

BEDIENINGSVRAAG – Hoe gaan ons ons roeping kan leef?

- Waaroor gaan ons opgewonde raak?
- Hoe gaan ons eredienste lyk? Wat het ons nodig?
- Hoe gaan ons mekaar versorg? Wie gaan dit doen?
- Hoe gaan ons uitreik na die gemeenskap?
- Met watter droom gaan ons ons gemeente besiel?
- Hoe gaan ons finansiële bestendigheid verseker?
- Hoe is die Ring deel van hierdie prosesse?

5.2 RESULTAAT VAN ONS WERKSWINKELS

Ons het begin oefen om nuwe taal te gebruik wanneer ons oor die gemeente praat. Ons kyk na die gemeente vanuit God se perspektief.

Ons het verhoudinge begin bou met die leiers van ons kleiner gemeentes. Ons het mekaar se harte gehoor. Leiers het bande begin bou met leiers in ander gemeentes.

Die Ringsdiensraad het met die gemeentes in hulle Ring begin praat oor die toekoms van die gemeente – en dít nie op die vlak van "julle is eintlik vir ons 'n probleem" nie.

Hierdie werkswinkels het die platform geword vanwaar ons verder met mekaar kon skakel.

Uit die aard van die saak kan die Sinode nie verantwoordelikheid neem vir wat leiers van gemeentes hiermee doen nie. Soms gebeur dit dat leraars en leiers in gemeentes vasgevang is in die oorlewings-model. Dis vir hulle moeilik om nuwe taal oor God, oor hulle gemeenskap, oor geleenthede, oor die koninkryk van God in hulle gemeenskap, te begin praat. Ringe se rol hierin is weer-'n-keer uiters belangrik.

Die dokumente wat ons tydens die werkswinkels hanteer het, is aan alle klein gemeentes gestuur asook na die lede van die Ringsdiensraad van die betrokke Ringe.

6. UIT DIE DAGBOEK VAN 'N KLEIN GEMEENTE

Ja, ons gemeente het klein geword. Die vorige geslag vertel ons van die dae toe hier nog baie mense was, lidmate die kerk volgesit het, die basaar groot was, baie jongmense belydenis van geloof afgelê het, die kerkraad groot en belangrik was. Die dominee? Hy (ja, daar was net mans-dominees!) was 'n prominente figuur in ons gemeenskap.

Die realiteit is dat ons dorp en omgewing besig is om te ontvolk. Baie gesinne het verhuis – stad se kant toe. Die skole het baie minder kinders. Hier is nie werk vir ons kinders nie – hulle trek na die stede toe.

Die agteruitgang van die infrastruktuur in die platteland maak ons seer: skole, paaie, water, elektrisiteit, veiligheid, hospitale, ouetehuise.

Ons gemeente se kerkgebou raak toenemend vir ons 'n uitdaging. Die koste van instandhouding is te hoog. Verder is dit ook waar dat lidmaatgetalle só gedaal het dat die tradisionele kerkgebou nie noodwendig meer die mees doelmatige fasiliteit vir 'n erediens is nie.

Ons gebruik ook nie meer die orrel nie – dis te duur om in stand te hou en daar is ook nie meer orreliste op die platteland nie. Ons maak maar ons eie planne met behulp van tegnologie.

Ons het nie meer 'n leraar nie. Soos ander gemeentes wat vakant is, sukkel ons dikwels met die beskikbaarheid van leraars om die erediens te lei. Die gemeentes wat wel 'n leraar het, is ook onder druk omdat hulle leraar van tyd tot tyd nagmaal of doop moet gaan bedien by 'n vakante gemeente – of dalk net met verlof wil gaan.

Ons worstel soms met die moeilike pastorale dinge wat gebeur: dood, egskeidings, trauma soos met plaasaanvalle, jongmense wat ontspoor… Dis dan wat ons wens daar was iemand na wie toe ons kon uitreik… Die Ring se leraars probeer maar hulle is ver en ook besig.

Ons het 'n uitdaging met kategese. Hier is te min kinders om dit op die tradisionele manier te doen. Ons voorsien dat die kategese weer gaan terugval na die ouerhuis toe – maar dan moet ons ouers kan bemagtig om dit goed te doen. Ons sien dit eintlik as 'n geleentheid om gesinne weer sáám te laat gesels oor die Here wat vir ons liefhet.

Die werkswinkels wat ons bygewoon het, het ons oë oopgemaak vir ons roeping in die breër gemeenskap. Soos ander klein gemeentes, het ons ook vasgedraai geraak in gesprekke wat net oor die oorlewing van die gemeente gegaan het. Ons oë het opgegaan vir nuwe moontlikhede, alternatiewe sake vir die agenda van die kerkraad en 'n nuwe waardering vir die missionale rol wat ons klein gemeente in ons gemeenskap kan speel. Ons weet dit nou: in God se koninkryk werk dit so: "klein is nie gelyk aan onbenullig nie…"

Daarom fokus ons nou op ons groter rol binne die totale gemeenskap. Ons is nie hier ter wille van onsself nie. Ons is hier om God se koninkryk te help bou deur vir mense om te gee, hulle onvoorwaardelik lief te hê, die liefde van die Here met almal te deel, 'n verskil te maak dáár waar ons is en met gasvryheid almal te ontvang wat na ons toe kom. Ons wil handevat met die nuwe vennote wat ons ontdek het: die maatskaplike werker, die skool, ons plaaslike hospitaal, besighede, boereverenigings en ander kerke in ons gemeenskap. Ons weet dat ons 'n paar grense sal moet oorsteek – maar ons is nie bang nie. Ons is geroep om hier en nou God se lig te wees.

7. ROL VAN DIE KERKVERBAND

7.1 ROL VAN DIE KERKRAAD

Die **leierskap van die kerkraad** is krities noodsaaklik. Die kerkraad is die geestelike leiers van die gemeente. Hulle rol is nie net die bestuur van eiendomme en finansies nie. Hulle moet die geestelike voorlopers wees.

Die kerkraad moet lidmate begelei om soos **pioniers** te dink. Pioniers maak nuwe paaie oop. Hulle dink nuwe planne. Hulle innoveer, waag en vertrou die Here. Die boere in ons gemeenskappe leer ons dat "droogtetye is tye om te innoveer".

Dit vra van die leiers om met hulle woorde en optrede deurentyd die hart van God vir die gemeente te vertoon. **Die leiers word die "draers" van die droom oor 'n gemeente wat diep spore in die gemeenskap wil trap.**

Die **bediening van die leraar** is redelik duidelik uitgeklaar: prediking, pastoraat, kategese, seniors en kinders en ook die visie-draer van die gemeente

Leraars van klein gemeentes moet hulle gemeentes begelei tot 'n nuwe kyk na die bediening deur die gemeente. Lidmate moet geleer word van God se plan vir sy kerk. Lidmate moet begelei word in die groei na 'n nuwe visie vir die plek van die gemeente in die gemeenskap.

Oor tyd het ons die bediening deur die **kerkraadslede** erg verskraal tot vergaderings en kommissies. Oorweeg die "opgradering" van die rol van die ouderlinge en diakens. Dit sal waarskynlik anders moet lyk as in die verlede – maar daar sal nuwe inisiatiewe hieroor in gemeentes bedink moet word om kerkraadslede die *impakspelers* te maak in die gemeente.

Deurlopendheid in die geestelike bediening aan en deur die gemeente moet hoog op die agenda van die kerkraad te wees. Die kerkraad bestuur 'n gemeente – 'n gemeente het in God se plan 'n bepaalde rol in 'n spesifieke tyd.

Waar gemeentes van aflosleraars gebruik maak, is daar min of geen sprake van **'n deurlopende tema** in die prediking. Elke leraar kies 'n eie tema – en daar is dus geen groei in 'n bewussyn van byvoorbeeld 'n missionale roeping van die gemeente nie. Die kerkraad kan wel verseker dat daar 'n gestruktureerde gesprek in die gemeente ontstaan deur byvoorbeeld kleingroep-materiaal. Verder kan daar materiaal aan

lidmate gestuur word wat hierdie deurlopende tema aanspreek. Ringskollegas kan hier help met die voorsien van geskikte materiaal.

Die **erediens** is die kern-moment van die week vir 'n klein gemeente. Dís waar die lidmate mekaar ontmoet, waar die geloofsvorming gebeur, waar koinonia beleef word en waar die energie in die gemeente geskep word.

Daarom moet daar deeglik besin word oor die erediens – die liturgie, die sang en musiek, die lokaal se inrigting, – alles werk mee om van hierdie moment 'n kosbare bate vir die gemeente te maak. Dit is dikwels nie meer die beste manier van doen om met baie min lidmate in 'n kerkgebou wat honderde mense sitplek kan gee, te vergader nie. Kerkrade sal nuut hieroor moet besin – en innoverende besluite neem. 'n Kleiner lokaal waar erediensgangers nader aan mekaar is, waar daar makliker gesing kan word, wat amper soos 'n kleingroep funksioneer – dit mag dalk nét wees wat van die geleentheid iets baie spesiaals maak.

Die **geloofsonderskeidende prosesse** in hierdie dokument kan deur kerkrade – onder leiding van 'n fasiliteerder – gevolg word om te bepaal wat die roeping van die gemeente nou moet wees. Bybelstudie of klein groepe is 'n belangrike forum waarop die kerkraad 'n gemeente kan begelei om te groei in 'n bewusword van die identiteit en roeping van die gemeente.

'n Verdere belangrike funksie van die kerkraad is om **verhoudings te bou met vennote**. In kleiner gemeenskappe werk die sosiale verhoudings só dat mense mekaar baie beter ken as in byvoorbeeld die stad. Ons weet van mekaar se kundighede en netwerke. Die lyn na mense en instansies met wie die gemeente kan handevat, is kort en duidelik.

Voorbeelde van hierdie vennote in die gemeenskap is die CMR, skole, die sakesektor, landbou-organisasies en die mediese praktisyns.

As ek my plattelandse gemeente-bediening kon oorhê, sou ek moeite gedoen het om baie goeie en gereelde kontak te hê met die boereverenigings. Hulle is passievol oor die landbou, het direkte belang by die welwese van die gemeenskap, het gevestigde strukture en netwerke – en as jy hulle aan jou kant het, kan jy berge versit.

'n Ooglopende vennoot wat ons dikwels miskyk, is dié van die **ander kerke in die gemeenskap.** Onthou: hulle is nie ons kompetisie vir lidmate en geld nie. Ons wil 'n dieper spoor trap in die koninkryk van God – en saam kan ons dit beter doen… In die

gemeente Hendrina is daar reeds mooi verhale van gesamentlike eredienste en gemeenskaps-projekte. Gemeentes sou ook onderlinge reëlings oor pastorale werk en jeugbediening kon tref.

Die **kerkkantoor** is soos die hart van die gemeente. Dis hier waar lidmate inligting ontvang en reëlings getref word oor aksies en eredienste. Dikwels is die kerkkantoor die "gesig van die gemeente."

Kerkrade moet moeite doen met die aanstel en ondersteun van die personeel in die kerkkantoor. Administratiewe vaardighede, 'n aangename persoonlikheid en 'n hart vir die gemeente is ononderhandelbaar. Vir die finansiële funksies is 'n bekwame en opgeleide persoon nodig. Daar is talle verantwoordelikhede wat deesdae op die lessenaar van die finansiële beampte land. Maak seker dat dit goed gedoen kan word.

Oostelike Sinode het 'n uitgebreide ondersteuningsisteem vir die personeel van kerkkantore. Skakel gerus die Sinodehuis.

7.2 DIE ROL VAN DIE RING

Die Ring is die naaste familie van 'n gemeente. Die Ring-struktuur gee veiligheid aan 'n gemeente in terme van ondersteuning, verhoudinge tussen kollegas en ook die nodige kerkregtelike verbintenis met mekaar.

Die realiteit vir kleiner gemeentes is dat hulle soms verdwyn vanaf die radar van die Ring – veral waar daar nog groot en lewenskragtige gemeentes in die ring is. Klein gemeentes beleef hulleself as die probleem-kind van die Ring.

Daar is ook Ringe wat hoofsaaklik uit 'n aantal klein gemeentes bestaan. Die potensiaal van ondersteuning en hulp ten opsigte van bediening word dan al hoe minder.

Dit is 'n realiteit dat daar heelwat klein gemeentes is wat nie meer in staat is om 'n leraarspos te bekostig nie. Ongeveer 50% van ons klein gemeentes is vakant – dit wil sê daar is nie 'n leraar op 'n voltydse of deeltydse basis in die gemeente nie.

Dit is op hierdie punt waar die rol van die Ring al hoe belangriker word. Kerkordelik moet die Ring nou 'n groter rol speel as bloot op verhoudingsvlak.

Kerkraadsvergaderings, die bediening van sakramente en die waarneem van eredienste plaas nou groot druk op die leraars van die Ring.

Die Ringsdiensraad van 'n Ring sal hier moet inkoop in die toekoms van die gemeente. Dis die Ring se belegging in die bediening aan en van 'n bepaalde gemeente.

Wat is die **kernvraag** van die Ring aan haarself? **"Hoe kan ons as Ring verseker dat elke gemeente die koninkryk van God in hulle unieke konteks laat kom?"**

Hierdie is 'n diep teologiese vraag waarby ons nie vinnig verby mag hardloop nie. Inteendeel, hierdie gesprek hoort op elke vergadering van die Ring en die leierskap van die Ring.

'n Ongelukkige realiteit is dat die huidige **model van leierskap in ons Ringe** nie hiermee help nie. Die kultuur is gevestig waar die leierskap van 'n Ring jaarliks wissel. Dit skep nie langtermyn verhouding met 'n gemeente nie – veral nie waar die gemeente vakant is nie. Die Oostelike Sinode sal goed doen om te besin oor 'n nuwe benadering tot die leierskap van die Ringsdiensraad. 'n Moontlikheid is om 'n Ringsdiensraad te verkies vir 'n termyn gelyklopend met die vier jaar termyn van die Sinodale Diensraad. Dit sal die Ring kans gee om vir 'n langer tydperk saam met die gemeente 'n pad te loop wat kan lei tot 'n nuwe ontdekking van identiteit, roeping en bediening.

7.3 ROL VAN OOSTELIKE SINODE

In 'n sinode met meer as 80 gemeentes raak ons baie klein gemeentes maklik weg. Oostelike Sinode se leierskap het hulle egter raakgesien, gewaardeer – en gekies om hulle te ondersteun.

Die uitdaging van gemeente-wees bly die roeping en verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente. Die Sinode kan nie hierdie funksie oorneem nie. Dit vra dat daar inisiatiewe vanuit die klein gemeente sal kom, leiers na vore sal tree – en 'n nuwe visie sal ontstaan. My kontak met hierdie gemeentes het my 'n groot waardering gegee vir die ywer van gewone lidmate wat steeds vir die gemeente omgee. Hopelik begin 'n nuwe droom groei oor die groter rol wat die gemeente kan speel.

Oostelike Sinode se taakspanne het 'n groot verantwoordelikheid om die klein gemeentes deurentyd in die oog te hou: projekte, aksies, inisiatiewe en toerustingsgeleenthede moet altyd vra na die spesifieke behoeftes van ons klein gemeentes.

Die Taakspanne van Oostelike Sinode wat waarskynlik 'n direkte betrokkenheid by klein gemeentes behoort te hê, is Jeug en Gesinne, Leraarversorging en Missionale Kerkwees.

Jeug en Gesinne: daar is behoefte aan materiaal vir gebruik tydens kategese, tuis-kategese en die belydenisklas wat deur 'n nie-leraar aangebied word. Missio Jeugfokus (www.missio.org.za) doen reuse werk om materiaal vir alle ouderdomme beskikbaar te stel vir gebruik by kategese, huisgodsdiens, tuis-kategese en gespreksgroepe met kinders en jongmense. Verder kan www.kixkinders.co.za help met materiaal vir voorskoolse groepies asook skole.

Leraarversorging: hierdie is waarskynlik eerste die Ring se verantwoordelikheid maar in die praktyk waar ver afstande en min fondse 'n rol speel, behoort die Taakspan aktief betrokke te wees by leraars wat alleen werk met min bronne en min kontak met ander kollegas. Die taakspan sal goed doen met gereelde kontak met leraars ter ondersteuning.

Missionale kerkwees: dis 'n uitdaging om klein gemeentes van hulle roeping bewus te maak en dan ook die prosesse in plek te sit om hulle daarmee te help. In hierdie dokument is daar hulpmiddels en voorbeeld-programme maar dit op sigself sal nie genoeg wees nie. Die gesprek sal na gemeentes toe geneem moet word.

7.4 DIE ALGEMENE SINODE EN BEDIENINGS-MODELLE

Die Algemene Sinode se Kerkorde help gemeentes om op 'n goeie wyse om te gaan met die poste wat geskep word in gemeentes. In die afgelope jare is daar al hoe meer 'n bewussyn dat die kerk méér as net die ou tradisionele model van bediening deur 'n hoogs opgeleide voltydse leraar benodig.

Daarom is daar verdere bedieningsmoontlikhede geskep. **Diensleraars** is nou al redelik gevestig in ons kerklike strukture. **Bedienaars** – dit is ouderlinge en diakens

met 'n bepaalde bevoegdheid – is nog 'n nuutjie. Die Sinode van Noord-Kaapland is beslis die voorlopers hiermee. Hulle het 'n baie goeie struktuur geskep waarbinne hierdie lidmate opgelei word vir prediking, pastoraat, jeugbediening en gemeenskaps-uitreike. Die opleiding word aangebied deur die Hugenote Kollege.

Wat hier volg, is die Reglemente wat kerkrade en Ringe kan help om te besin oor alternatiewe opsies. Bestudeer dit deeglik omdat dit net mag wees wat die gemeente op hierdie stadium nodig het.

Belangrik: kerkrade en Ringe moet hieroor skakel met die plaaslike Sinode-struktuur om die nodige inligting te bekom en 'n goeie besluit te kan neem oor wat hulle presies benodig. Die dokumente wat hier volg, kom uit Kerkorde 2023.

7.5 REGLEMENT 18

[Kerkorde 2023 p 115]

REGLEMENT VIR STANDPLAAS- EN DIENSLERAARSPOSTE

1. AARD

1.1 ’n Standplaasleraar is ’n persoon

1.1.1 wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om ’n toegespitste diens te lewer binne die besondere konteks waarvoor hy/sy opgelei en beroep is; en

1.1.2 wat ’n spesifieke bediening in ’n besondere konteks verrig, soos byvoorbeeld vir die Khoi-San, Dowes en Portugeessprekendes.

1.2 ’n Diensleraar is ’n persoon

1.2.1 wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer met ’n spesifieke opdrag, ooreenkomstig die terrein/e van opleiding.

1.2.2 wat toegespitste diens in een of meer van die volgende spesialisasievelde verrig, naamlik:

pastoraat, jeug- en familiebediening, prediking, diakonaat, geloofsvorming, evangelisasie, kerkplanting, aanbidding, geloofsvorming, bejaardebediening, berading, lering, uitreikbediening en sending.

1.3 Diensleraars en standplaasleraars staan soos alle ander ampsdraers onder die opsig en tug van die ring. (*Kerkorde Artikel 59 tot 66 asook Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë* en *Reglement 22 vir Tug en Vermaning*.)

2. SKEP VAN POS

2.1 Indien die gemeente ’n standplaas- of diensleraarpos wil skep, doen die kerkraad ’n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde.

2.2 ’n Gemeente kan slegs ’n diensleraarpos skep as daar reeds ’n predikantspos in die gemeente gevul is.

2.3 Die ring of sy gevolmagtigde keur, met inagneming van die gemeente se bedieningsbehoeftes en finansiële omstandighede, die standplaas- of diensleraarpos goed.

2.4 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms en sien toe dat daar uitvoering gegee word aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde*, die *Reglement 13 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*, ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

2.5 ’n Standplaas- of diensleraarpos kan nie geskep word om die bevoegdheid te verkry of te behou of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

2.6 ’n Standplaas- of diensleraarpos het duidelik omskrewe bedieningsverpligtinge wat met die opleiding van die standplaas- of diensleraarpos in direkte verband staan.

2.7 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.8 Standplaas- of diensleraarposte kan óf voltyds óf deeltyds gevul word.

3. PENSIOENVOORDELE

3.1 ’n Standplaas- of diensleraarpos (langer as ses maande) is

3.1.1 pensioendraend, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

3.1.1.1 'n standplaas- of diensleraarpos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie,

3.1.1.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydraes tot die pensioenfonds aan die hand van die reëls van die pensioenfonds, en

3.1.1.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer;

3.1.2 nie pensioendraend nie, onderworpe aan die volgende voorwaarde:

3.1.2.1 wanneer die persoon wat beroep is reeds by 'n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds ingeskakel is (dit sluit vrywillige annuïteitsfondse uit).

4. BEROEPING EN BEVESTIGING

By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en *Reglement 13 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*.

5. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

Standplaas- of diensleraarpos word na meerdere vergaderings afgevaardig.

6. DIENSOOREENKOMS MET DIE ANDER WERKGEWER(S)

6.1 Standplaas- of diensleraars wat in deeltydse poste aangestel word, kan ook in diens van ander werkgewers wees.

6.2 By die aangaan van 'n diensooreenkoms met 'n standplaas- of diensleraar, bepaal die kerkraad die voorwaarde(s) vir diens aan die ander werkgewer(s).

6.3 Die aangaan van alle toekomstige diensooreenkomste met ander werkgewers moet vooraf deur die kerkraad goedgekeur word.

7. DIENSBEËINDIGING

7.1 'n Standplaas- of diensleraar tree by aanvaarding van 'n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente.

7.2 Diensbeëindiging anders as beroeping of emeritaat geskied aan die hand van die diensooreenkoms en ooreenkomstig die toepaslike kerkordelike reglemente (vergelyk *Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante*

by Ongeskiktheid en Onvermoë) asook Reglement 22 (Reglement vir Tug en Vermaning).

7.3 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.

7.6 RIGLYN 4

(RIGLYNE WAT KERKORDE, ARTIKELS EN REGLEMENTE AANVUL EN TOELIG)

[Kerkorde 2023 p 194]

RIGLYNE VIR BEDIENAARS (OUDERLINGE EN DIAKENS MET BEVOEGDHEID)

4.1 Wanneer 'n behoefte op grond van plaaslike omstandighede in 'n spesifieke bedieningsarea ontstaan, wat nie deur 'n opgeleide predikant gevul kan/hoef word nie, bepaal die ring die meriete daarvan. (Spesifieke bedieningsarea sluit in: eredienste, pastoraat, bejaardebediening, jeug en familie, kinderbediening, diakonaat, geloofsvorming, kerkplanting, aanbidding, ens.)

4.2 Indien die ring die behoefte goedkeur, nomineer kerkrade persone wat 'n spesifieke bedieningsgerigte roeping het en oor die gewenste gawes beskik.

4.3 Die ring of sy gevolmagtigde voer 'n onderhoud met die genomineerde en beveel hom aan vir die toepaslike opleidingsprogram van die Algemene Kuratorium by Hugenote Kollege.

4.4 Ná goedkeuring deur die ring of sy gevolmagtigde, skryf die kerkraad die genomineerde in vir opleiding en toerusting van die goedgekeurde opleidings-program. Die kerkraad/ring behoort in te staan vir die aansoeker se opleidingskoste.

4.5 Ná die suksesvolle voltooiing van die opleiding word die bedienaar tot die kerkraad van die plaaslike gemeente verkies.

4.6 Die bedienaar se take asook bedieningsgebied (wat beperk is tot die ringsgebied) word duidelik omskryf.

4.7 Die ring of sy gevolmagtigde wys ’n predikant uit sy geledere aan om deurlopend aan sodanige bedienaar begeleiding te gee. Die begeleier doen

jaarliks skriftelik verslag aan die ring ten opsigte van die geskiktheid van die bedienaar.

4.8 Die bedienaar word aangewend soos en waar die bedieningsnood deur die ring of die gemeente geïdentifiseer is.

4.9 Die bedienaar staan onder die opsig van die ring.

4.10 Bedienaarsposte is nie gesalarieërde poste nie. Slegs onkoste kan vergoed word of honoraria kan gegee word.

4.11 'n Bedienaar behou die bedieningsbevoegdheid vir solank hy in die amp staan en op voorwaarde dat die ring dit jaarliks goedkeur.

4.12 Wanneer die bedienaar die gemeente/ring verlaat word die bedieningsbevoegdheid beëindig.

4.13 Van 'n dienende bedienaar word verwag om voortgesette opleidingsprogramme by te woon.

8. WAARDERENDE ONDERSOEK (APPRECIATIVE INQUIRY)

"History as positive possibility…"

Waarderende Ondersoek as hulpmiddel in die skuif van strategiese fokus in 'n gemeente

[Hierdie is 'n uittreksel en teologiese verpakking van Francois Retief se MBA-verhandeling]

8.1 AGTERGROND

In die 1980's besluit David Cooperrider om 'n sukkelende hospitaal te bestudeer vanuit 'n positiewe perspektief. Hy kies om vrae te vra oor "wat werk?" Wanneer is die personeel op hulle beste? Wat is die unieke sterkpunte van die span? Hoe klink die positiewe verhale van die instansie? Watter verskil maak hulle reeds?

Sy agtergrond lê in die Positive Psychology – 'n beweging wat ontstaan het toe sielkundiges ervaar het dat dit nie werk om altyd oor foute en mislukkings te praat nie. Die werk van die sielkunde tot op daardie stadium was om die fout te soek – en dit dan reg te probeer stel. Sielkundiges was nogal in 'n verleentheid toe hulle besef dat hulle nie eens die denkwyse of die taal het om oor dít wat positief is in mense se lewens, te kan praat nie.

Dit was die begin van 'n model van veranderingbestuur (*change management*) wat gou aansien en erkenning begin geniet het. Dit word wyd in die korporatiewe omgewing gebruik.

Dis belangrik om te weet dat dit nie as 'n teologiese model ontwikkel is nie. Dit kom vanuit die bestuurswetenskap. Hier het ons die tipiese situasie waar die teologie kan handevat met die bestuurswêreld. Ek is van mening dat ons hierdie model teologies kan verpak om ons in 'n geloofs-omgewing ook te kan help.

8.2 ENKELE OPMERKINGS:

Die mees algemene model vir strategiese beplanning - wat ook dikwels in die kerk gebruik word - is die SWOT-model: Strengths, Weaknesses, Opportunities en Threats.

Hierdie model kom ook vanuit die bestuurswetenskap. Dit word reeds vir baie jare as die standaard-model voorgehou vir wanneer daar oor 'n organisasie nagedink word.

Die uitdaging met hierdie model is wanneer ons by die tweede fase kom waar ons oor die swakpunte begin praat. Die natuurlike reaksie hier is om te vra "nou wie se skuld is dit?" of "wie doen nie sy werk nie?" Die gevolg van hierdie vrae is dat die deelnemers aan die gesprek nukkerig met mekaar raak. Hulle raak óf aanvallend óf op die verdediging – dis beslis nie ideaal vir 'n proses waar ons positief met vernuwing en denkskuiwe wil omgaan nie.


Een van die beperkings van die Waarderende Ondersoek-model is konflik-situasies. Dit werk nie goed waar mense mekaar vanuit die staanspoor opponeer en hakke ingekap het nie. Konflik moet elders aangepak en opgelos word – nie in 'n strategiese proses nie.

'n Groot uitdaging met 'n proses waar ons van mense vra om te skuif, is die weerstand teen verandering. Daar is min mense vir wie verandering natuurlik kom. Dit is soms moeilik om die inkoop van al die deelnemers te kry.

In die gemeente-konteks is die deelnemers die leierskap en die lidmate. Heel dikwels word daar teruggedruk teen enige sprake van verandering met opmerkings soos "ons doen dit al jare só" of " ons het dit al probeer" of "ek kan nie sien hoekom dit nodig is nie…" Die vraag is: hoe neem ons ons mense met ons saam in hierdie proses? Die beter vraag is eintlik: hoe help ons al ons mense om entoesiastiese deelnemers aan die proses te word? Ons ideaal is dat alle veranderinge vanuit ons diepste oortuigings oor God se plan vir die gemeente, sal kom. Hoe bereik ons hierdie ideaal?

Waarderende Ondersoek word reeds in die kerk gebruik. My aanvoeling is dat dit dikwels net gebruik word om 'n klomp mooi dinge oor onsself of ons gemeente te lys – en dan maak ons niks verder daarmee nie. Waarderende Ondersoek is 'n *proses* met 4 stappe: Discover, Dream, Design en Destiny. Hierdie stappe bou op mekaar. Dis eers wanneer ons hierdie hele proses met 'n span deurloop, dat ons die maksimum waarde vir die gemeente ontdek en ontgin.

8.3 HOE LYK DIE PROSES?



Die Waarderende Ondersoek-proses

8.4 HOE KAN ONS WAARDERENDE ONDERSOEK TEOLOGIES VERPAK?

Dit is nie nodig dat die teologie of die kerklike praktyk alles self uitdink nie. Ons het hier 'n model wat uit die bestuurswêreld kom – en tog kan ons dit teologies verpak om ons te help binne die kerklike omgewing.

Die vertrekpunt van Waarderende Ondersoek is 'n organisasie se uniekheid, sterkpunte, positiewe verhale uit die geskiedenis, moontlikhede en suksesse. Dit fokus dus nie as vertrekpunt op foute en probleme nie.

Teologies kan ons dit só stel:

Ons leef nie as gelowiges of gemeentes vanuit ons foute en tekortkominge nie.

Ons leef en werk met die Evangelie agter ons. Ons leef en werk vanuit die wete dat God wat die wêreld liefhet, ook ons lewens aangeraak en vernuwe het. (Johannes 3:16) Ons leef in die nouste verbintenis met die opgestane Jesus Christus, die Here. (Fil 2:11) Ons leef en werk met die krag van die Heilige Gees (Hand 1:8).

Dit is God Self wat sy kerk hier kom vestig en 'n pad in die wêreld oopstap in en deur sy gemeente.

Elke Waarderende Ondersoek-proses sou dus kon begin by Wie God is en wat Hy gedoen het – en steeds doen.

Efesiërs 3:14 – 21 sê dit mooi:

- aan die Vader het ons ons bestaan te danke
- Christus woon in ons – en sy liefde vir ons is wyd en hoog en ver en diep
- die Gees in ons gee vir ons krag
    - en dis aan God wat al die eer toekom ook in ons dienswerk met die krag van die Gees
    - en Hy kan méér doen as wat ons bid of dink.

8.5 AANLOOP TOT DIE PROSES

Enige proses wat in die gemeente tot skuiwe moet lei, moet voorafgegaan word deur 'n diepgaande besigwees met die Woord van die Here: prediking, Bybelstudie, kleingroepe en ander programme moet die leiers en lidmate voorberei vir die proses. Daar moet 'n afwagting ontstaan – en dit moet die oortuiging versterk dat dit God is wat hierdie pad aanwys.

Wat dan gebeur, is dat **temas na vore kom** wat duidelik uitwys dat dit vir die gemeente belangrik is om hieroor te besin. Dikwels is dit iets rondom roeping – en hoe dit prakties grondvat in die wêreld van die gemeente en gemeenskap. Ons missionale kerkwees-oortuiging sit hierdie saak vierkantig op ons tafels**. In ons model word dit die "Affirmative Topic" genoem.**

Hierdie tema moet die gemeente uitdaag om te groei en die mense te word wat die Here se verskil in die koninkryk van God kan maak. Waarderende Ondersoek stel voor dat dit 'n positiewe tema moet wees wat die gemeente sal energeer en entoesiasties maak om kerk te wees.

Wees versigtig om oor alles op een dag te wil praat. Dit raak 'n onmoontlikheid om aan alles aandag te gee. Aan die einde van die dag voel julle dan asof julle baie gepraat maaar niks reggekry het nie. Hou by die een tema (affirmative topic) wat julle nou reken die wesenlike verskil vir die gemeente sal maak.

Waarderende Ondersoek is dus nie 'n kits een-dag geleentheid in 'n vakuum nie. Dit gebeur binne die konteks van geloofsverwagting. Dit is in wese niks anders nie as 'n geloofsonderskeidende proses.

8.6 ROLSPELERS

Identifiseer die rolspelers wat nodig is om deel van hierdie proses te wees. Dit sal altyd die leiers insluit. Verder moet besluit word wie belangrike bydraes kan maak om die proses te help. Ervaring het geleer dat jy mense nodig het wat kan visioneer. Diegene wat alles dadelik in strukture wil verpak, sukkel in 'n proses soos hierdie.

Verdere deelnemers aan die proses kan insluit diegene wat direkte belang het by die uitkoms: belangegroepe soos boere, seniors, jongmense, skole en CMR, bedieningsleiers, kleingroepleiers en die kerkraad.

8.7 DIE PROSES VERLOOP IN 4 FASES

Vir die doeleindes van hierdie dokument is "*met God se lig na die gemeenskap*" gebruik as die Affirmative Topic – die tema van die Waarderende Ondersoek.

Verder vertaal ons die 4 stappe na die 4-W proses:

WIE is God? WIE is ons?

WAARTOE word ons geroep?

WATTER struktuur / bedieninge / prosesse gaan ons hiermee help?

WOW! Ons vier die voorreg om met God se Lig in God se wêreld te leef soos wat Hy dit nou op ons harte lê.

Dis 'n uitdaging om op 'n nuwe waarderende wyse met strategiese gesprekke om te gaan. Ons is eintlik vasgemessel in negatiewe perspektiewe en taal. Ons moet 'n nuwe taal aanleer. Ons praat dus anders:

Hoe het ons tot hier gekom? Wie is ons? Wat maak ons uniek?

Ons kyk dus anders. Ons praat anders: waarderend en positief om waarderend terug te kyk na die pad wat die gemeente oor die Affirmative Topic geloop het. Dis 'n

positiewe gesprek. Ons teken alles aan. Ons luister na positiewe stories, ervarings en suksesse.

Hierdie is nie die plek om moeilikhede op te haal nie. Sou daar 'n saak wees wat negatief is, moet ons kyk of ons dit positief kan formuleer. 'n Voorbeeld is "die mense ken nie die leraar nie want hy doen nie huisbesoek nie." Dis negatief en kan 'n gesprek ontspoor. Kom ons formuleer dit as "vir ons gemeente is dit belangrik om goeie verhoudings met die leraar te hê." Nou is 'n wesentlike saak aangeteken. Die "hoe?" hiervan kan later hanteer word.

8.8 HOEKOM WERK WAARDERENDE ONDERSOEK?

Dit ontmoet mense dáár waar hulle is. Dit gee erkenning aan elkeen se uniekheid, storie en gawes.

Dit is 'n positiewe model. Die vrae is positief. Die gesprek behoort positief te wees. Dit gee energie. Dit help om die inkoop van lidmate te kry.

Dit oorkom die natuurlike weerstand wat mense teen verandering en denkskuiwe het. Juis omdat ons begin by ons eie verhale ervaar deelnemers aan die proses dat daar 'n stuk kontinuiteit is. Ons bou voort op wie ons is. Dis nie bedreigend nie. Dis wel uitdagend, maar ons hou hiervan. My navorsing het aangetoon hoedat die weerstand van mense teen 'n skuif in fokus van die gemeente deur Waarderende Ondersoek oorkom word tot op die punt waar iemand sê "ons het dit al gedoen; hoe kan ons dit vandag wéér regkry?"

'n Verdere wins van die model is dat dit die gesprek oor verandering en skuiwe na 'n hoër vlak lig. Aanvanklik haak mense dikwels vas by "ons is nie lus nie" of "ons het dit al probeer" of "is dit regtig nodig?" Hierdie proses help almal om die taal van "wat as…?" te begin praat: moontlikhede, uitdagings, geleenthede… - en dis die taal van die Evangelie!

8.9 MOONTLIKE SLAGGATE

Deelnemers aan die gesprek wil soms die "goeie ou dae" net so herhaal. Die erediens, die sendingkommissie, die verhouding met ander kerke en die statuur van die dominee moet weer op die ou model geskoei word. Dis nie die bedoeling van Waarderende Ondersoek nie. Waarderende Ondersoek werk nie met duplisering van die verlede nie. Die verhale word die lanseer-platform vanwaar ons op 'n nuwe manier in 'n nuwe wêreld wil leef. Onthou die slagspreuk "history as positive possibility."

8.10 INTEGREER WAARDERENDE ONDERSOEK IN DIE DNS VAN DIE GEMEENTE

Dit word 'n nuwe positiewe manier van praat. Ons dink anders. Ons kan die verlede – en ons pad tot hier – waardeer. En ons kan saam met God droom oor die pad vorentoe.

Verdere leesmateriaal

Retief, FJ "The contribution of Appreciative Inquiry on the attitudes of church members towards a change in strategic focus." 2009. MBA Verhandeling. Management College of Southern Africa.

Cooperrider, DL and Whitney, D "Appreciative Inquiry – a positive revolution in change." 2005.BK Publishers, San Francisco.

9. DIE WAARDERENDE ONDERSOEK-PROSES

9.1 WIE IS GOD? WIE IS ONS?

Hierdie is die twee identiteitsvrae wat ons moet vra – en groot duidelikheid oor moet hê.



OOR GOD:

Hoe maak God Homself aan ons bekend?

Met watter name of beskrywings leer ons Hom in die Bybel ken? Dink aan "Vader" en "soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Watter ander is daar nog? Wat sê dit vir ons van God?

OOR ONS AS SY GEMEENTE:

Hoe dink God oor die gemeente?

Waar kom die gemeente as geloofsgemeenskap vandaan? Efesiërs 3: 14 – 15 help ons hiermee. Wat sê dit van die manier waarop ons oor "ons gemeente" dink en praat?

God gee sy Seun – en dan stuur Hy sy dissipels. (Johannes 3:16 en 20:21) Wat hoor ons in hierdie geloofswaarheid? Wat sê dit vir ons van hoe God oor sy gemeente dink?

ONS GEMEENTE-VERHAAL:

Vertel vir mekaar die verhale van God se pad met hierdie gemeente.

Watter oortuigings oor God en die gemeente lê diep in die DNS van die gemeente?

Watter unieke ervarings en mense en bronne het die Here oor jare aan die gemeente gegee?

Met watter fasiliteite vertrou die Here die gemeente?

Ons moet dit ook weet: God se droom vir 'n gemeente is méér as dat die lidmate gelukkig moet wees met 'n erediens en 'n leraar wat mense versorg. 'n Gemeente bestaan nie ter wille van eie belang of voordeel nie. 'n Gemeente word die lig van en vir die gemeenskap…Watter vrae vra ons om hierdie proses te help?

9.2 WAARTOE WORD ONS GEROEP VIR DIE VOLGENDE JAAR?



HOE LYK DIE GEMEENSKAP WAARVAN HIERDIE GEMEENTE DEEL IS?

Hoe gaan dit met die mense? Dink oor hulle daaglikse bestaan, hulle verhoudings, hulle uitdagings, hulle toekoms-visie, die bejaardes en die kinders, die besighede en die skole. Waarvoor is die gemeente bekend by die breër gemeenskap?

GOD SE DROOM VIR DIE GEMEENTE IN DIE GEMEENSKAP

Watter droom sou God hê vir die gemeente se rol binne die gemeenskap?

Wat sou die gemeente kon doen wat 'n beduidende verskil in die gemeenskap sal maak?

Hoe sou julle kon begin dink oor die roeping van die Here vir die gemeente?

Roeping begin as 'n wye en vae gesprek – maar dit moet eindig in duidelikheid en 'n diep oortuiging oor God se plan vir die gemeente.

Formuleer 'n eerste weergawe van julle roeping as gemeente in die gemeenskap waarvan julle deel is.

9.3 WATTER BEDIENINGE, STRUKTURE EN PROSESSE SAL ONS HELP

Die droom moet grondvat. Ons moet dit verpak.



KRITIESE VRAE

Wie gaan die leiding neem?

Watter bedieninge benodig ons om hierdie fokus te dryf?

Hoe gaan ons die erediens benut om hierdie roeping aan lidmate oor te dra?

Hoe gaan ons kleingroepe, die kategese, die kerkraadsvergaderings inruim om die gesprek lewend en aktueel te hou?

Met wie moet ons hieroor gaan praat om ons vennote te word? CMR? Leiers in die gemeenskaps-strukture soos landbou, skole en die munisipaliteit? Kerke? Sakemense?

Wat begroot ons hiervoor?

Hoe gaan ons die gemeente se inkoop kry?

9.4 WOW! ONS VIER ONS ROEPING!



Ons leef God se droom! Ons maak 'n verskil. Ons het nuwe verhale om te vertel. Ons deel dit op alle moontlike maniere. Terselfdertyd maak dit ons klein en dankbaar. Ons is bevoorreg om op hierdie wyse die koninkryk van God te laat kom! Hierdie is iets wat gevier moet word!

Ons vier Efesiers 3:20 – 21 "Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen."

10. HOOP EN VISIE VIR KLEIN GEMEENTES

Onderhoud met Francois Retief op RSG Binnekamer soos geredigeer deur Danie Mouton – Oos-Kaap

Inleiding

Gemeentes in Suid-Afrika word al hoe kleiner, en daarmee saam ontstaan vrae oor hulle toekoms.

Hierdie gesprek handel oor 'n inisiatief wat die Oostelike Sinode geneem het, en waarby die ander Sinodes van die NG Kerk ook betrek is. Hierdie inisiatief is werklik toepaslik op ons situasie en skep belangrike rigtingwysers vir Ringe (wat 'n begeleidingsfunksie het) en gemeentes van Oostelike Sinode.

Die Oostelike Sinode het belangrike stappe geneem om hierdie gemeentes te ondersteun en nuwe visie en hoop te bied. Hieronder volg ’n samevatting van die uitdagings wat klein gemeentes beleef, en van die inisiatiewe wat in reaksie daarop begin is.

Huidige uitdagings vir klein gemeentes

Baie klein gemeentes beleef dat die voltydse leraarspos onder groot finansiële druk staan. In talle gevalle is die pos reeds vakant, wat groot implikasies het vir die funksionering van die gemeente.

Eredienste word minder goed bygewoon; soms is daar slegs 15 tot 20 mense teenwoordig. Dit maak dit moeilik om die erediens soos in die verlede aan te bied, en vra ’n nuwe benadering. Dieselfde geld vir kategese en jeugbediening: daar is gevalle waar slegs drie kinders aan kategese deelneem – elk in ’n ander graad. Gemeentes vra dan: hoe moet onderrig en begeleiding in só ’n konteks funksioneer?

Daar is ook groter onsekerheid en selfs moedeloosheid. Gemeentes beskryf dit asof hulle in stormagtige waters verkeer, sonder duidelike rigting. Kerkkantore funksioneer onder druk, aangesien kleiner gemeenskappe nie noodwendig oor die nodige kundigheid beskik nie. Dit raak die administrasie en bestuur van die gemeente.

’n Verdere probleem is pastorale versorging. Sonder ’n leraar vra gemeentes: hoe hanteer ons die nood van mense, veral sake wat vertroulik of spesialis-ondersteuning verg?

Baie gemeentes worstel ook met die instandhouding van historiese kerkgeboue. Die pragtige ou torings en klipmure het ’n swaar las geword, aangesien instandhouding eenvoudig nie meer finansieel moontlik is nie.

’n Nuwe gesprek

Teen hierdie agtergrond het die Oostelike Sinode besluit om hoop en nuwe visie te bring deur ’n gesprek met klein gemeentes te begin. Werkswinkels word saam met ringe gereël, aangesien ringe ’n belangrike rol speel in die ondersteuning van gemeentes.

Die vertrekpunt van hierdie gesprek is God self – die Een wat ons geskep, verlos en gestuur het. Gemeentes word genooi om hulself te sien as gestuurdes van God, ook binne ’n kleiner konteks. Hierdie gesprek help gemeentes om oor hulle identiteit te dink: Wie is ons? Wat sê die Woord oor wie ’n gemeente is?

’n Belangrike deel van die proses is die hoor van stories – die herinneringe van lank gelede, maar ook die ervarings van vandag. Daar word saam besin oor roeping. Soos mense in die Bybel dikwels na moeilike take geroep is, word gemeentes vandag geroep om uitdagings aan te pak en nuwe maniere van doen en dink te ontwikkel.

Gemeente en gemeenskap

Klein gemeentes word aangemoedig om hul bediening opnuut te oorweeg. Hoe lyk bediening in vandag se gemeenskap? Dit vra ’n nuwe kennis van die gemeenskap waarin hulle leef. Een gemeente het byvoorbeeld besluit om te voet deur hulle dorp te stap. Hulle het opnuut ontdek hoe groot die armoede, werkloosheid en verval in die dorp is – dinge waarby hulle gewoonlik met hul motors verby ry.

Gemeentes word verder uitgenooi om te soek na vennootskappe in die gemeenskap: met maatskaplike organisasies soos die CMR, met skole, ouetehuise, hospitale, die sakegemeenskap en landbouverenigings. Só kan die kerk hande vat met ander rolspelers om die gemeenskap saam te dien.

Nuwe energie en samewerking

Hierdie gesprekke lei tot nuwe moontlikhede en vars energie in gemeentes. Daar is ook breër samewerking tussen sinodes: maandeliks word byvoorbeeld Zoom-gesprekke gehou waarin ervaringe en idees gedeel word.

In die NG Kerk bestaan reeds waardevolle inisiatiewe, soos diensleraars en opgeleide lidmate wat preek, pastorale sorg lewer en jeugbediening ondersteun. Hierdie vorme van diens brei die moontlikhede vir klein gemeentes uit.

Inspirasie uit die praktyk

Klein gemeentes deel ook hoopvolle stories. In Badplaas het ’n klein kerkie eredienste vir onderwysers gereël, waardeur kollegas mekaar as medegelowiges leer ken het. In Blinkpan voorsien gemeentelede wat self afhanklik is van maatskaplike toelaes, daagliks kos aan ander mense. Hierdie verhale getuig van ’n diepe roeping en ’n bereidheid om nuwe paaie te loop.

Ten slotte

Klein gemeentes neem ’n groot plek in in die hart van die Here. Al is die pad nie maklik nie, glo ons dat God meer kan doen as wat ons bid of dink – en dat Hy dit deur sy gemeentes doen. Die Oostelike Sinode wil hierdie pad sáám met die klein gemeentes stap, in die geloof dat hulle roeping en toekoms steeds in God se hande lê.

11. PREEKSKETS JOHANNES 21

Skriflesing: Johannes 21: 1 – 19

'n Klein gemeente kan maklik begin glo dat hulle nie eintlik veel kan doen nie. Dan word die taal van die gemente iets soos "klein beteken tog swak, onbenullig, nie so groot soos 'n ander gemeente nie..."

Dis nie waar nie. Die gemeentes aan wie Paulus skryf in die Nuwe Testament was waarskynlik – in ons taal – almal klein gemeentes.

Grootte maak nie 'n gemeente nie.

Die opgestane Jesus wys ons in Johannes 21 'n beter manier van dink - drie pilare vir gemeente-wees.

Die verhaal: die verwarde dissipels gaan vang vis. Hulle hoor die stories oor Jesus wat opgestaan het maar hulle verstaan nie, hulle weet nie...

Hulle vang niks. Vroeg in die oggend sien hulle'n man op die strand – en sy woorde veroorsaak 'n wonderwerk: die nette vol vis! En Johannes kyk na hierdie klomp vis – én na die man – en hy roep dit uit: "dit is die Here!"

En in hierdie belydenis lê ons eerste pilaar vir kerkwees vandag: Jesus Christus is die Here!

Dis die belydenis waarmee gelowiges leef!

Niks – geen standpunt – geen perspektief – mag hierdie belydenis uit ons harte kom steel nie

Dis die belydenis waarmee hierdie dissipels die wêreld ingegaan het – sodat ek en jy – hier aan die suidpunt van Afrika – ook vandag die boodskap van die Evangelie kan ken – en kan glo

Deel jy in hierdie belydenis?

Vir ons gemeente is hierdie die fondament waarop ons staan: ons belydenis aangaande Jesus Christus! Ons sê dit hard en duidelik. Ons sê dit met diep dankbaarheid en met diep oortuiging

'n Tweede pilaar: *op die strand brand daar 'n vuurtjie met vis en brood daarop. En Jesus nooi hulle: "kom eet!" Daarmee nooi Hy hulle in sy persoonlike ruimte in. Hy sien hulle as sy vriende. Hy begeer 'n naby verhouding met hulle.*

"Kom eet" is vandag nog Jesus se uitnodiging aan sy kerk. Kerkwees is nie die instandhouding van 'n organisasie nie. Gemeente-wees is nie die instandhou van ons eie belange nie. Nee, dis 'n verhouding met die lewende opgestane Jesus Christus. Dis 'n verhouding van liefde en omgee, van gehoorsaamheid en volgeling-wees. Dis 'n verhouding waar jy veilig kan wees – want Hy nooi jou – en Hy nooi ander saam met jou.

Daarom word die gemeente dan ook 'n uitnodigende gemeenskap met oop harte wat verwelkom en omgee.

Hierdie prentjie van Jesus en sy dissipels is God se prentjie oor gemeente-wees - en ons mag niks doen of wees wat hierdie prentjie in die gedrang bring nie. Dis 'n pilaar van ons gemeente-wees.

Die derde pilaar *lê in Jesus se gesprek met Petrus. Die vorige keer wat Petrus en Jesus saam by 'n vuur was, was toe Petrus Jesus verloën het met "ek ken die Man nie!" Drie keer. En drie keer vra Jesus "het jy my lief?"*

En wat doen Jesus? Hy herstel Petrus se roeping. Laat my skape wei. Pas my skape op. Laat my lammers wei. Want sien: in die Here se plan met Petrus – en met elke gelowige ná hom – lê daar 'n roeping, 'n bediening. Jesus sê dit so: "Volg My!" Doen soos wat julle by My gesien het. Praat soos Ek gepraat het. Leef met die omgee-hart wat Ek julle gewys het."

Wat sou ons gemeente se roeping wees? Ons roeping lê altyd binne 'n bepaalde konteks. Die konteks van ons gemeente? Wat gaan hier aan? Hoe lyk hierdie gemeenskap? Wie is die mense van ons plek – en hoe gaan dit met hulle? Is daar mense wat die liefde van God – en sy Evangelie - nodig het? Is hier mense wat moedeloos of eensaam of honger is? Is hier mense wat sonder Jesus leef?

Waaroor praat hierdie gemeente? Waarvoor bid hierdie gemeente? Waarvoor gee mense hulle dankoffers? Waaroor droom hierdie gemeente?

Bediening en roeping vra dat ons as gemeente sal wegkyk van onsself, ons eie behoeftes, want ons leef met die roeping van die Lewende Here!

Hierdie derde rigtingwyser neem ons vorentoe en verder – en waarskynlik ook buite ons gemaksone – soos vir Petrus. Dis die een saak waaroor daar in die gemeente helder duidelikheid moet wees: "hoekom is ons hier?" "Om waarmee besig te wees?" "Waar gaan die energie vir hierdie gemeente gefokus wees?"

Dit bepaal ons gesprekke, ons toewyding, ons betrokkenheid, ons offervaardigheid, ons dienswerk – ons fokus...

Ons vier die voorreg van 'n geloofsbelydenis: Jesus is die Here!

Ons vier die voorreg van 'n verhouding met die Lewende Here!

Ons vier die voorreg van 'n roeping, 'n bediening.

Elke tree wat hierdie gemeente van vandag af gee, behoort iets hiervan te weerspieël.

Kom ons gaan doen dit!

12. HULPMIDDELS IN DIE GROTER KERKVERBAND

Die Noord-Kaapland Sinode is besig met die ontwikkeling van 'n **DOKUMENT VIR EMERITI-LERAARS** wat in klein gemeentes bedien.

Hierdie leraars se verantwoordelikheid is baie meer as bloot die hou van 'n erediens en die doen van bepaalde pastorale werk.

Hulle is uitstekend geposisioneer om gemeentes te begelei om hulle roeping te ontdek. Klein gemeentes mag nooit die idee kry dat hulle maar net bedien moet word nie. Leraars se verantwoordelikheid is om hulle te laat nadink oor hulle roeping binne die bepaalde konteks waarvan hulle deel is. Dit is hoe 'n missionale gemeente die koninkryk van God laat kom…

Die Noordkaap Sinode se kontakbesonderhede is admin@noordkaapland.co.za

Die **HANDEVAT-DOKUMENT** is deur dr Frederick Marais ontwikkel saam met die Sinode van die Vrystaat.

Die dokument se naam sê dit mooi: hoe kan gemeentes mekaar se hande vat om 'n groter verskil te maak?

Die dokument is op die webwerf van Oostelike Sinode beskikbaar onder Taakspanne - Gemeenteondersteuning

BAKENGEMEENTES: NAGEDINK OOR ROEPING EN GETROUHEID deur Lourens Bosman, Marelize Maritz en Mias van Jaarsveld – beskikbaar by CLF

Hierdie boek is die resultaat van uitgebreide navorsing oor gemeentes deur die Algemene Taakspan Navorsing van die NG Kerk. Van die kerk se voorste kenners oor gemeentes lewer bydraes in hierdie werk.

13. 'N GEMEENTE SE GESPREK OOR FINANSIES

13.1 GEMEENTE-STATISTIEK

Aantal lidmate volgens Jaarboek-statistiek soos deur die kerkkantoor bereken

Aantal lidmate "op die grond" soos per sensus bepaal

Aantal lidmate wat die erediens bywoon

Aantal lidmate wat gemeente-aktiwiteite ondersteun

Aantal lidmate wat finansiële bydraes gee bo en behalwe die erediens-offergawes

Die finansiële vermoë van die gemeente word bepaal deur (e) – dis die bydraes wat die gemeente se funksionering in stand hou

13.2 FONDSINSAMELINGS

Basaar of dergelike projekte soos jagpakkette, gholfdae en dergelike

Hierdie projekte behoort 'n "ekstra" te wees omdat die sukses daarvan dikwels afhanklik is van een of 'n paar persone, die weer en ander projekte van bv skole

13.3 DIE GESPREK IN DIE KERKRAAD OOR FINANSIES

Wie is ons lidmate? – sien hierbo.

Wat is die finansiële vermoë van ons lidmate?

Vermoënd? Selfversorgend? Hulpbehoewend?

Watter "droom" verskaf die energie in die gemeente? Waaroor is die gemeente opgewonde – so opgewonde dat hulle van hulle geld daarvoor sal gee? Dis die taak van die kerkraad onder leiding van die leraar om hierdie droom te formuleer en te leef. Hierdie droom gaan oor méér as die instandhouding van geboue en poste – mense raak nie hieroor opgewonde nie

Watter impak maak die gemeente op mense se lewens?

Watter impak maak die gemeente op die lewens van die mense in die gemeenskap?

Word die gemeente gesien as 'n instansie wat nie net na binne leef nie – maar ook na buite?

Mense dra graag by vir iets waarin hulle kan glo – iets wat hulle opgewonde maak – iets wat hulle laat goed voel oor die impak van die gemeente – na binne en na buite

Die kerkraad stel 'n begroting op in ag genome die droom / visie van die gemeente asook die finansiële potensiaal van die lidmate

Die begroting moet die gemeente uitdaag sonder om onverantwoordelik te wees

Die begroting vertel die droom van die kerkraad vir die volgende finansiële jaar

Dis die taak van die kerkraad om hierdie droom voortdurend te kommunikeer

Gebruik die erediens, die prediking, die klein groepe, om lidmate se denke oor die rol van die gemeente te help vorm

Gee inligting – en veral terugvoer – oor die impak van die gemeente. 'n Foto op 'n skerm in die erediens het reuse impak…

14. SLOTWOORD

Die Bybel ken nie gemeentes anders as klein gemeentes nie. Alles wat in die Nuwe Testament oor gemeente-wees opgeteken is, verwys na klein gemeentes.

Die groei van die Evangelie van Jesus Christus was nie in die eerste plek te danke aan groot predikers by saamtrekke nie. Die kerk het gegroei as gevolg van die impak wat Christene gehad het op die gemeenskap.

Ons het reeds verwys na Christene se oorsteek van grense soos om sterwendes met aansteeklike siektes soos melaatsheid, te versorg toe niemand anders daarvoor kans gesien het nie. Die volgelinge van Jesus het gehelp waar daar armoede was – en dít terwyl hulle self baie arm was en min gehad het.

Hoekom doen hulle dit? "Dit is soos wat Jesus gedoen het…"

Daar is geen rede hoekom dit nie nog steeds so kan wees nie. Die impak van 'n klein gemeente in hulle gemeenskap kan groot wees. Dit kan 'n kragtige getuienis wees wat Jesus sigbaar maak in daardie gemeenskap.

Wanneer inwoners by die kerkgebou verby loop of ry, moet hulle met waardering kan verwys na die impak wat deur die lidmate in die breër gemeenskap gemaak word.

Die gebed in Liedboek 488 word dan die gemeente se gebed:

> "Mag u lig, Heer, deur óns skyn
>
> Mag u lof, Heer, deur ons klink
>
> Mag U troos, Heer, deur ons bied
>
> Mag U hoop, Heer, deur ons gee
>
> Laat u ryk, Heer, in óns, deur óns, oral kom!"

BEDIENINGSBEGELEIDING

OOSTELIKE SINODE



b.

Bedieningsbegeleiding

B1-4 DIE WELSWESE PROGRAM

Bedieningswelwese as teologiese dualiteit

'n Gereformeerde verstaan van die bediening weerstaan (i) die isolasie van die Predikant van die Woord van die res van die gemeenskap van gelowiges; (ii) die abstraksie van die bediening, sonder om die menswees van leraars te verreken. Predikante is nie selfstandige geestelike helde nie, maar ook nie bloot funksionarisse van die kerk nie. Die Skrif hou konsekwent twee werklikhede saam: om versorg te word en om saam te dra, om self onder die Herder te leef en om in gemeenskap met mede-predikante te staan. Hierdie holistiese welwese program word daarom teologies gegrond in 'n dubbele beweging: om deur die Herder versorg te word en om deur mededienaars gedra te word.

1. **Johannes 10: Die Herder wat ken, roep en beskerm**

(Vertikale begronding: identiteit, roeping en veiligheid)

In Johannes 10 stel Jesus Homself as die Goeie Herder voor, wat sy skape by die naam ken, roep, lei en sy lewe aflê vir hulle. Die fokus is nie op prestasie, produktiwiteit of volhoubaarheid nie, maar op behoort, om raakgesien en beskerm te word.

Vir predikante is dit 'n belangrike teologiese uitgangspunt: Welwese begin nie by bevoegdheid nie, maar by geken wees. Dit het verskeie implikasies:

- Predikante is eers skape voordat hulle herders is.
- Identiteit gaan funksie vooraf en roeping gaan prestasie vooraf.
- Rus, herstel en sekuriteit is nie byvoordele nie, maar uitdrukkings van Christus se sorg.

'n Welwese program wat hierin gegrond is, bevestig dat:

- Om hulp te vra nie mislukking is nie, maar getrouheid aan die feit dat ons skape van Christus die Herder is;
- Vertroulike ruimtes van sorg teologies geregverdig is en nie bloot administratiewe toegewings nie.
- Uitbranding, krisisse of beperkings is nie geestelike gebreke is nie, maar oomblikke waarin die stem van die Herder weer gehoor moet word.

Hierdie aspek van die dualiteit beskerm persoonlike waardigheid, vertroulikheid en geestelike begronding. Sonder dit word predikante tot rolle en verwagtings gereduseer.

2. Handelinge 11 en 15: Bedieningsonderskeiding in gemeenskap

(Horisontale begronding: wederkerigheid, gesamentlike onderskeiding en gedeelde verantwoordelikheid)

Handelinge 11 en 15 toon 'n ander, maar ewe noodsaaklike dinamiek. Die bediening hier ontvou nie deur persoonlike, individuele helderheid nie, maar deur wedersydse erkenning ("peer to peer"), gesamentlike onderskeiding, meningsverskille en begeleiding.

Belangrike aspekte sluit in:

- Barnabas wat die gawes van ander raaksien en bevestig (Handelinge 11).
- Leiers wat saamkom om openlik met konflik en onsekerheid te worstel (Handelinge 15).
- Besluite wat voortspruit uit gesamentlike luister, nie uit alleenstaande gesag nie.

Roeping word hier in gemeenskap gedra, getoets en verhelder. Dit bevraagteken enige model van bediening wat predikante isoleer of welwese as 'n uitsluitlik private saak hanteer.

In plaas daarvan, word bevestig dat:

- predikante gelyke verhoudings ("peer to peer") nodig het waarin kwesbaarheid toegelaat word, sonder hiërargiese druk.
- Wysheid deur dialoog ontstaan en nie bloot deur kundigheid nie.
- Die kerk medeverantwoordelik is vir die welwese van dié wat haar dien.

'n Welweseprogram wat hierin gegrond is, bevestig:

- Eweknie-mentorskap en groepsprosesse is teologies noodsaaklik en nie opsioneel nie;
- Ringe en sinodes is óók ruimtes van sorg en onderskeiding en nie slegs van bestuur nie;
- Geen predikant hoef alleen deur kompleksiteit, konflik of krisisse te gaan nie.

Hierdie aspek van die dualiteit beskerm teen isolasie, idealisering en dat predikante in die geheim lyding moet verduur.

3. Die spanning wat gehou moet word

Wanneer Johannes 10 en Handelinge 11 en 15 saamgelees word, vorm dit 'n noodsaaklike spanning:

Johannes 10 sonder Handelinge lei maklik tot 'n private, na binne gerigte spiritualiteit wat isoleer. Handelinge sonder Johannes 10 lei maklik tot funksionalisme blootgesteldheid en oorlading wat predikante blootstel.

Welwese ontstaan juis in die spanning tussen hierdie twee:

- Predikante word versorg deur Christus én deur mekaar.

- Genesing behels sowel persoonlike geankerdheid asook gedeelde menslike prosesse.
- Die kerk is tegelykertyd weiveld én reisgeselskap.

4. 1 Korintiërs 12:12-26 en Galasiërs 6:2: Die liggaam se gedeelde verantwoordelikheid

Die beeld van die liggaam in 1 Korintiërs 12 is nie bloot 'n metafoor vir organisatoriese samehang nie, maar 'n teologiese werklikheid: "As een lid ly, ly al die lede saam" (v. 26). Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie" (v. 21). Hierdie wedersydsheid geld ook vir die verhouding tussen gemeentes en predikante. Wanneer predikante uitbrand, ly die hele liggaam. Wanneer ringe en kerkrade nalaat om strukture van regverdige behandeling en redelike verwagtinge te handhaaf, word nie net die predikant beskadig nie, maar die hele liggaam van Christus. Die gemeenskap wat nie vir sy leiers sorg nie, faal in sy roeping as liggaam.

Galasiërs 6:2 maak dit eksplisiet: "Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus." Hierdie gebod is wederkerig. Predikante dra gemeentes se laste, maar gemeentes moet ook predikante se laste dra. Dit is nie opsionele vriendelikheid nie, maar gehoorsaamheid aan Christus.

'n Welweseprogram erken daarom dat:

- Gemeentes, kerkrade en ringe medeverantwoordelik is vir predikante se welwese, nie bloot as ondersteuners nie, maar as medelede van dieselfde liggaam.
- Regverdige kontrakte, redelike verwagtinge en strukturele ondersteuning is uitdrukkings van liggaamsorg, nie administratiewe toegewings nie.
- Wanneer gemeentes nalaat om vir hul predikante te sorg, skend hulle nie net arbeidsreg nie, maar die wet van Christus.

Die kerk is nie 'n werkgewer wat 'n diensverskaffers aanstel nie, maar 'n liggaam waarin alle lede mekaar wedersyds versorg. Hierdie teologiese waarheid vereis konkrete strukture wat verseker dat predikante nie geïsoleerd deur onregverdige praktyk ly nie.

5. Implikasie vir die welweseprogram

Teologies gesproke is ’n welweseprogram nie ’n ingryping wat op worstelende predikante afgedwing word nie, maar ’n struktuur wat weerspieël hoe God reeds vir sy dienaars sorg:

- deur die Herder wat hulle persoonlik ken;
- deur mede-predikante wat saam met hulle die pad loop.

Hierdie begronding dui op die belangrikheid van vertroulike pastorale ondersteuning, eweknie-mentorskap en groepswerk, gedifferensieerde ontwikkelingsmoontlikhede vir individue, asook gedeelde verantwoordelikheid tussen gemeentes, ringe en sinodes.

In gereformeerde terme is dit nie ’n nuwe konsep nie. Dit is bloot getrouheid aan die wyse waarop God werk, persoonlik én gemeenskaplik, genadig én relasioneel.

Welweseprogram vir Predikante: 'n Tuinbenadering

Inleiding: Waarom 'n tuin, nie 'n fabriek nie

Hierdie welweseprogram vir predikante is nie 'n stap-vir-stap-handleiding wat van punt 1 na punt 10 beweeg nie. Dit is 'n ekosisteem. Net soos 'n tuin, waar elke plant uniek is en verskillende sorg op verskillende tye benodig, is elke predikant anders. God roep spesifieke individue tot die bediening, en geen twee gemeentes is eenders nie. Daarom kan 'n welweseprogram nie 'n "one size fits all"-benadering wees nie.

In plaas daarvan, bied hierdie program 'n ekosisteem (holistiese veld) waarin welwese gebeur, eerder as wat dit geforseer word. Soos'n tuinier wat grond voorberei, water gee, en versigtig waarneem wat elke plant nodig het, so skep hierdie program die konteks waarbinne predikante kan groei, ontwikkel en floreer.

Die program is gegrond in twee Bybelse vertrekpunte wat in spanning gehou word met mekaar:

- **Die Herder wat sy skape ken** (Johannes 10): Elke predikant word by die naam geken, persoonlik versorg, en beskerm. Identiteit gaan funksie vooraf.
- **Die liggaam wat mekaar dra** (1 Korintiërs 12, Galasiërs 6:2): Predikante is deel van 'n gemeenskap wat wedersyds verantwoordelik is vir mekaar se welwese.

Hierdie dualiteit (individuele sorg én gemeenskaplike verantwoordelikheid) is nie teenstrydig met mekaar nie, maar wedersyds versterkend. Soos 'n tuin, waar elke plant individueel versorg word, maar almal dieselfde grond, water en sonlig deel.

Die Tuin as Raamwerk

Welwese vir predikante is soos 'n tuin met verskillende noodsaaklike elemente:

1. **Die grond**: strukturele ondersteuning en regverdige praktyke
2. **Die water**: eweknie-ondersteuning (“peer to peer”), mentorskap en groepswerk
3. **Die sonlig**: vaardigheidsontwikkeling en voortgesette leer
4. **Die tuinier se direkte sorg**: vertroulike ondersteuning en krisisintervensie
5. **Die seisoen en groeityd**: individuele ontwikkeling, outentisiteit en spiritualiteit

Elke element is noodsaaklik. Sonder vrugbare grond groei niks. Sonder water verdroog plante. Sonder son kan hulle nie fotosintese doen nie. En sonder die tuinier se waaksame sorg, word probleme nie raakgesien of aangespreek nie.

Hierdie is nie opeenvolgende stappe nie. 'n Predikant kan by enige punt die sisteem betree, afhangende van die behoefte wat ontstaan. Soms begin dit met 'n krisis (tuinier se sorg), 'n kontrakprobleem (grond), of 'n behoefte aan vaardighede (sonlig). Die sisteem is dinamies en responsief.

1. Die Grond: Strukturele Ondersteuning en Regverdige Praktyk

Teologiese grondslag: 1 Korintiërs 12:26: "As een lid ly, ly al die lede saam." Die hele liggaam ly wanneer strukture van regverdigheid ontbreek.

Wat is die grond?

Soos grond voedingstowwe bevat wat plante laat groei, so voorsien strukturele ondersteuning die basiese voorwaardes vir welwese. Sonder vrugbare grond, faal alles. Hierdie sluit in:

- Regverdige en wettige kontrakte tussen gemeentes en predikante
- Redelike verwagtinge en werklike verlof (nie net op papier nie)
- Ringe en sinodes wat toesig hou oor die implementering van kerkorde en arbeidswetgewing
- Gesonde kerkraad-praktyk wat predikante as mede-lidmate van die liggaam behandel, nie bloot as werknemers nie.

Waarom is dit krities?

Ervaring toon dat predikante dikwels uitbrand, nie omdat hulle swak is nie, maar omdat die grond ongesond is. Kontrakte bestaan op papier, maar word nie gehandhaaf nie. Predikante huiwer soms om grense te stel, uit vrees dat hulle geestelike gesag ondermyn word. Geroepenheid beteken nie dat onregverdigheid konstant absorbeer moet word nie.

Galasiërs 6:2 sê: "Dra mekaar se laste." Dit is wederkerig. Gemeentes moet ook predikante se laste dra. Wanneer hulle dit nalaat, skend hulle die wet van Christus.

Hoe werk dit in die praktyk?

Voorbeelde van toegangspunte:

- 'n Gemeente kontak die ring: "Ons weet nie hoe om 'n billike kontrak op te stel nie."
- 'n Predikant skakel die pastorale ondersteuningsdesk: "My kerkraad hou nie aan die verlofbeleid nie, maar ek is bang om dit te noem."
- 'n Ring identifiseer proaktief gemeentes waar kontrakte nie volgens kerkorde is nie, en tree in.

Konkrete strukture:

- Verpligte kontraktoorsig deur ringe voordat dit onderteken word;
- Jaarlikse welwese-nagaan wat kontraknakomlng insluit (nie net geestelike gesondheid nie);
- Derdeparty-bemiddeling wanneer gemeentes en predikante oor verwagtinge verskil;
- Verpligte oriëntering vir nuwe kerkraadslede oor regverdige praktyk en wat gesonde bedieningsverhoudings behels;

Hoe die spanning gehandhaaf word: Individuele predikante het unieke behoeftes, maar almal verdien 'n regverdige grondslag. Die sisteem erken ondelringe verskille, maar handhaaf standaarde.

2. Die Water: Eweknie-ondersteuning, Mentorskap en Groepswerk

Teologiese grondslag: Handelinge 11 en 15: Bedieningsonderskeiding gebeur in gemeenskap, nie in isolasie nie.

Wat is die water?

Water is lewensnoodsaaklik, maar dit kan nie geforseer word nie. Dit vloei. So ook is eweknie-verhoudings, mentorskap, en groepswerk die vloei van ondersteuning tussen predikante. Hierdie is nie hiërargies nie, maar horisontaal: "peer to peer."

Water sluit in:

- Eweknie-mentorskapsgroepe waar predikante gereeld ontmoet vir refleksie, gebed, en wedersydse ondersteuning;
- Ouer/jonger mentorskap waar ervare predikante vaardighede en wysheid oordra, en jonger predikante ook nuwe vaardighede (soos bv tegnologie) aan ouer leraars kan oordra;
- Groepsprosesse vir onderskeiding wanneer predikante groot besluite moet neem of deur kompleksiteit moet navigeer.

Waarom is dit krities?

Handelinge 15 toon dat selfs die apostels nie alleen groot vrae opgelos het nie. Hulle het saamgekom, geluister, geworstel, en saam onderskei. Barnabas het Paulus se gawes raakgesien en hom begelei. Bediening is nie 'n solo-onderneming nie. Tog voel baie predikante geïsoleer. Hulle dink hul stryd is uniek, hul twyfel is sonde, hul uitdagings is mislukking. Water, die vloei van eerlike gesprekke met eweknieë, breek hierdie isolasie.

Hoe werk dit in die praktyk?

Voorbeelde van toegangspunte:

- 'n Nuwe predikant word in sy eerste gemeente geplaas en het geen idee hoe om konflik te hanteer nie. Hy word aan 'n eweknie-groep en 'n mentor gekoppel.
- 'n Predikant in 'n mid-loopbaan-krisis wonder of sy nog geroep is. Haar groep help haar onderskei.
- 'n Ring bemerk dat verskeie predikante met soortgelyke uitdagings worstel (bv. afnemende lidmaatgetalle, digitale bediening). Hulle fasiliteer 'n leergroep.

Konkrete strukture:

- Verpligte eweknie-groepe vir alle predikante (nie opsioneel nie), met fasiliteringsopleiding vir groepsleiers;
- Mentorskapspassing gebaseer op konteks, gawes, en behoeftes (nie net senior/junior nie)
- Jaarlikse retreats waar predikante saam kan leer, reflekteer, en hernuwe

Hoe die spanning gehandhaaf word: Groepe bied gemeenskaplike ruimte, maar respekteer individuele stories. Niemand word gedwing om te deel wat hulle nog nie gereed is om te deel nie. Die water vloei saggies, nie as 'n vloedgolf nie.

3. Die Son: Vaardigheidsontwikkeling en Voortgesette Leer

Teologiese grondslag: Efesiërs 4:11-16: Predikante rus die heiliges toe vir dienswerk, maar hulle moet self ook toegerus word.

Wat is die son?

Sonder sonlig kan plante nie groei nie. So ook benodig predikante voortgesette ontwikkeling om in veranderende kontekste effektief te dien.

Die son sluit in:

- Teologiese vorming wat deeglik en hulpvol is (nie net akademies nie);
- Vaardigheidsontwikkeling in areas soos:
    - Pastorale sorg en begeleiding
    - Prediking en liturgie
    - Konflikhantering en bemiddeling
    - Leierskap en visievorming
    - Kontekstuele bediening (landelik, stedelik, arm gemeenskappe, digitale ruimtes)
- Ontwikkeling van verskillende leierskapstyle; nie net uitvoerende, liniêre leierskap nie, maar ook intuïtiewe, versorgingsgeoriënteerde, uitnodigende, kreatiewe leierskapstyle

Waarom is dit krities?

Predikante word dikwels in die diep kant ingegooi met min ervaring in praktiese vaardighede. Teologiese vorming is noodsaaklik, maar soms onvoldoende vir nuwe kontekste. Daar is ook kommer dat sekere sinodale fokusareas meer op een leierskapstyl konsentreer (uitvoerend, beheer-georiënteerd) terwyl kontekste dalk ander styles benodig (versorgend, uitnodigend, kreatief).

Die vraag is nie: "Watter vaardighede is reg?" nie, maar: "Watter vaardighede benodig hierdie predikant in hierdie spesifieke konteks?" Dit vra dialogiese onderskeiding, nie voorskriftelike eenvormigheid nie.

Hoe werk dit in die praktyk?

Voorbeelde van toegangspunte:

- 'n Predikant in 'n klein plattelandse gemeente voel nie toegerus vir die verskeidenheid van take tegelyk (administrasie, pastoraat, prediking, jeug) nie. Sy vra vir spesifieke opleiding.
- 'n Ring identifiseer dat baie gemeentes worstel met afnemende getalle en bied 'n kursus oor visieontwikkeling en gemeenskapsbediening aan.
- 'n Jong predikant het sterk prediking-vaardighede maar sukkel met pastorale konflik. Hy word vir ‘n mentorskap-program geïdentifiseer.

Konkrete strukture:

- **Behoeftes-analise gesprekke met predikante**: "Watter vaardighede het jy? Watter benodig jy?"
- **Modulêre kursusse en werkswinkels** wat predikante volgens behoefte kan kies (nie verpligte eenvormigheid nie)
- **Onderskeiding oor leierskapstyle**: help sisteme om te verstaan: "Het my konteks meer behoefte aan uitvoerende leierskap, of aan uitnodigende, kreatiewe leierskap?" Sonder om enige styl as "beter" te beskou.
- **Samewerking met teologiese instellings** vir voortgesette professionele ontwikkeling

Hoe die spanning gehandhaaf word: Daar is algemene vaardighede wat alle predikante benodig (bv. basiese pastorale sorg), maar ook kontekstuele en persoonlike verskille. Die son skyn op almal, maar elke plant absorbeer dit anders.

4. Die Tuinier se Direkte Sorg: Vertroulike Ondersteuning en Krisisintervensie

Teologiese grondslag: Johannes 10:14: "Ek ken my skape, en my skape ken My." Christus se persoonlike sorg.

Wat is die tuinier se sorg?
'n Goeie tuinier waak versigtig oor elke plant. Hy sien wanneer iets nie reg is nie: 'n verdorde blaar, 'n pes-aanval, 'n plant wat nie groei nie. So ook benodig predikante 'n plek waar hulle met vertroue hulp kan vra, sonder vrees of skaamte.

Die tuinier se sorg sluit in:

- Vertroulike pastorale ondersteuning: 'n toegewyde persoon wat predikante kan kontak wanneer hulle met iets spesifiek worstel;
- Krisisintervensie wanneer predikante deur ernstige persoonlike krisisse gaan (egskeiding, siekte, uitbranding, verlies, morele mislukking);
- Toegang tot professionele terapie waar nodig;
- Begeleiding deur moeilike prosesse, bv. 'n pastorale verteenwoordiger wat langs ’n predikant kan wees;

Waarom is dit krities?
Elía se storie (1 Konings 19) is onmisbaar vir 'n welweseprogram. Elia het pas 'n groot "sukses" beleef (Berg Karmel), tog wil hy sterf. Sy krisis is nie 'n gebrek aan geloof nie, hy is 'n getroue profeet. God se respons is opvallend: Nie 'n preek nie, maar kos en slaap (twee keer). Nie berisping nie, maar teenwoordigheid. Elia kry die ruimte om sy klagte volledig te verwoord (twee keer dieselfde woorde). God gee hom 'n metgesel (Elisa) en nuwe perspektief.

Hierdie teks bevestig:

- Uitputting is werklik (nie net "geestelik" nie);
- Die behoefte aan iemand wat langs jou staan;
- Soms is daar lang prosesse van herstel;
- ’n Krisis diskwalifiseer jou nie van bediening nie.

Hoe werk dit in die praktyk?

Voorbeelde van toegangspunte:

- 'n Predikant bel die vertroulike ondersteuningslyn: "Ek is uitgebrand. Ek weet nie of ek nog kan aangaan nie."
- 'n Gemeente merk dat hul leraar verander het: teruggetrokke, lusteloos. Hulle kontak die ring se pastorale ondersteuningspersoon.
- 'n Predikant gaan deur 'n egskeiding en het behoefte aan terapie en iemand om hom deur die hofproses te begelei.

Konkrete strukture:

- Vertroulike pastorale ondersteuningslessenaar in elke sinode;
- Netwerk van goedgekeurde terapeute/beraders/begeleiers wat verstaan hoe om met predikante te werk;
- Krisisprotokol: duidelike stappe vir ernstige situasies (selfmoordrisiko, morele mislukking, ernstige uitbranding);
- Finansiële ondersteuning vir terapie waar moontlik (erken dat nie alle sinodes dieselfde hulpbronne het nie, maar bevestig dit as voorkeur-opsie)

- Pastorale verteenwoordigers wat predikante kan vergesel deur moeilike prosesse

Hoe die spanning gehandhaaf word: Die tuinier se sorg is persoonlik en individueel (Johannes 10: "Ek ken my skape"), maar dit gebeur nie in isolasie nie. Die tuinier is deel van 'n groter netwerk (gemeenskap, ring, sinode) wat mede-verantwoordelik is.

5. Die Seisoen en Groeityd: Individuele Ontwikkeling, Outentisiteit en Spiritualiteit

Teologiese grondslag: Johannes 10:3: Die Herder "roep sy eie skape by die naam." Individualiteit is deel van roeping.

Wat is die seisoen en groeityd?

Plante groei in seisoene. Sommige blom in die lente, ander in die herfs. Sommige groei vinnig, ander stadig. Die tuinier kan nie 'n plant dwing om te groei nie, sy kan net die regte omstandighede skep en geduldig wag. So ook met predikante. Elke predikant het 'n unieke pad van persoonlike transformasie, geestelike groei, en ontwikkeling van outentisiteit.

Hierdie sluit in:

- Geestelike vorming en verdieping: spirituele begeleiding, stiltetye, retreats
- Persoonlike transformasie: word meer jouself, nie minder nie
- Onderskeiding van roeping: luister na God se stem in verskillende lewensfases
- Kreatiewe en kunstige uitdrukking: musiek, kuns, skryfwerk, skoonheid as deel van bediening

Waarom is dit krities?

Die kerk benodig nie eenvormige predikante nie, maar unieke individue wat God op hulle eie manier dien. Individuasie, om meer jouself te word, is nie selfsugtig nie, maar gehoorsaamheid aan die feit dat God spesifieke mense roep.

Tog is daar soms druk om te konformeer of ’n sosiale rol te vervul, om in te pas by 'n bepaalde beeld van "sukses" of "effektiwiteit." Dit kan sieldodend wees en lei tot uitbranding. Wanneer predikante probeer wees wat hulle nie is nie, verloor hulle hul outentisiteit en uiteindelik hul vreugde.

Hoe werk dit in die praktyk?

Voorbeelde van toegangspunte:

- 'n Predikant voel "vasgeloop" in haar bediening. Sy het tegnies alles reg, maar voel leeg. Sy soek geestelike begeleiding.
- 'n Jong predikant worstel met die vraag: "Is dit regtig waartoe God my geroep het?" Hy gaan vir 'n stil-retraite en onderskeidingsproses.
- 'n Predikant ontdek dat kreatiewe uitdrukking (musiek, skryfwerk) haar laat herlewe, maar voel skuldig dat dit tyd van "egte werk" wegneem. Sy soek begeleiding oor hoe om dit te integreer.

Konkrete strukture:

- Spirituele begeleiers: 'n netwerk van opgeleide persone wat predikante kan help met vorming;

- Retraites en stiltetye: Gereelde geleenthede vir predikante om te kan stil word, terug te trek, te luister, te reflekteer;
- Kreatiewe ontwikkelingsgeleenthede: werkswinkels, kursusse, ruimte vir kunstige en ekspressiewe uitdrukking;
- Onderskeidingsprosesse vir groot oorgange (eerste gemeente, middeljare krisis, voor-aftrede);
- Erkenning dat "groei" nie altyd sigbaar is nie. Soms is die diepste transformasie in stilte, donkerte, of afwagting.

Hoe die spanning gehandhaaf word: Elke predikant is uniek (individuele plant), maar hulle deel dieselfde Herder en dieselfde liggaam (die tuin as geheel).

Hoe Werk die Tuin as Geheel?

Die krag van hierdie benadering lê nie in enige enkele element nie, maar in hoe hulle saamwerk:

- Grond & Water: Strukture van regverdigheid word gehandhaaf deur gemeenskaplike verantwoordelikheid (ringe, sinodes, eweknieë);
- Son & Tuinier: Vaardigheidsontwikkeling gebeur nie in isolasie nie, maar met persoonlike ondersteuning en begeleiding;
- Seisoen & Grond: Individuele groei kan net plaasvind in 'n veilige, regverdige en billike omgewing;
- Water & Seisoen: Eweknieë help mekaar onderskei wat God in hul lewens doen

Veelvuldige toegangspunte:

Predikante of gemeentes kan die sisteem by enige punt betree:

- 'n Krisis → Tuinier se sorg
- 'n Kontrakprobleem → Grond (strukturele ondersteuning)
- 'n Behoefte aan vaardighede → Son (opleiding)
- Isolasie → Water (eweknie-groepe)
- Geestelike droogte → Seisoen (spirituele begeleiding)

Die sisteem is nie lineêr nie, maar organies. Dit reageer op waar mense is, nie waar hulle "behoort" te wees nie.

Die dualiteit in aksie:

Hierdie program hou die spanning tussen:

- Individuele sorg (Johannes 10): Elke predikant word by die naam geken, persoonlik ondersteun, met vertroue behandel;
- Gemeenskaplike verantwoordelikheid (1 Kor 12, Gal 6:2): Gemeentes, ringe, sinodes, eweknieë dra mekaar se laste.

Nie een bo die ander nie, maar albei tegelyk. Soos 'n tuin waarin elke plant individueel versorg word, maar almal van dieselfde ekosisteem afhanklik is.

Slot: Die Holistiese Veld Waarin Welwese Gebeur

Hierdie welwese program is nie 'n ingryping wat op worstelende predikante afgedwing word nie. Dit is 'n ekosisteem waarin welwese kan gebeur.

Visueel:
Stel jou 'n tuin voor:

- Die grond ondersteun alles; sonder dit, groei niks.
- Water vloei deur die tuin en versprei voedingstowwe; van plant na plant, is hulle aan mekaar verbind.
- Die son skyn op almal, maar elke plant absorbeer dit uniek
- Die tuinier loop deur die tuin, waak, snoei, versorg
- Seisoene wissel. Soms groei, soms rus, soms blom, soms donker winters

Elkeen van hierdie is noodsaaklik. Verwaarlosing van enige een lei tot ongesondheid..

Implementering:

Hierdie is nie 'n teoretiese dokument nie. Dit vra konkrete strukture:

- Ringe en sinodes moet strukture skep vir grond, water, son, tuinier, seisoen
- Gemeentes moet opgelei word in hul verantwoordelikheid
- Predikante moet weet waar om hulp te vra, sonder skaamte
- Die hele liggaam moet saamwerk. Dit is nie "die sinode se probleem" of "die leraar se probleem" nie, maar ons gedeelde roeping.

Die uiteindelike visie:
'n Kerk waarin:

- Predikante floreer, nie net oorleef nie
- Uitbranding die uitsondering is, nie die norm nie
- Hulp vra gevier word as getrouheid, nie gesien word as mislukking nie
- Gemeentes verstaan dat om vir hul leiers te sorg, is om vir Christus te sorg
- Individuele roeping en gemeenskaplike verantwoordelikheid hand aan hand loop

Dit is teologies getrou. Dit is prakties moontlik. Dit vra moed, toewyding, en 'n gewilligheid om te erken: Welwese is nie 'n projek nie. Dit is 'n leefwyse.

Hierdie program is gegrond in die oortuiging dat God reeds vir sy dienaars sorg, deur die Herder wat hulle persoonlik ken, en deur die liggaam wat mekaar wedersyds dra. Ons taak is nie om iets nuuts te skep nie, maar om strukture te bou wat weerspieël hoe God reeds werk: persoonlik én gemeenskaplik, genadig én relasioneel.

b.

Bedieningsbegeleiding

B1-5 VBO-HANDLEIDING



Inleiding

Die NG Kerk erken die belangrikheid van voortgesette leer en ontwikkeling vir predikante, diensleraars, standplaasleraars en bedienaars. Voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) is ‘n reis van lewenslange leer wat daarop gemik is om leiers te ondersteun, te bemagtig en toe te rus om as dissipels die koninkryk te soek en as bekwame leiers volhoubaar en met bedieningsvreugde te bedien. As leiers hou ons aan in die verdieping van ons roeping en in ons geestelike groei.

Visie en Doelwitte

VBO ONTWIKKEL LEERGEMEENSKAPPE WAT:

- Beste praktyke van bediening deel en kontekstuele bediening in gemeentes bevorder.
- Die konneksie tussen die akademie en die kerk versterk deur die nuutste navorsing beskikbaar te stel en missionale kapasiteite te ontwikkel.
- Gemeentes bemagtig deur leiers toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en houdings.
- Kapasiteite te ontwikkel in die areas van Etos, Logos en Patos.

Geskiedenis van VBO

Die behoefte aan ‘n meer gestruktureerde benadering tot die voortgesette ontwikkeling van predikante het in die laat 1990’s ontstaan. Die Algemene Sinode van 2004 het ‘n taakspan aangestel om die moontlikheid van ‘n formele VBO-program te ondersoek.

In 2007 het die Algemene Sinode die VBO-program amptelik goedgekeur en in werking gestel. Die program het aanvanklik gefokus op die verwerwing van VBO-punte deur deelname aan goedgekeurde aktiwiteite soos kursusse, konferensies en werkswinkels.

Oor die jare het die VBO-program ontwikkel en aangepas by die veranderende behoeftes van die kerk en die samelewing. Daar is ‘n toenemende fokus op die verdieping van roeping, bevordering van geestelike groei, ontwikkeling van praktiese vaardighede, en ‘n dieper verstaan van ons gereformeerde tradisie. Die VBO-ekosisteem bevorder leergemeenskappe waar leiers aanhou ontwikkel as dissipels om bedieningsmoed en – vreugde te beleef. Een van die sentrale uitgangspunte van VBO is die persoonlike verbintenis van gelegitimeerdes tot lewenslange leer. Hierdie ingesteldheid vind formeel beslag wanneer gelegitimeerdes by legtimasie onderteken *“dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.”*[1]

[1] Sien Kerkorde 2023 p.70 Reglement 10

Raamwerke vir VBO

VBO maak gebruik van die volgende raamwerke om ‘n holistiese benadering tot bedieningsontwikkeling te verseker:

MISSIONALE KAPASITEITE: ETOS, LOGOS EN PATOS

Hierdie raamwerk, ontleen aan die retoriek, help om die fokus van VBO te rig op die vorming van leiers wat effektief kan getuig van die evangelie in ‘n diverse en veranderende wêreld. As VBO-Taakspan sluit ons aan by dié raamwerk wat in die Kerklike Opleiding gebruik word en in *Geroep, Gevorm, Gestuur* omskryf word .

ETOS: Fokus op die karakter, integriteit en geloofwaardigheid van die leiers. Dit sluit in die ontwikkeling van ‘n missionale dissipelskap, die kweek van persoonlike spiritualiteit, en die bevordering van selfbewustheid en emosionele intelligensie.

LOGOS: Beklemtoon die teologiese kennis, Bybelse begrip en kommunikasievaardighede van die bedieningsleiers. Dit behels die ontwikkeling van ‘n Trinitariese grondslag, die bestudering van Skrif en teologie, en die verbetering van prediking, onderrig en pastorale vaardighede.

PATOS: Sien na die leiers se vermoë om empatie, deernis en kulturele sensitiwiteit te toon. Dit vereis ‘n begrip van die konteks waarin hulle bedien, die vermoë om met mense van diverse agtergronde te kommunikeer, en die ontwikkeling van vaardighede in konflikhantering, pastorale sorg, en gemeenskapsbetrokkenheid.

[2] Die dokument kan hier afgelaai word: https://www.excelsus.org/wp-content/uploads/2024/10/Geroep-Gevorm-Gestuur-Okt-2024.pdf

MISSIONALE BEDIENINGSKAPASITEITE

ETOS (Wie ek is en word)



LEEF AFHANKLIK VAN GOD



IS EERLIK MET MYSELF



LEEF VANUIT MY ROEPING



BEOEFEN GEWOONTES VAN GELOOF

LOGOS (Wat en hoe ek glo)



ONDERSOEK EN INTERPRETEER DIE BYBEL



ONTSLUIT EN VERKONDIG DIE EVANGELIE



IS GEANKER IN DIE TRADISIE



BEGRYP DIE OMVANG VAN DIE EVANGELIE




AANVAAR DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS



ONDERSKEI DIE HEERSKAPPY VAN CHRISTUS

PATOS (Wie en hoe ek dien)



ONDERSKEI WAAR GOD AAN DIE WERK IS



BOU BRÛE



NEEM DIE AMP OP



VERSORG EN BESKERM



ONDERSKEI DIE WIL VAN GOD



BEGELEI AANBIDDING

FASES IN DIE BEDIENING

VBO erken dat predikante in verskillende fases van hulle bediening verskillende behoeftes en uitdagings het. Die program bied dus ondersteuning en ontwikkeling wat relevant is vir elke fase:

NUUT IN DIE BEDIENING: Fokus op die oorgang van teologiese opleiding na gemeentelike bediening, die ontwikkeling van basiese bedieningsvaardighede, en die bou van 'n ondersteuningsnetwerk.

MIDDELFASE: Ondersteun predikante in die verdieping van hulle bediening, die aanpak van nuwe uitdagings, en die ontwikkeling van leierskapsvaardighede.

ERVARE LEIERS: Bied geleenthede vir mentorskap, die deling van kennis en ervaring, en die bevordering van voortgesette groei en ontwikkeling.

LEIERS WAT NADER AAN AFTREDE BEWEEG: Help predikante om voor te berei vir aftrede, hulle ervaring en wysheid te deel, en 'n sinvolle oorgang te maak.

Deur hierdie raamwerke te gebruik, verseker VBO dat predikante holisties ontwikkel word en toegerus word om effektief te bedien in 'n komplekse en veranderende wêreld. Gelegitimeerdes word in die verskillende fases van hulle bediening aangemoedig om jaarliks VBO-leergeleenthede by te woon.

VBO-Ekosisteem

DIE VBO-EKOSISTEEM BESTAAN UIT:

VBO-TAAKSPAN
'n Vennootskap tussen die VBO-sentra (Excelsus, Didasko en Communitas) en die nege sinodes van die NG Kerk.

DIE ATP
Die Algemene Taakspan Predikante gee jaarliks insette oor die behoeftes wat deur VBO aangespreek behoort te word.

DIE ABR
Elke gelegitimeerde in die NG Kerk het 'n profiel op 'n databasis wat deur die ABR (Algemene Bevoegdheidsraad) onderhou word. Daar is ook riglyne oor die VBO-punte wat 'n leier in die NG Kerk moet verwerf.

SINODES
Speel 'n belangrike rol in die implementering van VBO-programme en die ondersteuning van predikante.

RINGE
Fasiliteer leergemeenskappe en bied ondersteuning aan predikante en hou toesig oor die predikante se VBO betrokkenheid.

KERKRADE
Verleen verlof en befondsing vir predikante om aan VBO-aktiwiteite deel te neem.

AKADEMIESE VENNOTE
Fakulteite en dosente wat navorsing doen en kursusse aanbied.

Pedagogie van VBO

VBO volg ‘n deelnemende pedagogie wat fokus op die ontwikkeling van missionale bedieningskapasiteite. Die pedagogie word gekenmerk deur die volgende:

- **‘n Retoriese raamwerk:** Etos, Logos en Patos word gebruik om die vorming van predikante te rig.
- **Verskillende leerkontekste:** Mentorskap, klaskamer en studie, leergemeenskappe, retreats, deelname in die gemeente en gemeenskap.
- **Vlakke van ontwikkeling:** Erkenning van die verskillende vlakke van ontwikkeling in die verskillende opleidingsbane.
- **Ontwikkeling van kapasiteite:** Fokus op die ontwikkeling van basiskennis, houdings en gesindhede, vaardighede, en oordraagbare gewoontes.
- **Vier interafhanklike elemente:** Die pedagogiese proses word verdeel in basiskennis, vaardighede, ingesteldheid (gesindhede en houdings), en oordraagbare gewoontes.
- **Vormend en dissipelskap:** Die pedagogie is vormend en beklemtoon dissipelskap, met God as die aktiewe leermeester.
- **Deelname en aksie-refleksie:** Die pedagogie is deelnemend en behels aktiewe deelname aan groepswerk en refleksie.
- **Kern teologiese begronding:** Die pedagogie fokus op die kern teologiese begronding (habitus), die leeromgewing (habitat), en die vestiging van gewoontes (habituation).

Die pedagogiese proses word verdeel in basiskennis, vaardighede, ingesteldheid (gesindhede en houdings), en oordraagbare gewoontes.



Kerkorde Bepalings

Die Kerkorde van die NG Kerk (2023) maak melding van die belangrikheid van voortgesette opleiding vir predikante.

- **Reglement 10** omskryf dat elke predikant met legitimasie, "myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.[3]" Sinodes is ook belangrike rolspelers, "Sinodes doen alles in hulle vermoë om die praktyk van verdere bedieningsontwikkeling goed te vestig en uit te bou. Teologiese en bedieningsopleiding is 'n bedieningslange taak en verantwoordelikheid en daarom vestig die NG Kerk 'n tradisie van bedieningslange leer by gelegitimeerdes van die kerk.[4]"
- **Reglement 11** spesifiseer die voorwaardes waaronder 'n predikant/diensleraar/emeriti/standplaasleraar bevoegdheid kan behou of verloor. Deelname aan VBO en die verwerwing van die vereiste aantal punte is een van die belangrike vereistes vir die behoud van bevoegdheid. Indien 'n predikant nie aan die vereistes voldoen nie, kan die Ringskommissie die saak ondersoek en stappe doen wat kan lei tot die tydelike opskorting of selfs die intrekking van die predikant se bevoegdheid.[5]
- **Reglemente 20** omskryf dat kerkrade verlof gee vir VBO, "'n Minimum van ses en 'n maksimum van twaalf kalenderdae per jaar word aan 'n predikant toegeken vir verlof vir bedieningsontwikkeling, tensy anders ooreengekom."[6]
- **Artikel 13** omskryf dat kerkrade "medeverantwoordelik is vir die bedieningsontwikkeling van predikante".

[3] Kerkorde 2023 p.70 | [4] Kerkorde 2023 p.64 | [5] Kerkorde p.78-79 | [6] Kerkorde p.121-122

VBO-AKTIWITEITE

VBO-AKTIWITEITE SLUIT IN:



Kursusse en werkswinkels



Konferensies en seminare



Boek-besprekings



Leer gemeenskappe



Mentorskap



Retreats



Aanlyn leer

VBO-PUNTE

Predikante verdien VBO-punte vir deelname aan goedgekeurde aktiwiteite. Hierdie punte word aangeteken en is ‘n vereiste vir die behoud van amps-bevoegdheid.

Die VBO-Taakspan het ‘n breedvoerige dokument ontwikkel wat verduidelik hoe gelegitimeerdes punte kan verwerf.

KURSUSSE	STUDIE EN SKRYF	ANDER
A Kursusse/ Konferensies	D Verdere studies	C Mentoraat
B Geakkrediteerde Kursusse	H Selfstudie	E Aanbieding
G Ander	F Artikels (akademies)	I Retraites
	K Selfsorg	J Sabbatsretraites
	L Navorsing	
	M Skryf van boeke	
	N Skryf van artikels	
	O Kursusontswerp	

TIPE VBO	AANTAL PUNTE*
* Punte word bereken teen aantal ure van deelname aan tipe VBO, tot ‘n maksimum soos bepaal deur die VBO-Taakspan. *Riglyn: 1 punt per 1 uur aktiewe leer*	
A **Kursusse/Konferensies** by VBO diens-verskaffers (Sinodaal)	10 punte per dag tot ‘n maksimum van 30 punte
B **Vol VBO** geakkrediteerde kursusse en toerustingsgeleenthede deur ander instansies aangebied *(Dws kursusse wat nie deur die NG Kerk self ontwikkel word nie. Instansies kan vir akkreditering aansoek doen. Na akkreditering word so ‘n kursus deel van die totale aanbod vir VBO)*	10 punte per dag tot ‘n maksimum van 30 punte vir een kursus
C **Mentoraat:** Kwalitatief is die riglyn 10 uur per jaar in mentor verhouding binne die ontwikkeling van geakkrediteerde mentors. *(Geld vir mentor en mentee)*	Maksimum van 10 punte per jaar

TIPE VBO	AANTAL PUNTE*
D **Verdere Studie** (akademies): Finale punte word toegereken op datum van graduering, terugwerkend, met indien van 'n afskrif van die sertifikaat. Punte word jaarliks toegeken.	• Honeurs (50 punte per jaar) • Navorsings Magister oor 2 jaar (100 punte) EN • 3 jaar vir 'n bedienings/ praktyk gerigte M (150 punte) • Doktoraal oor 4 jaar (200 punte)
E **Aanbieding** van Teologiese Fakulteit- en VBO-kursusse asook van die Predikantebegeleiding-sentrum (op versoek van VBO-Taakspan of voorgelê en landwyd aanvaar)	Dieselfde as vir die wat die kursusse deurloop (een keer per jaar vir maksimum van drie jaar van toepassing; aanbieder moet ook aan ander VBO deelneem)
F **Peer-review** (eweknie beoordeelde) Artikels/Studiestukke vir kerklike kommissie/ Bywoning en deelname aan Akademiese Vak Werkgemeenskappe (Per jaar)	Maksimum van 20 punte per jaar
G **Ring, Sinodale kursusse/ werkswinkels** en seminare OF dien op ringskommissie (deur rings-voorsitter aangevra) OF 'n Studiestuk (ekwivalent van 'n artikel van ongeveer 6000 woorde) vir 'n sinode.	Maksimum van 10 punte per jaar
H **Selfstudie:** Die bestudering van Teologiese Boeke en Artikels; Met die indien van 'n opsomming van 2 p (±800 woorde).	10 punte per boek, en 5 punte per akademiese artikel tot 'n maksimum van 30 punte vir boeke en 15 punte vir artikels
I **Retraites:** Dieselfde punte as vir VBO kursus	10 punte per dag – maksimum 30 punte

	TIPE VBO	AANTAL PUNTE*
J	**Sabbatsretraites** (30 dae): Indien dit ingerig is as leer- selfsorg of selfontwikkelingsgeleentheid (Bv 'n Pelgrimstap)	30 punte met indien van verslag aan VBO-kantoor wat benut kan word (bv. om op webblad te plaas)
K	**Selfsorg/Selfontwikkeling:** Bv Skilderlesse, oefenprogram wat 30 000+ Vitalitypunte verdien, ens.	10 punte per jaar Dien aanvraag met nodige bewyse by jou sinodale kantoor/VBO-verteenwoordiger in
L	**Navorsings/Studie/ ondersteuningsgroepe** wat gereeld bymekaar kom en waar boeke bespreek of deurgewerk word	Soos met bywoning van kursusse, dws 1 punt per 1 uur aktiewe leer tot 'n maksimum van 10 punte per jaar
M	**Skryf van Geestelike/ Bedieningsverwante boeke**	50 punte per boek
N	**Skryf van artikels** vir kerklike of geestelike tydskrifte	< 1000 woorde: 2 punte > 1000 woorde: 5 punte
O	**Ontwerp en skryf van kursusse** vir predikante	Een-dag kursus: 20 punte Twee-dag kursus: 40 punte Drie-dag kursus: 60 punte

Ten minste 20 punte moet tydens interaktiewe kontakgeleenthede verwerf word.

TOEKOMS VAN VBO

Die VBO-Taakspan is besig om 'n gestandaardiseerde, geakkrediteerde VBO-program te ontwikkel wat aan die hand van fases in die bediening aangebied gaan word.

Kontak Besonderhede

EXCELSUS

Sinodes: Hoëveld, Goudland, Oostelike, Noordelike, KZN, Noord-Kaap

Rika van Rensburg
www.excelsus.org
@ excelsus@up.ac.za

DIDASKO

Vrystaat Sinode

Tertius Botha
www.ngkerkvrystaat.co.za/bedieningsbegeleiding/vbo/
@ tbotha@ngkvs.co.za

COMMUNITAS

Wes-Kaap Sinode

Bridget Leibbrandt
dgtn.org.za/vbo/
@ bleibbrandt@kaapkerk.co.za

OOS-KAAP

Danie Mouton
@ danie@ngkok.co.za

BEDIENINGSBEGELEIDING



b.

Bedieningsbegeleiding

B1-6 DIE VRYSTAAT EN SY MENSE: 'N DEMOGRAFIESE VERKENNING VAN DIE PROVINSIE EN DIE NG KERK IN DIE VRYSTAAT

Die Vrystaat en sy mense: 'n Demografiese verkenning van die provinsie en die NG Kerk in die Vrystaat.

Kobus Schoeman (15 September 2025)

Die doel van die konsep verslag is om 'n verkenning te doen van die demografie van die Vrystaat, maar om ook gemeentes en lidmate van die NG Kerk binne hierdie konteks te posisioneer. Die verslag is nie finaal nie, maar wil dien as 'n gesprek dokument in die ontwikkeling van 'n strategie vir die sinode. Die volgende drie afdelings kom aan die orde:

- Vrystaat bevolking en sosio-ekonomiese konteks
- Lidmate in die Vrystaat sinode en NG Kerk
- Demografie en gemeente bediening

Elke afdeling bestaan uit 'n kort bespreking van enkele tendense wat opval. Die empiriese data aan die einde van die verslag gee 'n meer feitelike en volledige beskrywing van die situasie. Dit bly 'n subjektiewe interpretasie en enige gesprek in die verband sal verwelkom word.

1. Vrystaat bevolking en sosio-ekonomiese konteks

Die afdeling gee 'n kort oorsig oor die demografie en sosio-ekonomiese konteks van die Vrystaat. Die ekologiese konteks en tendense vorm 'n belangrike raamwerk waarbinne enige kerk of gemeente funksioneer en haar roeping nakom. Dit is daarom nodig om so 'n oorsig te gee. Die inligting uit die afdeling is verkry van verslae van StatsSA, SARS en die sentrum vir Ontwikkeling Ondersteuning (UV).

1.1 Bevolking en vestiging tendense

Ongeveer drie miljoen mense bly in die Vrystaat. Die ruimtelike ordening en migrasie in die Vrystaat is onder andere deur die apartheid era beïnvloed. Die bevolking vestigings in QwaQwa, Thaba Nchu en Botshabelo is voorbeelde hiervan. So ook

die vestiging van “townships” rondom dorpe. Droogtes afgelope dekade versnel ook die platteland na stad migrasie. Boerdery praktyke beïnvloed migrasie patrone waar groter meganisering en die beweging van arbeid-intensief na kapitaal-intensief die arbeidsmag verklein.

Die Vrystaat bevolking groei van 2.63m in 1996 tot 2.83m in 2016 en 2.92m in 2022 (T01). Die groeikoers van 0.64% per jaar is laer as nasionale gemiddeld (1,46% p.j.) (T02). Die proposionele deel van die Vrystaat in die nasionale bevolking neem af as gevolg van migrasie na ander provinsies. Redes: lae ekonomiese groei, afname in mynbou ekonomie en persone met skaars vaardighede verlaat die provinsie.

Persone wat op kommersiële plase werk neem af: 1991 bly 630 000 mense op die plase en in 2011 is dit minder as 200 000. Die stedelike bevolking groei van 1.7m in 1991 tot 2.3m in 2011 en 2.5m in 2022 (T03). Dit geskied in twee gebiede: Mangaung en Metsimaholo.

1.2 Ekonomie

Drie streke is van belang:

- Mangaung is die provinsiale hoofstad en trek voordeel uit groei in die dienste sektor (staatsdiens, onderwys en medies).
- Matjhabeng het gegroei as gevolg van die goudmyne maar word nou deur ‘n sterk afname in die bedryf gekenmerk.
- Metsimaholo is teen Gauteng geleë en kan voordeel trek uit die ontwikkel van die Gauteng provinsie se ekonomie.

Die Vrystaat groei ekonomies sedert 2008 teen ‘n laer koers as die land se gemiddeld. Die herstel na Covid-19 is in die Vrystaat ook laer as die land se gemiddeld. Drie munisipaliteite het die hoogste groei: Letsemeng (landbou), Mangaung (provinsiale hoofstad) en Metsimaholo (nabyheid van Gauteng en Sasol). Twee sektore wat hulle aandeel verhoog het is finansies en gemeenskap dienste (staat).

1.3 Indiensneming en werkloosheid (T04)

Die mense wat tussen 1996 en 2011 formeel in die Vrystaat in diens geneem is daal van 650 000 in 1996 tot 590 000 in 2021 (635 000 in 2016). Die mynbou sektor speel ‘n belangrike rol in die afname in indiensneming. Meer as 400 000 mense is in die Vrystaat werkloos. Die werkloosheidskoers is konstant hoër as die res van SA. Dit is veral hoog onder swart jongmense. Die jongste amptelike werkloosheidsyfer vir die Vrystaat is 37,9% in 2025 (Januarie tot Maart), die uitgebreide koers is 44,8%.

1.4 Opsommende opmerking

Sekere omstandighede waarbinne mense in die Vrystaat woon het van 2011 tot 2022 effens verbeter (sien T05). Enkele voorbeelde: Toegang tot elektrisiteit verbeter maar weeklikse vullis verwydering daal; formele huisvesting styg maar die gemiddelde huishouding word groter. Die Vrystaatse bevolking beleef in vele opsigte nie dieselfde groei en verbeteringe as ander provinsies nie. Dit is die konteks waarbinne die kerk haarself bevind.

2. Lidmate in die Vrystaat sinode en NG Kerk

Die doel van hierdie afdeling is om ‘n beskrywing te gee van die lidmaatbevolking van die NG Kerk in die Vrystaat. Dit word vergelyk teen die agtergrond van die NG Kerk se lidmaat profiel. Daar word gekyk na verskuiwings in die profiel en migrasies in die samestelling van die lidmate.

Die data en verwerkings wat in die volgende twee afdelings gebruik word kom van die gemeente opname wat deel van Kerkspieël is. Die opname word elke vier jaar deur die gemeente leierskap en -kantoor voltooi. Die fokus is op die afgelope drie opnames en die responskoers van die opname lyk so:

Jaar	Vrystaat			NG Kerk		
	N	Voltooi	%	N	Voltooi	%
2022	153	125	81,7	1062	811	76,4
2018	155	138	89,0	1096	836	76,3
2014	157	103	65,6	1127	704	62,5

Die laaste twee opnames is aanlyn voltooi. Die responskoers is voldoende om betroubare afleidings vir die Vrystaat en die NG Kerk in geheel te doen.

2.1 Lidmate in die verskillende streke (T06 en T07)

Dit is duidelik dat daar ‘n konstante daling in die lidmate van die Vrystaat en NG Kerk is. Die Vrystaat het waarskynlik in 2022 ongeveer 88 000 lidmate gehad. Die meeste lidmate woon in stedelike gemeentes (45%) terwyl in die NG Kerk ongeveer 55% van die lidmate in stedelike gemeentes woon. In die Vrystaat woon 42% van die lidmate in klein plattelandse of plattelandse gemeentes (NG Kerk 27%). Dit wil voorkom of daar ‘n effense migrasie na plattelandse en groot dorp gemeentes is. Die proporsie van lidmate in klein plattelandse gemeente en stedelike gemeentes in die Vrystaat het effens gedaal.

2.2 Doop en belydende lidmate (T08 en T09)

Die aantal dooplidmate daal effens meer as die belydende lidmate, hoewel dit op ongeveer 20% dooplidmate en 80% belydende lidmate staan. Kleiner gemeentes mag baie min dooplidmate hê, maar die bediening aan die lidmate bly belangrik. Die reële aantal dooplidmate halveer ongeveer van 2007 tot 2025 (T10).

2.3 Senior lidmate (T11 en T12)

Die beduidendste demografiese verandering in die samestelling van die lidmaat profiel is die proses van veroudering wat beide in die Vrystaat en die NG Kerk plaasvind. ‘n Derde van die lidmate in die Vrystaat is ouer as 60 jaar, effens meer as

vir die NG Kerk (32%). Dit is nodig om kennis te neem van die groep 60 tot 80 jaar wat van 23% in 2014 tot 27% in 2022 styg.

2.4 Gemeente grootte (T13)

Daar is reeds gewys op die migrasie tussen plattelandse en stedelike gemeentes. Die belangrikste is om kennis te neem in die veranderinge in die grootte van gemeentes. Dit is meer beduidend en wesenlik as die stad-platteland migrasie. De tipologie van gemeente grootte kan so beskryf word:

- Familie-gemeentes is klein gemeentes (minder as 300 lidmate): een groep hegte families in die kern en die predikant funksioneer as “kapelaan”.
- Pastorale-gemeentes is groter (301-800 lidmate) en het 'n groot groep wat sentreer rondom die predikant met vriendskapskringe (herder-kudde).
- Program-gemeentes (801-1500 lidmate) 'n derde van hul ledetal in klein groepe en sentreer rondom vaardige en bemagtigde personeel of leke leiers (gemeente as ‘n liggaam). Programme en komitees speel 'n belangrike rol in die organisasie van die gemeente.
- Makro-gemeentes is groot gemeentes wat uit 'n groot verskeidenheid groepe bestaan (meer as 1500 lidmate). Die predikant funksioneer as 'n hoof uitvoerende beampte en die voltydse personeel is in beheer van die verskillende programme.

Die onderlinge verhoudinge en leierskaprolle verskil tussen die verskillende gemeente tipologieë. Die verskuiwings in gemeente grootte verander, as voorbeeld, die verhoudings tussen lidmate en ook die leierskap in die gemeente. Ongeveer 80% (NG Kerk 71%) van die gemeentes in die Vrystaat is of familie of pastorale gemeentes. Kennis moet geneem word van die verskuiwing tussen die tipologieë en die effek daarvan op die gemeentelike bediening.

3. Demografie en gemeente bediening

Die demografiese verskuiwings wat in die lidmaat samestelling en -grootte plaasvind, het ‘n beduidende invloed op die bediening van die gemeente. Die volgende vier aspekte verdien kortliks aandag.

3.1 Gemeente rigting (T14)

Gemeentes word minder en daar is ‘n effense toename in gemeentes wat krimpend en/of sterwend is. Die meeste gemeentes (56%) is besig met instandhouding of oorlewing. Dit wil voorkom of meer gemeentes in die Vrystaat rapporteer dat hulle groeiend is as in die NG Kerk in geheel.

3.2 Finansies (T15)

Die meeste gemeentes se inkomste groei in 2022 met minder as inflasie (47%), wat meer as die 36% in 2018. Gemeentes in die Vrystaat rapporteer ‘n swakker posisie in 2022 teenoor 2018, hoewel effens beter as vir die NG Kerk in geheel.

3.3 Gemeente en missionale roeping (T16, T17 en T18)

Gemeentes bevind hulleself binne ‘n bepaalde konteks en het ‘n spesifieke roeping teenoor wêreld waarbinne hulle lewe en werk. Sonder om die drie tabelle in detail te bespreek is dit duidelik dat daar ‘n daling in die missionale verstaanimpak van 2018 na 2022 ten opsigte van Vrystaat gemeentes is (hoewel effens beter as vir die NG Kerk in geheel). Het die demografiese inkrimping van gemeentes hulle fokus en roeping teenoor die konteks verminder?

3.4 Gemeente en gemeenskap (T19 en T20)

Gemeentes is meesal in die gemeenskap betrokke deur die aksies van lidmate (64% in 2018 en 50% in 2022). Die afname van 2018 na 2022 is kommerwekkend.

Gemeentes werk in netwerke saam, maar die samewerking daal ook van 2018 na 2022.

3.5 Slotopmerking

Lidmate is belangrike boustene in elke gemeente. Wie is die lidmate? Die CLS-SA opname gee ‘n beskrywing van die profiel van die lidmate wat gewoonlik op ‘n Sondag in die erediens is (sien T21). Dit is hierdie lidmate wat die kern van gemeentes en die kerk vorm, en wat beide die gemeente en kerk se roeping ten uitvoer moet bring.

Tabelle

1. Demografie van die Vrystaat

Vrystaat bevolking: 1996 tot 2022 (T01)

Population group	1996		2001		2011		2016		2022	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Black African	2 223 940	84.4	2 381 073	88.0	2 405 533	87.6	2 514 990	88.7	2,608,999	89.3
Coloured	79 038	3.0	83 193	3.1	83 844	3.1	72 095	2.5	67,197	2.3
Indian or Asian	2 805	0.1	3 719	0.1	10 398	0.4	7 296	0.3	87,648	0.3
White	316 459	12.0	238 791	8.8	239 026	8.7	240 333	8.5	236,650	8.1
Total	**2 633 504**	**100**	**2 706 775**	**100**	**2 745 590**	**100**	**2 834 714**	**100**	**2 921 611**	**100**


Vergelykende groeikoers (T02)

Region	1996–2001 (%)	2001–2011 (%)	2011–2016 (%)	2016-2022 (%)[13]
Free State	0.55	0.14	0.64	0.8
South Africa	2.01	1.45	1.46	1.4

Migrasie in die Vrystaat: 1991 tot 2022 (T03)

Year	Urban		Rural					
			Total		Commercial farms		Former homeland farms	
	N	%	N	%	N	%	N	%
1991	1 655 566	63.7	942 857	36.3	630 537	24.3	312 320	12.0
1996	1 902 007	70.5	794 243	29.5	520 465	19.3	273 778	10.2
2001	2 048 846	75.7	657 926	24.3	399 177	14.7	258 809	9.6
2011	2 303 215	83.8	442 374	16.2	196 444	7.2	245 930	9.0
2022[15]	2 502 000	86.2	400 000	13.8	150 000	5.2	235 000	8.1
% Annual change 1991 – 1996		2.8		–3.4		–3.8		–2.6
% Annual change 1996 – 2001		1.5		–3.7		–5.1		–1.1
% Annual change 2001 – 2011		1.2		–3.9		–6.8		–0.5

Werkloosheid in die Vrystaat: 2020 tot 2022 (T04)



Kenmerke van die Vrystaat bevolking: 2022 en 2011 (T05)

	2022	2011
Total population	2964412	2745590
Young children (0-14 years)	26,60%	29,10%
Working age population (15-64 years)	66,40%	65,40%
Elderly (65+ years)	7,00%	5,50%
Dependency ratio	50,70	52,90
Sex ratio	90,40	93,80
No schooling (20+ years)	5,00%	7,10%
Higer education (20+years)	10,20%	9,40%
Number of households	845250	823285
Average household size	3,5	3,3
Formal dwellings	88,50%	81,10%
Flush toilets connected to sewerage	76,30%	67,10%
Weekly refuse disposal service	63,50%	71,00%
Access to piped water in the dwelling	49,00%	44,80%
Electricity for lighting	94,60%	89,90%

2. Lidmaat beramings van die NG Kerk in die Vrystaat

T06:Raming Lidmaatgetalle (N)						
Jaar	**Sinode**	**Klein Plat**	**Platteland**	**Groot Dorp**	**Stedelik**	**Totaal**
2014	Vrystaat	16018	28809	13007	54165	111999
	NG Kerk	106441	161809	169391	574574	1012215
2018	Vrystaat	13785	25282	11891	44475	95434
	NG Kerk	96728	118459	158876	492373	866436
2022	Vrystaat	13460	24047	10874	39936	88317
	NG Kerk	85592	135613	142069	442501	805775

T07: Raming Lidmaatgetalle %						
Jaar	**Sinode**	**Klein Plat**	**Plat**	**Groot Dorp**	**Stedelik**	**Totaal**
2014	Vrystaat	14,3	25,7	11,6	48,4	100,0
	NG Kerk	10,5	16,0	16,7	56,8	100,0
2018	Vrystaat	14,4	26,5	12,5	46,6	100,0
	NG Kerk	11,2	13,7	18,3	56,8	100,0
2022	Vrystaat	15,2	27,2	12,3	45,2	100,0
	NG Kerk	10,6	16,8	17,6	54,9	100,0

T08: Raming lidmate Vrystaat en NG Kerk (N)					
Jaar	**Sinode**	**Bely**	**Doop**	**Ongedoop**	**Totaal**
2014	Vrystaat	89201	21541	1257	111999
	NG Kerk	781426	219454	11336	1012215
2018	Vrystaat	76444	18005	985	95434
	NG Kerk	668211	187415	10809	866436
2022	Vrystaat	70177	17066	1074	88317
	NG Kerk	623082	173300	9393	805775

T09: Raming lidmate Vrystaat en NG Kerk (%)				
Jaar	**Sinode**	**Doop+**	**Bely**	**Totaal**
2014	Vrystaat	20,4	79,6	100,0
	NG Kerk	22,8	77,2	100,0
2018	Vrystaat	19,9	80,1	100,0
	NG Kerk	22,9	77,1	100,0
2022	Vrystaat	20,5	79,5	100,0
	NG Kerk	22,7	77,3	100,0

T10: Lidmate in die Vrystaat (Jaarboek)					
Jaar	**Doop**	**Bely**	**Totaal**	**Doop %**	**Bely %**
2007	27514	98750	126264	21,8	78,2
2012	22125	91173	113298	19,5	80,5
2016	19312	81321	100633	19,2	80,8
2019	17871	73465	91336	19,6	80,4
2025	14584	59386	73970	19,7	80,3

T11: Senior lidmate (N)				
Jaar	**Sinode**	**60-80jr**	**80+jr**	**Totaal**
2014	Vrystaat	25508	6762	32270
	NG Kerk	231371	43992	275363
2018	Vrystaat	25614	5033	30647
	NG Kerk	228041	46902	274943
2022	Vrystaat	23943	5243	29185
	NG Kerk	209117	48040	257156

T12: Senior lidmate (%)				
Jaar	**Sinode**	**60-80jr**	**80+jr**	**Totaal**
2014	Vrystaat	22,8	6,0	28,8
	NG Kerk	22,9	4,3	27,2
2018	Vrystaat	26,8	5,3	32,1
	NG Kerk	26,3	5,4	31,7
2022	Vrystaat	27,1	5,9	33,0
	NG Kerk	26,0	6,0	31,9

T13: Gemeente grootte						
Tipologie	**2018**			**2022**		
	Vrystaat		**NG**	**Vrystaat**		**NG**
	N	%	%	N	%	%
Familie (<300)	39	28,9	28,9	39	31,7	35,8
Pastoraal (301-800)	70	51,9	38,5	60	48,8	35,5
Program (801-1500)	20	14,8	19,7	20	16,3	17
Makro (1501+)	6	4,4	12,8	4	3,3	11,7
Totaal	135	100	100	123	100	100

3. Demografie en gemeente bediening

T14: Gemeente rigting. Hoe sou u gemeente se huidige rigting tipeer?						
	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Krimpend en / of sterwend	9	6,6	9	7,2	84	10.4
Besig met instandhouding/oorlewing	70	51,1	70	56,0	452	56.0
Groeiend	48	35,0	42	33,6	242	30.0
Dinamies groeiend	10	7,3	4	3,2	29	3.6
Totaal	137	100,0	125	100.0	807	100.0

T15: Watter van die volgende beskryf die gemeente se finansiële posisie die beste?						
	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Ons inkomste groei bo die inflasiekoers	10	7,5	9	7,2	60	7.4
Ons inkomste hou tred met inflasie	47	35,1	38	30,4	207	25.5
Ons inkomste groei is minder as inflasie	48	35,8	59	47,2	389	48.0
Ons finansiële situasie is 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die gemeente	29	21,6	19	15,2	155	19.1
Totaal	134	100,0	125	100.0	811	100.0

T16: Die kultuur en ouderdom van die gemeente reflekteer die demografie van die gemeenskap waarbinne die gemeente geleë is.						
	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Stem beslis saam	62	45,3	39	31,5	221	27,5
Stem saam	47	34,3	53	42,7	328	40,8
Neutraal of onseker	9	6,6	11	8,9	78	9,7
Stem tot 'n mate saam	10	7,3	15	12,1	128	15,9
Stem beslis nie saam nie	9	6,6	6	4,8	48	6,0
Totaal	137	100,0	124	100.0	803	100.0

T17: Ons gemeente is 'n gemeente met sendingprojekte wat deel is van die gewone gemeente-aktiwiteite.

	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Stem beslis saam	48	35,0	24	19,2	140	17,4
Stem saam	35	25,5	39	31,2	249	30,9
Neutraal of onseker	16	11,7	21	16,8	104	12,9
Stem tot 'n mate saam	27	19,7	23	18,4	166	20,6
Stem beslis nie saam nie	11	8,0	18	14,4	146	18,1
Totaal	137	100,0	125	100.0	805	100.0

T18: Ons gemeente is 'n missionale gemeente wat haar bestaan sien as deel van God se sending na hierdie wêreld.

	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Stem beslis saam	52	38,0	44	35,8	255	31,8
Stem saam	49	35,8	43	35,0	318	39,7
Neutraal of onseker	13	9,5	18	14,6	90	11,2
Stem tot 'n mate saam	16	11,7	14	11,4	100	12,5
Stem beslis nie saam nie	7	5,1	4	3,3	38	4,7
Totaal	137	100,0	123	100.0	801	100.0

T19: Watter van die volgende stellings beskryf die gemeente se betrokkenheid by gemeenskapsorganisasies en -aktiwiteite (soos markte, optogte, skoonmaak projekte, konserte, ens.) die beste?

	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Die gemeente raak nie betrokke by gemeenskapsorganisasies of aktiwiteite nie	5	4,1	7	5,6	52	6,5
Lidmate neem as individue deel, nie gesamentlik as gemeente nie	77	63,6	62	49,6	477	59,2
Die gemeente neem gewoonlik deel of ondersteun sulke organisasies of aktiwiteite	31	25,6	52	41,6	247	30,6
Die gemeente neem leiding in sulke organisasies of aktiwiteite	8	6,6	4	3,2	30	3,7
Totaal	121	100,0	125	100.0	806	100.0

T20: Hoe sien julle die rol van die gemeente t.o.v. krisisse en kwessies in die gemeenskap?						
	Vrystaat 2018		Vrystaat 2022		NG Kerk 2022	
	N	%	N	%	N	%
Die gemeente speel 'n leidende rol in gemeenskapskwessies en krisisse	15	13,6	17	13,6	81	10,0
Die gemeente vat hande met ander gemeenskapsorganisasies	45	40,9	47	37,6	342	42,4
Leiers van die gemeente speel 'n rol	13	11,8	20	16,0	117	14,5
Lidmate as individue neem deel, maar nie deur hulle verbintenis aan die gemeente nie	31	28,2	37	29,6	233	28,9
Die gemeenskap hanteer die krisis sonder die gemeente	6	5,5	4	3,2	33	4,1
Totaal	110	100.0	125	100.0	806	100.0

NG CLS erediens bywoon profiel (2023-2024) (T21)

Biografies

20% is jonger as 40 jaar, 32% tussen 40 en 60, 48% ouer as 60 jaar
57% vrouens
97% wit en 96% Afrikaans
62% het naskoolse kwalifikasie
55% is in eerste huwelik
52% werk voltyds en 36% is afgetree
37% is langer as 20 jaar in die gemeente en 19% tussen 10 en 20 jaar in die gemeente

Verbintenis en betrokkenheid by gemeente

84% hou weekliks stiltetyd
51% het 'n groeiende verbintenis met die gemeente
60% woon weekliks eredienste by en 30% woon maandeliks 'n erediens by
50% is by 'n kleingroep of sosiale groep in gemeente betrokke
24% is by aksies in die gemeenskap betrokke



b.

Bedieningsbegeleiding

B1-7 NAVORSING OOR RINGE

HOE FUNKSIONEER RINGE IN DIE NG KERK VRYSTAAT?

Verslag van navorsing gedoen in 2025 onder leiding van prof Kobus Schoeman en dr Leon M Foot.

Vraelyste is uitgedeel en ingevul deur 13 van die 15 ringe (op daardie stadium). Altesaam 196 mense het deelgeneem. Die Teologies-Kategoriale Ring was nog in wording toe die navorsing begin is.

Van die deelnemers – met ander woorde die afgevaardigdes na ringsittings in 2025 – was 82% mans en net 18% vroue. Die grootste enkele groep (ongeveer 25%) was tussen 50 en 60 jaar oud. ’n Hele driekwart was bo 50 jaar en slegs 16% was onder 40!

Die leraars was 41% van die deelnemers en die kerkraadslede 59%. Vir een kwart was dit hulle 1 of 2de ringsitting. Meer as die helfte (56%) het vier of minder sittings onder die knie. Daar was ook sowat 30% wat reeds 10 of meer ringsittings bygewoon het. Sewe mense het al 40 of meer ringsittings bygewoon!

Die ringsittings is oorweldigend (86%) positief beleef met net 4% wat negatief daaroor gevoel het. Bykans drie-kwart glo dit bevorder die bediening en dat die ring goed funksioneer. Volgens 59% maak die ring wel ’n verskil in die bediening en daarom is dit noodsaaklik (79%).

Alhoewel die deelnemers aangedui het dat aktuele sake genoeg aandag gekry het (69%) en dat die verhoudings tussen gemeentes (70%) en tussen leraars (76%) goed is, is dit die sake wat baie sterk na vore gekom het in die oop vrae (sien verderaan).

Oor die rol van die meerdere verband oordeel die meeste dat dit belangrik of self baie belangrik is: Algemene Sinode (61%), streeksinode (75%) en ring (64%).

Afgevaardigdes is gevra om vyf oop vrae in hulle eie woorde te antwoord. Die vrae was:
1. Aan watter sake moes die ringsitting op sy huidige agenda meer aandag gegee het?”
2. Watter ander sake moes op hierdie ringsitting aandag gekry het en het nie?
3. Wat is die belangrikste bydrae wat die ringe lewer om jou gemeente te ondersteun?
4. Wat is die belangrikste bydrae wat die ringe lewer om die gemeenskap te ondersteun?
5. Wat is die grootste leemte van jou ring?

Hieronder is ’n opsomming van die antwoorde wat ontvang is. Die volledige data is op aanvraag beskikbaar.

1. AAN WATTER SAKE MOES DIE RINGSITTING OP SY HUIDIGE AGENDA MEER AANDAG GEGEE HET?”

Die meeste respondente ervaar dat die ringsitting oor die algemeen goed verloop het en dat die belangrikste sake wel aangespreek is. Verskeie deelnemers het ook aangedui dat die byeenkoms ’n positiewe skuif gemaak het na ’n meer betekenisvolle en bedieningsgerigte vergadering. Nietemin wys die terugvoer op ’n

aantal areas waar meer tyd, fokus en diepte van gesprek verlang word.

1.1. GROTER SAMEWERKING TUSSEN GEMEENTES

Die mees algemene tema in die terugvoer is die behoefte aan sterker samewerking tussen gemeentes. Verskeie respondente merk op dat gemeentes dikwels in isolasie funksioneer, terwyl daar baie gedeelde uitdagings en geleenthede bestaan. Daar is ’n duidelike begeerte dat die ring ’n ruimte moet wees waar gemeentes prakties kan saamwerk, mekaar kan ondersteun en hulpbronne kan deel, veral rondom bedieningsinisiatiewe, finansiële uitdagings en konsulentskappe.

1.2. AANDAG AAN GEMEENTE-UITDAGINGS EN VOLHOUBAARHEID

’n Tweede belangrike tema is die behoefte om meer openlik oor uitdagings binne gemeentes te praat. Respondente verwys onder meer na klein gemeentes wat sukkel om te oorleef, gemeentes sonder leraars, finansiële druk en ander bedieningsuitdagings. Daar is ’n gevoel dat verslagdoening oor hierdie sake nie voldoende is nie, en dat daar meer tyd vir gesprek en soeke na oplossings behoort te wees.

1.3. GESPREK OOR DIE TOEKOMS VAN DIE KERK

Verskeie respondente vra vir dieper en meer strategiese gesprek oor die toekoms van die kerk. Onderwerpe soos kerkwees in ’n veranderende wêreld, die missionale identiteit van die kerk en die relevansie van die NG Kerk in die huidige konteks is genoem. Hierdie tema dui op ’n behoefte aan gesamentlike visie en rigting vir die kerk se bediening.

1.4. ONDERSTEUNING EN VERSORGING VAN PREDIKANTE

Die terugvoer wys ook op die belangrikheid van bemoediging en ondersteuning van predikante. Respondente noem die behoefte aan groter kollegiale gemeenskap, geleenthede vir predikante om saam te gesels, asook erkenning van belangrike lewensmomente soos aftrede. Die ring word dus ook gesien as ’n plek waar predikante geestelik en emosioneel versterk kan word.

1.5. MEER BETEKENISVOLLE GESPREK EN MINDER ADMINISTRASIE

’n Verdere tema is die behoefte aan meer interaksie en dieper gesprek tydens die ringsitting. Sommige respondente voel dat verslae soms te vinnig afgehandel word en dat daar meer ruimte moet wees vir luister, gesprek en verhoudingsbou tussen die lede van die ring. Daar is ook voorstelle vir minder fokus op administrasie en meer op mense, bediening en gemeentes se werklike situasies.

1.6 SAMEVATTING

Die terugvoer dui daarop dat die ringsitting toenemend waardevol ervaar word, maar dat daar ’n sterk behoefte is aan meer tyd vir betekenisvolle gesprek, groter samewerking tussen gemeentes en meer fokus op die praktiese uitdagings van gemeentebediening. Deelnemers verlang dat die ring nie net ’n administratiewe vergadering sal wees nie, maar ’n ruimte waar gemeentes saam kan dink, mekaar kan ondersteun en saam die roeping van die kerk kan uitleef.

2. WATTER ANDER SAKE MOES OP HIERDIE RINGSITTING AANDAG GEKRY HET EN HET NIE?

’n Aantal respondente meen dat die meeste nodige sake wel bespreek is. Tog wys die breër terugvoer op ’n aantal temas waaraan deelnemers graag meer aandag sou wou gee of dieper gesprek sou wou sien.

2.1 JONGMENSE

’n Belangrike tema is die bediening aan jongmense en die volgende generasie. Verskeie respondente verwys na jeugbediening, bediening in skole, kampe en die rol van musiek en sang om jong lidmate te betrek. Daar is ook kommer oor hoe die kerk jongmense kan help om betrokke te bly en nie die kerk te verlaat nie. Hierdie terugvoer dui op ’n behoefte aan meer strategiese gesprek oor hoe die kerk die volgende generasie kan bereik en behou.

2.2 SAMEWERKING EN VERHOUDINGS TUSSEN GEMEENTES

Verskeie respondente ervaar dat gemeentes dikwels in isolasie funksioneer en min van mekaar se uitdagings

of suksesse weet. Daar is ’n begeerte dat die ring ’n sterker rol moet speel om vennootskappe te bevorder, sodat gemeentes mekaar prakties kan ondersteun en saam projekte kan aanpak.

2.3 UITDAGINGS EN VOLHOUBAARHEID VAN GEMEENTES

Baie van die respondente verwys onder andere na kleiner of krimpende gemeentes, gemeentes op die platteland, finansiële druk en die vraag hoe sekere gemeentes se bediening volhoubaar kan bly. Daar is ’n behoefte aan meer gesprek oor hoe gemeentes mekaar kan ondersteun en hoe die ring praktiese hulp kan bied.

2.4 VERSORGING EN ONDERSTEUNING VAN PREDIKANTE

Sommige respondente verwys na die swaarkry van predikante, veral op die platteland, asook kommer oor jong predikante en die behoefte om nuwe studente vir teologiese opleiding te werf. Daar is ook ’n gevoel dat predikante se ervarings in hulle gemeentes meer ruimte vir gesprek behoort te kry.

2.5 DIE KERK IN DIE GEMEENSKAP

Verskeie deelnemers noem ook die belangrikheid van die kerk se getuienis en betrokkenheid in die gemeenskap. Voorbeelde sluit in sendingwerk, uitreik na armes, bediening in hospitale, gevangenisse en plakkerskampe, asook reaksie op sosiale en ekonomiese uitdagings. Hierdie terugvoer dui op ’n begeerte dat die ring meer aandag gee aan gesamentlike missionale betrokkenheid.

2.6 GESPREKKE OOK TEOLOGIE EN KERKPOLITIEK

Ten slotte wys sommige respondente op die behoefte aan gesprek oor teologiese en kerkpolitieke sake, soos Skrifverstaan, kerk-eenheid, selfdegeslagverbintenisse en die rol van breër kerklike strukture. Ander respondente beklemtoon die belangrikheid van geestelike verdieping, die verkondiging van die evangelie en stories van hoop in gemeentes.

2.7 SAMEVATTING

Samevattend dui die terugvoer daarop dat deelnemers graag wil hê dat die ringsitting meer ruimte moet skep vir gesprek oor die toekoms van gemeentes, die bediening aan jongmense, ondersteuning van predikante, samewerking tussen gemeentes en die kerk se missionale rol in die gemeenskap. Die ring word dus gesien as ’n belangrike plek waar gemeentes saam kan dink oor hoe die kerk sy roeping in ’n veranderende konteks kan uitleef.

3. WAT IS DIE BELANGRIKSTE BYDRAE WAT DIE RING LEWER OM JOU GEMEENTE TE ONDERSTEUN?”

Die ring word deur baie respondente ervaar as ’n belangrike netwerk van ondersteuning vir gemeentes en predikante. Hoewel ’n paar respondente meen dat die ring tans min direkte bydrae lewer of dat die rol daarvan nie altyd duidelik sigbaar is nie, dui die meerderheid terugvoer op verskeie waardevolle funksies wat die ring vervul.

3.1 ONDERLINGE ONDERSTEUNING AAN PREDIKANTE

Een van die belangrikste bydraes is die onderlinge ondersteuning tussen predikante. Ringsleraarsbyeenkomste en ander kontakgeleenthede bied ruimte waar predikante mekaar kan ondersteun, raad kan gee en oor uitdagings in hulle bediening kan gesels. Hierdie kollegiale netwerk word deur baie respondente as van groot waarde beskou, omdat dit geestelike, emosionele en praktiese ondersteuning bied, veral in tye van krisis of spanning in gemeentes.

3.2 GEMEENTES SE UITDAGINGS

’n Tweede belangrike rol van die ring is raad en begeleiding wanneer gemeentes met uitdagings te doen kry. Respondente verwys na die rol van konsulente, kerkvisitasie en gesprekke waar moeilike vraagstukke bespreek kan word. Die ring dien dikwels as ’n klankbord waar predikante en gemeentes ondersteuning kan kry met besluitneming, konflikhantering en ander bedieningsvraagstukke.

3.3 GEESTELIKE ONDERSTEUNING EN BEMOEDIGING

Die geestelike ondersteuning en bemoediging wat binne die ring plaasvind, word ook sterk beklemtoon. Respondente noem gebed vir mekaar, wedersydse inspirasie en die ervaring dat gemeentes nie alleen staan nie, maar deel is van ’n groter geloofsgemeenskap. Hierdie dimensie van omgee, bemoediging en belangstelling dra by tot die versterking van predikante en gemeentes.

3.4 SAMEWERKING TUSSEN GEMEENTES

Die ring speel ook ’n rol in die bevordering van samewerking tussen gemeentes. In sommige gevalle gebeur dit deur gesamentlike projekte, jeugbedieningsinisiatiewe, kampe of ander bedieningsaksies. Hierdie samewerking help gemeentes om van mekaar te leer en saam oplossings te soek vir gedeelde uitdagings.

3.5 SKAKELING MET BREËR KERKSTRUKTURE

Nog ’n belangrike funksie is kommunikasie en skakeling met breër kerkstrukture. Die ring help om inligting van die sinode of ander kerklike liggame aan gemeentes deur te gee, riglyne te verduidelik en ondersteuning te bied met administratiewe en Kerkorde-sake. Op hierdie manier dien die ring as ’n skakel tussen plaaslike gemeentes en die breër kerk.

3.6 PRAKTIESE ONDERSTEUNING

Sommige respondente verwys ook na praktiese en finansiële ondersteuning, soos bydraes tot projekte, ondersteuning vir teologiestudente of hulp aan gemeentes wat finansiële uitdagings ervaar. Hoewel hierdie aspek minder gereeld genoem is, word dit steeds deur sommige as ’n betekenisvolle vorm van ondersteuning ervaar.

3.7 SAMEVATTING

Samevattend dui die terugvoer daarop dat die ring veral waardevol is as ’n netwerk van ondersteuning, raad en geestelike gemeenskap vir predikante en gemeentes. Die belangrikste bydrae lê in kollegiale ondersteuning, gesprek en begeleiding, asook die skep van ’n breër verband waar gemeentes mekaar kan ondersteun en nie alleen hoef te funksioneer nie. Sommige respondente meen egter dat hierdie rol nog sterker en meer sigbaar ontwikkel kan word.

4. WAT IS DIE BELANGRIKSTE BYDRAE WAT DIE RING LEWER OM DIE GEMEENSKAP TE ONDERSTEUN?”

Die ring se invloed in die gemeenskap word meestal deur die gesamentlike werk van gemeentes en barmhartigheidsprojekte sigbaar. Hoewel ’n aantal respondente meen dat die ring se rol soms beperk of minder sigbaar is, wys die meerderheid terugvoer dat die ring ’n belangrike rol speel deur samewerking te bevorder, projekte te ondersteun en gemeentes te help om hulle roeping in die gemeenskap uit te leef.

4.1 BARMHARTIGHEIDS- EN MAATSKAPLIKE WERK

Verskeie respondente verwys na projekte wat fokus op die verligting van armoede en die ondersteuning van kwesbare groepe. Dit sluit onder andere voedsel- en kospakkieprojekte, ondersteuning aan kinderhuise, jeugsorgsentrums, crèches, ouetehuise en dienssentrums in. Sommige gemeentes is ook betrokke by die versorging van gestremde persone en ander noodsaaklike dienste in die gemeenskap. Hierdie projekte word dikwels deur gemeentes saam gedoen en maak volgens respondente ’n merkbare verskil in plaaslike gemeenskappe.

4.2 SAMEWERKING TUSSEN GEMEENTES

Die ring help om gemeentes bymekaar te bring sodat hulle saam projekte kan aanpak en mekaar se hulpbronne en idees kan benut. In sommige dorpe werk verskeie gemeentes saam aan gemeenskapsprojekte, wat die impak van hulle werk vergroot. Hierdie samewerking word deur baie respondente as ’n belangrike bydrae beskou, omdat dit help om groter gemeenskapsuitdagings meer effektief aan te spreek.

4.3 FINANSIËLE EN ANDER ONDERSTEUNING

Die ring speel ook ’n rol deur finansiële en organisatoriese ondersteuning te bied. Sommige projekte word uit die ring se begroting of barmhartigheidsfondse ondersteun, en die ring help soms met koördinering en leid-

ing wanneer gemeenskapsinisiatiewe aangepak word. Hierdie ondersteuning help gemeentes om projekte volhoubaar te bestuur en om nuwe bedieningsgeleenthede te ontwikkel.

4.4 GEESTELIKE BEDIENING EN GETUIENIS IN DIE GEMEENSKAP

Benewens praktiese hulp, beklemtoon verskeie respondente die belangrikheid van geestelike bediening en getuienis in die gemeenskap. Die verkondiging van die Woord, pastorale ondersteuning en gebed vir gemeenskappe word gesien as 'n kernaspek van die kerk se bydrae. Hierdie geestelike rol help om hoop, rigting en geloofsperspektief in gemeenskappe te bring.

Sommige respondente wys egter daarop dat die ring se rol in gemeenskapsbediening nie altyd duidelik sigbaar is nie, en dat gemeentes soms meer op hulle eie funksioneer. Daar word ook genoem dat daar moontlik groter potensiaal is vir beter koördinering en samewerking.

4.5 SAMEVATTING

Samevattend dui die terugvoer daarop dat die ring se grootste bydrae tot die gemeenskap lê in barmhartigheidswerk, samewerking tussen gemeentes, finansiële en organisatoriese ondersteuning, asook geestelike bediening. Deur hierdie funksies help die ring gemeentes om saam 'n positiewe en betekenisvolle verskil in hulle gemeenskappe te maak.

5. WAT IS DIE GROOTSTE LEEMTE VAN JOU RING?"

Respondente identifiseer verskeie uitdagings wat die funksionering en impak van die ring beperk. Hoewel 'n klein aantal deelnemers aangedui het dat daar geen groot leemtes is nie, toon die meerderheid terugvoer dat daar veral uitdagings bestaan rondom samewerking, verhoudings, kommunikasie, leierskap en visie.

5.1 GEBREK AAN SAMEWERKING EN EENHEID

Een van die mees algemene temas is dat gemeentes dikwels in isolasie funksioneer en nie genoeg saamwerk om uitdagings aan te spreek nie. Daar is 'n gevoel dat die ring 'n sterker rol kan speel om gemeentes bymekaar te bring, sodat hulle saam oplossings kan soek en groter impak in die gemeenskap kan hê.

5.2 VERHOUDING TUSSEN PREDIKANTE

'n Verdere belangrike leemte is die beperkte onderlinge verhoudings en ondersteuning tussen predikante. Sommige respondente ervaar dat predikante mekaar nie goed ken nie en dat daar nie altyd 'n veilige ruimte bestaan waar sensitiewe sake eerlik bespreek kan word nie. Daar word ook verwys na 'n gebrek aan vertroue en onderlinge sorg. Hierdie terugvoer dui op 'n behoefte aan meer geleenthede vir verhoudingsbou, gesprek en wedersydse ondersteuning.

5.3 GEBREKKIGE KOMMUNIKASIE

Verskeie respondente wys ook op gebrekkige kommunikasie en kontak binne die ring. Dit sluit onder andere te min byeenkomste, beperkte kontak tussen gemeentes en onvoldoende oordrag van inligting na gemeentes in. Sommige respondente stel voor dat gereelde kommunikasie, nuusbriewe en meer besoeke aan gemeentes kan help om hierdie leemte aan te spreek.

5.4 GEBREK AAN LEIERSKAP EN KAPASITEIT

Sommige respondente meen dat daar nie altyd sterk leiding vanuit die ring ervaar word nie, en dat besluitneming soms stadig of onduidelik is. Daar is 'n behoefte aan meer doelgerigte leierskap wat gemeentes kan help om uitdagings aan te spreek.

5.5 AFWESIGHEID VAN ’N DUIDELIKE VISIE


’n Verdere punt wat genoem word, is die afwesigheid van ’n duidelike visie en langtermynrigting vir die ring. Respondente verwys na die gevoel dat gemeentes dikwels in ’n “oorlewingsmodus” funksioneer en dat daar nie altyd ’n gesamentlike fokus op die roeping en toekoms van die kerk is nie.
Daar is ’n behoefte aan strategiese gesprek oor hoe gemeentes saam kan werk om hulle roeping beter uit te leef.

5.6 BEPERKTE BETROKKENHEID VAN SOMMIGE PREDIKANTE

Sommige respondente noem ook beperkte betrokkenheid van sommige predikante as ’n uitdaging. Oorvol werkslading, deeltydse bediening en afstand tussen gemeentes kan daartoe bydra dat nie almal aktief aan ringsaktiwiteite deelneem nie.

5.7 SAMEVATTING

Samevattend dui die terugvoer daarop dat die grootste leemtes in die ring hoofsaaklik verband hou met samewerking, verhoudings, kommunikasie, leierskap en visie. Respondente verlang na ’n ring wat sterker fokus op onderlinge ondersteuning, vertroue, samewerking en gesamentlike roeping, sodat gemeentes mekaar beter kan ondersteun en saam ’n groter verskil kan maak.


Sasolburg
Parys
Deneysville
Vredefort
Viljoenskroon
Vierfontein
Bothaville
Kroonstad
Koppies
Oranjeville
Heilbron
Petrus Steyn
Reitz
Villiers
Cornelia
Frankfort
Vrede
Tweeling
Memel
Warden
Harrismith
Kerkenberg
Allanridge
Riebeeckstad
Odendaalsrus
Welkom
Hennenman
Virginia
Ventersburg
Edenville
Lindley
Arlington
Paul Roux
Bethlehem
Kestell
Clarens
Senekal
Hoopstad
Wesselsbron
Hertzogville
Bultfontein
Theunissen
Dealesville
Boshof
Winburg
Excelsior
Fouriesburg
Marquard
Ficksburg
Clocolan
Brandfort
Verkeerdevlei
Excelsior
Bloemfontein
Ladybrand
Thaba Nchu
Petrusburg
Jacobsdal
Koffiefontein
Fauresmith
Luckhof
Jagersfontein
Trompsburg
Springfontein
Philippolis
Reddersburg
Hobhouse
Dewetsdorp
Wepener
Edenburg
Vanstadensrus
Smithfield
Zastron
Rouxville
Bethulie
1 BETHLEHEM • 12 Gemeentes
2 BLOEMFONTEIN-NOORD • 9 Gemeentes
3 BLOEMHEUWEL • 7 Gemeentes
4 BULTFONTEIN • 10 Gemeentes
5 FAURESMITH • 9 Gemeentes
6 GOUDVELD • 10 Gemeentes
7 HARRISMITH • 10 Gemeentes
8 HEILBRON • 8 Gemeentes
9 SUIDOOS-BLOEMFONTEIN • 12 Gemeentes
10 SENTRAAL • 15 Gemeentes
11 SMITHFIELD • 9 Gemeente
12 VAALRIVIER • 15 Gemeentes
13 VALSRIVIER • 11 Gemeentes
14 WATERBRON • 10 Gemeentes
15 WELKOM • 7 Gemeentes



VRYSTAAT

Diens van Barmhartigheid

ngkerkvrystaat.co.za



C.

Diens van Barmhartigheid

C1 INLEIDENDE VERSLAG VAN DIENS VAN BARMHARTIGHEID

SAKE VIR KENNISNAME

1 DIE ONTSTAAN VAN DIE RAAD

Tydens die 2022 Sinode van die NG Kerk Vrystaat, word kennis geneem van die verloop van die geskiedenis van die SKDB as ’n volledige kerklike werksaamheid tot die huidige situasie waar die NG Kerk Vrystaat, ENGO en NG Welsyn drie afsonderlike entiteite is.

Daarom besluit die Sinode onder andere die volgende:
• aanvaar die vertrekpunte vir ’n teologie vir die Diens van Barmhartigheid asook die raamwerk vir ’n diakonale praxis soos dit in die dokument ‘Die Diakonaat van ’n Missionale Kerk’ uiteengesit is;
• besluit om die bestaande Bediening vir Diens van Barmhartigheid te herposisioneer as ’n afsonderlike eenheid en om die bestaande organigram van die Sinode se werksaamhede dienooreenkomstig aan te pas;
• besluit dat die Raad vir Diens van Barmhartigheid sal bestaan uit ringsverteenwoordigers, ’n verteenwoordiger uit elkeen van die ander bedieninge, die predikant van Torings van Hoop en ’n verteenwoordiger van die *Reformed Initiative for Community Development* (RICD);
• besluit dat die Raad vir Diens van Barmhartigheid so gou as moontlik konstitueer, ’n Dagbestuur van vyf lede aanwys en besluit op ’n konstruktiewe frekwensie van vergaderings ten einde die bediening te vestig.
• besluit dat dié nuwe Raad die bestaande Reglement vir Diens van Barmhartigheid (Reglement 6) moet hersien, in oorleg met die Sinodale Taakspan Regte (STK) en met verslag aan die Moderamen om dit goed te keur (Handelinge Vrystaat Sinode 2022, p.39)

Op 28 April 2022 konstitueer die nuut gestigte Raad vir Diens van Barmhartigheid met die kundiges en ringsverteenwoordigers soos deur die 2022 Sinode aangewys. ’n Dagbestuur, bestaande uit mnre W Lombard, AJ de Ruiter, di R Wessels, JS du Plessis (bedank later van die dagbestuur), DV le Roux, BIC Steyn, A van Staden, drr NJ Mostert en A Celliers (tree later af) word aangewys. Later word mnr PJ van der Merwe en ds JL Reynders op die dagbestuur gekoöpteer. Met die konsituering van die Dagbestuur op 3 Mei 2022, word di JS du Plessis en A van Staden onderskeidelik as voorsitter en onder-voorsitter verkies. Na die bedanking van ds JS du Plessis as voorsitter en dagbestuurslid, besluit die Dagbestuur dat die onder-voorsitter, ds A van Staden, in die interim tot en met die volgende Vrystaat Sinode in 2026 as voorsitter sal dien (8 Februarie 2024). Met die oog op kontinuïteit, besluit die Dagbestuur om die voorsitter, ds A van Staden, as waarnemer na die komende Vrystaat Sinodesitting te stuur, daar ds Van Staden einde Julie 2025 demissie ontvang het, en dus nie meer deur ’n gemeente afgevaardig kan word nie. (11 Februarie 2026).

’n Hersiene reglement vir die funksionering van die Raad word op 17 November 2022 deur die Raad goedgekeur en na die Moderamen verwys vir afhandeling (29 November 2023). In die lig van verdere ontwikkelinge in die funksionering van die Raad en haar verhoudinge met ENGO en NG Welsyn, word daar verdere wysigings aan dié reglement aangebring en goedgekeur deur die Dagbestuur
(11 Februarie 2026) en die Raad (5 Maart 2026).
Sien 6 Reglement vir Diens van Barmhartigheid.

2 SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Die Raad soos deur die 2022 Sinode aangewys, en wat later bepaalde veranderinge ondergaan het, het soos volg daaruit gesien:

Kundiges:

- Ds JL Smith
- Ds J Marais – bedank as lid
- Dr JS Kruger – verlaat die sinodale gebied
- Ds R Wessels
- Ds DE Bubb
- Ds JS du Plessis
- Ds HJ Conradie
- Ds C du Raan
- Mnr PA van der Merwe – later gekoöpteer
- Ds DV le Roux (ampshalwe)
- Ds CV de Vries (ampshalwe) – tree uit by NG Gemeente Kopanong; vervang deur ds W van Velden
- Dr NJ Mostert (Vennote in Getuienis)
- Ds BIC Steyn (Bedieningsbegeleiding) – verlaat die sinodale gebied; vervang deur dr LM Foot
- Mnr AJ de Ruiter (Ondersteuning)

Ringsverteenwoordigers

Primarii	**Sekundi**
• Bethlehem: Ds DE Bubb	
• Bloemfontein-Noord: Ds JL Smith	Ds J Marais – bedank as lid
• Bloemheuwel: Ds JL Reynders	Ds E Engelbrecht
• Bultfontein: Dr A Celliers – afgetree ; vervang deur ds R Wilken	
• Fauresmith: (Oudl) JG Schulz – vervang deur ds M Nortier	Ds JD Thom - afgetree
• Goudveld: Ds R Wessels	Ds HJ Conradie
• Harrismith: Ds JH van Deventer – verlaat sinodale gebied	Ds SJ van Heerden
• Heilbron: (Oudl) JH Hattingh	Ds GJ Strydom
• Sentraal: Ds WG Stümpfe – verlaat die sinodale gebied	Dr JC Marais
• Smithfield: (Oudl) WJ Lombard	
• Suidoos-Bloemfontein: Ds A van Staden - afgetree	Ds CP Hellmuth
• Vaalrivier: D Esplin	Ds J Steurer – verlaat die sinodale gebied
• Valsrivier: (Oudl) WJ Burger	Ds D Allen
• Waterbron: Ds PG Meyer	
• Welkom: (Oudl) JH Brits	(Oudl) JH Botha

Met die oog daarop om ringsverteenwoordigers in die toekoms te help om ’n beter begrip van hul rol en verantwoordelikhede op die Raad te hê, is ’n Handleiding vir Ringsverteenwoordigers opgestel (Sien C1-1. Handleiding vir Ringsverteenwoordigers, Raad vir Diens van Barmhartigheid).

3 UITVOERENDE AMPTENAAR

Reeds met die konstituering van die Raad vir Diens van Barmhartigheid (28 April 2022) is daar besin oor ’n Uitvoerende Amptenaar. Diep onder die besef dat van die opdragte van die 2022 Sinode dringend was en dadelik aandag moes kry, en weens die Sinode se moratorium op nuwe aanstellings ter wille van besparing, word die aanbod van Vennote in Getuienis met dankbaarheid deur die Dagbestuur aanvaar (19 September 2022). Ds DV le Roux, in diens van Vennote sedert Oktober 2008 en gesekondeer na Torings van Hoop, kon vir die 2022-2023 finansiële jaar vir 40% van sy tyd gesekondeer word na Diens van Barmhartigheid as interim Uitvoerende Amptenaar, met ingang 1 Oktober 2022. Die Raad van Diens van Barmhartigheid kondoneer die Dagbestuur se besluit tydens die daaropvolgende raadsvergadering (17 November 2022).

Tydens dié raadsvergadering word verder besluit:

- dat in die lig van die omvang van die ontwikkeling en daarstel van ’n omvattende sinodale bediening

van barmhartigheid, 'n permanente Uitvoerende Amptenaar onontbeerlik is;
• dat die Dagbestuur moet voortgaan om 'n permanente Uitvoerende Amptenaar vir die bediening aan te wys om met ingang 1 Maart 2023 diens te aanvaar;
• dat die Dagbestuur saam met die Uitvoerende Amptenaar die fokus en pligtestaat van die Uitvoerende Amptenaar moet ontwikkel;
• dat die Raad vir Ondersteuning versoek moet word om voorsiening te maak vir die vergoedingspakket van 'n permanente Uitvoerende Amptenaar.

Na suksesvolle gesprekke met die Raad vir Ondersteuning, neem die Moderamen tydens haar eerste vergadering van 2023 (24 Januarie 2023) kennis dat ds DV le Roux vanaf 1 Maart 2023 herontplooi word van Vennote in Getuienis na Diens van Barmhartigheid om te dien as permanente Uitvoerende Amptenaar.

In die formalisering van ds Le Roux se pligtestaat, besluit die Dagbestuur (13 Februarie 2023) om sy rol as Besturende Direkteur by Torings van Hoop Trust, en leraar van die NG Gemeente Bloemfontein (Tweetoringkerk) hierby in te skryf, gesien teen die lig dat dit nie prakties moontlik was vir ds Le Roux om onmiddellik totaal daar te onttrek nie. Torings van Hoop Trust het dan ook dadelik begin met 'n proses om te werk na 'n tyd wat ds Le Roux sou kon onttrek met die aanstelling van 'n Algemene Bestuurder vir die dag tot dag bedrywighede. Sy finale pligtestaat word goedgekeur deur die Dagbestuur (13 April 2023) en die Raad (16 Mei 2023). Nuwe ooreenkomste is dan ook in dié verband gesluit met Torings van Hoop Trust en die NG Gemeente Bloemfontein, wat betref ds Le Roux se werk.

Teen die begin van 2026, blyk dit dat die tyd aangebreek het vir ds DV le Roux om uit te fasseer by die Torings van Hoop Trust en die NG Gemeente Bloemfontein, in die lig van groter veranderinge en herposisionering by beide entiteite. Mnr AT Nieuwoudt (met die opleiding van 'n 'Bedienaar') tree op 1 Maart 2026 in diens van Vennote in Getuienis as die 'Koördineerder Middestads- en Arbeidsbedieninge' en is in die proses om die verantwoordelikhede oor te neem vir die bediening by die NG Gemeente Bloemfontein, sowel as om die spanleier van die aktiwiteite by Torings van Hoop Trust te wees. Die verwagting is dat dié oorgee van verantwoordelikhede van ds Le Roux aan mnr Nieuwoudt, afgehandel sal wees teen Oktober 2026.

4 DIE UITKLAAR VAN DIE NUWE VERHOUDING MET ENGO EN NG WELSYN

Sekerlik een van die eerste take op die tafel van die nuwe Raad vir Diens van Barmhartigheid was die uitklaring van die nuwe verhouding met ENGO, soos die 2022 Sinode besluit het:
• in die lig van die bestaande sinodebesluite oor die befondsing van werksaamhede van ENGO, asook die behoeftes aan gesamentlike projekte en dienste wat ENGO aan die NG Kerk Vrystaat kan lewer, nuwe ooreenkomste met ENGO te onderhandel en te sluit in oorleg met die Moderamen;
• dat die bestaande ooreenkoms vir prorata bydraes aan ENGO en die insameling van deurkollektes vir hospitaalbearbeiding en gevangenisbediening gehonoreer word tot en met die sluiting van nuwe ooreenkomste. (Handelinge Vrystaat Sinode 2022, p.39)

Die agtergrond hiervan is die Moderamen wat op 24 September 2021 op grond van verskeie aanbevelings en regsmenings besluite geneem het wat regsgevolg gee aan die feitlike situasie dat die NG Kerk Vrystaat, ENGO en NG Welsyn afsonderlike en selfstandige entiteite is (Agenda Vrystaat Sinode 2022, p.40). Verteenwoordigers van die Beheerraad van ENGO en die Direksie van NG Welsyn het reeds in September 2020 'n konsep Memorandum van Ooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat, ENGO en NG Welsyn met die Interimkomitee van die Moderamen bespreek. Weens verskeie redes kon die ander handelinge dié ooreenkoms teen die tyd van die 2022 Sinode nog nie afgehandel word nie.

Die opdrag om ooreenkomste met ENGO, en by implikasie NG Welsyn, te onderhandel en in oorleg met die Moderamen te sluit, is dus oorgedra aan die nuwe Raad vir Diens van Barmhartigheid.

Een van die eerste uitdagings in die onderhandelingsproses, was die status van die konsep Memorandum van Ooreenkoms wat reeds sedert September 2020 op die tafel was. Weens die stadige vordering in onderhandelinge sedert September 2020 en die dringendheid by ENGO om haar verhouding met die NG Kerk Vrystaat teenoor die staat uit te klaar, het ENGO die status van die konsep Memorandum van Ooreenkoms soos dit op daardie stadium daar uitgesien het, in Augustus 2021 vir haarself verander na 'n beleid saam samewerking met die NG Kerk en ander Vennote.

Na ’n aantal aanvanklike vergaderings tussen die onderhandelingspan van die Raad vir Diens van Barmhartigheid (dr A Celliers, mnr AJ de Ruiter, ds Le Roux en A van Staden) en lede van ENGO se Beheerraad, is ooreengekom om die konsep Memorandum van Ooreenkoms as basis vir die finale ooreenkoms te gebruik. Na die verheldering van regsmenings van mnr PHT Colditz en mnr DP Rossouw is die finale Samewerkingsooreenkoms tussen ENGO en NG Welsyn en die NG Kerk Vrystaat geteken op 29 November 2023.

In wese raak die Samewerkingsooreenkoms die volgende belangrike kwessies aan wat tydens die onderhandelingsproses uitgeklaar moes word (Uittreksel uit die Ooreenkoms tussen ENGO en NG Welsyn Vrystaat en NG Kerk Vrystaat):

• dat die NG Kerk Vrystaat en ENGO en NG Welsyn nie dieselfde organisasie is nie;
• dat ENGO voortgaan met sy siekesorgprogram en hospitaalbearbeiding soos in die verlede;
• dat ENGO sal voortgaan met sy dienste aan gevangenes, oud-gevangenes en hulle families;
• dat die NG Kerk Vrystaat onderneem om jaarliks vier deurkollektes in te samel en oor te betaal aan ENGO as ’n bydrae vir die lewering van dienste;
• dat vir ooreengekome gesamentlike projekte of aksies op provinsiale vlak ’n afsonderlike ooreenkoms of projekplan opgestel word;
• dat ENGO onderneem om jaarliks ’n saamgevatte finansiële verslag aan die NG Kerk Vrystaat beskikbaar te stel;
• dat die NG Kerk Vrystaat jaarliks binne sy vermoë en in sy eie diskressie en in die lig van ENGO se voormelde finansiële verslag ’n finansiële bydrae aan ENGO sal maak;
• dat alle ander bestaande en vermeende reëlings oor finansiële bydraes aan ENGO hiermee gedetermineer word;
• dat ENGO die ooreenkomste met plaaslike gemeentes en ringe in oorleg met sulke gemeentes en ringe sal voortsit en waar nodig en indien van toepassing sal heronderhandel binne die verwysingsraamwerke van bestaande en nuwe samewerking, gebruiksregooreenkomste en konstitusies;
• dat dit ENGO sal vrystaan om steeds fondse in te samel by kerkrade en gemeenskappe (Sien C1-2 Ooreenkoms tussen ENGO en NG Welsyn Vrystaat en NG Kerk Vrystaat).

Hierdie ooreenkoms was en is steeds nog net die begin van die proses om die nuwe verhouding tussen die NG Kerk Vrystaat en ENGO te vestig en te kommunikeer aan die Vrystaatse gemeentes en ringe. ENGO is gebore uit die NG Kerk Vrystaat se barmhartigheidsdienste oor vele dekades en het ontwikkel uit die ou Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (SKDB). Die voortgaande verhouding met ENGO is daarom geweldig belangrik en daarom wil die Raad vir Diens van Barmhartigheid dié verhouding nie net koester nie maar ook bevorder en uitbou sodat die diens aan die Vrystaatse gemeenskappe daardeur net bevoordeel kan word.

Tog wil dit lyk of daar by sommige gemeentes en ringe verwarring is oor die verhouding van die NG Kerk Vrystaat en ENGO. Tydens ’n konstruktiewe gesprek tussen verteenwoordigers van die NG Kerk Vrystaat (lede van die Interimkomitee en dagbestuurslede van die Raad vir Diens van Barmhartigheid) en leiers van ENGO op 16 Augustus 2025, word die volgende gestel:

• Waar ENGO gefokus is op spesifieke nood in die breër gemeenskap (dit is maatskaplike dienste, jeugsorg- en bejaarde sentrums), word Diens van Barmhartigheid gerig deur ’n teologie van gemeente-diakonaat.
• Daar het ’n skeiding tussen ENGO en die NG Kerk Vrystaat plaasgevind met die ondertekening van ’n Ooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat en ENGO op 29 November 2023 wat die aard van die nuwe verhouding in detail uitspel.
• Daar is verskeie plekke en terreine waar die NG Kerk Vrystaat en ENGO saamwerk en dit moet gekoester word.
• Hierdie nuwe verhouding (sedert November 2023) tussen die NG Kerk Vrystaat en ENGO moet duidelik gekommunikeer word sodat daar nie verwarring by gemeentes en lidmate is oor die NG Kerk Vrystaat se sinodale bediening van Diens van Barmhartigheid en ENGO nie.

Daarom het die Interimkomitee die Uitvoerende Amptenaar van die Diens van Barmhartigheid, ds Le Roux, en die voorsitter van die beheerraad van ENGO, ds JL Smith versoek om ’n gesamentlike brief aan gemeentes in die Vrystaat te rig, wat deur die Moderamen uitgestuur sal word, waarin die onderskeid tussen van die Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk Vrystaat asook ENGO duidelik gemaak word. (Januarie 2026).

Met die ondertekening van die ooreenkoms, het dit weldra geblyk dat die verhouding met NG Welsyn (’n Artikel 21 nutsmaatskappy wat in 1999 gestig en waarna alle kapitale bates oorgedra is) eer-

der tuishoort onder die Raad vir Ondersteuning daar dit gaan oor die saak van eiendomme. By 'n vergadering van die Raad vir Diens van Barmhartigheid (23 Mei 2024) is dan so besluit en aan die Raad vir Ondersteuning gekommunikeer.

5 DIE BENADERING VAN DIENS VAN BARMHARTIGHEID

• Diens van Barmhartigheid fokus op die nood van mense in al sy vorme, 'n menswaardige bestaan vir almal, die volhoubare aanwending en bevordering van hulpbronne wat vir menslike voortbestaan en 'n menswaardige lewe nodig is en geregtigheid teenoor almal.

• Die gemeente is die instrument van die Drieenige God in sy bediening van barmhartigheid aan die wêreld. Hierdie bediening vind gestalte in die gemeente se eie kring en omgewing, en van daaruit saam met ander gemeentes in rings- en sinodale verband.

• In gemeente, rings- en sinodale verband vind die barmhartigheidsbediening ook plaas in vennootskap met ander gemeentes, kerke, organisasies en die staatsdepartemente wat op die terrein van diens van barmhartigheid/diakonaat diens lewer en aktief is. (Aanvanklike Reglement vir Diens van Barmhartigheid, goedgekeur deur die Raad vir Diens van Barmhartigheid, 17 November 2022; gedien by Moderamen, 29 Nov 2023)



Teen hierdie agtergrond is die volgende logo vir Diens van Barmhartigheid ontwikkel. Dit beeld twee hande uit wat byna aan mekaar raak, met 'n klein spasie tussenin. Die prent kom van die skildery wat Michelangelo, die 16de eeuse Italiaanse skilder teen die dak van die Sistynse kapel in Vatikaanstad, na Rome geskilder het. In 'n uitbeelding van die oomblik van die skepping van die mens (Genesis 2:4) raak God (die hand aan die regterkant) Adam (die hand aan die linkerkant) aan.

Op soortgelyke wyse is die werk van Diens van Barmhartigheid alles God se werk. Dis Hy wat die mens in sy nood aanraak (die hand aan die regterkant) en help. Ons as mense is slegs die klein spasietjie tussen 'God se hand' en 'die mens wat gehelp word' (die hand aan die linkerkant).

6 DIE WERKSAAMHEDE VAN DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Die opdrag van die 2022 Sinode aan die Raad was om die vertrekpunte van diens van barmhartigheid asook die raamwerk vir 'n diakonale praxis verder uit te werk in 'n diakonale bedieningsbeleid vir die NG Kerk Vrystaat (Handelinge Vrystaat Sinode 2022, p.39).

As eerste stap in die uitvoering hiervan, reël die Dagbestuur 'n visioeneringsgesprek vir 14 & 15 Junie 2022 oor die Raad se rol in gemeente diakonaat. Rolspelers soos ENGO, *Setshabelo Child and Youth Care*, RICD, Torings van Hoop, die VVA en *Childline Free State* is die geleentheid gegee om te kom gesels oor hul werksaamhede.

6.1 OPDRAGTE EN BEVOEGDHEDE

In die hersiening van die Reglement vir Diens van Barmhartigheid, definieer die Raad haar opdragte en bevoegdhede as volg:

6.1.1 Multidissiplinêre navorsing en besinning oor gemeentelike (in rings- en sinodale verband ingeslote) diens van barmhartigheid ('n diakonale ekklesiologie), en die bepaling van strategie en beleid vir die uitvoering hiervan.

6.1.2 Inspirasie, ondersteuning en advies aan gemeentes, ringe en die sinode in alle aspekte van diens van barmhartigheid, ingesluit hulle verhoudings en formele samewerking met ENGO, ander kerke en ander organisasies.

6.1.3 Identifisering en daarstelling van aspekte van barmhartigheidswerk wat gemeentes in sinodale verband saam beter kan doen;

6.1.4 Die vestiging en instandhouding van 'n verhoudingsgebaseerde samewerkingsooreenkoms met ENGO en NG Welsyn en ander soortgelyke organisasies deur toepaslike ooreenkomste en 'n gedeelde visie ten opsigte van ENGO, NG Welsyn en ander soortgelyke organisasies se spesialisasie gebiede;

6.1.5 Die vestiging en uitbou van verhoudings met ander kerke in nouer en wyer ekumeniese verband met die oog op samewerking in alle aspekte van diens van barmhartigheid;

6.1.6 Die identifisering van organisasies wat betrokke is by diens van barmhartigheid in die Vrystaat en die sluit van toepaslike ooreenkomste waar,

vanuit 'n gedeelde waardesisteem, wedersyds waarde toegevoeg kan word tot dienslewering en/of gesamentlike aksies;
6.1.7 Die bestuur van die Hoopfonds is gesetel onder Diens van Barmhartigheid;
6.1.8 Die aanwys, bestuur en koördinering van permanente en tydelike taakspanne, asook ander struktuure wat vir die uitvoering van die werksaamhede van Diens van Barmhartigheid nodig sal wees;
6.1.9 Identifisering van terreine waar formele samewerking met ander bedieninge en taakspanne van die sinode sinvol kan sal wees, en die aktiewe deelname daaraan;
6.1.10 Stel 'n begroting vir die bediening op in oorleg met die Raad vir Ondersteuning;
6.1.11 Doen verslag aan die Moderamen en die Sinode.

6.2 STRUKTUUR EN UITGANGSPUNTE

Met inbegrepe van die verstaan dat barmhartigheidsdiens nie net die verligting van maatskaplike wantoestande en armoede is nie, maar ook die saak van sosiale geregtigheid en verhoudings insluit (Agenda vir die Algemene Sinode 1994, p. 214), word die volgende struktuur vir die werk van Diens van Barmhartigheid ontwikkel aan die hand van twee hoofafdelings: Noodleniging en Geregtigheid (sien die ingeslote diagram Diens van Barmhartigheid Struktuur). Die doel hiermee is om seker te maak dat die hele spektrum van wat barmhartigheid is voor oë gehou kan word sodat daar verseker word dat geen saak wat betref barmhartgheid in haar breedste verstaan, agterweë gelaat word nie.

In dit alles is een van die kern uitgangspunte vir die Raad om voortdurend te bepaal hoe gemeentes en ringe gedien kan word in die uitvoering van hul barmhartigheidsdiens. Vir die Raad is dit belangrik om dit deur verskeie maniere moontlik te maak vir die NG Kerk Vrystaat om in haar gemeentes en ringe die Here se hart van omgee en sorg te kan uitleef teenoor hulle in eie kring, maar ook teenoor diegene wat verder van die gemeente af staan. Hiervoor is fondse, besoeke deur die Uitvoerende Amptenaar en konneksies met 'n verskeidenheid van netwerke en vennote beskikbaar gestel.

6.3 SKAKELING MET RINGE EN GEMEENTES

6.3.1 Besoeke aan ringe, gemeentes en leiers

As Uitvoerende Amptenaar van die Raad het ds Le Roux die afgelope termyn besoeke aan gemeentes, ringe en leiers gebring aangaande diens van barmhartigheid en hoe die sinodale bediening vir Diens van Barmhartigheid gemeentes kan ondersteun: besoeke aan leiers (53), besoeke aan ringe in sitting (29), preekgeleenthede en vergaderings met die gemeentelike Barmhartigheidskommissies (23).
Daar is ook begin met 'n opname onder Vrystaatse gemeentes aangaande barmhartigheidsinisiatiewe. Die doel daarmee is om enersyds die mooi verhale te vertel van waarmee gemeentes besig is, maar om andersyds ook duidelikheid te kry van die groter prentjie oor wat in Vrystaatse gemeentes aan die gebeur is. Dit sal die Raad vir Diens van Barmhartigheid rig oor die wyse hoe om gemeentes en ringe te ondersteun, maar ook om hulle aan te moedig waar dalk leemtes kan wees.

6.3.2 Ringsfondse projek

Die Ringsfondse projek is deur ds BIC Steyn, vorige Uitvoerende Amptenaar van Bedieningsbegleiding geïnisieer. Na hy die sinodale gebied van die Vrystaat verlaat het, het die bestuur daarvan oorgeskuif na die Uitvoerende Amptenaar van Diens van Barmhartigheid, ds Le Roux.

Dié projek het ten doel om jaarliks fondse afkomstig van die drie bedieninge van die Vrystaat Sinode (Bedieningsbegeleiding, Vennote in Getuienis, en Diens van Barmhartigheid) beskikbaar te stel vir ringe om óf as 'saadkapitaal' te dien vir 'n nuwe inisiatief in die ring of 'n ringsgemeente(s), óf 'n eenmalige projek waarvoor daar nie op die oomblik finansies beskikbaar is nie. Dié inisiatief moet ook tot voordeel wees van die die breër plaaslike gemeenskap met aktiewe deelname van ander kerke en/of vennote. Reeds bestaande projekte of aksies kan ook in aanmerking kom, maar dan moet daar duidelik gemotiveer kan word waarom die toegekende fondse daarvoor aangewend gaan word.

Tydens die 2023-2024 finansiële jaar het 13 uit die 15 ringe fondse ontvang (R50 000 per ring) omdat daar oor die vorige jaar se projek verslag gedoen is en 'n berig daaroor in die Vrypos verskyn het.



STRUKTUUR

NOODLENIGING

(i) Onmiddellike nood

Basiese behoeftes
- Sopkombuise en kospakkies klere, komberse, ensovoorts
- Nagskuilings

Maatskaplike krisisse
- Noodlyn
- Traumaberading

Rampe
- Reaksieplanne
- Hoopfonds

(ii) Herstel van nood

Siekesorg
- Hospitaalbediening
- Tuisbesoeke

Gevangenisbearbeiding
- Gevangenisbesoeke
- Post-gevangenis

Verslawing
- Sentrums en buite-pasiënte

Prostitusie
- Maatskaplike dienste

(iii) Versorging van nood

Jeugsorg
- Jeugsorgsentrums
- Bejaardes
- Residensiële sentrums
- Dienssentrums
- Privaatwonings

Terminale sorg
- *Hospice*
- Tuisversorging

Gestremde sorg
- Residensiële sorg
- Dienssentrums
- Privaatwonings

GEREGTIGHEID

(i) Omgewingsgeregtigheid

Gemeenskapsinisiatiewe
- Skoonmaak-aksies
- Dorp-aksies

Herwinning
- *Recycling*
- *Up-cycling*

(ii) Sosio-ekonomiese

Vaardigheid | Skoling
- ABID-programme
- Skool programme
- Handvaardigheid
- *Life skills*
- Werk-gereedheid

Werkskepping
- Werkfasilitering - werk soek
- Besigheid leer

(iii) Gemeenskapsregte

Vredemakers
- Mediasie
- Versoening

Gemeenskapsontwikkeling
- Assets Based Community Development (ABCD)

VRYSTAAT

Diens van Barmhartigheid

• Ring van Bethlehem – subsidiëring van NG Gem Witteberg
• Ring van Bloemfontein-Noord – kospakkie projek NG Gem De Bloem
• Ring van Bloemheuwel – *Better Together* gesamentlike Belydenisklaskamp
• Ring van Bultfontein – staander vir Jojo-tenks (Winburg); werk aan VGK kerkgebou (Dealesville)
• Ring van Goudveld - #Imagine jeugbyeenkoms; damesoggend vir die ring
• Ring van Harrismith – verskeie kleiner projekte
• Ring van Heilbron – koste: jeugleier na WRK vergadering; hulp by ouetehuis; kos- en komberse projekte
• Ring van Smithfield – brandbestuuropleiding vir 400 boere en plaaswerkers
• Ring van Suidoos-Bloemfontein – kostes van twee diensleraars; 'Fanie se winkel' (Reddersburg); ringsete
• Ring van Vaalrivier – INPAS-kursus van Tom Smith
• Ring van Valsrivier – verskeie projekte
• Ring van Waterbron – subsidiëring van jeugwerker by NG Gem Bloemfontein-Wes (Ons Kinderhuis)
• Ring van Welkom - ringsjeugkamp

Met die 2024-2025 finansiële jaar, het daar 'n effense wysiging gekom. Ringe is versoek om in die aanvoer en uitvoering van die bepaalde projek(te) te skakel met een of meer van die uitvoerende amptenare van die drie bedieninge met die oogmerk van groter koördinering en ondersteuning, alvorens fondse (R75 000 per ring) aan ringe oorbetaal sou word. Slegs 4 uit 15 ringe het die proses gevolg en befondsing ontvang.

• Ring van Bethlehem – subsidiëring van NG Gem Witteberg
• Ring van Bloemfontein-Noord – kospakkie projekte NG Gem De Bloem & Torings van Hoop; *Better Together* gesamentlike Belydenisklaskamp
• Ring van Goudveld – groentetonnel by bejaardesentrum (Virginia); leraars-retraite
• Ring van Waterbron – subsidiëring van diensleraar (NG Gem Universitas-Wes); berader vir jeugwerk (NG Gem Universitas-Wes); subsidiëring van jeugwerker by NG Gem Bloemfontein-Wes (Ons Kinderhuis)

Vir die 2025-2026 finansiële jaar is 'n kleiner bedrag per ring (R40 000) deur die drie bedieninge beskikbaar gestel omdat 'n deel van die fonds gebruik is (R450 000) om dit vir elke NG leraar in die Vrystaat moontlik te maak om die Vrystaatse Predikante konferensie (10-12 Junie) te Amanzi, Brandfort by te woon. Slegs 3 uit 15 ringe het die proses gevolg en befondsing ontvang.
• Ring van Bethlehem – subsidiëring van NG Gem Witteberg
• Ring van Fauresmith – Better Dorpe inisiatief
• Ring van Heilbron – werk aan ouetehuis (Heilbron); Omgee Fees (Reitz); opleiding van persoon, Baberton Bible Institute

Wat die toedeling van die 2026-2027 finansiële jaar betref, is daar deur die drie bedieninge ooreengekom om Bedieningsbegeleiding se bydrae aan te wend om leraars wat die Nasionale Predikante Saamtrek (25-28 Augustus te Goudini, Wes-Kaap) gaan bywoon se verblyf te subsidieer met R1 500 per leraar. Die bydraes tot die Ringsfondse projek van Vennote in Getuienis en Diens van Barmhatigheid sal as volg aangewend word:
• R45 000 per Ring vir nuwe projekte (dieselfde kriteria soos in 2025-2026)
• Die res sal beskikbaar wees vir ringe vir bestaande projekte of programme waarvoor daar nie befondsing beskikbaar is nie.

6.3.3 Projek Medewerkers

Met die oogmerk om gemeentes verder te help in die uitvoering van barmhartigheidsprojekte en aksies, is die 'Projek Medewerkers' geskep wat fondse vir bepaalde barmhartigheidsprojekte kan beskikbaar stel teen 'n maksimum van R20 000 per projek. In uitsonderlike gevalle sou daar wel meer gegee kon word.

Tydens die 2024-2025 finansiële jaar is R165 674 in totaal aan die volgende gemeentes vir barmhartigheidsprojekte uitgee:
• NG Gem Edenville - Woord & Brood projek in die gemeenskap
• NG Gem Fouriesburg - hulp vir skoling van seun in moeilike omstandighede
• NG Gem Universitas-Wes - hulp vir elektroniese rolstoel vir kwadrupleeg
• NG Gem Riebeeckstad-Erfdeel – groente-tonnel projek by hawelose sentrum, Beukeskuil
• NG Gem Bloemfontein-Wes - kamp vir kinders van Ons Kinderhuis Jeugsorgsentrum
• NG Gem Riebeeckstad-Erfdeel - aankoop van groot lithium batterye vir hawelose sentrum, Beukeskuil
• NG Gem Senekal - ondersteun dorpsprojek om slaggate op die dorp op te vul
• NG Gem Edenburg – brandskade op plaas

Wat die 2025-2026 finansiële jaar aanbetref is die begrote bedrag hiervoor effe oorskrei: R300 033 is gespandeer.

• NG Gem Zastron - toerus van 'step-down'-fasiliteit by Huis Vergesig, bejaardesentrum
• NG Gem Bethlehem-Oos - rehabillitasie program van *I-Grow*
• NG Gem Bethlehem-Panorama - skoonmaak & kospakkie inisiatief
• NG Gem Smithfield - komberse projek
• NG Gem Dewetsdorp - kospakkie projek
• NG Gem Heuwelsig - hulp aan Carel du Toit skool vir gehoorgestremdes
• NG Gem Sasolburg-Vier Ankers - lidmaat by Ebenhaezer sentrum vir gestremdes, Viljoenskroon
• NG Gem De Bloem - kospakkie projek
• NG Gem Taaibosspruit - sopkombuis & kospakkie bediening
• NG Gem Viljoensdrif - sopkombuis & kospakkie bediening
• NG Gem Bedelia, Welkom - jeugkamp koste, behoeftige jeug
• NG Gem Fouriesburg - voedselnood, kospakkies
• NG Gem Parys-Wes - hulp VVA Jeugsorgsentrum, Huis Chrissanloo
• NG Gem Pellissier - opleiding van werkloses as baristas
• NG Gem Ooshoek - borduurmasjien, werkskepping-projek
• NG Gem Edenburg - herstel van slaggate in die dorp

Omrede daar steeds versoeke vir hulp ingekom het in die 2025-2026 finansiële jaar, is dié versoeke (wat voldoen aan die kriteria vir maatskaplike hulp) vanuit die ledger rekening van 'Maatskaplike dienste' befonds. R43 000 is só toegewys. Die volgende gemeentes het op hierdie basis uitbetalings vir die 2025-2026 finansiële jaar ontvang :
• NG Gem Reitz - kommunikasie apparaat, verstandelik gestremde kwadrupleeg na motorongeluk
• NG Gem Bethlehem-Oos - *I-Grow Recovery* kamp, 12 persone in rehabilitasie
• NG Gem Woodlands - Lettie Fouché skool bemagtigingsprojek
• Kopanong studente - studente voedselhulp

Vir die 2026-2027 finansiële jaar is die begroting opgeskuif na R500 000 en is die volgende uitbetaling reeds gedoen:
• NG Gem Bloemfontein-Wes - jeugkamp vir kinders van Ons Kinderhuis
• NG Gem Fouriesburg - kospakkies

6.3.4 Silostrat fondse

Die projek (so genoem na aanleiding van die meule waar die skenker se mielie-oes gemaal is), word aangewend net vir die verligting van akute nood (kos, klere, verblyf en mediese uitgawes) onder bejaardes en kinders, en ook net vir 'n vasgestelde tyd. Van die R406 000 ontvang, is R336 770 reeds uitbetaal aan die volgende gemeentes:
• NG Gem Jacobsdal - hulp aan kwesbare bejaardes, Huis Herfsakker
• NG Gem Fauresmith - hulp aan geïdentifiseerde behoeftige kinders
• NG Gem Hospitaalpark - ondersteuning van kostes vir kritieke operasie van 'n kind
• NG Gem Bethlehem-Efrata - hulp aan kwesbare bejaardes, Sonskyn dienssentrum
• Ring van Bethlehem - subsidiëring van etes, kwesbare bejaardes, Huis Skemervreugde, Paul Roux
• NG Gem Sasolburg-Vier Ankers - ondersteuning mediese koste, kritiek siek dogter
• NG Gem Bethlehem-Efrata - ondersteuning van dogter in slegte omstandighede
• NG Gem Aandbloem - subsidiëring van die kostes van verswakte bejaardes, Aandrus
• NG Gem Reitz - ondersteuning van Alzheimer bejaardes, '*House of St Pauls*', Reitz
• NG Gem Bloemheuwel - ondersteuning van behoeftige bejaardes, VVA Mooihawe
• NG Gem Welkom-Suid - versorging van 'n bejaarde demensie-lyer
• NG Gem Fouriesburg- 'n kwartaal se skool- en koshuisgelde vir ses kinders – ouer het werk verloor
• NG Gem Jacobsdal – hulp aan geïdentifiseerde behoeftige kinders

6.3.5 Opleiding van tuisversorgers

Die behoefte aan tuisversorgers is besig om toe te neem. In die proses om die beste moontlike hulp hiermee aan die Vrystaat se NG gemeentes te gee, word daar na verskeie moontlikhede gekyk.

Die opsie om tuisversorgers teen R18 000 per persoon vir ses maande by die sentrum van Helpende Hand/Solidariteit in Pretoria-Oos op te lei, word na gekyk. Die minimum vereistes vir toelating tot die kursus (wat teorie, prakties en indiensopleiding by goedgekeurde versorgingsentrums in Pretoria insluit) is gr 10 (enige geslag bo 18 jaar) en dat die student Afrikaans kan praat. Ofskoon rente-vrye lenings van Helpende Hand/Solidariteit beskikbaar is, is daar die uitdaging van verblyf en vervoer. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) het 'n ooreenkoms met die sentrum en maak ruim van hulle gebruik om tuisversorgers daar op te lei. Daar word op die oomblik verder ondersoek ingestel na ander opleidingsentrums wat nader as Pretoria is.

Die Raad sou graag, as toetslopie in ’n vennootskap met ’n Vrystaatse gemeente wil gaan wat twee persone kan aanwys om opgelei te word, maar vir wie daar ook na hul opleiding die waarborg kan wees van werk. By navraag het ENGO Jeugsorg gekommunikeer dat daar ten minste twee kandidate is van diegene wat na skool beskikbaar is om as tuisversorgers opgelei te word.

6.3.6 NG Gem Bloemfontein-Wes se bediening van die jeug van Ons Kinderhuis

Die NG Gem Bloemfontein-Wes, reg langs die terrein van Ons Kinderhuis in Bloemfontein, neem al jare verantwoordelikheid vir die kinders van Ons Kinderhuis – op die oomblik 10 huise met rondom 150 kinders. Deel van hul jeugwerker, Christelle Trollope se verantwoordelikhede is dan juis die bediening van die kinders. In die verlede kon NG Gem Bloemfontein-Wes dié deel van haar maandelikse salaris betaal met fondse van die Ringsprojekte fonds soos deur Ring van Waterbron aan die gemeente toegewys. Met die verandering van die Ringsprojekte inisiatief, is dit nie meer moontlik nie. Daarom is besluit om vir die 2025-2026 finansiële jaar R60 000 aan die NG Gem Bloemfontein-Wes vir die projek van versorging van die kinders toe te ken, en vir die 2026-2027 finansiële jaar R65 000.

6.3.7 Ring van Bethlehem se behoefte aan groter kapasiteit in maatskaplike dienste

Die Ring van Bethlehem is besig om te kyk na wyses om groter kapasiteit in maatskaplike dienste in die dorp te verkry. Die plan is om saam met die VVA ’n halfdag maatskaplike werkerpos te skep wat spesifiek sal fokus op die Afrikaanse skole en die Afrikaanse gemeenskap van die groter Bethlehem. Diens van Barmhartigheid se Uitvoerende Amptenaar, ds DV le Roux, lewer op die stadium in raadgewende hoedanigheid ondersteuning.

6.4 SKAKELING MET VENNOTE EN DIENSVERSKAFFERS

6.4.1 ENGO

6.4.1.1 Ondersteuning van Ringe en Gemeentes in verhouding met ENGO

Die Raad vir Diens van Barmhartigheid ondersteun gemeentes en ringe in hul verhoudinge met diensverskaffers. Om hierdie rede het die Uitvoerende Amptenaar, ds DV le Roux in raadgewende hoedanigheid betrokke geraak by die Ring van Valsrivier op hulle versoek aangaande die uitklaring van hul rol by ‘Ons Gryse Jeug’ (OGJ), ’n ouetehuis op Sasolburg.

Na ’n lang proses om die beheerraad van ‘Ons Gryse Jeug’ op Sasolburg te rekonstitueer, is ’n nuwe konstitusie aanvaar deur verteenwoordigers van die volgende ringsgemeentes, Sasolburg-Vier Ankers, Vaalpark, Viljoensdrif, Taaibosspruit, Deneysville en Sasolburg-Fontein. Drr RJ Pienaar en JA de Man is aangewys as die Ring se verteenwoordigers op die nuwe beheerraad. Omrede daar tog steeds vrae oor die aard van die nuwe konstitusie van ‘Ons Gryse Jeug’ is, het die Dagbestuur besluit om ’n regsopinie gereed te kry om die Sasolburg gemeentes met raad te kan bedien.

6.4.1.2 Ondersteuning van Bloemfontein Ringe en die jaarlikse ENGO finansiële aanslag

Die sogenaame jaarlikse ‘ENGO finansiële aanslag’ kom uit die era toe ENGO (onder die naam van sy voorgangers, aanvanklik die SKDB en later NGMD) volledig deel van die bediening van die NG Kerk Vrystaat was. Dit was daarom vir baie jare die gebruik om by elke ringsitting só ’n aanslag, bereken op grond van die aantal volwasse lidmate van ’n gemeente, aan die Vrystaat gemeentes deur te gee en goed te keur vir die barmhartigheidswerk van die NG Kerk Vrystaat. Waar die gebruik met tyd verval het in die grootste deel van die Vrystaat, het dit voortgeduur wat Bloemfontein ringe aanbetref.

Na 29 November 2023 met die ondertekening van ’n Samewerkingsooreenkoms tussen ENGO en NG Welsyn en die NG Kerk Vrystaat, funksioneer die NG Kerk Vrystaat en ENGO as twee verskillende entiteite; weliswaar met ’n besondere historiese verbintenis. Daarom het die Raad vir Diens van Barmhartigheid by verskeie geleenthede, wanneer sy vir raad genader is, gemeentes en ENGO aangemoedig om met mekaar in gesprek te tree aangaande die voortsetting van ’n finansiële bydrae tot die werk van ENGO. Dit is in lyn met die voorvermelde samewerkingsooreenkoms wat dit as volg stel:

• dat ENGO die ooreenkomste met plaaslike gemeentes en ringe in oorleg met sulke gemeentes en ringe sal voortsit en waar nodig en indien van toepassing, sal heronderhandel binne die verwysingsraamwerk van bestaande en nuwe samewerking, gebruiksreg-ooreenkomste en konstitusies.

Die positiewe van so ’n gesprek tussen ringe (en gemeentes) en ENGO is dat dit weer vir almal ’n geleentheid bied om saam te dink en te beplan oor die voortsetting van die besondere verhouding tussen die NG Kerk Vrystaat en ENGO.

6.4.1.3 Samewerking met ENGO Jeugsorg

Na aanleiding van skakeling met Christa Maree, ENGO Direkteur vir die Jeugsorgsentrums, het die Raad besluit om te kyk na hoe daar ondersteuning gegee kan word om, waar nodig, beheerrade van bepaalde jeugsorgsentrums finansieel te help om hul jeug wat kwalifiseer daarvoor, na ENGO se Sorgverlaterskampe te stuur.

In die opvolg daarvan het dit geblyk dat die Nala re Thabile Jeugsorgsentrum in Bothaville (Sotho kinders) genoegsame fondse het om hul kinders te stuur.

Daar is probeer om kontak te maak met die Gedenk Kinder- en Jeugsorgsentrum (Ladybrand), die Hlohloloane Kinder- en Jeugsorgsentrum (Clocolan), die Lefika Jeugsorgsentrum (Kestell), en die Ringerstraat Jeugsorgsentrum (Heilbron). Kestell en Ladybrand het later bevestig dat hulle hulp van die Raad sal waardeer. By 'n latere terloopse gesprek het die leraar van Memel bevestig dat die Dumisani Kinder- en Jeugsorgsentrum op Memel ook hulp nodig het.

In die toekoms moet meer aandag aan lyne van kommunikasie en terugvoer gegee word sodat die ondersteuning van die Raad 'n verskil kan maak.

6.4.2 Childline Free State

6.4.2.1 Maatskaplike krisisse Noodlyn

Weens die uitdagings wat baie gemeentes op veral die platteland beleef om hulp te kry in tye van ernstige maatskaplike krisisse, is *Childline Free State* genader oor die moontlikheid om die NG Kerk Vrystaat in te skakel by hulle 24-uur noodlyn. Die ooreenkoms, geteken op 1 Junie 2023, gee gemeentes toegang tot die Noodlyn om 'n krisis aan te meld wanneer hulle nie regkom met die welsynsorganisasie wat vir hulle gebied verantwoordelik is nie. Die Raad vir Diens van Barmhartigheid betaal op sy beurt 'n klein maandelikse fooi aan *Childline Free State* vir hierdie diens.

Ofskoon die '116' nommer *Childline SA* se standaard nommer is vir die rapportering van maatskaplike krisisse waarby kinders betrokke is, maak die ooreenkoms daarvoor voorsiening dat 'n NG leraar of kerkkantoor enige ernstige maatskaplike krisis, meer as net sake rondom kinders, kan aanmeld. Daar moet net duidelik gekommunikeer word dat die oproep van 'n gemeente van die NG Kerk Vrystaat is. Ongelukkig het die plasing van die noodnommer op die Sinode se webblad tot 'n persepsie gelei dat dit die algemene noodnommer is vir enigeen van die publiek om die NG Kerk Vrystaat te skakel as daar nood is (wat natuurlik nie die geval is nie). Die nommer is sedertdien van die webblad verwyder.

Indien daar probleme is om op die "116 " noodnommer deur te kom, kan 'n stemboodskap (in Afrikaans) op die volgende WhatsApp-nommer gelos word: 084-442-4453. Stuur terselfdertyd (of daar nou op die "116" noodnommer of op die "WhatsApp-nommer" deurgekom is) vir ds le Roux 'n e-pos by dlh@ngkvs.co.za net om seker te maak die bepaalde saak waarvoor hulp gesoek word, kry die nodige aandag.

Childline Free State volg hierdie aanmeldings op en probeer om in verbinding te tree met die maatskaplike werker wat verantwoordelik is vir daardie spesifieke gebied. Indien daar duidelik geen reaksie is nie, hanteer *Childline Free State* self die krisis en faktureer die Raad vir Diens van Barmhartigheid daarvoor.

Maandeliks ontvang ds Le Roux terugvoer van *Childline Free State* aangaande die sake aangemeld en hoe dit hanteer is. By sommige van die sake waarby *Childline Free State* betrokke raak, is dit natuurlik vir 'n langer periode. Sedert die inwerkingstelling van die Ooreenkoms is 16 sake wat deur NG gemeentes aangemeld is, deur *Childline Free State* hanteer.

Tog wil dit lyk of aanmeldigs oor die laaste jaar baie afgeneem het. Mens sou graag wou hoop dat dit is omdat daar minder ernstige maatskaplike krisisse is, maar dis onwaarskynlik. Dis dalk eerder 'n geval van dat daar steeds baie gemeentes is wat by só 'n diens sou baat, wat nie daarvan bewus is nie.

6.4.2.2 Verdere ondersteuning van die werk van *Childline Free State*

In die lig van die omvang van *Childline Free State* se werk regoor die Vrystaat en hul uitdagings met ondersteuning, het die Raad haarself verbind om *Childline Free State* wat betref bepaalde projekte, nog meer te ondersteun. Die begroting van die 2026-2027 finansiële jaar maak daarvoor voorsiening dat daar vir bepaalde projekte wat meriete dra, aansoek gedoen kan word vir befondsing by Diens van Barmhartigheid.

6.4.3 Torings van Hoop Trust

Die feit dat die Uitvoerende Amptenaar, ds Le Roux, die afgelope termyn steeds verantwoordelik was vir Torings van Hoop (as NGO en gemeente), het die samewerking tussen Torings en Diens van Barmhartigheid 'n vanselfsprekendheid gemaak.

Hiérdié samewerking het onder andere behels die gedeeltelike verhuring van die ou Kestell-saal aan Torings vir van haar werksaamhede, maar ook die gesamentlike hantering en beskikbaarstelling van vooraf-verpakte kospakkies vir ramp-ondersteuning soos dit nodig sou kon wees. Van hierdie kospakkies is ook aangewend vir kosnood in maatskaplike krisisse soos aangemeld by Diens van Barmhartigheid.

Sedert 2023 kon Diens van Barmhartigheid jaarliks inskakel by die nasionale 'Winterhoop' inisiatief waarvan Torings van Hoop vir die afgelope 16 jaar saam met MES (Johannesburg, Belville en Port Elizabeth), PEN (Pretoria) en *His Hands* (Durban), een van die nasionale anker-vennote is. NG Gemeentes kry hiermee jaarliks die geleentheid om tydens die koue wintermaande, onder die nasionale vaandel van 'Winterhoop' warm klere, komberse, kos en ander noodsaaklikhede in hul eie omgewing in te samel. Wat plaaslik ingesamel word, kan plaaslik in die eie barmhartigheids- en uitreik-aktiwiteite versprei word. Al verantwoordelikheid wat die gemeentes het is om nasionaal te rapporteer wat ingesamel is en wat uitgedeel is en onder 'wie'. Van 10 Vrystaatse gemeentes wat in 2023 hieraan deelgeneem het, het die getalle in 2024 gestyg na 41 gemeentes, maar in 2025 gedaal tot 37.

6.4.4 Rehabilitasiesentrums

In die voortgaande proses om leraars en gemeentes te ondersteun en van raad te bedien, het die Uitvoerende Amptenaar, ds Le Roux, bepaalde rehabilitasiesentrums vir verslaafdes in die groter Bloemfontein besoek en ondersoek. Gesprekke is onder andere gevoer met Aurora*, Hope Again Recovery* (Soutpan), *Mondia Health*, en *IGrow*. Weens die bestaan van 'n groot verskeidenheid van rehabilitasie programme is dit belangrik dat daar seker gemaak word watter programme is geregistreer en watter sou met gemoedsrus vir gemeentes aanbeveel kan word.

Die afgelope klompie uitgawes van die Vrypos het daarom juis artikels rondom rehabilitasie bevat. Dit het onder andere gehandel oor rehabilitasie in die algemeen, ds JL Smith se leiersrol by SANCA (die beheerliggaam van rehabilitasiesentrums in Suid-Afrika), die Aurora sentrum, en gemeentes se belewenis van *IGrow*. Die beplanning is om nog 'n paar uitgawes te wy aan spesifieke dwelmmiddels en 'n paar ander stories van mense betrokke by verslaafdes se ervarings.

Die Raad beplan moontlike VBO-sessies waar die direkteur van Aurora, Marietjie Landsberg, praktiese raad en leiding aan leraars kan gee oor die prosesse van hoe om iemand vir rehabilitasie te stuur. Sy is ook beskikbaar om in gemeentes te kom voorligting doen.

Ongelukkig is gespesialiseerde rehabilitasie duur en vir diegene sonder goeie mediese fondse, haas onbekostigbaar. Tog is dit moontlik om 'n persoon sonder 'n mediese fonds deur 'n proses by die staat te laat registreer om in 'n goedgekeurde sentrum opgeneem te word. 'n Ander opsie is die van behandeling as 'n buite-pasiënt soos by *IGrow*. Gemeentes soos NG Gem Pellissier en NG Gem Bethlehem-Oos maak juis met groot vrug van *IGrow* gebruik.

Wat die huidige finansiële jaar se begroting van Diens van Barmhartigheid betref, word daar voorsiening gemaak vir die subsidiering van persone wat deur gemeentes na rehabilitasiesentrums gestuur word. Gemeentes word uitgenooi om met ds Le Roux in verbinding te tree.

6.4.5 Verblyf vir Familie van Hospitaal Pasiënte

Daar was 'n navraag van ds Christo Jonck (Predikant in sinodale diens, Sinode van Noord-Kaap) oor die moontlikheid om in vennootskap met die NG Kerk Vrystaat te gaan om bekostigbare verblyf in Bloemfontein daar te stel vir familielede van persone wat vir mediese behandeling in Bloemfontein moet wees.

Ofskoon daar tot op hede nog niks verder in dié verband gebeur het nie, is 'n lys saamgestel van verblyf wat tans beskikbaar is vir sulke situasies en deurgegee aan gemeentes in die Vrystaat en Noord-Kaap. (Sien C1-3 | Verblyf vir familie van hospitaal pasiënte in Bloemfontein).

6.4.6 Smart Start se VKO program (Vroeë kindontwikkeling)

Deur bemiddeling van dr Nioma Venter (Algemene Sekretaris van die NG Kerk SA) is 'n konneksie gemaak met *Smart Start* wat reeds in Dealesville en Soutpan projekte het waar dagmoeders indiensopleiding en 'n klein maandelikse toelaag kry om na tot ses kinders per dag te kyk. Die korporatiewe maatskaplike investering (KMI) van sonplase in die onmiddellike omgewing van die twee dorpe voorsien op die oomblik die fondse om die projek te laat werk.

Behalwe dat *Smart Start* begerig is om met die NG Kerk Vrystaat saam te werk, kan daar ook na ander areas gekyk word waar daar op die oomblik sonplase

verrys (soos bv. by Theunissen). Hier is daar dalk die moontlikheid om Vroeë kindontwikkeling (VKO) een van die fokuspunte van die NG Gem Sinode Vrystaat te maak.

6.4.7 TOIBO (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)

Diens van Barmhartigheid se verteenwoordiger op die TOIBO Raad, ds R Wessels, rapporteer dat daar groot dankbaarheid is oor die fondse wat namens die NG Kerk Vrystaat vir TOIBO (deurkollektes) ingesamel word. Hulle wil egter na nuwe maniere kyk om die saak van TOIBO sterker onder die aandag van NG gemeentes in die Vrystaat te bring.

'n Moontlike projek waarby gemeentes sou kon inskakel is om 200 TOIBO-kinders van skoolbenodigdhede te voorsien. Skakel gerus die kantoor vir meer inligting.

6.4.8 Vennootskap KMDR en die Algemene Sinodale kantoor

Na aanleiding van die nuwe verhouding tussen die Algemene Sinodale kantoor en die KMDR (Kerklike Maatskaplike Dienste Raad) is dit nodig dat die Vrystaat sinode weer opnuut kyk na die verhouding tussen die sinodale bediening van Diens van Barmhartigheid en die KMDR.

ENGO is per defenisie (en soos ooreengekom in die Ooreenkoms tussen die NGK Vrystaat en ENGO) as stigterslid van die KMDR, deel van die KMDR. Die KMDR is op die oomblik besig om na hul konstitusie te kyk en die moontlikhede word ondersoek van assosiaat-lidmaatskap vir sinodes en kerke by die KMDR.

6.4.9 Skakeling met verskeie ander vennote

In die afgelope termyn is geskakel met ds Hennie Maartens en Christelle Trollope wat namens ENGO hospitaalbediening in Bloemfontein doen, mev Hanneke Lubbe van *Hospice Bloemfontein*, en me Ilze Philips wat in haar NGO werk met persone wat op parool vrygelaat word. *APD Free State* (*Association of and for Persons with Disabilities*) het uitgereik na die Raad om moontlikhede vir samewerking in die Vrystaat te ondersoek.

Dit is alles moontlikhede van die Raad wat verder ondersoek sal word in die nuwe termyn in die strewe om gemeentes en ringe, en dus die gemeenskappe van die Vrystaat beter te bedien.

6.5 PUBLIEKE GETUIENIS

6.5.1 Rampondersteuning

Die Raad vir Diens van Barmhartigheid Vrystaat werk saam met die *NGO Response* om nie net 'n strategiese netwerk van vrywilligers en vennootskappe in die Vrystaat op te bou nie, maar ook om strategies met rolspelers van ander kerke op nasionale vlak 'n groter rampondersteuningsnetwerk daar te stel wat die hele Suid-Afrika tot diens kan wees. Die Vrystaatse Landbou Unie, plaaslike Boere-verenigings en die NGO FSUFPA (*Free State Umbrella Fire Prevention Association*) is van die rolspelers met wie Barmhartigheid reeds saamwerk.

6.5.1.1 Rampondersteuningsnetwerk in die Vrystaat

As eerste stap in die opbou van 'n rampondersteuningsnetwerk is 'n twee-dag konferensie en opleiding saam met Response vir belangstellendes op 12 & 13 Februarie 2024 aangebied. Die uitloop hiervan was pogings om netwerke regoor die Vrystaat te vestig. Ofskoon die NG Kerk Vrystaat die inisiatief geneem het, is die langtermyn doelwit altyd om 'n inklusiewe ekumeniese netwerk te vestig in verskillende streke in die Vrystaat: 'n netwerk wat gereed sal wees om ondersteuning te verleen vir wanneer daar 'n ramp in die omgewing plaasvind. Nadat positiewe eerste stappe geneem is in Theunissen en Zastron, het die aandag geskuif na die Goudveld. Spoedig het dit egter begin blyk dat dit nie so eenvoudig is as wat aanvanklik gedink is nie.

Anders as die oorweldigende positiewe gesindheid van mense wat wou help midde-in 'n ramptoestand (dink maar aan die Covid-19 periode toe die hele land basies tot stilstand gekom het), is meeste mense in die afwesigheid van 'n ramp eerder gefokus op ander belangrike sake.

Tydens die erge 2023 brandseisoen in die Vrystaat waar die geweldige vernietiging van plase, weiding en vee op baie mense se lippe was, is nie minder as R284 000 deur die NG Kerk Vrystaat ingesamel om boere te ondersteun nie. Die grootste deel hiervan is deur Vrystaat Landbou Unie gekanaliseer na plaaslike boere-verenigings om hulle by te staan met die kostes vir die vervoer van vee-voer. Daar was 'n byna oorweldigende bewussyn dat ons in die Vrystaat in 'n tamaai krisis is en nie anders kon as om mekaar te help nie.

Teen hierdie agtergrond het die Ring van Smithfield se inisiatief om die geld van die Ringsfondse-projek te gebruik as 'saad-kapitaal' om 'n brandbestuur oplei-

ding vir boere en hul werkers aan te bied (Februarie 2024), net op die regte tyd gekom. In samewerking met verskeie brandbestuur verenigings, het skakeling selfs oor sinodale grense geskied. Twee geleenthede is gehou; een in die Vrystaat in Dewetsdorp, en een in die Noordoos-Kaap in Aliwal-Noord. Meer as 400 boere en plaaswerkers is opgelei in die 'hoe' van veldbrande blus, en die hantering van die wetlike aspekte ter sake by veldbrande.

Maar soos die brandseisoen van 2023 verbygegaan het en die 2024 en 2025 seisoene wat nie so groot was nie, het pogings van die Raad om hierdie inisiatief, selfs met die onderneming om ruim finansieel hiertoe by te dra, na ander landelike gebied in die Vrystaat uit te rol, nie vrugte afgewerp nie. Daarmee saam het verskeie faktore daarop ingewerk dat die opvolgkonferensie van Februarie 2014 se toerustingsgeleentheid vir belangstellendes, nog nie van die grond af gekom het nie. Dis alles waardevolle lesse in die reis om 'n lewensvatbare rampondersteuningsnetwerk in die Vrystaat te ontwikkel.

Na velerlei gesprekke en saamdink, het die volgende duidelik geword :

• In stede daarvan om duur toerusting aan te koop wat tydens rampsituasies daarheen gekarwei moet word, moet daar eerder 'n opname wees van watter gemeentes se bestaande sopkombuise en kospakkie bedieninge in die verskillende streke genader kan word om ondersteuning te gee indien daar 'n ramp in hul omgewing plaasvind ;

• In stede daarvan om vooraf-verpakte kospakkies by verskillende "*depots*" gereed te hou (en dan ook met die uitdaging om te verseker dat miet nie van die graanprodukte in die pakkies besmet nie), eerder 'n lys by te hou van goedgesinde besigheidslui in die verskillende streke wat sou kon help om kos, komberse en ander noodvoorrade teen goeie pryse spoedeisend te lewer;

• In stede daarvan om voort te stu om mense sover te kry om hulself in die afwesigheid van 'n ramp te verbind om op een of ander struktuur te dien, eerder deur die plaaslike gemeentes die regte individue vooraf te identifiseer wat tydens 'n ramp genader kan word om betrokke te wees.

Ofskoon die reël en aanbied van 'n provinsiale konferensie op die regte tyd nie van die baan is nie, is daar vir die oomblik reeds heelwat te doen om voort te gaan met die opbou van 'n rampondersteuningsnetwerk in die Vrystaat.

6.5.1.2 Algemene Sinodale Rampondersteuningsnetwerk

Rampe is natuurlike nie beperk tot die Vrystaat of net Suid-Afrika nie. In 2023 is die Uitvoerende Amptenaar, ds DV le Roux versoek om, weens sy ekumeniese kontakte in Mosambiek, betrokke te wees by die proses om hulp te kanaliseer na Mosambiek en Malawi nadat 'n tropiese storm verwoesting daar gesaai het.

By die kantoor van die Algemene Sinode van die NG Kerk, was daar onlangs nuwe impetus om ernstig aandag te gee aan die meer formalisering van 'n nasionale ramp-ondersteuningsnetwerk. Vorige pogings het baie klem gelê daarop om só 'n netwerk van die begin ekumenies te rig en sover moontlik die hele spektrum van Christelike kerke in te sluit. Die NGO Respond is dan juis hiervoor betrek om met opleiding in rampondersteuning nasionaal betrokke te wees.

Tydens 'n zoom-gesprek met verteenwoordigers van meeste van die NG Kerk-streeksinodes (29 Januarie 2026) is daar gesprek gevoer aan die hand van 'n dokument wat ten doel het om riglyne te ontwikkel vir die skep van 'n Algemeen-Sinodale Rampfonds vir nasionale en internasionale rampgebeure.
Dr Nioma Venter (Algemene Sekretaris van die NG Kerk van SA) beskryf die proses as volg:

'Die ASM het in November 2025 versoek dat riglyne vir 'n algemeen-sinodale rampfonds ontwikkel word. Hiermee saam het die ASM op grond van inligting op daardie stadium aan die vergadering bekend, 'n bedrag van R4 miljoen voorgestel om hierdie fonds van stapel te stuur. Konsultasie met die Algemene Taakspan Fondse en Batebestuur (ATFB) in Februarie 2026 het egter aan die lig gebring dat hierdie bedrag nie noodwendig beskikbaar is uit die gunstige prestasie van beleggings in die vorige boekjaar nie. Goeie prestasie beteken nie noodwendig dat dit gerealiseerde kapitaal is nie. Die beginsel vir die ontwikkeling van 'n algemeen-sinodale rampfonds is egter bevestig en weer by die ASM van Februarie 2026 bekragtig. 'n Voortgaande proses van konsultasie met die onderskeie sinodes en die ATFB in die ontwikkeling van riglyne word voortgesit. Die beginsel van samewerking oor sinodale grense ten tye van rampe word sterk deur hierdie inisiatief ondersteun. Die ontwikkeling en verheldering van die rol van die ASM (en daarom die Algemene Sinode) is deel van die proses, veral ook waar dit oor rampondersteuning buite die grense van Suid-Afrika, op die konti-

nent van Afrika en selfs internasionaal aankom."

6.5.2 Die Hoopfonds

Die Hoopfonds funksioneer as volg:

• Die doel is hulpverlening aan slagoffers ten midde van 'n rampsituasie, hetsy natuurlike oorsake soos bv. vernietigende veldbrande, verspoelings of mensgemaakte rampe soos bv. burgeroorloë, gewelddadige opstande.

• Fondse word vanaf die publiek ingevorder vir 'n spesifieke ramp en daardie fondse word aangewend vir daardie ramp.

• Gemeentes betaal 'n kollekte oor aan die fonds wat vir enige rampsituasie gebruik kan word, dieselfde geld vir gewone donasies vanaf enige lid van die publiek.

• 'n Maksimum van R30 000 kan uitbetaal word aan gemeentes wat skriftelik aansoek doen om finansiële hulp, na skade gely is gedurende 'n rampsituasie.

• Indien donasies aangevra word vir 'n spesifieke rampsituasie, moet daar donasies vir daardie spesifieke ramp aangewend word, met die beperking van R30 000 wat dan nie van toepassing is nie.

Vir gemeentes of organisasies wat aansoek wil doen by die Hoopfonds, is daar 'n aansoekvorm wat ingevul kan word rondom die nood waarby die gemeente beplan om by betrokke te raak.

Gedurende die afgelope termyn is daar behalwe die uitbetalings vir die Jagersfontein slik-dam ramp, en die 2023 brandseisoen in die Vrystaat, wat dan ook baie spesifiek daarvoor ingesamel is, die volgende uitgawes gemaak:

• R30 000 – die Sinode van die Noord-Kaap, ondersteuning na brande (23 November 2023)

• R20 000 – die Sinode van die Oos-Kaap, ondersteuning na 'n vloedramp (5 Junie 2024)

• R20 000 – NG Gem Clarens, brandskade (17 Julie 2024)

• R12 464.20 – Hinterland, aankoop van jojo-watertenks, Theunissen en Brandfort (30 Oktober 2024)

• R20 000 – die Sinode van die Wes & Suid-Kaap, ondersteuning na brande (15 Januarie 2026)

• R20 000 – die Sinode van die Oos-Kaap, ondersteuning na brande (28 Januarie 2026)

Die saldo van die Hoopfonds op 28 Februarie 2026 staan op R860 783.27.

6.5.2.1 Jagersfontein slikdam-ramp

Op Sondagoggend 11 September 2022, net voor dagbreek, gee die wal van die slikdam van die Jagersfontein diamantmyn mee en stroom derduisende liters dik myn-slik sonder keer deur dele van die hoofsaaklik kleurling en swart woonbuurtes van Charlesville en Itumeleng. Om en by 160 woonhuise word onherstelbaar beskadig waarvan talle heeltemal vernietig word. Vandag, meer as drie jaar later, is slegs die fondamente steeds die stille getuienis dat mense eens daar gewoon het. Ofskoon drie mense sterf, is dit net 'n absolute genade dat die lewensverlies nie aansienlik hoër was nie.

Die hele land word aangegryp deur die omvang van die vernietiging en hulp stroom byna dadelik van oraloor in. Verskeie NGO's soos *Gift of the Givers*, besighede en groot winkelgroepe, kerke en individue sak op Jagersfontein toe. Meubels, vragte kos en klere kom in een onophoudelike stroom die dorp binne. En skielik is byna almal op Jagersfontein deur die ramp geaffekteer en ding mee vir wat ookal uitgedeel word.

Maar dis die plaaslike NG Gemeente en haar leiers, sonder 'n voltydse leraar, wat moue oprol, inspring en probeer om orde te skep in die chaos van noodleniging. Die NG Kerk Vrystaat raak ook betrokke en deur ds Le Roux, op daardie stadium nog nie aangestel as Interim Uitvoerende Amptenaar vir Diens van Barmhartigheid nie, doen wat hulle kan om die leiers van die NG Gemeente Jagersfontein te ondersteun en te help. Heelwat kos, onder andere sowat 10 ton mieliemeel word op 'n stadium in die Kestell-saal in Bloemfontein geberg voordat dit afgevoer kon word na Jagersfontein.

'n Rekening word onder die Hoopfonds van die NG Kerk Vrystaat geskep en geld stroom in van regoor die land soos mense bereid is om ander in hulle uur van nood te ondersteun. Drie maande later, teen die einde van 2022, met die myn wat steeds daagliks besig is met die stadige proses om die slik rondom die dorp op te ruim (dit sou op die ou end sowat twee jaar duur), en kos en klere wat amper daagliks vanaf die NG Gemeente uitgedeel word, roep die leiers van die NG Gemeente Jagersfontein halt. Die onmiddellike krisis is verby. Die stroom kos en klere wat die dorp binnekom en by die kerk afgelaai word, het begin opdroog. En NG Gemeente Jagersfontein dra dit wat daar nog is, oor aan die plaaslike NGO, die *Itumeleng Trust* en probeer terugkeer na normaal.

In die rekening vir die Ramp by Jagersfontein by die NG Kerk Vrystaat se sinodale kantoor, is steeds net meer as R300 000. Geld wat ingesamel is met die baie spesifieke beskrywing, "Jagersfontein ramp".

En op grond daarvan word die besluit by die Diens van Barmhartigheid geneem dat dié geld slegs aangewend kan word vir nood by Jagersfontein. Dis die plaaslike NG Gemeente wat die beste geposisioneer is om te besluit oor die 'hoe' en die 'wat'. Na 'n wye en deeg-like konsultasie met verskeie instansies en leiers in die dorp, besluit die kerkraad op die volgende :

• Die aankoop van 10 staanwaaiers vir die naskoolse sentrum op die dorp waar kinders na skool onder toesig kom huiswerk doen;
• Die aankoop van twee "*blowers*", 'n mobiele eenheid met 'n watertenk en generator vir brandbestryding, en brandbestryders klere;
• Verfraaiing (verfwerk) van die dorp se een ingang met positiewe Christelike boodskappe teen die mure;
• Pale en solar-straatligte vir die twee buurte wat deur die slikdam ramp geaffekteer is

Met laasgenoemde (wat ook die grootste uitgawe was) word daar probleme opgetel met die solar-straatligte, sodat daar op die einde gewone straatligte, gekoppel aan die dorp se elektrisiteit stelsel opgesit is.

6.5.2.2 Water tenks, Theunissen en Brandfort

Na aanleiding van die diensleweringskrisisse in die Vrystaat, word ds Le Roux in 2024 genader deur die Masilonyana Rampbestuur vereniging vir die dringende oprigting van watertenks vir die gemeenskappe van Theunissen, Brandfort en Winburg. Die beplanning was dat die tenks deur óf die plaaslike regering óf mense met boorgate volgehou sou word in tye van waternood, en beskikbaar sou wees vir enigeen uit die bepaalde gemeenskappe wat water benodig.

Na skakeling met die NG Gemeente Theunissen die die NG Gemeente Brandfort-Oos is voortgegaan met die oprigting van tenks met al die nodige pype en krane by die twee gemeentes. Skakeling met NG Gemeente Winburg vir 'n soortgelyke tenk was ongelukkig nie suksesvol nie.

6.5.3 Bek-en-klouseer ramp in die Vrystaat

Met die onlangse uitbreek van 'n bek-en-klouseer epidemie in Suid-Afrika, is die Vrystaat hard getref. Binne weke is byna hele distrikte onder kwarantyn geplaas. Die implikasies hiervan is verreikend. Volgens die huidige regulasies mag daar van plase wat onder kwarantyn is geen skuif van diere plaasvind vir minimum 'n jaar nie. Dit beteken geen handel in beeste en onvoorsiene groter getalle vee op beperkte weiding. Die gevolg hiervan vir baie boere beteken 'n dreigende bankrotskap. En tussendeur alles is die staat nie alleen onkant gevang met die epidemie nie, maar ontstaan daar erge konflik tussen die Minister van Landbou en landbou organisasies oor die staat wat voet by stuk hou dat net hulle die entstowwe kan toedien, waarvan daar ontstellend ver te min beskikbaar is. Die prosesse om nog entstowwe in te voer, word vertraag deur burokratiese rondslomp. Op 26 Maart 2026 word in die Pretoria se Hooggeregshof in die guns van die landbou organisasies beslis en kry die regering opdrag om privaat veeartse toe te laat om inenting te doen. Deur dit alles styg die frustrasies en temperatuur onder boere en landbougemeenskappe onrusbarend hoog.

In opdrag van die Moderamen (5 Februarie 2026) ondersoek die Raad vir die Diens van Barmhartigheid dringend maniere waarop juis hiérdié gemeenskappe ondersteun kan word. Gesprekke met Vrystaat Landbou Unie, plattelandse leraars en boere volg. Die reaksie van 'n aantal leraars in boedery gemeenskappe op 'n kommunikasie van ds Le Roux waarin terugvoer gevra word oor moontlikhede vir ondersteuning is deurgangs positief. Daar is dankbaarheid vir die uitreik van die NG Kerk Vrystaat. Maar die meeste leraars is onseker oor wat die NG Kerk Vrystaat meer kan doen as gebede en pastorale ondersteuning. 'n Paar het wel onderneem om met plaaslike leiers verder te konsulteer en terug te kom na ds Le Roux.

Tydens 'n vergadering van ds Le Roux met lede van die boerdery gemeenskap in Harrismith (26 Maart 2026), blyk dit baie gou dat dit reeds laat in die dag is wat die epidemie betref vir praktiese hulp soos groter biosekuriteit (voetbaddens by kerkgeboue, kalk en rugsakspuite). Daar is duidelike frustrasie met die regering en hulle wat die inenting kom doen. Daar is eerder oproepe vir 'die kerk om druk op die regering toe te pas'. Maar almal is dit eens dat enige finansiële hulp van die NG Kerk Vrystaat vir boere wat ekonomiese verliese ly, nie prakties haalbaar is nie. Onderliggend aan al die gesprekke is daar ook die skynbare 'olifant in die kamer' van die etiek van om besmetting aan te meld, of nie aan te meld nie.

Positief word daar gepraat oor gemeenskappe wat vir mekaar moet sorg dra en onderling op die uitkyk moet wees vir hulle wat dit baie erg beleef. Praktiese moontlikhede wat voorgestel word, is om geld beskikbaar te stel vir spesialis berading vir diégene wat dit nodig het. Die voorstel vir inskakeling by 'n bestaande noodlyn of *WhatsApp* groepe waar boere ondersteuning en hulp kan kry, is ook gemaak.

Die Raad vir Diens van Barmhartigheid onderneem om al die voorstelle op te volg en saam met plattelandse leraars en boerdery gemeenskappe te staan, in die ondersteuning van boere in hierdie epidemie.

6.5.4 Beter Dorpe inisiatief

In Oktober 2025 het die Ring van Fauresmith hul toesegging uit die Ringsprojekte fonds gebruik om die organisasie 'Beter Dorpe' te reël vir 'n dag se praktiese blootstelling aan hierdie inisiatief. Bygewoon deur verteenwoordigers van ringe en ander gemeentes, is deelnemers geleer hoe om jou eie dorp 'te lees' en daarvolgens bepaalde praktiese aksies te inisieer. Die bou van goeie verhoudinge met jou plaaslike regering is 'n verdere bousteen in die ontwikkeling van beter dorpe.

In die lig hiervan het die Raad vir Diens van Barmhartigheid besluit om 'n taakspan saam te stel onder leiding van ds M Nortier om die 'Beter Dorpe' program verder uit te rol na ander dorpe in die Vrystaat.

6.5.5 Verkiesingswaarnemers

Soos reeds gestel gaan barmhartigheid ook oor geregtigheid in die samelewing (vergelyk die Struktuur van Diens van Barmhartigheid). Dit beteken dat die Kerk, vanuit haar verbintenis met die Drie-enige God, geroep is om haar barmhartigheid oor 'n stukkende wêreld en gebroke mensedom uit te leef as vredemaker (Matteus 5:9) wat deur woord en daad getuig van die vrede van God se teenwoordigheid in hierdie lewe. Hiervan is die geleentheid om tydens nasionale en plaaslike verkiesings as waarnemers op te tree, 'n tasbare uitdrukking hiervan.

Vanuit die Hoof Uitvoerende Amptenaar, ds Le Roux se betrokkendheid by die SA Raad van Kerke (SARK) Vrystaat, is daar in die voorbereiding vir die Algemene Verkiesing van 2024 leraars en leiers gewerf om hulself beskikbaar te stel om deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) as verkiesingswaarnemers op verkiesingsdag diens te doen. Op Verkiesingsdag, 29 Mei 2024 het 33 leiers en leraars deel uitgemaak van die SARK se waarnemerspan. Hiervan was 27 van die NG Kerk Vrystaat, twee was van die Anglikaanse kerk, twee van die AGS, een van die Metodiste kerk, en een van die Assemblies of God. Ofskoon hierdie waarnemerspan nie die hele Vrystaat gedek het nie, was daar tog 'n beduidende groei teenoor vorige verkiesings in 'n breëre verspreiding van kerklike verkiesingswaarnemers.

Die terugvoer van die waarnemer, sowel as van lede van die publiek was baie positief. Daar is beleef dat die Kerk nie onbetrokke staan teenoor die uitdagings van die siviele samelewing nie.

6.6 DIE PAD VORENTOE, 2026 EN VERDER

Die Raad vir Diens van Barmhartigheid was volledig betrokke by die sinodale visioenerings- en strategiese beplanningsessies die afgelope termyn.

6.6.1 Sinodale Strategiese beplanning - 18 Julie 2024

Tydens dié byeenkoms is bedieninge gevra om te besin oor die volgende vrae en daaroor terugvoering te gee:

- Wat doen ons vir gemeentes wat gemeentes nie vir hulleself kan doen nie?
- As ons as bediening ons "deure moet toemaak", vir wie sou ons ons werk kon gee?

Hierby het die Raad die volgende vraag bygevoeg (14 November 2024):

- Sal iemand agterkom as die Sinodale bediening vir Diens van Barmhartigheid ophou bestaan? Hoe lank gaan dit vat voor mense dit agterkom?

Na 'n omvattende bespreking, het die Raad op die volgende ooreengekom:

- Die Bediening vir die Diens van Barmhartigheid koördineer dié werk wat gemeentes en ringe nie op hul eie kan doen nie (soos byvoorbeeld Rampondersteuning).
- Die Bediening koördineer befondsing van projekte van ringe en gemeentes.
- Die Bediening bied 'n platform waar die uitruil van idees en die wedersydse beïnvloeding van mekaar gefassiliteer word.
- Die Bediening onderhandel en beding ooreenkomste met vennote.
- Die Bediening dien ringe en gemeentes met spesialis kundigheid en advies.

6.6.2 Sinodale Strategiese beplanning – 12 & 13 Januarie 2025

Tydens die eerste Moderamen vergadering van 2025 is al vier die sinodale bedieninge weer versoek om te besin oor wat hulle doen wat gemeentes nie vir hulleself kan doen nie, en as die bediening sou toemaak, wie dan die bediening se werk sou doen.

In 'n gesprek tussen die uitvoerende amptenare van die vier bedieninge met die voorsitter van die Moderamen, ds JJ Lubbe, word die oortuiging uit-

gespreek dat die probleem in die NG Kerk Vrystaat nie lê by die sinodale strukture nie, maar wel by die geweldige uitdagings van kerkwees wat gemeentes (en dus ringe) moet hanteer. Die vraag moet dus eerder wees watter skuiwe gemaak moet word om die kerk in die Vrystaat op grondvlak te help.

Die volgende vrae word hierop deur Barmhartigheid aan die Moderamen voorgelê om op haar vergadering van 10 Maart 2025 te bespreek:

• Lê die probleem in die NG Kerk Vrystaat nie eerder by die geweldige uitdagings van kerkwees wat gemeentes (en ringe) moet hanteer nie?
• Watter skuiwe moet gemaak word om die kerk in die Vrystaat op grondvlak te help?
• Is gemeentes bewus van die hulpbronne wat daar is tot hul beskikking? Indien nie, hoekom nie? En indien wel, hoe gebruik gemeentes dit ?

Dit is egter nie deur die Moderamen hanteer nie.

6.6.3 Diens van Barmhartigheid Raadsvergadering – 22 Mei 2025

By dié raadsvergadering word tyd gewy aan ’n evaluering van die Diens van Barmhartigheid as ’n bedie- ning aan die hand van drie vrae:

6.6.3.1 Hoedanig het die huidige sinodale bediening vir Diens van Barmhartigheid beantwoord aan die behoeftes onder die gemeentes en ringe van die NG Kerk Vrystaat?

Die volgende opmerkings word onder andere gemaak:

• Uitvoering is gegee aan die Reglement vir Diens van Barmhartigheid.
• Dankbaarheid vir die fondse wat beskikbaar is, en ds Le Roux se skakeling met gemeentes en ringe.

6.6.3.2 Watter uitdagings was en is daar om aan die behoeftes van gemeentes en ringe te aandag te gee?

Die volgende opmerkings word onder andere gemaak:

• Fondse vir barmhartigheid kom nie altyd by die regte aksies uit nie. Ondersteun die gedagte om fondse liewer op aanvraag vir projekte beskikbaar te maak in plaas van fondse wat outomaties gegee word.
• Kommunikasie is die groot uitdaging; dit stop baie keer by die dominee. Gemeentes weet nie watter hulp beskikbaar is nie.
• VOORSTELLE:
  o Ringsverteenwoordiger se *one pager* opleiding (beide kante – na gemeentes/van gemeentes).
  o Gemeentes moet weet wie is hul ringsverteenwoordiger.
  o Vrypos se bemarking.
• Ons weet nie altyd wat is die gemeentes se behoefte nie.
• Diens van Barmhartigheid se uitvoering lyk anders op grondvlak – gemeente se kapasiteit is nie meer daar nie; nie meer genoeg hande nie. Moet anders begin dink oor hoe om barmhartigheidswerk te doen.
• VOORSTELLE:
  o Gemeentes se Diens van Barmhartigheid bedieninge moet saamkom om mekaar te motiveer.
  o Gemeentes werk binne hul bestaande kapasiteit.
  o Bemagtiging – mense help om verryk te word in hul dienswerk.

• Ofskoon daar goeie kommunikasie kanale bestaan, is daar steeds baie leraars en gemeentes wat nie weet van die geleenthede vir projek-befondsing nie.

6.6.3.3 Waarop moet die sinodale bediening vir Diens van Barmhartigheid in hiérdié tyd spesifiek nou op fokus?

Die volgende opmerkings word onder andere gemaak:

• Die kerk is in ’n groot krisis met gemeentes wat besig is om tot niet te gaan. Diens van Barmhartigheid moet kyk na hoe om gemeentes ‘aan die lewe te hou’. Daar moet ’n her-fokus wees oor hoe gemeentes ‘aan die gang gehou kan word.’
• VOORSTELLE:
  o Gemeentes moet gehelp word om te verstaan wat dit beteken om gemeente te wees; gemeente nie ’n hospitaal nie.
  o Gemeente moet eie identiteit ontdek – dankbaar en tevrede oor wie ons is in die stadium van ons lewe is – nie goed uitdink nie, wees net wat jy moet wees.
  o Kontekste van verskillende gemeentes moet in ag geneem word.

• Bewustheid van interafhanklikheid van kerk en gemeenskap. Hoe verreikend dit is as ’n gemeente sluit en watter effek dit het op ’n gemeenskap. Moet ook dink aan hoe gemeentes kan oorleef om die gemeenskap te dien.
• Barmhartigheid wat kan kyk na ’n databasis van werksgeleenthede, veral in areas waar afleggings gebeur. Barmhartigheid wat netwerke bou, ook met groter maatskappye om mense te verwys na werks-

geleenthede.
• Kopskuif by NG Kerk. Die NG Kerk hoef nie als te doen nie. Daar is ander mense wat kan help. Moet aandag gee aan maniere oor hoe om hande te vat met ander soortgelyke instansies in die area van barmhartigheid.
• VOORSTELLE:
  o Netwerke
  o Vra by leraars 'n kopskuif.
  o NG Kerk was altyd selfgenoegsaam.
  o Gemeente kan ook 'n "heiligdom" wees.

• Baie soorte projekte is al befonds. Te veel gemeentes is steeds onkundig. Probeer eerder kommunikasie kanale te vestig bo en behalwe dit wat reeds bestaan en benut word.
  o Hoe ringsverteenwoordigers inligting by ringsgemeentes kan uitkry.
  o Leraar moet hierdie inligting na gemeente kommunikeer.
  o Bron van inligting byvoorbeeld inligtingstuk/ boekie oor wie om te skakel wat betref waarmee die Bediening vir die Diens van Barmhartigheid die gemeentes alles mee kan help, sowel as ander diensverskaffers (Die HOE en WAT en WAAR).
• Uitbou van samewerking rondom rampverligting. Inisiatiewe wat reeds tot stand gebring is om ervaring met ander te deel. Meer areas moet betrek word; die uitrol na meer ringe en streke.
• Daar moet wegbeweeg word van die gee van fondse aan ringe wat dan projekte moet 'uitdink'. Eerder as om fondse lukraak beskikbaar te stel, moet Diens van Barmhartigheid meer betrokke wees by hoe die geld by spesifieke projekte uitkom.
• Hoe help ons gemeentes om prakties iets grond toe te vat om 'n verskil te maak.
• Persoonlike besoek van ds Le Roux om inligting deur te gee. Verhoudings bou met gemeentes en ringe

6.6.4 Take vir Bedieninge na die Sinodale Visioeneringsgesprekke – 22 & 23 September 2025

Na afloop van die 22-23 September 2025 se sinodale visioeneringsgesprekke, is daar versoek dat Diens van Barmhartigheid saam met Vennote in Getuienis moet vergader om skriftelik terugvoer te gee oor bepaalde vrae.

Onder die hofie "Water": [Roeping, gemeenskappe, getuienis] is die volgende vrae gevra met die Diens van Barmhartigheid se antwoorde elke keer in kursief gelys:

• **Wat beteken/sê "óns" metafoor in prinsipe/ *essensie* oor die bediening/werk waarmee ons besig is? Hoe "verbeeld" dit ons fokus?**
"Water" gee lewe. Dit hou aan die lewe. Die vraag moet eerder teruggevra word, 'Sien jy "die water"? 'Sien jy wat die Here besig is om reeds te doen?'

• **Wat word daar *reeds* in ons bedieningsgroep gedoen om aan die "ons" metafoor gestalte te gee?**
Die bedieninge dien gemeentes/ringe met fondse, netwerke, en kontakte. Die inisiatiewe om dorpe beter plekke te maak vir die hele gemeenskap, laat "die water vloei" – dit is ruimte word geskep vir wat die Here self reeds besig is om te doen.

• **Wat sou ons *beter* kon doen, meer effektief of volhoubaar wat ons werksaamhede betref, om aan hierdie metafoor uitdrukking te gee?**
Leraars en gemeenteleiers moet meer blootgestel word aan 'waar die water loop'. Dit kan geweldig motiverend wees. Groter samewerking met gewillige vennote en netwerke kan ook verder hieraan uitdrukking gee.

• **Waar is daar *oorvleueling*/duplisering met ander bedieninge/werksaamhede betreffende hierdie metafoor?**
Ofskoon daar aanvullend saamgewerk en ondersteuning verleen word, is daar geen duplisering nie. Elke bediening het sy eie fokus op 'n bepaalde terrein. Met Bedieningsbegeleiding word daar byvoorbeeld aanvullend gewerk wat betref die ondersteuning van leraars en gemeentes. Met Vennote in Getuienis word daar op velerlei terreine (soos bv. Smart Start ECD-opleiding, Torings van Hoop en middestadswerk, en RICD-projekte) saamgewerk onder die hofie 'missionale diakonaat'.

• **Wat word nie gedoen of watter *leemtes* bestaan daar in die realisering van "ons" metafoor, en wat jul meen van strategiese belang is vorentoe?**
Gemeentes en leiers moet gelei word om weg te kyk van hul eie oorlewing, na hoe hulle in die gemeenskap waarin hulle is, 'die water kan laat vloei' en lewe bring.

• **Watter spesifieke *temas in die groter visioeneringsgesprek* sou jul bedieningsgroep verder wil ontgin/verken/bespreek vanuit die hoek van jul metafoor en met die oog op die NG Kerk Vrystaat vorentoe?**
(a) Van eie self-gerigtheid en oorlewing, na tot diens

wees vir hele gemeenskap.
(b) Aanwending van kerkgeboue en terreine vir die hele gemeenskap.

"Water" is 'n noodsaaklikheid. Maar as die plaaslike NG Kerk verdwyn, is die vraag, gaan ons gemis word? Gaan die water steeds loop? Watter effek het ons op die aanhou van die 'loop van die water"?
Daarom, "moenie jou water opgaar nie… " Lied: Kinders moet nie met hierdie water mors, want ander mense het dit nodig.

Daar word ook besluit om 'n bedieningsplan op te stel oor (a) wat moet gebeur, (b) hoe dit befonds moet word, en (c) waar saamgewerk kan word met ander bedieninge. Dit punt van alles moet wees, **hoe help ons gemeentes.**

6.6.5 Eerste stappe aan 'n strategiese plan vir Diens van Barmhartigheid, 2026 en verder
Na goed deurdagte besprekings by dagbestuursvergaderings (30 Julie 2025 en 17 Oktober 2025) en raadsvergaderings (22 Mei 2025 en 13 November 2025), word die volgende tentatiewe eerste stappe geneem om 'n strategiese plan vir Diens van Barmhartigheid daar te stel:

Strategiese plan ('begelei die water wat vloei')
a. Wat moet gebeur?
b. Hoe moet dit befonds word?
c. Waar en hoe moet saamgewerk word met ander bedieninge?
- Bedieningsbegeleiding – leraars en gemeentes motiveer
- Vennote in Getuienis – RICD-projekte/Torings van Hoop

<u>Wat ONS KONTEKS betref, staan die volgende sake uit:</u>
- Groter wordende armoede
- Kosnood
- Soos gemeentes swaarder kry, keer baie na binne.

<u>Wat MOET AANDAG KRY:</u>
Kommunikasie
Handleiding vir gemeentes oor wat beskikbaar is (ondersteuning van die kantoor van Diens van Barmhartigheid, netwerk en vennote) Persoonlike kontak en besoeke van die Uitvoerende Amptenaar.
Ondersteuning van gemeentes
Posisionering met kontakte, vennote en netwerke
Motivering van gemeentes.
Viering van "suksesse" en mooi stories
Blootstellingsgeleenthede om 'buite die boks' te kan dink.

SODAT WEGGEKYK KAN WORD VAN DIE SELF DIENS AAN DIE GROTER GEMEENSKAP

6.6.6 Besluite van die Raad van Diensbarmhartigheid aan die Moderamen – 24 en 25 Maart 2026
- Die Raad vir Diens van Barmhartigheid is oortuig dat die Raad moet voortgaan om te funksioneer as 'n aparte selfstandige Raad wat aan die hand van haar Reglement aandag gee aan sake van barmhartigheid in gemeentes en ringe, maar ook in verhouding met ander kerke in nouer en wyer ekumeniese verband, in alle aspekte van Diens van Barmhartigheid.
- Hierdie fokus van die Raad verskil duidelik van die fokus van die Raad vir Vennote in Getuienis. Daarom is die Raad nie te vinde om met die Raad vir Vennote in Getuienis in 'n nuwe struktuur saam te smelt nie, en sal eerder geneë wees om sake te identifiseer waar die Raad beter kan koördineer en saamwerk met die rade vir Vennote in Getuienis, en Bedieningsbegeleiding.
- Die Raad wil daarom voorstel dat die volgende vier jaar sal bekend staan as 'n *Seisoen van hande vat* – waar daar hernude klem geplaas word op verhoudings van vertroue tussen bedieninge, die moderamen, ringe, gemeentes en leraars.
- Die samestelling van die Raad vir die Diens van Barmhartigheid vind plaas soos bepaal deur die Reglement vir Diens van Barmhartigheid, naamlik dat kundiges en ringsverteenwoordigers elke vier jaar by die gewone Sinode van die NG Kerk van die Vrystaat aangewys word.

SAKE VIR GOEDKEURING

AANBEVELINGS:

1. Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat deur die Diens van Barmhartigheid gedoen word en versoek dat hierdie werksaamhede op dieselfde wyse voortgesit word.
2. Diens van Barmhartigheid versoek die Kerkorde Kommissie om die aangepaste reglement van Diens van Barmhartigheid goed te keur.
3. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor almal betrokke om die Samewerkingsooreenkoms tussen ENGO en NG Welsyn en die NG Kerk Vrystaat 'n realiteit te maak en spreek haar begeerte uit dat hierdie drie instansies aan die hand van die ooreenkoms in 'n wedersydse opbouende verhouding sal vorentoe beweeg.
4. Die Sinode spreek groot waardering uit vir die werk wat Childline Free State doen en steun Diens van Barmhartigheid in die voorsetting van die ooreenkoms wat betref die gebruik van die 24-uur Noodlyn.
5. Die Sinode besluit dat die volgende vier jaar bekend staan as 'n Seisoen van hande vat en dra dit aan al die bedieninge, die Moderamen, ringe en gemeentes op om met praktiese inisiatiewe vorendag te kom om die onderlinge verhoudinge in die sinodale gebied te versterk.
6. Die Sinode versoek Diens van Barmhartigheid om ondersoek te doen om Vroeë kindontwikkeling (VKO) een van die fokuspunte van haar werk in Vrystaatse gemeenkappe te maak.
7. Die Sinode versoek Diens van Barmhartigheid om saam met ander rolspelers en vennote 'n omvattende ondersoek te doen na die stand van armoede onder gemeenskappe in die Vrystaat.
8. Die Sinode wys die volgende persone aan as lede van die Raad vir Diens van Barmhartigheid:

<u>Kundiges</u>
Oudl JH Britz
Ds A Botha
Oudl WJ Lombaard
Ds M Nortier
Ds JL Reynders
Ds JL Smith
Mnr PJ van der Merwe
Ds R Wessels

<u>Verteenwoordigers</u>
Oudl AT Nieuwoudt (Torings van Hoop)
Me EJ Conradie (Reformed Initiative for Community Development – RICD)
PSD: Vennote in Getuienis
PSD: Ondersteuning
PSD: Opleiding
PSD: Bedieningsbegeleiding

Geteken:
Ds A van Staden (voorsitter)
Ds DV le Roux (Sekretaris)



C. Diens van Barmhartigheid

C1-1 HANDLEIDING VIR RINGSVERTEENWOORDIGERS

Baie geluk met jou aanwysing as verteenwoordiger van jou ring op die Raad van Diens van Barmhartigheid. Baie dankie vir jou omgee vir die saak van barmhartigheid en jou bereidheid om te dien.

As ringsverteenwoordiger het jy die volgende verantwoordelikhede:

1. Kommunikasie tussen jou ring en die Raad vir Diens van Barmhartigheid. Dit beteken dat jy by elke raadsvergadering kortliks verslag doen oor die stand van barmhartigheid in jou ring en ringsgemeentes.

2. Jy is ook die sleutel vir kommunikasie na jou ring en ringsgemeentes wat betref die werk van die Raad van Diens van Barmhartigheid. Dit behels deurgee van inligting na raadsvergaderings en ander kommunikasie soos dit aan jou oorgedra word.

3. Jy word ook versoek om spreekwoordelik ‘jou oor op die grond te hou’ en enige saak oor barmhartigheid wat in jou ring en ringsgemeentes sou opduik, dadelik aan die sinodale kantoor vir Diens van Barmhartigheid deur te gee.

4. Daarom is ’n goeie verhouding met die ring en ringsgemeentes, maar ook instansies van barmhartigheid in jou ring, baie belangrik. Vanselfsprekend beteken dit gereelde kontak met al die betrokkenes.

5. Jou aktiewe betrokkenheid by raadsvergaderings (2x per jaar) en die aktiwiteite van die werk van die Raad van Diens van Barmhartigheid kan daarom nie genoeg beklemtoon word nie.

Met jou aktiewe deelname en inspraak stel jy saam met jou ander kollegas op die Raad, dit vir ons moontlik om die taak van barmhartigheid na behore in die NGK Vrystaat te doen.

Baie dankie!

Ds De la Harpe V le Roux
Raad vir Diens van Barmhartigheid



C.

Diens van Barmhartigheid

C1-2 OOREENKOMS TUSSEN ENGO EN NG WELSYN VRYSTAAT EN NG KERK VRYSTAAT

SAMEWERKINGSOOREENKOMS tussen ENGO en NG Welsyn Vrystaat en NG Kerk Vrystaat

Die volgende onderstaande en onafhanklike partye is begerig om 'n Memorandum van Ooreenkoms (MVO) aan te gaan

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE VRYSTAAT

hierin verteenwoordig deur sy voorsitter

Ds Jan Johannes Lubbe (ID 640904 5150 080)

EN

ENGO (NWO)

hierin verteenwoordig deur sy voorsitter

Ds Jan Lodewyk Smith (ID 661003 5022 086)

EN

NG WELSYN VRYSTAAT NWM (NIE WINS MAATSKAPPY) – REG NO 1996/015757/08

hierin verteenwoordig deur die voorsitter van sy direksie

Mnr Johan André Esterhuizen (ID 490614 5101 089)

(hierna genoem die Partye)

Inleiding en agtergrond

Aangesien die partye, wat ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms onafhanklike en onverbonde partye is, 'n gedeelde geskiedenis het in die versorging van noodlydendes in die Vrystaat wat vir al meer as eeu strek en die afgelope dekade as afsonderlike entiteite ten nouste saamwerk aan hierdie doel

en aangesien die partye 'n gemeenskaplike doelwit het, naamlik om 'n komplekse stelsel, waarin die uiteenlopende belange van ENGO, NG Welsyn, die Kerk, die Staat, die Publiek, personeellede, kinders, bejaardes, gestremdes, gesinne, aannemings, pleegplasings, deeltitelhouers, bewoningsreghouers, huurders ensomeer, ten beste beskerm en gedien word, te formaliseer

en om te midde van die miriade van kerklike besluite en bepalings, wetgewing, regulasies, beleide en voorskrifte, 'n sisteem in stand te hou wat aan die legaliteitsvereiste, rasionaliteit en prosedurele billikheid voldoen op 'n wyse wat eerbaar is en gevolg gee aan integriteit, rentmeesterskap, en fidusiêre noulettendheid

en om die potensiaal van ENGO en NG Welsyn Vrystaat saam met die NG Kerk in die Vrystaat vir noodlydendes en hulpbehoewendes optimaal te ontsluit

en aangesien die partye *ad idem* is dat die maatskaplike nood in die Vrystaat eksponensieel besig is om toe te neem

en dat welsynsorganisasies noustrop trek

en dat die feit dat die Vrystaat vir die doel van maatskaplike dienslewering deur die Staat in drie gedeel is (ENGO, VVA en Provinsie), buitengewone eise stel om 'n geïntegreerde en doeltreffende maatskaplike diens in die provinsies te lewer

en dat ENGO en sy voorgangers in titel (NG Maatskaplike Dienste, SKDB en Armesorg-kommissie van die NG Kerk), reeds vir meer as 'n eeu gevestig is as 'n suksesvolle en betroubare Christelike gemeenskapsorganisasie, wat tans geregistreer is as 'n Organisasie Sonder Winsoogmerk

en dat ENGO bewese maatskaplike dienste verskaf op verskeie maatskaplike terreine

en dat die ENGO handelsnaam goed gevestig is as 'n betroubare dienslewer aan wie donasies met vrymoedigheid geskenk kan word

en dat ENGO en NG Welsyn Vrystaat se dienste geïntegreer is met die belange van verskeie individue, deeltitelskemas, selfbouskemas, subekonomiese skemas, tuistes vir bejaardes en gestremdes, jeugsorgsentra, gesinsorg dienskantore en ander, met groot wedersydse kontraktuele-, bedryf- en kapitale verpligtinge

en dat hierdie rolspelers gevestigde regte en legitieme verwagtings het dat hulle belange met die grootste noulettendheid en integriteit beskerm en gedien sal word deur ENGO en NG Welsyn Vrystaat

en dat ENGO deur middel van burodienste mede-verantwoordelikheid aanvaar vir verskeie operasionele- en bedryfsaktiwiteite van sulke skemas en projekte

en dat ENGO se verbintenis met verskeie skemas, sentrums en projekte geformaliseer is deur middel van gebruiksregooreenkomste en konstitusies ingevolge waarvan hulle statutêr geregistreer is as subprogramme van ENGO

en dat die eiendom wat gebruik word vir ENGO se residensiële kindersorgprogram, gestremdesorgprogram, ENGO se Familie- en Gemeenskapsdienste, ENGO se hoofkantoor en Lofdal Wonings gehou word in 'n maatskappy wat bekend staan as NG WELSYN VRYSTAAT

en dat die gebruik van hierdie eiendomme beperk word deur serwitute, sonering en terugvalklousules

en dat die konstitusies van al ENGO se subprogramme 'n termineringsklousule het dat hulle bates by ontbinding aan ENGO sal toeval om toe te sien dat dit aangewend word vir dieselfde of naaste soortgelyke doel as waarvoor dit oorspronklik daargestel is

en dat daar bestaande en bindende kontraktuele ooreenkomste bestaan tussen die NG Kerk in die Vrystaat, ENGO en NG Welsyn wat die gedeelde belange reël ten opsigte van die gebruiksreg van die eiendom, Deel 352 Westerbloem Fase 1-6 Bloemfontein (Sinodale

Kerkkantoor) en die bestuur van Deel 161 van SS65/1997 in Westerbloem Fase 1-6 & Annekse (Lofdal Wonings)

en dat daar 'n persepsie kan bestaan, hoewel gering, dat daar 'n korporatiewe sluier oor die NG Kerk Vrystaat en ENGO en NG Welsyn Vrystaat getrek kan word wat meebring dat dit *de facto* dieselfde organisasie is

en dat die persepsie kan bestaan, hoewel gering, dat die NG Kerk Vrystaat en ENGO en NG Welsyn Vrystaat

wedersyds vanweë die estoppel regsbeginsel aanspreeklik kan raak, een vir die ander se laste

en dat die Sinode van die NG Kerk Vrystaat reeds by besluit haarself gedistansieer het van die formele georganiseerde dienste om aanspreeklikheid vir die NG Kerk Vrystaat te beëindig

en dat NG Welsyn Vrystaat en ENGO (voorheen NGMD) tot stand gebring is om gevolg te gee aan hierdie uitgangspunt van die NG Kerk Vrystaat asook om te voldoen aan wetgewing rakende Openbare Weldaadsorganisasies (Public Benefit Organisations – PBO's)

en dat hierdie reëlings na behore gedokumenteer is in die notules van die Sinode van die NG Kerk Vrystaat asook van sy Moderamen en vele ander kommissies, taakspanne, bedieninge en ook in verskeie formele ooreenkomste, kontrakte, aktes van oprigting en konstitusies, asook dié van ENGO en NG Welsyn

en dat die beginsel van dienslewering deur vennootskappe met ander instansies reeds ten volle ingebed is in die sinodale werksaamheid deur die werkswyse van Vennote in Getuienis wat die weg baan vir ENGO om as kerklike diensorganisasie in vennootskap met die kerk te staan.

Die Partye tot die ooreenkoms bevestig dat die Inleiding en Agtergrond hierbo ten doel het om die konteks van die ooreenkoms te skets en bekragtig of bevestig die ooreenkoms nie noodwendig die volledigheid en of akkuraatheid en of bindende aard daarvan nie. Slegs die terme en voorwaardes soos in hierdie ooreenkoms vervat sal bindend en afdwingbaar tussen die Partye wees.

Die partye hierbo gelys kom nou soos volg ooreen

dat ENGO, NG Welsyn en die NG Kerk Vrystaat in 'n samewerkingsooreenkoms en 'n verhouding van samewerking, soos deur en tussen onafhanklike partye, tree waarin hulle konstruktief meewerk om barmhartigheidsdienste, gemeenskapsdienste en ander funksies te vervul en mekaar aan te vul in die realisering van die Kerk se roeping en bediening en ENGO en NG Welsyn se doelwitte

en dat hierdie Samewerkingsooreenkoms die samewerking formaliseer

en dat die samewerking tussen ENGO en die NG Kerk Vrystaat vergestalt word in die reeds bestaande gebruiksregooreenkomste en konstitusies, gebaseer op 'n missionale vertrekpunt

en die "*Integrated Service Delivery Model*", waar Bewusmaking, Vroeë Intervensie en Herintegrasie in samewerking gedoen word, en Statutêre Optrede deur ENGO as spesialis maar nie noodwendig as eksklusiewe diensverskaffer nie,

en dat vir die doeleindes van hierdie samewerking ooreengekom word dat Diens van Barmhartigheid dien as die oorlegplegende meganisme om op provinsiale vlak saam te besin oor die samewerkingsverhouding met die oog op die konstruktiewe samewerking tussen die NG Kerk Vrystaat, ENGO en NG Welsyn,

en dat die partye tot die ooreenkoms elk ander se vergaderings sal bywoon op uitnodiging op die tye wanneer sake dien wat na die oordeel van die uitnodigende vergadering relevant is in oorleg met Diens van Barmhartigheid wat binne die kerklike diakonaat die samewerking met kerklike diensorganisasies hanteer

en dat die gesamentlike projekte en aksies in provinsiale verband, ondermeer gebaseer sal wees op 'n missionale vertrekpunt en die "*Integrated Service Delivery Model*" waar Bewusmaking, Vroeë Intervensie en Herintegrasie in samewerking gedoen word, en Statutêre Optrede deur ENGO as spesialis, maar nie op die basis dat dit 'n eksklusiewe samewerking is nie,

en dat in bedoeling en letter voortgegaan sal word met die ooreenkoms oor die bestuur van Deel 161 van SS65/1997 in Westerbloem Fase 1-6 & Annekse (Lofdal Wonings), soos verwoord in die bestaande ooreenkoms

en dat in bedoeling en letter voortgegaan word met die gebruiksregooreenkoms met die NG Kerk Vrystaat, ten opsigte van die eiendomme Deel 352 Westerbloem Fase 1-6 Bloemfontein (Sinodale Kerkkantoor), soos verwoord in die bestaande ooreenkoms

en dat ENGO voortgaan met sy siekesorgprogram en hospitaalbearbeiding soos in die verlede

en dat ENGO sal voortgaan met sy dienste aan gevangenes, oud-gevangenes en hulle families

en dat die NG Kerk Vrystaat onderneem om jaarliks vier deurkollektes in te samel en oor te betaal aan ENGO as 'n bydrae vir die lewering van dienste

en dat ENGO steeds op nasionale vlak deel sal wees van die KMDR (Kerklike Maatskaplike Diensteraad), as 'n kerklike diensorganisasie soos ander kerklike diensorganisasies

en dat vir ooreengekome gesamentlike projekte of aksies op provinsiale vlak 'n afsonderlike ooreenkoms of projekplan opgestel word waarin die tydsduur, wedersydse voorregte en verpligtinge, werksverdeling, koördineringsmeganismes, begroting en terminerings-voorwaardes duidelik uitgestippel word en dat dit deur Diens van Barmhartigheid en ENGO se uitvoerende amptenare onderteken sal word

en dat ENGO en sy subprogramme steeds aan die Amptenare Pensioenfonds sal behoort

en dat ENGO onderneem om jaarliks 'n saamgevatte finansiële verslag aan die NG Kerk Vrystaat beskikbaar te stel

en dat die NG Kerk Vrystaat jaarliks binne sy vermoë en in sy eie diskresie en in die lig van ENGO se voormelde finansiële verslag 'n finansiële bydrae aan ENGO sal maak

en dat alle ander bestaande en vermeende reëlings oor finansiële bydraes aan ENGO hiermee getermineer word

en dat ENGO die ooreenkomste met plaaslike gemeentes en ringe in oorleg met sulke gemeentes en ringe sal voortsit en waar nodig en indien van toepassing sal heronderhandel binne die verwysingsraamwerke van bestaande en nuwe samewerking, gebruiksregooreenkomste en konstitusies

en dat dit ENGO sal vrystaan om steeds fondse in te samel by kerkrade en gemeenskappe

en dat geen artikel, bepaling of beleid in 'n ander entiteit se kerkorde, konstitusie, memorandum van inkorporasie, reglement of oprigtingsdokument klousules sal bevat wat die absolute onafhanklikheid van die ander entiteite inperk, reël of te bowe gaan nie

en dat daar geen omstandighede sal wees waar een entiteit aanspreeklik is vir 'n ander entiteit se finansiële of statutêre laste of verpligtinge nie

en dat vir die bevordering van gesonde korporatiewe beheer, die partye hulle verbind aan administratiewe geregtigheid, wettigheid, rasionaliteit en prosedurele billikheid

en dat, tensy anders gereël in enige bestaande ooreenkoms, al ENGO en NG Welsyn Vrystaat se oorblywende bates, wat bekom is binne die konteks van hierdie ooreenkoms, of voorheen aan ENGO en NG Welsyn of hulle voorgangers in titel oorgedra is, by ontbinding of likwidering van ENGO en of NG Welsyn, in ooreenstemming met bestaande belastingwetgewing as eerste opsie gratis aangebied sal word aan die plaaslike gemeenskap waarin die diens gelewer word, wat dan daarmee moet handel in ooreenstemming met die doel waarvoor dit bekom is

en dat indien die plaaslike gemeenskap nie daarvoor kans sien nie, dit aan die NG Kerk in die Vrystaat aangebied word, wat daarmee moet handel in ooreenstemming met die doel waarvoor dit bekom is

en dat die bates aan 'n ander NWO (Nie-Winssoekende-Organisasie) aangebied sal word indien die NG Kerk in die Vrystaat nie hierdie opsie uitoefen nie of nie meer as 'n afsonderlike regsentiteit bestaan nie.

en dat die bates aan die Staat verbeur verklaar sal word indien so 'n gewillige NWO nie gevind kan word nie

en dat met bates wat van ander organisasies oorgedra is aan ENGO en NG Welsyn, of geskep is voortvloeiende uit ooreenkomste en historiese vennootskappe met sulke organisasies, gehandel word volgens die ontbindingsklousules van sodanige samewerkingsooreenkomste.

en dat hierdie MVO gewysig kan word as al die partye instem, by wyse van skriftelike addenda, wat aan hierdie dokument geheg sal word en na ondertekening van alle partye, as sodanig deel van die ooreenkoms sal word

en dat enige geskil wat mag voortvloei uit hierdie samewerkingsooreenkoms deur onderhandelings en bemiddeling hanteer sal word en indien 'n punt nie bereik kan word binne ses maande nie, dit die onderskeie partye vrystaan om die regsremedies wat tot hulle beskikking is aan te wend

en dat hierdie ooreenkoms die geheel van die ooreenkoms tussen die Partye met betrekking tot hul samewerking bevat en dat geen wysiging of verandering hiervan bindend op die Partye sal wees tensy dit op skrif gestel is en deur elke party onderteken is nie.

Geteken op hede die 29ste dag van November 2023 te Bloemfontein.

NG Kerk Vrystaat

ENGO

NG Welsyn Vrystaat



C. Diens van Barmhartigheid

C1-3 FAMILIE VAN PASIËNTE | VERBLYF BLOEMFONTEIN

NG Kerk Vrystaat

Diens van Barmhartigheid

Familie van pasiënte

VERBLYF
BLOEMFONTEIN

Beskikbare Bloemfontein-verblyf en besonderhede

Naam	Kontak ons	Slaapgeriewe	Vervoer	Nabygeleë Hospitale	Koste
Makarios	082 783 0730	1 Slaapkamer Selfsorg	Eie vervoer	Mediclinic Bloemfontein	R400 *of* R300 vir 7 dae en meer
ENGO-Gastekamer	051 406 7601	1 x Dubbel-kamer 1 x Enkel-kamer	Eie vervoer		R400 per persoon
Bult-Op	083 371 2905	Kan 3 persone slaap	Eie vervoer		Afslag indien medies verwant
Mooigenoeg	051 406 6700	7 x Chalets beskikbaar Oornag van 4 persone	Eie vervoer	Buite die dorp geleë	Prys op aanvraag
CHOC-Huis	054 587 9820	Verblyf vir een ouer en een kind wat gediagnoseer is met kanker	Loopafstand	Reg oorkant die Universitas Privaat-hospitaal	Gratis



VRYSTAAT

Vennote in Getuienis

ngkerkvrystaat.co.za



d.

Vennote in Getuienis

D1 DIE MISSIONALITEIT VAN DIE KERK

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

INLEIDING

Gedurende die afgelope meer as twee dekades het daar binne hoofstroomkerke wêreldwyd diepgaande teologiese skuiwe plaasgevind. Dit kan as die missionale bewustheidsbeweging beskryf word. Die groot eksponente van hierdie paradigmaskuif was onder andere teoloë soos Dawid Bosch, Darrel Guder, Pat Keifert ens. (Bosch, 1991; Guder, 1998, 2000) Dit het daartoe gelei dat die kerk begin nadink het oor die implikasie van ’n missionale gerigtheid in al die bedieningsaspekte of -terreine van die kerk se bediening.

In die lig van hierdie skuiwe, het die Algemene Sinode ook oor haar eie missionale aard en roeping begin nadink. Die eerste beweging wat plaasgevind het om die kerk se bediening meer in lyn met ’n missionale gerigtheid te bring, was die 2013-besluit van die Algemene Sinode rakende die missionale aard en roeping van die NG Kerk. (Sien Bylaag 1: RAAMWERKDOKUMENT OOR DIE MISSIONALE AARD EN ROEPING VAN DIE NG KERK, Handelinge van die Algemene Sinode 2013 (Nederduits- Gereformeerde Kerk, 2013). Hierdie dokument, en die daaropvolgende aanbevelings wat dienooreenkomstig in die Kerkorde aangebring is, het die kerk in sy breë verband en ook plaaslik (Sinode van die Vrystaat) ingelei op die pad van missionale teologie as basis van ’n missionaal-gerigte bediening.

Oor die eeue is die kerk altyd in transisie omdat die konteks waarin die kerk geroep is om kerk te wees, konstant verander. Dit is steeds waar vir die kerk in die algemeen, die kerk in Suid Afrika en ook in die Vrystaat. Dus is:

- ’n Hernieude kritiese kyk na ons metodiek, motiewe en uitkomste onontbeerlik;
- ’n Eerlike kritiese selfondersoek rakende ons Bybelse begronding asook politieke en kulturele invloede op werksaamhede van die verlede, hede en die toekoms noodsaaklik.

Die Bediening van Vennote in Getuienis het oor die afgelope jare ’n werkswyse ontwikkel waar daar deurlopende evaluering plaasvind ten opsigte van bestaande vennootskappe, maar ook waar ons in nuwe vennootskappe moet tree. Dit geskied:

- Nie om voor te sê of -skryf nie, maar ontblotend en onbevange te luister na ons roeping en sturing deur die Drie-enige God;
- Nie om die pas aan te gee nie, maar om in pas te kom met die leefwêreld van ons vennote en die realiteite daarvan;
- Nie te praat of voorstelle te maak alvorens ons regtig geluister, gehoor en ons insigte getoets het met ons gespreksgenote nie;
- Nie primêr om tradisies, kulture en kerklike gebruike van vennote te kritiseer en te verwesters nie, maar om daardeur verryk te word.

In nederige afhanklikheid van die Koning van die Kerk en sy Woord, betree ons ’n voortdurende proses met ’n oop einde waarvan ons die uitkomste nie kan beheer of manipuleer nie. Een van ons rigtinggewende riglyne (tesame met: Handelinge 1:8 en Matteus 28:19-20) is 1 Korintiërs 9:19-23: “vir almal het ek alles geword om (ter wille van die evangelie) sommige te red.”

PERSONEEL

Die afgelope tydperk het twee voorsitters op die Raad van Vennote in Getuienis gedien. Dr A Stander het sy emeritaat ontvang en dr J Steurer het 'n beroep aanvaar buite die sinodale gebied. Beide word bedank vir hulle diens.
Die Raad van Vennote in Getuienis het vir die afgelope tydperk bestaan uit:

Taakspansameroepers:

Dr J Steuer	- Zambië
Ds FP du Toit	- Lesotho
Ds CA Salzmann en ds IH Scholtz	- Namibië (Degnos)
Ds D Allen	- Namibië (Caprivi)
Ds JH Hattingh	- Asië
Ds DLH le Roux	- SA Raad van Kerke Vrystaat
Ds W van Velden	- Studentebediening (Bedieningsbestuurder)
Ds DLH Le Roux	- Middestad- en Arbeidsbediening (IMSA) -koördineerder
Dr R Pienaar	- Bybelgenootskap
Dr E Casaleggio	- Islam in Afrika/Suid-Afrika
Ds W van Velden	- Korttermyn uitreike en Sendingbewusmaking
Ds A Potgieter, mnr W Ellis	- Publieke Getuienis
Ds J Müller	- Evangelisasie
Mev E Conradie	- Reformed Initiative for Community Development

Ringsverteenwoordigers:

Bethlehem	- Ds SH Swart
Bloemfontein-Noord	- Ds DV le Roux
Bloemheuwel	- Ds CA Salzmann
Bultfontein	- Ds FP du Toit
Fauresmith	- Me A du Preez
Goudveld	- Ds HJ Conradie
Harrismith	- Ds HH Williams
Heilbron	- Geen
Kategoriaal	- Ds J Müller
Sentraal	- Ds AW Grobler
Smithfield	- Ds N van Rooyen
Suidoos-Bloemfontein	- Ds JH Hattingh
Vaalrivier	- Ds F van Tonder
Valsrivier	- Ds D Allen
Waterbron	- Ds PS David
Welkom	- Ds S Darker

Adviserend:

Mnr AJ de Ruiter	- Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning
Dr LM Foot	- Uitvoerende Amptenaar: Bedieningsbegeleiding
Ds DV le Roux	- Uitvoerende Amptenaar: Diens van Barmhartigheid

WAT IS ONS TEOLOGIESE VERTREKPUNT?

As vertrekpunt binne die nadenke oor missionaliteit verstaan die NG Kerk in die Vrystaat dat dit ons roeping is om deel te neem aan die Missio Dei; deel van God se sending na die wêreld. Op bondige wyse verwoord Bosch hierdie nuwe ontwikkeling in denke oor sending sedert die middel van die 20ste eeu as volg:
"Mission was understood as being derived from the very nature of God. It was thus put in a context of the doctrine of the Trinity, not of ecclesiology or soteriology. The classical doctrine on the Missio Dei as God

the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another 'movement': Father, Son, and Holy Spirit sending the church into the word" (Bosh in Transforming Mission, 1991:390).

Die NG Kerk Vrystaat is verbind tot die teologiese verstaan van ons missionale roeping en ons beskou dit as volg:

'N RADIKALE FOKUS OP GOD DRIE-ENIG (TRINITARIESE EKKLESIOLOGIE)

In die missionale teologie is die vertrekpunt in die nadenke oor die kerk (ekklesiologie) nie die kerk self nie, maar 'n nadenke oor God Drie-enig (dus 'n Trinitariese teologie). Die Drie-Eenheid word metafories verstaan as 'n liefdesgemeenskap, 'n ruimte gevul met harmonieuse verhoudinge tussen die drie Persone in die Goddelike eenheid, waarin die Vader, Seun en Gees in genade uitreik na die deur-sondegebroke wêreld, 'n inklusiewe ruimte (omhelsing, gemeenskap) waarheen alle mense uitgenooi word om binne te tree. Die Drie-eenheid word ook gekenmerk deur "gestuurdheid" (uitstuur en gestuur-wees): "soos die Vader my gestuur het … so stuur Ek julle … ontvang die Gees" (Johannes 20:19-23), met die uiteindelike doel: genade, vergiffenis, vrede, heling, lewe, seën, ens.

BELANGRIKE BEGRIPPE WAT HIER AS TEOLOGIESE BEGRONDING DIEN IS:

Missio Dei – Dit gaan om God se sending na die wêreld waarin ons as kerk saam geneem word. Dit gaan om God se agenda, God se werk, God se doel met die herskepping en versoening van alles. Dit is God wat self sy sending voltooi; ons roeping is eintlik maar net om te onderskei wat God doen en dan daarvan te getuig. Daarom is 'n fyn luister (saam luister met ander) na God, sy Woord en sy Gees so belangrik. Dit gaan om God se agenda, nie ons s'n nie.

Imago Dei – Ons (en die kerk as liggaam van Christus) is na die beeld van God geskep; daarom is die kerk geroep om navolgers van God te wees, God se eienskappe te beliggaam en sy geregtigheid en genade in die wêreld te weerkaats. Soos God is, so moet die kerk ook wees – as getuie (voorbeeld) vir die wêreld, ter wille van die wêreld en God se eer.

Coram Dei – Ons leef voor die aangesig van God, in God se teenwoordigheid, en daarom in verhouding tot God. Kerkwees gaan ten diepste daaroor dat ons saam met ander ingebind word en leef in 'n verhouding met God. Ons is daarom geroep om ook ander uit te nooi/binne te nooi tot hierdie verhouding.

Koninkryk van God – Die doel is die koms/realisering/diens aan die Koninkryk van God, die herstel van die omvattende vrede (shaloom) en die nuwe skepping van God. Daarin is die kerk instrumenteel in God se hand.

ONS IDENTITEIT IS AFGELEI UIT 'N TRINITARIESE EKKLESIOLOGIE

Wanneer daar vanuit die Triniteit oor die kerk gedink word, groei daar 'n paar sleutelkonsepte vir die kerk se self-verstaan (kerk-begrip) of identiteit:

Luister (Geestelike onderskeiding) – kerklike identiteit- en roepingsvorming kan nie anders as om begelei te word deur 'n voortdurende en diepgaande proses van saam luister na die Woord, na mekaar, na ander en na ons konteks nie. (Filippense 1:9).

'n Intrede in die wêreld, 'n vereenselwiging met die wêreld in nood (in die wêreld maar nie van die wêreld nie), 'n uittrede uit die eie gemaksone, agter die kerk se mure uit – **inkarnasie** (Filippense 2:6-11).

Selfontlediging, kruisiging van die self, die weggee van mag (teenoorgestelde van die strewe na mag), nederige diens, offervaardigheid, priesterlik selfprysgawe – **kenosis** (Filippense 2:1-11).

Gemeenskap, verhoudinge, verweefdheid (gedeelde belange), eenheid binne die liggaam van Christus – **perigorese/koinonia** (Johannes 15, 17).

Gestuurdheid van almal (om die Woord met woorde en dade, deur gemeenskap en aan- en voorbidding te verkondig) – **Marturia**.

Gasvryheid, verwelkoming, omhelsing, inklusiewe gemeenskap waar niemand uitgesluit word nie (omdat hulle byvoorbeeld anders as ons is nie), 'n gerigtheid op "die ander".

Geloofwaardigheid – gehoorsame kerk wees (soeke na geregtigheid, versoening en eenheid) in veranderende/uitdagende omstandighede – sodat die wêreld kan glo.

RIGTINGGEWENDE SKRIFGEDEELTES VIR DIE HUIDIGE KONTEKS

In ons saam luister tydens die visioneringsproses, is verskeie ander teksgedeeltes uit die Woord aan ons gegee. Ons ontvang Esegiël 47 en Jesaja 60-61 wat ons help onderskei hoe ons gestuurdheid binne die huidige konteks moet lyk.

ONS ROEPING BINNE DIE VLOEI VAN DIE WATER SOOS UITGEBEELD IN ESEGIËL 47

Uit die teks hoor ons:

Water wat vloei, 'n stroom wat klein is aan sy begin, maar groter word soos dit verder gaan, nie minder, soos ons strome ervaar nie.

Daar is 'n beklemtoning op die woorde "sien jy dit?" 'n Oproep na waarneming van die konteks.

In die kern van missionale teologie is die Drieenige God wat alreeds teenwoordig is en werk in die wêreld, die Missio Dei. Die water vloei reeds, God is reeds aan die werk.

Vrae uit die teks aan ons:

Waarheen vloei die water? Volg ons die water se vloei? Wat bring die vloeiende water tot stand?

Opmerkings:

Ons word daaraan herinner dat daar 'n fokus op "ons" is en nie op "my" nie. 'n Verstaan van "ons" help ons om weg te beweeg van die heersende tydsgees van individualisme en onafhanklikheid wat gekenmerk word met baie sterk taal; nie 'n "ons" en "hulle" (teenoor mekaar) nie.

Die volg van die water skuif die kerk weg van 'n oorlewingsmodus wat na binne gefokus is; 'n blindheid om die goeie te sien wat reeds gebeur in gemeentes en gemeenskappe, na 'n "ons" moet wyd sien en ook hulle raaksien wat nog nie gehoor het nie, nog nie die goeie nuus (euangelion) gehoor het nie of hulle wat wel gehoor het, maar nog nie Jesus se goeie nuus aanvaar het nie.

Dit vra die volgende oor die konteks:

Sien ons nog binne die konteks hulle wat verlore leef sonder Jesus Christus omdat hulle nog nie deur die radikaliteit van metanoia/bekering gegaan het nie en dus nog nie totaal getransformeer is nie?

Verstaan ons dat die verhoudingsbreuk wat met die sondeval gekom het oorsaaklik is tot baie sosiale "siektes" in ons gemeenskappe waar die verhoudingsbreuke met God, mekaar, die self en omgewing stukkend is en smagtend is na herstel binne 'n regte verhouding met Christus en 'n helpende hand na mekaar en die omgewingshulpbronne?

DIE WATER VLOEI IN EN DEUR:

Die plaaslike gemeente

In die missionale teologie word die identiteit en roeping van die plaaslike gemeente (as volledigste gestalte van kerk-wees) weer sterk beklemtoon. Die plaaslike gemeente (lidmate gesamentlik) is die draer van die evangelie in eie – sowel as wyer kontekste (Handeling 1:8). Hierdie is nie 'n onafhanklike bestaan nie (elke gemeente op sy eie nie) maar 'n plaaslike gemeente wat binne die kerkverband, NG Kerk Vrystaat, haar roeping uitleef en waar die verband of sinode se roeping primêr is om gemeentes te ondersteun in hul missionale identiteit en roeping.

Missionale leiers

Die huidige konteks van die Vrystaat lê swaar klem op die belang en aard van missionale leierskap. Missionale leiers as:

opregte volgelinge van Christus (dissipelskap);

diensknegte (*servanthood leaders*) wat nederig en diensgerig optree (Johannes 13);

leiers met en saam met ander (nie-outoritêr) luisterend na God, mekaar en die konteks;

visionêre en gerig op transformasie (nie bloot bestuurders of instandhouers nie);

geestelike onderskeiers ;

bemagtigend en bemoedigers van ander.

Hier is dit belangrik om die ou Gereformeerde beginsel van die "priesterskap van alle gelowiges" te onthou – dit gaan dus om die toerusting van die hele liggaam van Christus (alle lidmate) vir hulle dienswerk (Handelinge 11, Efesiërs 4). Kerk-wees gaan dus nie net oor leraars nie, maar alle gelowiges wat geroep is tot priesters, profete en konings.

Die doel hiermee is die wegneem van sonde, die herstel van die beeld van God in alle mense (herstel van die gebroke verhouding met God, jouself, ander, die

omgewing), die bevestiging van lewe en nuweskepping en die omvattende vrede (shaloom) – die bring van heil/die evangelie.

'n Diversiteit van kontekste

Plaaslike gemeentes verstaan die uitdagings/veranderinge in die konteks wat divers en gefragmenteerd is. Die roeping tot diens en om 'n verskil te maak in die konteks/omgewing is groter as om te leef asof ons uitgelewer is aan of slagoffers is van die konteks. Plaaslike gemeentes is soos waterwiele wat die Lewende Water kanaliseer na waar dit nodig is in gemeenskappe, hospitale, skole, munisipaliteite, ens. Plaaslike gemeentes fokus op die omgewing as lewensruimte; die skepping waar mense kan gedy as beelddraers van God. Plaaslike gemeentes verstaan hulle konteks as nie net plaaslik nie, maar hulle volg die patroon van Handeling 1:8 waar plaaslik, die Vrystaat, Suid Afrika, Afrika en die uithoeke van die wêreld hulle konteks is.

Vanuit Jesaja 60 en 61 ontvang ons die oproep tot 'n "in plaas van" transformasie

Die vraag waarmee ons konstant worstel is hoe verander/vernuwe/transformeer/reformeer/groei kerke binne 'n veranderende konteks? Die Gereformeerde beginsel van "ecclesia reformata semper reformanda", gaan ten diepste oor noodsaaklike verandering binne veranderende omstandighede ten einde gehoorsaam en effektief kerk van die Here Jesus Christus te wees.

Natuurlik moet daar 'n bewussyn vir die noodsaak van en tot verandering wees. Dit verg 'n profetiese rol/vermoë/aksie wat Walter Brueggemann beskryf as: "*Reality, Grief, Hope: Three Urgent Prophetic Tasks*". Ons kan 'n hele lys redes noem hoekom die NG Kerk Vrystaat moet verander (getalle, finansies, teologiese – en ander spanninge, leraars wat moeg/uitgebrand is, huidige bedieningspraktyke wat gerig is op instandhouding, afwesigheid van 'n profetiese stem, sosio-politieke onsekerheid, verliese van die verlede, ens.).

Dit is juis dit wat ons in Jesaja hoor van 'n "In plaas van …"

Hopeloosheid: die Evangelie verander harte sodat daar nuwe lewensmoonlikhede vir mense, klein gemeentes en gemeenskappe in die Vrystaat is wat hoop gee.

Verval: hande vat om reg te maak wat gebreek het van infrastruktuur tot verhoudings onderling.

Onsekerheid: 'n Wete dat die verlossing in Christus Jesus 'n vaste punt is wat politieke onstabiliteit nie kan weg vat nie en daarom juis

Verlies: Die Kruisiging word gevolg deur die opstanding en omdat dieselfde krag van die opstanding ook aan ons gegee is met Pinkster, kan die verliese van die verlede deurleef word en keer lewenskragtigheid terug om anderkant die verliese te leef.

Verandering vra eers 'n **sien en verstaan van die realiteit** (om werklikheid te sien soos dit is)

Diepgaande luister-proses – 'n grondige konteks-analise.

Dit verg geestelike onderskeiding; dit is die werk van die Heilige Gees deur leiers wat Wandel-in-die-Woord – luister na God, mekaar, ander, die omgewing. Dit vra gebed.

Belangrik is die skep van veilige ruimtes waar saam geluister en onderskei kan word, maar ook ruimtes van blootstelling aan die werklikheid rondom ons.

Verwerking van verlies

Verandering vra 'n afsterwe, verlies, treur, rouproses. Daar is meestal weerstand teen verandering/'n ontkenning van die werklikheid en noodsaak vir verandering. In die liminale ruimte van die verwerking van verlies ontstaan die behoefte aan/noodsaak vir verandering en word nuwe moontlikhede geskep. 'n Krisis is tegelyk ook 'n geleentheid, maar eers moet ons die krisis in die gesig staar.

Diepgaande verandering

Dit gaan nie in die eerste plek oor die organisasie/instituut of struktuur wat moet verander nie, dit wil sê kosmeties veranderinge nie, maar oor kultuur, oor my hart, oor my manier van dink en doen – "*deep change*". Vergelyk Romeine 12:2. 'n Belangrike faset in hierdie verandering is gewoontes wat moet verander: hoe ons praat (taal), hoe ons beplan, hoe ons met mekaar werk, na mekaar luister, ens. Dit gaan oor 'n nuwe verstaan en herontdekking van ons identiteit en roeping as kerk vandag.

Dit is net volhoubaar as ons saam inkoop, saam met mekaar op reis gaan; ingekoop en volhardend in die proses wat gedra word deur onderlinge vertroue en verhoudinge. Dus die hele Vrystaat-kerkverband – leraars, gemeentes, ringe en die sinode.

Misterie van verandering
Die misterie is 'n genade werking of geskenk van God wat Self die verandering bring. Daarom is dit 'n diepgaande proses wat deur gebed begelei word.

Skep momente van viering (liturgies) en van vertel (verhale van hoop)
Dit is in die verhale van hoop en vieringsmomente in gemeentes waar nuwe energie en hoop los kom as 'n gevolg van die werk van die Trinitariese God.

HOE LYK DIE HUIDIGE "DOEN" OF MISSIONALE PRAKTYKE?

In die bedieningspraktyk van gemeentes en sinodes is daar 'n opmerklike spanning te bespeur in die verstaan van die terme "missionaal" en "sending". Te oordeel aan die huidige diskoerse en debatte binne die kerk (in breër verband asook plaaslik), blyk dit dat daar 'n paar misopvattings is oor die term "missionaal" asook wat die praktiese gestaltegewing van 'n missionale teologie met sy uitvloei (of inhoud) binne 'n missionale bediening moet wees. Dit word verwoord in byvoorbeeld opvattings en uitdrukkings wat redelik algemeen gebruik soos:

a) "wêreld sending aksies kan gestaak of drasties afgeskaal word, want die kerk is missionaal in sy wese";
b) "die diakonaat of barmhartigheid oorspan alle aksies, want die begrip "missionale diakonaat" inkorporeer nou die missionale werksaamhede";
c) "die term "sendeling" bestaan nie meer nie, so die taak van uitstuur van mense is nie meer 'n taak van die kerk nie, want almal (elke lidmaat) leef missionaal";
d) ""*charity begins at home*" dus is die kerk nie meer betrokke by hulle wat anders, ver weg of buite is nie, want ons fokus is ons eie swaar en ons kan eers daar help as ons klaar hier gehelp het".
(Daar is vele meer wat genoem kan word.)

In die omgangstaal van die kerk (NG Kerk) was die terme "sending" en "evangelisasie" vir baie jare die gevestigde terme wat sporadies 'n gesprek ontlont het oor wat dan as sending gesien moet word en wat as evangelisasie gesien moet word. Die "gevestigde" bedieningspraktyk was dat "sending" breedweg verwys na die bediening aan "onbekeerde" mense wat dan veral geleë is in ver plekke, vreemde lande en tale en binne die apartheidsgeskiedenis; swart mense in die algemeen. Evangelisasie het breedweg 'n uitreik na kerklos of kerklose lidmate en mense in die omgewing van die gemeente behels wat dan bereik is deur aksies soos bv. EEIII.

Die inkleding of praktiese bedieningstoepassing van beide terme vind plaas of het plaasgevind binne "aksies" wat georganiseer was deur sendingkommissies en evangelisasiekommissies binne gemeentes. Hiervoor is fondse ingesamel en begrotings aangepas om hierdie werk te kon doen.

Die missioloog, Ed Stetzer, beskryf die huidige vaagheid of verwarring ten opsigte van die term missionaal soos volg:

"The term missional has been used quite a bit in the last 20 years. While missional has been popularized, it has not experienced a consistent usage or a consensus definition. One of the reasons why there's so much confusion around this word is because the term missional is an adjective. By definition, adjectives are not easy to define, because they are used to accomplish the purpose of the author. One sees this in the way missional has been used. Yet, the flexibility of missional is both a benefit and a frustration. Because many practitioners, theoreticians, and foes have kept themselves busy defining, defending, and dissecting the term, the meaning of the term has become blurred and caused some to swear off the word altogether". [1]

'N KONSENSUS-VERTREKPUNT

As eerste vertrekpunt moet die kerk konsensus hê oor wat die bediening van die kerk behels. Dr Coenie Burger se bydraes in die verband het oor baie jare die kerk se nadenke hieroor gevorm en grotendeels die klassieke terreine van kerklike bediening herbevestig. Hierdie terreine is dan: kerugma, diakonia, koinonia en leitourgia.

In die raamwerkdokument word die bedieningstaak van die kerk in punt 5 verwoord en lees as volg:

1 Geneem uit 'n artikel wat Stetzer gepubliseer het in die tydskrif "Christianity Today" met die titel "Towards Missional Effectiveness: An Introduction (Part 1)" en kan gevind word by: https://www.christianitytoday.com/edstetzer/2016/december/towards-missional-effectiveness-introduction-part-1-of-7.html

DIE KERK ÍS HAAR MISSIE: AANBIDDING, VERKONDIGING, ONDERLINGE GEMEENSKAP EN DIENSBAARHEID

Alles wat die kerk is en doen, het ’n *missionêre dimensie*. Meer nog: die kerk is sending, die kerk is haar missie. Die kerk kan nie anders nie! Vier begrippe uit die Nuwe Testament, waarvan die wortels in die Ou Testament lê, word dikwels gebruik om aspekte van die kerk se lewe as deelname aan God se missie na vore te bring: *leitourgia* (aanbidding), *koinonia* (opbou van die gemeenskap van die heiliges), *kerugma* (verkondiging) en *diakonia* (diensbaarheid):

a) Die kerk verkondig die goeie nuus van God se Koninkryk en roep mense op tot geloof in Christus;
b) Die kerk bring nuwe geloofsgemeenskappe tot stand (kerkplanting) en doop en bemagtig nuwe gelowiges;
c) Die kerk reageer op lyding en nood deur liefdesdiens;
d) Die kerk bring versoening en transformeer die gemeenskap in die lig van God se geregtigheid;
e) Die kerk is rentmeester van die skepping en is daarom verantwoordelik om die lewe wat God gee, te bewaar, te beskerm en uit te bou.
(Nederduitse Gereformeerde Kerk, 2013)

Hierdie punt beskryf wat die missie van die kerk beide op ’n sinodale (meerdere vergaderingsverband) en ook op plaaslike vlak, naamlik die gemeentes, se missie, taak en prioriteit behoort te wees. Burger beskryf die gerigtheid van hierdie take as ’n tegelyke gerigtheid na binne en na buite (in al die bedieninge) en vat dit skematies as volg saam:

OPBOU NA BINNE	DIENSTE	UITREIK NA BUITE
LERING EN PREDIKING	KERUGMA	MARTURIA (GETUIENIS)
DIENS NA BINNE	DIAKONIA	SOSIALE AKSIE EN DIENS
GEDEELDE LEWE NA BINNE	KOINONIA	GEDEELDE LEWE NA BUITE
EREDIENS	LEITOURGIA	FEESTE

(Burger, 1999)

Binne die konteks van die Sinode van die Vrystaat, het dr Gideon van der Watt ’n dokument met die titel “**DIE KERK SE MISSIONALE IDENTITEIT EN ROEPING**” die lig laat sien wat die sinode gehelp het met die formulering van konsepte en kernbegrippe binne die missionale teologie. Uit hierdie dokument is die volgende aanhaling van belang:
“Die term ‘missionaal’ staan ook doelbewus teenoor ’n kerk-gerigte (selfgerigte), instandhoudingsbenadering (fokus op eie lidmate) waarin dit uiteindelik maar net oor die kerk se eie oorlewing (en die leraar se salaris) gaan.”

ONS ROEPING TOT BETER PRAKTYKE

As kerk verstaan ons saam met die breër ekumeniese wêreld dat die wêreld steeds worstel met die onveranderde realiteit van ’n verlorenheid in sonde wat ten diepste tot ’n gebroke verhouding met die Drie-enige God lei; ’n gebroke verhouding met die self, gebroke verhoudings met mekaar en met die skepping waarin ons leef. Ons glo dat die goeie nuus van verlossing en herstel geleë is in Jesus Christus en dat God ons, sy kerk, na die wêreld toe stuur om juis hierdie goeie nuus vir almal te bring.

Sedert 2013, as vertrekpunt met die aanvaarding van die raamwerkdokument, het verskeie oorheersende debatte in die kerk die infasering of die noodsaak van ’n teologiese skuif soos voorgestel in die raamwerk, oorskadu. Dit het daartoe gelei dat baie min gemeentes die inhoud en aard van die dokument gelees het en uiteraard ook nie aandag daaraan gee het om dit as kern van wie hulle as gemeente is (identiteit), te integreer nie.

Die energering en ontwikkeling van gemeentes moet hier begin. Die dokument lê die fondasie vir ’n missionale verstaan en dui ook aan watter kernskuiwe en veranderinge gemaak moet word om die Missio Dei te leef as integrale bediening van die gemeente.
Die konsep van missionale kerk wees is ’n term wat baie gebruik word, maar dit wil tog lyk of gemeentepraktyke ’n vraagteken plaas oor hoe wyd en diep dit verstaan en geïnternaliseer is. Hiermee kan die moontlike praktiese hulp met besprekings (as ’n eerste skuif) in gemeentes, ringe en predikantbyeenkomste help.

'n Tweede skuif is om weg te beweeg van die heersende kultuur waar baie gemeentes se verstaan van gemeente-wees baie sterk gesetel is in 'n tipe gemeente-wees tot voordeel van hulle eie wese en welwese (hetsy blote bestaan of oorlewing soos in baie gevalle). Die kultuur van gemeentes gaan nie sommer verander deur blote *preke* of deur die weergee van nuwe *inligting* aan hulle nie. Uit die prosesse van die gestuurde gemeentereis (waaraan heelwat Vrystaatse gemeentes deelgeneem het) is gesien dat gemeentekultuur eers begin skuif wanneer nuwe praktyke in die gemeente gevestig en ingeoefen is, en wanneer hierdie praktyke tot die vorming van oordraagbare gewoontes lei wat oor en oor herhaal word en so deel van die daaglikse doen en late van die hele gemeente word. (Sien Cordier se "Nuwe gemeentes en leiers vir 'n nuwe tyd".)

Die vestiging van nuwe praktyke en gewoontes binne gemeentes is dus die beginpunt wanneer ons aan 'n kultuurverandering wil begin werk. Nie alle gemeentes is ook geneë met die maak van missionale skuiwe nie en dit moet ook verstaan word. Maar in enige veranderingsproses is daar gemeentes wat op kreatiewe maniere reeds missionaal gerig is en ander wat graag sal wil deel word van so 'n proses. Verandering kan begin deur te fokus op hierdie gemeentes en die oorvertel of weergee van skuif-stories en missionale gewoontes wat die lewens van gemeentes en hulle gemeenskappe verander. Daar is tans in die breër kerkverband nie baie literatuur beskikbaar wat gemeentes hiermee kan help nie, maar 'n proses is aan die gang om materiaal te ontwikkel om gemeentes met hierdie proses te help. Die "In Pas"-gemeentegids wil juis gemeentes help met die inoefening van nuwe praktyke.

'n Derde fase sou die vestiging van nuwe missionale vennootskappe wees binne gemeenskappe. Hierdie vennootskappe bestaan daaruit dat die res van die dorp of gemeenskap nie meer gesien word as sending objekte nie maar as vennote wat saam die doel dien om die gemeenskap te verbeter sodat God se koninkryk gedien kan word. Missionale gemeente wees gebeur wanneer ontdek word dat die koninkryk van God ons gemeente grense oorspan. Wanneer die vraag gevra word: Hoe dien ons as gemeenskap saam die Here Jesus binne hierdie konteks waar geloof gemeenskappe al hoe meer die sosiale diensverskaffer word binne 'n verbrokkelende Staatstruktuur.

Die missionale skuiwe moet nie verwar word met opgee/afskaal of wegbeweeg van tradisionele verhoudings waarin die kerk staan nie asook die roeping tot die uithoeke van die wêreld nie (Hand 1:8). Dit is bekommerenswaardig dat gemeentes dink missionale diakonaat vervang die missionale gerigtheid van die kerk.

Daarom besin ons egter nie net oor die missionale identiteit (die "wie is ons?"-vraag) van die kerk nie, maar wil daadwerklik ook by die konkrete roeping, die "doen" uitkom – die "wat" en die "hoe" van ons getuienis in die wêreld.

Dit gebeur aan die hand van die volgende kernbeginsels:

Luister na God en mekaar en daaruit vloei ons getuienis en vennootskappe. Ons luister ontblotend, geloofsonderskeidend, in verhouding, in breër gespreksforums en na verskilmakers in gemeenskappe.

Getuienis is die wesenlike roeping van die kerk in al haar gestaltes en in haar gerigtheid op die wêreld. As omvattende Woordbediening vloei getuienis voort uit die sending van God Drie-enig (*Missio Dei*) en geskied langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding. Dit is die getuienis van die heil in Christus en staan in diens van die herstel van die omvattende vrede (shalom) tussen God en mense, in en tussen mense, in gemeenskappe en in die skepping.

Vennootskappe is die voertuig wat ons kies en met 'n vennootskap word veral 'n formele, standhoudende verhouding tussen samewerkende partye bedoel en dit word gekenmerk deur wedersydse respek en ondersteuning, medeseggenskap en 'n gedeelde roeping. Vennootskappe sluit egter ook netwerke, ekumeniese- en ander vorme van samewerking in.

HOE MOET ONS MISSIONALE DIAKONAAT VERSTAAN?

Die idee is nie om hier in te beweeg op die terrein van die teologiese begronding van die diakonaat nie, maar ons wil slegs reageer op die raakvlak wat tans ontstaan binne die term: missionale diakonaat.
Die "kaping" van missionale diakonaat vir eie gewin en die omgee en sorg vir die eie is 'n baie fyn lyn wat maklik vervaag as ons nie missionale teologie verstaan nie. Die kerk staan altyd in verskeie missionale verhoudinge naamlik: missionaal in verhouding met die Drie-enige God, missionaal na binne (die eie versorging) missionaal na buite (die ander) en missionaal met die konteks/omgewing. Binne al hierdie ver-

houdings is die kerk missionaal besig met *leitourgia* (aanbidding), *koinonia* (opbou van die gemeenskap van die heiliges), *kerugma* (verkondiging) en *diakonia* (diensbaarheid).

Tans word hierdie bedieninge sinodaal hanteer deur Barmhartigheid, Bedieningsbegeleiding en Vennote in Getuienis. Die huidige *status quo* binne die kerk in die Vrystaat is dat diakonaat 'n al hoe groter rol speel (en gaan speel) binne 'n verbrokkelende staatsdiensleweringstruktuur. Hierdie diakonaat is nie en kan nie net op die self gerig wees nie en moet 'n missionale gerigtheid binne die lewering van die diakonaat hê. Tans is die staat 'n vennoot in hierdie diakonaat en dus is die fokus 'n gedeelde fokus met spanning tussen die vennote rakende betaling van dienste. Daarom kan missionaliteit nie in totaliteit net vervat word in missionale diakonaat nie, maar is missionale diakonaat 'n aspek van die kerk se bediening en nie die enigste en allesomvattende bediening nie.

Deel van missionaal wees is ook missionale vennootskappe wat die uitbou en vestiging van ou en nuwe vennootskappe moet fasiliteer. Die vennootskappe is na binne (gemeenskappe en hulle ontwikkeling) en na buite (tradisionele vennootskappe) buite die geografiese bedieningsarea van die kerk se bediening gerig. Daar is ekumene wat die verhouding met ander (buite die verband) vergestalt en die missionale uitreik na hulle wat nog nie die evangelie gehoor het nie. Dit vind plaas binne bestaande verhoudings en binne nuwe verhoudings.

Handelinge 1:8 was oor die eeue en tot vandag deel van die kerk se missionale roeping wat funksioneer op die "sowel as"-beginsel dat die kerk tegelykertyd in Judea, Samaria en tot in die uithoeke van die aarde 'n rol te speel het. Vennote in Getuienis hou die kerk van hierdie roeping in die wêreld (wat nooit ophou nie) bewus.

DIE WERKOMSKRYWING VAN VENNOTE IN GETUIENIS

In die Kerkorde word die taak van Vennote in Getuienis in Artikel 53 omskryf wat as volg lees:

Gestuurdheid (Missio Dei)
Artikel 53

53.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee en die kerk is in diens van God se missie.

53.2 Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom 'n gemeente. Deur dié gemeente:

- laat God sy Woord verkondig;
- bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand;
- laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer;
- laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring;
- word sy geregtigheid en versoening verkondig.

Só laat Hy sy koninkryk kom.

53.3 Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.

53.4 Elke gemeente is 'n gestuurde gemeente en so elke lidmaat van die gemeente.

Besluite by Artikel 53:

53.1 Die Drie-enige God versamel, bou, roep en stuur die hele kerk, in al haar gestaltes (lidmate, gemeentes, kerklike verbande en bedieninge), as getuies van God se sending (Missio Dei) na die wêreld. In dié getuienis word die omvattende heil (vrede/sjaloom) met Woord en daad bedien (Kolossense 1:20, 2 Korintiërs 5:18, Filippense 1:10-11).

53.2 Elke gemeente is geroep tot missionêre gemeente-wees in eie konteks, maar ook om onder leiding van en in die krag van die Heilige Gees betrokke te raak by diens- en getuienisprojekte in "Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die uithoeke van die wêreld" (Handelinge 1:8). Dit sluit die uitstuur en ondersteuning van sendelinge en uitreik-groepe in.

53.3 Om te onderskei wat hierdie roeping tot gestuur wees vir elke spesifieke konteks behels, behoort daar biddend saam geluister te word na die Woord en Gees, na mekaar en ander en na die nood in die wêreld.

53.4 Eenheid, versoening en geregtigheid is onontbeerlik vir die kerk se geloofwaardige getuienis in die wêreld (Efesiërs 4:3-6).

53.5 Getuienis word sover moontlik gedoen in vennootskap met ander, maar op weg na groter sigbare eenheid veral ook met susterkerke in die NG Kerkfamilie. Getuienis in vennootskap behels:

- Wedersydse erkenning en respek van die vennote se selfstandigheid.
- 'n Fokus op die vennote se gedeelde roeping tot getuienis in die betrokke konteks.
- Die uitbou van standhoudende verhoudinge, wat ook in geskrewe ooreenkomste vervat kan word.
- Wedersydse ondersteuning, inspraak, verantwoording, openheid en vertroue.

• Doelbewuste wegbeweeg van afhanklikheid en voorskriftelikheid.
• Vennootskappe is ’n doelbewuste stap nader aan die eenwording binne die NG Kerkfamilie.
53.6 Die Bediening vir Vennote in Getuienis staan in diens van gemeentes, ringe, sinodes en ander kerklike verbande se roeping tot diens en getuienis.

DIE WERKSAAMHEDE AS UITVOERING VAN DIE SINODE-OPDRAG

EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE

Die essensie van ekumeniese verhoudinge lê in die bevordering van begrip, samewerking en eenheid tussen verskillende Christelike denominasies. Dit gaan oor die transendering van teologiese verskille en historiese verdeeldheid om saam te werk aan gemeenskaplike doelwitte soos die bevordering van vrede, geregtigheid en humanitêre pogings. Ekumene beklemtoon die gedeelde geloof in Jesus Christus en poog om hindernisse te oorkom wat Christelike gemeenskappe skei, deur dialoog, wedersydse respek en samewerking aan te moedig op gebiede van aanbidding, sosiale aksie en teologiese refleksie. Ekumene het ten doel om die eenheid van die Liggaam van Christus (Johannes 17:21) te midde van diversiteit te manifesteer, met die erkenning van die rykdom wat uit verskeie tradisies kom, terwyl daar gestreef word na groter harmonie en versoening tussen gelowiges.

Ekumeniese verhoudinge fokus op die bevordering van begrip, samewerking en eenheid tussen verskillende Christelike denominasies of dan kerke. Dit poog om die teologiese en historiese verskille wat bestaan te oorkom sodat kerke saam kan werk aan eenheid, vrede, geregtigheid en heling van ’n stukkende wêreld en stukkende gemeenskappe.

Die kern van ekumene of “oikumene” is 'n gedeelde geloof in Jesus Christus wat Christene aanmoedig om die hindernisse en dogmatiese verskille deur dialoog en respek oor te steek en mekaar te vind in Jesus Christus. Die uiteindelike doel is om die eenheid van die Liggaam van Christus (Johannes 17:21) te midde van diversiteit en verskeidenheid sigbaar te manifesteer, terwyl die rykdom van verskeie tradisies erken word, en om harmonie en versoening tussen gelowiges te bevorder.

BUITELAND

Zambië

JMU (Justo Mwale University)

Die afgelope vier jaar het JMU verskeie finansiële uitdagings in die gesig gestaar. Covid-19 en swak bestuur het gelei tot baie diep strukturele en finansiële probleme by die instelling. Die befondsing vanaf die Vrystaat (Die Zambië Fonds) word aangewend om studente met beurse te befonds, hulle van tydelike dosente (afgetredenes) te voorsien asook infrastruktuurprojekte, soos voorgelê deur JMU, te ondersteun. Ons dra nie by tot die dag-tot-dag uitgawes van JMU nie. Tans word drie beurse per jaar aan studente uit die RCZ toegeken. Dr Dawid Kuyler en dr Bertus Cilliers het as tydelike dosente gedien. Beide sal nog vir twee jaar diens doen waarna die projek geëvalueer sal word met die oog op die toekoms. Verskeie infrastruktuurprojekte het aandag geniet waarvan die opgradering van die biblioteek se solar-sisteem die lewe van studente op kampus baie vergemaklik het.

RCZ Sinodale werksaamhede

Gedurende die afgelope tydperk het die *Reformed Church* in Zambië haar 125-jarige bestaan gevier. In 1899 het die NG Kerk Vrystaat begin met die werk in Magwero in die ooste van die land. Hierdie fees het plaasgevind op 7 Julie waartydens dr Nico Mostert die erediens gelei het. Dit het by die Lusaka-skougronde plaasgevind.

Die Sinodesitting van die RCZ, wat gewoonlik in Katete plaasvind, is deur verskeie afvaardigings van die Vrystaat bygewoon. Daar is ’n vertalingsprojek van kategese-materiaal waarby ons betrokke is. ’n Span van die RCZ werk tans aan die vertaling van die CLF Tell Tell-reeks in Chichewa. Die RCZ het ook versoek dat ons behulpsaam moet wees met die “*Youth Centre*” waar vaardigheidsopleiding gedoen word ten bate van die jongmense in die kerk. Nuwe toerusting is aangekoop vir die motorwerktuigkunde en naaldwerkdepartemente.

TEEZ (Theological Education by Extention Zambia) program

Die TEEZ-program is ’n interdenominale program wat lidmaatbemagtiging oor ’n breë spektrum van kerke in Zambië doen. Hierdie program word deur verskeie van ons internasionale vennote ondersteun en dus is dit ’n gesamentlike bediening in Zambië. Hierdie program speel ’n groot rol op voetsoolvlak van kerkwees en is ’n projek waarby ons in die toekoms graag meer betrokke sal wil wees.

Lesotho

Verskeie gemeentes van die Vrystaat is betrokke in Lesotho wat LECSA-gemeentes, NGKA-gemeentes

en onafhanklike bedieninge insluit. Die afgelope vier jaar was daar deurlopend verskeie besoeke gebring aan al hierdie werksaamhede. Gemeentes lewer 'n reuse-bydrae tot die werksaamhede in Lesotho en handhaaf verhoudinge op plaaslike vlak. Formeel word daar jaarliks besoeke aan die LECSA Sinode-sitting sowel as die NGKA Ring van Lesotho gebring.

Ons samewerking met die ring het daartoe gelei dat die ring twee leraars beroep het wat die ring as geheel bedien en nie net een gemeente nie. Daar is ook baie nuwe geleenthede geïdentifiseer waar gemeentes by betrokke kan raak. Lesotho grens aan die Vrystaat en bied die ideale geleentheid vir gemeentes om korttermyn-uitreike te doen. Kontak gerus die kantoor vir meer inligting.

Namibië

Degnos

Die Vrystaat is histories deel van die van DEGNOS sedert die kapelaansdienste van die ou SA Weermag die bediening onder die Boesmans behartig het. Ons is dan ook een van die stigterslede van DEGNOS en vorm deel van die Raad van DEGNOS wat jaarliks by die NG Kerk Grootfontein plaasvind. Hierdie werksaamheid van die NG Kerk in Namibië word al baie jare ondersteun deur die Ring van Heuwelkruin en spesifiek die gemeentes van Heuwelsig, Heuwelkruin en Woodland Hills. Vennote dra finansieel by tot die direkte koste van DEGNOS. Die gemeentes fokus op die Tsumkwe-area in hulle jaarlikse uitreike.

Caprivi

Die NG Kerk Viljoenskroon- en Bothaville-gemeentes gaan jaarliks op uitreike na die Oos- en Wes-Caprivi. Hierdie uitreike fokus op die opleiding en bemagtiging van lidmate en evangeliste in die areas in samewerking met die URCSA-gemeente van Katima Mulilo.

Botswana *(Dutch Reformed Church in Botswana)*

Alhoewel hierdie werksaamheid onder die Noord-Kaapland Sinode val, is die Vrystaat sedert 2021 betrokke by voortgesette teologiese opleiding van leraars op versoek van die Noord-Kaapland. Die Noord-Kaapland Sinode het ons genader om behulpsaam te wees aangesien hulle kapasiteit verminder om effektief samewerking met die DRCB te handhaaf. Aangesien die BRCD deel vorm van die RFF, maak dit die skakeling vanaf die kantoor makliker.

Prof Kobus Schoeman is betrek om die DRCB-gemeentes se deelname aan die CLS-vraelysprojek te fasiliteer. Hierdie projek is met groot entoesiasme begroet met ongeveer 13 gemeentes wat deelneem. 'n Besoek sal aan Botswana deur die uitvoerende amptenaar in Junie gebring word saam met verteenwoordigers van die Noord-Kaapland Sinode en prof Schoeman om die vordering en resultate met die gemeentes te gaan bespreek.

Die gesprekke met die Noord-Kaapland Sinode rakende die skakeling met die DRCB gaan voort en prof Kobus Schoeman word met sy CLS-proses in gemeentes van die DRCB ondersteun.

Asië

Die afgelope tyd is daar weer aandag aan 'n nuwe sendingsamewerkingsooreenkoms met die Ring van Shikoku in Japan en die verlenging van ds Tobie en Annalie de Wet se bediening gegee. Daar is versoeke van die RCJ (*Reformed Church in Japan*) se Ring van Shikoku gerig om nog 'n sendelingegpaar te stuur. Alvorens 'n werwingsproses kon begin, moes daar egter eers 'n nuwe samewerkingsooreenkoms in plek kom; hierdie ooreenkoms reguleer wat ons in Japan doen. Na 'n tweejaar-proses is die nuwe ooreenkoms in 2025 onderteken.

Dit baan die weg vir die De Wet's om vir 'n verdere drie jaar in die Ring van Shikoku te werk. Hulle nuwe standplaas sal in Tokoshima wees en wel by Seibo-Wes-gemeente. Die De Wet's was Maart en April op 'n tuisbesoek in Suid Afrika waar hulle tyd gewy is aan rus en familiebesoeke asook 'n vergadering met die bestuur van Missie Japan.

Die proses vir die beroeping van 'n tweede sendeling vir Japan is intussen begin. Die pos (wat 'n self-befondsingspos is; dit wil sê die persoon moet self fondswerwing doen) word tans geadverteer. Geen aansoeke is nog ontvang nie.

Dan is me. Lindie Kleinhans werksaam by Japan Sending (die sending wat destyds deur Neil en Peggy Verwey begin is) en haar werk lewer groot vrug op. Heelwat lidmate in die Vrystaat ondersteun Japan Sending. Dawid Verwey, seun van wyle Neil en Peggy Verwey, besoek SA in Junie en sal by gemeentes besoek aflê.

Daar is ook ander organisasies wat werk in Japan doen soos Missie Japan, Japan Sending en OMF (*Overseas Mission Fellowship*). Lidmate en gemeentes word aangemoedig om, as deel van hulle roeping tot wêreldsending, al hierdie werksaamhede te bly ondersteun om so te verseker dat die kerk in Japan

bewus bly van die NG Kerk Vrystaat se voorbidding en ondersteuning in 'n land waar net minder as 1% van die bevolking hulself as Christene beskou.

Reformed Family Forum (RFF)
Die jaarlikse vergadering van die RFF vind die afgelope jare te Emseni in Kemptonpark plaas met 13 van die lidkerke wat verteenwoordig word. Hierdie bly ons grootste Afrika ekumeniese vergadering met kerke binne die NG Kerkfamilie. Dit bly 'n gesamentlike werksaamheid met die Sinode Wes-Kaapland. Daar was ook in 2024 'n vergadering met die moderators van die onderskeie kerke om so gedeelde temas te kon identifiseer wat almal raak. Daar is nie altyd raad en hulp nie, maar die saamwees en gesprek help baie as ondersteuning vir die onderskeie kerke. Die 2026-vergadering vind vanjaar van 13-17 September by Emseni plaas. Tans verteenwoordig die RFF-kerke ongeveer 16 miljoen Christene op die Afrika-kontinent.

NetACT
Dr Mostert is steeds betrokke as uitvoerende hoof van NetACT. NetACT bly nog altyd 'n belangrike skakel binne ons Afrika Ekumene omdat ons tradisionele vennote se teologiese opleidingsinstellings deel is van NetACT. Uit hoofde van ons NetACT-verbintenis dien dr Mostert ook op die direksie van *Association for Christian Theological Education in Africa* (ACTEA). Hierdie liggaam reguleer die akkreditasie van teologiese skole in Afrika veral in lande waar Christen teologiese skole nie erken word nie. Sy betrokkenheid daar dien as belangrike skakel in die ekumene in Afrika.

BINNELANDS
NGK, RCA, NGKA, VGKSA
Daar het jaarliks 'n gesamentlik vergadering plaasgevind tussen die moderature (of verteenwoordigers) tussen bogenoemde vier kerke. Tydens die 2023-vergadering is die volgende temas as gesprek en samewerkingspunte geïdentifiseer: Sosiale kohesie (klem op interne versoening, eenheid, anti-rassisme en die gesamentlike stryd teen geweld op alle terreine), Diens van Barmhartigheid (rampe, stukkende gemeenskappe, ens.), jeug (werkloosheid, swak onderrig in skole, dwelmmisbruik, vroeë kind- ontwikkeling), teologiese opleiding (identifisering van potensiële nuwe leraars, VBO van bestaande le-raars, spiritualiteit van leraars), die stand van huidige leraars (lewensonderhoud, voorbestaan op die platteland) en teologiese identiteit (die rol van die Belydenis van Belhar in die konteks van vandag, groeiende Pentekostalisme).

Tydens die 2024-vergadering is hierdie onderwerpe verder bespreek en is 'n gesamentlike verklaring deur die kerke uitgereik in aanloop tot die verkiesing van daardie jaar. (Sien bylaag 2) In 2025 en 2026 het vol agendas van die onderskeie moderature bygedra dat geen verdere gesprekke gevoer is nie.

Aanbeveling:
1. Die Vrystaat Sinode neem kennis van die geïdentifiseerde onderwerpe en erken die noodsaak dat verdere gesprekke tussen die onderskeie kerke gevoer moet word.
2. Die Sinode dra dit op aan die nuwe moderatuur om hierdie gesprekke te hervat en as prioriteit op hulle agenda te plaas.
3. Die Sinode hervestig hulle verbintenis tot eenheid en voortgaande gesprekke tussen die NG Kerk, NGKA, VGKSA en die RCA.
4. Die Sinode versoek Vennote in Getuienis se Taakspan vir Publieke Getuienis om, in oorleg met die moderamen, in die volgende 4 jaar 'n Vrystaat-dialoog binne gemeenskappe te inisieer met die doel om sosiale kohesie te bevorder om sodoende 'n beter, groeiende, florerende en veiliger Vrystaat daar te stel waar die genesende water van die evangelie hoop sal bring in plaas van die ellende en agteruitgang wat tans ervaar word.

SA Raad van Kerke Vrystaat (SARK)
Die SARK in die Vrystaat sukkel weens 'n gebrek aan kapasiteit om aan die gang te kom. Die leierskap is maar 'n klein groepie betrokkenes en Vennote in Getuienis bied ondersteuning deur middel van tyd en finansies. Daar was 'n "roadshow" deur die Noord-Vrystaat in 2025. Net een NG Kerk-leraar het die byeenkomste bygewoon. Ekumeniese groepe in gemeenskappe soos "*freternals*", broederkringe, ens. word nie goed bygewoon nie. Gemeentes is by baie hulpverlenings projekte betrokke, maar doen dit in isolasie en nie saam met ander in hulle gemeenskap nie. Die "*social ills*" soos ongeregtigheid, dienslewering, misdaad, geweld, ens. word in alle gemeenskappe oor gepraat, maar nie effektief deur die kerke in gemeenskappe aangespreek nie. Die SARK beveel lidkerke aan om LEANS (*Local Ecumenical Action Networks*) te vorm in plaaslike gemeenskappe.

Dit bly deel van plaaslike gemeentes se ekumeniese roeping om deel te word van plaaslike ekumeniese liggame of groepe in hulle gemeenskap. Vennote in Getuienis wil gemeentes aanmoedig om aktief in die vestiging van plaaslike ekumeniese groepe leiding te neem indien daar nie so iets in gemeenskappe

bestaan nie. Die handleiding "'n Plek vir elke gesprek" kan gebruik word as praktiese riglyn vir ekumeniese deelname.

ELCSA (*Evangelical Lutheran Church in Southern Africa*)
Dr Van der Watt tree aan die einde van 2026 finaal af. Die ekumeniese samewerkingsooreenkoms met ELCSA het die weg gebaan vir leraars van beide kerke om gemeenskappe beter te bedien. Dr Van der Watt word bedank vir die diens wat hy in ELCSA binne die raamwerk van 'n samewerkingsooreenkoms tussen Vennote en ELCSA lewer.

GETUIENISAKSIES
Studentebediening
Die bediening het formeel tot stand gekom met die ontbinding van die NG Gemeente Kovsie-kerk. Aangesien Vennote in Getuienis al jarelank die bediening aan studente befonds, is besluit dat 'n nuwe bediening onder Vennote in Getuienis gevestig sal word wat die bediening aan studente sal koördineer.

'n Reglement is opgestel wat in Augustus 2023 deur die moderamen goedgekeur is wat hierdie bediening reglementeer. Daar is ook 'n raad in die lewe geroep wat die oorsig en toesig oor die bediening hanteer en in die laaste jaar is daaraan aandag gegee om die reglement vir studentebediening op te dateer om die huidige realiteite van die bediening beter te weerspieël. Daar is seker gemaak dat daar verteenwoordigers van elke bedieningspunt op die raad is.

Werksaamhede vind plaas onder die naam *Waypoint*. Daar is op dié naam besluit vir die gesamentlike sinodale studentebediening. Dit is sodat daar 'n herkenbare en bemarkbare identiteit gebou kan word. Die naam verwys daarna dat 'n student se tyd hier op Bloemfontein 'n belangrike merker en 'n roetepunt op hulle geloofsreis is en dat die bediening graag in hierdie fase van hulle lewe vir hulle 'n geloofstuiste wil skep. Dit is 'n koördineringsliggaam wat toesien dat bediening aan studente in verskeie gemeentes en plekke plaasvind.

Die opbrengs uit die verkoop van die kerkgebou is aan die sinode oorgedra met die voorbehoud dat die bediening aan studente daaruit befonds moet word. Daar is ook 'n klousule wat voorsiening maak vir die aanstel van 'n bedieningsbestuurder deur Vennote wat die koördinering van die bediening behartig.

Gedurende die afgelope termyn het ds Gerhard Meyer 'n beroep na Langenhovenpark aanvaar en ds Wouter van Velden is as die bedieningsbestuurder aangestel.

Waypoint bestaan tans uit vier bedieningspunte, ook genoem nodes. Dit is Kopanong, *Centre of Faith* by die Geloofsentrum, Pellisier en SINK wat verbonde is aan Langenhovenpark. Eersgenoemde twee punte bedien in Engels en laasgenoemde twee in Afrikaans.

Kopanong het aan die begin van 2025 na Bloemfontein-Wes se kerksaal geskuif. Dit is ingerig as beide 'n erediensruimte en as 'n gemeenskapsentrum. Daar is goeie samewerking met Bloemfontein-Wes, met lidmate van die twee gemeentes wat al 'n paar geleenthede gesamentlik bygewoon het. Gegewe dat Kopanong lank op die UV-kampus gesetel was, is die meeste van haar lidmate nog afkomstig van die UV. Tans word daar egter nagedink oor hoe daar ook meer uitgereik kan word na CUT-studente, veral diegene wat naby aan die kerksaal bly. Daar is ook UV-lidmate van Suid-Kampus afkomstig.

By *Centre of Faith* (Geloofsentrum) is daar onlangs 'n Sotho-sprekende teologiestudent van die NGKA betrek om met die bediening te help. Dit maak die las op die predikante van Geloofsentrum minder en die hoop is dat die betrokke student ook goeie aanklank sal vind by die studente wat daar dienste bywoon.

SINK fokus veral op Bybelstudie en gemeenskap tussen studente, met baie van die studente wat eredienste op verskeie ander plekke bywoon. Dit blyk egter dat so 'n koinonia-geleentheid vir hulle belangrik is en die getalle bly redelik stabiel.

Die uitreike vorm steeds 'n belangrike deel van die studentebediening. Die onderskeie bedieningspunte gaan voort met eie bedieningsprojekte en -uitreike, maar die volgende word deur *Waypoint* bestuur of bemark met studente wat van die verskillende punte genooi word:

• Die Kougom-kamp gebeur voor die opening van die akademiese jaar en is daarop gemik om eerstejaars op Bloemfontein te verwelkom en hulle in te lig oor die studentebediening.
• Die staptoer in die Maart/April-reses.
• Die Lesotho-uitreik wat in die Junie/Julie-vakansie plaasvind. Daar is besoek afgelê aan die seminarium van LECSA te Morija, die gemeente in Qomo-Qomong, en die *Growing Nations* plaas naby Ma-

phutseng waar jongmense die F*arming God's way*-program deurloop.
• Die Traptoer (fietstoer) in die September-reses. Tans val die fokus daarop om *Waypoint* aan tieners in veral die Vrystaat se sinodale gebied te bemark, sowel as om fondse in te samel vir die teologiese beursfonds en die Bybelgenootskap.
• Die Afrika-uitreik. Die laaste twee jaar is daar na Botswana uitgereik. Daar word geskakel met die Afrikaanse Hervormde gemeente in Gabarone, asook met 'n gemeente van die DRCB en 'n skool wat aan hulle verbonde is.
• Die Stranddiens. Dit vind jaarliks in Desember by Yzerfontein plaas.
• *City Outreach*. Dit word vanuit Kopanong bestuur, maar lede vanoor die hele *Waypoint* word genooi. Dit geskied Vrydagmiddae. Studente besoek dan verskillende projekte in die stad soos *Towers of Hope*, *Sunflower House* en *New beginnings* om vir die middag hulp te bied. Die hoop is dat hierdie uitreik dermate kan groei dat daar weekliks op 'n Vrydag meer as een instansie besoek kan word.

Vanjaar word daar ook 'n nuwe "uitreik" getoets: Dit volg na jongmense van Lesotho en Botswana genoem het dat hulle graag vir diegene wat hulle op die uitreike daarheen ontmoet het, hier in Bloemfontein sal wil kom kuier. Dit gee die geleentheid om die belangrike moontlikheid van die wederkerigheid van uitreike te toets. Die geleentheid is gereël vir die begin van Mei 2026. Die jongmense sal in en om Bloemfontein by uitreike betrokke wees, maar ook deelneem aan 'n werkswinkel en ander geleenthede ten bate van samewerking.

Dit is ook verblydend om te sien hoe die leierskap van die uitreike diversifiseer, met jongmense van verskillende agtergronde wat vanuit die verskillende bedieningspunte verantwoordelikhede neem.

'n Kommunikasiespan, bestaande uit 'n verteenwoordiger uit elke bedieningspunt, is ook saamgebring om die vloei van inligting tussen bedieningspunte te bevorder. Buiten algemene *Waypoint*-aktiwiteite waartoe al die bedieningspunte se lede genooi word, kan die onderskeie bedieningspunte se verteenwoordigers ook uitnodigings na hulle bedieningspunt se eie aktiwiteit deurstuur. Die hoop is dat dit interaksie tussen die studente in die verskillende bedieningspunte sal bevorder. 'n *Waypoint*-webtuiste (https://www.waypointstudent.com/) is geskep wat ten doel het om *Waypoint* bekend te stel, maar wat ook as 'n platform kan dien waar die onderskeie bedieningspunte hulle aktiwiteite kan adverteer en lede van ander bedieningspunte kan nooi om in te skakel.

Fokusareas vir die nabye toekoms is die verdere bevordering van die kommunikasie en samewerking tussen die verskillende bedieningspunte. Verder sal daar aandag aan gegee word om studente by die onderskeie bedieningspunte meer bewus te maak van *Waypoint* as instansie, die aktiwiteite wat daarvan deel vorm en hulle betrokkenheid daarby te verhoog.

Aanbevelings:
1. Die sinode neem kennis van die werksaamhede wat onder die naam Waypoint (die gekose naam vir die bediening aan studente) plaasvind en moedig gemeentes aan om hulle naskoolse jongmense wat in Bloemfontein kom studeer te verwys na die bedieningspunte van Waypoint by die gemeentes van NG Gem Pellisier, NG Gem Langenhovenpark, Universitas Geloofsentrum en Kopanong (by NG Gem Bloemfontein-Wes).
2. Versoek leraars in die sinode om hulle beskikbaar te stel om as leiers van die uitreike op te tree.

Middestad en Arbeidsbediening (ingesluit IMSA – *Industrial Ministries South Africa*)
In die Bloemfontein-omgewing bestaan daar al jarelank reeds 'n hele netwerk van instansies en individue wat by Arbeidsbediening betrokke is. Daar word by 'n groot aantal besighede en fabrieke gereeld dienste gehou (ongeveer 60 per maand) of werkers kom saam vir kort gebedsgeleenthede of Bybelstudies. As koördinerende liggaam neem Vennote in Getuienis saam met hierdie besigheidsinstansies verantwoordelikheid vir hierdie mooi werk. Vir meer as twintig jaar het mnr Connie van Heyningen as die voltydse geestelike werker hierdie werk saam met 'n paar vrywilligers gedoen. Na mnr Van Heyningen se aftrede is ds De la Harpe le Roux in 2008 beroep met die opdrag, Middestad- en Arbeidsbediening.

In 2010 is daar 'n ooreenkoms met die NG Gem Tweetoring, die NGO *Towers of Hope* en Vennote in Getuienis gesluit. Dit het beteken dat ds De la Harpe le Roux sy tyd daaraan bestee het om Arbeidsbediening verder uit te bou saam met die middestadbediening, wat as Torings van Hoop of *Towers of Hope* bekend staan. Dit is by die NG Gem Tweetoring gesetel. Sedert 2018 was die pos bekend as koördineerder: Middestad- en Arbeidsbediening.

Ds De la Harpe le Roux is vanaf 2023 in die pos as uitvoerende amptenaar vir Diens van Barmhartigheid aangestel en het in Januarie 2026 kennis gegee dat hy nie meer as die koördineerder: Middestad- en Arbeidsbediening kan voortgaan nie. Die Raad van Vennote het mnr Andreas Niewoudt in sy plek aangestel met ingang 1 Maart 2026.

Die Raad het aan die koördineerder: Middestad- en Arbeidsbediening opdrag gee om ’n taakspan vir die bediening saam te stel en ook die riglyne vir die bediening te hersien en uit te bou.

Bybelgenootskap

’n Volledige verslag van die Bybelgenootskap word gevind in Bylaag 1

Aanbevelings:

1. Neem met dank kennis van die werksaamhede van die Bybelgenootskap en bid die Here se seën af op hierdie belangrike taak.
2. Die sinode keur die aanbevelings goed soos vervat in Bylaag 1.
3. Die NG Kerk Vrystaat herbevestig sy verbintenis tot die Bybelgenootskap as primêre verskaffer van Afrikaanse – en inheemse Afrika-vertalings vir die kerk.
4. Moedig lidmate aan om die Bybelgenootskap deurlopend te ondersteun met bewusmaking en fondswerwing om sodoende die jaarlikse mikpunt per lidmaat te laat realiseer.
5. Die sinode wys dr. R Pienaar as primarius en ds. Jo Müller as sekundus as verteenwoordigers aan van die NG Kerk by Bybelgenootskap.

PUBLIEKE GETUIENIS

’n Groep leraars en lidmate het die week van 17-19 Februarie 2024 die Landbouweekblad Sen-wes-gesprek oor die platteland bygewoon. Die getuienisse en planne oor hoe om die platteland te laat herleef, het die verbeelding aangegryp en ook hoop gegee vir almal. Daar is gepraat oor werkskepping, plaaslike regering, skepping van markte vir boere en bestaansboere, samewerking van almal in gemeenskappe, klem op vennootskappe met die gemeenskap en die staat, die bou van verhoudings onderling in gemeenskappe, die rol van die kerk as integrale deel van gemeenskappe, ens. ’n Groot verskeidenheid mense uit alle sfere van die samelewing het die twee-dag geleentheid bygewoon.

Uit verskeie gesprekke regoor die Vrystaat wys die taakspan onder leiding van mnr Willem Ellis, die volgende tendense uit waaraan ons as kerk in die Vrystaat sal moet aandag gee asook ’n definitiewe leidende rol sal moet speel:

Bestuur: Plaaslik en Nasionaal

Polities is daar druk op demokrasie met sterk bewegings na outokrasie, diktatorskap, ondeursigtigheid en onverdraagsaamheid. Plaaslike bestuur se verval speel direk uit op die dienslewering in gemeenskappe wat die lewenskwaliteit van mense aanraak. Binne makro-ekonomiese bestuurstelsels vind ’n mens faktore soos ekonomiese ongeregtighede, ongelykhede, korrupsie, gierigheid, SEB as uitsluitingsmeganisme (bevoordeling van ’n klein, swart elite) en grondonteiening wat direk voedselsekerheid in gedrang bring. Die erodering en stelselmatige uittap van hulpbronne deur korrupsie, nepotisme en kriminaliteit plaas druk op direkte dienslewering wat weer lewenskwaliteit inperk. Gewelddadigheid in die samelewing (ingesluit landelike veiligheid) word swak bestuur deur alle rolspelers, insluitend die polisie. Elkeen van hierdie onderwerpe raak lidmate se lewensmoontlikhede direk of indirek.

Rassisme en xenofobie:

’n Groeiende Christen-nasionalisme wat met ’n vertrekpunt van die teenoorstelling van mense (ons en hulle) werk. Die klassieke “ons”- en “hulle”-model wat meer en meer vergestalt in “ons” teen “hulle”. Daar word ook met kommer kennis geneem van ’n groeiende vreemdelingehaat omdat interne hulpbronne onder druk is en deur baie gedeel moet word. ’n Skynbaar minder streng-gereguleerde immigrasietoepassing lei tot ’n invloei van ongedokumenteerde buitelanders binne-gemeenskappe. Dit plaas druk op plaaslike hulpbronne en dienslewering wat tot grootskaalse spanning in gemeenskappe lei.

Ekologiese uitdagings en omgewingsgeregtigheid:

Die seisoenale wisselvalligheid het ’n negatiewe invloed op landbou-omstandighede in ons streek. Klimaatsverandering veroorsaak ’n katastrofe wat wisselende reënval en droogtesiklusse veroorsaak. Die meeste gemeenskappe in die Vrystaat is landbou-sensitief omdat landbou die grootste ekonomiese stimulus en werkverskaffer naas mynbou is. Die ontkenning van hierdie werklikheid deur sommige wêreldmoondhede help nie die plaaslike situasie in die Vrystaat, Suid-Afrika en Afrika nie.

Afrika en Globaal:

’n Eskalasie van militarisme/militarisering op die kontinent lei tot gewelddadige konflikte. Baie van hierdie konflikte is etnies en religieus van oorsprong. Dit

bring 'n toename in IDP's (*internally displaced people*) soos vlugtelinge, weduwees en weeskinders met 'n gepaardgaande gewelddadige vervolging van Christen-gemeenskappe in byvoorbeeld Nigerië mee.

Op die globale speelveld is daar 'n tendens te bespeur dat die globale Suide (wat Afrika insluit) toenemend uitgesluit word van globale besluitneming. Afrika se voortgaande afhanklikheid van die globale Noorde vir aalmoese, finansiële ondersteuning, kennisstelsels en hulpbronne word versterk eerder as wat dit verander na onafhanklikheid en selfontwikkeling. Die gehalte van leierskap in Afrika (wat meestal diktatoriaal van aard is en uitbuitende praktyke volg) dra by tot die uitsluiting van Afrika op die globale speelveld.

Jeug:
Wanfunksionele en gebrekkige onderwysstelsels bring mee dat daar al hoe meer uitdagings is met kapasiteitsontwikkeling van jongmense om in die arbeidsmark in-diens-neembaar te wees. Dit word aangevuur deur 'n jong samelewing (die grootste deel van die samelewing is jonger as 35 jaar oud) met 'n hoë werkloosheidsyfer. Die werksmoontlikhede wat gebied word verander geweldig en opleiding hou nie tred met hierdie skuiwe nie. Dan word migrasie na die buiteland om beter werksmoontlikhede te soek 'n gesogte opsie. Gevolglik sukkel gemeenskappe met stygende getalle jongmense wat óf weg is óf letterlik daagliks niks doen nie met gevolglike sosiale siektes wat daarmee gepaard gaan.

Wêreld-Christendom:
Die Christendom se verskuiwing na die globale Suide bring nuwe vrae na vore vir die kerk. Waar die tradisionele siening van "sending" aanvanklik was om vanuit die Noorde na die onbereikte Suide te gaan, is die vraag nou hoe bring die Suide die goeie nuus van die evangelie na die gesekulariseerde Noorde? Vir die Suide kom die vraag na vore rondom kwantiteit (getalle Christene) en kwaliteit (die teologiese diepte) van die Christendom. Tans dui teologiese tendense daarop dat die vorming van die Suide meer na 'n charismatiese pentakostalistiese fokus neig met 'n groter bewustheid van inheemse kennisstelsels en sterk individualisties-gefokusde leierskap.

Die Gereformeerde spiritualiteit en aanbiddingstyl word toenemend kleiner saam met ander tradisionele hoofstroom-kerkverbande. Gepaardgaande hiermee is dat die profetiese stem van die kerk al hoe stiller word ten opsigte van die groter kwessies soos magsvergrype en die uitbuiting van weerlose mense om juis regerings uit te daag om met reg en regverdigheid te regeer.

Aanbeveling:
1. Die sinode bespreek die temas om die tafels met die tema: Kerk in die samelewing.
2. Gee opdrag aan die moderatuur om die temas meer breedvoerig en deurlopend as besprekingspunte met leiding aan gemeentes te hanteer.

Islam in Afrika/Suid-Afrika/platteland
Ons is deeglik bewus van 'n groeiende Moslemgemeenskap in baie van ons dorpe. Daar is tans bykans geen dorp waar nie mense van Indië, Pakistan of Bangladesj besighede bedryf nie. Dit het 'n implikasie vir die ekonomiese bedrywighede in ons dorpe weens die inherente verstaan van Islam oor die vervlegdheid van die godsdiens, die ekonomie en die DAWA of sending. Daar is ook spanning in gemeenskappe oor hulpbronne wat gedeel moet word met vreemdelinge en dit gee aanleiding tot vreemdelingehaat of xenofobie. Dit bied aan gemeentes geleenthede om die goeie nuus van Jesus te deel binne hulle gemeenskappe.

Dr E Casaleggio het, in samewerking met die kantoor, 'n reeks werksboeke en kursusse ontwikkel vir gebruik in gemeentes. Verskeie werkswinkels is reeds aangebied en nog word beplan. Gemeentes kan gerus die kantoor skakel vir meer inligting. Ons wil gemeentes aanmoedig om die toerustingskursus wat ontwikkeling is, by te woon en om hulle uitreike met die goeie nuus van Jesus na hulle Moslem-bure in hulle gemeenskappe, meer gefokus te kan doen.

Christelike Lektuur Fonds (CLF)
Die werksaamhede van die CLF sluit in die daarstelling van 'n wye verskeidenheid gratis hulpmiddels vir gemeentes en kerke. Hierdie wye verskeidenheid van boeke en pamflette kan gratis afgelaai word by https://clf.co.za/.

Omdat hierdie hulpbronne gratis beskikbaar gemaak word, kan dit self in gemeentes afgelaai en gedruk word. Die pamfletbediening kan gevind word by https://clf.co.za/equip-communities/ waar 'n wye verskeidenheid onderwerpe of temas, wat in baie van die tale in ons land beskikbaar is, bespreek word.

Vir leraars en studente is bykans al die akademiese publikasies nou gratis beskikbaar by https://clf.co.za/open-resource-library/.

Dr NJ Mostert dien op die beheerraad van die CLF namens die Algemene Sinode en is voorsitter van die publikasiekomitee. Die NG Kerk Vrystaat het 'n direkte belang by CLF aangesien die werksaamhede van die ou Sendingpers 'n groot deel van die werksaamhede van die ou sending kommissie was. Hierdie werk is oorgeneem deur die CLF. Die publikasiebedryf is tans globaal onder druk aangesien die leespatrone van mense konstant skuif. Dit spoel oor na CLF en dus is daar voortdurend 'n soeke na nuwe opsies vir publikasies. Die *Open Access*-mark waar publikasies gratis beskikbaar gestel word, bied tans 'n groot platform waarop die mandaat van die CLF uitgevoer kan word.

Werkgroep vir Teologiese besinning

Daar is bevind dat jong leraars en teologie-studente nie altyd 'n bewese blootstelling aan uitreikaksies tydens hulle opleiding gehad het nie. Dit laat 'n leemte in hulle gemeentebediening rakende sendingaksies na buite. Verpligte blootstellingsgeleenthede vir teologie-studente aan sendinguitreike is ingebring in samewerking met die kuratorium om hierdie leemte aan te spreek. Hierdie uitreike word gekoördineer deur ds W van Velden, die bedieningsbestuurder van die Bediening aan Studente.

Verskeie inter-geloofsbyeenkomste het tot groot onrustigheid in gemeentes gelei. Dit het onder ons aandag gekom dat misverstande oor wat die aard, omvang en plek van sulke byeenkomste is tot onbeholpe aanbiedings van sulke geleenthede lei. Daar is ook verwarring oor die verskille tussen gesprekke en samewerking, ekumeniese geprekke en intergeloofsgesprekke asook die ruimtes waar hierdie aspekte moet plaasvind. Die taakspan het gevolglik 'n handleiding vir gemeentes met die titel "'n Plek vir elke gesprek" ontwikkel. 'n Kopie is aan elke afgevaardigde beskikbaar gemaak.

Aanbeveling:

1. Die sinode versoek gemeentes om hulle te vergewis van die studiestuk "'n Plek vir elke gesprek" wat riglyne bied aan gemeentes se ekumeniese sowel as inter-geloofsverhoudings, gesprekke en samewerking.
2. Die sinode moedig gemeentes aan om betrokke te raak by plaaslike ekumeniese aksies of leiding te neem in die daarstelling van plaaslike ekumeniese aksies om so die eenheid van die Liggaam van Christus op plaaslike vlak te vergestalt.
3. Die sinode herinner gemeentes daaraan dat die kerk ook 'n taak het om deel te neem aan intergeloofsgesprekke, maar dat hierdie gesprekke, verhoudinge en samewerking nie gesamentlike aanbidding kan insluit nie.
4. Die sinode distansieer homself van intergodsdienstige byeenkomste wat die indruk skep dat die Christelike geloof en Islam 'n gemeenskaplike geloofsgrondslag deel; dat die "godheid" soos uitgedruk word in ander geloofsopvattings nie 'n gelykstelling aan die Drie-enige God kan wees nie en dat die enigste weg na God deur die kruisdood van sy Seun, Jesus Christus, is. (Johannes 14:6)

'n Teologiese besinning oor die taak en roeping van Vennote is ook gedoen en is as die inleiding van die verslag aan die sinode ingesluit.

Korttermyn-uitreike en Sendingbewusmaking

Hierdie werksaamheid se verslag is gelewer as deel van die Bediening aan Studente. Ds Wouter van Velden is die bedieningskoördineerder van hierdie bediening en bestuur dit. Daar is 'n gratis hulpmiddel beskikbaar om gemeentes te help met die beplanning en uitvoering van uitreike. Besoek gerus: https://clf.co.za/equip-communities/equipping-faith-communities/#370-370-wpfd-equipping-faith-communities-p2 en klik op die Gemeente-uitreike-skakel.

IN PAS

Die IN PAS-ritmes, ontwikkel vir gemeentes om hulle roeping in gemeenskappe te ontdek en uit te leef, is reeds by verskeie gemeentes in gebruik. Daar sal nou begin word met 'n vennootskap van IN PAS-gemeentes – 'n leergemeenskap – vir gemeentes in die Vrystaat. Vennote in Getuienis en Bedieningsbegeleiding sal verantwoordelikheid neem vir die vorming van die vennootskap. Hierdie ritmes wil juis gemeentes help om weer hulle roeping vir hulle plaaslike gemeenskappe en die wêreld te ontdek. Ons moedig gemeentes aan om deel te word van die vennootskap en so in die Vrystaat nuwe ritmes en praktyke binne gemeentes en gemeenskappe te vestig.

Getuienisvennote

Baie navrae is oor die vervolging van Christene, veral in Afrika, ontvang. Saam met die navrae is daar ook verskeie sosiale mediaberigte wat op gereelde basis rondgestuur word as oproepe tot gebed. Baie van die plasings is nie geverifieer of dit waar is nie en in baie gevalle is dit ouer plasings wat hersirkuleer word. Daar is verskeie organisasies wat gekontak kan word om berigte van vervolging te verifieer of om resente voetsoolvlak inligting te verkry vir gebedsgroepe. Tydens die raad se laaste vergadering is 'n

voorlegging van Geopende Deure oor die vervolging van Christene in Afrika is op die laaste raadsvergadering deur mnr. Jozua Ehlers gedoen.

Aanbeveling:
1. Vennote in Getuienis maan gemeentes om nie na willekeur elektroniese boodskappe via sosiale mediaplatforms aan te stuur oor die vervolging van Christene alvorens daar nie seker gemaak is oor die feitelikheid van die materiaal nie.
2. Die raad is bekommerd dat daar oproepe tot voorbidding gedoen word vir gebeure wat nie geverifieer kan word nie, wat vals is in inhoud of wat deur KI gefabriseer is.
3. Geopende Deure bly 'n vertroude vennoot en daarom moedig ons gemeentes om met hulle te skakel om goeie geverifieerde inligting te bekom wat in gemeentes versprei kan word.
4. Ons moedig gemeentes aan om gereeld voorbidding te doen vir die vervolgde kerk in Afrika, die Midde-Ooste en elders in die wêreld.
5. Die sinode spreek sy diepe bekommernis en ontsteltenis uit oor die groeiende gewelddadige vervolging van Christen-gemeenskappe dwarsoor die wêreld.
6. Ons moedig gemeentes aan om aan die een miljoen handtekeninge-inisiatief deel te neem om die saak van vervolging van Christen-gemeenskappe in Afrika op die agenda van die AU te plaas vir dringende aandag en optrede.

MISSIONALE DIAKONAAT

RICD (*Reformed Initiative for Community Development*) RICD is 'n nie-winsgewende organisasie (NPO) wat binne Vennote in Getuienis as 'n onafhanklike entiteit funksioneer om te voldoen aan die wetlike raamwerk vir NPO's. Die doel met RICD is om lewensvatbare gemeenskapsontwikkeling of missionale diakonaat in die Vrystaat te lewer deur samewerking tussen die NG Kerk, NG Kerk in Afrika en VGK in gemeenskappe te bevorder. RICD het al vanaf 2022 kerkgemeenskappe bemagtig deur beplannings- ondersteuning, verspreiding van resente inligting en befondsing van projekte om beter nie-winsgewende organisasies binne hulle gemeenskappe te wees wat ook van ander bronne fondse en hulpbronne kan kry vir hulle projekte.

Verder is daar met verskeie kerkgemeenskappe saamgewerk om projekte te ondersteun waarby die gemeentelede sowel as die groter gemeenskappe in die betrokke dorp of kerkomgewing kon baat vind. Die volgende projekte is ondersteun en afgehandel:

- Bethlehem - Substance afhanklike groep
- Bultfontein – water- en tuinprojek wat watertenks en 'n boorgat ingesluit het
- Clarence – jeug-rugbyklub
- Pellissier - werkskepping en broodbakprojek
- Setshabelo – jeugsorgsentrum se instandhouding as gesamentlike projek met die *Reformed Church in Japan*
- Wilgehof - hoenderprojek
- Zastron - waterspuitprojek om brande te bestry en water aan die plaaslike kliniek te voorsien
- Jacobsdal - staander vir watertenk om water aan gemeenskap te voorsien

Daar is ook fondse aan verskeie gemeentes beskikbaar gestel om hulle projekte mee te finansier, Bybelstudieboeke is geskenk en verskeie groepe is gehelp op 'n konsultasiebasis om so hulle eie bestaande projekte beter te kan bestuur. Deel van die werk is om verskeie organisasies en groepe te laat netwerk om op so 'n manier beter funksionering in gemeenskappe te bewerkstellig. Daar word op gereelde basis opleiding aan groepe verskaf soos bv. 'n geleentheid waar opleiding aangebied is oor wat dit behels om SARS-vorms te voltooi en jou organisasie ten volle in nakoming van SARS-reëls en -regulasies te bestuur.

Gemeentes word aangemoedig om met die kantoor te skakel om hulle projekte (veral samewerkingsprojekte met die NGKA- en VGK-gemeentes) by RICD te registreer en aansoek te doen vir befondsing. Gemeentes word aangemoedig om, in samewerking met plaaslike NGKA- en VGK-gemeentes, projekte te inisieer wat sal bydra tot die heelmaak van stukkende gemeenskappe.

FINANSIES EN ADMINISTRASIE

Die jaarlikse begroting word deur die Raad van Vennote in Getuienis opgestel en by die Raad vir Ondersteuning ingedien wat dan die sinodale begroting opstel. Tans is die inkomste strome die toekenning van rente op die beleggings wat aan Vennote in Getuienis toevertrou is en pro rata-toekennings uit die sinodale fondse. Alle begrotings is ter insae by die sinodale kantoor beskikbaar. Pro rata-toekennings bly onderhewig aan die bydraes van gemeentes en dus word die toedelings ook dienooreenkomstig gedoen. Mev Sanet Annandale is die administratiewe beampte. Haar pos word gedeel met Diens van Barmhartigheid.

KOMMUNIKASIE

Daar word deurlopend verslag gedoen oor alle uitreike, aktiwiteite en projekte in die Vrypos. Lidmate en gemeentes word aangemoedig om op hoogte te bly en mee te leef deur die Vrypos te lees.

Dr Mostert besoek graag gemeentes op uitnodiging om in persoon terugvoer te gaan gee aan gemeentes oor Vennote in Getuienis-werksaamhede. Hierdie besoeke kos gemeentes niks en daarom versoek ons gemeentes om gebruik te maak van hierdie diens. Tydens so ’n besoek kan daar praktiese hulp verleen word aan Getuieniskommissies met die beplanning van uitreike en ekumeniese skakeling in gemeenskappe.

TERUGVOER VAN BETROKKENHEID BY ALGEMENE SINODALE TAAKSPANNE

Taakspan Evangelisasie

Ds J Muller is die sinode se afgevaardigde na die Taakspan Evangelisasie. Die kursus “Dissipels maak dissipels” is deur prof Malan Nel ontwikkel om gemeentes te help met hulle getuienistaak. Daar is ’n taakspan saamgestel vir evangelisasie wat bestaan uit di Johan Dawid, Jo Müller en Stoffel Hellmut. Hulle is getaak om ’n uitrolplan vir die Vrystaat voor te lê aan die raad en om die opleiding van opleiers in die Vrystaat te doen. Gemeentes sal ingelig gehou word sodra hierdie plan uitgerol word om gemeenteleiers toe te rus vir hulle evangelisasietaak.

Taakspan Ekumene

Dr Mostert is die sinode se verteenwoordiger op hierdie taakspan. Dié taakspan het ten doel om ekumene op plaaslike – en breër verband te vestig en te bevorder. Tans word daar aan ’n nuwe reglement gewerk wat die beleid vir ons ekumeniese verhoudinge sal uitstippel.

Die *World Communion of Reformed Churhes* het ook in 2025 in Chaing Mai, Thailand plaasgevind. ’n NG Kerk-afvaardiging het die NG Kerk daar verteenwoordig. Een van ons finale jaar teologie-studente, Nielbert Mostert, het die NG Kerk ook verteenwoordig by die *All Africa Conference of Churches* se jeugbyeenkoms in Nairobi, Kenia in 2025.

Die NG Kerk is na ’n afwesigheid van baie jare terug in wêreld-ekumeniese liggame. Dit vereis ’n meer uitgebreide begrip van die ekumeniese wêreld en werksaamhede van hierdie liggame. Afvaardiging na sulke byeenkomste vereis groter deursigtigheid en ook ‘n gefokusde benadering dat belanghebbendes met die nodige kennis en ervaring deel sal wees van afvaardigings. Die taakspan dien ook as die liggaam wat verseker dat die regte mense afgevaardig word en dat alle streeksinodes die geleentheid gegun word om afgevaardigdes te nomineer. Daar is ’n aansoekstelsel ontwikkel waar belangstellendes, nadat ’n geleentheid geïdentifiseer is, kan aansoek doen om deel te wees van ekumeniese geleenthede.

SINODALE PROJEKTE EN INISIATIEWE

Ringsprojekte

Ongeveer vier jaar gelede is daar begin met ’n projek om ringe met fondse te bemagtig sodat projekte geïdentifiseer kan word wat ’n Koninkryksverskil in gemeenskappe kan maak. Sedertdien is verskeie projekte aangepak wat werklik ’n verskil maak en die liefde van Jesus daadwerklik in gemeenskappe uitdra. Tans beloop die bedrag wat beskikbaar is R1,125 miljoen. Hierdie bedrag kom uit die begrotings van die drie bedieninge. Gemeentes en ringe word aangemoedig om met die onderskeie sinodale bedieninge in verbinding te tree rakende projekte wat hulle loods om die Koninkryk en hulle gemeenskappe te dien.

Jaarlikse Sendingkongres

Die Here het drie jaar gelede dit op die harte van Vennote in Getuienis gedruk dat ’n jaarlikse Sendingkonferensie in die Vrystaat gehou moet word. Die gedagte was om sendingorganisasies en gemeentes ’n platform te bied waar daar bewusmaking gedoen kan word ten bate van sendingwerksaamhede. Twee baie suksesvolle konferensies is alreeds in samewerking met NG Gem Pellissier en Geopende Deure gehou.

Wêreld- sowel as plaaslike sending word bekendgestel en praktiese werkswinkels word aangebied om toerusting aan gemeentes te verskaf. Ons neem waar dat daar ’n hernude belangstelling in beide wêreld- en plaaslike sending by lidmate en gemeentes is. Die bywoning het ook verdubbel oor dié tydperk; iets wat ’n indikator is van belangstelling.

Die 2026-konferensie vind plaas op 15 Augustus. Gemeentes word aangemoedig om die geleentheid by te woon. Hou die sosiale media en Vrypos dop vir meer inligting.

TER AFSLUITING

Die Raad van Vennote in Getuienis wil die gemeentes in die Vrystaat bedank vir hulle volgehoue gebede, ondersteuning en deelneem aan die Missio Dei. Die oorsteek van grense (landsgense of kultureel) om die goeie nuus van Jesus se redding en shalom te bring, is nie altyd 'n maklike taak nie.

Ons dank die Here vir die geleentheid wat hy vir lidmate en gemeentes bied om deel te wees van die *Missio Dei*. Ons is diep dankbaar vir ons voorgangers wat 'n finansiële nalating aan die NG Kerk Vrystaat gemaak het waarmee ons met die werk plaaslik, in Afrika en die wêreld kan voortgaan.

SAKE VIR GOEDKEURING

Ons versoek die Sinode om die volgende aanbevelings te bespreek en goed te keur:

Aanbevelings:

1. Die sinode spreek sy dank uit aan die taakspanne wat die afgelope vier jaar getrou hulle gawes gedeel het om die getuienistaak saam met ons ekumeniese vennote op te geneem en uitgevoer het.
2. Die sinode keur die werksaamhede, soos uiteengesit in die verslag, goed as gesamentlike werksaamhede van die Sinode Vrystaat en versoek dat daar dienooreenkomstig voor begroot sal word.
3. Die sinode bly steeds verbind aan 'n missionale teologie met die fokus op die Missio Dei en herinner gemeentes aan hulle gestuurdheid na die hele wêreld.
4. Die sinode herinner gemeentes aan hulle getuienistaak in die wêreld en maan teen 'n na-binnegekeerde bedieningsfokus wat nie op die Missio Dei ag slaan nie en ook nie gehoorsaam is aan Matteus 28:19 en Handelinge 1:8 se opdragte om dissipels te maak en die goeie nuus van Jesus se verlossing aan alle mense tot aan die eindes van die wêreld te bring nie.
5. Die sinode keur die volgende taakspanne en naamlys goed wat as die Raad van Vennote in Getuienis konstitueer:

Ekumeniese Vennootskappe

Buitelands:	
Zambië	- Ds Wouter van Velden
Lesotho	- Ds Frans du Toit
Namibië	- Ds Craig Salzmann en ds Zack Scholtz (Degnos)
	- Ds Dylen Allen (Caprivi)
Reformed Family Forum	- Dr Nico Mostert
Botswana	- Dr Leon Oosthuizen
Asië	- Ds Rikus Hattingh
NetACT	- Dr Nico Mostert
Binnelands:	
NGK, RCA, NGKA, VGKSA	- Ds Shawn Darker
SA Raad van Kerke Vrystaat	- Ds De la Harpe le Roux/Dr Nico Mostert
Getuienisaksies	
Studentebediening	- Ds Wouter van Velden (Bedieningsbestuurder)
Middestad & Arbeidsbediening (IMSA)	- Mnr Andreas Nieuwoudt (Bedieningskoördineerder)
Bybelgenootskap	- Dr Roelf Pienaar - Sek ds Jo Müller
Publieke Getuienis	- Mnr Willem Ellis
Islam in Afrika/Suid-Afrika/platteland	- Dr Enrico Casaleggio
Korttermynuitreike & Sendingbewusmaking	- Ds Wouter van Velden
Evangelisasie	- Ds Joe Müller

Missionale Diakonaat
Reformed Initiative for Community Development - Mev Elbie Conradie (Ontwikkelingsbeampte RICD)

6. Die sinode versoek ringe om die volgende persone te nomineer, of om ander aan te beveel indien daar nie ‘n voorstel is nie, as hulle verteenwoordigers om te dien op die Raad van Vennote in Getuienis:

Bethlehem	– Ds Stephan Swart
Bloemfontein-Noord	– Mnr Willem Ellis
Bloemheuwel	– Ds Craig Salzmann
Bultfontein	– Ds Frans du Toit
Fauresmith	– Me Annalie du Preez
Goudveld	– Ds Hendrik Conradie
Harrismith	– Ds Henry Williams
Heilbron	– Ring beveel aan
Sentraal	– Ring beveel aan
Smithfield	– Ds Nadine van Rooyen
Suidoos-Bloemfontein	– Dr Enrico Casselegio
Vaalrivier	– Ds Francois van Tonder
Valsrivier	– Ds Dylan Allen
Waterbron	– Ds Johan David
Welkom	– Ds Shaun Darker
Kategoriaal	– Ds Jo Müller

7. Die sinode keur die voorgestelde wysigings, soos deur die STK aanbeveel, aan die reglement goed.

BIBLIOGRAFIE

Bosch, D. (1991) TRANSFORMING MISSION Paradigm Shifts in Theology of Mission. Maryknoll, New York: Orbis. doi: 10.1097/00001888-199103000-00007.
Burger, C. (1999) Gemeentes in die Kragveld van die Gees. Cape Town: Lux Verbi.BM.
Guder, D. L. (1998) Missional Church. First Edit. Edited by D. L. Guder. Grand Rapids, Michigan: Eerdmens.
Guder, D. L. (2000) The Continuing Conversion of the Church. Grand Rapids, Michigan: Wm. B Eerdmans.
Nederduitse Gereformeerde Kerk (2013) A.12.7 Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die kerk, in Algemene Sinodesitting 2013, pp. 199–215. Available at: https://www.ngkerk.org.za/handelinge.



d.

Vennote in Getuienis

D1-1 VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE NG KERK IN SUID-AFRIKA (VRYSTAAT) TYDENS DIE NG SINODE VAN DIE VRYSTAAT IN JUNIE 2026

1 MISSIONALE VENNOOT

Die Bybelgenootskap van SA beskou die vennootskap met verskillende kerke en organisasies as onontbeerlik. **Die NG Kerk het ’n besonderse verhouding met die Bybelgenootskap. Die Bybelgenootskap is een verlengstuk van die kerk se missionale taak.** Die Bybelgenootskap is ’n missionale organisasie wat werk doen wat gemeentes nie op hul eie kan doen nie, naamlik Bybelvertaling en Bybelverspreiding op ’n breë front.

Die NG Kerk het sitting op die Algemene Jaarvergadering van die Bybelgenootskap en hou ook toesig oor die werk van die Bybelgenootskap. Die Bybelgenootskap doen dan ook verslag aan die Algemene Sinode van die NG Kerk, asook aan die deelnemende sinodes. Op die oomblik is die NG Kerk die grootste deelnemende kerk (van 38 deelnemende kerke) by die Bybelgenootskap in Suid Afrika. Vertalings word op versoek van kerke onderneem, en die verspreiding geskied met die kerke as medewerkers. Hierdie verslag is slegs ’n breë oorsig.

2 DIE BYBEL IN AFRIKAANS

*** Die Bybelgenootskap is 206 jaar oud.**

Die Bybelgenootskap is op 23 Augustus 1820 in Tuynhuys in Kaapstad gestig. Die doel was om aan alle mense in Suid-Afrika, in hul eie taal bekostigbare Bybels te verskaf. Al elf van Suid-Afrika se amptelike tale het ’n volledige Bybel van die Bybelgenootskap ontvang.

*** Die Afrikaanse Bybel was op 27 Augustus 2023, 90 jaar oud .**

Op 27 Augustus 1933 is die eerste volledige Afrikaanse Bybel bekendgestel. Dit is ook die rede waarom die Algemene Sinode besluit het dat elke jaar op die laaste Sondag van Augustus, landwyd as Bybelsondag bekend sou staan. Op hierdie Sondag vier die NG Kerk die wonder dat ons ’n Bybel in Afrikaans het en neem terselfdertyd ’n spesiale kollekte op ten bate van Bybelvertaling. Gevolglik versoek die Bybelgenootskap gemeentes om:

- jaarliks in Augustus, sover moontlik, ’n spesiale dankdiens te hou tot eer van die Here.
- die diens as ’n lofgeleentheid in te rig om die Bybel in Afrikaans te vier, maar ook met fokus op ander tale wat, danksy ondersteuning, hul eie Bybels het.
- ’n spesiale kollekte in te samel vir ander vertalings waarmee die Bybelgenootskap op die oomblik besig is.
- op die webtuiste van die Bybelgenootskap te kyk vir preeksketse en ander inligting om gemeentes te help met die viering.

3 VERTALING VAN DIE BYBEL

Benewens die verskillende hersieningsprojekte wat tans op bestaande vertalings gedoen word, word daar tans vier vertalings gedoen in tale wat nog nooit op skrif gestel is nie. Ons kan nooit die waarde van ’n vertaling oorbeklemtoon nie – skielik kry ’n ongeskrewe taal ’n Bybel, en van hier af kan daardie taal groei en gedy. Deur middel van ons vertaalprojekte kan hierdie gemarginaliseerde groepe ’n Bybel in hul hartstaal kry.

- **!Xun- en Khwedam-vertalings**

Hierdie twee San-tale word vanaf Kimberley tot in Namibië en Botswana gepraat. Hierdie vertaalprojek vind plaas in Kimberley en is baie goed op dreef.

- **Khelovedu – en TjiHlanganu Bybelvertalingsprojekte**

Hierdie tale word in die Noorde van die land gepraat en daar is genoeg mense wat hierdie tale praat om vir elke taal sy eie vertaling te regverdig. Ook hierdie projekte vorder fluks.

4 BYBELVERSPREIDING – GEDRUKTE BYBELS

In 2024 alleen is 1 563 113 Bybels in al die verskillende formate (gedruk, oudio, braille en digitaal ingesluit) in Suid-Afrika versprei. Meer as 17 000 mense wat nie ’n Bybel kon bekostig nie, het een ontvang, insluitend gevangenes, armes en Graad 7-leerders in skole regoor die land. Meer as 1,6 miljoen volledig-digitale Bybels is versprei.

5 BYBELVERSPREIDING – DIGITALE BYBELS

• Die Bybelgenootskap het ’n eie slimfoontoepassing naamlik "**BibleSa**" wat afgelaai kan word. Hierop kan die vertalings van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gelees word. Daar is ook ander Bybelstudiefunksies op die toepassing.
• Die Bybelgenootskap het ook vyf taalspesifieke toepassings wat baie min plek op ’n selfoom gebruik en baie gewild is. Hiervan is daar meer as 40 000 daaglikse besoekers.

Meer as 1,7 miljoen **selfoonbybels** in al elf landstale is die afgelope vier jaar gratis by m.bibles.co.za of die Bybelgenootskap se losstaande toepassings afgelaai. Ander **digitale formate** sluit in **Bybels aanlyn op internet** (www.biblesa.co.za) en **e-Bybels** vir elektroniese lesers.

e-Bybels: Oor die afgelope tydperk het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sowat 57 637 Bybels en Skrifgedeeltes in verskeie digitale formate en op verskeie digitale platforms bekendgestel. Die meeste van ons Bybels is suksesvol via *Kindle Direct Publishing* in Amazon se e-winkels bekendgestel. Verskeie e-Bybels is geskep wat onder andere kruisverwysings en addissionele navigasie bevat wat dit aansienlik meer lesersvriendelik maak.

Op die Facebook-bladsy, op Twitter, asook per e-pos by vers@versndag.co.za, word gereeld Bybel/Skrifgedeeltes gedeel en dit blyk in 'n groot behoefte te voorsien. 'n Wye verskeidenheid gratis Bybelhulpmiddels wat interaksie met die Bybel bevorder, is beskikbaar by www.bybelgenootskap.co.za en kan afgelaai word. Verskillende formate, onder andere pdf-, ePub, mobi- en MP3-formaat, is beskikbaar vir aflaai.

Navorsing van 2022 het getoon dat Suid-Afrikaners daagliks ’n verbysterende 9,5 uur aanlyn spandeer. Verder verkry 60,5% van huishoudings toegang tot die internet deur mobiele toestelle. In 2023 was daar 43,48 miljoen internetgebruikers in Suid-Afrika. Gevolglik fokus die Bybelgenootskap sterk op digitale publikasies en nuwe ontwikkelings.

6 BYBELVERSPREIDING – OUDIOBYBELS

Die **Bybelluisterprogram** (BLP) is in volle swang. Die program maak gebruik van enkelstemvoorlesings van die volledige Bybel en is handig vir mense wat sukkel om te lees. Dit werk met sonkrag, sowel as elektrisiteit. Die Sentraalstreek gee jaarlikse twee van hierdie Bybels gratis uit aan verdienstelike ontvangers as deel van ons Missionale Verspreidingsprogram.

7 BYBELGEBASEERDE GELETTERDHEIDSPROGRAM

My Bybel Doen en Leer Boek is in al elf tale in Suid-Afrika beskikbaar en het ten doel om mense te leer lees en skryf. Dit is 'n gemeenskapsprojek van die Bybelgenootskap en word gratis aan gemeentes en skole voorsien om die stryd teen ongeletterdheid in Suid-Afrika te beveg.

8 DIE NG KERK SE UNIEKE ROL

Daar bestaan 'n **noue verbintenis en vennootskap** tussen die **NG Kerk** en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Dit blyk onder andere uit baie Algemene Sinodale en ander sinodale besluite in die verlede met betrekking tot die Bybelgenootskap, die finansiële bydraes van gemeentes en lidmate asook die betrokkenheid van kundige teoloë en lidmate by die vertaling van die Bybel. NG Kerklidmate dien onder andere in die verskillende streekkomitees, die Algemene Jaarvergadering en die Raad van Direkteure.

9 PREDIKANTE IN DIENS VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Daar is landswyd ’n aantal deeltydse predikante van die NG Kerk in diens van die Bybelgenootskap wat in die onderskeie posisies van Verhoudingsleiers, Kerklike Organiseerders asook Preekverteenwoordigers staan.

10 DANKWOORD

Hierdie is die eerste sinode wat ek bywoon in my rol as verhoudingsleier vir die Bybelgenootskap. Ek wil

my dank uitspreek teenoor elke gemeente, kerkraad, predikant en kerkkantoorpersoneel vir die wonderlike ontvangs in julle gemeentes en oral waar ons in die hoedanigheid van die Bybelgenootskap werk.


11 AANBEVELINGS

11.1 Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en opregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en kerkrade van die NG Kerk in SA (Vrystaat) vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling en in die verspreiding van die Bybel.

11.2 Die Sinode van die Vrystaat versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebed en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te wees. Die sinode moedig gemeentes aan om tydens Pinkster, op Bybelsondag asook tydens Hervormingsmaand spesiale kollektes vir Bybelverspreiding op te neem.

11.3 Die Sinode van die Vrystaat versoek gemeentes om op 23 Augustus 2026 'n spesiale dankdiens te hou, om die Here te eer vir die Bybel in Afrikaans (asook ander tale).

Dr Elrika Senekal-van der Berg
Verhoudingsleier: Sentrale Streek



d.

Vennote in Getuienis

D1-2 AN ECUMENICAL CALL FROM OUR REFORMED FAMILY OF CHURCHES IN THE FREE STATE,FOR ELECTORAL INTEGRITY AND GOOD GOVERNANCE

The year 2024 marks the 30th anniversary of our democratic dispensation after the demise of Apartheid. We vividly remember the images of long queues of people waiting to cast their votes for the first time in 1994. There was a feeling of optimism and a sense of hope then, but – as the years went on – reality transpired and we find ourselves 30 years into our fragile democracy with rising poverty levels, crime threating our livelihoods, domestic violence casting a shadow of fear over our women and children and with service delivery that is in many Free State communities almost non-existent. Among most of our people there is a palpable sense of hopelessness.

We, the undersigned representatives of our Reformed Family of Churches in the Free State, representing diverse communities of our province, are united by a common commitment to the Bible, to justice, peace and the promotion of human dignity. We hereby declare our collective resolve to uphold the Biblical principles of integrity, fairness, and accountability in the way we are governed and the way electoral processes are executed in the runup and the aftermath of the 2024 general elections. We recognize the critical role of this General Election in shaping the future of our society and the imperative of selecting leaders who embody principles of servant leadership and good governance. We affirm our shared responsibility in safeguarding the democratic values that underpin our communities. We commit ourselves to praying for our leaders, our communities, and our electorate. We pray for God's peace to prevail in all, and we commit to actively working to be the peacemakers Matthew 5:12 talks about.

We would like to remind our church members, our community leaders and national populace of the Biblical imperative to governance and the social responsibility of the church:

1. Scriptural References on Governance:

• Romans 13:1-2 (NIV): "*Let everyone be subject to the governing authorities, for there is no authority except that which God has established. The authorities that exist have been established by God. Consequently, whoever rebels against the authority is rebelling against what God has instituted, and those who do so will bring judgment on themselves.*"

• Proverbs 29:2 (NIV): "*When the righteous thrive, the people rejoice; when the wicked rule, the people groan.*"

• 1 Timothy 2:1-2 (NIV): "*I urge, then, first of all, that petitions, prayers, intercession and thanksgiving be made for all people— for kings and all those in authority, that we may live peaceful and quiet lives in all godliness and holiness.*"

2. Scriptural References on the Church's Social Responsibility:

• Micah 6:8 (NIV): "*He has shown you, O mortal, what is good. And what does the Lord require of you? To act justly and to love mercy and to walk humbly with your God*."

• Matthew 25:35-36 (NIV): "*For I was hungry and you gave me something to eat, I was thirsty and you gave me something to drink, I was a stranger and you invited me in, I needed clothes and you clothed me, I was sick and you looked after me, I was in prison and you came to visit me.*"

• James 1:27 (NIV): "*Religion that God our Father accepts as pure and faultless is this: to look after orphans and widows in their distress and to keep oneself from being polluted by the world.*"

Our declaration urges the following pertaining to the upcoming 2024 General Election:

1. Election Monitoring and Oversight: We urge our members to participate on local levels in the independent election monitoring mechanisms, comprising members of our faith communities (SACC) and civil society partners, to observe and report on electoral proceedings. Through impartial observation and diligent scrutiny, we can play a role to safeguard the integrity and safety of elections, deter electoral malpractices, and hold accountable those responsible for electoral misconduct.

2. Promotion of Ethical Leadership: We advocate for the selection of candidates who demonstrate a commitment to ethical conduct, servant leadership, and the common good of all people who live in our beautiful country. Drawing upon Biblical moral teachings and ethical principles, we call upon political parties and electoral stakeholders to prioritize integrity, competence, and accountability in the nomination and endorsement of candidates for public office.

3. Prayer and Reflection: We commit to fostering a spirit of prayerful discernment and reflection among our members in the coming weeks, invoking divine guidance and wisdom as we navigate the complexities of our country. Therefore, we call on all member churches to devote time in their services on Sunday, the 5th of May, for prayers with this General Election 2024 in mind. We recognize the inherent dignity of every human person in the eyes of God. We affirm that God entrusted this beautiful country to us all so that the country can provide a peaceful home for us all. We offer our prayers for justice, peace, and the common good, trusting in the transformative and healing power of the Holy Spirit. This election will indeed follow only a week after the Sunday of Pentecost!


4. Go out and vote! We emphasize the responsibility of each member in our communities, to use their vote this time with great responsibility and in the presence of our Lord, the King of kings, to vote for a responsible government, so that we all "may live a peaceful and quiet life in all godliness and holiness" before God and in this country (1 Timothy 2).

In witness thereof, we the moderature of the Uniting Reformed Church of Southern Africa (Free State and Lesotho Synod), the Dutch Reformed Church in Africa (Free State and Lesotho Synod) and the Dutch Reformed Church in the Free State, reaffirm our shared commitment to electoral integrity, democratic governance, and the pursuit of a more just, equitable and peaceful society. May our collective efforts inspire hope, foster unity, and advance the cause of peace and justice in our nation and communities.

From the moderators of participating churches:

Rev. L Letsele (Dutch Reformed Church in Africa)
Fokase (Uniting Reformed Church in Southern Africa)
Rev. J Lubbe (Dutch Reformed Church)

Discovery Health Medical Scheme is South Africa's most-loved **medical aid**



Discovery
Health Medical Scheme

Speak to your financial adviser or visit www.discovery.co.za to get a quote.

Discovery Health Medical Scheme is a registered medical scheme, registration number 1125. Underwriting rules and T's & C's apply.

Discovery Life Ltd, a licensed life Ins and reg credit provider. Auth FSP. Ts&Cs apply.



VRYSTAAT

Ondersteuning
Sinodaal

ngkerkvrystaat.co.za



e.

Ondersteuning

E1 VERSLAG VAN DIE RAAD VAN ONDERSTEUNING

SAKE VIR KENNISNAME

1 SAMESTELLING EN VERGADERINGS

Die Raad is soos volg saamgestel:
- Ds AP van Zyl (voorsitter)
- Ds JL Smith (ondervoorsitter)
- Ds NG Wessels
- Ds A van Staden
- Ds FUO Ohlhoff
- Ds A Meiring (sinodale verteenwoordiger – NG Welsyn)
- Mnr SJ Meyer
- Dr LM Foot (Bedieningsbegeleiding),
- Dr NJ Mostert (Vennote in Getuienis),
- Ds DV le Roux (Diens van Barmhartigheid) en
- Ds JS du Plessis (Visioenering).

Ampshalwe:
- Mnr AJ de Ruiter (Hoof Uitvoerende Beampte: Ondersteuning)
- Mnr J Coetzer (Hoofrekenmeester)
- Mev AE Liebenberg (Skribaat)

Die Raad van Ondersteuning word bygestaan deur die Ouditkomitee bestaande uit:
Onafhanklike verteenwoordigers:
- Mnr WP du Plessis (Voorsitter)
- Mnr D Smit
- Mnr W Beelders
- Me C Koen
- Mnr J Stander (Moderamen – tot Oktober 2025)
- Ds JL Smith (Ondersteuning).
- Die ouditeure van Newtons by name mevv S Müller en L Greyling.

Ampshalwe:
- Mnr AJ de Ruiter (Hoof Uitvoerende Beampte: Ondersteuning),
- Mnr J Coetzer (Hoofrekenmeester)
- Mev D van Heerden
- Mev AE Liebenberg (Skribaat).

Die Raad van Ondersteuning het sedert die Sinode van 2022 tot en met Februarie 2026 19 keer vergader.

2 LERAARS OORLEDE

Die Raad het met leedwese kennis geneem van die afsterwe van die ondergenoemde leraars:

- Ds HL Griesel (NG Gem Hertzogville) oorlede op 4 Maart 2022
- Dr C van Schalkwyk (NG Gem Philippolis) oorlede op 7 Maart 2022
- Ds PJ Taljaard (NG Gem Arlington) oorlede op 30 Mei 2023
- Ds S Spamer (NG Gem Reddersburg) 5 April 2024
- Ds GA Whitehead (NG Gem Hospitaalpark) oorlede 1 April 2025

3 BYDRAES VIR GESAMENTLIKE WERKSAAMHEDE

Die Raad wil sy dank en waardering uitspreek teenoor elke gemeente wat ten spyte van talle uitdagings getrou hulle bydraes oorbetaal het.

Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede 1 Maart 2021 – 28 Februarie 2026

Jaar	Aantal gemeentes		Rekonsiliasie	50% Korting toegestaan	Ontvang	Agterstallig
	Wat bydra	Wat nie bydra nie				
2021/2022	111	43	R14 014 192	-	R11 858 349	R2 155 843
2022/2023	112	40	R9 301 223	R4 650.611	R7 845 383	R1 455 840
2023/2024	111	41	R9 102 799	R4 551 400	R7 829 174	R1 273 625
2024/2025	99	53	R9 889 109	-	R8 033 383	R1 855 726
2025/2026	95	55	-	-	-	-

Die volgende tabel is tydens die 2022 Sinode goedgekeur waarvolgens gemeentes bydraes moes betaal:

BYDRAE INTERVALLE				
Netto inkomste			Tabelwaarde	
			Randwaarde	%
-9 999 999 999	-	360 000	3 600	
360 001	-	600 000	3 600	1.00%
60 0001	-	900 000	6 000	2.50%
900 001	-	1 200 000	13 500	3.50%
1 200 001	-	1 500 000	24 000	4.50%
1 500 001	-	1 800 000	37 500	5.50%
1 800 001	-	2 100 000	54 000	6.50%
2 100 001	-	2 400 000	73 500	7.50%
2 400 001	-	2 700 000	96 000	8.50%
2 700 001	-	En meer	121 500	9.50%

4 BELEGGINGS

Die beleggings van die Kerk is volgens die beleid belê en bestuur. Die onderskeie portefeuljes het op 28 Februarie 2026 soos volg beloop:

Ou Mutual	R104 818 893.04
IFG Africa	R117 386 337.79
Private Wealth Management	R57 593 688.97
Totaal	**R280 176 582.84**

5 JAARLIKSE AANPASSING VAN SALARISSE, REISKOSTE EN ANDER

Die Algemene Steunspan Fondse en Bates vergader jaarliks om aanpassing aan die salarispakkette van leraars deur te gee. Hierdie riglyne word onveranderd aan gemeentes deurgegee.

6 ONTWIKKELING VAN DIE DAM VAN TRANE/BRON VAN HERINNERINGE

Die ooreenkoms met die ontwikkelaars (MPC Development) het op 31 Desember 2025 verval. Die soneringsaansoek is op die agenda van die volgende munisipale bestuursvergadering. Die ontwikkelaars word versoek om kwartaalliks terugvoer te gee. 'n Nuwe ooreenkoms sal met die ontwikkelaars onderhandel word sodra die soneringsaansoek goedgekeur is.

7 STUDIELENINGS EN -BEURSE

As gevolg van die wysigings in die Krediet wetgewing rondom studielenings is besluit om weg te doen met studielenings en sedert 2023 is slegs beurse toegeken. Op 21 Augustus 2023 is besluit om die volgende studielenings af te skryf: Helpmekaar van die OVS – R788 819 en Teologiese Studies – R2 930 781.

Die tabel toon die aantal beurse wat toegeken is vir die jare 2023-2026:

Jaar	Beurse toegeken	Helpmekaar Beursfonds	Teologie Beursfonds
2023	90	R869 220	R879 320
2024	131	R1 186 340	R517 100
2025	113	R1 094 600	R662 080
2026	117	R1 459 750	R995 400
Totaal	451	R4 609 910	R3 053 900

8 MOOIGENOEG KAMPTERREIN

Die Raad van Ondersteuning het die fasiliteite by die Mooigenoeg Kampterrein teen die onderstaande koste opgradeer. Die kampterrein is baie gewild en het 'n besettingsyfer van ongeveer 90% deur die jaar. Die opgraderings en gepaardgaande verhoging in tariewe het die jaarlikse inkomste met bykans R800 000 verhoog.

LOKAAL	BEDRAG
Witstinkhout	R32 622
Mopanie	R32 162
Saal badkamers	R64 861
Nuwe badkamers	R262 690
Soetdoring	R179 447
Wildepruim	R179 447
Wag-'n-Bietjie	R179 447
Olienhout	R763 357
Geelhout	R30 442
Karee	R30 442
Wilger	R30 442
Maroela	R30 442
Totaal	R1 815 801

9 SINODALE PENSIOENFONDS

Lede van die Sinodale Pensioenfonds het op 1 September 2021 by die Predikante Pensioenfonds as bydraende lede aangesluit. Die oordrag van hul fondskrediete is uiteindelik in Junie 2023 deur die FSCA goedgekeur en die oorbetaling daarvan is in Augustus 2023 afgehandel.

10 RISIKOVOORDELE

Die Vrystaatse lede het op 1 April 2026 op een risikopolis ingeskakel by die NG Kerk in SA, wat ’n besparing van R165 000 per maand of bykans R2-miljoen per jaar vir Vrystaat lede en gemeentes beteken.

11 AMPTENARE PENSIOENFONDS

Lede van die Amptenare Pensioenfonds het op 1 Mei 2021 by die Sanlam Sambreelfonds as bydraende lede aangesluit. Die oordrag van hul fondskrediete is in Junie 2023 afgehandel.

12 BUITENGEWONE SINODES

Die NG Kerk Vrystaat het op 18 April 2023 Universitas Geloofsentrum byeengekom teen ’n koste van R217 738.30 en 3 Oktober 2024 by Kopano Nokeng teen ’n koste van R272 591.28.

13 INFOKERK

Die NG Kerk Vrystaat het op 1 Oktober 2024 ‘n ooreenkoms met WINKERK aangegaan ten einde ‘n sentrale databasis te vestig vir Vrystaatse gemeentes waarvolgens die Vrystaatse Argief ook toegang tot so ‘n sentrale databasis. Die NG Kerk Vrystaat subsidieer 15 gemeentes met ± R75 per maand vir toegang tot Backup Buddy.

14 KOSTE SINODE 2026

Meegaande ‘n uiteensetting van die beraamde koste, ten einde die koste per afgevaardigde te bereken.

Nampo	R105 000
Beeld en Klank	R205 000
Verblyf	R685 000
Etes	R455 000
Reiskoste	R190 000
Musiek	R30 000
Sprekers	R50 000
Ander	R30 000
Subtotaal	R1 750 000
Min	R1 000 000
TOTAAL	R750 000/320
Bedrag per afgevaardigde	**R2 350**

SAKE VIR GOEDKEURING

15 OORPLASINGS VIR BESPARINGS

Aanbeveling:
Die Sinode besluit dat die ondergenoemde oorplasings gedoen word ten einde besparings op sinodale bydraes te bewerkstellig:

15.1 GREY OPVOEDINGSFONDS
R3 000 word oorgeplaas na die Fonds: Studente Bearbeiding (volgens testamentêre bepaling).

15.2 TOELAE-TAS
R 48 000.00 word oorgeplaas na Middestads- en Arbeidsbedieningsfonds.
R 125 000 word oorgeplaas na Argief.
R 250 000 word oorgeplaas na Kuratorium.

15.3 SINODALE FONDS
R100 000 word oorgeplaas na koste Vrystaat Sinode.
R100 000 word oorgeplaas na Algemene Sinode.

15.4 RENTEREKENING
R300 000 word oorgeplaas na die Fonds Sinodale Sentrum.

16 RAAD VIR ONDERSTEUNING SE VOORSTEL VAN DIE BEREKENING VIR DIE BYDRAES VIR GESAMENTLIKE WERKSAAMHEDE

Hiermee die voorstel vir die berekening van die Bydraes vir Gesamentlike werksaamhede (BGW). Die nuwe voorgestelde formule is 'n vereenvoudigde formule wat net op gemeentes se inkomste gebaseer is, waarvan die volgende inkomste, vrygestelde inkomste is: Boedelbemakings/erflatings, versekeringseise, bate vervreemding, geloofsgelofte-offers en sinodale subsidies ontvang.

BYDRAE INTERVALLE				
Netto inkomste		BGW		
Minimum		3 600		
0	900 000	3 600	+	0.00%
900 001	1 200 000	6 000	+	0.00%
1 200 001	1 500 000	12 000	+	3.50%
1 500 001	1 800 000	22 500	+	4.50%
1 800 001	2 100 000	36 000	+	5.50%
2 100 001	2 400 000	52 500	+	6.50%
2 400 001	2 700 000	72 000	+	7.50%
2 700 001	30 000 000	94 500	+	8.50%

Wanneer die nuwe formule in werking gestel word, beteken dit 'n besparing van ±R2 130 000.

Aanbeveling:
Die Sinode
1. keur die voorgestelde formule vir die berekening van Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede soos voorgestel, goed.
2. besin saam oor optrede teenoor gemeentes wat nie betaal nie met inagneming van die kerkverband en ooreenkomste tussen gemeentes en NG Kerk Vrystaat.

17 BEGROTING vir 2022/2023

Die Raad van Ondersteuning het die onderstaande begroting vir die 2026/2027-boekjaar goedgekeur:
17.1 Vir die doeleindes van hierdie begroting is die volgende riglyne gebruik:

Rente-opbrengs: Ondersteuning: 2.4% op Beleggingswaarde en Eenhede teen 4.5% op gemiddelde fondswaarde.
Prioritisering van werksaamhede.

18.2 Totale Begroting beloop R30 169 754.00
Befondsing:

Bydraes	R 8 000 000.00
Rente	R14 132 266.00
Kollektes, Hure, ens.	R15 103 594.00

Aanbeveling:
Die Sinode keur die totale begroting van R8 miljoen soos hieronder uiteengesit, goed met dien verstande dat die dravermoë van die gemeentes die bedrag wel kan ontmoet. Indien dit nie moontlik is nie moet die eenhede self vir die tekort instaan.


FONDS	TOTALE BEGROTING	EIE FONDSE	RENTE VERDIEN	BGW '2026/ 2027	(Oorskot)/ Tekort
DIENS VAN BARMHARTIGHEID	**2 588 290**	**-417 000**	**-171 290**	**-2 000 000**	**0**
DIENS VAN BARMHARTIGHEID DIAKONIA)	2 588 290	-417 000	-171 290	-2 000 000	0
VENNOTE IN GETUIENIS	11 277 920	-2 941 364	-5 110 586	-2 000 000	1 225 970
ALGEMEEN					
	1 610 330	-1 004	-1 609 326	0	0
ALGEMENE WERKSAAMHEDE VIR GETUIENIS	1 610 330	-1 004	-1 609 326	0	0
EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE					
	5 911 450	-1 971 330	-2 032 720	-1 351 240	556 160
BUITE SUID-AFRIKA	4 473 410	-1 904 660	-1 392 790	-619 800	556 160
VENNOOTSKAPPE : LESOTHO 14-003	113 000	-40 090	-36 910	-36 000	0
VENNOOTSKAP : REFORMED CHURCH IN ZAMBIA 19-003	1 068 000	-40 490	-543 310	-484 200	0
CRONJE TRUST FUND OF THE RCZ 20-016	3 410	0	-3 410	0	0
VENNOOTSKAPPE : NAMIBIë 20-005	246 000	-30	-146 370	-99 600	0
RFF (REFORMED FAMILY FORUM)	330 000	-125 590	-204 410	0	0
VENNOOTSKAP : ASIë 26-003	276 000	-50 900	-225 100	0	0
MISSIE JAPAN 26-004	2 437 000	-1 647 560	-233 280	0	556 160
BINNE SUID-AFRIKA	1 438 040	-66 670	-639 930	-731 440	0
VENNOOTSKAPPE : NGKA VRYSTAAT 11-003	508 040	-41 530	-208 330	-258 180	0
VENNOOTSKAPPE : VGKSA VRYSTAAT 17-003	695 000	-25 130	-318 010	-351 860	0
VENNOOTSKAPPE :RCA 20-021	235 000	-10	-113 590	-121 400	0
GETUIENIS AKSIES	1 791 070	-173 610	-1 257 460	-360 000	0
STUDENTE BEARBEIDING 01-055	1 448 010	-111 030	-976 980	-360 000	0
GETUIENIS AKSIES	105 000	-7 580	-97 420	0	0
STUDENTEHULPFONDS 05-022	238 060	-55 000	-183 060	0	0
MISSIONALE DIAKONAAT	705 000	-139 420	-198 390	-288 760	78 430
MIDDESTADS- EN ARBEIDSBEDIENING 20-003	575 000	-108 060	-178 180	-288 760	0
RICD 20/024	130 000	-31 360	-20 210	0	78 430
ONAFGEHANDELDE PROJEKTE	1 260 070	-656 000	-12 690	0	591 380
GETUIENIS EERSTE SENDING 20-029	1 014 000	-656 000	0	0	358 000
SENTRALE SKIKKINGSFDS 20-032	246 070	0	-12 690	0	233 380

FONDS	TOTALE BEGROTING	EIE FONDSE	RENTE VERDIEN	BGW '2026/ 2027	(Oorskot)/ Tekort
ONDERSTEUNING	**17 849 970**	**-9 409 480**	**-7 638 840**	**-830 880**	**-29 230**
	10 012 580	-2 723 360	-6 701 910	-564 540	22 770
BAREND WESSELS	4 921 880	-4 640 000	-358 580	0	-76 700
KOMMUNIKASIE	210 500	-70 040	-12 380	-99 060	29 020
ARGIEF	291 230	-128 350	-43 800	-120 500	-1 420
MOOIGENOEG	1 937 770	-1 847 730	-92 210	0	-2 170
SIN SENTRUM	476 010	0	-429 960	-46 780	-730
BEDIENINGSBEGELEIDING	**5 377 810**	**-1 949 040**	**-1 064 630**	**-2 000 000**	**364 140**
KURATORIUM	2 224 100	-725 750	-451 000	-720 000	327 350
BEDENINGSBEGELEIDING	1 038 200	-164 090	-246 100	-640 000	-11 990
DIGITALE BEDIENING	54 200	-54 200	0	0	0
EKOLOGIE	36 000	-36 000	0	0	0
EREDIENS	40 000	-40 000	0	0	0
VERSOENING	31 000	-31 000	0	0	0
GERONTOLOGIE	40 000	-40 000	0	0	0
KLEIN GEMEENTES	39 000	-39 000	0	0	0
NAVORSING	30 000	-30 000	0	0	0
LEIERSKAP	71 000	-71 000	0	0	0
PREDIKANTE	190 000	-190 000	0	0	0
SPIRITUALITEIT	65 000	-65 000	0	0	0
VBO	80 000	-80 000	0	0	0
RETREATS	30 000	-30 000	0	0	0
GOUF	1 266 310	-293 000	-333 310	-640 000	0
JONK	143 000	-60 000	-34 220	0	48 780
VISIONERING	**2 239 000**	**-386 710**	**-146 920**	**-1 169 120**	**536 250**
SINODALE FONDS	1 486 000	-120	-115 790	-909 120	460 970
WERK.ALG.SINODE	410 000	-100 090	-14 630	-220 000	75 280
VROUELIDMATE	106 500	-50 000	-16 500	-40 000	0
SKV - KURSUSSE & KONF.	236 500	-236 500	0	0	0
	39 332 990	-15 103 594	-14 132 266	-8 000 000	2 097 130


Bufferfonds:	Sinodale Fonds	460 970
	Kuratorium	327 350
		788 320

RIGLYNE BY DIE OPSTEL VAN DIE BEGROTING


- Salarisaanpassing: 3.50%
- Renteverdienste: Ondersteuning – 2.4% op beleggingswaarde
  Gewaarborgde 4.5% op gemiddelde Fondswaarde
- Prorata: Onveranderd op R8 000 000.00
- Vergaderings: Waar getalle (lede) dit toelaat, moet vergaderings by die Sinodale Kantoor of Mooigenoeg Kampterrein plaasvind.




	Prorata 2018/19	Prorata 2019/20	Prorata 20/21	Prorata 21/22	Prorata 22/23	Prorata 23/24	Prorata 24/25
Begroot	12600000	11000000	10000000	9500000	8550000	8000000	8000000
Ontvang	11590767	11368100	9710402	11561515	7641141	4580811	8252175
Aangewend	12259060	10758668	9356111	8695111	8550000	7985960	8000000



	Prorata 2016/17	Prorata 2017/18	Prorata 2018/19	Prorata 2019/20	Prorata 20/21	Prorata 21/22	Prorata 22/23	Prorata 23/24	Prorata 24/25	Prorata 25/26
Randwaarde	12600000	12600000	12600000	11000000	10000000	9500000	8550000	8000000	8000000	8000000
% Waarde	0.00%	0.00%	0.00%	-12.70%	-20.63%	-24.60%	-32.14%	-36.51%	-36.51%	-36.51%



	Ondersteuning	Bedienings-begeleiding	Visionering	Vennote	Barmhartigheid	Totale Begroting
Kapitaal	0	364140	536250	1225970		2126360
Prorata	830880	2000000	1169120	2000000	2000000	8000000
Rente	7638840	1064630	146920	5110586	171 290	14132266
Eie Fondse	9409480	1949040	386710	2941364	417 000	15103594
Totale Uitgawes	-17849970	-5377810	-2239000	-11277920	-2588290	-39332990



Geteken:
Ds AP van Zyl (voorsitter)
Mnr AJ de Ruiter (skriba)


Get expert-led
consulting and advisory
solutions tailored to your
team's unique needs.
Solutions for
Retirement · Actuarial · Investments · Health · Wealth
in
www.simekaconsult.co.za
Simeka Consultants and Actuaries (Pty) Ltd is an authorised Financial Services Provider.
SIMEKA
member of Sanlam group

BYKOMENDE **VERSLAE**

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12






Bykomende verslae

F1 VERSLAG VAN DIE TRANS-ORANJE INSTITUUT VIR BUITENGE-WONE ONDERWYS

TRANSORANJE INSTITUUT
vir Buitengewone Onderwys
NPO 001-597 I PBO 130001311 met 18A-status
Duxburyweg 174, Hillcrest, Pretoria I 076 143 6961
info@toibo.org.za I www.toibo.org.za



VERSLAG VAN TOIBO AAN DIE SINODE NG KERK VRYSTAAT JUNIE 2026

1. TOIBO-OORSIG

Dit is met groot dankbaarheid dat TOIBO kan bevestig dat ons ná 79 jaar sedert die stigting van die Transoranje Instituut deur die drie Afrikaanse susterskerke (NGK, GKSA, NHKA) op 13 Maart 1947, steeds daarin slaag om kinders met spesiale onderwysbehoeftes te help om hul volle potensiaal te bereik deur fisiese hulpbronne en ondersteuning binne 'n Christelike etos by te dra.

Die eerste skool, Transoranje Skool vir Dowes, is op 16 Augustus 1954 in Pretoria-Wes gestig. Dit was egter gou duidelik dat die Instituut ook ander skole sou moes open vir kinders met ander gestremdhede. In die daaropvolgende jare is nog drie skole in Pretoria begin, naamlik Prinshofskool vir Gesiggestremdes (1963), Transvalia-Skool vir Epilepsie en Leergestremdheid (1972), en Sonitusskool vir Gehoorgestremdes (1973), en in Bloemfontein Hoërskool Martie du Plessis vir Fisiese, Serebraal- en Leergestremdhede (by TOIBO ingelyf 1962).

2. SKOLENUUS

Hoewel die skole aansienlike druk ervaar, gaan dit steeds goed. Subsidieprobleme, personeeluitdagings en groeiende akademiese verwagtinge plaas druk op sowel opvoeders as leerders. TOIBO poog om die skole konsekwent met deernis by te staan deur finansiële ondersteuning, morele aanmoediging en skenkerbetrokkenheid te verseker sodat die skole nie hierdie uitdagings op hul eie hoef te trotseer nie.

Verskeie van die skole versterk steeds hul onderrig en het nuwe vakgebiede bekendgestel om nuwe geleenthede vir die leerders te skep. Sommige van die skole het hul fasiliteite opgegradeer en gedurende 2025 uitgebrei.

Ten spyte van 'n groot diversiteit van gestremdhede en toenemende leerprobleme, het die skole oor die algemeen 'n verbetering in akademiese prestasies ervaar. 120 matrikulante het die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2025 geskryf, en puik prestasies is behaal. Prinshofskool, Transoranje Skool en Sonitusskool spog elk met 'n 100%-slaagsyfer, Martie du Plessis met 98%, en Transvalia-Skool met 88,5%. Gesamentlik is 43 onderskeidings behaal. Prinshofskool vir Gesiggestremdes is aangewys as die *Best Performing LSEN School in Gauteng* vir 2025!

Langverwagte bestuursposte is uiteindelik gevul en stabiliteit kon herstel. Die laaste twee jaar is nuwe skoolhoofde by Transoranje Skool (mev. Leria Delport), Sonitusskool (mej. Adele Kemp) en Transvalia-Skool (dr. Adriaan Ackerman) aangestel. Daarby het talle leerders en personeellede besondere prestasies provinsiaal, nasionaal en internasionaal behaal en ons vervul met trots.

Die leerders kom van oral in die land. Tans woon ongeveer 21% van die 1 924 leerders in die skole se koshuise weens afstand of ander omstandighede.

3. **GESTREMDHEDE VAN TOIBO-BEGUNSTIGDES** Totale leerdertal van die vyf skole soos op 2 Februarie 2026 is 1924.

Blindheid	148	Serebraalgestremd	41
Swaksiende	302	Fisiek gestremd	33
Doofheid	281	Gemiddeld intellektueel gestremd	97
Hardhorend	57	Ernstig intellektueel gestremd	96
Epilepsie	5	Leergestremd	785
Outisme-spektrum-afwykings	77	Ander: Afasie	2

4. PROJEKTE

Die Instituut se hoofprojek:

- ***Projek Sonskyn*** behels hulp aan die skole vir kwalifiserende kinders se skoolfonds, koshuisfooie, vervoerkoste, terapiekoste, klerasie, voedsel, skryfbehoeftes, hulpmiddels soos gehoorapparate, en ander benodigdhede. Ongeveer 33 kinders word met vervoerkoste na en van die skool gehelp en 78 kinders met koshuisfooie.

Onder hierdie projek ressorteer kleiner projekte wat afhanklik is van kontantdonasies en skenkings van produkte:

- ***Projek Volmagie*** maak voorsiening vir die skenking van voedsel. Tans ontvang ongeveer 459 behoeftige kinders daagliks etes by die skool en kruidenierspakkies gedurende vakansies. In 2025 is 40% van die fondse aan voedsel bestee.

- ***Projek Waardigheid*** voorsien basiese badsakkieprodukte, skryfbehoeftes en klerasie. Ongeveer 431 leerders word maandeliks met sanitêre ware en ander items gehelp. Hierdie projek is grootliks afhanklik van insamelings deur gemeentes.
- ***Projek Warmlyfie*** sorg vir warm winterklere, en ***Projek Skoolskoene*** vir skoolskoene, skoolklere en skooltasse. Ongeveer 496 leerders word met nuwe skoolskoene en ander klerasie gehelp.

5. BEMARKING EN BEWUSMAKING

TOIBO was gedurende 2025 meer in die kollig en nuwe bemarkings- en bewusmakingsmiddele is ingespan. Ons het saam met die TV-program *Met 'n huppel in die stap* gekuier, swaai-etikette by kerke en besighede aangebring en 'n splinternuwe WhatsApp-kanaal TOIBO CARES4 LSEN gestig. Volg TOIBO CARES4 LSEN
Maandelikse nuusskyfies aan gemeentes lei ook tot groter betrokkenheid. Donateurs kon saam met TOIBO die TOIBO-geassosieerde skole besoek en eerstehands beleef hoe die leerders hul beperkinge oorwin! Hierdeur doen donateurs waardevolle kennis op oor die leerders in LSOB-skole en TOIBO se betrokkenheid. Verskeie uitstallings en praatjies is ook by die stigterslede se gemeentes en konferensies aangebied.
Ons deel ook graag met u ons TOIBO-jaarverslag van 2025/2026: https://heyzine.com/flip-book/0ec059a5af.html

6. FINANSIËLE STAND

Danksy getroue ondersteuning kon ons al ons finansiële verpligtinge in 2025 nakom en R1 000 380 in kontant aan die skole voorsien, tesame met talle produkskenkings. Daarmee kon ons die skole help om 855 behoeftige kinders te ondersteun. Die kerke het in 2025 op 'n besondere wyse saamgewerk – nie net met finansiële bydraes nie, maar ook met tasbare produkskenkings wat 'n daadwerklike verskil aan die leerders se daaglikse lewens maak.

Bydraes vanaf stigterslede ontvang in 2025			
	SINODES	**GEMEENTES**	**TOTAAL**
GKSA	191 818.70	142 693.14	334 511.84
NHKA	65 005.26	178 655.99	243 661.25
NGK	85 000.00	122 768.00	207 768.00
TOTAAL	**R341 823.96**	**R444 117.13**	**R785 941.09**

Die Instituut funksioneer onafhanklik van die vyf openbare skole. Krimpende en laat subsidies aan die skole asook ander faktore veroorsaak dat die skole nie uit hul begrotings voorsiening kan maak vir die addisionele koste wat die groot hoeveelheid behoeftige kinders meebring nie. Die fondse wat die Instituut voorsien asook die skenkings wat ontvang word, is dus van kardinale belang. Finansiële toekennings word gemaak nadat behoeftes bevestig en geprioritiseer is. Die aanwending van die fondse word gemonitor en die projekte word doelgerig bestuur.

7. VERSOEK SINODALE ONDERSTEUNING

Met opregte dankbaarheid en waardering wil ons Sinode Vrystaat hartlik bedank vir u volgehoue ondersteuning en donasies aan TOIBO. U ondersteuning stel ons in staat om in dringende behoeftes te voorsien en werklik 'n verskil te maak in die lewens van hierdie kinders.

U sinodale ondersteuning om gemeentes aan te moedig om betrokke te raak by TOIBO-projekte, sal waardeer word. Die Instituut kan op verskeie maniere ondersteun word, onder andere met die volgende:

- Gemeentes kan jaarliks 'n spesiale kollekte vir die Instituut oormerk. Baie dankie aan gemeentes wat in die verlede 'n deurkollekte vir TOIBO geskeduleer het. Ons sal dit waardeer indien 'n soortgelyke kollekte en/of produkinsamelings oorweeg kan word op 'n datum wat die gemeente pas.
- Lidmate kan selfs maandeliks 'n privaatdonasie maak deur 'n elektroniese oorbetaling of deur hul Koopkrag- of Pretorium Trust-rekening. 'n Artikel 18A-belastingaftrekbare sertifikaat is beskikbaar vir kontantdonasies.
- Testamentêre erflatings of polisbemakings.
- Ons splinternuwe projek *Chat for Children* het aan die einde van 2025 op die been gekom, toe ons 'n ooreenkoms met Melon Mobile kon aangaan. TOIBO word bevoordeel wanneer nuwe subskripsies vir datapakkette aangeteken word met die promosiekode: TOIBO.
- Bestellings van plakkers vir die jaarlikse Loslitdagveldtog kan by TOIBO bekom word. TOIBO mag R9 van die R20 hou vir fondsinsameling.

8. BESONDERE DANK AAN DIE NG KERK

Dankie dat u die lewens van ons kinders met spesiale onderwysbehoeftes aanraak en as omgeevriende en medestigters saam met ons hoop gee waar dit so nodig is in honderde kinderharte. Dankie vir u volgehoue ondersteuning aan die Instituut en haar skole ten spyte van gemeentes se eie uitdagings. Ons sien uit na ons voortgesette vennootskap met u.

Mooi wense en seën word elkeen van u en die werk van die NG Kerk Sinode Vrystaat toegewens.
Mev. Alta Koekemoer, TOIBO: Uitvoerende Beampte



f.

Bykomende verslae

F2 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM: ORANJE MEISIESKOOL

1 PERSONEEL

Die Kuratorium het tot met die Sinode bestaan uit ds R Hattingh (voorsitter), me C Koen, me K Smith. Mnr AJ de Ruiter en me D van Heerden (skriba) het namens die Kerkkantoor op die Kuratorium gedien.

2 GESKIEDENIS VAN DIE ORANJE MEISIESKOOL

Vir byna 100 jaar deel die Sinode reeds in die geskiedenis van Oranje Meisieskool. Dié besondere skool het haar oorsprong in die vasberadenheid en vergesig van onder andere president MT Steyn, generaal CR de Wet en ds JD Kestell gehad. Hulle wou vir die dogters wat in die Anglo Boere-Oorlog en die konsentrasiekampe soveel gely, en met soveel deursettingsvermoë in daardie bitter jare volhard het, 'n skool gee waarvan die gees, soos die eerste verslag van die Kuratorium dit aan die 1909-Sinode stel, "beslist Christelik en Nasionaal" sou wees. Hierdie diepgevoelde behoefte is verder onderstreep deur die leemte wat gekom het toe die "Kroon Kolonie Gouvernement" na die Oorlog die Dames Instituut Eunice oorgeneem het. Vir die aandeel in hierdie skool het die NG Kerk in die OVS 4 000 pond gekry. Sonder om te twyfel het die eerste sinodes na die Oorlog hierdie geld beskikbaar gestel vir die oprigting van 'n nuwe skool vir meisies in Bloemfontein. Verskillende ander fondse het bygedra sodat die skool reeds in 1907 haar deure vir die eerste keer in die stad kon open. Die eerste Kuratorium het bestaan uit: Hoog Edele MT Steyn, voorsitter (benoem deur die Russiese Opvoedingsfonds Kommissie); die Edele Heer CH Wessels (benoem deur die Generale Boere Hulpfonds Kommissie); die Edele Heer WJC Brebner, tesourier (benoem deur die Sentrale Onderwys Kommissie); ds PJJ Boshoff, ondervoorsitter; di W Postma, CD Murray en Edele Heer P Joubert, oud-ouderling (almal benoem deur die Sinodale Kommissie van die NG Kerk in die OVS).

Aanvanklik was Oranje 'n vrye skool. Mej Elizabeth le Roux was die eerste prinsipale (Sy is later met die bekende dr JH Eybers getroud). Later kon die skool by 'n Christelike-Nasionale Onderwys beleid van die staat inskakel, sonder om haar gees, karakter en doel prys te gee. In hierdie tyd het die NG Kerk Vrystaat die geboue en terrein aan die staat verkoop, maar in beheer gebly van die fonds wat moes sorg dat die vergesig van MT Steyn nooit in die niet verdwyn nie. Deur middel van die Kuratorium vir die Christelike en Nasionale Meisieskool Oranje was daar dus nooit 'n tyd dat die Kerk haar verbintenis met die dogters van gemeentes op Oranje verbreek het nie. Die Kuratorium maak 'n geestelike inset om die diens van die Woord in die skool te beskerm en om die doelbewuste keuse van die skool om in die jongste onderwysbedeling beslis Christelik te bly, te versterk. Die dogters kry gevolglik in Oranje 'n Christelike en verantwoorde opvoeding.

Die Kuratorium is dankbaar om te rapporteer dat die skool deurgaans uitstekende resultate op akademiese-, kulturele- en sport terrein oplewer.

3 FINANSIËLE BYSTAND

Die Kuratorium het gepoog om met groot verantwoordelikheid en deursigtigheid die fondse wat aan haar toegeken is, deur die Kerkkantoor te bestuur. Van die belangrikste uitgangspunte is die volgende:

- Van die beleggingsopbrengs word 15% jaarliks gekapitaliseer.
- Die belegging word vanaf Januarie 2024 deur die NG Kerk Vrystaat bestuur.
- Die Kuratorium bied finansiële hulp aan behoeftige leerders ten opsigte van skool- en koshuisgelde.
- Aansoeke word by die skole ingedien vir oorweging en die skole bepaal self watter leerders hulp nodig het.

- Die fondse word verdeel tussen die skole in die verhouding tot die monetêre waarde van die aansoeke wat ontvang is.
- Indien daar begin is om leerders te help, poog die Kuratorium om enduit die pad met hulle te stap met ’n jaarlikse her-evaluering van hulle posisie.

4 OORSIG VIR VERSLAG PERIODE

Vir die periode van verslag (2022-2025) is 269 dogters vanuit onderskeidelik die Pre-Primêre-, Primêre- en Sekondêre skool ten bedrae van R671 000.00 ondersteun. Die ondersteuning het in fyn oorleg met die onderskeie hoofde en beheerliggame geskied ten einde dogters vanuit verskillende denominasionele affiliasies by te staan. Die Kuratorium is dankbaar om te kan rapporteer dat dié tasbare ondersteuning ’n groot bydrae tot die betrokke dogters se opvoeding en lewe gemaak het.

SAKE VIR GOEDKEURING

5 DANK EN WAARDERING

Aanbeveling:

Die Sinode besluit
- Om haar dank en waardering uit te spreek teenoor die hoofde, personeel en beheerliggame van Oranje Meisieskool vir die doelbewuste keuse om vas te hou aan Christelike beginsels.
- Om haar dank en waardering uit te spreek teenoor elke ander skool en personeel wat poog om in die huidige omstandighede reg te laat geskied aan die Woord en hul verbondenheid aan Jesus Christus.
- Om haar dank en waardering uit te spreek teenoor mnr AJ de Ruiter vir sy onberispelike diens in sy hantering van die Kuratorium se fondse.

6 VOORBIDDING EN BYSTAND

Aanbeveling:

Die Sinode besluit
- Om gemeentes te versoek om voorbidding te doen vir die onderwys in die Vrystaat.
- Om kerkrade te versoek om onderwysers pastoraal by te staan.
- Om kerkrade te versoek om van die Kuratorium se werk kennis te neem met verdere bekendstelling daarvan aan gemeentelede ter verdere ondersteuning deur moontlike erflatings/skenkings wat gemaak kan word.
- Om gelowige ouers te versoek om hulleself beskikbaar te stel vir skole se beheerliggame.

Ds R Hattingh (Voorsitter)
Me D van Heerden (Skriba)

BESKRYWINGS-PUNTE

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12





BESKRYWINGSPUNTE

BESKRYWINGSPUNTE WORD ONVERANDERED AS PDF'S IN HIERDIE AGENDA INGETREK

Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat
Berg-en-Dal

1 April 2026

Geagte Skriba

Beskrywingspunt: NG Kerk Berg-en-Dal

Hiermee dien ons die beskrywingspunt van die NG Kerk Berg-en-Dal, soos aangeheg, vir oorweging deur die komende sinodesitting van die NG Kerk Vrystaat in.

Ons bevestig dat hierdie beskrywingspunt tydens 'n amptelike en wettig gekonstitueerde vergadering van die Kerkraad van Berg-en-Dal bespreek en goedgekeur is.

Indien verdere toeligting benodig word, is oudle. Ellen-Anne Swart en Marius Swart beskikbaar om die beskrywingspunt verder toe te lig, sou 'n kommissie van die Sinode dit vooraf wens te bespreek.

Vriendelike groete

Denise Louw

Denise Louw
Skriba
NG Kerk Berg-en-Dal

Kantoor
☎ 051 436 2750 ✆ 073 180 3193

h/v Albrecht- en Genl. Hertzogstr.
Dan Pienaar, Bloemfontein

Posbus 28048
Danhof, 9310

Leraars
Ds. Jan Lubbe ✆ 082 784 9362
✉ janlubbe1964@gmail.com
Ds. Johan Marais ✆ 084 517 8052
✉ johannmarais@bergendalkerk.co.za
Ds Janke Hurter ✆ 078 894 9166
✉ jankehurter@bergendalkerk.co.za

Skriba
Denise Louw
✉ kantoor@bergendalkerk.co.za
Kassier
Marthina van Zyl
✉ finansies@bergendalkerk.co.za
Terreinbestuurder
Pieter Wilken
✉ terrein@bergendalkerk.co.za

Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat
Berg-en-Dal

Beskrywingspunt aan die Sinode, NG Kerk Vrystaat 2026

Uittreksel uit die Notule van ‘n Kerkraadsvergadering gehou op 22 Maart 2026:

4.3 Beskrywingspunt aan Vrystaat Sinode:

Die aktualiteit van die vraag oor menslike lewe en die einde daarvan, hang saam met ‘n verskeidenheid van faktore in die mediese- en sosiale veld waar lidmate van ons kerke en mense in die 21ste eeu leef. Dit het te doen met lyding, maar ook die vermoë van die mediese wetenskap en -tegnologie om lewe te verleng – en dikwels word hieruit vir ons lidmate verskeie etiese vrae gebore; dit maak ook pastorale sorg in so ‘n tyd kompleks.

***Besluit:** Die Kerkraad van die gemeente Berg-en-Dal besluit om die Sinode van die NG Kerk Vrystaat te versoek om:*

1) *‘n teologies-etiese ondersoek te laat doen na die einde van menslike lewe, waarin perspektiewe en adviese vanuit mediese- en psigo-sosiale hoek en juridiese oorwegings in die lig van die Skrif, en met die oog op pastorale begeleiding verreken word;*

2) *‘n studiegroep hiervoor aan te wys, waartoe onder andere proff. Lodewyk Sutton, Laetus Lategan en Jan-Albert van den Berg (teoloë), drr. Marius Swart en Johan de Beer (medici), dr. Jamie Faber en advokate Seef Hefer en Jacques Potgieter (regslui), en dr Dalene van Jaarsveld en me Hanneke Lubbe (Hospice Vrystaat) uitgenooi sal word om deel van te vorm;*

3) *‘n eerste verslag van die taakspan teen Maart 2027 by die Moderamen te ontvang en te oorweeg, moontlik ook met die oog op voorlegging aan die Algemene Sinode in Oktober 2027; en*

4) *‘n kort gespreksgids vir leraars en lidmate hieruit beskikbaar te stel, vir gebruik in gemeentes en pastorale gesprekke oor die einde van lewe.*

Ring van Fauresmith

Beskrywingspunt: Voorgestelde nuwe artikel – 9B Ringspredikant

Agtergrond en motivering

Die voorgestelde nuwe Artikel 9B is nie ’n willekeurige verandering nie, maar ’n noodsaaklike aanpassing om die roeping van die Ring as kerkvergadering (Artikel 29–31) prakties uit te leef in ’n veranderde werklikheid. Dit bou direk voort op Artikel 2 (die kerk se deelname aan die missie van God), Artikel 9 (die amp van die predikant) en Artikel 31 (die Ring se verantwoordelikheid vir kerkvisitasie, opsig, advies, samewerking tussen gemeentes en die behartiging van gemeenskaplike roeping).

In die Ring van Fauresmith, soos in talle ander Vrystaatse Ringe, word die uitdagings al hoe groter:

• Die ring bestaan uit klein dorpies en landelike gemeentes waar die ekonomiese realiteit dit vir baie gemeentes onmoontlik maak om ’n voltydse eie predikant te bekostig.

• Gevolglik moet hulle toenemend staatmaak op ad hoc-predikers wat slegs vir een of twee dienste per maand betaal word om eredienste te lei.

• Hierdie predikers is nie werklik deel van die plaaslike gemeenskap nie. Hulle ken nie noodwendig die daaglikse lewensuitdagings van die mense nie – droogte, werkloosheid, plaasmoorde, jeug-(uit) migrasie, armoede of die unieke sosiale dinamika van klein dorpe nie.

• Die gevolg is ’n gebrek aan pastorale versorging, oppervlakkige bediening, onvoldoende dissipelskap en ’n gemeente wat voel dat hulle “bedien word” sonder dat iemand hulle werklik ken of verstaan.

Artikel 9B sal dit moontlik maak dat die Ring self ’n Ringspredikant kan beroep, bevestig en in diens neem – presies soos wat Artikel 8.2 reeds vir predikante in diens van die kerkverband voorsien. Hierdie predikant staan nie in diens van één gemeente nie, maar van die hele Ring.

Sodoende word die Ring nie net ’n administratiewe struktuur nie, maar ’n lewende, ondersteunende liggaam van Christus (Artikel 2 en Kolossense 1:18–20). Dit is kostedoeltreffend vir klein gemeentes, bevorder eenheid binne die Ring en stel die kerk in staat om sy roeping in landelike Suid-Afrika getrou uit te voer.

Ons bid dat die Sinode hierdie artikel sal ondersoek sodat die Here se kerk in die Vrystaat, ook in die Ring van Fauresmith en soortgelyke Ringe, met nuwe krag en relevansie kan dien.

Met verwysing na die voorgestelde nuwe **Artikel 9B** doen ons die volgende formele versoek:

Dat die Sinode besluit:

1. Dat die Sinode van die Vrystaat die taak gee aan die relevante taakspanne om ‘n nuwe of aanvullende Artikel te formuleer vir Ringe om ‘n Ringspredikant te kan beroep. Die artikel moet al die nodige verantwoordelikhede uiteensit van die Ringspredikant as werknemer en die Ring as werkgewer.
2. Om opdrag te gee aan die **Sinodale Bestuursforum (SBF)**, in noue samewerking met die **Bediening vir Ondersteuning** en die **Sinodale Taakspan Finansies / Kerklike Fondse**, om binne twaalf maande ’n duidelike, billike en volhoubare **finansiële model** te ontwikkel vir die befondsing van ringspredikantposte.
3. Dat hierdie model by die volgende gewone sinodale sitting ter goedkeuring voorgelê en in Afdeling B van die Kerkorde (Reglemente) ingevoeg word.

Riglyne vir Artikel 9B Die Ringspredikant (ter inligting van die taakspanne):

9B.1 Die amp van die Ringspredikant fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes in diens van die Ring as geheel.

9B.2 Die Ringspredikant is geroep om ’n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.

9B.3 Die Ringspredikant funksioneer in die Ring, ter ondersteuning van die gemeentes binne die Ringsgebied, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.

9B.4 In die Ring aanvaar die Ringspredikant verantwoordelikheid vir die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en dissipelskap. Die Ringspredikant is ook saam met die ring en ampsdraers verantwoordelik vir:

• die koördinering van bediening en samewerking tussen gemeentes,

• kerkvisitasie en pastorale versorging van predikante en ampsdraers,

• die opbou en toerusting van gemeentes,

• die bevordering van gestuurdheid (Missio Dei) op ringsvlak,

• leiding en organisering van Ringswye inisiatiewe,

• uitoefening van Christelike liefde en tug waar van toepassing,

• die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede. Die ring onderskei en bepaal, saam met die Ringspredikant, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in ’n diensooreenkoms.

9B.5 Die Ringspredikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

9B.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die Ring reëlings oor wyses waarop die Ringspredikant diensbaar is in die kerk en in die wêreld.

Opmerking by die roeping en bevestiging (ordening):

Die Ring (as kerkvergadering) benoem die Ringspredikant vir diens aan die kerkverband (die Ring self), met approbasie deur die Ring en goedkeuring deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie. Die bevestiging geskied deur die Ring of sy gevolmagtigde (met handoplegging vir proponente), en ’n diensooreenkoms word met die Ring gesluit. Dit maak voorsiening vir ’n predikant wat uitsluitlik in diens van die ring staan (nie een gemeente nie), as Ringspredikant en/of toesigrol vir diensleraars gebruik word.

Riglyne vir die finansiële model (ter inligting van die taakspanne):

Die model moet spesifiek voorsiening maak vir landelike ringe met klein en ekonomies swak gemeentes (soos die Ring van Fauresmith) en behoort die volgende elemente te bevat:

• ’n **proporsionele bydrae-stelsel** van alle gemeentes binne die ring, bereken volgens lidmaattalle, finansiële vermoë en jaarlikse inkomste (prorata-beginsel soos reeds in die Reglement vir Kerklike Fondse toegepas).

• ’n **sinodale subsidie** uit bestaande fondse soos die **Gemeente Ondersteuning en Uitbreiding Fonds (GOUF)** of ’n nuwe **Ringbedieningsfonds** wat deur die Raad van Ondersteuning geadministreer word.

• Aanvullende bronne soos spesiale kollektes, erflatings, vennootskappe met sterker gemeentes of sinodale projekte.

• Volledige dekking van salaris (volgens sinodale skaal), pensioenbydraes (Sinodale Pensioenfonds), behuising/toelaes, vervoer en bedryfskoste.

• ’n duursame diensooreenkoms tussen die Ring (as werkgewer) en die Ringspredikant, met jaarlikse evaluering en aanpassing.

NG GEMEENTE HARRISMITH

Posbus 409 * Harrismith * 9880
ngkharrismith@gmail.com
074 438 0425 * 058 622 1355
Ds.FUO.Ohlhoff * 081 436 7488

17 Februarie 2026

Die Interimkomitee I Moderamen van die Sinode van die Vrystaat

Geagte Voorsitter en lede van die Interimkomitee en/of Moderamen

BESKRYWINGSPUNT VIR DIE VOLGENDE SITTING VAN DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT IN VERBAND MET ARTIKEL 37.

1. Die Kerkraad van die NG gemeente Harrismith vra dat die Vrystaat sinode weer artikel 37 sal oorweeg om uit verband met die algemene sinode te tree.

Motivering vir die beskrywingspunt:

Die Kerkraad van die NG gemeente Harrismith is van oortuiging dat die proses tydens die vorige sinode, gehou op 3 Oktober 2024, rakende artikel 37 nie voldoende aandag geniet het nie.
Die Vrystaat sinode het in 2023 besluit om 'n laaste keer met die algemene sinode in gesprek te tree in terme van teologiese en etiese besluite waarmee die Vrystaat van die algemene sinode verskil het.
Die algemene sinode het nie hulle besluite in Oktober 2023 verander nie en daarom moes die Vrystaat hulle besluit van Maart 2023 uitvoer om uit verband te tree.
Ongelukkig het daar op die buitengewone sinodesitting 'n skielike 3de opsie op die tafel verskyn (wat eintlik nie toelaatbaar is vir 'n buitengewone sinode sitting waar die agenda vooraf vasgemaak moes wees nie). Daar is soveel tyd aan hierdie 3de opsie spandeer dat die eerste twee opsies, naamlik om uit verband te tree of om 'n verdeling in die sinode te bewerk, nie werklik aandag gekry het nie.

Daarom versoek ons as gemeente dat ons as Vrystaat sinode weer hierdie saak in heroorweging bring.

Ons spreek ons hartseer verder uit dat die sinode skielik verder besluite geneem het om nader aan die algemene sinode se besluite te beweeg.

Aanbeveling:

1. Die sinode van die Vrystaat, bespreek weer die moontlikheid om deur middel van artikel 37 bande los te maak met die algemene sinode.
2. Die sinodde van die Vrystaat stem weer om te besluit of bande met die algemene sinode losgemaak kan word.

Kerkraad Voorsitter

Kerkraad skriba

Afskrif

BESKRYWINGSPUNTE

NG KERK HARRISMITH
SPESIALE KERKRAADSVERGADERING
17 FEBRUARIE 2026
TEENWOORDIGHEIDSREGISTER

KWORUM: 9

LERAAR

Voorsitter	Ds. Ulrich Ohlhoff	

OUDERLING

Leier-Ouderling	Cobus de Jager	
Gemeentebediening	Flip Geel	
Eiendomme	Theo Jooste	
Onderleier-Ouderling	Kobus Kriek	
Getuienis	Anne-Marie Lombard	Verskoning
Barmhartigheid	Hendrik Louw	
Finansies	Julian Muller	
Jeug	Riaan van Niekerk	
Diensverhoudinge	Lebo Zietsman	

DIAKENS

Finansies	Braam Keyser	
Barmhartigheid	Albert Potgieter	
Eiendomme	Emiel Swanepoel	
Jeug	Rian van der Laarse	
Gemeentebediening	Tronell van der Lingen	
Getuienis		
Diensverhoudinge	Gerhard van Wyk	Verskoning

ANDER

Skriba	Winnie Ruocco	

17 Februarie 2026

INSAKE: BESKRYWINGSPUNT VIR DIE VRYSTAATSE SINODE IN JUNIE 2026

BESKRYWINGSPUNT 1

VAN: DIE TEOLOGIES-KATEGORIALE RING VAN DIE VRYSTAAT

Geagte broeders en susters. Groete van die Teologies-Kategoriese Ring. Ons stuur graag ‘n beskrywingspunt aan vir die Agenda van die Vrystaatse Sinode in Junie 2026.

Artikel 37
Die Moderamen het weergegee dat Artikel 37 nie weer op die Sinode kan dien nie. Dit was met die stigting van die Kategoriale Ring een van die brandpunte wat ons graag op die Agenda wou hou van die Vrystaatse Sinode.

Daar is geen kerkregtelike rede hoekom die voorstel van Artikel 37 nie weer op die Sinode kan dien nie. Ons versoek dus dat hierdie Artikel weer moet dien. Ons rig ‘n beskrywingspunt vanaf die Kategoriale Ring om weer te stem oor Artikel 37.

Ons is nie oortuig dat die 6 opsies wat gedien het op die Buitengewone Sinode in 2023, regtig oortuigende en praktiese uitvoering gebring het vir die besluit nie. Beswaarde gemeentes is steeds vasgevang. Daar staan in die Notule van die Buitengewone Sinode dat, indien die Algemene Sinode nie by haar mandaat hou nie, die Vrystaatse Sinode sal wegstap.

Die Vrystaatse Sinode het nie weggestap nie, maar eerder gekies om die Algemene Sinode op te roep om te herbesin oor haar mandaat en om self as Vrystaatse Sinode die verhouding met die Algemene Sinode te herdefinieër.

Dit was nie die gewensde uitkoms waarvoor die Vrystaat in haar Buitengewone Sitting in Oktober 2023 gevra het nie. Dus versoek ons dat die beskrywingspunt deurgestuur word na die Agenda van die Vrystaatse Sinode in Junie 2026 om ter tafel te lê dat daar weer oor Artikel 37 gestem moet word.

Groete

Ds Ulrich Ohlhoff (Voorsitter)
Ds Fanie le Roux (Ondervoorsitter)
Ds Joe Müller (Skriba)
Ds Dries Coetzee (Addisionele Lid)

17 Februarie 2026

INSAKE: BESKRYWINGSPUNT VAN DIE TEOLOGIES-KATEGORIESE RING IN DIE VRYSTAAT

BESKRYWINGSPUNT 2

VAN: DIE TEOLOGIES-KATEGORIALE RING VAN DIE VRYSTAAT

Broeders en susters, hierdie beskrywingspunt moet tesame met, maar ook in oorleg met, die eerste beskrywingspunt, gelees word. Sou ons nie kon slaag met ‘n Artikel 37 nie, versoek ons die Vrystaatse Sinode om te stem om ‘n tweede onafhanklike Sinode, weg van amptelike strukture, te stig, waarby homogene gemeentes kan inskakel.

Hierdie beskrywingspunt moet op sy eie meriete hanteer word. Indien die Sinode nie Artikel 37 goedkeur nie, versoek die Kategoriale Ring in die Vrystaat om in ‘n nuwe Sinode vryelik voort te gaan as onafhanklike Sinode.

Die Vrystaatse Sinode kan kies om die sg. ‘fundamenteles’ los te maak van haar eie strukture. Ons sal dus nie meer ‘vasgevang’ voel nie. Dit is, na ons mening, ‘n ‘welwillende weg’ waarvoor ons lankal vra.

Die nuwe Sinode sal los staan en vry funksioneer, los van strukture wat groepeer onder die Algemene Sinode.

Groete

Ds Ulrich Ohlhoff (Voorsitter)
Ds Fanie le Roux (Ondervoorsitter)
Ds Joe Müller (Skriba)
Ds Dries Coetzee (Addisionele Lid)

25 Maart 2026

INSAKE: BESKRYWINGSPUNT VIR DIE VRYSTAATSE SINODE IN JUNIE 2026

BESKRYWINGSPUNT 3

VAN: DIE TEOLOGIES-KATEGORIALE RING VAN DIE VRYSTAAT

Geagte broeders en susters. Groete van die Teologies-Kategoriese Ring. Ons stuur graag ‘n beskrywingspunt aan vir die Agenda van die Vrystaatse Sinode in Junie 2026.

Proses van losmaking
Broeders en susters, hierdie beskrywingspunt moet tesame met, maar ook in oorleg met, die eerste twee beskrywingspunte, gelees word. Sou ons nie kon slaag met ‘n Artikel 37 of ’n aparte sinode nie, versoek ons die sinode om ’n proses van losmaking goed te keur vir gemeentes wat nie hulle weg oopsien om langer deel van die verband te wees nie.

’n Moontlike proses, wat onder leiding van die STK in samewerking met die kategoriale ring uitgebrei en verfyn kan word kan moontlik soos volg lyk:

Onderskeidingsfase
1. ’n Gemeente erken op een of ander manier aan mekaar dat daar ongelukkigheid met die kerkverband is.
2. ’n Gemeente stuur ’n amptelike skrywe na ’n kerkraadsbesluit aan hulle ring en sinode om kennis te gee dat hulle ’n proses van losmaking wil begin, met redes oor hoekom hulle so stap oorweeg.

Gespreksfase

1. Die ring stuur verteenwoordigers om met die Kerkraad te vergader om hulle te probeer oorreed om te bly.
2. As die kerkraad onbeweeglik bly, word ’n eerste gemeente vergadering gehou om die gemeente in te lig van die proses en redes vir losmaking.
3. Ringsverteenwoordigers kry tydens die vergadering geleentheid om met die gemeente te praat.
4. Die gemeente stem oor losmaking. As die stemming slaag, word ’n tweede vergadering geskeduleer.
5. Die tweede vergadering vind plaas minstens een maand maar hoogstens een jaar ná die eerste. Dit sluit gewoonlik meer gedetailleerde inligting in oor eiendomsake,

moontlike aansluiting by ’n ander denominasie, en wat gebeur met lidmaatskap vir dié wat in die NGK wil bly.
6. Die gemeente stem weer oor losmaking. Die meerderheid wat vereis word, word deur die kerkorde bepaal.

Vertrekfase
1. Indien die gemeente nie ’n 100% stem vir losmaking behaal nie, word ’n gesprek gereël met die gemeentelede wat deel van die NGK wil bly.
2. Daar word dan onderhandel vir moontlike opsies vir hierdie lidmate, indien daar bv. twee gemeentes op ’n dorp is kan lidmate na die gemeente oorgaan wat wel deel bly van die NGK.
3. Indien daar nie ’n ander NGK gemeente op die dorp of nabye gebied is nie, moet bates gelyk verdeel word op grond van die % stemme wat verkry is.
4. Indien daar ’n ooreenkoms is tussen die twee groepe in die gemeente gee die ring finale goedkeuring vir losmaking van die gemeente.

Groete

Ds Ulrich Ohlhoff (Voorsitter)
Ds Fanie le Roux (Ondervoorsitter)
Ds Joe Müller (Skriba)
Ds Dries Coetzee (Addisionele Lid)

Ring van Fauresmith

Beskrywingspunt: Voorgestelde nuwe artikel – 9B Ringspredikant

Agtergrond en motivering

Die voorgestelde nuwe Artikel 9B is nie ’n willekeurige verandering nie, maar ’n noodsaaklike aanpassing om die roeping van die Ring as kerkvergadering (Artikel 29–31) prakties uit te leef in ’n veranderde werklikheid. Dit bou direk voort op Artikel 2 (die kerk se deelname aan die missie van God), Artikel 9 (die amp van die predikant) en Artikel 31 (die Ring se verantwoordelikheid vir kerkvisitasie, opsig, advies, samewerking tussen gemeentes en die behartiging van gemeenskaplike roeping).

In die Ring van Fauresmith, soos in talle ander Vrystaatse Ringe, word die uitdagings al hoe groter:

• Die ring bestaan uit klein dorpies en landelike gemeentes waar die ekonomiese realiteit dit vir baie gemeentes onmoontlik maak om ’n voltydse eie predikant te bekostig.

• Gevolglik moet hulle toenemend staatmaak op ad hoc-predikers wat slegs vir een of twee dienste per maand betaal word om eredienste te lei.

• Hierdie predikers is nie werklik deel van die plaaslike gemeenskap nie. Hulle ken nie noodwendig die daaglikse lewensuitdagings van die mense nie – droogte, werkloosheid, plaasmoorde, jeug-(uit) migrasie, armoede of die unieke sosiale dinamika van klein dorpe nie.

• Die gevolg is ’n gebrek aan pastorale versorging, oppervlakkige bediening, onvoldoende dissipelskap en ’n gemeente wat voel dat hulle “bedien word” sonder dat iemand hulle werklik ken of verstaan.

Artikel 9B sal dit moontlik maak dat die Ring self ’n Ringspredikant kan beroep, bevestig en in diens neem – presies soos wat Artikel 8.2 reeds vir predikante in diens van die kerkverband voorsien. Hierdie predikant staan nie in diens van één gemeente nie, maar van die hele Ring.

Sodoende word die Ring nie net ’n administratiewe struktuur nie, maar ’n lewende, ondersteunende liggaam van Christus (Artikel 2 en Kolossense 1:18–20). Dit is kostedoeltreffend vir klein gemeentes, bevorder eenheid binne die Ring en stel die kerk in staat om sy roeping in landelike Suid-Afrika getrou uit te voer.

Ons bid dat die Sinode hierdie artikel sal ondersoek sodat die Here se kerk in die Vrystaat, ook in die Ring van Fauresmith en soortgelyke Ringe, met nuwe krag en relevansie kan dien.

Met verwysing na die voorgestelde nuwe **Artikel 9B** doen ons die volgende formele versoek:

Dat die Sinode besluit:

1. Dat die Sinode van die Vrystaat die taak gee aan die relevante taakspanne om ‘n nuwe of aanvullende Artikel te formuleer vir Ringe om ‘n Ringspredikant te kan beroep. Die artikel moet al die nodige verantwoordelikhede uiteensit van die Ringspredikant as werknemer en die Ring as werkgewer.
2. Om opdrag te gee aan die **Sinodale Bestuursforum (SBF)**, in noue samewerking met die **Bediening vir Ondersteuning** en die **Sinodale Taakspan Finansies / Kerklike Fondse**, om binne twaalf maande ’n duidelike, billike en volhoubare **finansiële model** te ontwikkel vir die befondsing van ringspredikantposte.
3. Dat hierdie model by die volgende gewone sinodale sitting ter goedkeuring voorgelê en in Afdeling B van die Kerkorde (Reglemente) ingevoeg word.

Riglyne vir Artikel 9B Die Ringspredikant (ter inligting van die taakspanne):

9B.1 Die amp van die Ringspredikant fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes in diens van die Ring as geheel.

9B.2 Die Ringspredikant is geroep om ’n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.

9B.3 Die Ringspredikant funksioneer in die Ring, ter ondersteuning van die gemeentes binne die Ringsgebied, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.

9B.4 In die Ring aanvaar die Ringspredikant verantwoordelikheid vir die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en dissipelskap. Die Ringspredikant is ook saam met die ring en ampsdraers verantwoordelik vir:

• die koördinering van bediening en samewerking tussen gemeentes,

• kerkvisitasie en pastorale versorging van predikante en ampsdraers,

• die opbou en toerusting van gemeentes,

• die bevordering van gestuurdheid (Missio Dei) op ringsvlak,

• leiding en organisering van Ringswye inisiatiewe,

• uitoefening van Christelike liefde en tug waar van toepassing,

• die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede. Die ring onderskei en bepaal, saam met die Ringspredikant, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in ’n diensooreenkoms.

9B.5 Die Ringspredikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

9B.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die Ring reëlings oor wyses waarop die Ringspredikant diensbaar is in die kerk en in die wêreld.

Opmerking by die roeping en bevestiging (ordening):

Die Ring (as kerkvergadering) benoem die Ringspredikant vir diens aan die kerkverband (die Ring self), met approbasie deur die Ring en goedkeuring deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie. Die bevestiging geskied deur die Ring of sy gevolmagtigde (met handoplegging vir proponente), en ’n diensooreenkoms word met die Ring gesluit. Dit maak voorsiening vir ’n predikant wat uitsluitlik in diens van die ring staan (nie een gemeente nie), as Ringspredikant en/of toesigrol vir diensleraars gebruik word.

Riglyne vir die finansiële model (ter inligting van die taakspanne):

Die model moet spesifiek voorsiening maak vir landelike ringe met klein en ekonomies swak gemeentes (soos die Ring van Fauresmith) en behoort die volgende elemente te bevat:

• ’n **proporsionele bydrae-stelsel** van alle gemeentes binne die ring, bereken volgens lidmaattalle, finansiële vermoë en jaarlikse inkomste (prorata-beginsel soos reeds in die Reglement vir Kerklike Fondse toegepas).

• ’n **sinodale subsidie** uit bestaande fondse soos die **Gemeente Ondersteuning en Uitbreiding Fonds (GOUF)** of ’n nuwe **Ringbedieningsfonds** wat deur die Raad van Ondersteuning geadministreer word.

• Aanvullende bronne soos spesiale kollektes, erflatings, vennootskappe met sterker gemeentes of sinodale projekte.

• Volledige dekking van salaris (volgens sinodale skaal), pensioenbydraes (Sinodale Pensioenfonds), behuising/toelaes, vervoer en bedryfskoste.

• ’n duursame diensooreenkoms tussen die Ring (as werkgewer) en die Ringspredikant, met jaarlikse evaluering en aanpassing.

REGLEMENTE

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12



2. REGLEMENT VAN ORDE: NG KERK VRYSTAAT

1. OPENING EN KONSTITUERING

Die afgevaardigdes kom byeen op die plek en tyd soos vooraf bepaal.

1.1 Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, soos vooraf deur die betrokke skriba aangewys, gaan by rings- en sinodale vergaderings voor in Skriflesing, gebed en konstituering, en tree as waarnemende voorsitter op ~~totdat die vergadering sy eie voorsitter verkies het.~~ tot en met al die administratiewe sake afgehandel is. Die huidige voorsitter van die Moderamen neem dan oor om die agenda van die vergadering te begin, asook die verkiesing van die nuwe voorsitter te begelei. Die huidige voorsitter en die nuwe voorsitter kom onderling ooreen wanneer die nuwe voorsitter die vergadering verder sal lei.

1.2 By meerdere vergaderings neem die afgevaardigdes hulle plekke in soos aangedui deur die Ontwerpspan.

1.3 Die geloofsbriewe[1] van afgevaardigdes moet in die geval van 'n gewone vergadering van die sinode minstens drie maande voor die aanvang van die vergadering in die hande van die skriba wees. Die geloofsbriewe word voor die aanvang van die vergadering deur die Sinodale ~~Taakspan Kerkorde (STK)~~ Diens Regte (SDR) of sy gevolmagtigde verteenwoordigers nagegaan, goedgekeur en met die konstituering voorgehou, waarna die voorsitter die vergadering as wettig gekonstitueer verklaar met uitsluiting van die afgevaardigdes oor wie se geloofsbriewe daar twyfel bestaan of wat nie in orde is nie.

1.4 By meerdere vergaderings word, nadat die vergadering gekonstitueer is, ooreenkomstig die Reglement van Orde en onder leiding van die ~~waarnemende voorsitter~~ huidige voorsitter soos genoem in 1.1 hierbo, eers 'n voorsitter verkies (wat die leiding van die vergadering soos onderling ooreengekom met die huidige voorsitter oorneem), daarna 'n ondervoorsitter in die geval van 'n sinode (wat as voorsitter optree wanneer die voorsitter afwesig is, hom daartoe versoek of in die vergadering 'n spreekbeurt waarneem) en 'n skriba. Die voorsitter, ondervoorsitter en skriba is ook in dieselfde hoedanigheid lid van die moderamen.

1.5 By elke gewone vergadering van die sinode word twee lede van die vergadering onderskeidelik tot voorsitter en ondervoorsitter verkies. Die persoon wat deur die sinode in die posisie van voorsitter of ondervoorsitter van die sinode en moderamen verkies is, kan nie weer in die daaropvolgende termyn deur die sinode in dieselfde posisie verkies word nie, ongeag of die persoon sy/haar termyn in daardie posisie voltooi het of nie.

1.6 Op 'n buitengewone vergadering van die sinode of ring neem die voorsitter van die Moderamen of Ringskommissie die leiding in die konstituering van die vergadering, waarna die vergadering sy eie voorsitter kies vir die afhandeling van die geslote agenda.

1.7 'n Vergadering van die ring en die sinode word met oop deure gehou, tensy die betrokke vergadering anders besluit.

[1] Geloofsbriewe moet oorspronklik wees (geen fotostate) en mag slegs op een bladsy wees (voor en agter op dieselfde bladsy)

1.8 'n Vergadering van die kerkraad ~~word slegs met oop deure gehou waar die kerkraad in 'n betrokke geval so besluit~~. is ’n geslote en vertroulike vergadering.

1.9 Elke sittingsdag word, soos vooraf gereël, met gebed geopen en gesluit.

1.10 'n Kerkvergadering is slegs wettig wanneer meer as die helfte van die lede teenwoordig is. (’n kworum is 50% plus 1)

1.10.1 Die lede van 'n kerkvergadering is verplig om die vergadering by te woon en, indien hulle verhinder word, daarvan kennis te gee.

1.10.2 Geen lid mag sonder verlof van die voorsitter 'n vergadering verlaat nie.

2. BEHANDELING VAN SAKE

2.1 By die voorbring van sake neem die voorsitter die orde in ag wat vir hom die geskikste voorkom. Hy stel die sake wat behandel moet word aan die orde, gee by die behandeling, indien nodig, geleentheid vir toeligting en kan, as die saak dit vereis, wenke aan die hand doen om die vergadering te help om tot 'n beslissing te kom, en bring sy stem gelyktydig uit saam met die ander lede.

2.2 As die stemme staak, beslis die voorsitter wat naas sy gewone ook 'n beslissende stem het. Die voorsitter mag die lot gebruik in plaas van sy beslissende stem te gee. In 'n saak van kerklike opsig en tug word by staking van stemme uitspraak in die guns van die aangeklaagde gegee.

2.3 In gevalle wat op die orde van die vergadering betrekking het en waarvoor geen voorsiening in die reglement gemaak word nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel. As enige lid teen hierdie handelswyse beswaar het, word dit aan die oordeel van die vergadering onderwerp.

2.4 Elke lid van 'n vergadering moet by deelname aan die bespreking die voorsitter aanspreek.

2.5 Elkeen moet hom, sowel by skriftelike as mondelike voordrag van alle beledigende, haatlike of onbehoorlike uitdrukkings, asook van alles wat in stryd is met die agting van 'n kerkvergadering, weerhou.

3. AGENDA

3.1 Die agenda van die Sinode word slegs elektronies aan afgevaardigdes beskikbaar gestel, minstens twee weke voor die aanvang van die Sinode.

3.2 Gemeentes is self verantwoordelik vir die uitdruk van die agenda van die Sinode vir hulle afgevaardigdes.

3.3 Kragpunte vir laaiers van skootrekenaars en tablette en ander elektroniese toestelle word nie op so ‘n manier beskikbaar gemaak dat elke afgevaardigde ’n punt beskikbaar het nie.

4. BESKRYWINGSPUNTE, LAATSTUKKE EN VERSLAE

4.1 ’n Beskrywingspunt vir behandeling deur die ring kan deur die kerkraad of ’n ongesensureerde lidmaat met goedkeuring van die kerkraad ingestuur word. Hierdie beskrywingspunt moet drie

weke voor die aanvang van die ringsitting in die hande van die skriba van die ringskommissie wees.

4.2 ’n Beskrywingspunt vir behandeling deur die sinode mag ingedien word deur ‘n permanente kommissie, bediening of taakspan van die sinode, ‘n ring en ‘n kerkraad. Onderhewig aan hierdie bepalings het ‘n ongesensureerde lidmaat die reg om ‘n beskrywingspunt by die kerkraad in te dien vir deursending na die sinode.

4.3 Beskrywingspunte vir behandeling deur die Sinode moet minstens twee maande voor die aanvang van die Sinode in die hande van die Skriba van die Moderamen wees.

4.4 Alle beskrywingspunte wat teen hierdie sperdatum ontvang is, word na die verantwoordelike Bediening/Taakspan verwys. Indien dit onseker is op watter Bediening/Taakspan se tafel die beskrywingspunt hoort, besluit die ~~Interimkomitee~~ dagbestuur na wie dit verwys word.

4.5 Beskrywingspunte wat minder as twee maande voor die aanvang van die Sinode ingedien word, word steeds na die verantwoordelike Bedieninge/Taakspan verwys, maar met die voorbehoud dat dit nie noodwendig in die Bediening/Taakspan se verslag aan die Sinode opgeneem sal word nie, maar in ’n laat verslag opgeneem kan word. Bedieninge/Taakspanne wat laat verslae oor beskrywingspunte indien, het die diskresie om ’n aanbeveling te maak dat die beskrywingspunte wat dit behandel, direk deur die Sinode behandel word, of dat dit verwys word na ’n tydelike Taakspan van die Sinode. Laat verslae van Bedieninge/ Taakspanne oor beskrywingspunte wat laat ontvang is, word elektronies aan afgevaardigdes versprei indien dit minstens ’n week voor die aanvang van die Sinode in die hande van die Skriba van die Moderamen is, andersins word dit in hardekopie tydens die Sinode aan afgevaardigdes uitgedeel.

4.6 Op elke gewone vergadering van die sinode moet verslae ingedien word deur al die permanente kommissies, bedieninge en taakspanne van die sinode sowel as die verteenwoordigers van die sinode in verskillende rade en liggame. Bedieninge/ Taakspanne se verslae moet minstens ~~drie~~ vier weke voor die aanvang van die Sinode in die voorgeskrewe formaat in die hande van die Skriba van die Moderamen wees. Laat verslae van Bedieninge/Taakspanne wat ander sake as laat beskrywingspunte behandel, word na die Tydelike Taakspan ~~Kerkorde~~ Regte (~~TTK~~ TTR) verwys wat aanbevelings aan die Sinode maak oor die ontvanklikheid en hantering daarvan.

5. MOSIE VAN ORDE

5.1 Nadat 'n saak grondig bespreek is, het 'n lid van die vergadering die reg om by wyse van 'n mosie van orde, wat nie die wese van die saak onder bespreking raak nie, maar slegs die reëling van die werksaamhede van die vergadering, voor te stel dat die bespreking beëindig en oor die saak gestem word, of dat daar van die saak afgestap, of dat die vergadering verdaag of dat die orde waarin sake behandel moet word, verander word. Oor hierdie mosie, indien gesekondeer, moet sonder enige verdere bespreking dadelik gestem word, maar die voorsitter het die reg om die mosie tydelik terug te hou indien die saak na sy oordeel nie genoegsaam bespreek is nie.

6. SPREEKBEURT

6.1 By die behandeling van 'n saak voor 'n vergadering het elke lid die reg om sy mening uit te spreek tensy die vergadering anders besluit.

6.1.1 Niemand mag buite sy beurt of anders as met verlof van die voorsitter praat nie.

6.1.2 Indien twee of meer lede gelyktydig opstaan, beslis die voorsitter wie die eerste aan die beurt kom.

6.1.3 Waar 'n lid van die kerkvergadering hom volgens die oordeel van die voorsitter of volgens die besluit van die vergadering onordelik gedra, moet die voorsitter hom tot orde roep en as die vergadering so besluit, 'n apologie weens sy woorde of gedrag binne 'n vasgestelde tyd van hom eis. Weier hy om hom hieraan te onderwerp, word daar aantekening van sy woorde en dade gemaak en word hy as 'n wederstrewer van die *Kerkorde* deur die bevoegde kerkvergadering behandel.

6.2 'n Lid van die vergadering mag nie meer as een maal oor dieselfde saak praat nie, behalwe wanneer hy die aandag van die voorsitter wil vestig op 'n afwyking van die reglement van orde, of wanneer hy as voorsteller van sy reg tot repliek gebruik maak.

6.2.1 Die voorsitter het die reg om, wanneer na sy oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of laasgenoemde nie tot stemming wil oorgaan nie.

7. VOORSTEL

7.1 Elke lid van die vergadering het die reg om oor enige saak wat onder behandeling is 'n voorstel in te dien wat dadelik gesekondeer moet word voordat hy dit toelig, anders verval die voorstel. In 'n vergadering van die ring of die sinode moet die voorstel en die amendement(e) skriftelik ingedien en deur die voorsteller en die sekondant geteken word voordat die voorsteller dit toelig.

7.2 Geen spreekbeurt mag aangevra word, of voorstel of amendement deur die voorsitter ontvang word, voordat hy die saak aan die orde stel nie.

7.3 Die voorsteller of sekondant van 'n voorstel wat reeds ter tafel gelê is, mag dit nie sonder verlof van die vergadering terugtrek nie.

7.4 'n Aanbeveling in die verslag van 'n sinode of tydelike kommissie word onmiddellik as 'n voorstel in behandeling geneem en het nie weer 'n voorsteller of sekondant nodig nie. Dit geld nie waar die aanbeveling oor 'n beskrywingspunt gaan nie.

7.5 By afwesigheid van die insender van 'n voorstel of 'n beskrywingspunt mag die vergadering die voorstel tog in behandeling neem indien hy dit as gewens beskou.

7.6 In die geval van voorstelle en amendemente, word die amendemente eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste wat ingedien is, en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendemente gewysig. Na elke stemming kondig die voorsitter die uitslag aan.

8. STEMMING

8.1 Elke lid van 'n vergadering moet stem. Niemand mag buite stemming bly nie behalwe om gewigtige redes wat deur die vergadering beoordeel moet word.

8.2 Wanneer daar vir persone gestem word, geskied dit met geslote stemming (kyk pt 10.1 hieronder). Oor omstrede sake kan daar ook met 'n geslote stemming beslis word. Persone wat

die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die bespreking deelneem, maar nie stem nie.

8.3 In ‘n vergadering word oor 'n saak met 'n volstrekte meerderheid van stemme besluit, dit wil sê meer as die helfte van die lede wat teenwoordig is, behalwe in die gevalle waar die *Kerkorde* ‘n tweederde meerderheid vereis (Artikel 44.1 en 44.2 en 68.4) en waar die bepalings van hierdie sinode by die artikels van die *Kerkorde* gewysig, geskrap of aangevul word.

8.4 Dit staan 'n lid vry om met of sonder opgaaf van redes te laat aanteken dat hy met 'n besluit wat geneem is nie instem of dat hy nie teenwoordig was toe die besluit geneem is nie.

9. REVISIE

9.1 'n Besluit wat in 'n meerdere vergadering geneem is, mag alleen na voorafgaande kennisgewing tydens die vergadering en met toestemming van die vergadering aan die einde van die vergadering in hersiening geneem word indien die insteller oortuigend kan aanvoer dat:

9.1.1 in die bespreking van die saak waarom dit gaan in die vergadering, aan sekere aspekte daarvan glad nie of nie voldoende aandag gegee is nie; of wanneer

9.1.2 daar later inligting na vore gekom het wat hersiening van die besluit noodsaaklik maak.

9.2 'n Besluit van die kerkraad mag met 'n gewone meerderheidstem aan die einde van die vergadering of tydens 'n latere vergadering (met vooraf kennisgewing) in hersiening geneem word.

9.3 Die prosedure vir revisie is soos volg:

9.3.1 Kennis word volgens 9.1 en 9.2 hierbo gegee dat revisie aangevra sal word.

9.3.2 Wanneer die aansoek vir revisie aan die orde gestel word, moet die lid van die vergadering wat dit aanvra, saaklik aantoon waarom 'n herbespreking van die betrokke besluit nodig is.

9.3.3 Nadat die lid van die vergadering wat revisie aanvra, saaklik die noodsaaklikheid vir die revisie aangetoon het, besluit die vergadering sonder verdere bespreking met opsteek van hande of hy die betrokke saak weer wil bespreek of nie.

9.3.4 As die vergadering besluit dat hy wel die betrokke saak weer oopstel vir bespreking moet die persoon wat revisie vra die vergadering onmiddellik met 'n voorstel dien wat soos gewoonlik sekondeer moet word. Indien die voorstel aanvaar word, vervang dit die vorige besluit van die vergadering.

9.3.5 Verslae van kommissies/taakspanne en beskrywingspunte waar nuwe aanbevelings oor vorige besluite gemaak word, word geag genoegsame skriftelike kennisgewing van hersiening (revisie) te wees.

10. VERKIESING VAN AMPSDRAERS

10.1 Die verkiesing van die voorsitter, ondervoorsitter, skriba ~~en hulpskriba~~ van die sinode, die voorsitter en skriba van die ring, die primarii en sekundi van die Moderamen, die primarii en sekundi van die ringskommissie, die afgevaardigdes na die ring en die sinode, kerkraadslede en ook die beroeping van bedienaars van die Woord moet deur volstrekte meerderheid van stemme

van die aanwesige stemgeregtigdes en per geslote stemming geskied. In die geval van kerkraadslede kan kerkrade egter, indien hulle dit verkies, sonder geslote stemming kerkraadslede kies.

10.2 By die verkiesing/beroeping geld die volgende:

10.2.1 Vir die beroeping van 'n bedienaar van die Woord: (Sien ook Regl 12 van die AS Kerkorde 2023)

10.2.1.1 Die groslys word deur die kerkraad saamgestel volgens 10.3.1 hieronder.

10.2.1.2 'n Lidmaat van die gemeente het die reg om by die skriba van die kerkraad 'n naam in te gee vir plasing op die groslys.

10.2.1.3 Die kerkraad mag van 'n pre-advieskommissie gebruik maak vir die insameling van inligting oor genomineerdes volgens die riglyne van die Algemene Sinode.

10.2.1.4 Beroeping geskied volgens die prosedure ~~in 10.3 hieronder.~~ Soos vervat in reglement 12 van die AS Kerkorde 2023.

10.3 Vir die verkiesing van kerkraadslede:

10.3.1 Die groslys word deur die kerkraad saamgestel met dien verstande dat elke stemgeregtigde nie meer persone per stembriefie mag nomineer as die getal poste waarvoor gestem moet word nie.

10.3.2 Nadat die groslys saamgestel is, word dit aan die hand van die volgende riglyne gesuiwer:

10.3.2.1 Genomineerdes moet godvrugtige, kundige en ongesensureerde lidmate van die Ned. Geref. Kerk wees, en hulle name moet voor bevestiging in die Lidmateregister van die gemeente ingeskryf wees.

10.3.2.2 By die verkiesing van ampsdraers mag daar ~~vooraf~~ hoegenaamd geen ~~afspraak of propaganda~~ vorm van stemwerwery wees nie.

10.3.3 Uit die groslys, nadat dit gesuiwer is, plaas elke stemgeregtigde net soveel name op die stembriefie as die getal persone wat verkies moet word. Alle stemgeregtigdes moet aan die stemming deelneem.

10.3.4 Die persoon wat by hierdie eerste stemming die hoogste getal stemme en daarby die volstrekte meerderheid verkry het, is wettig verkies.

10.3.5 As een of meer van die benodigde getal persone nie 'n volstrekte meerderheid verkry het nie, word daar weer 'n stemming gehou uit die name wat die meeste stemme verkry het en wat gesamentlik 'n volstrekte meerderheid uitmaak. Wie by hierdie stemming 'n volstrekte meerderheid verkry het, is verkies.

10.3.6 As die stemme by die eindstemming staak, moet die lot tussen die twee name beslis.

10.3.7 Die kerkraad mag van 'n pre-advieskommissie gebruik maak vir die insameling van inligting oor genomineerdes.

11. KOMMISSIES/TAAKSPANNE

11.1 Tydelike kommissies/taakspanne, soos deur die Ontwerpspan aangewys, mag voor die aanvang van die meerdere vergaderings met hulle werksaamhede begin.

11.2 Lede van 'n tydelike kommissie/taakspan/bediening word vooraf deur die Ontwerpspan of tydens die vergadering deur die voorsitter benoem. Ingeval die benoeming nie die goedkeuring van die meerderheid van die vergadering wegdra nie, vind die verkiesing deur die vergadering op die voorgeskrewe manier plaas.

11.3 ~~Die samestelling van 'n permanente kommissie/taakspan/bediening met uitsondering van die Moderamen, die Begrotingskommissie en die Ringskommissie word gedoen deur die ring of sinode op aanbeveling van 'n kommissie wat uit die voorsitters van bestaande permanente kommissies/taakspanne/bedieninge saamgestel is. Indien die voorsitter van 'n kommissie/taakspan/bediening verhinder word om die betrokke kommissie/taakspan/bediening op die ring/sinode te verteenwoordig, tree die skriba van die kommissie/taakspan/bediening in sy plek op.~~

11.3 Die samestelling van alle permanente taakspanne/bedieninge/kommissies word tydens die gewone sitting van die sinode gedoen.

Ringe wys ook tydens die gewone sitting van die Sinode hulle Ringskommissie (met sekundi lede) aan wat vir 'n tydperk tot en met die volgende gewone Sinodesitting as Ringskommissie optree (sien ook Reglement 4: Reglement vir Ringe)

In die geval van die sinode vergader die Kommissie vir kommissies onder voorsitterskap van die ondervoorsitter van die sinode. Enige lidmaat mag in kommissies/taakspanne/ bedieninge van die ring of die sinode benoem word.

11.4 Tydelike kommissies/taakspanne/bedieninge maak nie aanbevelings oor die verslae van permanente kommissies/taakspanne/bedieninge nie, tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer die saak deur die vergadering na hulle verwys is.

11.5 'n Tydelike kommissie/taakspan/bediening tree af nadat sy verslag deur die vergadering aangehoor en afgehandel is. 'n Permanente kommissie/ taakspan/ bediening tree af op die volgende byeenkoms van die vergadering wat hom benoem het en nadat sy verslag afgehandel is. In albei gevalle is die lede herkiesbaar.

11.6 'n Persoon wat op 'n kommissie/taakspan/bediening benoem is, kan alleen om gewigtige redes, wat die vergadering moet beoordeel, van sy pligte onthef word. Vakatures in sinodale kommissies/taakspanne/bedieninge wat tussen sinodes ontstaan, word aangevul deur die betrokke sinodale kommissie/ taakspan/bediening of instansie waaruit die verteenwoordiger moet kom.

11.7 Elke sinodale kommissie/taakspan/bediening stel sy eie huishoudelike reglement op in ooreenstemming met die *Kerkorde*, waarin die werkwyse van die kommissie/taakspan/bediening duidelik omlyn word. Huishoudelike reglemente word deur die sinode goedgekeur en is altyd ter

insae by die ~~Direkteur: Bediening vir Ondersteuning~~, PSD: Ondersteuning, NG Kerk Vrystaat Kantore en by die skriba van die bepaalde raad/kommissie/taakspan/bediening.

11.8 Die Sinodale ~~Kommissie vir Vrouelidmate~~ Bediening Vrouelidmate (SBV) het die reg van verteenwoordiging op die ooreenstemmende kommissies van die kerkraad, ring en sinode.

12. NOTULE

12.1 Die skriba is verplig om, onder deurlopende desimaal genumereerde paragrawe met aanduidende opskrifte, aan te teken wat in die vergadering behandel word, die besluite woordeliks oor te neem, die notule vervolgens uit te brei en nadat dit goedgekeur en onderteken is, die opdragte wat daaruit voortvloei, uit te voer en die stukke te onderteken.

12.2.1 In die geval van kerkraadsvergadering is die besluite - hoewel die notule eers op die volgende vergadering goedgekeur en onderteken word - dadelik van krag en mag die besluite onmiddellik uitgevoer word.

12.2.2 Besluite van die ring is ook dadelik van krag en die besluite mag onmiddellik uitgevoer word.

12.2.3 Die besluite van die Sinode van die Vrystaat is van krag sodra die notule beskikbaar gestel is.

12.3 Indien die sinode dit nodig ag om vir die skriba tydens die vergadering hulp te verleen, kan hy een of meer persone deur ~~verkiesing~~ aanwysing daartoe aanwys.

12.4 In ’n meerdere kerkvergadering word met die notule gehandel soos besluit deur die vergadering. Die notule van die laaste dag van die sinodesitting word tydens die eerste vergadering van die moderamen goedgekeur. Daarna word die finale notule voorberei vir beskikbaarstelling (12.2.3). Die notule word amptelik op die kerk se webbladsy gepubliseer en die datum van publikasie is die datum van inwerkingtreding van besluite.

12.5 Dit notule van ’n kerkraadsvergadering word op die volgende vergadering goedgekeur en deur die voorsitter en die skriba van die kerkraad onderteken en op elke bladsy geparafeer. Die notule van ’n kerkraadsvergadering kan aan die lede vooraf gestuur word. Sake van vertroulike aard wat persone raak en hulle in die verleentheid kan stel, moet nie in die notulegedeelte wat uitgestuur word, opgeneem word nie, maar moet in ’n vertroulike notule op die kerkraadsvergadering gelees en goedgekeur word.

12.6 'n Verbetering van geringe aard word in dieselfde notule aangebring, maar ’n ingrypende of materiële verbetering word in die notule van die volgende vergadering opgeneem met verwysing na die bladsy waarop die besluit voorkom en met aantekening van die bladsy waarop die verbetering in die jongste notule aangebring is.

13. SLUITING

13.1 Elke vergadering word ten minste met gebed afgesluit deur die voorsitter of iemand deur hom/haar daartoe versoek.

3. REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN

1. NAAM

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat.

2. SAMESTELLING

Die Moderamen word saamgestel uit

2.1 Die lede van die ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur (5); ~~een afgevaardigde uit elke ring en die voorsitters van die vier bedieninge. Die Uitvoerende Amptenare van die vier bedieninge het sitting op die moderamen met adviserende stem.~~ een leraar uit elke ring van die NG Kerk Vrystaat (16); agt kerkraadslede (nie-gelegitimeerdes) soos tydens die sinodesitting aangewys; een verteenwoordiger van die Sinodale Diens Navorsing (SDN); een verteenwoordiger van Vrouebediening; ~~lid~~ die voorsitters van die vyf sinodale bedieninge (Bedieningsbegeleiding, Teologiese Opleiding, Ondersteuning, Diens van Barmhartigheid, Vennote in Getuienis ~~– 5~~); asook die Predikant/Persoon in Sinodale Diens van elk van die vyf bedieningsrade ~~(5)~~.

2.2 Die Moderamen soos saamgestel (gegewe die aantal Ringe) bestaan dus uit 36 verkose lede (aangewys deur die Sinode en die onderskeie bedieninge), en die 5 PSD's, wat met adviserende stem in die Moderamen dien. 'n Kworum van stemgeregtigde lede is 19.

2.3 Die ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur van die Moderamen bestaan uit vyf (5) lede en word soos volg saamgestel:

a) Vier lede van die Moderatuur verkies tydens 'n gewone Sinode, wat dienooreenkomstig hul verkiesing dien as voorsitter (die Moderator van die Sinode), ondervoorsitter (die Assessor van die Sinode) en skriba (ook die skriba van die Sinode) van die ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur én Moderamen; plus een (1) addisionele lid verkies deur die Sinode in sitting uit sy lede;

b) ~~een (1) verteenwoordiger met sekundus van die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK), soos aangewys deur die STK uit sy lede;~~ Die Aktuarius, soos tydens die Sinodesitting op aanbeveling van die Sinodale Diens Regte (SDR, sien Reglement 4).

2.4 Die Moderamen wys tydens sy eerste vergadering drie sekundi uit sy eie geledere aan vir die vier verkose lede van die ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur wat in volgorde van verkiesing tydelik opgeroep word wanneer 'n lid of lede van die ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur vanweë verlof, siekte of enige ander geldige rede nie beskikbaar is wanneer 'n saak hanteer moet word nie, en hierdie sekundi word deur die Moderamen aangevul soos nodig.

2.5 Indien die ~~verteenwoordiger van die STK~~ Aktuarius vanweë verlof, siekte of enige ander geldige rede nie beskikbaar is wanneer 'n saak deur die ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur hanteer moet word nie, word die sekundus soos aangewys deur die ~~STK~~ SDR uit sy lede, tydelik opgeroep.

2.6 Indien die posisie van voorsitter, ondervoorsitter of skriba van die Moderamen vakant raak, wys die Moderamen uit sy lede iemand in die betrokke posisie aan by wyse van 'n stemproses tydens 'n amptelike in persoon vergadering van die Moderamen. Indien die nuutverkose ampsdraer een van die verteenwoordigers van 'n Bediening~~,~~ ~~Taakspan~~ of Diensgroep ~~of Ring~~ is, besluit die Moderamen in oorleg met daardie betrokke Bediening/ ~~Taakspan~~ Diensgroep ~~/Ring~~ of sy/haar sekundus hom/haar as verteenwoordiger sal vervang.

2.7 Indien die posisie van ~~die STK lid~~ Aktuarius op die Moderamen permanent vakant raak, neem die sekundus wat deur die ~~deur die STK aangewys~~ SDR aangewys is, sy/ haar plek in.

2.8 ~~Die een helfte van die Ringe wys vir die termyn tussen twee gewone vergaderings van die Sinode 'n predikant as afgevaardigde na die Moderamen aan en die ander helfte 'n ouderling/diaken, met sekundi; met die wisseling van termyne wys die Ringe wat predikante afgevaardig het ouderlinge/diakens aan en dié wat ouderlinge/diakens afgevaardig het, predikante.~~ Die Ringsverteenwoordigers in die Moderamen, word tydens die Sinode deur elke ring self aangewys (16), en wel so dat daar 'n primarius en sekunduslid uit elke ring is – verkieslik die voorsitter en/of ondervoorsitter van die Ringskommissie, en verkieslik een 'n leraar en die ander 'n kerkraadslid, en dit vir die duur van die volle ~~Alle Ringe wys twee afgevaardigdes, 'n leraar en 'n kerkraadslid, sowel as sekundii, aan vir die~~ termyn tussen twee gewone vergaderings van die Sinode. ~~om as afgevaardigde in die Moderamen te dien.~~

2.9 Die verkose Ringsverteenwoordigers (16) en kerkraadslede (8) in ~~lede op~~ die Moderamen en hulle sekundi, word aangewys tot en met die volgende gewone vergadering van die Sinode, ongeag of hulle vir die volle duur van die tydperk steeds in ’n besondere amp is of nie. Indien so ’n lid op die Moderamen te sterwe kom, uit daardie Ring verhuis, ‘n beroep na elders aanvaar of emeriteer of amptelik bedank as lid van die Moderamen, word die sekunduslid soos deur die Ring aangewys, opgeroep.

2.10 Wanneer ‘n verteenwoordiger van ‘n Ring nie ‘n Moderamenvergadering kan bywoon vanweë verlof, siekte of enige ander rede nie, word die sekundus tydelik opgeroep; wanneer ‘n permanente vakature ontstaan in die verteenwoordiging van ‘n Ring, neem die sekundus sy/haar plek permanent in; Ringe kan ‘n nuwe verteenwoordiger en/of sekundus tussen twee sinodesittings aanwys wanneer ‘n verteenwoordiger of sekundus nie langer beskikbaar is nie;

2.11 Die verteenwoordiger vir die Sinodale Diens Navorsing (SDN) kan tydens die Sinode aangewys word, op grond van voorstelle deur die huidige Moderamen of die SDN, òf dan by die konstituering van die eerste moderamenvergadering ná die Sinode;

2.12 Die verteenwoordiger vir Vrouebediening kan tydens die Sinode aangewys word, op grond van voorstelle deur die huidige bestuur van Vrouebediening aan die Moderamen en Sinode voorgelê, òf by konstituering van die eerste moderamenvergadering ná afloop van die Sinode;

2.13 Bedieninge en die Sinodale Dienste Navorsing (SDN) en Regte (SDR) ~~en die STK SDR~~ vul vakatures aan wat ontstaan by hulle verteenwoordigers.

2.14 Indien die voorsitter van ‘n Bediening of die ~~verteenwoordiger van die STK~~ Aktuarius nie ’n Moderamenvergadering kan bywoon vanweë verlof, siekte of enige ander rede nie, word die ondervoorsitter van die Bediening of die sekundus van die ~~STK~~ SDR soos verkies of aangewys, tydelik opgeroep.

3. OPDRAG

Die Moderamen

3.1 funksioneer as ’n verkose kommissie van die Sinode, dit is, hy ontvang sy opdragte van en lewer verslag aan die Sinode;

3.2 hanteer namens die Sinode van die NG Kerk Vrystaat aangeleenthede wat verband hou met die belydenisvorming van die kerk, visionering, publieke getuienis, die soeke na 'n herstel van kerklike eenheid, en eksterne kommunikasie (na sowel die kerklike publiek, as in openbare- en sosiale media)~~, belydenisvorming en kerkeenheidsprosesse~~;

3.3.1 modereer in die interim tussen sinodesittings, op 'n verteenwoordigende, geloofsonderskeidende en deursigtige wyse en in oorleg met al die ander sinodale bedieninge, die vordering met die uitvoering van besluite wat deur die Sinode geneem is ten opsigte van die welsyn en breë roeping van die kerkverband in geheel;

3.3.2 bied 'n verteenwoordigende ruimte vir verdere oorlegpleging tussen gemeentes, ringe, sinodale dienste en bedieninge soos wat in die verloop van 'n termyn rakende sinodale besluite en opdragte nodig mag wees; en

3.3.3 bied ondersteuning aan sinodale bedieninge soos wat van tyd tot tyd op hul versoek, vereis mag word in die uitvoering van hul verantwoordelikhede;

3.3.4 vir hierdie doel verteenwoordig die skriba die Moderamen in die Raad vir Ondersteuning; die ondervoorsitter die Moderamen in twee van die ander bedieningsrade; en die addisionele lid, die Moderamen in die ander twee bedieningsrade;

3.4 hanteer alle spoedeisende sake wat op die terrein van die Sinode lê en nie by ander kommissies/bedieninge/taakspanne van die Sinode tuishoort nie, met verslag aan die Sinode;

3.5 bemiddel spoedeisende sake wat op die terrein van die Sinode lê en wat wel by kommissies/bedieninge/sinodale dienste ~~taakspanne~~ tuishoort, maar waar daar meningsverskil ontstaan en die kommissies met mekaar in botsing kom en nie self die saak kan oplos nie;

3.6 beskik oor ~~twee permanente taakspanne~~ twee permanente dienste, naamlik die Sinodale ~~Taakspan~~ ~~Kerkorde~~ Diens Regte (SDR) ~~en die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake~~ en die Sinodale Diens Navorsing (SDN), wat naas hulle deurlopende opdragte deur die Sinode gegee, ook die Moderamen in sy besluitneming en ander sinodale bedieninge in hul werksaamhede, bystaan met advies;

3.7 bepaal deur geloofsonderskeiding wanneer gebeure of omstandighede in die lewe van die NG Kerk Vrystaat, haar gemeentes of die provinsie Vrystaat dit sou noodsaak dat daar ’n sinodale bid- en/of dankdag ~~skryf dank-~~ uitgeroep moet word; ~~na die eis van omstandighede uit~~;

3.8 wys verteenwoordigers aan om amptelik by bepaalde geleenthede namens die NG Kerk Vrystaat op te tree;

3.9 hanteer ekumeniese sake namens die NG Kerk Vrystaat, en wat nie reeds volgens die bestaande ordening van ekumeniese verhoudinge, aan ’n ander kommissie van die sinode toegewys is nie;

3.10 hanteer appèlle soos omskryf in die *Kerkorde* (Die AS *Kerkorde* ~~*2013,*~~ 2023, Artikel 23 en die *Reglement vir Appèl of Beswaar*);

3.11 word deur die Sinodale Diens Regte (SDR) ingelig oor regshandelinge waarby die NG Kerk Vrystaat geïmpliseer word of moet handel, neem indien nodig daaroor toepaslike resolusies, en bemagtig daarmee die aktuarius om in sulke aangeleenthede ex officio namens die NG Kerk Vrystaat op te tree;

3.12 roep volgens die bepalinge in die Kerkorde en die Reglement van Orde, op die aangewese tyd ná vier jaar, ’n gewone Sinode vir die NG Kerk Vrystaat byeen, en neem leiding in die voorbereiding van die agenda vir so ’n sinodesitting, deur

3.13.1 ’n Ontwerpspan vir die Sinode aan te wys wat:

3.13.2 bestaan uit ’n verteenwoordigende aantal kundige lede uit die geledere van die Moderamen self, die sinodale kerkkantoor, sinodale bedieninge en ook uit enkele ander lede uit die kerkverband ter wille van ‘n gesonde diversiteit van stemme;

3.13.3 wat in samewerking met die skriba van die Moderamen as taakspan van die Moderamen werk;

3.13.4 wat die tema en geskikte ~~onderwerp en sorg vir die aanwysing van ’n~~ spreker/prediker vir die openingserediens van die Sinode bepaal, sowel as vir ’n pastorale gesprek en/of ander spiritualiteitsgeleenthede ~~Broederlike Onderhoud~~ tydens die sinode;

3.13.5 en wat toesien dat alle sake wat deur die sinode behartig moet word in die Agenda vervat is en toesien dat dit ~~gedruk, gebind en~~ betyds aan die afgevaardigdes besorg word;

3.14 roep 'n buitengewone sinode byeen na aanleiding van besluit 34.2 by Artikel 34 van die *Kerkorde*, en handel in die voorbereiding daarvoor, in ooreenstemming met die prosedures hierbo in 3.11 beskryf, met dien verstande dat die Dagbestuur (met gekoöpteerde lede) dan as Ontwerpspan handel;

3.15 ontvang en oorweeg, naas die Sinode, beskrywingspunte en ander sake vir behandeling deur die Algemene Sinode (Die *Kerkorde AS 20~~19~~ 2023,* die *Reglement van Orde punt 7.1*);

3.16 maak gebruik van sy ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur om in die interim tussen geskeduleerde vergaderings, die uitvoering van besluite van die Moderamen te ondersteun, asook om spoedeisende sake, wat nie kan oorstaan na 'n gewone of buitengewone vergadering van die Moderamen nie, af te handel met verslag aan die Moderamen, met dien verstande dat die ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur in die geval van kontensieuse en/of sensitiewe sake, die ander lede van die Moderamen sal raadpleeg voordat hulle dit afhandel.

4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die Moderamen konstitueer so spoedig moontlik na die aanwysing van alle verkose verteenwoordigers, verkieslik tydens die Sinode of so spoedig moontlik net daarná; ~~aanwysing en vergader soos nodig~~.

4.2 Die Moderamen vergader ten minste drie (3) keer per jaar, waarvan ten minste twee (2) keer in persoon sal wees, en soveel kere as wat nodig mag wees, verder aanlyn;

4.3 Die agenda vir 'n vergadering van die Moderamen, word saamgestel uit sake wat deur die Sinode na die Moderamen verwys is, daarna soos telkens uit die notule van 'n moderamenvergadering mag voortspruit en enige nuwe sake wat uit verskillende vergaderings van bedieninge en Ringe na die Moderamen verwys word; en word hierdie agenda deur die Dagbestuur van die Moderamen voorberei;

4.4 Die Moderamen keur sy eie notules in 'n eersvolgende vergadering goed;

4.5 Die Dagbestuur van die Moderamen vergader soos nodig met verslag (volledige notules) aan die Moderamen;

4.6 Die Dagbestuur keur sy eie notules so gou moontlik elektronies goed en sirkuleer dit dadelik onder die ander lede van die Moderamen;

4.7 Die Skriba van die ~~Interimkomitee~~ Dagbestuur stuur enige dokumente wat ontvang word dadelik deur na die bediening waar dit vir hantering tuishoort.

~~***Besluite van die Vrystaatse Sinode 2017 by die Reglement vir die Moderamen:***~~

~~*1. Die Sinode besluit om in die lig van sy besluite dat die Ringe om die beurt 'n predikant of ouderling/diaken verteenwoordiger op die Moderamen aanwys en lede nomineer vir die Sinode se afvaardiging na die Algemene Sinode, dat*~~

~~*1.1 die Ringe van Bethlehem, Bloemfontein-Noord, Bloemheuwel, Bultfontein, Fauresmith, Goudveld, Harrismith en Hospitaalpark hierdie rondte elkeen 'n predikant aanwys vir verteenwoordiging op die Moderamen en drie ouderlinge/diakens nomineer vir die afvaardiging na die Algemene Sinode;*~~

~~*1.2 die Ringe Heilbron, Sentraal, Smithfield, Vaalrivier, Valsrivier, Waterbron en Welkom, hierdie rondte elkeen een ouderling/diaken aanwys vir verteenwoordiging op die Moderamen en drie predikante nomineer vir afvaardiging na die Algemene Sinode; en*~~

~~*1.3 die groepe Ringe vir 'n volgende rondte omruil en dat die patroon dan voortgesit word.*~~

Nuwe besluit, geneem tydens die VS Sinode sitting 2026.

Die totaal afgevaardigdes wat na die Algemene Sinode gestuur kan word, is minstens 'n totaal van 37 persone.

Na aanleiding hiervan word die afvaardiging vir die Algemene Sinode soos volg uiteengesit:

1. Die 5 lede van die Dagbestuur van die Moderamen

2. Twee lede uit elke ring. Elke ring vaardig vier lede af: twee primarii lede en twee sekundi wat bestaan uit twee leraars en twee kerkraadslede.

3. Indien daar nog persone afgevaardig kan word, wys die Moderamen die lede uit leraars en kerkraadslede aan.

REGLEMENT 4

REGLEMENT VIR DIE RING

Hierdie reglement is aanvullend tot *Kerkorde Artikel 29-31*, met die spesifieke doel om die kerkordelike artikels in die ringe van die NG Kerk in die Vrystaat toe te pas.

1. DIE RING

Die ring is ’n uitdrukking van die kerkverband wat gemeentes onderling groepeer met die oog op onderlinge samewerking en ondersteuning, asook behoorlike kerklike dissipline.

2. SAMESTELLING VAN DIE RING

2.1 Die ring word saamgestel uit gemeentes wat hoofsaaklik geografies gegroepeer is. Die Teologies kategoriale Ring word kategoriaal saamgestel nadat gemeentes wat daarby wil inskakel deur die moderamen goedgekeur is[1]. Die groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode/moderamen gedoen.

3. WERKSAAMHEDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE RING (Sien ook *Artikel 31* van die *Kerkorde.)*

Die ring is verantwoordelik vir:

3.1 Amptelike ringsbesoek (visitasie)

3.1.1 Die ring verseker dat daar minstens twee keer in die termyn tussen gewone sinodesittings ’n amptelike ringsbesoek (visitasie) aan elke gemeente gebring word

3.1.2 Die Ring besluit self deur wie van die Ring en hoe hierdie besoeke gedoen moet word.

3.2 Pastorale Ondersteuning

Tot die pastorale taak van die ring behoort:

---

[1] **Die proses van inskakeling by die teologies-kategoriale ring soos goedgekeur deur die Moderamen op 10 Maart 2025**
1. dat gemeentes wat by so ’n teologies-kategoriale ring (wil) inskakel en die ring self, hulself teologies sal identifiseer of definieer, ten einde duidelik te stel waarom en hoe hulle van ander geografies-saamgestelde ringe onderskei wil word;
2. dat die inskakeling van ’n gemeente by so ’n nuwe teologies-kategoriale ring, volledig is (dus kan ’n gemeente nie tegelykertyd met amptelike verteenwoordiging aan twee ringe behoort nie) en dat die gemeente dus in hul nuwe ring in die amptelike werksaamhede van ’n ring soos in Artikel 31 beskryf (31.1, 2, 3, 5, 8, 9, 10 en 11) deel, maar dat sake van ’n meer “gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede” (31.4, 6 en 7) nog in oorleg met die oorspronklike geografiese ring bespreek en onderneem/voortgesit kan word;
3. dat dieselfde riglyne wat geld vir die hantering van ’n gemeente wat by ’n ander sinode as hul eie wil inskakel (Kerkorde Artikel 32 ens.), ook in die geval van gemeentes wat by so ’n teologies-kategoriale ring wil inskakel, gevolg sal word, naamlik:
3.1 dat die kerkraad van daardie gemeente hul standpunt beredeneer en dit met die gemeente bespreek (’n afkondiging vooraf, uitnodiging na ’n inligtingsgeleentheid, hantering van vrae of terugvoer uit die gemeente), sodat daar verkieslik geen besware daarteen en/of volledige instemming met die voorstel en die implikasies daarvan, by die gemeente sal wees;
3.2 dat hierdie bespreking van die kwessie met die gemeente, die kerkraad sal lei in hul besluitneming hieroor, wat a) met ’n gewone volstrekte meerderheid van stemme in ’n kerkraadsvergadering geneem word, en b) vir approbasie weer aan die gemeente deurgegee word;
3.3 dat die kerkraad daarna ’n skrywe aan hul huidige ring rig om dié in te lig oor hul versoek, die motivering daarvoor en hul voorneme om alle praktiese implikasies hiervan, met die ring uit te klaar;
3.4 dat die kerkraad dieselfde skrywe aan die nuwe teologies-kategoriale ring deurstuur, sowel as na die moderamen vir kennisname van die versoek en die proses;
3.5 dat die kerkraad en die huidige ring of sy gevolmagtigde mekaar ontmoet om die besluit van die kerkraad te bespreek, hul motivering aan te hoor en om oor praktiese kwessies soos gesamentlike projekte, ringsfondse en samewerking in plaaslike verband uitklaring te kry (sien Art. 31.4, 6 en 7);
3.6 dat na afloop van sodanige ontmoeting tussen die kerkraad en hul huidige ring, en indien instemming oor alle aspekte verkry is, die ringskommissie dan ’n skrywe aan die moderamen rig waarin kennisgegee word dat aan alle vereistes voldoen is en die ring instem dat die betrokke gemeente oorgaan na die teologies-kategoriale ring;
3.7 dat die ringskommissie van die huidige ring, ’n soortgelyke skrywe aan die teologies-kategoriale ring rig met die mededeling dat die betrokke gemeente se aansoek deur die ring goedgekeur is, en ’n versoek dat die teologies-kategoriale ring die gemeente onder hul sorg sal neem;
3.8 dat die moderamen by ’n eersvolgende vergadering ná die aansoek ontvang is en alle prosesse afgehandel, die gemeente se oorgang na ’n nuwe teologies-kategoriale ring goedkeur, en daarvan in die kerkverband kennis gee; en
3.9 dat eers hierná, die gemeente volledig deel is van die nuwe teologies-kategoriale ring.

3.2.1 Geestelike en materiële ondersteuning aan elke gemeente.

3.2.2 Advies en hulp om elke gemeente in staat te stel om sy roeping uit te leef.

3.3 Toerusting

Tot die toerustingstaak van die ring behoort:

3.3.1 Die ontwikkeling van ’n gesamentlike missionale roeping vir die ringsgebied.

3.3.2 Die ondersteuning aan gemeentes met die aktiewe uitleef van hierdie roeping.

3.4 Begeleiding

Tot die begeleidingstaak van die ring behoort die ontwikkeling en begeleiding van ampsdraers met die oog op diensbaarheid, leierskap en verantwoordbaarheid.

3.5 Opsig en tug

Opsig en tug deur die ring behels die volgende:

3.5.1 Om toe te sien dat alles in die ringsgemeentes volgens kerklike reëlings geskied (*Kerkorde Artikel 31*).

3.5.2 Die opsig, tug en dissipline oor alle ouderlinge, diakens, en alle gelegitimeerdes (dit word onder andere gedoen volgens *Kerkorde artikel 31.7*; *Reglement 21 en 22*, asook punt 6 van hierdie reglement).

3.5.3 Die bevoegdheid om ’n saak wat ’n mindere vergadering moes afhandel, onder die volgende omstandighede te hanteer:

3.5.3.1 Waar ’n mindere vergadering nie bestaan nie.

3.5.3.2 In geval van onvermoë of wanbestuur by die mindere vergadering. (*Kerkorde artikel 22.2*; 22.3)

3.6 Vakature vir predikant in ’n ringsgemeente

(Kerkorde artikel 31.3, asook Reglement 12 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante)

Die ring/ringskommissie het ’n verantwoordelikheid om in same-werking met ’n kerkraad toe te sien dat ’n vakature so spoedig moontlik gevul word *(Kerkorde Artikel 7; Reglement 13 vir Voltydse Predikantsposte)*

3.7 Beroeping en bevestiging van ’n predikant

Aan die einde van Reglement 12 is ’n kontrolelys aangebring wat die stappe in die beroepingsproses van predikante vervat.

(Kerkorde artikel 31.2)

3.7.1 By die beroeping en bevestiging van ’n predikant, sien die ring toe dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen word (*Kerkorde Artikel 7 en 8*, *Reglement 11 vir Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti*, *asook Reglement 12 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*).

3.7.2 Verantwoordelikhede van die ring tydens die beroepingsproses van 'n predikant.

<u>Konsulent</u>

3.7.2.1 Die konsulent het die volgende verantwoordelikhede in die beroepingsproses van ’n predikant na 'n ringsgemeente:

3.7.2.1.1 Adviseer en ondersteun die kerkraad om toestemming van die ring te verkry dat voortgegaan kan word met die beroepingsproses. *(Die ring verleen toestemming dat ’n beroep uitgebring mag word nadat hy oortuig is van die finansiële volhoubaarheid van die pos.)*

3.7.2.1.2 ’n Verteenwoordiger van die ring (verkieslik die konsulent) woon die beroepingsvergadering by.

3.7.2.1.3 ’n Verteenwoordiger van die ring (verkieslik die konsulent), adviseer die kerkraad in die opstel van die beroepsbrief.

3.7.2.2 Ringskriba

Aan die einde van hierdie reglement is 'n samevatting aangebring wat die ringskriba se pligte in die beroepingsproses opsom.

3.7.2.2.1 Wanneer 'n beroep uitgebring is, moet die ringskriba die ondergenoemde dokumente wat deur die beroepende kerkraad aan hom/haar voorgelê word, kontroleer en dan skriftelik bevestig dat daar aan al die kerkordelike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is.

Hierdie dokumente (kerklike vereiste) behels die volgende:

i. 'n Skriftelike bevestiging van die Algemene Taakspan Predikantesake dat die beroepene beroepbaar is.

ii. Skriftelike bevestiging van die beroepene se huidige gemeente dat die persoon lidmaat is;

iii. 'n Skriftelike bevestiging van die ring onder wie se opsig die beroepene tans staan, dat daar geen tug en/of dissiplinêre ondersoek teen die persoon hangende is nie en dat die persoon beroepbaar is.

iv. 'n Skriftelike bevestiging van die konsulent of ander verteenwoordiger van die ring (wat die beroepingsvergadering bygewoon het) dat die korrekte kerkordelike prosedures gevolg is met die uitbring van die beroep.

v. 'n Skriftelike bevestiging deur die beroepende kerkraad dat approbasie verleen is, dit wil sê dat daar geen wettige beswaar teen die beroep ontvang is nie.

vi. Die voltooide beroepsbrief wat behoorlik onderteken is deur die gevolmagtigdes van die kerkraad.

3.7.3.3 Voordat die bevestiging van die beroepene plaasvind, moet die ringskriba die volgende ontvang, kontroleer en die RK moet dit goedkeur.

3.7.3.3.1 'n Afskrif van getekende dienskontrak, wat ook deur die RK goedgekeur is.

3.7.3.3.2 'n Afskrif van die beroepene se *Akte van Demissie* of *Akte van Legitimasie* en attestaat in geval van 'n proponent.

3.7.3.3.3 'n Afskrif van die beroepene se attestaat.

3.7.3.3.4 'n Skriftelike bevestiging van die pensioenkantoor dat die beroepene se pensioen in orde is.

3.7.3.4 Hierna bevestig die ring/ringskriba skriftelik dat aan al die kerkordelike vereistes voldoen is en dat daar met die bevestiging van die predikant voortgegaan kan word.

3.7.3.5 Die ringskriba stel die ringspredikante in kennis van die bevestigingsgeleentheid en nooi hulle daarheen.

3.7.3.6 Die ringskriba kontroleer dat die skriba van die kerkraad die ABR en die Kerkbode in kennis gestel het van die bevestigingsdatum en van die naam van die predikant wat die bevestiging behartig het.

3.8 Uitdienstreding van 'n predikant

(Kerkorde Artikel 11, 12 en 31 asook Reglement 11 vir Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti)

3.8.1 By uitdienstreding sien die ringskommissie toe dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (*Kerkorde Artikel 11 en 12*).

3.8.2 Die ringskommissie sien toe dat kerkrade die reëling nakom dat predikante met die bereiking van die amptelike aftree-ouderdom (65) emeriteer.

'n Bedienaar van die Woord wat die ouderdom van 65 jaar bereik, mag vir hoogstens 6 maande na die bereiking van sy 65ste verjaarsdag op versoek van die betrokke kerkvergadering/ kommissie in sy diens aanbly. (Vergelyk die besluit Algemene Sinode 1986, Acta p 712)

3.9 Herstel van bevoegdheid van 'n predikant of proponent

(Kerkorde Artikel 12 asook Reglement 11 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti)

Die ring se rol in die hantering van 'n aansoek om herstel van bevoegdheid van predikante en proponente word uiteengesit in

Reglement 11 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti.

3.10 Nuwe geloofsgemeenskapsontwikkeling, samesmelting van gemeentes, stigting van nuwe gemeentes, verandering van gemeentegrense, asook naamsverandering van gemeentes

(Kerkorde artikel 31.4)

3.10.1 Die ontwikkeling van ’n nuwe gemeente in die ringsgebied word deur die ring begelei. Die stigting van ’n nuwe gemeente in die ringsgebied kan ook deur die ring geïnisieer word.

3.10.2 Die ring het ’n verantwoordelikheid ten opsigte van die stigting, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes in die ring. (*Reglement 27 vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes*)

3.10.3 Die verandering van grenslyne van bestaande gemeentes is die verantwoordelikheid van die ring. Kostes hieraan verbonde word deur die betrokke gemeentes gedra.

3.10.4 Die naamsverandering van ’n bestaande gemeente geskied met goedkeuring van die ring, waarna dit deur die moderamen goedgekeur moet word en in die Kerkbode bekend gemaak word. Alle koste in dié verband is vir die rekening van die betrokke gemeente.

3.10.5 By ’n naamsverandering moet *Reglement 24 vir Kerklike Goedere,* punt 4 steeds nagekom word. ’n Gemeente mag ’n noemnaam hê, maar die amptelike naam (by die Suid Afrikaanse Inkomstediens, finansiële instellings en die akteskantoor) moet aan *Reglement 24 vir Kerklike Goedere,* punt 4 voldoen.

3.10.6 Die Ring sien toe dat by vervreemding van gemeentelike eiendomme, Reglement 24.4.4.3 nagekom word:

Vervreemding van gemeentelike eiendom sal geskied, met approbasie van die gemeente en in oorleg met die ring, wat sal toesien dat dit teen ’n markverwante prys vervreem word en dat die inkomste wat daardeur gegenereer word, steeds aangewend word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldaad) van die gemeente (Artikel 31.2).

3.11 Verskillende kerkverbande – kombinasie van werksaamhede *(Kerkorde artikel 31.4)*

Die rol van die ring in die kombinasie van werksaamhede van gemeentes en ringe uit verskillende kerkverbande, word volledig uiteengesit in *Reglement 27 vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes.*

3.12 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake

(Kerkorde artikel 31.7, Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë, asook Reglement 22 vir Tug en Vermaning.)

3.12.1 Kerklike geskille, dissiplinêre en tugsake word deur die ring volgens kerkordelike riglyne hanteer (*Kerkorde Artikel 59-66, Reglement 22 vir Tug en Vermaning, asook Riglyne vir die beslegting van geskille)*

3.12.2 Kerklike geskille, dissiplinêre en tugsake word deur die ringstugliggaam as gevolmagtigde ondersoekliggaam van die ring volgens kerkordelike riglyne hanteer (sien punt 6 van hierdie reglement).

3.12.3 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake kan ook deur die ring/ringskommissie, in oorleg met die aktuarius, verwys word na ’n ander ring vir hantering.

3.13 Kerklike appèlle *(Kerkorde artikel 23.1 en 31.5, Reglement 23)*

Die ringstugliggaam tree as gevolmagtigde appèlliggaam van die ring op om appèlle volgens kerkordelike riglyne te hanteer (sien punt 7.1 en 7.2 van hierdie reglement).

3.14 Beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade

(Kerkorde artikel 16.1.8, 31.9, 48.3.5, Riglyn 4)

3.14.1 Die ring kan, op versoek van kerkrade, beperkte bevoegdheid toeken, bv. aan ouderlinge vir die lei van eredienste. (Sien die riglyne hieronder soos deur Algemene Sinode 2015 goedgekeur.)

3.14.2 <u>Riglyne vir die lei van eredienste deur ouderlinge</u>

(Vergelyk *artikel 48.3.5 en Artikel 4, 10 en 16.1.8, Riglyn 4*)

3.14.2.1 Indien die ring die behoefte, om op grond van plaaslike omstandighede aan ’n ouderling(e) preekvergunning te gee met die oog op die leiding van openbare eredienste, goedkeur, nomineer kerkrade dienende ouderling(e) wat oor die gawes beskik om ’n openbare erediens te lei en sien die ring toe dat hulle die opleidingsprogram van die sinode suksesvol voltooi.

3.14.2.2 Ná goedkeuring deur die ring of sy gevolmagtigde, skryf die kerkraad die ouderling in vir opleiding en toerusting van die goedgekeurde opleidingsprogram. Die kerkraad/ring behoort in te staan vir die aansoeker se opleidingskoste.

3.14.2.3 Ná die suksesvolle voltooiing van die opleiding word die ouderling se taakomskrywing uitgebrei om die lei van openbare eredienste in die ringsgebied ooreenkomstig *Kerkorde artikel 16.1.8* in te sluit.

3.14.2.4 Die ring/ringskommissie wys ’n predikant uit eie geledere aan om deurlopend aan sodanige ouderling(e) begeleiding te gee. Die begeleier doen jaarliks skriftelik verslag aan die ring ten opsigte van die geskiktheid van die ouderling.

3.14.2.5 Die ouderling word aangewend soos en waar die bedieningsnood deur die ring geïdentifiseer is. By elke erediens wat die ouderling lei, tree hy/sy op onder die toesig van die betrokke kerkraad.

3.14.2.6 ’n Ouderling behou die preekvergunning vir solank hy/sy in die amp staan en op voorwaarde dat die ring dit jaarliks goedkeur.

3.14.2.7 Daar word van ouderlinge met preekvergunning verwag om voortgesette opleidingsprogramme by te woon.

4. VERGADERING VAN DIE RING (RINGSITTING)

Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die sinode bepaal. 'n Buitengewone vergadering van die ring kan deur die voorsitter van die ringskommissie belê word in opdrag van die ringskommissie of op skriftelike versoek van minstens twee kerkrade binne ringsverband, met opgaaf van redes.

Oor die samestelling, konstituering en ordereëlings van die ringsvergadering, besluit die Ring self (sien besluite by Artikel 29)

4.1 Samestelling van die ringsvergadering

4.1.1 Die ringsvergadering word saamgestel uit afgevaardigdes van die ringsgemeentes.

4.1.2 Die samestelling van die afvaardiging geskied soos volg:

4.1.2.1 Al die predikante van ’n gemeente. Waar ’n predikantspos vakant is, kan ’n ouderling of diaken vir die pos afgevaardig word.

4.1.2.2 Een ouderling of diaken vir elke bestaande predikantspos. ’n Afgevaardigde of sekundus kan uit alle ouderlinge en diakens in die gemeente gekies word.

4.1.3 Vir elke afgevaardigde (predikant sowel as kerkraadslid) word ’n ouderling of diaken as sekundus aangewys.

4.1.4 Die primarius en die sekundus kerkraadslid kan mekaar tydens die ringsitting vervang, behalwe wanneer ’n amptelike ondersoek aan die gang is. Waar vervanging plaasvind, moet die afvaardigende kerkraad self vir die addisionele koste instaan.

4.2 Geloofsbriewe vir ringsvergadering

4.2.1 Kerkrade voorsien die ringsvergadering by alle gewone vergaderings van die geloofsbriewe van die afvaardiging met hul sekundi.

4.2.2 Geloofsbriewe van afgevaardigdes moet voor die aanvang van die vergadering by die skriba van die ringskommissie ingelewer word.

4.2.3 Met ringsittings tydens die sinodesitting is dieselfde geloofsbrief wat vir sinode gebruik word ook vir die ringsitting geldig (sien 4.5 van hierdie reglement).

4.3 Konstituering van die ringsvergadering

4.3.1 Om te konstitueer moet meer as die helfte van die vereiste aantal afgevaardigdes (sien punt 4.1 van hierdie reglement) teenwoordig wees.

4.4 Die werksaamhede van die jaarlikse ringsvergadering

4.4.1 Elke ringsvergadering kies ’n voorsitter wat, vir die duur van die vergadering, saam met die skriba leiding van die vergadering neem.

4.4.2 Ringsvergaderings se werksaamhede is die volgende:

4.4.2.1 Soek na die wil van die Here m.b.t. roeping en gesamentlike werksaamhede van die ring.

4.4.2.2 Neem verslae oor die werksaamhede van gemeentes wat tydens ringsvisitasie besoek is, in behandeling.

4.4.2.3 Neem sake wat van belang is vir die ringsgemeentes in behandeling.

4.5 Konstituering van ringsvergadering tydens ’n sinodesitting

4.5.1 Afgevaardigdes na die sinode dien as personeel van die rings-vergadering wat tydens die sinode konstitueer om sake af te handel.

4.5.2 Indien ’n nuwe ring deur die sinode saamgestel word, konstitueer hierdie ring met die afgevaardigdes van die betrokke gemeentes tydens die sinode.

5. RINGSKOMMISSIE

Die ringskommissie word op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen sinodes verkies en neem leiding om toe te sien dat die onderskeie take en verantwoordelikhede van die ring (punt 3 van hierdie reglement) na behore nagekom word.

5.1 Samestelling

5.1.1 Die ringskommissie bestaan uit ten minste **drie** permanente lede.

Die ringskommissie word soos volg saamgestel:

5.1.1.1 ’n Voorsitter (’n gemeentepredikant) wat ook namens die ring op die moderamen vir die termyn tussen sinodes dien.

5.1.1.2 ’n Ondervoorsitter (’n gemeentepredikant/emeritus) wat ook as sekundus optree vir die voorsitter van die ringskommissie op die moderamen vir die termyn tussen sinodes.

5.1.1.3 ’n Skriba wat as skriba van die ring, sowel as skriba van die rings-kommissie dien, vir die termyn tussen sinodes.

5.1.1.4 Bykomend kan addisionele lede ook op die Ringskommissie dien en kan hulle leraars of kerkraadslede wees.

5.1.2 ’n Sekunduslid vir elke lid van die ringskommissie word op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen die sinodes verkies.

5.1.3 Die ringskommissie kan in geval van vakatures, sekundi in volgorde oproep.

5.1.4 Die ringskommissie word per geslote stemwyse verkies.

5.1.5 Lede van die ringskommissie verdien jaarliks 20 VBO-punte.

5.2 Ringskommissie - pligte en verantwoordelikhede

Die ringskommissie

5.2.1 verskaf kontinuïteit aan die werksaamhede van die ring wanneer die ring nie in sitting is nie en vergader so dikwels as wat nodig mag wees;

5.2.2 gee uitvoering aan alle opdragte, take en funksies soos deur die *Kerkorde* en reglemente voorgeskryf en soos dit tydens die Ringsitting deur die Ring aan die Ringskommissie opgedra is.

5.2.3 neem alle spoedeisende sake in behandeling;

5.2.4 sien toe dat kerklike geskille, opsig en tug volgens kerkordelike riglyne hanteer word;

5.2.5 dra sorg dat die werksaamhede en verantwoordelikhede van die ring (sien punt 3 van hierdie reglement) uitgevoer word;

5.2.6 sien toe dat daar namens die ring, minstens twee keer (verkieslik jaarliks) in die termyn tussen sinodes, ’n amptelike ringsbesoek (ringsvisitasie) aan elke ringsgemeente gebring word (sien 3.1 van hierdie reglement);

5.2.7. hou noukeurig notule van die vergaderings en lewer tydens ’n ringsvergadering verslag van alle werksaamhede;

5.2.8 het die bevoegdheid en verantwoordelikheid om ringsvergaderings byeen te roep;

5.2.9 stel die agenda van ’n ringsvergadering saam en tref alle reëlings met die oog op die vergadering; en

5.2.10 sien toe dat die notules van die ringsvergadering deur die voorsitter van die ringskommissie en skriba onderteken word nadat die ring of die ringskommissie dit goedgekeur het.

5.2.11 kontroleer jaarliks die VBO punte van leraars en sien toe dat leraars (en diensleraars en bedienaars) hulle punte op datum hou.

5.3 Voorsitter van die ringskommissie - pligte en verantwoordelik-hede

Die voorsitter van die ring/ringskommissie

5.3.1 neem verantwoordelikheid vir alle take wat normaalweg aan ’n voorsitter toegedeel word;

5.3.2 neem leiding en verantwoordelikheid om toe te sien dat die werksaamhede en verantwoordelikhede van die ring (sien punt 3 van hierdie reglement) na behore nagekom word; en

5.3.3 verteenwoordig die ring op die moderamen.

5.4 Skriba van die ring - pligte en verantwoordelikhede

Aan die einde van hierdie reglement is ’n samevatting aangebring wat al die pligte en verantwoordelikhede van die ringskriba vervat.

Die skriba van die ring/ringskommissie is verantwoordelik vir

5.4.1 die getroue nakoming van wat in die *Kerkorde Artikel 7, 8 en 25* aan hom/haar opgedra word;

5.4.2 die hou en bewaring van notules van die vergaderinge van die ring en die ringskommissie;

5.4.3 die voorsiening van die ringstatistieke aan Jaarboek van die NG Kerk;

5.4.4 die opstel van ’n besluiteregister van elke ringsvergadering en die spoedige stuur daarvan aan alle betrokke kerkrade en taakspanne;

5.4.5 die stuur van die volledige ringsagenda met bylaes asook die notules van die rings- en ringskommissievergaderings, binne een maand na afloop van die ringsitting, aan die kerkargief;

5.4.6 die opstel en instuur van die beskrywingspunte van die ring aan die skriba van die sinode;

5.4.7 die administrasie van alle fondse van die ring en die voorlegging van ’n gekontroleerde staat van die ringsfonds by elke gewone vergadering van die ring (die ringskommissie kontroleer die staat); en

5.4.8 die indiening van ’n skriftelike verslag van alle werksaamhede by elke gewone vergadering van die ring.

6. RINGSTUGLIGGAAM

6.1 In geval van die hantering van amptelike tugsake, hanteer die ringsvergadering dit nie self nie, maar maak die ring van ’n gevolmagtigde ringstugliggaam gebruik met afhandelings-bevoegdheid. Die Ring wys tydens sy normale sitting uit sy geledere 3 lede en 3 sekundi lede wat op die RTL kan dien, Hierdie lede moet beskikbaar en bereid wees om die nodige opleiding te deurloop wat jaarliks deur die Sinode aangebied word.

6.2 Samestelling

6.2.1 Die gevolmagtigde ringstugliggaam (RTL) word dan saamgestel uit lede van die ring, soos in 6.1 beskryf, sowel as lede wat deur die aktuarius/Sinodale Regskommissie aangewys is.

6.2.2 Die ringstugliggaam bestaan uit minstens van vyf lede (*Reglement 22 vir Tug en Vermaning, punt 1.4*), en word soos volg saamgestel:

6.2.2.1 Eerstens: die drie lede van die ring. Indien ’n vakature bestaan of ’n lid nie beskikbaar is nie, word

die vakante plek ingeneem deur ’n sekunduslid.

6.2.2.2 Tweedens: minstens twee kundige lede van die sinode (kerkverband) word deur die aktuarius op die ringstugliggaam benoem.

6.2.2.3 Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ringstugliggaam. Al die lede moet die goedkeuring van die betrokke partye wegdra.

6.2.2.4 Die ringskommissie keur die uitgebreide gevolmagtigde ringstugliggaam goed.

6.3 Pligte en verantwoordelikhede

Die ringstugliggaam

6.3.1 is ’n gevolmagtigde kommissie wat tugsake namens die ring behartig en beskik oor afhandelings-bevoegdheid;

6.3.2 moet die aktuarius van alle tug- en dissiplinêre sake of appèlsake in kennis stel en wel binne een week na die afhandeling daarvan;

6.3.3 doen verslag aan die ring;

6.3.4 het toestemming van die ring/ringskommissie nodig, in samewerking met die Aktuarius van die Sinode indien hulle regsadvies met koste-implikasies wil inwin.

7. RINGSAPPÈLLIGGAAM

[*Reglement 23 vir Hersiening (Revisie), Appèl, Beswaarskrif (Gravamen) en Prosedurele Beswaar*]

7.1 In geval van die hantering van amptelike appèlsake, hanteer die ringsvergadering dit nie self nie, maar maak die ring van ’n gevolmagtigde appèlliggaam met afhandelings-bevoegdheid gebruik.

7.2 Die ringsappèlliggaam hanteer alle appèlle teen kerkrade of hulle gevolmagtigde taakspanne.

7.3 Die ringskommissie tree as gevolmagtigde appèlliggaam op (sien 6.2.2 van hierdie reglement). Indien nodig, kan twee deskundige lede, op aanbeveling van die aktuarius, met volle stemreg deur die ringsappèlliggaam gekoöpteer word.

7.4 Indien die ringsappèlliggaam regsadvies met koste-implikasies wil inwin, is toestemming van die ring of ringskommissie nodig, in samewerking met die Aktuarius van die Sinode.

8. RINGSFONDS

8.1 ’n Ring kan ’n ringsfonds skep deur bydraes van elke ringsgemeente te vorder.

8.2 Die ring begroot tydens die ringsitting vir die onkostes en vorder dit van gemeentes in.

8.3 Die ringsfonds word aangewend vir die koste van administrasie of enige onderneming in ringsbelang.

8.4 Slegs koste wat vooraf deur die ring of ringskommissie vir taakspanne van die ring goedgekeur is, sal betaal word uit die ringsfonds.

8.5 Die skriba van die ring/voorsitter van Finansies van die Ring beheer en administreer die fonds volgens opdrag van en met verslag aan die ringsvergadering.

8.6 Die skriba/voorsitter van Finansies van die ring moet jaarliks ’n finansiële staat van die fonds opstel en dit deur die ringskommissie laat nagaan, met verslag aan die ring.

8.7 Die ring betaal jaarliks na goeddunke aan die kassiere, skriba (en ander persone) ’n realistiese honorarium.

9. KONSULENT

9.1 Die ring benoem vir elke gemeente ’n konsulent (’n ringspredikant) om tydens vakatures of langdurige afwesigheid van predikante toe te sien dat die noodsaaklike ampspligte (sien *Kerkorde Artikel 9*) in oorleg met die kerkraad gedoen word en/of dit self waar te neem.

9.2 Die benoeming van konsulente geskied op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen sinodes. Wanneer die konsulent die ring verlaat, wys die ringskommissie ’n plaasvervanger aan.

9.3 Kerkrade word van die benoeming in kennis gestel.

9.4 Die ampspligte van die konsulent behels

9.4.1 die bywoon van kerkraadsvergaderings (indien so versoek kan hy/sy ook as voorsitter optree) waar die plaaslike leraar afwesig/vakant is;

9.4.2 die verkondiging van die Woord (waar nodig);

9.4.3 die bevestiging van ampsdraers;

9.4.4 die bediening van die sakramente;

9.4.5 die bevestiging van lidmate;

9.4.6 die bywoning of leiding van beroepingsvergaderings; en

9.4.7 ander geleenthede waar ’n predikant se teenwoordigheid noodsaaklik is.

9.5 Die reis- en verblyfkostes van die konsulent word deur die vakante gemeente gedra.

9.6 Die konsulent doen aan die ring verslag van sy/haar werksaamhede in ’n gemeente.

9.7 ’n Predikant mag nie ’n konsulent wees van die gemeente waar hy/sy in diens staan nie.

9.8 Die konsulent het nie stemreg op die kerkraadsvergadering waarvan hy/sy ’n konsulent is nie.

10. VERTEENWOORDIGING OP DIE MODERAMEN

10.1 Die voorsitter van die ringskommissie (en ’n kerkraadslid) wat op die ringsvergadering tydens die sinodesitting aangewys is, dien op die moderamen vir die termyn tussen sinodes.

10.2 Indien so ’n verteenwoordiger op die moderamen nie teenwoordig kan wees nie, word die persoon vervang deur die sekunduslid wat op die ringsvergadering tydens die sinode aangewys is.

11. DIE RING AS REGSPERSOON

11.1 Elke ring is as outonome regspersoon onafhanklik van die gemeentes waaruit die ring saamgestel is.

11.2 Sien *Reglement 24 vir Kerklike Goedere* vir meer besonderhede oor die ring as regspersoon.

- o0o -

’n Samestelling van die pligte en verantwoordelikhede van die ringskriba

Die pligte en verantwoordelikhede van die ringskriba kom in verskeie reglemente voor. Hierdie samestelling is bedoel om vir ringskribas te help om dit met een oogopslag te vind. Die reglement- verwysing word aangedui om meer detail oor die bepaalde aspek na te gaan.

RINGSKOMMISSIE
1. Neem verantwoordelikheid vir die administrasie van die ring en die ringskommissie
2. Behartig reëlings vir vergaderings
3. Sorg vir die opstel van agendas en die hou van notules
4. Sien toe dat notules goedgekeur en onderteken word
RINGSITTING
1. Gee minstens vier weke voor die tyd kennis van gewone ringsitting
2. Sorg vir die logistieke reëlings van die vergadering
3. Tref reëlings vir vooraf ontvangs van geloofsbriewe en kontroleer dit
4. Versamel verslae en voorleggings van diensgroepe en taakspanne
5. Sorg vir opstel van agenda
6. Versprei agenda met bylaes twee weke voor die vergadering aan afgevaardigdes
7. Hou volledige notule en stel besluiteregister op
8. Besorg notules en besluiteregister na twee weke aan afgevaardigdes

9. Besorg agenda, bylaes, notules aan argief binne een maand na vergadering

BEROEPINGSPROSES

1. Sien toe dat alle vereistes vir beroep en bevestiging van predikante nagekom word

2. Sien toe dat 'n ringsverteenwoordiger (konsulent) die beroepingsvergadering bywoon

3. Adviseer die kerkraad oor die opstel van die beroepsbrief

4. Alvorens die beroepsbrief gestuur word moet ringskriba kontroleer en skriftelik bevestig dat aan die volgende kerkordelike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is:

- skriftelike bevestiging van die Algemene Taakspan Predikantesake dat die beroepene na 'n gemeente van die kerk beroepbaar is;
- skriftelike bevestiging van die beroepene se huidige gemeente dat die persoon lidmaat is;
- skriftelike bevestiging van konsulent dat die korrekte kerkordelike prosedures gevolg is met die uitbring van die beroep;
- die voltooide beroepsbrief behoorlik onderteken is deur die gevolmagtigdes van die kerkraad;
- skriftelike bevestiging van die huidige ring onder wie se opsig die beroepene staan, dat daar geen tug en/of dissiplinêre ondersoek teen die beroepene hangende is nie en/of dat die persoon beroepbaar is; en
- bevestiging deur die beroepende vergadering dat geen wettige beswaar teen die beroep uitgebring is nie.

5. Kontroleer die volgende stukke van die kerkraad alvorens skriftelike bevestiging kan geskied dat bevestiging van predikant kan voortgaan:

- 'n afskrif van die getekende dienskontrak;
- 'n afskrif van die beroepene se Akte van Demissie uit die vorige werkkring óf 'n getuigskrif van eervolle ontslag in die geval van diens aan 'n instansie buite die kerkverband óf die Akte van Legitimasie in die geval van 'n proponent wat beroep is;
- 'n afskrif van die beroepene se attestaat van die vorige gemeente wat by die beroepende gemeente ingedien is; en
- 'n skriftelike bevestiging van die pensioenkantoor dat die beroepene se pensioen in orde is.

6. Stel ringspredikante in kennis van bevestigingsgeleentheid en nooi hulle daarheen. Verseker dat minstens een predikant van die ring die bevestiging bywoon

7. Kontroleer dat die gemeente die vereistes van reglement 13.10.8 nagekom het

8. Versoek aktuarius om Akte van Bevestiging uit te reik in geval van proponent

9. Sien toe dat behoorlike induksie van die predikant in die gemeente gedoen word

DEMISSIE

1. Verskaf skriftelike bevestiging dat alle uitstaande verpligtinge teenoor die predikant met betrekking tot vergoeding, verlof en ander diensvoordele nagekom is, alvorens demissie verleen kan word

EMERITAAT

1. Reik 'n ondertekende akte van emeritaat uit wanneer 'n ringspredikant emeriteer

2. Stel die sinodale kantoor, die pensioenkantoor, die Algemene Taakspan Predikantesake én Kerkbode in kennis van die emeritering

GEMEENTES

1. Ondersteun gemeenteskribas t.o.v. navrae en skakeling met sinode

2. Koördineer in oorleg met ringskommissie sinodale werksaamhede in gemeentes

3. Besorg in oorleg met die ringskommissie sinodale kommunikasie aan gemeentes

4. Kontroleer die indiening van statistiek, finansiële state en geloofsbriewe

5. Reël in oorleg met ringskommissie ringsvisitasie

PREDIKANTE

1. Koördineer in oorleg met ringskommissie ringsbyeenkomste vir predikante

2. Koördineer in oorleg met ringskommissie pastorale versorging van ringspredikante

3. Koördineer in oorleg met ringskommissie ringsprojekte en ondersteuning

4. Kontroleer ringspredikante se ABR-fooie en status

5. Stel ringsleraars in kennis van demissie/emeritaat/bevestiging

6. Stel die betrokke sinodale kantoor, die pensioenkantoor, ATP én Kerkbode in kennis van die demissie / emeritering / bedanking

7. Sien riglyne vir demissie / emeritaat / uitdienstreding / herstel van bevoegdheid

ALGEMEEN

1. Bewaring van notules en ander relevante dokument van die ring

2. Verskaf jaarliks ringstatistiek aan Jaarboek

3. Versorg en stuur beskrywingspunte aan die skriba van die sinode

4. Administreer die ringsfonds

5. Behartig kommunikasie met ringsgemeentes en ringspredikante

6. Sirkuleer lys van konsulente aan gemeentes en kanselruilings

7. Doen jaarliks verslag aan die ring oor werksaamhede

5. REGLEMENT VIR DIE SINODALE ~~TAAKSPAN KERKORDE (STK)~~ DIENS REGTE (SDR)

1. NAAM

~~Sinodale Taakspan Kerkorde (STK).~~ Sinodale Diens Regte (SDR)

2. SAMESTELLING

Die ~~Taakspan~~ diensgroep

2.1 word deur die Sinode saamgestel; en

2.2 kan kundige lede koöpteer wanneer nodig.

3. OPDRAG

Die ~~Taakspan~~ Diensgroep

3.1 gee advies aan kerkvergaderings, kerklike kommissies/taakspanne en lidmate in verband met die uitleg en toepassing van die *Kerkorde,* reglemente van die Algemene Sinode en algemene sinodale besluite, asook die *Kerkorde* van die Vrystaat Sinode en sinodale besluite wat direk of na voorlegging van die ~~voorsitter van die STK~~ Aktuarius voor die Taakspan dien (navrae moet ~~behalwe by hoë uitsondering~~ skriftelik gerig word en adviese moet ook sovêr moontlik op skrif gestel word);

3.2 bewaar die korrespondensie en adviese en besorg dit aan die kerkargief;

3.3 maak ’n studie van sake wat deur die Sinode/Moderamen na die ~~Taakspan~~ Diensgroep verwys is en dien die Sinode/Moderamen met ’n verslag en aanbevelings in dié verband;

3.4 sien toe dat alle besluite van die Algemene Sinode en die Vrystaat Sinode wat wysigings aan die *besluite, aantekeninge, reglemente* van die *Kerkorde Vrystaat* meebring, op die juiste plekke ingevoeg, redaksioneel versorg en so spoedig moontlik gepubliseer word;

3.5 bring kerkregtelike ongerymdhede in sinodale verband, wat onder sy aandag kom, onder aandag van die Moderamen/die betrokke kerkvergadering met ’n aanduiding van die moontlike weg tot herstel;

3.6 win, in opdrag van die Sinode of sy gevolmagtigde(s), regsadvies in en indien nodig, verteenwoordig die Aktuarius die Sinode in alle regsaangeleenthede.

3.7 hersien die *Kerkorde* en die reglemente van die Vrystaat Sinode en bedien die sinode met voorstelle;

3.8 doen verslag aan die sinode; en

3.9 nomineer van sy lede (normaalweg die ~~voorsitter~~ Aktuarius as primarius en die ondervoorsitter as sekundus) as verteenwoordigers van die NG Kerk Vrystaat in die Algemene Taakspan Regte (ATR), wat deur die Algemene Sinode/Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) saamgestel word.

~~3.10 nomineer van sy lede (normaalweg die voorsitter as primarius en die ondervoorsitter as sekundus), as verteenwoordigers van die STK in die Moderamen.~~

4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

Die ~~Taakspan~~ Diensgroep

4.1 konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader soos nodig; en

4.2 wys ’n dagbestuur aan, bestaande uit ‘n voorsitter, ’n ondervoorsitter en ’n skriba. Die Dagbestuur vergader wanneer nodig.

6. REGLEMENT VIR DIE ~~SINODALE BESTUURSFORUM (SBF)~~KANTOORHOOFDE

1. NAAM

~~Die Sinodale Bestuursforum (SBF)~~Kantoorhoofde~~.~~

~~**2. SAMESTELLING EN VERGADERINGS**~~

~~**Die Forum**~~

~~**47**~~

~~**2.1 word saamgestel uit die Uitvoerende Amptenaar van elk van die sinodale bedieninge en die skriba van die Moderamen. Die SBF mag sy geledere aanvul op 'n ad hoc-basis na die eis van omstandighede, deur kundiges te koöpteer. Die forum kan ad hoc-taakspanne aanstel soos nodig;**~~

~~**2.2 vergader te minste vier keer per jaar; en**~~

~~**2.3 kies 'n voorsitter en ondervoorsitter wat jaarliks roteer. Die skribaat word deur die Kerkkantoor hanteer.**~~

~~2~~3. ~~WERKSWYSE~~BENADERING

~~2~~3.1 Elke sinodale bediening behou sy selfstandigheid en beheerfunksies, met sy eie

opdrag en verantwoording aan die ~~Sinode~~Raad vir Rentmeesterskap Sinode, soos ~~dit hoort~~ ingebed binne 'n sinodaal-

presbiteriale kerkregering~~, maar funksioneer nie op 'n eiland nie.~~

~~2~~3.2 Die ~~SBF~~Kantoorhoofde funksioneer deur ~~as~~ ~~probeer om~~ die uitvoerende bestuursfunksies ~~(uitvoerende funksies)~~ binne die

sinodale werksaamheid met die doel om te koördineer, koste-effektiwiteit te bevorder, die

uitvoering van sinodale werksaamhede te belyn en samewerking te bevorder.

~~Ten einde dit te bereik word die sinodale bedieninge en die Moderamen~~

~~dienooreenkomstig geadviseer.~~

3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE

3.1~~3.3~~ Sinodale bedieninge plaas ~~moet enige~~ werksaamhede wat ander bedieninge wesentlik

beïnvloed of raak by die ~~SBF~~ Kantoorhoofde op die sakelys ~~plaas~~ vir bespreking en koördinering.

~~3.4~~3.2 ~~SBF~~ Kantoorhoofde het die spesifieke opdrag om konsensus te probeer verkry oor die toedeling van die sinodale begroting en dit in die vorm van ’n beleidsdokument aan ~~REO~~ Raad vir Ondersteuning ~~en die Moderamen~~ beskikbaar te stel vir goedkeuring.

~~3.5~~3.3 ~~SBF~~ Kantoorhoofde het geen besluitnemingsbevoegdheid nie en funksioneer op ’n ~~konsensusbasis~~konsensus basis. Waar konsensus nie bereik word nie en die sinodale werksaamhede as geheel wesentlik daardeur benadeel word, word die saak na die ~~ModeramenRaad vir Rentmeesterskap~~ Moderamen verwys.

~~4~~2. ~~SAMESTELLING EN VERGADERINGS~~FUNKSIONERING

4.1 Die ~~Forum~~Kantoorhoofde ~~vergadering~~ :

~~47~~

4~~2~~.1.1 ~~word saamgestel~~word saamgestel ~~uit~~ die PSD’s ~~Uitvoerende Amptenaar~~ van elk van die sinodale bedieninge en die skriba van die Moderamen; asook ~~;~~

4.1.2 die bestuurders van die departemente van die Sinodale Kantoor.

4.2 ~~Die~~ ~~SBF~~ Kantoorhoofde ~~mag~~ sy geledere aanvul op ’n ad hoc-basis na die eis van omstandighede, deur kundiges te koöpteer. ~~Die forum kan ad hoc-taakspanne aanstel soos nodig~~ Die Kantoorhoofde kan ad hoc-taakspanne ~~dienste~~ aanstel soos nodig~~;~~

4.3 Die PSD: Rentmeesterskap is die voorsitter van die vergadering.

4.4 Die skribaat word deur die Kerkkantoor hanteer.

4~~2~~.2~~5~~4 ~~Die~~ Kantoorhoofde vergader ~~te minste vier~~~~agt~~ ~~keer per jaar~~ 2 weekliks soos nodig~~.; en~~

4.6~~5~~ Die kantoorhoofde gee terugvoer aan die Moderamen by elke Moderamen vergadering oor sake wat nie deur die onderskeie sinodale bedieninge na die moderamen geneem word nie.

~~**2.3 kies ’n voorsitter en ondervoorsitter wat jaarliks roteer. Die skribaat word deur die Kerkkantoor hanteer.**~~

~~5~~4. KOSTES

Elke bediening betaal sy eie kostes uit eie fondse. Gesamentlike projekte se koste word op ’n billike wyse verdeel soos ooreengekom.

~~65~~. ONTBINDING

Alleen die Sinode kan die ~~Forum~~ Kantoorhoofde-vergadering ontbind.

7. REGLEMENT VIR ONDERSTEUNING

Ondersteuning is verantwoordelik vir die Sinodale Kerkkantoor, Argief- en Inligtingsdienste, asook Kommunikasie. Vanweë die unieke aard van Ondersteuning se samestelling, word aanvaar dat die funksionering van hierdie bediening sal verskil van dié van ander Bedieninge. Die Sinodale Kerkkantoor, onder bestuur van 'n lidmaat van die NG Kerk Vrystaat, genoem die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning, is verantwoordelik vir die doelmatige behartiging van die administrasie van die sinodale fondse en eiendomme, sowel as aanverwante werksaamhede van die Kerk, aan die hand van 'n bestuurshandleiding. ~~48~~

1.1~~.~~ ~~-~~WOORDOMSKRYWING

Tensy uit die samehang anders blyk, sluit woorde en uitdrukkings in hierdie reglement wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, het woorde in die enkelvoud ook op die meervoud betrekking en omgekeerd en beteken:

1.1.1 "ADMINISTRASIE VAN 'N FONDS"

een of meer van die volgende handelinge wat deur die Sinodale Kerkkantoor verrig word met betrekking tot 'n fonds:

- ~~•~~ invordering en ontvangs van geld;
- ~~•~~ belegging en opvraging van geld;
- ~~•~~ boekhoukundige verantwoording van geld;
- ~~•~~ uitbetaling van geld ingevolge 'n besluit van 'n sinodale instelling wat beheer het oor die betrokke fonds;
- ~~•~~ regshandeling met betrekking tot roerende en onroerende eiendom kragtens 'n besluit met 'n sinodale instelling wat beheer het oor die betrokke fonds.

1.1.2 "BEHEER VAN 'N FONDS"

die bevoegdheid aan 'n bepaalde sinodale instelling verleen deur die Kerkorde of deur besluit van 'n ander sinodale instelling om te beslis oor die aanwending van 'n fonds;

1.1.3 "'N FONDS"

geld en onroerende eiendom wat deur 'n sinodale instelling, gemeente of ring vir 'n bepaalde omskrewe doel beheer word en wat kragtens sinodale besluit aan die betrokke sinodale instelling, gemeente of ring toegeken word, of wat op enige ander wyse deur die betrokke sinodale instelling, gemeente of ring verkry word;

1.1.4 "SINODALE INSTELLING"

'n Sinodevergadering, 'n bediening, 'n taakspan, 'n kommissie, 'n ampsdraer of ander persoon of groep persone wat handelinge verrig wat handelinge van die NG Kerk Vrystaat is, maar sluit in hierdie Reglement nie 'n gemeente of 'n ring, of kommissies en ampsdraers van 'n gemeente of 'n ring, in nie;

1.1.5 "SINODALE KERKKANTOOR"

die kantoor in klousule 1.1 bedoel;

1.1.6 ~~UITVOERENDE AMPTENAAR~~PSD: ONDERSTEUNING

die persoon bedoel in Klousule 9 van hierdie Reglement.~~;~~

2. ~~DOEL EN~~ OPDRAG ~~SAMESTELLING~~

2.1 Ondersteuning is hoofsaaklik verantwoordelik vir die koördinering van werksaamhede sowel as dispuutbeslegting,

2.2 ’n Uitvoerende pos is vir die bediening goedgekeur (~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning). Hierdie pos, ander voltydse sowel as deeltydse poste, asook ~~49~~

kundigheid wat ingekoop word, moet uit die bediening se sinodale toewysing asook die FN Trustfonds befonds word.

2.3 Ondersteuning funksioneer onder oorsig van ’n Ouditkomitee.

2.4 Ondersteuning is verantwoordelik vir doeltreffende en betroubare administrasie en beheer oor alle fondse wat aan Ondersteuning toevertrou is en vir alle ander funksies wat in verband staan met sodanige administrasie en beheer asook die bestuur van alle fondse insluitend die Sinode se begroting sowel as studiefondse, personeel en eiendomme wat aan hom toevertrou word en die administrasie van die ander bedieninge soos met hulle ooreengekom, asook alle Argieffunksies van die Sinode, en Kommunikasie.

2.5 Ondersteuning is verder verantwoordelik vir onder andere die insameling van gemeentelike bydraes (proratas en kollektes).

2.6 Ondersteuning beheer, ten einde sy verantwoordelikhede ingevolge klousule 1.1 en 1.2 bedoel na te kom, die Sinodale Kerkkantoor en die Argiefkantoor. Bevoegde handelinge van die drie genoemde kantore word geag handelinge van Ondersteuning te wees.

2.7 Een van die fokusareas van ~~-~~is die r~~R~~entmeesterskap van die Sinode kragtens Kerkorde Artikel 57.

2.8 ~~Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning koördineer alle regsaksies waarin die sinode betrek mag word, in oorleg met die Interimkomitee, STK en betrokke bediening (sien ook 9.12 hieronder)~~Die PSD: Ondersteuning koördineer in oorleg met die Aktuarius van die Sinode alle regsaksies waarin die sinode betrek mag word, in oorleg met die Interimkomitee, STK en betrokke bediening met verslag aan die Dagbestuur van die Moderamen.

~~2.9 Die Sinode benoem op sy gewone vergadering, ingevolge Kerkorde Artikel 35, die Raad van Ondersteuning.~~

~~2.10 Die benoeming in 2.9 bedoel, vind plaas onderhewig daaraan dat die Raad van Ondersteuning saamgestel word uit:~~

~~2.10.1 Ses (6) lede deur die Sinode aangewys, waaruit die voorsitter verkies word;~~

~~2.10.2 Een (1) verteenwoordiger uit elk van die ander vier bedieninge (Moderamen, Bedieningsbegeleiding, Vennote in Getuienis en Diens van Barmhartigheid) in adviserende hoedanigheid.~~

~~2.10.3 Ander kundige persone~~

~~2.10.4 Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning in adviserende hoedanigheid.~~

~~2.10.5 Die Hoofrekenmeester in adviserende hoedanigheid.~~

2.~~9~~11 Die lede van die Raad van Ondersteuning tree uit nadat Ondersteuning se verslag afgehandel is op die eersvolgende Sinodesitting, met dien verstande dat die uittredende Raad van Ondersteuning se lede dan weer in die diskresie van die betrokke Sinode, benoem kan word.

2.10~~12~~ Tussentydse vakatures van lede deur die Sinode aangewys in die Raad van Ondersteuning word gevul deur die ~~Moderamen~~ Raad van Ondersteuning. ~~50~~

2.11~~13~~ Die Raad van Ondersteuning kan ’n dagbestuur van minstens drie lede verkies om werksaamhede in die interim tydperk, tussen vergaderings van die Raad van Ondersteuning,

af te handel, met dien verstande dat die dagbestuur volledig en deurlopend verslag van sodanige werksaamhede aan die Raad van Ondersteuning doen.

2.1214 Die fokusareas van die bediening is administrasie, finansies, argiefdienste en kommunikasie.

3.. FOKUSAREA: ADMINISTRASIE EN FINANSIESFUNKSIONERING

3.1 Die Raad van Ondersteuning:

33.12 vergader ten minste drie maal per jaar, welke vergadering gehou word volgens die voorskrifte, mutatis mutandis, van die Reglement van Orde;

3.23 verrig sy werksaamhede ingevolge die bevoegdheid aan hom verleen deur die Kerkorde (insluitende hierdie Reglement) en deur die besluite van bevoegde sinodale instellings van die NG Kerk Vrystaat;

33.34 doen verslag aan die Sinode in die jaar waarin 'n Sinodesitting plaasvind;

3.45 verskaf finansiële advies aan sinodale instellings, gemeentes en ringe op versoek, of wanneer die Raad van Ondersteuning dit nodig ag;

3.65 is verantwoordelik vir die administrasie en beheer van fondse soos in klousule 1.1 en 1.2 bedoel;

33..67 beman die Sinodale Kerkkantoor ingevolge klousule 7 van hierdie Reglement;

3.78 is verantwoordelik vir die bestuur van die Sinodale Kerkkantoor deur voldoende reëlings te tref indien die Uitvoerende AmptenaarPSD: Ondersteuning nie sy pligte kan behartig nie, of as sy pos vakant raak, tot die Uitvoerende AmptenaarPSD: Ondersteuning weer sy pligte kan behartig, of totdat 'n ander Uitvoerende AmptenaarPSD: Ondersteuning benoem is, na gelang van die geval;

3.89 ondersoek, in oorleg met die Ringsfinansiële Kommissie, in diepte die omstandighede van 'n gemeente wat agterstallig raak met oorbetaling van sinodale verpligtinge. Na bevind van sake hanteer hyself die situasie of neem dit op met die betrokke Ring, die Sinodale Kerkkantoor of Sinode;

3.93.10 is verantwoordelik vir die beheer en administrasie van alle studiefondse van die NG Kerk Vrystaat, soos deur die reglemente van die onderskeie fondse bepaal.

3.104. ADMINISTRASIE VAN FONDSE

Ondersteuning doen verslag:

3.104.1 aan elke bediening, op 'n maandelikse basis, oor die stand van alle fondse onder die betrokke bediening se beheer en wel in sodanige vorm as waaroor ooreengekom is;

3.10.4.2 oor die administrasie van fondse op die wyse in Klousule 2.4 bedoel, met dien verstande dat die kommissie/taakspan/bediening wat beheer het oor 'n betrokke

fonds, indien nodig, tydens sodanige verslagdoening toeligting gee oor die wyse waarop die fondse aangewend word.

3.104.3 Geen uitbetalings uit of namens 'n bepaalde fonds word gedoen –

3.104.3.1 as die betrokke fonds uitgeput is nie, tensy vooraf reëlings tot bevrediging van die Raad van Ondersteuning getref is;

3.104.3.2 tensy die Skriba van die betrokke kommissie of sy gevolmagtigde verteenwoordiger skriftelike opdrag tot sodanige uitbetaling gegee het nie.

3.104.4 Die Raad van Ondersteuning het toegang tot alle boeke, notules, sakelyste, bewysstukke, titelbewyse, rekeninge en ander dokumente van welke aard ook al wat met die administrasie van fondse te doen het en wat nie in sy besit of onder sy beheer is nie.

3.104.5 Ondersteuning neem 'n waarborgpolis uit vir 'n bedrag soos van tyd tot tyd bepaal teen verliese as gevolg van bedrog of oneerlikheid van lede van die Raad van Ondersteuning, of personeellede van die Sinodale Kerkkantoor wat geld van fondse ontvang of hanteer en die jaarlikse premie op sodanige waarborgpolis word uit die Kerkkantoorfonds betaal.

3.115. BELEGGINGS EN LENINGS

3.115.1 Die Raad van Ondersteuning het die bevoegdheid om geld in klousule 1.1 bedoel na goeddunke te belê aan die hand van die Beleggingsbeleid. Beleggings in vaste eiendom geskied teen sekuriteit van 'n eerste of verdere verband oor vaste eiendom wat in die Vrystaat geleë is, met dien verstande dat daar op geen stadium sodanige belegging gemaak word teen sekuriteit van 'n verband wat in voorrang rangeer na 'n ander verband as 'n verband ten gunste van die NG Kerk Vrystaat nie.

3.115.2 Enige verbeterings op die eiendom in 5.1 bedoel moet omvattend verseker word deur die verbandgewer kragtens 'n toereikende versekeringspolis wat aan die NG Kerk Vrystaat sedeer is.

3.115.3 Alle verbande, lenings, beleggings soos in 5.1 bedoel word in die naam van die NG Kerk Vrystaat gedoen.

3.115.4 Toestemming tot kansellasie, sessie, ontheffing, substitusie, gedeeltelike afbetaling en enige ander dokumente waarvan die bepalings op verbande en ander beleggings betrekking het, word, onderhewig aan Klousule 5.7, deur die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning onderteken.

3.115.5 Alle onroerende eiendom wat deur die Raad van Ondersteuning administreer word, word in die naam van die NG Kerk Vrystaat geregistreer.

3.115.6 Behoudens Klousule 4 word alle dokumente wat ten doel het om die onroerende eiendom in 5.4, 5.5 bedoel te transporteer, te verbind, te vervreem, te verdeel, te bewaar of op enige ander wyse daarmee te handel, deur die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning en deur twee lede van die Raad van Ondersteuning onderteken. ~~52~~

3.126. FINANSIERING VAN DIE SINODALE KERKKANTOOR

3.126.1 Die Raad van Ondersteuning bepaal van tyd tot tyd 'n administrasiefooi vir die administrasie van 'n fonds en betaal sodanige fooi uit die betrokke fonds aan die Kerkkantoor oor.

3.126.2 Die lopende koste vir die instandhouding van die Sinodale Kerkkantoor word uit die Kerkkantoorfonds (Sien Reglement vir Kerklike Fondse 11.1) betaal, met dien verstande dat, indien die Kerkkantoorfonds nie in staat is om die gemelde lopende koste voldoende te dek nie, aanvullende bedrae vir sodanige doel uit die Fanie Naudé Trustfonds vir Kerkkantoor Administrasie beskikbaar gestel word.

3.137. PERSONEEL VAN DIE SINODALE KERKKANTOOR

3.137.1 Die Raad van Ondersteuning stel die volgende personeellede aan en bepaal hul salarisse en diensvoorwaardes:

3.137.1.1 ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning, ~~met dien verstande dat die Raad van Ondersteuning slegs 'n Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning aanstel indien die Sinode of die Moderamen die opdrag daarvoor gee soos in 9.1 bedoel.~~ in ooreenstemming met die Aanstellingsbeleid vir PSD's.

3.137.1.2 ’n Hoofrekenmeester, op aanbeveling van die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning;

3.137.1.3 addisionele personeellede, op aanbeveling van die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning.

3.137.2 Die Raad van Ondersteuning het die bevoegdheid om enige lid, amptenaar of personeellid wat onder sy toesig werk, in sy diens te stuit, terwyl ’n ondersoek na gemelde persoon se werk gedoen word.

3.137.3 Personeellede se vergoeding en diensvoorwaardes word vasgestel ooreenkomstig die menslike hulpbronbeleid en soos van tyd tot tyd kontraktueel ooreengekom in hul dienskontrakte.

3.137.4 Die ~~Raad van Ondersteuning~~ NG Kerk Vrystaat is ’n deelhebber soos bedoel in die Reglement vir die ~~Sinodale~~ Predikante~~Predikante~~ Pensioenfonds en het die bevoegdheid om sy verpligtinge met betrekking tot werknemers wat begunstigdes van die ~~Sinodale~~ Predikante ~~Predikante~~ Pensioenfonds is, ingevolge gemelde Reglement na te kom.

~~8. OUDIT~~ 3.14 OUDIT

3.148.1 Die Raad van Ondersteuning stel ’n geoktrooieerde ouditeur of ouditeure aan om fondse wat hy administreer te oudit en elke sodanige aanstelling duur vir ’n tydperk soos deur die Raad van Ondersteuning bepaal.

3.148.2 Die opdrag aan die ouditeure in 8.1 bedoel is om gereeld en deurlopend die boeke, rekenings en alle tersaaklike dokumente in verband met fondse wat deur Ondersteuning administreer word, na te sien en om jaarliks ’n volledige geouditeerde verslag oor die administrasie van gemelde fondse aan die Raad van Ondersteuning te oorhandig. ~~53~~

3.15

~~9.~~ ~~UITVOERENDE AMPTENAAR~~PREDIKANT IN SINODALE DIENS: ONDERSTEUNING

39.15.1 ~~Die Sinode of Moderamen stel ’n Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning aan of gee opdrag aan~~ Ddie Raad van Ondersteuning ~~om~~ stel ’n ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning aan ~~te stel~~.

39.15.2 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning moet ’n toegewyde lidmaat van die NG Kerk wees.

39.15.3 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning verrig sy werksaamhede ingevolge die bevoegdheid aan hom verleen deur die Kerkorde (insluitende hierdie Reglement) en deur besluite van bevoegde Sinodale instellings van die NG Kerk Vrystaat, asook soos uiteengesit in die bestuurshandleiding.

39.15.4 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning tree op as Skriba van die Raad van Ondersteuning en is verantwoordelik vir die doeltreffende en betroubare vergadering-administrasie met betrekking tot die werksaamhede van die Raad van Ondersteuning.

39.15.5 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning hou noukeurig boek van alle gelde wat deur hom ontvang word, deponeer dit onmiddellik tot krediet van die betrokke fonds by ’n goedgekeurde finansiële instelling soos deur die Raad van Ondersteuning bepaal.

39.15.6 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning is verantwoordelik vir die doeltreffende invordering van alle sinodale verpligtinge wat deur gemeentes, ringe en ander sinodale instellings verskuldig is.

39.15.7 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning sien toe dat die nodige registers en vorms vir die administratiewe werksaamhede van die Kerk op datum is en by die Sinodale Kerkkantoor verkrygbaar is.

39.15.8 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning se besoldiging en diens-voorwaardes word kontraktueel ooreengekom in ’n dienskontrak.

39.15.9 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning reël die werksaamhede in die Sinodale Kerkkantoor en stel pligtestate vir elke personeellid op.

39.15.10 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning verleen, sovêr moontlik, op versoek, hulp aan bedienaars van die Woord, kerkrade en ringe.

39.15.11 ~~Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning het as gevolmagtigde van die Sinode die bevoegdheid om enige regsgeding aanhangig te maak en gepaste regstappe te neem in verband met die fondse wat deur die Raad van Ondersteuning administreer word.~~ Die PSD: Ondersteuning tree in oorleg met die Aktuarius van Sinode as gevolmagtigde van die Sinode en het die bevoegdheid om enige regsgeding aanhangig te maak en gepaste regstappe te neem in verband met die fondse wat deur die Raad van Ondersteuning administreer word.

39.15.12 Die ~~Uitvoerende beampte~~PSD: Ondersteuning koördineer alle regsaksies waarin die sinode betrek mag word, in oorleg met die ~~Interimkomitee~~Dagbestuur van die Moderamen, STK en betrokke bediening.

39.15.13 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning stuur jaarliks aan Ringskribas die betrokke ringstukke en ontvang dit terug, sien die ringstukke wat op finansiële aangeleenthede betrekking het na en sien toe dat die nodige formele regstellings daaraan gemaak word.

39.15.14 Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~PSD: Ondersteuning is Hoofbeampte van beide die Sinodale Pensioenfonds en die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk Vrystaat.

4. SAMESTELLING

4.1 Die Sinode benoem op sy gewone vergadering, ingevolge Kerkorde Artikel 35, die Raad van Ondersteuning.

4.2 Die benoeming in 4.1 bedoel, vind plaas onderhewig daaraan dat die Raad van Ondersteuning saamgestel word uit:

4.2.1 Ses (6) lede deur die Sinode aangewys, waaruit die voorsitter verkies word;

4.2.2 Een (1) verteenwoordiger uit elk van die ander vier bedieninge (Moderamen, Bedieningsbegeleiding, Vennote in Getuienis en Diens van Barmhartigheid) in adviserende hoedanigheid.

4.2.3 Ander kundige persone

4.2.4 PSD: Ondersteuning in adviserende hoedanigheid.

4.2.5 Die Hoofrekenmeester in adviserende hoedanigheid.

8. REGLEMENT VIR BEDIENINGSBEGELEIDING

1. NAAM

Bedieningsbegeleiding

2. BENADERING

Ter wille van volhoubare Woordbediening in elke uithoek van die Vrystaat lewer Bedieningsbegeleiding dienste aan die NG Kerk Vrystaat se predikante, gemeentes en ringe vanuit die Sinodale Kantoor te Bloemfontein.

Die dringendste behoeftes en ontwikkelingsareas van predikante, gemeentes en ringe word geïdentifiseer en aangespreek deur spesifieke kort- en langtermyndoelwitte op te stel, en strategieë te ontwikkel om dit te hanteer.

3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE

Die bediening

3.1 voer opdragte van die Sinode en ander werksaamhede uit met verslag van al sy werksaamhede aan die Raad en die Sinode;

3.2 adviseer die Sinode in verband met die roeping en beleid wat gevolg moet word ten opsigte van bedieningsbegeleiding;

3.3 lewer diens aan leraars, gemeentes en ringe deur direkte en indirekte betrokkenheid, asook die gebruikmaking van die Gemeente Ondersteuning en Uitbreiding Fonds (GOUF)

3.4 dra sorg vir elkeen van die genoemde KPA's en wil daardeur inisiatief neem en leiding gee ten opsigte van die hulpverlening, versorging en begeleiding/bemagtiging van gemeentes en predikante (en gesinne) deur die werksaamhede van Bedieningsbegeleiding;

3.5 hanteer skakeling soos nodig en kan in die uitvoering van sy funksie en ter ondersteuning van ringe, gemeentes en leraars spesifieke projekte deur taakspanne loods wat ten doel het om die werksaamhede van ringe en gemeentes te stimuleer;

3.6 bepaal die behoeftes van ringe, gemeentes en leraars en ontwikkel 'n netwerk van dienste en praktiese bedieningshulp en nuwe produkte om die behoeftes effektief aan te spreek;

3.7 behartig die toekenning van finansiële hulp aan gemeentes uit die Gemeente Ondersteuning en Uitbreiding Fonds (GOUF);

3.8 kontrakteer met diensverskaffers om die nodige VBO-geleenthede vir gemeenteleiers daar te stel;

3.9 beheer en verantwoord die fondse deur die Sinode aan die Bediening toevertrou; en

3.10 verteenwoordig die NG Kerk in die Vrystaat in die Algemene Sinode soos en wanneer nodig.

4. FUNKSIONERING

4.1 Raad

4.1.1 Die Bediening word bestuur deur 'n Raad van Bedieningsbegeleiding (RB).

4.1.2 Die RB word deur die Sinode saamgestel op advies van die RB.

4.1.3 Tussentydse vakatures word deur die RB gevul.

4.1.4 Die lede van die RB word bepaal deur die kritiese prestasie areas (KPA's) binne die Bediening.

4.1.5 Die Uitvoerende Amptenaar in die kantoor van Bedieningsbegeleiding dien ampshalwe in die RB.

4.1.6 Kundiges kan van tyd tot tyd vir die onderskeie KPA's gekoöpteer word, en ter wille van groter verteenwoordiging.

4.1.7 Die RB wys 'n dagbestuur aan wat bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, twee addisionele lede en die Uitvoerende Amptenaar (laasgenoemde met adviserende stem).

4.2 Netwerke

4.2.1 Bedieningsbegeleiding maak gebruik van netwerke van kundige persone. Hierdie netwerke is dinamiese en aanpasbare strukture wat diens lewer om spesifieke behoeftes van leraars, gemeentes en ringe aan te spreek.

4.2.2 Netwerke word na behoefte aangevul (waar daar behoefte ontstaan) en kan verval (waar behoefte taan). Netwerksameroepers gee inhoud aan die netwerk se dienswerk en verrig hulle werk in oorleg met die PSD.

4.3 Uitvoerende amptenaar

Die Uitvoerende Amptenaar van Bedieningsbegeleiding is ‘n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat uitvoering gee aan al die opdragte van die Raad van Bedieningsbegeleiding en die werksaamhede van die Bediening koördineer. Hy/sy lewer deurlopend verslag aan die Raad oor alle werksaamhede.

5. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

5.1 Die RB konstitueer na elke gewone vergadering van die Sinode;
5.2 Die RB kies sy eie voorsitter en ondervoorsitter;
5.3 Die RB se skribaat, asook dié van die dagbestuur en GOUF word intern gereël volgens die beskikbare kapasiteit binne die Departement Administrasie en Inligting;
5.4 Die RB vul vakatures aan na behoefte;
5.5 Die RB kan netwerke en taakspanne na behoefte benoem;
5.6 Die RB bepaal die frekwensie van vergaderings, maar vergader ten minste twee (2) keer per jaar.
5.7 Die Dagbestuur vergader ten minste twee (2) keer per jaar of na behoefte.
5.8 Netwerke en ander taakspanne vergader na behoefte en soos die begroting dit toelaat.

9. REGLEMENT VAN VENNOTE IN GETUIENIS

1. NAAM

Vennote in Getuienis

2. BENADERING

Getuienis is die wesenlike roeping van die kerk in al haar gestaltes en in haar gerigtheid op die wêreld. As omvattende Woordbediening vloei getuienis voort uit die sending van God Drie-enig (missio Dei) en geskied langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding. Dit is die getuienis van die heil in Christus en staan in diens van die herstel van die omvattende vrede (sjaloom) in en tussen mense, in gemeenskappe en in die skepping.

Getuienis word meestal in vennootskap met gemeentes, kerke en ander instansies gedoen. Met vennootskap word veral 'n formele, standhoudende verhouding tussen samewerkende partye bedoel en dit word gekenmerk deur wedersydse respek en ondersteuning, medeseggenskap en 'n gedeelde roeping. Vennootskappe sluit egter ook netwerke, ekumeniese- en ander vorme van samewerking in. Vennootskapsverhoudinge met susterkerke is 'n doelbewuste stap na groter eenwording.

3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE

3.1 Die vestiging en uitbou van Vennootskappe, binne en buite ons landsgrense, wat ten doel het om die getuienis taak van die kerk te ondersteun;

3.2 Die instandhouding en vestiging van ekumeniese verhoudinge met ander kerke en profetiese dialoog met ander godsdienste;

3.3 Die koördinering, ondersteuning en begeleiding van gesamentlike werksaamhede binne die Sinodale verband dmv bewusmaking, mobilisering en aktivering van gemeentes in hulle roeping tot diens en getuienis binne hulle onderskeie gemeenskappe en buite of verder as hulle onmiddellike gemeenskappe;

3.4 Bevorder publieke getuienis (bv. geregtigheid, versoening en eenheid, ekologie en Bybelse waardes in die gemeenskap);

3.5 Teologiese navorsing, besinning en die fasilitering van luisterende gesprekke binne die raamwerk van missionale teologie en ekklesiologie.

4. FUNKSIONERING

4.1 Raad

4.1.1. Vennote in Getuienis word bestuur deur 'n Raad wat deur die Sinode saamgestel word op advies van die Raad van Vennote in Getuienis en bestaan uit:

- Een verteenwoordiger van elke taakspan dien in die Raad
- Tussentydse vakatures word deur die Raad gevul
- Kundiges kan van tyd tot tyd gekoöpteer word om op die Raad te dien
- Die Uitvoerende Amptenaar van elk van die ander sinodale bedieninge met adviserende stem
- Die Uitvoerende Amptenaar van Vennote in Getuienis met adviserende stem

4.1.2 Die Raad van Vennote in Getuienis wys 'n dagbestuur aan wat bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, twee addisionele lede en die Uitvoerende Amptenaar (laasgenoemde met adviserende stem).

4.1.3 Die Raad wys ook lede van taakspanne, vennootskappe en verteenwoordigers van Vennote in Getuienisbediening op ander instansies aan soos nodig.

4.1.4 Die Raad tree op as beherende instansie vir Vennote in Getuienis. Dit gee visioenêre leiding, beplan strategies, prioriseer werksaamhede, keur die interne begroting goed, koördineer die werksaamhede van die taakspanne en vennootskappe, neem verantwoordelikheid vir die diensverhoudinge van personeel in diens van Vennote in Getuienis en lewer verslag aan die sinode.

4.1.5 Ringe in die sinodale gebied wys 'n verteenwoordiger vir Vennote in Getuienis aan tydens die sinode sitting. Die Raad van Vennote in Getuienis vergader jaarliks met hierdie verteenwoordigers met die oog op terugvoer vanaf die ringe aan die Raad asook die Raad aan die Ringe rakende uitreik/getuienis aksies, gemeenskapsprojekte en ekumeniese skakeling.

4.2 Taakspanne, Projekspanne en Vennootskappe

'n Verskeidenheid van Taakspanne (staande komitees), Projekspanne en Vennootskappe neem verantwoordelikheid vir die verskillende arbeidsterreine, programme of projekte, met verslag aan die Raad. Elk van die strukture word gevorm na die eis van die praktiese omstandighede en sluit doelbewus verteenwoordigers van die susterkerke of meewerkende partye in.

~~3.3~~ 4.3 ~~Uitvoerende amptenaar~~ Predikant in Sinodale Diens

Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~ Predikant in Sinodale Diens (PSD) van die Vennote in Getuienis is 'n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat uitvoering gee aan al die opdragte van die Raad van die Vennote in Getuienis en die werksaamhede van die b~~B~~ediening koördineer. Hy/sy lewer verslag van werksaamhede aan die Raad.

54. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

5.1 Die Raad van Vennote in Getuienis konstitueer na elke gewone sinodesitting.

5.2 Die Raad vergader ten minste twee (2) keer per jaar waarvan een vergadering met Ringsverteenwoordigers is.

5.3 Die Dagbestuur vergader ten minste drie (3) keer per jaar.

5.4 Die Taakspanne, Projekspanne en Vennootskappe vergader soos nodig.

10 REGLEMENT VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID

1. NAAM

Diens van Barmhartigheid

2. BENADERING

Diens van Barmhartigheid fokus op die nood van mense in al sy vorme, 'n menswaardige bestaan vir almal, die volhoubare aanwending en bevordering van hulpbronne wat vir menslike voortbestaan en 'n menswaardige lewe nodig is en geregtigheid teenoor almal.

Die gemeente is die instrument van die drie-enige God in sy bediening van barmhartigheid aan die wêreld. Hierdie bediening vind gestalte in die gemeente se eie kring en omgewing, en van daaruit saam met ander gemeentes in rings- en sinodale verband.

In gemeente~~like~~, rings en sinodale verband vind die barmhartigheidsbediening ook plaas in venootskap met ander gemeentes, kerke, organisasies en die staatsdepartemente wat op die terrein van diens van barmhartigheid/diakonaat diens lewer en aktief is.

3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE

3.1 Multidissiplinêre navorsing en besinning oor gemeentelike (in rings en sinodale verband ingeslote) Diens van Barmhartigheid ('n diakonale ekklesiologie), en die bepaling van strategie en beleid vir die uitvoering hiervan.

3.2 Inspirasie, ondersteuning en advies aan gemeentes, ringe en die sinode in alle aspekte van Diens van Barmhartigheid, ingesluit hulle verhoudings en formele samewerking ~~venootskappe~~ met ENGO, ander kerke en ander organisasies.

3.3 Identifisering en daarstelling van aspekte van barmhartigheidswerk wat gemeentes in sinodale verband saam beter kan doen;

3.4 Die vestiging en instandhouding van 'n verhoudingsgebaseerde samewerkingsooreekoms ~~venootskap~~ met ENGO en NG Welsyn en ander soortgelyke organisasies deur toepaslike ooreenkomste en 'n gedeelde visie ten opsigte van ENGO, NG Welsyn en ander soortgelyke organisasies se spesialisasiegebiede;

3.5 Die vestiging en uitbou van verhoudings met ander kerke in nouer en wyer ekumeniese verband met die oog op samewerking in alle aspekte van Diens van Barmhartigheid;

3.6 Die identifisering van organisasies wat betrokke is by Diens van Barmhartigheid (in die breë sin van die woord - vgl punt 2 hierbo) in die Vrystaat en die sluit van toepaslike ooreenkomste waar, vanuit 'n gedeelde waardesisteem, wedersyds waarde toegevoeg kan word tot dienslewering en/of gesamentlike aksies;

3.7 Die bestuur van die Hoopfonds gesetel onder Diens van Barmhartigheid;

3.8 Die aanwys, bestuur en koördinering van permanente en tydelike taakspanne, asook ander strukture wat vir die uitvoering van die werksaamhede van Diens van Barmhartigheid nodig sal wees;

3.9 Identifisering van terreine waar formele samewerking met ander bedieninge en taakspanne van die sinode sinvol sal wees, en die aktiewe deelname daaraan;

3.10 Stel 'n begroting vir die bediening op ~~vas~~ in oorleg met Raad van Rentmeesterskap~~Ondersteuning~~;

3.11 Doen verslag aan die Moderamen en die Sinode.

4. FUNKSIONERING

4.1 Raad

4.1.1. Diens van Barmhartigheid word bestuur deur ’n Raad wat deur die Sinode saamgestel word op advies van die Raad van Diens van Barmhartigheid en bestaan uit:

- ‘n verteenwoordiger met sekundus van elke ring aangewys tydens die sinode, ’n verteenwoordiger uit elkeen van die ander bedieninge, ‘n ~~predikant~~verteenwoordiger van Torings van Hoop gemeente, ’n verteenwoordiger van die *Reformed Initiative for Community Development*, ~~‘n verteenwoordiger van ENGO~~ en die PSD van ~~Uitvoerende Amptenaar van~~ Diens van Barmhartigheid met adviserende stem;
- ‘n verteenwoordiger van elke taakspan.
- ~~Tussentydse vakatures word deur die instansie wat verteenwoordigers aanwys gevul~~
- Kundiges kan van tyd tot tyd gekoöpteer word om op die Raad te dien
- Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die Raad ~~Dagbestuur~~ verkies tydens sy eerste vergadering na die Sinode.
- Die skribaat word behartig deur die toegewysde ~~‘n~~ amptenaar ~~aangewys deur die kantoorhoofde~~.

~~4.1.2 Die Raad nomineer verteenwoordigers op die Beheerraad van ENGO en die Direksie van NG Welsyn vir aanwysing deur die sinode. Tussentydse vakatures in hierdie verteenwoordigers word deur die Raad aangevul.~~

4.1.2~~3~~ Die Raad tree op as beherende instansie vir Diens van Barmhartigheid as bediening en gee visioenêre leiding in en uitvoering aan die opdragte en bevoegdhede van die bediening (punt 3 hierbo). Hierbenewens neem hy verantwoordelikheid vir die diensverhoudinge van personeel in diens van Diens van Barmhartigheid.

4.13~~.4~~ Die Raad stel die ~~Uitvoerende amptenaar~~PSD vir die bediening in ooreenstemming met die Aanstellingsbeleid vir PSD’s aan.

4.1.4~~5~~4 Die kworum vir beide die Raad en die Dagbestuur is ~~meer as die helfte van die lede~~‘n volstrekte meerderheid.

4.2 Dagbestuur

4.2.1 Die Raad ~~van~~ vir Diens van Barmhartigheid wys tydens sy eerste vergadering na die Sinode ’n Dagbestuur aan wat bestaan uit vyf lede, insluitend die verkose voorsitter en ondervoorsitter, wat dieselfde amp vervul in die Dagbestuur.~~.~~ ~~Die Dagbestuur verkies uit sy geledere die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad en die Dagbestuur.~~ Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~ PSD is ampshalwe lid van die Dagbestuur met adviserende stem. Die skribaat word behartig deur ~~‘n amptenaar aangewys deur die kantoorhoofde.~~ die toegewysde amptenaar.

4.2.2 Die Dagbestuur is ‘n permanente taakspan van die Raad en sien toe dat die strategie, beleid, besluite en opdragte van die Raad uitgevoer word.

4.2.3 Die Dagbestuur doen verslag aan die Raad, en waar toepaslik aan die Moderamen namens en in oorleg met die Raad.

4.3 Taakspanne, Projekspanne en Vennootskappe

Permanente en tydelike taakspanne soos aangewys deur die Raad neem verantwoordelikheid vir die verskillende programme, projekte of vennootskappe met verslag aan die Raad.

4.4 ~~Uitvoerende amptenaar~~PSD: Diens van Barmhartigheid

Die ~~Uitvoerende Amptenaar~~ PSD van Diens van Barmhartigheid is ’n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat uitvoering gee aan al die opdragte van die Raad ~~van~~ vir Diens van Barmhartigheid en die werksaamhede van die bediening koördineer. Hy/sy lewer verslag van werksaamhede aan die Raad en die Dagbestuur.

5. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

5.1 Die Raad ~~van~~ vir Diens van Barmhartigheid konstitueer na elke gewone sinodesitting.

5.2 Die Raad vergader ten minste twee (2) keer per jaar.

5.3 Dagbestuur vergader ten minste vier (4) keer per jaar.

5.4 Die ander taakspanne vergader soos nodig.

6. ONTBINDING

Diens van Barmhartigheid ontbind as bediening indien die Vrystaatse Sinode in sitting so besluit.

11. REGLEMENT VIR KERKLIKE FONDSE

1. WOORDOMSKRYWING

Tensy uit die samehang anders blyk, sluit woorde en uitdrukkings in hierdie Reglement wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, het woorde in die enkelvoud ook op die meervoud betrekking en omgekeerd, en beteken:

1.1 "ADMINISTRASIE VAN "N FONDS"

een of meer van die volgende handelinge wat deur die Sinodale Kerkkantoor verrig word met betrekking tot 'n fonds:

- Invordering en ontvangs van geld;
- Belegging en opvraging van geld;
- Boekhoukundige verantwoording van geld;
- Uitbetaling van geld ingevolge 'n besluit van 'n sinodale instelling wat beheer het oor die betrokke fonds; en
- Regshandelings met betrekking tot onroerende eiendom kragtens 'n besluit van 'n sinodale instelling wat beheer het oor die betrokke fonds;

1.2 "BEHEER VAN "N FONDS"

die bevoegdheid aan 'n bepaalde sinodale instelling verleen deur die Kerkorde of deur 'n besluit van 'n ander sinodale instelling om te beslis oor die aanwending van 'n fonds;

1.3 "'N FONDS"

geld en onroerende eiendom wat deur 'n sinodale instelling, gemeente of ring vir 'n bepaalde omskrewe doel beheer word en wat kragtens sinodale besluit aan die betrokke sinodale instelling, gemeente of ring toegeken word of wat op enige ander wyse deur die betrokke sinodale instelling, gemeente of ring verkry word;

1.4 "SINODALE INSTELLING"

'n Sinodevergadering, 'n taakspan, 'n ampsdraer of ander persoon of groep persone wat handelinge verrig wat handelinge van die NG Kerk Vrystaat is, maar sluit in hierdie Reglement nie 'n gemeente of 'n ring, of taakspan en ampsdraers van 'n gemeente of 'n ring, in nie;

1.5 "SINODALE KERKKANTOOR"

die kantoor in Reglement van Ondersteuning bedoel;

~~**1.6 "REGLEMENT VIR DIE SINODALE PENSIOENFONDS"**~~

~~die Reglement vir die Sinodale Pensioenfonds van die NG Kerk Vrystaat.~~

~~**1.7 "REGLEMENT VIR DIE SINODALE BYSTANDSFONDS"**~~

~~die Reglement vir die Sinodale Bystandsfonds van die NG Kerk Vrystaat.~~

1.6~~8~~ "REGLEMENT VIR DIE RAAD VAN ONDERSTEUNING

die Reglement van Ondersteuning. ~~61~~

1.7 "PSD: ONDERSTEUNING"

die persoon bedoel in Klousule 9 van die Reglement vir die Raad van Ondersteuning.

2. OOGMERK MET EN ONDERSKEIDING TUSSEN KERKLIKE FONDSE

2.1 Die doel van kerklike fondse is om aan lidmate van die Kerk geleentheid te gee om op georganiseerde en verantwoordelike wyse voorsiening te maak vir finansiële ondersteuning vir die instandhouding van die openbare erediens, vir die hulp aan hulpbehoewendes en vir kerklike werksaamhede in gemeente-, rings- en sinodale verband.

2.2 onderskeid word in hierdie Reglement getref tussen:

2.2.1 gemeentelike fondse soos in Klousule 3 beskryf;

2.2.2 ringsfondse soos in Klousule 4 beskryf;

2.2.3 sinodale fondse soos in Klousule 5 tot 38 beskryf.

3. VERPLIGTINGE VAN GEMEENTES MET BETREKKING TOT FONDSE

3.1 Elke kerkraad handel met gemeentelike fondse volgens die voorskrifte van Vrystaat Kerkorde 2022 Afd D, p124ev.

3.2 Elke kerkraad bepaal self die bedrag wat gehef word ten opsigte van huweliksgelde en ander fooie.

3.3 Reiskoste soos in 5.5 bedoel van afgevaardigdes na ’n ringsvergadering, word deur die betrokke kerkraad betaal na goedkeuring en ondertekening van eise vir sodanige reiskoste deur die Ringskriba.

3.4 Kerkrade betaal alle kollektes, bydraes en ander geldelike verpligtinge maandeliks ingevolge hierdie Reglement sonder versuim aan die PSD: Ondersteuning oor, in alle gevalle voor 20 Januarie.

3.5 Gemeentes hou spesiale kollektes, benewens kollektes soos in hierdie Reglement bedoel, soos van tyd tot tyd deur die Sinode bepaal en betaal gemelde spesiale kollektes sonder versuim aan die PSD: Ondersteuning.

4. RINGSFONDSE

Die Ringskriba en Ringskommissie handel met die ringsfondse volgens die voorskrifte van die Kerkorde en onroerende eiendom van die ring word geregistreer volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode Reglement vir Kerklike Goedere.

5. DIE SINODALE FONDS

5.1 In die jaar waarin die Sinode van die NG Kerk Vrystaat vergader, maak elke gemeente ’n bydrae tot die Sinodale Fonds vir ’n bedrag per afgevaardigde van die gemeente na die Sinode, soos van tyd tot tyd deur die Raad van Ondersteuning bepaal.

5.2 Die doel van die Sinodale Fonds is om administrasiekoste, koste vir gewone en buitengewone samekomste van meerdere kerkvergaderings, koste verbonde aan die werksaamhede van die Moderamen, sinodale verteenwoordigers op kerkraads- en ringsondersoekliggame en sinodale instellings te betaal, met dien verstande dat Sinodale taakspanne wat beheer oor eie fondse het, se koste uit sodanige eie fondse betaal word.

5.3 Die koste in 5.1 bedoel sluit in reiskoste, daggeld van lede, bodes en tydelike werkers, honoraria, reis- en verblyfkoste van getuies indien die betrokke kerkvergaderings so besluit en enige ander koste waartoe die Sinode of die Moderamen van tyd tot tyd mag besluit.

5.4 Reiskoste word betaal teen ’n vasgestelde tarief (motortarief), soos van tyd tot tyd deur die Raad van Ondersteuning bepaal.

5.5 Indien afgevaardigdes kerklike vergaderings buite die sinodale gebied bywoon, word reiskoste in die diskresie van die Raad van Ondersteuning, met inagneming van die meriete van die omstandighede betaal.

5.6 Indien ’n taakspan van die Sinode genoodsaak is om ’n gesamentlike vergadering buite die grense van die sinodale gebied met ’n soortgelyke taakspan van ’n ander Sinode te hou, word die betrokke taakspan van die Sinode deur nie meer as twee lede verteenwoordig nie.

5.7 ’n Lid van ’n meerdere kerkvergadering ontvang nie betaling vir die koste van sy terugreis wanneer hy die betrokke vergadering voor die sluiting daarvan sonder verlof verlaat, of wanneer hy reeds voor sy vertrek na die vergadering bewus is dat hy nie teenwoordig sal wees by ten minste die helfte van die tydsduur van die betrokke vergadering nie, met dien verstande dat hierdie Klousule 5.8 nie van toepassing is in gevalle waar verlof tot afwesigheid deur die vergadering gegee word weens siekte of ander dringende omstandighede nie.

5.8 Die daggeld van lede van die Sinode (verblyfkoste), die Moderamen en ander Taakspanne deur die Sinode benoem, word betaal soos van tyd tot tyd deur die Raad van Ondersteuning bepaal, met dien verstande dat daggeld met lede van die Sinode per sittingsdag telkens deur die Sinode volgens heersende omstandighede bepaal word.

5.9 ’n Jaarlikse honorarium word aan die Moderator en die Skriba van die Moderamen betaal.

5.10 Tydens Sinodesittings word ’n honorarium vir die tydperk van die betrokke vergadering aan een of meer tydelike assistent-skribas betaal (Notulekommissie).

5.11 Die honoraria soos in 5.10 en 5.11 bedoel word van tyd tot tyd deur die Raad van Ondersteuning volgens die eis van omstandighede bepaal en word uit die Sinodale Fonds betaal.

6. SINODALE GROEPLEWENSVERSEKERINGSKEMA

6.1 Die Raad van Ondersteuning behartig administratiewe en koördinerende funksies met betrekking tot die groeplewensversekeringskema waarvan werknemers van gemeentes en van die NG Kerk Vrystaat lid is. 63

6.2 Die voorgeskrewe premie, soos van tyd tot tyd namens die lede beding, is maandeliks aan die PSD: Ondersteuning betaalbaar, met dien verstande dat die PSD: Ondersteuning alternatiewe wyses van betaling mag voorskryf.

6.3 Die Raad van Ondersteuning is nie aanspreeklik teenoor lede van die groeplewensversekeringskema vir enige versuim van die onderskrywer van die groeplewensversekeringskema om sy verpligtinge teenoor lede na te kom nie.

7. MEDIESE SKEMA

7.1 Die Raad van Ondersteuning is verantwoordelik vir administratiewe en koördinerende funksies met betrekking tot die mediese skema waarvan werknemers van gemeentes en van die NG Kerk Vrystaat lid is.

7.2 Die voorgeskrewe premie van elke lid is maandeliks aan die begin van elke maand direk aan die Raad van Ondersteuning betaalbaar, met dien verstande dat die Raad van Ondersteuning alternatiewe wyses van betaling mag voorskryf.

7.3 Die Raad van Ondersteuning is nie aanspreeklik teenoor lede van die mediese skema vir enige versuim van die onderskrywer van die mediese skema om sy verpligtinge teenoor lede na te kom nie.

7.4 Die Raad van Ondersteuning bepaal van tyd tot tyd, indien dit na sy oordeel tot voordeel van die lede is, dat van mediese fonds verwissel word.

7.5 Alle predikante van die NG Kerk Vrystaat word volgens sinodebesluit, versoek om aan die skema deel te neem.

8. ANDER STUDIEFONDSE

8.1 Benewens die fondse in Klousules 15,17, 18,~~19, 21, 22, 32~~ en ~~39~~28~~-~~ bedoel, beheer en administreer die Raad van Ondersteuning ook ander Studiefondse wat ten doel het om beurse aan studente beskikbaar te stel.

8.2 Die Reglemente, soos van tyd tot tyd gewysig (waar nodig), van die Studiefondse soos in 8.1 bedoel, word deur die Raad van Ondersteuning bepaal en is ter insae by die PSD: Ondersteuning beskikbaar.

9. KERKKANTOORFONDS

9.1 Die Kerkkantoorfonds word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning. Kragtens Klousule 6.1 van die Reglement vir die Raad van Ondersteuning het die Raad die bevoegdheid om na sy diskresie, 'n administrasiefooi te hef met betrekking tot enige fonds waarvan hy die administrasie behartig en om sodanige administrasiefooi aan die Kerkkantoorfonds te betaal.

9.2 Die doel van die Kerkkantoorfonds is om die koste van die Sinodale Kerkkantoor te boek te stel. 64

10. DIE FANIE NAUDÉ TRUSTFONDS VIR KERKKANTOOR- ADMINISTRASIE

10.1 Die Fanie Naudé Trustfonds vir Kerkkantoor-administrasie word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

10.2 Die doel van die Fanie Naudé Trustfonds vir Kerkkantoor-administrasie, is om by te dra tot die lopende koste van die Sinodale Kerkkantoor, ten einde die Sinode en gemeentes 'n bydrae tot die Kerkkantoorfonds te spaar.

11. ~~-~~FONDS VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID

11.1 Die Fonds vir Diens van Barmhartigheid word beheer deur die Bediening vir Diens van Barmhartigheid geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

11.2 Elke gemeente maak jaarliks 'n sinodale bydrae tot die Sinodale Fonds vir Diens van Barmhartigheid.

11.3 Die Sinodale Fonds vir Diens van Barmhartigheid kan aangevul word deur skenkings en erflatings.

12. ~~-~~FONDS VIR KOMMUNIKASIE – VRYPOS

12.1 Elke gemeente is verplig om jaarliks vir hierdie fonds 'n kollekte op te neem.

12.2 Die Fonds vir Kommunikasie word deur die Raad van Ondersteuning geadministreer.

12.3 'n Kollekte word in die Fonds vir Kommunikasie gestort om sodoende voorsiening te maak vir koste vir kommunikasie wat in belang van gemeentes aangegaan moet word.

13. VENNOOTSKAPPE: RICD (BINNELANDSE EKUMENIESE VG~~-~~ENOOTSKAPPE)

13.1 Die Fonds vir Reformed Initiative for Community Development (RICD) word beheer deur Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

13.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie Fonds op te neem en maak ook 'n proratabydrae tot gemelde Fonds.

13.3 Die Fonds bevorder gemeenskapsontwikkeling binne die NG Kerk-familie deur gesamentlike gemeenskapsontwikkelingsprojekte.

14. ~~-~~FONDS VIR DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SA

14.1 Elke gemeente is verplig om jaarliks, tydens die herdenking van die kerkhervorming, 'n kollekte vir hierdie fonds vir die Bybelgenootskap van Suid- Afrika, op te neem.

14.2 Om die Bybel binne die bereik van selfs die armste te kan bring, word die Bybel gesubsidieer nie met behulp van toelae van die staat, of bydrae van gemeentes nie, maar deur vrywillige offers van gemeentes,

gereelde donasies van gelowiges en organisasies, asook testamentêre bemakings van diegene wat dit gewil het dat die verspreiding van God se lewende Woord, sy loop moet neem. 65

14.3 Die PSD: Ondersteuning betaal geld aan die fonds in 16.1 bedoel, gereeld aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oor.

15. FONDS VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

15.1 Die Fonds vir Teologiese Opleiding word beheer en geadministreer deur die Raad vir Ondersteuning.

15.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks, tydens 'n nagmaalsviering, 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

15.3 Die opbrengs van hierdie fonds word aangewend vir die Kuratorium van die Vrystaat en programme van die Teologiese Seminarium.

16. FONDS VIR DOWES EN BLINDES (ook genoem TOIBO)

16.1 Die Fonds vir Dowes en Blindes word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

16.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie fonds vir Dowes en Blindes op te neem soos deur die Sinode bepaal, asook vrywillige jaarlikse bydraes.

16.3 Uit hierdie fonds word jaarliks bydraes, wat deur die Sinode bewillig word, gemaak aan sowel die Instituut vir Dowes en Blindes te Worcester, 'n werksaamheid van die Ned Geref Kerk in Kaapland, asook vir die Transoranje- Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO), wat 'n gesamentlike onderneming is van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, Transvaal en Natal, die Hervormde Kerk in Afrika en die Gereformeerde Kerk. Laasgenoemde Instituut bestaan uit vyf skole waarvan vier in die Transvaal is, naamlik die Transoranje skool vir Dowes, die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes, die Transvalia Skool vir Epilepsie en die Sonitus Skool vir Hardhorendes, asook een in die Vrystaat, naamlik die Martie du Plessis Hoërskool te Bloemfontein.

17. ~~-~~DIE HELPMEKAAR VRYSTAAT BEURSFONDS

17.1 Die Helpmekaar studiefonds word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning volgens die voorskrifte van die Helpmekaar studiefonds se Reglement wat ter insae by die PSD: Ondersteuning beskikbaar is. Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

17.2 Die hooftaak van hierdie fonds is om in terme van die Reglement van die fonds, beurse aan Vrystaatse studente te verleen.

18. BEURSFONDS VIR TEOLOGIESE OPLEIDING: GEMEENTE- LERAARS

18.1 Die Fonds word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning volgens die voorskrifte van die Reglement vir die Beursfonds vir Teologiese Opleiding: Gemeenteleraars.

18.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem. ~~66~~

18.3 Die doel van hierdie fonds is om teologiese studente wat hulle voorberei vir die evangeliebediening, finansieel te ondersteun deur middel van 'n studiebeurs.

~~**19. BEDIENINGSFONDS**~~

~~19.1 Die Bedieningsfonds word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.~~

~~19.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem.~~

~~19.3. Die fonds word aangewend om nuwe bedieninge in die Vrystaat te vestig.~~

19~~20~~. ~~-~~GEMEENTE ONDERSTEUNING (GOUF)

1920.1 Die Gemeente Ondersteuning word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

1920.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks twee kollektes vir hierdie fonds op te neem en ook vrywillige bydraes tot die fonds te maak.

1920.3 Die fonds word gebruik om gemeentes wat finansieel nie die mas kan opkom nie, finansieel te ondersteun.

201. MEDIATEEK

201.1 Die Fonds Bedieningsmateriaal word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

201.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

201.3 Boeke en leesmateriaal word op versoek beskikbaar gestel. Die Bedienings-begeleiding bedryf 'n Mediateek wat deur leraars en gemeentes benut word.

~~**22. GEMEENTEHULP**~~

~~22.1 Die Fonds vir Gemeentes en Gemeentehulp word beheer deur die Raad van Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.~~

~~22.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks twee kollektes vir hierdie fonds op te neem.~~

~~22.3 Die kollekte word aangewend as 'n subsidie van sinodale fasilitering en om 'n beter bediening te bewerkstellig.~~

2123. GEMEENTE UITBREIDING (GOUF)

213.1 Die Fonds Gemeente Uitbreiding word beheer deur die Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

213.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir die Gemeente Ondersteuning- en Uitbreidingsfonds op te neem.

22.4 VENNOOTSKAPPE: NGKA VRYSTAAT (BOTSHABELO) (BINNELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)

242.1 Die Fonds vir Vennootskappe: NGKA Vrystaat, word beheer deur Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning. 67

224.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

224.3 Die fonds word aangevul met skenkings en erflatings.

224.4 Hierdie fonds dien die belange van die binnelandse getuienis aktiwiteite van die Kerk binne die Vrystaat. In hoofsaak dra die fonds die werksaamhede te Witsieshoek en Thaba Nchu.

242.5 Thaba Nchu en Botshabelo: Die salarisse van die leraars en evangeliste wat in Thaba Nchu en Botshabelo werksaam is, word deur hierdie fonds betaal. Nagenoeg 20 000 lidmate word bearbei.

235. VENNOOTSKAPPE: LESOTHO (BUITELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)

235.1 Die Fonds vir Vennootskappe: Lesotho word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van die Bediening vir Ondersteuning.

235.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem en ook jaarliks 'n proratabydrae tot gemelde fonds te maak.

235.3 Die Vennootskap in Lesotho word saam met die NG Kerk in Afrika en die VGK bedryf. Die salaris van 'n leraars asook 'n subsidie aan NGKA- en VGK gemeentes, word uit hierdie fonds betaal. 'n Aantal gemeentes met nagenoeg 3 000 lidmate word gesubsidieer.

246. VENNOOTSKAPPE: MIDDESTAD- EN ARBEIDSBEDIENING (BINNELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)

246.1 Die Fonds vir Middestad- en Arbeidsbediening word deur die Vennote in Getuienis beheer en geadministreer deur die Raad vir Ondersteuning.

246.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

246.3 Hierdie fonds word aangewend om die salaris van die leraar van die Torings van Hoop in Bloemfontein-middestad te betaal.

257. -VENNOOTSKAPPE: REFORMED CHURCH IN ZAMBIA (RCZ) (BUITELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)

257.1 Die Fonds Vennootskappe: RCZ word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

257.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks, ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

257.3 Die Fonds word aangevul met skenkings en erflatings.

257.4 Nadat die inheemse kerk in Zambië deur die Sending van die OVS gevestig is, word die teologiese skool, Justo Mwale Theological College in Zambië, onder leiding van die Vrystaat se Raad van die Vennote in Getuienis bedryf. Leraars van die NG Kerk tree as dosente op en word deur hierdie fonds vergoed. Verder word ’n toelae vir boeke en lopende uitgawes aan die teologiese skool gegee. 68

268. -TEOLOGIESE STUDENTE BYSTANDSFONDS

268.1 Die Teologiese Studente Bystandsfonds word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

268.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

~~28.3 Die teologiese opleiding te Stofberg, Witsieshoek is gestaak en verskuif na ander universiteite. Hierdie kollekte word opgeneem en oorbetaal aan die JG Strydom Trust en aangewend vir die opleiding van Teologiese Studente.~~

286.43 Die Fonds ondersteun studente van die NG Kerk-familie wat by die Fakulteit Teologie en Religie van die Universiteit Vrystaat studeer deur noodsaaklike lewensonderhoud en middele te voorsien. Die studente doen aansoek deur die onderskeie Kuratoria.

279. VENNOOTSKAPPE: SENDING IN ASIË (BUITELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)

297.1 Die Wêreldsendingfonds word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

297.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem en ook jaarliks ’n proratabydrae tot gemelde fonds te maak.

297.3 Die Fonds word aangewend vir bydraes aan onder andere Biblia Hawesending, Missie Japan en ander verdienstelike Sending-aksies.

2830. VENNOOTSKAPPE: STUDENTEBEARBEIDING (BINNELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE EN GETUIENIS AKSIES)

2830.1 Die Fonds vir Bediening Kerkjeug word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

2830.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

28.3 Die studentebediening bedien nie slegs NG Kerk studente nie. 'n Groot aantal naskoolse jongmense in die stad kies ook om by hulle in te skakel. Die fonds word aangewend as bydrae tot die organisering en bediening vir naskoolse jongmense.

~~30.3 Hierdie kollekte word aangewend vir die organisering van alle jeugaktiwiteite van die kerk.~~

~~31. VENNOOTSKAPPE: MULTIKULTURELE BEDIENING (BINNE LANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)~~

~~31.1 Die Fonds vir Vennootskappe: Multikulturele Bediening word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.~~

~~31.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem.~~

~~31.3 Die studentekerk bedien nie slegs NG Kerk studente nie. 'n Groot aantal naskoolse jongmense in die stad kies ook om by hulle in te skakel. Die fonds word aangewend as bydrae tot die salarisse van die studenteleraars.~~

~~32. SINODALE PENSIOENFONDS (SPF)~~

~~32.1 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte vir die Sinodale Pensioenfonds op te neem. Die Fonds voorsien aftree-, ongeskiktheids- en sterftevoordele aan 69~~

~~sy deelhebbers. Die kollekte dien ter stywing van die fondse van die Sinodale Pensioenfonds.~~

~~32.2 Ampshalwe en volgens bepaling van die Reglement, is die : Ondersteuning ook die gevolmagtigde Hoofbeampte van die Sinodale Pensioenfonds. Die kollekte word aangewend vir kostes van die fonds om ledebydraes te spaar.~~

~~32.3 Die Sinodale Pensioenfonds word volgens die Wet op Pensioenfondse as 'n aparte Bediening, met eie regspersoonlikheid, eie bates en laste en sekuriteite en eie bankrekening, geadministreer.~~

~~33~~29. ~~.~~ FONDS VIR EREDIENS

~~33~~29.1 Die Fonds vir die Eredienskommissie word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

29~~33~~.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n bydrae van R350.00 aan die fonds te maak.

29~~33~~.3 Die fonds word onder andere aangewend vir die bevordering van die kerklied. Sake soos kerksang en -musiek, formuliere en die sinvolle inkleding van die liturgie, word deur die Erediens Netwerk hanteer.

30~~4~~.~~-~~ FONDS VIR VROUELIDMATE

3~~4~~0.1 Die Fonds vir Vrouelidmate word beheer deur Visionering en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

3~~4~~0.2 Elke gemeente is verplig om verkieslik op Moedersdag 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem. Fondse word aangewend om vrouelidmate toe te rus en te bemagtig. Hierdie Fonds is opgeneem in Beursfonds vir Teologiese Opleiding: Gemeenteleraars.

35~~1~~. ~~HOSPITAALBEDIENING~~ ENGO

31~~5~~.1 Die Sinodale Kerkkantoor neem vier kollektes op vir Engo soos ooreengekom in die ooreenkoms tussen die NG Kerk Vrystaat en Engo.

32~~7~~. FONDS VIR BEDIENINGSBEGELEIDING

3~~7~~2.1 Die Fonds vir Gemeentebediening word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning. 70

3237~~.2~~ Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n bydrae vir hierdie fonds oor te betaal.

37~~3~~2.3 Die opbrengs van die fonds word ~~ooreenkomstig die besluit van die 2005 Sinode~~ aangewend om die werksaamhede van Bedieningsbegeleiding te help befonds.

33~~8~~. PREDIKANTEBEGELEIDING

338.1 Die Fonds vir Predikantebegeleiding word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

338.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks óf 'n kollekte vir hierdie fonds op te neem óf jaarliks 'n bydrae uit gemeentefondse tot gemelde fonds te maak.

338.3 Die Fonds word deur Bedieningsbegeleiding gebruik om predikante te versorg en toe te rus.

~~**39. VENNOOTSKAPPE: VENNOOTSKAPPE: VGK VRYSTAAT (BINNELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)**~~

~~39.1 Die Vennootskappe: NGKA Vrystaat Botshabelo word beheer deur Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.~~

~~39.2 Die kollekte word soos die naam aandui, in Botshabelo in Vennootskap met die NGKA Vrystaat aangewend. Botshabelo vorm deel van die binnelandse getuienisaksie. Die kollekte word ook gebruik om die Fondse van Vennootskappe: NGKA (Vrystaat) te versterk.~~

~~40~~34. JONK VRYSTAAT: KATEGESE

~~40~~34.1 Die Fonds vir JONK Vrystaat word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

34~~40~~.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks 'n kollekte tydens die biddag vir dooplidmate gedurende Junie, vir die fonds van JONK op te neem.

34~~40~~.3 'n Bydrae tot gemelde fonds soos van tyd tot tyd deur JONK Vrystaat bepaal op grond van die aantal kinders in die betrokke gemeentes se kategeseskool, moet ook gemaak word (tans R25 pj per 100 kinders).

34~~40~~.4 Fondse ontvang, word aangewend vir die organisering en stimulering van alle jeugaksies van die kerk, studerende jeug, werkende jongmense en kategeseskole. Die aanbieding van geestelike leierskursusse, skoolverlaterskampe, hoërskool-kampe en #Imagine, word ondersteun.

35~~43~~. VERDERE FONDSE

~~43~~35.1 Die Sinode bring van tyd tot tyd verdere fondse tot stand soos benodig vir kerklike werksaamhede, welke fondse beheer en geadministreer word soos deur die Sinode bepaal.

12. REGLEMENT VIR DIE HELPMEKAAR VRYSTAAT BEURSFONDS

1. ’n Aansoek om ’n studiebeurs en die meegaande korrespondensie moet gerig word aan die ~~Hoof Uitvoerende Beampte~~ PSD: Ondersteuning en moet die Sinodale Kerkkantoor bereik voor 31 Januarie van die betrokke studiejaar.
2. Slegs studente –
   - van wie die ouers of voogde in die Vrystaat woon;
   - wat self ’n lidmaat is van ’n gemeente in die NG Kerk-familie;
   - wat ingeskryf is vir studie op ’n tersiêre vlak tot en met die verwerwing van ’n eerste graad (NQF 5 – 7) en vir ’n kursus wat SAQA (South African Qualifications Authority) geakkrediteer is;
   - wat voltyds studeer; en
   - wat by voorkeur aan ’n Vrystaatse instansie vir tersiêre opleiding studeer
3. sal in aanmerking kom vir ’n toekenning uit hierdie fonds.
4. Indien fondse dit toelaat, kan studente wat tot die breër familie van Gereformeerde kerke in Suid-Afrika behoort, ook uit hierdie fonds gehelp word.
5. Studente moet elke jaar opnuut aansoek doen vir ’n beurs.
6. Met die opneem van die beurs onderteken die student ’n toekenningsooreenkoms waarin ook die voorwaardes van die beurstoekenning aanvaar word, en wat op die volgende neerkom:
   - bevredigende akademiese vordering in die betrokke kursus soos bevestig in die jongste eksamenuitslae of deurlopende assessering;
   - goeie getuienis rakende algemene optrede; en
   - gunstige bewys van deelname aan die Helpmekaar Uitreik-Aksie.
7. Van beurshouers word verwag om deel te neem aan die Helpmekaar Uitreikaksie deur in ’n tuis- of studentegemeente diens te lewer byvoorbeeld as kerkraadslid, kategeet, lid van ’n begeleidings/ sanggroep, ~~omgeegroep,~~ sopkombuis ens. of ten minste twee keer in die eerste~~per~~ semester deel te wees van ’n diensleweringsprojek deur ’n gemeenskapsorganisasie van sy/haar keuse – en om van hierdie dienslewering deur sy/haar gemeenteleraar ’n kort skriftelike verslag aan die Sinodale Kerkkantoor te laat toekom. Hierdie deelname moet deur ’n predikant of die hoof van die instansie wat die uitreik organiseer, bevestig word.
8. Uitbetaling geskied halfjaarliks vooruit met ontvangs van bewys van voldoening aan die bogenoemde voorwaardes.
9. Ingeval dit mag gebeur dat ’n student nie bevredigend aan bogenoemde voorwaardes voldoen of onder normale omstandighede bevredigend vorder nie, sal die uitbetaling van toegestane beursgelde in daardie betrokke jaar gestaak word.
10. Ingeval dit mag gebeur dat ’n beurshouer van kursus/studierigting verander, is dit nie vanselfsprekend dat die beurs aan hom/haar toegeken, vir ’n volgende jaar voortgesit sal word sonder behoorlike motivering deur die student waarom ’n kursusverandering nodig was of gebeur het en die Beurskomitee dit goedkeur nie.
11. Ingeval dit gebeur dat ’n student nie sy/haar finale eksamens in ’n studiejaar slaag nie, sal hy/sy die toekenning vir die volgende studiejaar verbeur.

13. REGLEMENT VIR BEURSFONDS

13.1 Reglement vir die Beursfonds vir Teologiese Opleiding: Gemeenteleraars

1. 'n Aansoek om 'n studiebeurs en die meegaande korrespondensie moet gerig word aan die ~~Uitvoerende Amptenaar~~ PSD: Ondersteuning en moet die Sinodale Kerkkantoor bereik voor 31 Januarie van die betrokke studiejaar.
2. Sodanige aansoek moet vergesel wees van die volgende dokumentasie:
   - 'n Bewys van lidmaatskap van 'n gemeente in die NG Kerk-familie (NGK, VGKSA, NGKA of RCA);
   - getuigskrif van die leraar van die aansoeker se tuisgemeente waarin daar onder andere vermelding is van die aansoeker se roeping en voorneme tot teologiese opleiding; en
   - bewys van die nodige akademiese kwalifikasies wat as minimum-vereiste vir toelating tot die betrokke opleidingsbaan geld (bv matrieksertifikaat ens.)
3. By oorweging van 'n aansoek vir 'n studiebeurs word die volgende kriteria in ag geneem:
   - Lidmaatskap van 'n gemeente in die familie van NG Kerke;
   - Inskrywing vir akademiese opleiding in die teologie aan die Universiteit van die Vrystaat (Fakulteit Teologie en Religie);
   - Inskrywing vir kerklike vorming en - begeleiding in en deur die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat;
   - In die geval van inskrywing vir die gebruiklike B- en M-graad in Teologie of die ~~BDiv-, MDiv- en~~ Nagraadse Diploma in Teologie met die oog daarop om gelegitimeer te word as 'n gemeenteleraar gaan dit eerstens om voltydse studente;
   - In alle gevalle word die verdienstelikheid van 'n beursaansoek en die finansiële ondersteuning waaroor 'n student mag beskik, in ag geneem en kom studente wat oor beperkte middele beskik, eerstens in aanmerking vir hulp.
4. ~~By die toekenning van 'n studiebeurs word aan 'n student die versekering gegee dat sodanige beurs beskikbaar sal bly vir die volle vereiste tydperk wat op sy/haar opleidingsbaan van toepassing is (bv. BTh 3 jaar, BDiv 4 jaar, MDiv 1 jaar, Nagraadse Diploma 1 jaar ens), mits die student deurgaans bewys bly lewer van bevredigende akademiese vordering en voldoening aan die vereistes vir kerklike vorming en -begeleiding in die Seminarium.~~
5. ~~4.~~ Studente moet elke jaar opnuut aansoek doen vir 'n beurs.
6. ~~5.~~ Met die opneem van die beurs onderteken die student 'n toekenningsooreenkoms waarin ook die voorwaardes van die beurstoekenning aanvaar word, en wat op die volgende neerkom:
   - bevredigende akademiese vordering in die betrokke kursus soos bevestig in die jongste eksamenuitslae of deurlopende assessering;
   - bevredigende vordering in die programme vir kerklike vorming en -begeleiding soos aangebied deur die Seminarium en skriftelik bevestig deur die betrokke Kuratorium;
   - goeie getuienis rakende algemene optrede; en
   - gunstige bewys van inskakeling en meelewing by 'n gemeente in die NG Kerk-familie soos skriftelik bevestig deur sy/haar mentorpredikant.
7. ~~6.~~ Uitbetaling geskied halfjaarliks vooruit met ontvangs van bewys van voldoening aan die bogenoemde voorwaardes.
8. ~~7.~~ Ingeval dit mag gebeur dat 'n student nie bevredigend aan bogenoemde voorwaardes voldoen of onder normale omstandighede bevredigend vorder nie, sal die uitbetaling van toegestane beursgelde in daardie betrokke jaar gestaak word.
9. ~~8.~~ Ingeval dit gebeur dat 'n student nie sy/haar finale eksamens onder normale omstandighede in 'n studiejaar slaag nie, sal hy/ sy die toekenning vir die volgende studiejaar verbeur.

13.2 Reglement vir die Beursfonds vir Nagraadse Teologiese Studie

1. 'n Aansoek om 'n studiebeurs vir nagraadse studie in die Teologie, en die meegaande korrespondensie moet gerig word aan die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning en moet die Sinodale Kerkkantoor bereik voor 31 Januarie van die betrokke studiejaar.
2. Beurse word beskikbaar gestel met die doel om navorsing te bevorder in 'n spesifieke teologiese dissipline of 'n keuse wat verband hou met of fokus op die wese, ontwikkeling en volhoubaarheid van gemeentes. In sommige gevalle, en op die diskresie van die beurskomitee, kan 'n beurs aangebied word aan kandidate om navorsing te doen binne 'n spesifieke veld wat tot belang is van die kerk.
3. Die beurse sal beskikbaar wees vir leraars binne die NG Kerk- familie en wat dien binne 'n gemeente, of 'n sinodale posisie beklee, en met die oog op nagraadse studies by voorkeur aan die Fakulteit Teologie en Religie aan die UV, of ~~- indien daar verdere fondse beskikbaar is --~~ aan 'n ander fakulteit van teologie of kollege binne die grense van Suid-Afrika. ~~en Namibië.~~

~~4. Daar word 'n bedrag van R50 000 per jaar binne hierdie Beursfonds gereserveer, bekend as die Jaap Durand Stipendium vir Gereformeerde Teologie, en wat uitsluitlik beskikbaar is vir studie- of navorsingsprojekte van hetsy studente of dosente aan die Universiteit van die Vrystaat en in gereformeerde teologie in enige van die vakgebiede, waarvoor aansoek gedoen kan word via die Fakulteitskomitee en die Kuratorium, en wat ook konferensies en/of die aankope van boeke in hierdie velde, kan insluit.~~

~~5.~~4. Die beurse sal beskikbaar wees vir nagraadse studie soos 'n M.Th., Ph.D. (Teologie), D.Th. of DPhil en kan dit vir 'n gestruktureerde program of verhandeling oorweeg word. Kandidate moet bewys lewer van:

- met die oog op 'n Meestersgraad: 'n Honneursgraad in dieselfde- of nou verwante veld van ondersoek;
- met die oog op 'n Doktorsgraad: 'n Magister in dieselfde- of nou verwante veld van ondersoek.

~~6. In die geval van 'n gestruktureerde program, moet die aansoek vergesel word deur 'n skrywe van die betrokke Kuratorium of Seminarium wat hierdie studie ondersteun; in die geval van gefokusde navorsing (bv in 'n verhandeling), moet die aansoekvorm vergesel word van 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel en skrywe van die studieleier oor hoe die nodige literatuur en/of empiriese werk gedoen gaan word.~~

~~7.~~5. By oorweging van 'n aansoek vir 'n studiebeurs word – in alle gevalle – die meriete van die navorsing in ag geneem, asook die verdienstelikheid of dan finansiële behoefte en beskikbare middele van die student.

~~8.~~6. Beurse word vir 'n maksimum van 5~~4~~ jaar aan 'n student toegeken – 2 jaar vir M-studies en 3~~2~~ jaar vir D-studies.

~~9.~~7. Studente moet elke jaar opnuut aansoek doen vir 'n beurs;

~~10.~~8. Uitbetaling geskied eenmalig vooruit met ontvangs van bewys van registrasie en voldoening aan die bogenoemde voorwaardes.

13.3 Reglement vir die Beursfonds vir Diverse Teologiese Opleiding

1. Beurse word beskikbaar gestel aan persone wat hulself wil bekwaam as diensleraars, bedienaars of tweede loopbaan studente, en die seminariumopleiding vir kerklike vorming wil deurloop aan die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat.

~~2. 'n Aansoek om 'n studiebeurs en die meegaande korrespondensie moet gerig word aan die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning en moet die Sinodale Kerkkantoor bereik voor 31 Januarie van die betrokke studiejaar.~~

~~3.~~2. Die aansoek proses verloop as volg:

- Indien 'n student nie die koste van hierdie kursus uit eie fondse kan dek nie kan die student aansoek doen by sy/haar sturende gemeente om finansiële hulp vir hierdie studie en moet bewys lewer dat dit nie uit eie fondse gedek kan word nie
- indien die gemeente nie in staat is om die student finansieel by te staan nie kan 'n skrywe aan die Ring gerig word om aansoek te doen om die student uit Ringsfondse by te staan met bewys dat die gemeente nie daartoe in staat is nie (die bewyse soos deurgegee aan die gemeente word ook hierby aangeheg)
- indien die Ring nie in staat is om die student te help nie word 'n skrywe aan die Kuratorium van die student gerig om aansoek te doen vir hulp uit hierdie fonds met bewys dat die Ring nie daartoe in staat is nie (die bewyse soos deurgegee aan die Ring word ook hierby aangeheg); en
- die Kuratorium rig dan 'n skrywe aan die Beurskomitee om aansoek te doen vir 'n toekenning uit hierdie fonds met bogenoemde bewyse aangeheg. Die beurskomitee sal dan elke aansoek op meriete hanteer.

~~4.~~3. Toekennings uit hierdie beursfonds word gemaak binne die beskikbaarheid van fondse in hierdie spesifieke Beursfonds, en met inagneming van finansiële ondersteuning waaroor die betrokke aansoeker uit eie- en/of gemeentelike- en/of ringsfondse beskik.

~~5. Met die opneem van die beurs onderteken die student 'n toekenningsooreenkoms waarin ook die voorwaardes van die beurstoekenning aanvaar word, en wat op die volgende neerkom: - bevredigende vordering in die programme vir kerklike vorming- en begeleiding soos aangebied deur die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat en skriftelik bevestig deur die Kuratorium;~~

~~6.~~4. 'n Student kan slegs eenmalig uit hierdie fonds gehelp word.

~~7. Uitbetaling geskied halfjaarliks vooruit, by ontvangs van 'n bewys van voldoening aan al die bogenoemde voorwaardes.~~

13.4 Reglement vir die Teologiese Studente Bystandsfonds

1. Die opbrengs van hierdie fonds word beskikbaar gestel aan hulpbehoewende studente wat teologie studeer met die doel om hulle te bekwaam vir die bediening en wat in die proses addisionele kostes moes aangaan en/of weens buitengewone omstandighede nood beleef ten opsigte van lewensonderhoud tydens hul studiejaar.
2. Bystand word beskikbaar gestel aan teologie studente uit die familie van gereformeerde kerke wat ingeskryf is vir voltydse, voorgraadse studies (bv BTh, BDiv) of nagraadse kwalifikasies soos 'n B- en M-graad in Teologie of die BDiv-, MDiv- en Nagraadse Diploma in Teologie met die oog daarop om gelegitimeer te word as 'n gemeenteleraar~~MDiv, Nagraadse Diploma en MThprogramme met die oog op toelating tot die bediening~~.
3. Bystand uit hierdie fonds is ook beskikbaar aan buitelandse studente uit kerke van gereformeerde belydenis en wat ingeskryf is vir doktorale studies, maar indien dit gaan om kontaksessies met studieleiers word slegs vir 'n tydperk van 14 dae voorsiening gemaak.
4. Bystand uit hierdie fonds kan, sou daar wel nog van die opbrengs beskikbaar wees, aangewend word om studente wat finansiële nood beleef weens uitstaande akademiese- en verblyfsrekeninge teweeggebring is, te hulp te kom.
5. Studente wat hiervoor wil aansoek doen moet met die kantoor van Vennote in Getuienis in verbinding tree en die volgende sal oorweeg word:
   - Is die student 'n aktiewe lid van sy/haar gemeente?
   - Watter ondersteuningsnetwerk is beskikbaar vir die student?

- Is die nood maandeliks, jaarliks of interim van aard?

6. Die betrokke Kuratorium moet ’n skrywe aan die kantoor van Vennote in Getuienis rig met 'n versoek vir hulp uit hierdie fonds.
7. Verslag van uitbetalings moet aan die Beurskomitee gelewer word.

14. REGLEMENTE VIR DIE SINODALE ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENS

1. BELEID

1.1 In ooreenstemming met die karakter van die kerk het haar Argief- en Inligtingsdiens primêr 'n kerklike doelstelling en grondslag. Dit is verder op 'n teologies-wetenskaplike en 'n sekulêr-wetenskaplike diens ingestel.

1.2 Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om haar funksies op 'n kerklik-verantwoordelike wyse voort te sit.

1.3 Die versameling, bewaring en gebruik van argiefmateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur sy kerk in 'n bepaalde gebied.

1.4 In hierdie verband beteken argiefmateriaal: dié dokumente of alle ander materiaal wat inligting oor gemeentes, ringe, sinodes en hulle kommissies, sowel as kerklike inrigtings wat binne hulle grense val, bevat. Dit behels alle skriftelike inligting van die NG Kerk Vrystaat.

1.5 As sodanig staan die Argief- en Inligtingdiens as 'n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die Kerk en haar verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die geskiedenis van die NG Kerk Vrystaat en haar werksaamhede.

1.6 In hierdie verband kan die waarde van museummateriaal nie onderskat word nie. Hierdie materiaal (kulturele aspekte, mondelinge oorleweringe, ens) kan bydra tot 'n meer volledige verstaan en beskrywing van die kerk.

1.7 Derhalwe beywer die Argief- en Inligtingsdiens hom daarvoor om gemeentes op te skerp om:

1.8 sodanige materiaal vir die plaaslike kerk te bewaar en uit te stal; en

1.9 hierdie materiaal aan die Argief te skenk vir veilige bewaring.

2. IMPLEMENTERING VAN DIE ARGIEF- EN INLIGTINGSBELEID IN DIE NG KERK VRYSTAAT

2.1 Algemeen

2.1.1 Vir die doelmatige argiefwerksaamheid het kerkrade, ringe, sinodes en ander argief-lewerende instansies die volgende verantwoordelikhede:

2.1.2 die voorsiening van goedversorgde en gedokumenteerde inligting met gebruikmaking van die voorgeskrewe riglyne vir liassering soos deur die Argief opgestel;

2.1.3 die gebruikmaking van netjiese en leesbare skrif in 'n ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie;

2.1.4 rekenaaruitdrukke van 'n goeie letterkwaliteit (nie ligte of vinnige druk "draft" nie) of laserdruk;

2.1.5 die gebruik van duursame papier, verkieslik A4-formaat van 120 gram of meer;

2.1.6 skryf- of drukwerk verkieslik op albei kante van die papier met 'n oop ruimte van ongeveer 3 cm aan weerskante van die teks;

2.1.7 die volledige datering, ondertekening en/of parafering en stempel van alle dokumente soos die Argief dit vereis;

2.1.8 die inagneming van die noodsaaklikheid van ruimtebesparing in die Argief deur die stelselmatige vernietiging van efemere materiaal soos deur die Argivaris/ Argiefkommissie bepaal;

2.1.9 die inlewering van argiefmateriaal by die Sinodale Argief onder die dekking van 'n behoorlike oorplasingslys en waar nodig, met vermelding van wat ontbreek;

2.1.10 duidelike aanduiding en opdrag te gee ten opsigte van dokumente wat geslote moet bly en waartoe toestemming deur die Sinode of Sinodale Kommissie of Ring of Kerkraad of

Argiefskeppende Instansie verkry moet word voordat dokumente verskaf of geopen kan word.

2.2 Die taakgroep vir Argief- en Inligtingsdiens het reg van koöpsie en is belas met:

2.2.1 die nodige advies aan die Sinode vir die voorsiening van 'n doelmatige argiefbewaarplek en kundige personeel;

2.2.2 die nodige leiding aan die Sinode insake die versameling, versorging, bewaring en gebruik van argiefmateriaal en implementering en benutting van die rekenaar in dié verband;

2.2.3 reëlings om argiefmateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike kommissies en -inrigtings in die sinodale argiefbewaarplek te versamel vir bewaring;

2.2.4 die verkryging van belangrike publikasies vir die Argief;

2.2.5 die toesig oor die werk van die Argief- en Inligtingsbeampte, as uitvoerende beampte, én die argiefpersoneel;

2.2.6 die opstel van 'n verslag oor die werk in die Argief- en Inligtingskantoor aan elke vergadering van die Sinode, plus 'n begroting van inkomstes en uitgawes aan die betrokke bediening en Sinode; en

2.2.7 die finale beslissing oor die moontlike vernietiging van efemere stukke.

3. ARGIEF- EN INLIGTINGSBEAMPTE

Die Sinode of Raad van ~~die Bediening vir~~ Ondersteuning benoem 'n Argief- en Inligtingsbeampte wat:

3.1 alle dienste op sy/haar terrein op 'n deeglike en wetenskaplike wyse uitbou;

3.2 alle take in verband met die versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasies vervul, met die verantwoordelikheid om:

3.2.1 kerkrade, ringe, die Sinode en kerklike bedieninge argiefbewus te maak en op die inlewering van die betrokke materiaal by die betrokke sinodale argiefbewaarplek aan te dring;

3.2.2 aan te dring op die vervanging en/of verbetering van argiefmateriaal wat nie aan die voorskrifte van hierdie handleiding en/of aan die algemeen aanvaarde argiefvereistes voldoen nie;

3.2.3 aanwinste skriftelik te erken;

3.2.4 sovêr moontlik alle beskadigde stukke vakkundig te laat herstel;

3.2.5 mettertyd alle argiefmateriaal volgens 'n aanvaarde beginsel te laat inbind;

3.2.6 toesien dat alle bande, bundels, lêers en ander argiefstukke stelselmatig genumereer en op inventaris geplaas word;

3.2.7 toesien dat die nodige vindmiddels vir argiefstukke opgestel word;

3.2.8 teen navorsingsfooie uittreksels uit argiefstukke te voorsien;

3.2.9 die noodsaaklikheid van die versigtige hantering van argiefstukke by navorsers tuis te bring;

3.2.10 toesien dat argiefmateriaal nie uit die Argief gaan nie;

3.2.11 toesien dat geslote stukke slegs met toestemming van die Argieflewerende instansie (Sinode of Moderamen of Ring of Kerkraad) geopen of beskikbaar gestel kan word.

3.3 'n Vakkundige op die terrein van die argiefwetenskap moet wees en 'n grondige kennis van die kerk moet hê, maar nie 'n leraar hoef te wees nie;

3.4 by die Sinode se pensioen- en mediese fonds ingeskakel word;

3.5 aan elke gewone vergadering van die Raad van ~~die Bediening vir~~ Ondersteuning oor sy/haar werk verslag doen;

3.6 sinodale vergadering met 'n adviserende stem bywoon;

3.7 'n student op sy/haar arbeidsterrein moet bly en die nodige in-diens-opleiding in sy/haar departement behartig;

3.8 rekordbeheer binne die sinodale gebied toepas wat behels die leiding met betrekking tot:

3.8.1 argiefwaardige- en efemere stukke;

3.8.2 'n liasseerstelsel;

3.8.3 die besorg van argiefmateriaal aan die sinodale argiefbewaarplek; en

3.8.4 deur sporadiese besoeke of werkswinkels in die argiefbewaarplek aan predikante, die betrokke gemeentelike amptenare en kerkraadskommissies leiding gee met betrekking tot kerklike argiefwese.

3.9 Sorg vir die indiening van "In Memoriam"-verslag".

3.9.1 Elke Sinodale Argief- en Inligtingskantoor skakel aan die begin van elke kalenderjaar met die betrokke pensioenfondse van die sinode/s wat hulle bedien met die sterfte-kennisgewings van die voorafgaande jaar.

3.9.2 Die kantoor maak dan 'n lys van die sinodes waarin die oorledene gedien het.

3.9.3 'n Kopie van dié lys word voor 31 Januarie van elke jaar aan al die betrokke sinodes se skribas (of persoon verantwoordelik vir die In Memoriamverslag) gestuur waar die persoon in diens was.

4. DIE MODERAMEN, SINODALE BEDIENINGE EN ANDER KERKLIKE INSTANSIES

4.1 Die lede van die Moderamen (skriba), skribas van alle sinodale bedieninge, sinodale amptenare wat verantwoordelikheid beklee by diensaksies, verenigings, inrigtings, institute, byeenkomste, maatskappye, trusts, pensioenfondse, skemas, kerkkantore, rade en dies meer moet van tyd tot tyd soos in hierdie reglement gestel, alle argivalia by die Argief inlewer of daarmee handel soos onderling met die Argief- en Inligtingsbeampte ooreengekom. Dit behels behoorlike ondertekende, geparafeerde, gedateerde en genumereerde agendas, notules en bylaes, sistematies en argivalies korrek geliasseerde korrespondensie, aktes, registers, finansiële stukke, alle stukke wat betrekking het op die interne funksionering en kronologie van werksaamhede, statistiek en gegewens, manuskripte, aantekeninge en dies meer.

4.2 Die Skriba van die Sinode het die verantwoordelikheid om so gou moontlik ná elke sinodesitting die gepubliseerde Agenda, Handelinge en *Kerkorde* aan die Argief vir bewaring te besorg.

5 DIE RING

Die ring benoem 'n Argief- en Inligtingskommissie wat moet toesien dat:

5.1 die ring oor 'n doeltreffende argiefstelsel beskik waarby ingesluit is afskrifte van die ring en ringskommissies se behoorlik ondertekende notules, stukke in verband met die ring se administrasiefonds en 'n doelmatige liasseersisteem (en korrespondensie indien nodig), asook die nodige geriewe daarvoor;

5.2 binne twee maande na elke ringsitting die oorspronklike notules van die vergadering, asook alle korrespondensie vir die betrokke ringsjaar (indien moontlik) onder dekking van die voorgeskrewe inventarisvorm (met vermelding van wat ontbreek), aan die Argief gestuur word;

5.3 alle stukke wat vir verbetering/aanvulling/vervanging terugverwys is, so gou moontlik na ontvangs en noukeurige kontrolering deur die ringskommissie aan die Argief- en Inligtingskantoor gestuur word;

5.4 die argief van die gasheergemeente tydens ringsittings nagegaan word; en daar moet aandag gegee word aan die volgende materiaal by die Gemeentekantoor: Notules (Kerkraad, Kommissies, Gemeentelike Aksies), Verslae van Kerkraadskommissies, Dooplidmaat- en Belydende Lidmaat Registers, Attestate en Lidmatebewyse, Teenblaaie van Attestate / Lidmaatbewyse en Doopseëls uitgereik, Huweliksregisters, Konsistorieboeke, Kerkraadsregisters, Aankondigingsboeke, Verlofregister, Korrespondensie, Liassering, Foto's, Plakboeke, Foto-albums en Museumuitstalling;

5.5 in samewerking met die sinodale Argief- en Inligtingsbeampte aan kerkraadsargief-kommissies leiding gegee word met betrekking tot die ordening, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief, die vernietiging van efemere stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die sinodale argiefbewaarplek en alle ander verpligtinge;

5.6 die Ringskriba behoorlik ingelig is oor sy verpligtinge soos beliggaam in die argiefreglement;

5.7 handtekeninge onder aan notules en verslae volledig is en 'n duidelike eenheid met die notule en verslae vorm;

5.8 volledige verduidelikings verstrek word waar verslae en ander dokumente nie volledig onderteken kon word nie;

5.9 alle oorspronklike stukke, onder meer notules, verslae en korrespondensie by die Ringskriba vir ordening en versending na die Argief ingelewer word;

5.10 alle verslae en notules duidelike en volledige opskrifte het met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring, gemeente, kommissie, diensaksies en dies meer, asook die datum van die vergadering en/of verslag;

5.11 ringsnotules en verslae korrek en deurlopend genumereer word;

5.12 ringstukke in die volgorde van die inventaris georden word en daarop afgemerk word (met vermelding van wat ontbreek), voordat dit aan die Argief- en Inligtingskantoor versend word;

5.13 die nodige besonderhede oor die ring jaarliks aan die samesteller van die Jaarboek gestuur word;

5.14 'n besluiteregister tydens die ringsvergadering opgestel word;

5.15 'n indeks op ringsbesluite bygehou word;

5.16 wanneer 'n nuwe Ringskriba benoem word, alle materiaal insake die ring deur die uittredende Ringskriba aan die nuwe Ringskriba oorhandig word;

5.17 stukke in verband met buitengewone vergaderings/ringsittings óók aan die Argief- en Inligtingskantoor oorgedra word;

5.18 geslote dokumente duidelik gemerk word en opdrag gegee is aan Argief- en Inligtingskantoor vir sluiting van dokumente en slegs geopen mag word met toestemming van die spesifieke Ring.

6 DIE KERKRAAD

Elke kerkraad benoem 'n Argiefkommissie waarvan die skriba/kassier, skriba of saakgelastigde ampshalwe lid is en wat moet toesien dat

6.1 die gemeente oor 'n doeltreffende argiefstelsel beskik, waarby ingesluit is 'n doelmatige, geordende liasseersisteem en inventaris, asook die nodige geriewe daarvoor;

6.2 dat daar aan al die kerklike en argivaliese vereistes vir die betrokke materiaal en dienste voldoen word deurdat:

6.3 Die handelinge van die kerkraad, sy kommissies, diensaksies en ander gemeentelike vergaderings in ’n behoorlike, goed versorgde en argivalies aanvaarbare notuleboek, of notulelêer aangeteken en die betrokke bylaes daarby gevoeg word;

6.4 museummateriaal versamel en versorg word;

6.5 dooplidmaat-, lidmaat- en huweliksregisters op datum gehou en versorg word;

6.6 alle ander belangrike argiewe, byvoorbeeld konsistorieboeke, aankondigingsboeke en korrespondensie behoorlik versorg en bewaar word;

6.7 regstellings, wysigings of versuimde inskrywings in die registers korrek aangebring word nadat die aansoeke met die nodige bewysstukke, deur die kerkraad en Argief- en Inligtingskantoor goedgekeur is;

6.8 gemeentelike verslae volgens die kerklike bepalings opgestel en op die bestemde tyd aan die Argief- en Inligtingskantoor besorg word;

6.9 sorgvuldig gekontroleerde, gekorrigeerde, geparafeerde en ondertekende afskrifte van die dooplidmaat- en lidmaatregisters en ook die huweliksregister en fotostate uit die predikant se BI-30 huweliksboek op bepaalde tye op voorgeskrewe blaaie aangebring en na die Argief- en Inligtingskantoor gestuur word;

6.10 al bogenoemde argiefmateriaal, asook enige ander waartoe ooreengekom is, vir veilige bewaring, versorging en oordeelkundige gebruik deur navorsers aan die Argief- en Inligtingskantoor toevertrou word;

6.11 alle stukke wat deur die Argief- en Inligtingskantoor vir verbetering/aanvulling/vervanging na gemeentes terugverwys is, binne vier weke na die vergadering in die verlangde toestand aan die Argief- en Inligtingskantoor besorg word;

6.12 skriftelike en mondelinge oorkondes wat 'n bydrae kan lewer tot die getuienis van die handelinge van God met sy kerk, bewaar en aan die Argief- en Inligtingskantoor besorg word; en

6.13 geslote dokumente duidelik gemerk word en opdrag gegee is aan Argief- en Inligtingskantoor vir sluiting van dokumente en slegs geopen mag word met toestemming van die spesifieke kerkraad.

6.14 ’n inventaris van Inligtingsbronne wat voldoen aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) opgestel en jaarliks bygehou word vir deursending aan die Argief- en Inligtingskantoor.

6.15 voldoen word aan die vereistes gestel in die Nasionale Erfeniswet (Wet 215 25 van 1999 en aangevul in Goewermentskennisgewing Nr. 1313 van 25.10.2002); wat alle strukture – of gedeelte daarvan – wat ouer is as 60 jaar, beheer en wat bepaal dat geen “erfenisobjek” (boeke, manuskripte, dokumente, argivalia, kaarte, afdrukke, foto’s, films, klankmateriaal en enige materiaal wat uniek is en wat die mondelinge geskiedenis van Suid-Afrika aanvul) sonder toestemming of ’n permit vervreem, vernietig, beskadig, bekrap, verander, gerestoureer of herstel mag word nie;

6.16 in samewerking met die kerkraad leiding gegee word met betrekking tot die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief, die vernietiging van wegdoenbare stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die argief en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Ned Geref Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer.

7 REGISTERS

7.1 ALGEMEEN

7.1.1 Gegewens moet deeglik nagegaan word voordat ’n inskrywing in enige register gemaak word.

7.1.2 Die name en vanne van persone en die name van gemeentes moet volledig en korrek verstrek word. Afkortings soos BFN vir Bloemfontein en PE vir Port Elizabeth, en populêr-gebruikte maar nie-amptelike name soos "Groote Kerk" vir Kaapstad en "Bosmanstraatkerk" vir Pretoria is ontoelaatbaar. Die korrekte name verskyn in die Kerk se Jaarboek.

7.1.3 Ten einde die juiste geboortedatum en die spelling van die name vir inskrywing in die register te verseker, moet die ouer(s) by die aanmelding vir die doop die dokument toon wat by die registrasie van die kind se geboorte uitgereik is. Dooplidmate moet voor belydenisaflegging ’n doopseël inlewer.

7.1.4 Datums word volgens die agtsyferstelsel en in die orde van die dag, maand, jaar geskryf, bv 3 April 1978 as 03.04.1978 en 15 November 1977 as 15.11.1977.

7.1.5 Geen herhalingstekens soos "do" of "ditto" is toelaatbaar nie.

7.1.6 Inskrywings in dooplidmate- en lidmateregister geskied in alfabetiese orde (dit wil sê alle vanne wat met dieselfde letter begin, moet saam gegroepeer word). Vanne soos Van der Merwe en Van Rensburg kom onder die letter V, maar ’n van soos Janse(n) van Rensburg, waar die Janse(n) ’n deel van die van uitmaak en die betrokke persoon dit self so gebruik, kom onder J.

7.1.7 Inskrywings moet genommer word.

7.1.8 Ter wille van ruimtebesparing word daar normaalweg geen reël tussen twee inskrywings in die dooplidmate- of lidmateregister oopgelaat nie. Hoogstens mag daar tussen registrasies wat met verskillende letters van die alfabet begin, ’n reël oopgelaat word.

7.1.9 Om dieselfde rede begin die inskrywings van elke volgende nuwe jaar of termyn nie telkens op ’n nuwe bladsy nie, maar hulle word hoogstens deur die ooplaat van ’n reël, met of sonder die toevoeging van die jaartal, aangedui of geskei. Dit is van toepassing op die oorspronklike handgeskrewe- en afskrifteregisters.

7.1.10 Inligting wat in die opmerkingskolom van die dooplidmateregister verstrek word, moet verklarend wees ten opsigte van buitengewone omstandighede wat die kerkregtelike posisie van die doopouers, dopeling of bedienaar van die doop raak, of wat op die wese en implikasie van die sakrament betrekking het.

7.1.11 Waar die vader of moeder bv nie ’n belydende lidmaat van ’n gemeente is nie, of om ’n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die dooplidmateregister aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie. In so ’n geval word met die opmerking “vader/moeder lê alleen belofte af” volstaan. Dit geld ook waar ’n ouer oorlede is of die ouers geskei is. Die name moet ingeskryf word met die nodige opmerking in die opmerkingskolom.

7.1.12 Waar by ’n registerinskrywing addisionele inligting van nut kan wees, mag dit in die opmerkingskolom aangeteken word, selfs al maak die handleiding nie spesifiek daarvoor voorsiening nie, hoewel die gestelde riglyn hierbo en in 7.1.13 eerbiedig moet word.

7.1.13 As algemene reël geld dat niks vermeld mag word wat lasterlik is of ’n stigma dra nie. Opmerkings soos "buite-egtelik", "vader onbekend" of "enkelouer" is heeltemal ontoelaatbaar.

7.1.14 Rektifikasie beteken om ’n fout in die register bv JOHANNIS tot JOHANNES of 20 April tot 21 April reg te stel. Naamsverandering beteken om 'n bepaalde voornaam of van bv PETRUS deur HERMANUS of CONRADIE deur NIENABER, soos dikwels by aanneming gebeur, te vervang. Versuimde registrasie beteken dat iemand se naam nie in die register ingeskryf is nie. Dit moet reggestel word deur die aanbring van versuimde inligting in die betrokke registers.

7.1.15 Aansoeke in verband met rektifikasie word per hardekopie (/per epos in PDF-formaat/ op die voorgeskrewe vorms (Bylae 3, vorm 12 of Bylae 3-vorm 13) en met die nodige bewysstukke/stawende dokumente ingedien by die kerkraad van die gemeente waar versuim plaasgevind het of in die geval van foutiewe inskrywing by die kerkraad waar lidmaat tans geregistreer is.

7.1.16 Ten opsigte van ’n regstelling en naamsverandering is die vereiste bewysstukke/stawende dokumente onder andere ’n identiteitsdokument. Vir ’n versuimde inskrywing moet skriftelike verklarings verkry word van twee betroubare en ongesensureerde lidmate, doopouers uitgesluit, dat die betrokke persoon wel gedoop is of belydenis afgelê het, plus ’n doop- of lidmaatskapkaart/ boekie.

7.1.17 'n Skriftelike verklaring deur die leraar wat die doop waargeneem het, vergesel van ’n afdruk van die betrokke bladsy in die doopkladboekie, kan in die geval van ’n versuimde doopinskrywing in plaas van bogenoemde verklaring ingelewer word. In die geval van versuimde lidmaatinskrywing is ’n verklaring deur die betrokke leraar plus die lidmaatkaart, in plaas van die verklarings, aanvaarbaar.

7.1.18 Nadat die kerkraad die aansoek op 'n wettig gekonstitueerde vergadering nagegaan en goedgekeur het, word dit én die bewysstukke met ’n aanbeveling na die Sinodale Argief- en Inligtingskantoor verwys vir goedkeuring.

7.1.19 Die skriba van die kerkraad bring die goedgekeurde wysiging in die oorspronklike register aan en die Sinodale Argief- en Inligtingskantoor sien toe dat dit op die afskrifte aangebring word.

7.1.20 Geen skrappinge in die register is toelaatbaar nie, maar die juiste besonderhede word met rooi bo die foutiewe gegewens, wat in alle gevalle met rooi onderstreep word, ingeskryf.

7.1.21 In die opmerkingskolom word daar, ook met rooi aangeteken: "Argief goedg. .....(datum)". Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit.

7.1.22 By versuimde registrasie word ná goedkeuring deur die Argief, die inskrywing in die register van die lopende jaar en in die gemeente waar die versuim plaasgevind het, gedoen. ’n Verduidelikende opmerking in die opmerkingskolom (vers. reg. Arg goedg. en die datum) word aangebring, tesame met ”n verwysingsnota in die register by die jaar waar die inskrywing moes plaasvind.

7.1.23 ’n Skryffout wat in die lopende jaar begaan is of enige ander geval waar rektifikasie nodig is, moet direk reggestel en deur die registerhouer geparafeer word. In die afskrifte word die korrekte besonderhede dan sonder meer oorgeskryf.

7.1.24 Alle wysiginge en/of aanvullings word in die huidige gemeente gedoen, BEHALWE IN DIE GEVAL VAN VERSUIMDE REGISTRASIE. Dit word by die gemeente gedoen waar die versuimde registrasie plaasgevind het en nadat die naam in die register ingeskryf is, word ’n oorplasing gedoen na die huidige gemeente.

7.2 DIE DOOPLIDMATEREGISTER

7.2.1 VOORNAAM EN VAN

7.2.1.1 Die dooplidmaat word geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument verskyn.

7.2.1.2 Die dooplidmaat se van word eerste ingeskryf en daarna die volledige voorname.

7.2.1.3 Slegs die moeder se nooiensvan word saam met haar volle voorname ingeskryf en nie haar getroude van nie, maar as haar nooiensvan en haar getroude van dieselfde is, word "geb" duidelikheidshalwe na haar van geskryf, bv "Dippenaar (geb Dippenaar)".

7.2.1.4 Alle voorname van ouers en dooplidmate word voluit geskryf.

7.2.2 BUITE-EGTELIKE KIND

7.2.2.1 Die dooplidmaat word langs die gewone weg geregistreer.

7.2.2.2 D~~Slegs d~~ie nooiensvan en voornaam van die moeder of die van en voornaame van die vader (na gelang van die situasie) word ingeskryf. Indien dit 'n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring, bv (nou Nel). Die reël vir die vader of moeder se naam word oopgelaat en in die opmerkingskolom word aangebring: Moeder of Vader lê alleen belofte af.

7.2.2.3 Indien die biologiese ouers ná die doop trou, word die dooplidmaat se van by die Departement van Binnelandse Sake verander. Daarna word daar aansoek om rektifikasie gedoen, sodat die dooplidmaat se van verander kan word om met die van van die biologiese vader ooreen te stem. Die vader se naam en van word ook ingeskryf.

7.2.3 AANGENOME KIND

7.2.3.1 Waar 'n dooplidmaat voor die doopbediening aangeneem is, word die dooplidmaat onder die van van die aannemende ouers ingeskryf. Die name van die aannemende ouers word voluit in die ouerkolom aangeteken.

7.2.3.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy dus 'n ander van kry, word aansoek om rektifikasie by die Argief gedoen, met die nodige bewyse van aanneming en vans-verandering. Na goedkeuring word in die opmerkingskolom aangedui "Arg. goedg. en die datum". Die name van die aannemende ouers word aangeteken, maar die name van die oorspronklike ouer(s)/biologiese ouer(s), mag onder geen omstandighede geskrap word nie. Met die aanbring van die nodige veranderings word die ou van, van die kind in rooi onderstreep, en die nuwe van word in rooi net bokant die ou van aangeteken. Die skriba parafeer daarnaas. Ter wille van die alfabetiese orde in die registers moet 'n verwysings in rooi van die nuwe van, na die ou van in die betrokke registers gemaak word, bv VAN DER MERWE, JOHANNES kyk JOOSTE, JOHANNES. By die uitreik van 'n doopseël word die name van die aannemende ouers ingevul.

7.2.4 VOLWASSE DOOP

7.2.4.1 In die geval van 'n volwassene wat by belydenisaflegging gedoop word, word die inskrywing in beide die Doop- en Lidmateregister gedoen. Die name van die ouers word steeds voluit in die Dooplidmateregister geskryf. Indien die name van die ouers onbekend is, word in die Ouerkolom aangeteken: "Name nie beskikbaar".

7.2.4.2 In die opmerkingskolom van die register vir belydende lidmate word aangeteken: "Na belydenis gedoop", KR en datum.

7.2.4.3 Die inskrywing van 'n getroude vrou geskied onder haar nooiensvan met die huidige van tussen hakies, byvoorbeeld (nou Nel).

7.2.5 BY HERTROUE

7.2.5.1 In die geval waar ’n weduwee of geskeide vrou weer trou en die kinders uit die vorige huwelik nog gedoop moet word, word die kinders geregistreer onder naam van die natuurlike (biologiese) vader, met die opmerking "oorlede op....." of "geskei op....." wat die geval mag wees, en die moeder se naam en nooiensvan.

7.2.5.2 Alleen indien die huidige vader langs geregtelike weë die kind(ers) op sy naam laat oorplaas het, met ander woorde wettiglik aangeneem het, kan die kinders by die doop onder sy naam geregistreer word. In so ’n geval moet die dokumentêre bewys (aannemingsdokument) aan die betrokke kerkraad voorgelê word.

7.2.5.3 Indien so ’n aanneming eers ná die doop plaasvind, moet langs die voorgeskrewe weg aansoek om naamsverandering in die dooplidmateregister gedoen word (kyk pt 16.3.2).

7.2.6 DOOPGETUIES

7.2.6.1 Die inskrywing van die name van doopgetuies word ontmoedig omdat dit geen kerklike doel dien nie.

7.2.6.2 Minstens die eerste naam van die doopgetuie word voluit geskryf. Die nooiensvan van die vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

7.2.7 DOOP IN ’N ANDER GEMEENTE

In die geval waar met toestemming van die plaaslike kerkraad die doop in ’n ander gemeente bedien word, registreer die registerhouer van die gemeente waar die doop plaasgevind het, die doop in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie in dié gemeente se dooplidmateregister. Die registerhouer wat die dooplidmaatskap oorplaas, skryf in die VERTREKKOLOM die naam van die gemeente en die datum. In die Opmerkingskolom word ingevoeg: Toest + naam van gemeente wat toestemming gegee het vir die doop.

7.2.8 VERTREK NA ’N ANDER GEMEENTE (OORPLASING)

Wanneer ’n dooplidmaat met of sonder sy/haar ouers na 'n ander gemeente vertrek, reik die registerhouer ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat in die nuwe gemeente ontvang, afgelees en in die dooplidmateregister ingeskryf word. Die geboortedatum en datum van doop en die naam van die leraar wat die doop waargeneem het, moet ook op die uitgereikte dooplidmaatskap verskyn.

7.2.9 DOOP AAN KINDERHUISKIND

7.2.9.1 Name van ouers: In alle gevalle word die name van die biologiese ouers ingevul.

7.2.9.2 In die opmerkingskolom word die kerkraadsbesluit en datum aangedui.

7.2.9.3 Die name van die lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding en deur die kerkraad aangewys is om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan ’n kinderhuiskind ouer as sewe jaar, moet in die kerkraadsbesluit genoem word.

7.2.9.4 Die name van die geestelike voogde kan in die volgende twee reëls, direk onder die name van die biologiese ouers ingevul word.

7.2.10 DOOP VAN KINDERS UIT DIE BUITELAND

7.2.10.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hul kind in ’n ander gemeente as hul tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hul tuisgemeente verkry.

7.2.10.2 As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by 'n gemeente inskakel, hul kind hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:

- hulle moet toestemming van hul gemeente in die buiteland kry;
- daar word met hulle 'n doopgesprek gevoer deur die leraar van die gemeente waar die kind gedoop word.
- Na die doop registreer die skriba die doop in die Dooplidmateregister, en reik gelyktydig 'n bewys van Dooplidmaatskap uit, wat aan die gemeente waar die dooplidmaat woonagtig is, gestuur word vir registrasie. In die opmerkingskolom word aangeteken: Toest. + gemeentenaam;

7.2.10.3 As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by 'n gemeente kan inskakel nie, maar hier wil laat doop, word die volgende prosedure gevolg:

- die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, vra hulle attestaat aan van die gemeente waar hulle lidmate was totdat hulle geëmigreer het;
- daar word met hulle 'n doopgesprek gevoer.
- hulle word tydens die gesprek gevra na die redes waarom hulle nie by "n gemeente kan inskakel nie en hulle word aangespoor om wel by 'n gemeente in die buiteland in te skakel.

7.2.11 DOOP VAN KINDERS IN PLEEGSORG

7.2.11.1 Waar die kind ná die doopbediening wettig aangeneem word, word aansoek om rektifikasie met die voorlê van die nodige bewyse gedoen.

7.2.11.2 Waar die dopeling voor die doopbediening in pleegsorg geneem is, word die dopeling onder sy/haar eie van ingeskryf, terwyl die name en van, van die pleegouers voluit in die ouer kolom verskyn. Die kerkraadsbesluit, datum en opmerking: "Doopouers is Pleegouers", word in die opmerkingskolom aangedui.

7.2.12 DOOP VAN KINDERS OUER AS 7 JAAR

Rekenskap word gegee ten opsigte van die doop van kinders ouer as sewe jaar deur die kerkraadsbesluit en datum in die opmerkingskolom aan te dui. Sien ook *Kerkorde AS ~~2019~~ 2023*, Artikel 49.1, ~~asook Funksionele besluite 7 & 8: Doop~~, Riglyne 6; Riglyne vir die doop van n kind ouer as sewe.

7.2.13 DOOP VAN KINDERS UIT ANDER KERKE

In die opmerkingskolom moet van die doop van kinders uit ander kerke rekenskap gegee word. Die kerkraadsbesluit en datum word in die opmerkingskolom aangedui. Sien ook *Kerkorde* AS ~~2019~~ 2023, Reglement 26.3.3.

7.3 DIE BELYDENDE LIDMATEREGISTER

7.3.1 AFLEGGING VAN GELOOFSBELYDENIS

7.3.1.1 Die datum van belydenisaflegging en die geboortedatum van die lidmaat word in die onderskeie kolomme ingeskryf. Wanneer die lidmaat na 'n ander gemeente vertrek, moet die geboortedatum op die uitgereikte attestaat/lidmaatbewys verskyn.

7.3.1.2 Wanneer 'n vrou belydenis aflê, word dit onder haar nooiensvan in die register aangeteken en dié van behou sy deurgaans in die lidmateregisters van al die gemeentes waaraan sy mag behoort en hoeveel male sy ook al mag trou. Dit kan alleen verander word as sy haar nooiensvan wettig laat verander en dan ook aansoek doen om rektifikasie in die belydende lidmateregister. Waar 'n vrou uit 'n ander

gemeente of kerk kom en haar getroude van verskyn op die lidmaatbewys/attestaat/verklaring, moet sy nogtans onder haar nooiensvan aangeteken word. Telkens word haar geldende getroude van in hakies bygevoeg, bv "(nou Odendaal)".

7.3.2 OORGEKOM/VERTREK

7.3.2.1 In die geval van ’n lidmaat wat by wyse van attestaat of lidmaatbewys uit ’n ander Ned Geref gemeente oorkom, word die naam van die betrokke gemeente in die regte kolom ingeskryf. Die datum waarop die naam van die lidmaat in die erediens afgelees word/op aankondigings verskyn, word in die register as datum van aankoms aangeteken.

7.3.2.2 In die geval van ’n vertrekkende lidmaat word die datum wanneer en die gemeente waarheen hy vertrek, in die onderskeie kolomme ingeskryf op die plek waar die naam oorspronklik in die register ingeskryf is.

7.3.2.3 Waar ’n persoon uit ’n ander kerk, gereformeerde of ’n nie-gereformeerde kerk of ’n sekte oorkom, vorm 11 voltooi het, en na die voorgeskrewe prosedure (sien Kerkorde AS ~~2019~~ 2023, Reglement 26.3.4) lidmaat van die gemeente word, word die korrekte naam van die vorige kerk of sekte in die kolom VAN WAAR geskryf, en in die opmerkingskolom word die Kerkraadsbesluit en datum aangeteken.

7.3.2.4 Waar ’n getroude vrou by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap oorkom, word haar name en nooiensvan soos dit op die attestaat/bewys van lidmaatskap voorkom, in die register geskryf. Waar ’n getroude vrou uit een van die susterskerke na ’n NG gemeente oorkom, word haar nooiensvan en name aangeteken soos dit op die ingelewerde sertifikaat verskyn. Die huidige van word tussen hakies geskryf.

7.3.2.5 Aangesien ’n predikant se akte van demissie ook sy attestaat is, word sy bevestigingsdatum as die datum van sy oorkoms aangeteken.

7.3.3 VERLIES VAN LIDMAATSKAP EN HERREGISTRASIE

7.3.3.1 Aangesien die NG Kerk geen interkerklike attestaat of bewys van lidmaatskap het nie en die oorgaan van lidmate by wyse van ’n “Verklaring insake lidmaatskap” (Vorm 8) moet geskied, moet verlies van lidmaatskap (byvoorbeeld: oorgaan na ’n nie-erkende kerk of afsnyding) en oorgaan na ’n erkende kerk (byvoorbeeld: om huweliksredes na ’n kerk met ’n gereformeerde belydenis) op presies dieselfde wyse hanteer word deur die uitreiking van ”n Vorm 8 ná besluit deur die kerkraad.

7.3.3.2 Indien verlies van lidmaatskap gedurende die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het. Die datum van die kerkraadsbesluit word ook vermeld (voorbeeld: Lm verval. KR 10.02.2012).

7.3.3.3 Indien verlies van lidmaatskap buite die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit by die oorspronklike inskrywing in die opmerkingskolom, met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit, aangeteken. Met vermelding van die naam, jaar van inskrywing en datum van die kerkraadsbesluit, word die saak per brief aan die argief oorgedra vir aantekening in die betrokke registerafskrif.

7.3.3.4 Indien die naam van die kerk waarheen die persoon oorgegaan het, bekend is, moet dit ook in die opmerkingskolom aangeteken word (voorbeeld: Lm verval. Oor na RKK. KR 10.02.2012).

7.3.3.5 Wanneer ’n persoon by wyse van belydenisaflegging of oorkoms weer lidmaat word, word dit so in die register aangeteken met verwysing na die kerk en die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom.

7.3.3.6 Waar ’n persoon ’n gemeente verlaat sonder om by ’n ander kerk aan te sluit en dan weer na berou na die kerk terugkeer, moet hy/sy weer belydenis van geloof aflê en dit moet so in die register aangeteken word. By verlating word in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het.

7.3.4 LIDMAATSKAP ONOPSPOORBAAR

Waar die kerkraad tevrede is dat ’n lidmaatsertifikaat onopspoorbaar is en die lidmaat ’n verklaring ingedien het, word in die opmerkingskolom ingeskryf: "K'raadbesl. of KR .....(datum)". Vorm 14

7.4 DIE HUWELIKSREGISTER

7.4.1 In elke gemeente word die huwelike wat daar bevestig word in ”n huweliksregister aangeteken.

7.4.2 Hierdie register word deur die kerkraad se argiefkommissie gekontroleer. Aan die einde van die register, net na die laaste inskrywing, word twee handtekeninge van die argiefkommissie aangebring.

7.4.3 In die kolom "Geboorteplek" moet die plek van geboorte ingevul word en nie RSA nie.

7.4.4 Die inskrywing van ’n weduwee/geskeide dame word soos volg gedoen: "Huidige getroude van en in hakies daarna die nooiensvan. bv Botha Amelia (geb. Verster)”. (Inligting hier ingevoeg volgens SKAI besluit 11/05/2007.)

7.4.5 Rekenaaruitdrukke word aanvaar, mits dit op papier van 120 gram of meer uitgedruk is, die vereiste kolomme bevat met die nodige parafering en handtekening soos vereis deur die Argief- en Inligtingskantoor.

7.5 STERFTE

Wanneer ’n lidmaat te sterwe kom, word oorlede en die datum in die opmerkingskolom, teenoor die lidmaat se naam in die lidmateregister aangeteken. Dit geld ook ten opsigte van dooplidmate.

7.6 REGISTERAFSKRIFTE

7.6.1 Alle afskrifte moet ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register-inskrywings wees. As ’n register egter gebrekkig aangelê is, beteken dit nie dat die gebreke in die afskrifte herhaal moet word nie. Die gegewens in die register moet met ander woorde in hulle korrekte vorm oorgeskryf of getik word. Die Argiefkommissie van die kerkraad moet die afskrifte nagaan:

- deur al die besonderhede in die dooplidmateregister met dié in die doopkladboek te vergelyk;
- deur die name in die belydende lidmateregister met die attestate/bewyse van lidmaatskap en die lys van name van persone wat belydenis afgelê het, te vergelyk;
- deur die teenblaaie van die lidmaatsertifikaatboek en attestaat-boek met die lidmateregister te vergelyk;
- deur die besonderhede in die afskrifte noukeurig met dié in die registers te vergelyk.

Die parafering en handtekening van die kommissie beteken dat die afskrifte nagegaan, waar nodig gekorrigeer en uiteindelik as korrek gesertifiseer is. Alle wysigings moet ook geparafeer word.

7.6.2 Op die voorblad verskyn slegs die naam van die gemeente en die tydperk waaroor die afskrifte strek. Die naam van die gemeente en die jaartal word verder op elke bladsy aangedui.

7.6.3 Lê die binneblaaie soos ’n boek oop. Begin met die inskrywings op die agterkant van die eerste blad en gaan dan voort soos dit in die register voorkom. Nommer die bladsy sodat wanneer die "boek" ooplê, die twee bladsye dieselfde nommer kry.

7.6.4 Daar mag geen bladsy tussenin oopgelaat word nie. Moet dus nie elke letter van die alfabet op ’n nuwe bladsy begin nie. Hoogstens mag daar tussen die name wat met verskillende letters van die alfabet begin, ’n reël oopgelaat word.

7.6.5 Geen gewone regstelling mag bo-oor ’n skryffout van die registerhouer aangebring word nie. Die fout moet met rooi onderstreep en die regstelling in rooi daarbo ingeskryf word. Alle regstellings word geparafeer. LW: ’n Gewone regstelling of korreksie is geen wysiging of rektifikasie nie.

7.6.6 Op die laaste bladsy van die afskrifte en net onder die laaste inskrywing sertifiseer die argiefkommissie van die kerkraad dat die afskrifte ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register is. Elke binnebladsy word ook regs onder deur die kommissie klein en netjies geparafeer.

7.6.7 Voltooide afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie en word in ’n groot koevert aan die ring se argiefkommissie besorg.

7.6.8 Die kerkraadsargiefkommissie moet toesien dat alle stukke wat deur die meerdere vergaderings vir verbetering/aanvulling/vervanging na hulle kerkraad terugverwys is, binne vier weke na afloop van die betrokke ringsvergadering in die verlangde toestand aan die Argief- en Inligtingskantoor terugbesorg word.

7.7 REKENARISERING VAN REGISTERS

Gemeentes is vry om te rekenariseer met dien verstande dat die Argief- en Inligtingskantoor se aanwysings en voorskrifte gevolg word.

7.8 ELEKTRONIESE OORPLASING VAN LIDMAATSKAP

Elektroniese oorplasing van lidmaatskap mag elektronies per e-pos aangevra en oorgeplaas word, mits dit op 'n amptelike vorm/briefhoof is.

7.9 ELEKTRONIESE BEWARING

7.9.1 Die praktyk om dokumente wat elektronies geskep is slegs elektronies te bewaar, word nie aanbeveel nie.

7.9.2 Kommissies van die Algemene Sinode, sinodes, ringe, kerkrade, inrigtings en alle argiefskeppende instansies word versoek om, naas die elektroniese bewaring van dokumente alle dokumentasie - notules en ander argivalia - in gedrukte vorm te bewaar en volgens die goedgekeurde riglyne vir bewaring (Agenda Algemene Sinode 1998, bl 142) na die Sinodale Argiefbewaarplekke oor te plaas.

7.10 INDIENING VAN REGISTERAFSKRIFTE

Registerafskrifte kan op die volgende wyse ingedien word:

7.10.1 Afskrifte (handgeskrewe) op die voorgeskrewe registerblaaie.

7.10.2 Rekenaaruitdrukke van lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate, en huwelike volgens voorskrif en op 120 gram papier.

7.10.3 Voltooide afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie.

7.10.4 Afskrifte word waar nodig vir korreksies aan die kerkraad teruggestuur vir regstelling voor die Ringsvergadering.

7.10.5 Die kerkraad moet toesien dat alle stukke wat deur die Argief- en Inligtingskantoor vir verbetering/aanvulling/ vervanging na die kerkraad terugverwys is, binne vier weke in die verlangde toestand aan die Argief- en Inligtingskantoor terugbesorg word.

7.11 STANDAARDAFKORTINGS VIR GEBRUIK IN REGISTERS

Met die oog op die beperkte ruimte in registers beskikbaar is die volgende lys deur die Algemene Sinode (1998) goedgekeur:

AGS	Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika
Afr	Afrikaans(e)
AP Kerk	Afrikaanse Protestantse Kerk
Arg	Argivaris/Argief
Art	Artikel
Assem of God	Assembly of God
Bapt Kerk	Baptistekerk
Bel	Belydenis van Geloof
Bep	Bepaling
Bl	Bladsy
Ch of Eng SA	Church of England in Southern Africa
Cong Church	Congregational Church
CPSA	Church of the Province of South Africa (Anglikane)
Dupl	Duplikaat/Inskrywing
Ev Geref Kerk	Evangeliese Gereformeerde Kerk
Fout	Foutiewe Inskrywing
Gel	Gelofte
Gem	Gemeente
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Ingel	Ingelewer
Inskr	Inskrywing
KO	Kerkorde
KR	Kerkraad/Kerkraadsbesluit/Kerkraadsgoedkeuring/kerkraadsnotule
Kaap	Wes- en Suid-Kaapland
Lm/Lid	Lidmaat/Lidmaatsertifikaat/Lidmaatskap
Luth Kerk	Lutherse Kerke

Meth Kerk	Methodist Church
Nasar Kerk	Kerk van die Nasarener in Afrika
Nam	Namibië
NGKA	Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
N Kaap	Noord-Kaapland
N Tvl	Noord-Transvaal
NG Kerk	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NH Kerk	Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
Oos-Kaap	Oos-Kaapland
Oos O Kerk	Oosterse Ortodokse Kerk
O Tvl	Oos-Transvaal
OVS	Oranje-Vrystaat
Oorl	Oorlede
P	Pagina (bladsy)
PPK	Pinkster Protestantse Kerk
Presb Kerk	Presbiteriaanse Kerk
RCA	Reformed Church in Africa
RKK	Roomse Katolieke Kerk
Reg	Registrasie/Register
SD Adven	Sewende Dag Adventiste Kerk
Skr	Skriba
Skrift	Skriflelik
Toest	Toestemming
VGKSA	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
V	Van
Ver	Verander
Verl	Verloor(e)
Vers	Versuim(de)
Vers reg	Versuimde registrasie
Vol Ev Kerk	Volle Evangelie Kerk
W Tvl	Wes-Transvaal

Die Algemene Sinode aanvaar dat as standaardafkorting vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk "NG Kerk" (in plaas van NG kerk) gebruik word.

Die Algemene Sinode het op die volgende riglyne in dié verband besluit:

- erkende afkortings word gebruik;
- amptelike afkortings van die name van kerke en instansies word gebruik;

- indien daar nie 'n afkorting vir 'n bepaalde woord of naam is nie, stel die kommissie sy eie lys afkortings vir hulle gebruik saam.

7.12 LIDMAATSKAP OOR GEMEENTEGRENSE

7.12.1 In die geval waar 'n Kerkraad 'n besluit moes neem, moet die datum van die Kerkraadsbesluit in die Opmerkingskolom aangeteken word. (KR + datum). Vergelyk die *Kerkorde* AS 2019, Funksionele besluit 24. Sien ook Besluite 3.5 by Artikel 3 van hierdie Kerkorde.

7.13 MINIMUM VEREISTES VIR BEWARING VAN REKORDS asook DIE WETLIKE VOORSKRIFTE VIR DIE BEWARING VAN REKORDS

(soos goedgekeur by die Algemene Sinode 2015), is by die Argief en Inligtingskantoor beskikbaar. Die reglement bevat die vereistes waarmee gehandel moet word met alle dokumente in elke gemeente-, rings-, sinodale en ander kerklike instansies, se kantore.

~~3.9.3~~

15. REGLEMENT VIR DIE TAAKSPAN KOMMUNIKASIE

1. NAAM

Kommunikasie

2. BENADERING

2.1 Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat stel 'n Taakspan Kommunikasie aan ten einde die verantwoordelike, ordelike en Woordgetroue kommunikasie van die Sinode, Moderamen, bedieninge, ringe en gemeentes te bevorder.

2.2 Hierdie Reglement reël die samestelling, bevoegdhede, werksaamhede en funksionering van die Taakspan Kommunikasie en die Kommunikasiedepartement van die Sinodale Kantoor.

3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE

3.1 Die Taakspan Kommunikasie ontvang van die Sinode die opdrag om toesig te hou oor en leiding te gee in alle sinodale kommunikasie.

3.2 Die Taakspan is in besonder verantwoordelik vir:

3.2.1 die redigering, koördinering en bekendstelling van inligting rakende die werksaamhede van die Sinode, Moderamen, bedieninge, ringe en gemeentes;

3.2.2 die verantwoordelike formulering en verspreiding van ter sake verklarings, standpunte en inligting oor aktuele, leerstellige en etiese aangeleenthede binne die kerk en na die breër gemeenskap;

3.2.3 die vestiging en instandhouding van funksionele en professionele betrekkinge met die media;

3.2.4 die handhawing van Bybels-gefundeerde integriteit in alle kommunikasiehandelinge (intern en ekstern), gekenmerk deur eerlikheid, ewewigtigheid, respek vir menswaardigheid en getrouheid aan die Woord.

4. FUNKSIONERING

4.1 Die Kommunikasiedepartement staan onder leiding van 'n kommunikasiebestuurder.

4.2 Die Kommunikasiedepartement funksioneer onder toesig van die Taakspan Kommunikasie en voer alle opdragte uit ooreenkomstig hierdie Reglement en die besluite van die Sinode.

4.3 Die kommunikasiebestuurder:

4.3.1 is verantwoordelik vir die operasionele uitvoering van die Kommunikasiedepartement se werksaamhede;

4.3.2 voer die besluite van die Taakspan uit;

4.3.3 bestuur die daaglikse kommunikasie-aktiwiteite van die Sinodale Kantoor;

4.3.4 verseker dat alle publikasies en mediaskakeling voldoen aan professionele en etiese standaarde;

4.3.5 rapporteer gereeld aan die Taakspan Kommunikasie;

4.3.6 vorm ook deel van die vergadering van kantoorhoofde.

4.4 Middele van kommunikasie

Die Sinode beskik oor die volgende middele vir die uitvoering van sy kommunikasie-opdrag:

4.4.1 'n Elektroniese nuusbrief, bekend as **VRYPOS**, wat:

a) tweeweekliks gedurende skoolkwartale verskyn;

b) dien as inligtingskanaal vir sake soos omskryf in artikel 3;

c) as spreekbuis vir die Moderamen en sinodale bedieninge/taakspanne funksioneer;
d) nie reageer op berigte of menings in ander media nie; en
e) nie as advertensieplatform vir nie-kerklike of kommersiële doeleindes dien nie.

4.4.2 'n Amptelike webwerf van die NG Kerk Vrystaat (www.ngkerkvrystaat.co.za), wat die kommunikasie-opdrag soos vervat in artikel 3 ondersteun.

4.4.3 Sinodale databasisse en kommunikasieplatforms, insluitend maar nie beperk nie tot:
a) die Jaarboek van die NG Kerk;
b) kassiers- en kontaklyste;
c) e-poslyste;
d) 'n personeelinligtingstelsel; en
e) amptelike sosiale mediaplatforms.

4.5 Die Taakspan Kommunikasie kan, met inagneming van die Sinode se besluite, hierdie middele aanpas of uitbrei soos wat omstandighede dit vereis.

4.6 Interne kommunikasie

4.6.1 Die Sinode streef na ordelike en effektiewe interne kommunikasie binne die Sinodale Kantoor.

4.6.2 Interne kantoorkommunikasie word gekoördineer deur die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning, in oorleg met die Taakspan Kommunikasie.

4.6.3 Alle interne kommunikasie geskied in ooreenstemming met die waardes soos vervat in artikel 3.2.4.

5. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

5.1 Die Taakspan Kommunikasie bestaan uit:
- die skriba van die Moderamen, wat as sameroeper optree;
- een verteenwoordiger, met 'n sekundus, van elke sinodale bediening;
- en die kommunikasiebestuurder (*ex* officio).

5.2 Die Taakspan kan kundige persone koöpteer indien die uitvoering van sy opdrag dit vereis.

5.3 Die administratiewe versorging van die Taakspan word deur die kommunikasiebestuurder behartig.

5.4 Die Taakspan vergader minstens vier maal per jaar, of soos nodig is.

5.5 Hierdie Reglement word goedkeuring en gewysig deur die Sinode.

LAAT VERSLAE

LEWENDE WATER

ESEGIËL 47:1-12

I1 STK | KERKVERBAND

I2 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM

I3 VERSLAG VAN ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENSTE



NG KERK VRYSTAAT

SEMINARIUM



Programhandleiding

2026

NG Kerk Vrystaat

THEOLOGY AND RELIGION UFS

NG Kerk Vrystaat

hugenote kollege

LEDVANCE.CO.ZA

LEDVANCE



SOLAR POST TOP


Product Features:

1.The tool-free quick-disassembly structure enables battery replacement to be completed within 3 minutes, breaking through the maintenance difficulties of traditional solar lamps. This design not only fills the market gap but also significantly extends the service life.

2.Optimize the internal structural space to accommodate high-capacity energy storage systems, ensuring stable power supply for three consecutive days of rainy weather.

Charles van den Blink

charles@vdblinkandsons.co.za

































NG Kerk
Vrystaat

Foto's wat in hierdie agenda gebruik is, is verskaf deur individue en is ook oorgeneem uit 'n Facebookblad: ***Philippolis****pos*[(t)]

www.ngkerkvrystaat.co.za

BAIE DANKIE AAN ONS BORGE

SIMEKA member of Sanlam group

LEDVANCE

Discovery Health Medical Scheme

SINODALE KANTOOR
Organogram

ADMINISTRASIE EN INLIGTING

TERTIUS BOTHA
Bestuurder

LISMA LIEBENBERG
Senior Administratiewe Beampte

RONZÉLLE VAN VUUREN
Skakelbord en Ontvangs

HELENA SMIT
Argiefbeampte

INSTANDHOUDINGSDIENSTE

ADRIAAN DE RUITER
Bestuurder

CP PRINSLOO EN SPAN
Barend Wessels-kompleks

CP PRINSLOO EN SPAN
Mooigenoeg en Floradale Kampterreine

GIRLY SEYOKO
Sinodale Kerkkantoor

Departemente

Lewer **ondersteuning en dienste aan**

NG KERK VRYSTAAT GEMEENTES

Bedienings

BEDIENINGS-BEGELEIDING

DR LEON M FOOT
Uitvoerende Amptenaar

DR JOHAN NEL
Seminariumbestuurder

ANELIA VAN DEN BLINK
Opleiding en Ontwikkeling

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

DS DE LA HARPE LE ROUX
Uitvoerende Amptenaar

SANET ANNANDALE
Administratiewe Beampte

VENNOTE IN GETUIENIS

DR NICO MOSTERT
Uitvoerende Amptenaar
Sekretaris

SANET ANNANDALE
Administratiewe Beampte

VISIONERING

DS HANNES DU PLESSIS
Skriba van die Moderamen

LISMA LIEBENBERG
Administratiewe Beampte

ONDERSTEUNING

ADRIAAN DE RUITER
Hoof- Uitvoerende Amptenaar

JOHAN COETZER
Onderbestuurder

LISMA LIEBENBERG
Administratiewe Beampte

FINANSIËLE ADMINISTRASIE

JOHAN COETZER
Hoofrekenmeester

DANIELLE VAN HEERDEN
Profesionele Rekenmeester (SA)

NICOLENE GOUWS
Finansiële Beampte

KOMMUNIKASIE EN BEMARKING

CELICIA MCLEAN
Bestuurder

JUAN DU TOIT
Junior web-ontwikkelaar en grafiese ontwerper

NG Kerk Vrystaat

Bedienings

SINODALE KANTOOR



BEDIENINGS-BEGELEIDING





DR LEON M FOOT
Uitvoerende Amptenaar

DR JOHAN NEL
Seminariumbestuurder

ANELIA VAN DEN BLINK
Opleiding en Ontwikkeling

DIENS VAN BARMHARTIGHEID





DS DE LA HARPE LE ROUX
Uitvoerende Amptenaar

SANET ANNANDALE
Administratiewe Beampte

VENNOTE IN GETUIENIS





DR NICO MOSTERT
Uitvoerende Amptenaar
Sekretaris

SANET ANNANDALE
Administratiewe Beampte

VISIONERING





DS HANNES DU PLESSIS
Skriba van die Moderamen

LISMA LIEBENBERG
Administratiewe Beampte

ONDERSTEUNING





ADRIAAN DE RUITER
Hoof- Uitvoerende Amptenaar

JOHAN COETZER
Onderbestuurder

LISMA LIEBENBERG
Administratiewe Beampte



NG Kerk
Vrystaat

Departemente

SINODALE KANTOOR




























Administrasie en Inligting

TERTIUS BOTHA
Bestuurder

LISMA LIEBENBERG
Senior Administratiewe Beampte

RONZÉLLE VAN VUUREN
Skakelbord en Ontvangs

HELENA SMIT
Argiefbeampte

Finansiële Administrasie

JOHAN COETZER
Hoofrekenmeester

DANIELLE VAN HEERDEN
Professionele Rekenmeester (SA)

NICOLENE GOUWS
Finansiële Beampte

Kommunikasie en Bemarking

CELICIA MCLEAN
Bestuurder

JUAN DU TOIT
Junior web-ontwikkelaar en grafiese ontwerper

Instandhoudings-dienste

ADRIAAN DE RUITER
Bestuurder

CP PRINSLOO EN SPAN
Barend Wessels-Kompleks
Mooigenoeg Kampterrein
Floradale Kampterrein

GIRLY SEYOKO
Sinodale Kerkkantoor

NG Kerk
Vrystaat

© 2026 | NG KERK VRYSTAAT

Lig in die duisternis,
hier vir God, mekaar en die wêreld



LEWENDE WATER

VAN DIE BRON

— VLOEI DIT VERDER —

ESEGIËL 47:1-12

NG Kerk Vrystaat

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein 9301
Tel: +27 (0) 51 406 6700 | E-posadres: daf@ngkvs.co.za
Posbus 11412, Universitas 9321

www.ngkerkvrystaat.co.za

NAMPOPARK BOTHAVILLE
R30, Bothaville 9660 | www.grainsa.co.za